Gemeente Volgens Merriam-Webster (1996) word die woord "congregation" ("gemeente") soos volg verklaar: "an assembly of persons met for worship and religious instruction." Die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (2001) beklemtoon verder dat dit 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, hulle saligheid in Jesus Christus verwag, in sy bloed gewas is en geheilig en verseël is deur die Heilige Gees.

Gemeente-roeping

Volgens Efesiërs 4:12[1] is die *gemeente* 'n lewende organisme wat die roeping ontvang het om die liggaam van Christus voortdurend op te bou (MacArthur, 1996). Hieruit kan afgelei word dat die term *gemeenteroeping* verwys na die roeping wat die gelowiges as liggaam van Christus het om mekaar geestelik op te bou. Verder is dit ook 'n roeping om die liggaam van Christus na buite op te bou. Die laaste opdrag van Christus aan sy kerk was om dissipels van mense te maak (Matt. 28:19). Dit is dus 'n roeping wat in die eerste plek na binne gerig is, maar wat terselfdertyd ook 'n sigbare verandering buite die kerk moet teweegbring deur die uitdra van die evangelie. Hierdie roeping word soms ook beskryf as die visie van 'n gemeente.

Kerk

Die woord "kerk" word ook soms gebruik as "gemeente" bedoel word. Heyns (1999) maak 'n onderskeid tussen die begrip "kerk in 'n lokale sin" teenoor die "kerk in 'n universele" sin. Die *lokale kerk* is gelowiges in 'n bepaalde gebied en die *universele kerk* is gelowiges oor die hele wêreld. Daar word beklemtoon dat die term *kerk* in hierdie studie na gelowiges verwys en nie na 'n gebou nie.

Samelewing

HAT (2000) definieer die woord "samelewing" soos volg: "Gemeenskap of groep mense wat 'n vaster of losser groep vorm". Die samelewing verwys dus na 'n groep mense wat in 'n verhouding tot mekaar lewe. Hierdie verhoudings kan wissel van diep en innig tot minder heg.

Pastorale studie

"Pastoraal is die wetenskaplike studie van die Woord van God, die mens, die werklikheid en ander toepaslike vakdissiplines, met die oog op die ontginning van die bybelse beginsels, die ontwerp en toepassing van 'n pastorale model met die doel om gelowiges, deur die kragtige werk van die Gees, te begelei tot dieper kennis van God en hulleself, tot geloofsgroei wat hulle in staat kan stel om die krisisse van die lewe met vrede te hanteer tot eer van God en tot verdere geloofsgroei binne die gemeenskap van die heiliges" (Breed, G., 2013).

---

[1] "11En dít is die 'gawes' wat hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."

1.3 Prinsipiële vertrekpunt

Volgens Newport (1998:40) speel 'n mens se werklikheidbeskouing 'n integrale rol in die algemene persepsie en wetenskaplike benadering van die waarnemer. Hy stel dit soos volg:

> "Each of us has a worldview, or vision, of life. It may or may not be organized, but it makes up a framework of fundamental considerations which give context, direction and meaning to our lives. What is new and remarkable today is our increasing awareness of how worldviews affect both our perceptions of the world and our actions. Conflicts in life and even in science, we are discovering, come down to differences in underlying worldviews."

Die praktiese teoloog moet hom/haar dus eers afvra vanuit watter werklikheidsbeskouing hy/sy na die werklikheid kyk. Daarom is dit vir die navorser belangrik om die volgende prinsipiële vertrekpunte duidelik te stel:

- Die tema sal vanuit 'n reformatories-teologiese perspektief bespreek word; daarom sal die Skrif die primêre bron wees vir die koersaanduiding en interpretasie van die handelingspraksis wat waargeneem word.
- Die hermeneutiese benadering tot die praktiese teologie van Heitink (1999) en Osmer (2008) sal bespreek en gevolg word.
- Daar word van die standpunt uitgegaan dat God op 'n allesomvattende en rigtinggewende manier by die skepping betrokke is.
- Laastens, die navorsing geskied binne die denkraamwerk van 'n Reformatoriese wêreldbeeld wat die standpunt handhaaf dat die mens in alles van God afhanklik is.

1.4 Oriëntering en probleemstelling

1.4.1 Oriëntering

"Leier" is 'n woord wat algemeen in die Bybel voorkom (Matt. 2:6; Luk. 22:26; Gal. 2:6). Daar word ook verskillende metafore soos die "Herder" (Joh. 10) of "Voorloper" (Heb. 6:20) gebruik om leierskap te verduidelik. Die Ou Testament is vol voorbeelde van godvresende leiers wat 'n groot rol gespeel het in die voortbestaan van God se volk. 'n Goeie voorbeeld is Moses, wat vir die volk ingetree het toe God hulle met die dood wou tref (Deut. 9:14). Ook Dawid se voortreflike leierskap as koning word aan al die konings ná hom voorgehou as die voorbeeld van 'n effektiewe en verantwoordelike leier (1 Kon. 15:3,11; 2 Kon. 14:3 ens.). Voorbeeldige

leiersfigure in die Nuwe-Testamentiese tyd was onder andere Paulus, Timoteus, Titus en Barnabas (Hand. 13:42-50; 1 Kor. 4:17; 2 Kor. 12:18; 2 Tim. 3:10-11).

Al hierdie leiers staan egter in die skaduwee van Jesus Christus. Jesus is die ware en groot Leier waarvoor die wêreld vir eeue gewag het (Jes. 55:4 & Dan. 9:25). Uit Jesus se woorde, dade, gesindheid en optrede word dit duidelik wat ware leierskap inhou. Hy is die volmaakte voorbeeld van hoe 'n leier sy tyd, sy besittings, sy energie en selfs sy begeertes reg bestuur (MacArthur *et al*., 1995). In Jesus Christus vind elke mens die leier waarna hy in sy diepste wese smag. Jeremia het ook daardie verlange gehad toe hy in Jeremia 10:23 bely het: "Ek weet, Here, die mens kan nie self sy pad kies nie, niemand kan self sy koers bepaal nie." God bepaal die koers van elke mens. Hy het die weg vir elke leier/herder van die kerk gebaan in en deur sy geliefde Seun, Jesus Christus. Die kerk van die 21ste eeu het leiers nodig wat nie net hierdie afhanklikheid van Christus as die ware leier ken nie, maar wie se lewens ook daarvan getuig. 'n Ware leier is een wat sy afhanklikheid van God bely en daarom kan hy saam met Paulus sê: "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg" (1 Kor. 11:1).

Daar is 'n allemande gesegde wat lui: "The fate of the nation, humanly speaking, rests in the hands of the church, and the fate of the church rests in the hands of its leaders" (Rardin, 1998). Die leiers in die kerk bepaal in 'n groot mate die voortbestaan, geestelike welsyn en morele waardes van die samelewing.

1.4.2 Probleemstelling

Uit die navorsing oor hierdie onderwerp het dit duidelik geword dat daar al baie oor leierskap in die sakewêreld gesê is. Talle groot leiers het waardevolle bydraes op hierdie gebied gelewer. Stephen Covey (1989) gee in sy boek *The Seven Habits of Highly Effective People* goeie en bruikbare riglyne om op 'n persoonlike vlak effektiewer in die sakewêreld te wees. Tom Peters (2003) beskryf in sy boek *Re-imagine* die nuwe uitdagings waarmee leiers vandag in die sakewêreld te doen kry. Mothoagae en Prior (2010:86) merk tereg op: "Publications in this field seem to be appearing at an ever-accelerating rate."

Die roeping van die predikant as leier in die gemeente is egter uniek, veral dié van die Afrikaanssprekende predikant. Sparks (2008:213) beklemtoon die unieke rol deur te wys op die komplekse rol van geestelike leiers. Die skrywer verwys eers na uitvoerende leierskap in die sakewêreld waar die leier genoeg seggenskap het om alleen die regte besluit te neem; hierteenoor wys hy daarop dat die verantwoordelikheid om 'n besluit in die kerk te neem, eerder by die hele gemeente as by die individuele leier berus.

Visser (2006:122) stel dit ook baie duidelik dat die Gereformeerde kerkreg só werk dat meerdere vergaderings nie maar na willekeur in die sake van mindere vergaderings kan inmeng of ingryp nie. Daarmee word die unieke rol van die outonomie van 'n Gereformeerde gemeente beklemtoon. Daar word dus groter verantwoordelikheid op die plaaslike leiers van 'n gemeente geplaas. Hierdie unieke rol van die predikant as geestelike leier en die behoefte na meer leiding oor hierdie leierskap word in die volgende afdelings breedvoeriger beskryf.

1.4.2.1 Uniekheid van leierskap in die gemeente se roeping

Die vraag ontstaan of die beginsels wat vir leiers in die nywerheid geld, ook vir kerkleiers kan geld. Is dit waar dat daar algemene leierskapsbeginsels is wat op alle beroepe van toepassing is? Die ervaring van predikante in gemeentes dui daarop dat hoewel daar aanvaar kan word dat die beginsels van leierskap op alle beroepe van toepassing is, bied leierskap in die kerk nog steeds sy eie unieke uitdagings en omstandighede. Grobler en Van der Walt (2008:737) sê tereg dat die kerk van alle ander instansies of sakeondernemings verskil in die opsig dat die kerk aan Jesus Christus behoort, wat die Hoof van die kerk is. Al die rolle en verantwoordelikhede in die kerk is deur Jesus Christus ingestel (Grobler & Van der Walt, 2008:737; Hildebrand, 1997). Hy bepaal wie die gesag moet dra (Ps. 75:6-7; Rom. 13:1; Ef. 4:11-12). Paulus beklemtoon in Efesiërs 4:12 dat die kerk die liggaam van Christus is. Die kerk is dus nie 'n organisasie nie maar 'n lewende organisme. Manala (2010:1) wys daarop dat die kerk anders as 'n sakeonderneming is omdat die kerk uit vrywilligers bestaan. Die predikant is dikwels die enigste persoon wat betaal word vir die werk wat hy doen. Boonop word hy betaal met geld wat deur vrywilligers gegee word. Sparks (2008:212-213) noem dat leierskap in die roeping van die gemeente baie komplekser is omdat die proses om uiteindelik 'n besluit te neem nie net die verantwoordelikheid van een outoritêre leier of selfs 'n raad van direkteure is nie; as 'n "lewende liggaam" dra die hele gemeente die verantwoordelikheid om besluite te neem. Verder is leierskap in die nywerheid toegespits op resultate. Ken Blanchard (2007:48) se motto is: "Life is all about getting A's." Daarmee bedoel hy dat 'n leier doelgerig moet leef om die optimale wins te behaal.

In die bediening kan 'n kerkleier se effektiwiteit nie so maklik gemeet word nie. Die Here leer ons deur Paulus:

> "Ek (Paulus) het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei." (1 Kor. 3:6-7)

Die Bybelgeskiedenis wys ons daarop dat profete wat goeie leiers was (Elia, Jeremia, Jesaja en talle ander) in 'n tyd opgetree het toe die volk Israel geestelik dood was. Hul leierskap kan daarom nie gemeet word aan die geestelike groei van mense nie. Die sogenaamde "A's" wat behaal word of die groei wat in 'n gemeente moet plaasvind, word deur God gegee. Daarom is dit belangrik dat 'n predikant deurentyd hierdie perspektief moet behou. Sy verantwoordelikheid is om te plant of om nat te gooi, maar dit is God alleen wat kan laat groei. Die effektiwiteit van 'n kerkleier in die gemeente se roeping word dus nie noodwendig gemeet aan die uiterlike groei wat in die aantal lidmate weerspieël word nie, maar aan die geestelike groei wat getuig van geloofsgroei en entoesiasme vir die uitdra van die evangelie.

Oor die verskil tussen die gesagstruktuur in die sakewêreld en in die kerk word eweneens baie menings uitgespreek. Clark (2011) beweer die volgende: "Thinking of yourself as a manager or supervisor places you in a position of traditional authority based solely on respect for the position, which in turn places you in a position of power." In die sakewêreld lê die gesag, outoriteit en selfs mag by die meerdere persoon of liggaam. Daarteenoor is die gesagstruktuur in die kerk radikaal anders. Christus leer die volgende hieroor:

> "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense." (Mark. 10:43-45)

In die kerk is die meerdere dus die een wat bereid is om 'n dienskneg te wees. Hierdie unieke omstandighede waarin die kerkleier hom bevind, maak dit nodig om 'n ondersoek in te stel na die manier waarop 'n geestelike leier hierdie unieke uitdagings moet hanteer.

1.4.2.2 Veranderde omstandighede

Die gesag van die geestelike leiers het deur die eeue baie verander. Die Middeleeue het 'n tydperk ingelei waartydens kerkleiers se uitsprake onvoorwaardelik as reg aanvaar is. Die tradisie van die kerk en die outoriteit van die pous het bepaal wat die mense geglo het (Enns, 1997:443). Volgens Wepener (2004:153) het die Reformasie meegebring dat die predikant nie meer as die enigste segspersoon opgetree het nie, maar hy is bygestaan deur 'n raad van ouderlinge en diakens. Wepener wys ook daarop dat die Reformasie gesorg het vir die mondigheid van lidmate. Lidmate het daarvan bewus geword dat elkeen 'n verantwoordelikheid het as 'n lid van die liggaam van Christus.

Shelley (2011) wys daarop dat dit vandag buitengewoon is as ’n persoon hom nie ten minste vier uur per dag besighou met die TV, radio, iTunes, YouTube, Facebook, sport, DVD’s en ander vorms van inligting nie. Hierdie vrye toegang van lidmate tot inligting het die leierskapsrol van die predikant drasties verander omdat lidmate nou die kennis het om idees en argumente te bevraagteken. Hierdie massa inligting het tot gevolg dat hiërargiese leierstrukture, waarin gesag van bo na onder uitgeoefen word, uitgedien is. Rainer (2011) beweer:

> “Millennials (those born between 1980 and 2000) don’t reject the idea of authority, but they have redefined how authority is exercised. They tend to follow leaders who operate in a transformational capacity – and ones who aren’t afraid to get their hands dirty. Rather than telling followers what the big picture is, these leaders allow followers to help create it. Transformational leaders inspire people to reach for a common goal, one developed through a shared vision.”

Die gesag wat aan predikante gegee word, het deur die eeue verander. Predikante kan nie verwag om ’n gemeente op dieselfde manier te lei as hul voorgangers in die verlede nie.

Nie alleen die outoriteit van die leier nie, maar ook die wêreld waarin leierskap uitgeoefen moet word, het drasties verander. Baggallay (2011) wys op die geweldige tempo waarteen die wêreld verander:

> “Social dynamics and economics have always changed. However, I think what is new; and what we all have to grapple with inside the *New World of Work*, is the exponential rate at which the world is changing, which is largely driven by technology.”

Die wêreld waarin die Afrikaanssprekende predikant van hierdie eeu hom bevind, is ’n wêreld wat vinnig verander as gevolg van die tegnologie. In plaas daarvan dat die leier met vrees vervul word oor die veranderende wêreld, moet hy die tegnologie bemeester, tot sy eie voordeel aanwend en tot voordeel van die koninkryk van Christus gebruik. TomorrowToday (2011) wys daarop dat mense die Internet hoofsaaklik vir sosiale netwerke besoek. Tagtig persent van Suid-Afrikaners wat oor die Internet beskik, het ’n Facebook-blad en hulle besoek die blad gemiddeld twee keer per dag. Verder, oor ’n miljoen Suid-Afrikaners maak gebruik van Twitter. Onder die topvyf webblaaie wat die meeste deur Suid-Afrikaners besoek word, tel YouTube. Hulle (TomorrowToday, 2011) gevolgtrekking is: “Social media has become the communication vehicle of choice for many South Africans. Quite simply, social media has brought about a new way of communicating.” Onder al die veranderings is daar dus baie geleenthede wat die leier kan aangryp.

Oor die veranderde omstandighede van die wit Afrikaanssprekende leier is daar ook baie menings. Van Zyl (2008:135) beweer dat die goeie onderrig van Afrikaanssprekendes in die vroeë 1900's verantwoordelik was vir die afname van werkloosheid onder Afrikaanssprekendes. In 1936 was daar slegs 27,5% werkende Afrikaanssprekendes en in 1977 was die persentasie 65,2%. Hierdie syfers stem ooreen met Van der Merwe (2010:315) se stelling dat Afrikaners in die tydperk voor 1994 die dominante rolspelers in Suid-Afrika geword het. Afrikaners het die leiding geneem op die politieke, ekonomiese en sosiale terrein. Ná 1994 het daar egter drastiese veranderings plaasgevind. Alhoewel Afrikaners nie so sleg gevaar het op die sosio-ekonomiese terrein nie, het hul politieke en kulturele posisie totaal verander (Van Zyl, 2008:136). Hul regeringsdominansie het feitlik oornag in die ondergeskiktheid van 'n minderheidsgroep verander (Van der Merwe, 2010:315). Hierdie is maar enkele voorbeelde om die veranderde omstandighede te illustreer waarin die Afrikaanssprekende kerkleier hom tans bevind. Die vinnig veranderende wêreld waarin ons leef, maak dit nodig dat die kerk leierskap in die kerk dringend moet herdefinieer.

1.4.2.3 Die leier werk met gebroke mense

Barna (2010:123) skryf dat die leier van 'n sakeonderneming altyd eerste na die karakter van 'n persoon moet kyk voor hy hom in sy onderneming aanstel. Die predikant as leier van die kerk en voorsitter van die kerkraad kan nie altyd kies wie hy saam met hom op die kerkraad wil hê nie. Die predikant as kerkleier moet baiekeer 'n persoon wat volgens hom nie goeie karaktertrekke het nie, aanvaar om onder sy leiding as ouderling of diaken in die kerkraad te dien. Vorster (2000:35) sê tereg dat die predikant se leiding nie op sy eie wysheid nie, maar op die Woord van God gebaseer moet wees. In die Bybel kry ons talle voorbeelde waar God (menslik gesproke) die mees onwaarskynlike persoon gebruik het om 'n besondere daad van geloof te verrig (Hand. 4:13; Ef. 3:20). Daarom moet die kerkleier eerder op God vertrou as om op sy eie wysheid staat te maak. Blanchard en Hodges (2005:43) wys daarop dat die geroepe leier glo dat alles in hierdie lewe aan hom geleen is. Selfs elke verhouding is aan hom geleen en daarom word die leier geroep om as 'n goeie rentmeester in daardie verhouding op te tree. Die outeurs stel dit soos volg: "Rather than protecting what they own, called leaders act as good stewards of what has been loaned to them." Al werk die leier met 'n gebroke persoon, moet hy daardie persoon steeds beskou as iemand wat uit die hand van die Here aan sy medemens geleen word; daarom moet die leier die wasdom aan die Landbouer en die Gewer van die saad oorlaat.

1.4.2.4 Onvoldoende opleiding as leier

Alle gemeentes verwag van hulle predikante om sterk leiers te wees. Predikante word blootgestel aan verskillende omstandighede waarin hulle leiding moet gee. In die teologie word metafories na 'n predikant as die herder van 'n gemeente verwys omdat hy soos dìe goeie Herder, Jesus Christus, die verantwoordelikheid vir die kudde aanvaar. Orr (1999) wys daarop dat die woord "pastor" letterlik vertaal kan word as "herder". Handelinge 20:28 e.v. (Bybel, 1996) stel eksplisiet dat die herder daarvoor verantwoordelik is om die kudde op te pas en te lei. Tog word daar uiters min aandag gegee aan leierskap in die teologiese opleiding van predikante. Grobler en Van der Walt (2008:739) vestig die aandag daarop dat daar geen aandag gegee word aan die bestuursvermoë van predikante in hulle opleiding nie. Miller (2011) beaam die noodsaaklikheid dat predikante leiding nodig het oor die leierskap van die predikant:

> "In the 1970's, when Boomers began to graduate from seminary, pastors began shifting their role from shepherd to leader. Now, of course, the leader-CEO model is rejected by many. But what will take its place? Pastors seem lost, with little guidance on the core question: What's my role?"

In vergelyking met die groot verantwoordelikheid wat 'n predikant as die leier van 'n gemeente het, word daar in die opleiding van predikante te min aandag gegee aan die rol van die predikant as die leier van 'n gemeente.

1.4.2.5 Kerkkrimping in die tradisioneel Afrikaanse kerke

Warrren (2005:161) wys in sy boek *Die doelgerigte kerk* daarop dat Jesus tydens sy bediening groot skares gelok het. Met die vermeerdering van die brood was net die mans 5000. Sy gevolgtrekking is dat 'n Christusgesentreerde bediening steeds skares sal lok. Blanchard (2007:52) se mening is: "If you want to know why your people are not performing well, step up to the mirror and take a peek." Blanchard koppel swak resultate direk aan swak leierskap. Hoewel dit nie altyd die geval is nie (vgl. 1.4.2.1, p. 5), kan swak resultate ook dikwels aan swak leierskap gekoppel. Een van die redes is dat leiers nie die beeld van Christus se leierskap genoegsaam vertoon nie. Een van die doelwitte van hierdie navorsing is om die kenmerke van die leierskap van Christus te identifiseer sodat die soekendes weer na die kerk toe sal stroom.

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het die aantal lidmate oor die afgelope tien jaar drasties gedaal (Coetsee, 2011:22). De Klerk en Van Helden (2011:477) meen dat kerkkrimping onder Afrikaanssprekende kerke as verskynsel sedert 1980 sterk na vore begin

kom het en teen 1990 het dit 'n onomkeerbare tendens in Suid-Afrika geword. Hulle noem 'n gebrek aan leierskap as een van die redes vir die tendens.

Die sake wat in bogenoemde vyf onderafdelings bespreek is, is enkele aspekte wat die unieke rol van die predikant as geestelike leier aandui en wat die behoefte na meer leiding oor leierskap beklemtoon. Hierdie verskillende aspekte van die probleemstelling dui aan dat die volgende kernprobleme van die predikant se leierskap in die gemeenteroeping nog nie wetenskaplik ondersoek is nie:

- In die sakewêreld word baie klem gelê op die visie wat 'n leier van 'n sakeonderneming moet hê. Covey (1989:98) verwys soos volg daarna: "Begin with the end in mind". Is dit moontlik dat die predikant so 'n visie kan vorm vir sy leierskap in die roeping van die gemeente? Hoe moet so visie bepaal, bestuur en gerealiseer word?
- As gevolg van die sonde sal daar voortdurend 'n sondige kultuur/tradisie onder 'n groep mense ontstaan. Briner en Pritchard (2008:28) verduidelik: "A leader has respect for traditions, but he has a greater respect for people. If a tradition is valid and helpful, however, a leader will use the tradition to help accomplish his goal." Hoe kan 'n predikant deur goeie leierskap 'n nuwe kultuur/tradisie skep of 'n ou kultuur/tradisie so benut dat hy die doel wat Christus vir sy kerk stel, sal verwesenlik? Hoe word daar tussen 'n bruikbare en onaanvaarbare kultuur/tradisie onderskei? Baie tradisies in die kerk kan selfs tot nadeel van die kerk se groei wees.
- 'n Belangrike aspek van leierskap hou in dat mense die leier moet vertrou. Maxwell (2004:15) meen dat vertroue uiters noodsaaklik is in die proses om 'n verhouding in stand te hou. Indien mense jou nie vertrou nie, sal hulle jou nie volg nie. Die vraag is of hulle gebrek aan vertroue daaraan te wyte is dat jy nie Christus se beeld as leier volg nie. Wat moet 'n leier se siening wees van verhoudings wat vertroue skep?
- Vir Maxwell (2005:97) is konflik in hierdie lewe onvermydelik. 'n Goeie kerkleier moet weet hoe om, na die voorbeeld van Christus, konflik en konfrontasie in 'n gemeente te hanteer. Dit is 'n onmisbare vermoë van die leier wat die beeld van Christus wil vertoon.
- Geloof en morele waardes het 'n regstreekse invloed op die manier waarop 'n leier leiding behoort te gee (Barna, 2010:155). Die probleem word steeds groter omdat die morele waardes van die wêreld al hoe meer verander. Briner en Pritchard (2008:64) merk op: "Leaders are called to faithfulness more than they are called to success." Daarom noem Paulus ook 'n reeks morele waardes waaraan die leiers van 'n gemeente moet voldoen (1 Tim. 3). Indien die leier van 'n gemeente nie hoë morele waardes het nie, kan hy nie

verwag dat die mense wat hy lei, hoë morele waardes sal hê nie. 'n Situasie kan ontstaan waarin hulle hom sal verag. Dit is dus noodsaaklik om die basiese morele waardes vas te lê waarvolgens 'n predikant 'n gemeente moet lei.

- Kritiek is een van die onaangename aspekte van leierskap. Hawkins (2001) gebruik die treffende voorbeeld van die volk Israel wat ontevrede was oor die tekort aan water in die woestyn. Hulle kla by Moses, hulle leier, asof hy hulle in die situasie laat beland het en hy iets daaraan kan doen. 'n Leier van 'n gemeente moet weet hoe om kritiek te hanteer, want selfs in die hantering van kritiek is hy besig om 'n voorbeeld te stel. Hoe hanteer 'n leier kritiek na die voorbeeld van Christus?
- God self gee groot gesag aan kerkleiers. In Matteus 16:19 sê Jesus dat die sleutels van die koninkryk van die hemel aan kerkleiers gegee word. Hulle is dus by magte om die koninkryk oop of toe te sluit. Hierdie gesag moet met groot verantwoordelikheid gebruik word. Hoe hanteer 'n leier die gesag wat aan hom verleen word in die gemeente se roeping?

Uit die probleemstelling met sy verskillende fasette is dit baie duidelik dat daar 'n behoefte bestaan dat die rol van die leierskap van 'n predikant in die gemeente se roeping wetenskaplik ondersoek moet word.

Die oorkoepelende navorsingsvraag kan soos volg verwoord word:

> Hoe kan die Afrikaanssprekende predikant van die tradisioneel Afrikaanse kerke van Reformatoriese oorsprong, meer spesifiek van die GKSA, 'n effektiewe en verantwoordelike leier in die gemeente se roeping wees?

Op grond van die uiteensetting van die probleme hierbo is 'n studie oor die effektiewe en verantwoordelike leierskap van 'n predikant in die gemeente se roeping van die uiterste belang. Dit is noodsaaklik dat predikante die omvang en aard van leierskap moet verstaan sodat hulle effektiewe en verantwoordelike herders kan wees van die kudde waaroor God hulle aangestel het.

Alhoewel ouderlinge ook leiers van die gemeente is, word hierdie studie tot die leierskap van predikante beperk, aangesien die predikant van 'n gemeente as die *de facto*-leier van 'n gemeente gesien word (Grobler & Van der Walt, 2008:738). Indien 'n predikant 'n goeie leier is, sal sy goeie leierseienskappe ook deurspoel na die ouderlinge van die gemeente. Verder word die studie beperk tot Afrikaanssprekende predikante van gemeentes van Reformatoriese oorsprong (met die klem op predikante van die GKSA). Die redes daarvoor is eerstens om 'n

empiriese dieptesnit moontlik te maak en tweedens omdat kerkkrimping veral in die Afrikaanssprekende kerke van Reformatoriese oorsprong voorkom.

Na aanleiding van bogenoemde uiteensetting kom die probleemstelling van hierdie studie op die volgende kritieke vraag neer:

> Hoe die Afrikaanssprekende predikant leiding gee deur middel van effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping?

1.5 Die primêre vraag en sekondêre navorsingsvrae

Die primêre vraag wat beantwoord moet word, is:

> Hoe kan die huidige praksis van die predikant se leierskap in die tradisioneel Afrikaanse gemeentes (met as fokuspunt die GKSA) prakties-teologies verken word met die doel om 'n strategiese model te ontwerp vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping?

Spesifieke vrae wat hieruit voortspruit, is die volgende:

- Wat is die Skrifbeskouing oor die leierskapsrol van 'n predikant in 'n gemeente?
- Watter lig werp ander vakgebiede soos kommunikasiekunde en bedryfsosiologie op die leierskapskrisis wat tans in die tradisioneel Afrikaanssprekende kerke van Reformatoriese oorsprong ondervind word, asook op die wyse waarop 'n predikant die leierskapsrol in 'n gemeente moet vervul?
- Wat is die huidige situasie onder Afrikaanssprekende predikante ten opsigte van die leierskapsrol in die gemeenteroeping?
- Watter strategiese model kan daargestel word waarvolgens Afrikaanssprekende predikante kan optree om hul roeping as leiers uit te leef, spesifiek met die oog daarop om die gemeente in hul gemeenteroeping op 'n effektiewe en verantwoordelike wyse ooreenkomstig die Skrif te lei?

1.6 Doelstelling en doelwitte

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om te ondersoek hoe die huidige praksis van die predikant se leierskap in die tradisioneel Afrikaanse gemeentes (met as fokuspunt die GKSA) prakties-teologies verken kan word om 'n strategiese model te ontwerp vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping. Die doelstelling word geformuleer met die visie dat die navolging van Christus se leierskap die kerk weer relevant sal maak en mense weer na die kerk sal laat toestroom soos Christus dit gedoen het. Die uiteindelike

doelstelling is egter nie getalle nie maar om verdieping en kwaliteit van die geloofslewe te verseker.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- om vas te stel wat die beskouing van die Skrif is oor die leierskapsrol van die predikant in die roeping van 'n gemeente;
- om vas te stel watter lig ander vakgebiede soos kommunikasiekunde en bedryfsosiologie kan werp op die huidige leierskapskrisis in die tradisioneel Afrikaanssprekende kerke van Reformatoriese oorsprong, asook op die wyse waarop 'n predikant die leierskapsrol in 'n gemeente moet vervul;
- om deur empiriese navorsing vas te stel wat die situasie rakende die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping tans is; en
- om 'n strategiese model te ontwerp waarvolgens Afrikaanssprekende predikante kan optree om hul roeping as leiers uit te leef, spesifiek met die oog daarop om die gemeente effektief en verantwoordelik ooreenkomstig die Skrif in hul roeping te lei.

1.7 Sentraal-teoretiese argument

Effektiewe en verantwoordelike leierskap van die predikant in die roeping van tradisioneel Afrikaanse gemeentes (met die klem op die GKSA) kan daartoe meewerk dat die gemeentes hul roeping vervul.

1.8 Bondige definiëring van belangrike terme

Basisteorie

Venter (1993:247) sê 'n *basisteorie* is die ontginning van teologiese vertrekpunte vir bepaalde areas in die vakgebied van die diakoniologie en dat dit primêr vanuit die Skrif gedoen word. Hierdie bewering is ook van toepassing op die ondersoek na die leierskap van predikante. In hierdie studie word die Skriftuurlike beginsels vir die leierskap van predikante afgelei in Osmer se normatiewe taak. Laasgenoemde word kortliks hieronder onder die metodologie verduidelik.

Hermeneuties-empiries

Volgens Gispen *et al.* (1998) is *hermeneutiek* die wetenskap wat reëls soek waarvolgens die Skrif uitgelê word en wat dan daardie reëls formuleer en sistematiseer. Die hermeneutiek word in Osmer se normatiewe taak toegepas, soos hieronder aangedui word.

Empiries dui op feite wat gegrond is op ervaring of proefneming (HAT). 'n Metodiese benadering word gebruik om empiriese feite rakende die kerkpraktyk statisties te bekom (vgl. Heyns & Pieterse, 1990:74). 'n Empiriese ondersoek word uitgevoer in Osmer se beskrywend-empiriese taak, wat kortliks hieronder verduidelik word.

Afrikaanssprekend

Dit is 'n taal wat in Suid-Afrika gepraat word en uit Nederlands ontwikkel het, met verskeie ander invloede wat ook 'n rol gespeel het (HAT).

1.9 Metodologie

Hierdie teologiese studie word uitgevoer binne die denkraamwerk van die Gereformeerde tradisie. Die metode wat gekies is, is die model wat Osmer (2008) vir praktiese teologie ontwerp het en wat volgens hom (Osmer, 2008:27) aansluit by die unieke Gereformeerde invalshoek op praktiese teologie. Hy (Osmer, 2008:4) onderskei vier prakties-teologiese interpretasies, naamlik die beskrywende taak ("What is going on?"), die interpreterende taak ("Why is it going on?"), die normatiewe taak ("What ought to be going on?") en die pragmatiese taak ("How might we respond?"). Zerfass (1974:166 e.v.) se metode, wat uit 'n basisteoretiese ondersoek, 'n metateoretiese beskouing en praktykteoretiese riglyne bestaan, word in kombinasie met Osmer toegepas.

Normatiewe taak

Osmer (2008) se normatiewe taak sluit aan by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir praktiese teologie ontwikkel het. Die normatiewe taak bestaan daaruit dat daar uit Skrifgegewens afgelei word hoe predikante hul leierskapsrol moet uitoefen en hoe predikante daaraan moet voldoen. Dit vind plaas deur 'n grammaties-historiese, eksegetiese metode te gebruik (vgl. De Klerk & Van Rensburg, 2005; Lotter, 1993:11).

Om vas te stel watter Skrifgedeeltes bestudeer moet word, sal daar eers 'n oorkoepelende begripsontleding van die begrip *"leierskap"* in die Ou en Nuwe Testament onderneem word (Hoofstuk 2). Daarna sal teksgedeeltes gekies word aan die hand van die inligting wat deur die begripsontleding ingesamel is. Die teksgedeeltes sal op die leierskap van vier leiersfigure in die Ou en Nuwe Testament konsentreer: twee in die Ou Testament om die Ou-Testamentiese bedeling te verteenwoordig (Hoofstuk 3); een in die Nuwe Testament om die Nuwe-Testamentiese bedeling te verteenwoordig (Hoofstuk 4), en ten slotte, Christus as die volmaakte voorbeeld van 'n leier deur al die eeue heen (ook Hoofstuk 4).

Interpreterende taak

Waar die ondersoek van literatuurstudies in ander vakgebiede onder Zerfass (1974) se metateorie val, het Osmer (2008) die interpreterende taak geskep. Hier (vgl. Hoofstuk 6) sal 'n oorsig gegee word van die historiese agtergrond en die ontwikkeling en gebruik van verskillende leierskapstegnieke in die hulpwetenskappe kommunikasiekunde en bedryfsosiologie om die mees onlangse metodes in die verskillende wetenskappe te ondersoek en vas te stel hoe die praktyk tans daar uitsien.

Beskrywend-empiriese taak

In ooreenstemming met Zerfass (1974) se beklemtoning van die rol wat die inagneming van en interaksie met die huidige brandpunte in die empiriese situasie kan speel, word daar 'n empiriese studie onderneem om vas te stel wat die huidige situasie is ten opsigte van die leierskap van Afrikaanssprekende predikante in die bediening. Osmer (2008:49-50) se beskrywend-empiriese taak dui aan watter koers ingeslaan moet word vir kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Hy stel ook die "gemengde navorsingsmetode" voor, waarin 'n kwalitatiewe én kwantitatiewe ondersoek ingestel word en wat in hierdie studie toegepas sal word (vgl. Hoofstuk 7). Die kwantitatiewe navorsing sal gedoen word deur vraelyste aan 'n aantal predikante en ouderlinge in die bediening te besorg en die kwalitatiewe navorsing sal plaasvind deur onderhoude met 'n aantal predikante en ouderlinge te voer (vgl. Heitink, 1999:235-239; Pieterse, 1993:184-185).

Pragmatiese taak

In Zerfass (1974) se model word 'n hermeneutiese proses gevolg wat lei tot 'n praktykteorie waaruit praktykteoretiese riglyne afgelei word (Venter, 1993:247). Dit stem ooreen met Osmer (2008:176) se pragmatiese taak, wat gebruik word om op 'n strategiese wyse die oorspronklike probleem aan te pak. In die pragmatiese taak gaan daar dus probeer word om 'n model te ontwerp wat aan Afrikaanssprekende predikante riglyne bied om hulle leierskap in die gemeente se roeping effektiewer en verantwoordeliker uit te oefen (vgl. Hoofstuk 8).

Die spiralering van Osmer se take

'n Belangrike saak om te onthou, is dat die take van Osmer nie geïsoleerd van mekaar plaasvind nie, maar dat hulle gedurig in wisselwerking met mekaar tree. Osmer (2008:par. 185) praat van die "spiralling" van die verskillende take. Hoewel die klem in bepaalde hoofstukke van die studie telkens op een van die take val, sal daar aangedui word hoe die ander take daarmee ineenvleg.

1.10 Voorlopige hoofstukindeling

Die volgende hoofstukindeling word in die studie gevolg:

1. Inleiding
2. Ontleding van Ou- en Nuwe-Testamentiese woorde wat onder die oorkoepelende begrip “leier” tuishoort
3. Normatiewe taak: eksegetiese afleidings uit die Ou Testament oor effektiewe en verantwoordelike leierskap
4. Normatiewe taak: eksegetiese afleidings uit die Nuwe Testament oor effektiewe en verantwoordelike leierskap
5. Grondbeginsels vir effektiewe en verantwoordelike leierskap
6. Interpreterende taak: perspektiewe van ander vakgebiede oor leierskap
7. Beskrywend-empiriese taak: kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing
8. Pragmatiese taak: strategiese model en aksieplan vir die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping
9. Samevattende gevolgtrekking

1.11 Skematiese voorstelling om korrelasie te laat blyk

Tabel 1: Die korrelasie tussen probleemstelling, doelstellings en metodologie

Probleemstelling	Doelstelling	Metodologie
Die probleem is dat die veranderende wêreld en die invloed van die tegnologie nuwe eise aan die predikant stel wat dit baie moeilik maak om relevant te bly sodat die krimping van die kerk beperk kan word.	Die doelstelling is om ’n ondersoek in te stel na die voorbeeld van Christus se leierskap. Sodoende kan die predikant toegerus word om die tegnologie en beskikbare teoretiese kennis optimaal in te span om die kerk weer relevant te maak en weer mense na die kerk te laat stroom soos wat Christus dit gedoen het.	Hierdie prakties-teologiese studie word gedoen vanuit die Gereformeerde tradisie.

Probleemstelling	Doelstelling	Metodologie
	Die uiteindelike doelstelling is egter nie die aantal mense nie maar om verdieping en kwaliteit van die geloofslewe te verseker.	
Watter beginsels bied die Skrif oor effektiewe en verantwoordelike leierskap?	Om vas te stel watter beginsels die Skrif oor die verskillende aspekte van leierskap bied.	Eksegetiese ondersoek na verskeie Skrifgedeeltes.
Watter lig werp kommunikasiekunde en bedryfsosiologie, asook 'n empiriese ondersoek, op die wyse waarop 'n predikant as leier in 'n gemeente moet optree?	Om uit kommunikasiekunde en bedryfsosiologie, asook deur empiriese navorsing, vas te stel op watter wyse 'n predikant as leier in 'n gemeente moet optree.	'n Literatuurstudie word gedoen oor die praktyk van leierskap in die bediening. 'n Empiriese studie word op 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe wyse onderneem.
Watter strategiese model kan aan die predikant voorgehou word om sy leierskap in 'n gemeente in groter ooreenstemming met die Skrif uit te leef?	Om 'n strategiese model te ontwerp waarvolgens die Afrikaanssprekende predikant 'n effektiewe en verantwoordelike leier in 'n gemeente kan wees.	'n Nuwe of verstelde model word na vore gebring deur die pragmatiese taak.
Tot watter samevattende gevolgtrekkings kan gekom word?	Om tot samevattende gevolgtrekkings te kom.	Analise en sintese.

Hoofstuk 2

Ontleding van Ou- en Nuwe-Testamentiese woorde wat onder die oorkoepelende begrip "leier" tuishoort

2.1 Oriëntering

Die normatiewe taak sal in Hoofstuk 3 en 4 uitgevoer word. Die doel is om uit die Skrif 'n insig in die leierskapsrol van die predikant te verkry. Deur middel van 'n eksegetiese en kultuurhistoriese ondersoek sal daar in Hoofstuk 3 en 4 probeer word om Bybelse beginsels vir goeie leierskap te identifiseer. Om vas te stel watter Skrifgedeeltes bestudeer moet word, word daar in Hoofstuk 2 eers 'n ontleding van die woord "leier" in die Ou en Nuwe Testament gemaak. Na aanleiding van die inligting wat in Hoofstuk 2 ingesamel word, sal teksgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament in Hoofstuk 3 en 4 gekies word om die leierskap van vier persone van naderby te bestudeer. Daarvoor sal die openbaringshistoriese en eksegetiese metode gebruik word (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005).

2.2 Metode

Die metode wat in Hoofstuk 2 gevolg word, bestaan daaruit dat verskillende Afrikaanse Bybelse konkordansies (Cinamon, 1987 en die LOGOS-soekenjin) gebruik word om vas te stel watter Hebreeuse en Griekse woorde met die Afrikaanse woord "leier" vertaal is. Op hierdie wyse sal 'n wye verskeidenheid van Hebreeuse en Griekse woorde onder die soeklig kom om vas te stel wat die begrip *leier* inhou. Elkeen van hierdie Hebreeuse en Griekse woorde sal dan onder die volgende hoofopskrifte ondersoek word:

Vertalingsmoontlikhede: Onder hierdie opskrif sal 'n woordeboek soos *Strong's Lexicon* gebruik word om te kyk hoe elke van die Hebreeuse of Griekse woord op verskillende plekke in die *Nuwe Vertaling* van die Afrikaanse Bybel (Bybel, 1998) vertaal is om 'n oorsig te kry van die vertalingsmoontlikhede van elke woord.

Ontleding van die woord: Die ontleding van elke woord vind plaas by wyse van 'n tabel wat uit drie kolomme bestaan. Hierdie drie kolomme het onderskeidelik die volgende drie opskrifte: "Woord", "Voorkoms" en "Betekenis en opmerkings".

Onder “**Woord**” word die stam van die woord wat ondersoek word, aangedui.

Onder die opskrif “**Voorkoms**” is slegs die teksgedeeltes waar die spesifieke woord in die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* (Bybel, 1998) met die woord “leier” vertaal is, aangedui. Die teksgedeeltes wat aangedui word, is dus nie ’n aanduiding van hoeveel kere ’n spesifieke woord in die Bybel voorkom nie. Hierdie indeling gee die navorser vinnig toegang tot die Hebreeuse of Griekse teksgedeeltes wat die woord bevat wat in Afrikaans met “leier” vertaal is. Onder “**Voorkoms**” word ook die morfologie, stamformasie, geslag en woordsoort aangedui waar van toepassing, omdat die betekenis van die woord daardeur beïnvloed kan word.

Onder die opskrif “**Betekenis en opmerkings**” word woordeboekdefinisies gegee om aan te dui in watter verskillende semantiese velde die woord kan voorkom. Hierdie woordeboeke wat gebruik is, is die resultaat van navorsing van woordbetekenisse binne semantiese velde deur wetenskaplikes wat internasionale akademiese erkenning geniet. Dit is ’n belangrike stap omdat die semantiese veld bepaal wat die ware betekenis van die woord in sy konteks is.

Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes: Onder hierdie opskrif word verskillende kommentare ondersoek om te bepaal wat die konteks en betekenis van die woord in die teksgedeelte is. Die doel is dus om vas te stel of die kommentare die inligting wat tot dusver versamel is, bevestig

Voorlopige afleiding van betekenis: Onder hierdie opskrif sal daar telkens ’n kort opsomming gegee word die afleidings uit die opsomming van die woord.

Nadat elkeen van die onderskeie Hebreeuse en Griekse woorde so ondersoek is, sal die woorde volgens gemeenskaplike betekenisse in groepe georden word om vas te stel wat die semantiese omvang van die begrip “leier” is. Die doel van hierdie metode is om tot ’n sintese te kom oor wat die Skrif oor leierskap openbaar. In Hoofstuk 3 sal verskillende perikope aan die hand van hierdie sintese gekies word om deur middel van ’n diepgaande eksegese vas te stel wat die Skrif oor leierskap openbaar.

2.3 Ontleding van Hebreeuse woorde wat met “leier” in die Ou Testament vertaal is

Die volgende Hebreeuse woorde is met “leier” in die Ou Testament van die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* (NAV) vertaal en word alfabeties volgens die Hebreeuse alfabet hanteer en nie volgens die frekwensie of die belangrikheid van die woord nie.

2.3.1 אדיר

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord אדיר 27 keer in die Ou Testament voor.

2.3.1.1 Vertalingsmoontlikhede

Die *Authorized Version* vertaal אדיר soos volg: "nobles" (7 keer), "excellent" (4 keer), "mighty" (5 keer), "principal" (3 keer), "famous" (2 keer), "gallant" (1 keer), "glorious" (1 keer), "goodly" (1 keer), "lordly" (1 keer), "noble one" (1 keer) en "worthies" (1 keer).

2.3.1.2 Die ontleding van die woord אדיר

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
אדיר	Rig. 5:13; Neh. 10:29; Jer. 25:34, 36; 30:21 Hierdie woord kom in al die genoemde gevalle voor as 'n selfstandige naamwoord. Almal is in die manlike meervoudsvorm, behalwe in Jeremia 30:21 waar dit in die enkelvoudsvorm is.	Swanson (1997) stel die volgende semantiese velde vir hierdie woord voor: 1. "**Nobles, leaders**" – "persons of a ruling class, possibly implying respect and recognition by others." 2. "**Believers, glorious ones**" – "persons who are in the covenant of faith, in good relationship to God, with a focus on the high status of the opinion of the subject." 3. "**Elite soldiers, picked troops**" – "military persons of renown and might." 4. "**Lare tree**" – "a tree which is big and awesome to view, so considered stately and beautiful." 5. "**Mighty One**" – "a title of the true God."

2.3.1.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Rigters 5:13

Volgens Smith (1995) verwys die woord לְאַדִּירִים in Rigters 5:13 na die leiers van die stamme Efraim, Benjamin, Makir, Sebulon en Issaskar, wat by Debora en Barak aangesluit het om aan die opstand deel te neem.

(b) Nehemia 10:29

Hierdie vers volg nadat Nehemia die eerste tree gegee het om 'n belofte te maak dat hy gehoorsaam sal wees aan die Here (Neh. 10:1). Daarna het twee en twintig priesters hulle

name bygevoeg en ná die priesters het sewentien Leviete gevolg. Hierdie dapper en voorbeeldige daad het soveel respek afgedwing dat die res van die volk en ampsgenote hierdie leiers se voorbeeld gevolg het (Henry, 1994). Met die respek en erkenning wat geïmpliseer word, sluit die verklaring van hierdie woord ook by die eerste semantiese veld aan, naamlik "nobles", "leader".

(c) Jeremia 25:34 & 36

Die respek en erkenning vir die leier word in hierdie verse geïmpliseer wanneer die leiers in vers 34 vergelyk word met die herders van 'n kudde en kosbare erdewerk wat stukkend geslaan sal word. Van Zyl (1997) wys daarop dat die leiers veronderstel is om aan hulle ondergeskiktes 'n voorbeeld van reg en billikheid te stel soos wat dit 'n goeie herder betaam. Daarom is die leiers in hierdie gedeelte die eerstes, dié wat deur die oordeel van God getref sal word, juis omdat hulle veronderstel is om 'n voorbeeld te wees en dit nie is nie.

(d) Jeremia 30:21

Huey (1993) wys daarop dat vers 21 die belofte bevat van die Messias wat as leier na die stad toe sal kom. Hy sê verder van hierdie leier: "The description that he would 'arise from among them' is a reference to the Mosaic promise (Deut. 17:15) of a divinely chosen king 'from among your own brothers' (cf. 1 Sam 16:1-13)." Verder skryf Huey (1993): "This leader would also have priestly qualities. 'I will bring him near; he will come close to me' is the picture of a priest entering the Lord's presence (Exod 28:35)."

> Hierdie aanhalings sluit dus aan by die eerste semantiese veld wat Swanson voorstel, naamlik "nobles", leader". Respek en erkenning word geïmpliseer aangesien hierdie koning en/of priester deur God gekies is. Volgens Swanson (1997) sluit die konteks van al bogenoemde teksgedeeltes aan by die eerste semantiese veld naamlik "Nobles, Leader".

2.3.1.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Die respek en erkenning wat die persoon ontvang, word in hierdie gedeeltes met die woord אדיר beklemtoon.

2.3.2 אלוף

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord אלוף 69 keer in die Ou testament voor.

2.3.2.1 Vertalingsmoontlikhede

Die *Authorized Version* vertaal אלוף soos volg: “duke” (57 keer), “guide” (4 keer), “friends” (2 keer), “governors” (2 keer), “captains” (1 keer), “governor” (1 keer) en “ox” (2 keer).

2.3.2.2 Die ontleding van die woord אלוף

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
אלוף	Sag. 12:6 Hierdie woord word as ’n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm gebruik.	Gesenius en Tregelles (2003) dui die volgende vier semantiese velde vir die woord אלוף aan: 1. “Familiar, intimate, a friend.” 2. “Gentle, tame” – “gentle, tame, i.e., pertaining to what is not wild but manageable and able to be subdued.” 3. “An ox” – “a castrated male domestic of the bovine family, for manageability and work.” 4. “The leader of a family or tribe.” In twee van die vier verduidelikings gaan dit dus daaroor dat die persoon of dier mak gemaak is sodat hy hom volledig aan sy meerdere onderwerp.

2.3.2.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Sagaria 12:6

Aangesien Sagaria 12:6 van “die leiers van Juda” praat, hoort die verklaring van hierdie woord in die vierde semantiese veld, naamlik: “The leader of a family or tribe”. Die verandering wat in die leiers sal plaasvind, is egter opvallend. Dit laat mens dink aan ’n gekastreerde bul wat ’n gedaanteverwisseling ondergaan. Net so sal God die leiers van Juda verander om soos ’n bak vuur te wees wat al die volke rondom hulle verteer. Waar hulle vroeër die klein nietige volkie was, word hulle nou ’n volk om mee rekening te hou.

Hierdie woord word ook op twee ander plekke in Sagaria gebruik waar dit vertaal word met “stamhoof”. Hierdie vertaling van die woord sluit weer eens aan by die vierde semantiese veld, naamlik: “The leader of a family or tribe”. Alhoewel die woord nie in die twee gevalle met die woord “leier” vertaal is nie, is dit opvallend dat die konteks van die twee gedeeltes ook ’n verandering suggereer.

Sagaria 9:7 (1953-vertaling) lui soos volg: "… en Ek sal die bloed uit sy mond verwyder en sy verfoeisels tussen sy tande uit; so sal hy dan ook vir onse God oorbly en wees soos 'n stamhoof in Juda…" (Bybel, 1996). In hierdie geval sal God hulle – die Filistyne – verander om soos 'n stamhoof van Juda te wees. Jamieson *et al.* (1997) sê in hierdie verband: "The Philistine princes with their respective states shall equally belong to the Jews' communion, as if they were among the 'governors' of states 'in Judah'." Die verandering wat die Here in daardie volk sal laat plaasvind, is dus in hierdie aanhaling duidelik.

Sagaria 12:5 lui soos volg: "Dan sal die stamhoofde van Juda in hulle hart sê: Die inwoners van Jerusalem is vir my 'n sterkte deur die Here van die leërskare, hulle God" (Bybel, 1996). In hierdie geval is dit nie so duidelik soos in die ander twee (Sag. 9:7 & 12:6) gevalle nie, maar wel indirek deur die konteks van hierdie gedeelte. Jamieson *et al.* (1997) merk op: "Judah recognizes her 'strength' to be… as the instrument, and 'Jehovah of hosts their God' (dwelling especially there) as the author of all power." Die rede hoekom Jerusalem die stamhoofde se sterkte is, is omdat God, die bron van alle krag, daar woon. Deur die krag van God word Jerusalem in staat gestel om as instrument in God se hand die volke rondom hulle te verteer (Sag. 12:6). Hulle word dus verander van 'n volk wat onderdruk word in 'n volk wat ander onderdruk.

2.3.2.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- In die konteks van hierdie woord in hierdie gedeeltes val die klem op die verandering wat by die leier plaasvind of moet plaasvind.
- Die beeld van die bul wat gekastreer word met die doel dat hy meer hanteerbaar vir werk is, versterk bogenoemde gedagte.

2.3.3 אציל

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord **אציל** slegs twee keer in die Ou Testament voor.

2.3.3.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word dit een keer met "nobles" en een keer met "chief men" vertaal.

2.3.3.2 Die ontleding van die woord אציל

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
אציל	Eks. 24:11 Hier is die woord 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm.	Swanson (1997) gee die volgende twee semantiese velde waarin hierdie woord kan voorkom: 1. **"Far corner of the earth"** – "Most distant parts, the outer-most border of the earth." 2. **"Leader, ruler"** – "apparently a general term for one of high social status, in this context, in the religious-social community (Ex 24:11)."

2.3.3.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Eksodus 24:11

Die skrywer van Eksodus gebruik die woord מְזֻקְנֵי in vers 1 en vers 9 om die leiers van die volk Israel te beskryf. In vers 11 gebruik hy egter die woord אֲצִילֵי om dieselfde leiers te beskryf. Hierdie verandering in woordgebruik vind plaas direk nadat die leiers van die volk God op 'n besondere manier gesien het. Daarom sê Swanson (1997) dat אֲצִילֵי in Eksodus 24:11 die hoë aansien beskryf wat die leiers in die religieuse en sosiale gemeenskap gehad het nadat hulle God op die berg gesien het.

2.3.3.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Dit is belangrik om in ag te neem dat hierdie woord 'n algemene term is om iemand met 'n hoë sosiale status te beskryf.
- Die leiers in Eksodus 24 word met אציל aangespreek nadat hulle die teenwoordigheid van God intens beleef het. Die heilige teenwoordigheid van God het veroorsaak dat hulle status onder die volksgenote verander het.

2.3.4 אשׁר

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord אשׁר sestien keer in die Ou Testament voor.

2.3.4.1 Vertalingsmoontlikhede

Die *Authorized Version* vertaal die woord soos volg: sewe keer met “blessed”, twee keer telkens met “lead”, “happy” en “go”, en een keer met elk van die woorde “guide”, “leaders” en “relieve”.

2.3.4.2 Die ontleding van die woord אשׁר

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
אשׁר	Num. 26:9; Jes. 3:12 In die geval van Numeri word die woord אַשְׁר in die *Nuwe Vertaling* met die selfstandige naamwoord “leier” vertaal, terwyl die meeste konkordansies die woord op grond van die vokale as ’n voornaamwoord beskryf. In Jesaja word אָשַׁר egter as ’n werkwoord in die piel aktiewe vorm gebruik.	Volgens Swanson (1997) het die woord אשׁר die volgende vier semantiese velde: 1. **“Live an upright life”** – “walk straight in the way.” 2. **“Lead” – “guide.”** 3. **“Call blessed”** – “speak well of someone. In some contexts this is elevated to a blessing and invocation of the LORD’S prosperity.” 4. **“Encourage** – “to speak well of another with the focus on a changed behavior, or a continuation of a behavior, as a kind of teaching situation.” Harris *et al*. (1999) sê die volgende oor die derde semantiese veld: “A ‘blessed’ man, for example, is one who trusts in God without equivocation… A ‘blessed’ man is one who comes under the authority of God’s revelation…”

2.3.4.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Jesaja 3:12

Calvyn (1998) sê die volgende oor die gebruik van מְאַשְּׁרַיִךְ in hierdie vers: “… for as princes are raised to their office for the sake of the public safety, so no plague is more destructive than when they are bad men, and rule according to their own caprice.” Die verklaring sluit hoofsaaklik aan by die tweede semantiese veld, naamlik “lead”. Daar is egter ook iets van die derde semantiese veld sigbaar in die konteks van die woord. Die woord אָשַׁר word gebruik vir leiers wat nie die gesag van God aanvaar nie. Die resultaat is duidelik: die leiers lei die volk van koers af (Jes. 3:12).

(b) Numeri 26:9

In Numeri word אֲשֶׁר gebruik. Hierdie woord moet eerder met "wat" vertaal word weens die vokale, maar die Nuwe Afrikaanse vertaling het dit met "leiers" vertaal.

Cole (2000) se kommentaar op Numeri 26:9 dui aan dat Datan en Abiram vir baie geslagte na hulle as voorbeelde gebruik is vir leiers wat nie die gesag van God aanvaar het nie. Hulle was deel van die 250 Levitiese leiers wat in opstand teen Moses en Aäron gekom het en daarom ook teen God. Hulle leierskap was dus nie geken deur onderwerping aan God se gesag nie. Die konteks waarbinne die woord אֲשֶׁר hier gebruik word, sluit baie nou aan by die verklaring wat Harris *et al.* (1999) hierbo gee. Dit is ook heel moontlik die rede waarom die vertalers van die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* die woord אֲשֶׁר eerder met "leiers" vertaal het.

> In hierdie twee gevalle (Jes. 3:12. en Num. 26:19) is dit duidelik dat die leier hom aan die gesag van God moet onderwerp.

2.3.4.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Die klem lê in hierdie woord daarop dat die persoon hom aan God se gesag en daarom aan sy Woord moet onderwerp.
- Die woord word ook gebruik waar die teenoorgestelde gebeur, naamlik dat die leier teen God in opstand kom.

2.3.5 בעל

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord בעל 82 keer in die Ou Testament voor.

2.3.5.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word בעל soos volg vertaal: 25 keer as "man", 14 keer as "owner", elf keer as "husband", sewe keer as "have", vyf keer as "master", twee keer as "man given", een keer met elk van die woorde "adversary", "archers", "babbler", "bird", "captain" en "confederate", en 12 keer word hierdie woord vertaal met woorde met uiteenlopende eienskappe.

2.3.5.2 Die ontleding van die woord בעל

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
בעל	Rig. 9:2, 7, 47 In al drie gevalle hierbo is die woord בָּעַל 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm.	Volgens Brown *et al.* (2000) is daar die volgende vyf semantiese velde vir die woord בעל: 1. "Owner" 2. "Husband" 3. "Citizens" 4. "Rulers" 5. "Noun of relation"

2.3.5.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

In al drie die gevalle van Rigters 9 is daar 'n duidelike verhouding tussen die woord בעל en die stad wat elke keer daarmee saam genoem word. Hier is בעל dus 'n naamwoord wat 'n verhouding karakteriseer (Gesenius & Tregelles, 2003).

(a) Rigters 9:2

Volgens Block (2001) se verklaring val die woord in die vyfde semantiese veld. Hy skryf die volgende in sy kommentaar op Rigters 9:2:

> "Abimelech enlisted his relatives to secure the support of the Shechemite aristocracy. The latter are referred to here and throughout this chapter as baʿălê šĕkem, 'the lords/masters of Shechem' (not 'citizens of Shechem' as NIV). Whereas previously in the book baʿălîm has always referred to 'the baals,' or local manifestations of the Canaanite deity, here baʿălê šĕkem bears a nontheological sense."

Hy stem dus saam daarmee dat בַּעֲלֵי nie net bloot na die burgers van Sigem verwys nie, maar dat hierdie woord 'n spesifieke groep leiers in Sigem karakteriseer as regeerders van die spesifieke stad.

(b) Rigters 9:7 & 47

Die argument hierbo geld ook vir hierdie twee verse.

2.3.5.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Hierdie woord word gewoonlik saam met ’n stad genoem om na die heersers/regeerders van die spesifieke stad te verwys.
- Die leierskap van die leiers waarna hierdie woord verwys, word dus aan ’n spesifieke plek gekoppel.

2.3.6 גבור

Volgens *Strong’s Lexicon* (2001) kom die woord גבור 154 keer in die Ou Testament voor.

2.3.6.1 Vertalingsmoontlikhede

Die *Authorized Version* vertaal die woord soos volg: 63 keer met “mighty”, 68 keer met “mighty man”, vier keer onderskeidelik met “strong” en “valiant ones”, twee keer onderskeidelik met “mighties”, “man” en “valiant men” en een keer telkens met “strong man”, “upright man”, “champion”, “chief”, “excel”, “giant”, “men’s”, “mightiest” en “strongest”.

2.3.6.2 Die ontleding van die woord גבור

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
גבור	1 Kron. 27:6 In hierdie vers kom die woord גבור voor as ’n selfstandige naamwoord in die manlike enkelvoudsvorm.	As selfstandige naamwoord kan hierdie woord volgens Swanson (1997) in die volgende vier semantiese velde val: 1. “**Mighty warrior**” – “mighty hero who is very capable of defense or attack.” 2. “**Prominence**” – “a community leader of influence.” 3 “**The best of the fighting men**.” 4. “**Mighty at drinking wine**” – “drunkards able to hold their liquor.” Brown *et al.* (2000) verklaar die woord גִּבּוֹר soos volg: “one who magnifies himself, behaves proudly, a tyrant, who is bold, audacious”.

2.3.6.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

1 Kronieke 27:6

Volgens Gesenius en Tregelles (2003) word hierdie woord algemeen gebruik om ’n dapper soldaat te beskryf. Die agtergrond van 1 Kronieke 27:6 beklemtoon ook die mag en dapperheid

van die persoon as leier. Hierdie persoon word hier gereken onder die dertig dapper manne van Dawid en boonop is hy in bevel. Hy is 'n held, maar dit sluit nie die moontlikheid uit dat hy 'n geweldenaar is nie, aangesien oorlog geweld eis.

2.3.6.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Die dapperheid van die persoon as leier kan dus deur hierdie woord beklemtoon word.
- Dapperheid behels egter ook iets van 'n hardheid ("tyrant") om 'n besluit te neem, terwyl jy weet dat mense as gevolg daarvan kan seerkry.

2.3.7 גדול

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord גדול 529 keer in die Ou Testament voor.

2.3.7.1 Vertalingsmoontlikhede

Die *Authorized Version* vertaal die woord soos volg: 397 keer met "great", 22 keer met "high", 19 keer met "greater", nege keer met elkeen van die woorde "loud" en "greatest", agt keer met elk van die woorde "elder" en "great man", sewe keer met "mighty", ses keer met "eldest" en 44 keer met woorde met uiteenlopende eienskappe.

2.3.7.2 Die ontleding van die woord גדול

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
גדול	Jer. 5:5 גדול is hier 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm.	Die tien semantiese velde waarin hierdie woord volgens Swanson (1997) verdeel kan word, is: 1. "**Much**" – "pertaining to a large quantity of a collection, mass of extension." 2. "**Great**" – "pertaining to the upper range of a scale of extent." 3. "**Large**" – "pertaining to a size of an object taking up great area of mass compared to a norm." 4. "**Important**" – "pertaining to having high status by a consensus of other persons." 5. "**Strange**" – "pertaining to causing surprise and astonishment, in view of being important or unusual." 6. "**Older**" – "pertaining to the older in comparison of two objects." 7. "**High**" – "to be in a spatial dimension which is elevated compared

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
		to other positions." 8. "**High Priest**" – "principle priest with special ministry, duties, and restrictions." 9. "**Greatness**" – "the state of exerting great force or ability." 10. "**Great Sea**" – "the western-most body of water in relation to Canaan land."

2.3.7.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Jeremia 5:5

Huey (1993) maak die volgende belangrike opmerkings oor die betekenis van הַגְּדֹלִים in die konteks van Jeremia 5:

> "Jeremiah was sure that he would find piety and integrity among the poor, so he went to them first. He discovered that they 'made their faces harder than stone and refused to repent.' He probably attributed their faithlessness to lack of education and irresponsibility in spiritual matters. 'The poor' are interpreted by some as poverty of knowledge and understanding rather than economic poverty and by others as the powerless and insignificant among the people.
>
> "Jeremiah then turned to the 'leaders' (lit. 'the great ones'). He was confident they were educated, knew the law, and had a sense of responsibility as leaders."

In Jeremia 5 is dit duidelik dat die woord הַגְּדֹלִים 'n bepaalde soort persoon as groot of belangrik uitsonder. Dit is dus 'n kombinasie van geletterdheid, verantwoordelikheid, aansien en eer (Keil & Delitzsch, 1996) wat meebring dat 'n persoon of 'n groep met hierdie naamwoord beskryf word. Hierdie kombinasie van eienskappe kom ook na vore in die verskillende semantiese velde hierbo.

2.3.7.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- In hierdie woord val die klem op die grootsheid en belangrikheid van 'n persoon.
- In die konteks van Jeremia 5 kan die persoon se status bepaal word deur eienskappe soos geletterdheid, verantwoordelikheid, aansien, posisie ens.

2.3.8 גדל

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord גדל 115 keer in die Ou Testament voor.

2.3.8.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 32 keer as "magnify", 26 keer as "great", 14 keer as "grow", sewe keer as "nourish up", ses keer as "grow up", vyf keer as "greater" en 25 keer word hierdie woord vertaal met woorde met uiteenlopende eienskappe.

2.3.8.2 Die ontleding van die woord גדל

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
גדל	Miga 5:3 גָּדַל is in hierdie vers 'n werkwoord in die qal aktiewe imperfektum wat in die manlike die derdepersoons-enkelvoud gebruik word.	Die volgende semantiese velde word deur Brown *et al.* (2000) voorgestel: 1. "Grow up" – "A child, a lamb" 2. "Become great" – "in extent, in value, in intensity, in sound, in importance, in work." 3. "To be magnified" – "The house of Dawid, Yahweh." Net soos met die twee voorafgaande woorde kan hierdie woord ook vertaal word met "mag" of "magtig", maar die klem val hier eerder op die eer wat die persoon kry op grond van sy mag en grootsheid (Swanson, 1997).

2.3.8.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Miga 5:3

Hierdie woord verwys na die Messias, wat 'n groot en sterk leier sal wees (Barker, 2001). Hierdie verklaring sluit aan by die tweede semantiese veld.

2.3.8.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Hierdie woord vind sterk aansluiting by die tweede semantiese veld wat handel oor iets of iemand wat grootheid verwerf op grond van sy waarde, intensiteit, belangrikheid of werk.
- In die konteks van Miga beklemtoon hierdie woord die verhoging van die eer en status van die persoon.

2.3.9 זקן

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord זקן 178 keer in die Ou Testament voor.

2.3.9.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 115 keer as "elders", 23 keer as "old", 19 keer as "old man", 14 keer as "ancient", drie keer as "aged" en een keer met elk van die woorde "eldest", "ancient man", "senators" en "old women".

2.3.9.2 Die ontleding van die woord זקן

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
זקן	Gen. 50:7; Eks. 3:16, 18; 4:29; 12:21; 17:5, 6; 18:12; 19:7; 24:1, 9; Lev. 4:15; Num. 11:16, 30; 16:25; Deut. 21:2, 3, 19, 20; 22:15, 17; Jos. 7:6; 8:33; 9:11; 24:1, 31; Rig. 2:7; 11:5, 7, 8, 9, 10, 11; Rut 4:2, 4, 9; 1 Sam. 4:3; 11:3; 15:30; 2 Sam. 3:17; 5:3; 17:4; 19:11; 1 Kon. 8:1, 3; 21:11; 2 Kon. 6:32; 1 Kron. 21:16; 2 Kron. 5:2, 4; 34:29; Ps. 107:32; Spr. 31:23; Jes. 3:2, 14; 24:23; 37:2; Jer. 29:1; Klaagl. 1:19; 2:10; 4:16; 5:12; Eseg. 8:1, 11, 12; 14:1; 20:1; 27:9; Joël 1:2, 14. Afgesien van Jesaja 3:2 is die woord in al die bogenoemde gevalle 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm. Slegs in Jesaja 3:2 is die naamwoord in die enkelvoudsvorm.	Die volgende vier semantiese velde word deur Swanson (1997) voorgestel: 1. "**Elder**" – "a leader in the community that makes religious, social, and leadership decisions." 2. "**Dignitary**" – "a representative of another government." 3. "**Old person**" – "pertaining to being advanced in age." 4. "**Chief**" – 'pertaining to being prominent."

2.3.9.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Genesis 50:7

Henry (1994) sê in sy kommentaar oor hierdie gedeelte: "It was a stately funeral. He was attended to the grave, not only by his own family, but by the courtiers, and all the great men of the kingdom…" Hierdie woord plaas die klem daarop dat al die *vooraanstaande* manne van

Egipte die begrafnis van Jakob bygewoon het. Die betekenis van hierdie woord word dus in die vierde semantiese veld gevind.

(b) Eksodus (Eks. 3:16, 18; 4:29; 12:21; 17:5, 6; 18:12; 19:7; 24:1, 9)

Die verduideliking van Keil en Delitzsch (2002) van die woord זְקֵנֵי in Eksodus 3:16 is die volgende:

> "On his arrival in Egypt he was first of all to inform the elders, as the representatives of the nation (i.e., the heads of the families, households, and tribes), of the appearance of God to him, and the revelation of His design, to deliver His people out of Egypt and bring them to the land of the Canaanites."

Die woord זְקֵנֵי verwys in hierdie geval na die mense wat as leiers onder die volk opgetree het. Hulle was heel moontlik, soos Keil en Delitzsch hierbo sê, die leiers van 'n familie, huishouding of stam. Ons het dus hier te doen met die verteenwoordigers van die volk.

Eksodus 24:1 verduidelik nog nader wie die leiers is: "Klim die berg op na My toe: jy, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel." 'n Soortgelyke teks word ook in Numeri 11:16 aangetref waar die Here vir Moses sê: "Bring vir My sewentig van Israel se leiers, mense van wie jy weet dat hulle leiers en ampsdraers van die volk is."

Daar kan afgelei word dat die woord זקן in Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium na hierdie drie en sewentig verteenwoordigers van Israel verwys – manne wat leiers onder die volk was. Die eerste semantiese veld is dus van toepassing op hierdie gedeeltes.

(c) Josua (Jos. 7:6; 8:33; 9:11; 24:1, 31)

In Josua verwys die woord זקן steeds na die verteenwoordigers (leiers) van die volk Israel. Daar is een geval in Josua waar זקן nie na die volk Israel se leiers verwys nie, maar na die leiers van die inwoners van Gibeon. Josua 9:11 vertel die verhaal van die Gibeoniete wat vir die Israeliete bang was en daarom het die leiers van die stad mense na Josua toe gestuur om die Israeliete se guns te wen.

Al hierdie teksgedeeltes verwys na leiers in 'n gemeenskap en daarom val die verklaring van hierdie woord ook in die eerste semantiese veld.

(d) Rigters (Rig. 2:7; 11:5, 7, 8, 9, 10, 11)

Uit die konteks van Rigters 2 is dit duidelik dat die woord הַזְּקֵנִים ook na die 73 leiers van Israel verwys. Waar die woord egter in Hoofstuk 11 gebruik word, verwys dit na 'n groep mense of leiers wat in Gilead was.

So verwys die woord זקן ook in al die ander teksgedeeltes in Rigters na 'n groep mense wat leiding geneem het onder 'n volk; daarom val die gebruik van hierdie woord ook hier in die eerste semantiese veld.

(e) Rut (Rut 4:2, 4, 9)

Block (2001) wys in sy kommentaar oor Rut 4 daarop dat die woord זקן in al drie gevalle in Rut moontlik verwys na die mense wat in die saak tussen Boas en Elimelek as getuies moet dien. In die hoedanigheid het die groep mense in 'n moeilike situasie die leiding geneem. Verder word hierdie leiers nader gedefinieer met die vers: "Boas het ook tien leiers van die stad gevra…" Boas het hom dus tot die leiers in die gemeenskap gewend.

Die gebruik van hierdie woord val dus in die eerste semantiese veld omdat daar verwys word na 'n persoon in die gemeenskap wat sekere sosiale en leierskapsbesluite moes neem.

(f) Samuel (1 Sam. 4:3; 11:3; 15:30; 2 Sam. 3:17; 5:3; 17:4; 19:11)

Daar is net twee gevalle in 1 en 2 Samuel waar die woord זקן nie na die leiers van Israel verwys nie. In 1 Samuel 11:3 word verwys na die "leiers van Jabes" en in 2 Samuel 19 na die "leiers van Juda". Jabes was 'n woongebied wat deur Israeliete bewoon is en Juda is een van die stamme van Israel. Op al die ander plekke waar die woord in 1 en 2 Samuel voorkom, verwys die woord na 'n groep mense in 'n gemeenskap wat religieuse, sosiale en leierskap besluite moes neem.

In al die gevalle val die woord זקן in die eerste semantiese veld.

(g) Konings en Kronieke (1 Kon. 8:1, 3; 21:11; 2 Kon. 6:32; 1 Kron. 21:16; 2 Kron. 5:2, 4; 34:29)

In vier van die teksgedeeltes in Konings en Kroniek word die woord זקן gebruik om die leiers van Israel aan te dui (1 Kon. 8:1, 3; 2 Kron. 5:2, 4). Verder is daar twee gedeeltes waar זקן na die leiers van 'n stad verwys (1 Kon. 21:11 & 2 Kron. 34:29).

2 Konings 6:32 vertel van die hongersnood wat in Samaria geheers het. Toe die koning die nood sien, het hy gesê: "Mag die Here my om die lewe bring as ek vandag Elisa seun van Safat se kop op sy lyf laat bly." Net ná hierdie woorde word daar gemeld dat Elisa op daardie stadium in die geselskap van die leiers was. House (1995) sê dat hierdie leiers heel moontlik mense was wat hoë aansien in die oë van Elisa geniet het en Van Zyl (1997) veronderstel dat hulle die leiers van die stad was.

In 1 Kronieke 21:16 kom die toorn van God oor die volk omdat Dawid die volk in sy hoogmoed wou tel. Die gevolg is dat Dawid en die leiers met rouklere aan op hulle knieë neergeval het. Ook hier word וְהַזְּקֵנִים nie eksplisiet aan die volk Israel of 'n stad verbind nie, maar die konteks veronderstel dat die leiers nou verbonde aan die stad was.

Op al die plekke wat die woord זקן in 1 en 2 Konings voorkom, verwys die woord dus na mense wat in 'n bepaalde konteks die leiding geneem het. Daarom kan hierdie gedeeltes ook onder die eerste semantiese veld sorteer.

(h) Psalms 107:32

Henry (1994) wys daarop dat Psalm 107:23-32 'n enkele gedagte bevat, naamlik dat al die mense wat die gevaar van die oop see oorleef het, opgeroep word om dit oor te vertel om God te loof. Hierdie mense moet God loof deur voor die leiers van die volk te getuig van God wat hulle uit die gevaar van die see gered het.

Aangesien die woord זקן na die leiers van die volk verwys, kan hierdie teks ook by die eerste semantiese veld gevoeg word.

(i) Spreuke 31:23

Keil en Delitzsch (2002) beskryf die leiers waarvan daar in Spreuke gepraat word soos volg: "… for there he sits, along with the *elders* of the land, who are chosen into the council of the city as

the chief place of the land…" Volgens Keil en Delitzsch se verklaring hoort hierdie gedeelte ook in die eerste semantiese veld.

(j) Profete (Jes. 3:2, 14; 24:23; 37:2; Jer. 29:1; Klaagl. 1:19; 2:10; 4:16; 5:12; Eseg. 8:1, 11, 12; 14:1; 20:1; 27:9; Joël 1:2, 14)

In al die teksgedeeltes in die profete waar die woord זקן gebruik word, word daar na mense verwys wat leiding geneem het. In die meeste gevalle word die gemeenskap waar die leiers hul leierskap vervul, in die teksgedeeltes genoem. Daar word gepraat van die leiers van God se volk (Jes. 3:14, 24:23; Joël 1:2), die leiers van die priesters (Jes. 37:2), die leiers van die ballinge (Jer. 29:1), die leiers van Sion (Klaagl. 1:19), die leiers van Juda (Eseg. 8:1), die leiers van Israel (Eseg. 8:11, 12; 14:1; 20:1), die leiers van Gebal (Eseg. 27:9) en die leiers van die land (Joël 1:14). Teen die agtergrond van Jesaja 3:2 is dit duidelik dat die gedeelte na die leiers van Jerusalem en Juda verwys (Jes. 3:1). Net so getuig die konteks van al drie die gedeeltes in Klaagliedere (Klaagl. 1:19; 4:16; 5:12) daarvan dat daar gepraat word van die leiers in Jerusalem.

In al die bogenoemde gevalle word die eerste semantiese veld gebruik om die woord te verklaar. Alhoewel die konteks van die woord in die bogenoemde gevalle sterk by die eerste semantiese veld aansluit, is die prominente rol wat hierdie leiers in verskillende situasies gespeel het, opvallend. In die opsig speel die vierde semantiese veld dus ook 'n rol in die verstaan van hierdie woord.

2.3.9.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Hierdie woord verwys na 'n gemeenskapsleier wat die verantwoordelikheid het om godsdienstige, sosiale en leierskapsbesluite te neem.
- Die prominente rol wat hierdie leiers in die gemeenskap speel word ook met hierdie woord beklemtoon.

2.3.10 חקק

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord חקק 19 keer in die Ou Testament voor.

2.3.10.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: ses keer as “lawgiver”, twee keer met elk van die woorde “governor”, “decree”, “to grave”, “portray” en een keer elk met “law”, “printed”, “set”, “note” en “appoint”.

2.3.10.2 Die ontleding van die woord חקק

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
חקק	Rig 5:9, 14 Hierdie woord word in albei gevalle as ’n werkwoord gebruik. In Rigters 5:9 is dit die qal aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm; in vers 14 is dit die piel aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm.	Swanson (1997) stel die volgende semantiese velde voor: 1. “**Engrave**” – “make meaningful marks on an object.” 2. “**Chisel**” – “hew out stone. 3. “**Make a law**” – “prescription of what people must do…” 4. “**Be written**” – “pertaining to written language on a scroll.”

2.3.10.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Rigters 5:9 & 14

Oor die gebruik van die woord חקק in Rigters 5 sê Block (2001) die volgende: “ חקק suggests a leader in the community, tribal governor, perhaps one who writes down the names of those who volunteer and or command the troops in battle.” Volgens hierdie verduideliking was daar twee belangrike opdragte wat die persoon as bevelvoerder moes uitvoer. Hy moes opdragte gee sodat die soldate weet wat om te doen (derde semantiese veld) en hy moes die name neerskryf van hulle wat gewillig was om as soldate op te tree (vierde semantiese veld). Met die gebruik van hierdie woord wil die skrywer klem plaas op die werk wat hierdie leiers as bevelvoerders gedoen het, aangesien Debora en Barak die leiers geprys het vir dit wat hulle gedoen het om hul vyand te oorwin.

In die konteks waarin hierdie woord gebruik word, kom die derde semantiese veld sterk na vore. Die beplanning en administratiewe werk van ’n leier wat in die vierde semantiese veld beskryf word, is een van die redes hoekom juis hierdie woord hier gebruik word.

2.3.10.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Met hierdie woord word die opdragte wat die leier aan sy onderdane gee, beklemtoon.
- Administratiewe beplanning word ook deur hierdie woord gesuggereer.

2.3.11 יעץ

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord יעץ 80 keer in die Ou Testament voor.

2.3.11.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word יעץ soos volg vertaal: 25 keer vertaal met "counsel", 22 keer met "counsellor", nege keer met "consult", sewe keer met "give", vyf keer met "purposed", twee keer onderskeidelik met "advice", "determined", "advise", "deviseth", "taken" en twee keer met woorde wat verskillende uiteenlopende eienskappe het.

2.3.11.2 Die ontleding van die woord יעץ

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
יעץ	Jes. 1:26 Hierdie woord word in hierdie geval as 'n selfstandige naamwoord in die manlik meervoudsvorm gebruik.	Die volgende semantiese velde word deur Swanson (1997) voorgestel: 1. "**Determine**" – "come to an informed, deliberated conclusion on a matter, and take action." 2. "**Plot**" – "rise up in open defiance, with a focus on making plans based on mutual advice within a group." 3. "**Give advise**" – "tell someone what one should plan to do, implying value in the eyes of the subject soliciting the advice, with some elements of warning in the advice." 4. "**Seek advise**" – 'consult, confer."

2.3.11.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Jesaja 1:26

Die *English Standard Version* (Bible, 2001) vertaal וְיֹעֲצַיִךְ hier met "counselors", wat dui op die derde semantiese veld. Die konteks suggereer ook dat hierdie leiers onregverdig in hul uitsprake was en dat God hulle weer regverdig sal maak soos wat hulle vroeër was (Elwell, 1995). Hulle sal regverdige leiers wees wat nie meer deur omkoopgeskenke beïnvloed word nie

(vgl. v. 23). Die gevolg van hierdie verandering is dat die stad weer genoem sal word, “Stad van Geregtigheid” en “Getroue Stad”. Die afleiding kan gemaak word dat die leiers raad sal gee wat deur regverdigheid en waarheid gekenmerk word.

Hierdie verklarings sluit aan by die eerste semantiese veld omdat die persoon tot ’n regverdige konklusie omtrent ’n saak kom.

2.3.11.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Hierdie woord is toegespits op die leier wat ’n saak regverdig ondersoek en dan sekere aksiestappe neem om die saak reg te stel.
- Die woord konsentreer ook op die raad wat ’n leier (“counselor”) aan ’n persoon gee. Goeie raad word gekenmerk deur regverdigheid en waarheid.

2.3.12 מֹשֵׁל

Volgens *Strong’s Lexicon* (2001) kom die woord מֹשֵׁל 81 keer in die Ou Testament voor.

2.3.12.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 38 keer met “rule”, 19 keer met “ruler”, agt keer met “reign”, sewe keer met “dominion”, vier keer met “governor”, twee keer met elk van die woorde “ruled over”, “power” en een keer met “indeed”.

2.3.12.2 Die ontleding van die woord מֹשֵׁל

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
מֹשֵׁל	Hab. 1:14; Jes. 52:5 Hierdie woord word hier as ’n werkwoord gebruik en is ’n qal aktiewe partisipium in die manlike enkelvoudsvorm.	Swanson (1997) gee die volgende verklaring vir die woord: “… one who governs or controls a person, household, or government (Ge 45:8). Dominion, power, i.e., the rulership and governing of a government (of any size) as a supreme authority (Da 11:4; Zec 9:10+)”. Brown *et al.* (2000) stel die volgende drie semantiese velde vir die woord voor: 1. Regeer, heerskappy oor ’n menslike subjek, byvoorbeeld Habakuk 1:14. 2. ‘Regeer, heerskappy oor ’n hemelliggaam as subjek, byvoorbeeld Genesis 1:18.

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
		3. Heerskappy van God. 'n Voorbeeld is Rigters 8:23.[2]

2.3.12.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Habakuk 1:14

Barker (2001) verklaar die vers soos volg:

> "Habakkuk's point seemed to be that people of the earth (Habakkuk uses the word ʾādām for human beings) are no less than the fish of sea, subject to the whims of the more powerful. These swarming things had no ruler and stood defenseless. This is a forceful picture of the way other nations were helpless before the Babylonian armies."

Habakuk 1:14 wys op die afwesigheid van 'n leier aan wie die mag gegee word om te regeer.

(b) Jesaja 52:5

Volgens Keil en Delitzsch (1996) verwys die woord "leier" in Jesaja 52:5 na die onhoudbare tirannie van die Babiloniese leiers wat die volk onderdruk het. Deur hierdie onderdrukking en tirannie het die leiers heerskappy oor die volk uitgevoer.

> In albei gevalle (Habakuk en Jesaja) val die verklaring van die woord "leier" dus in die eerste semantiese veld.

(c) Ander teksgedeeltes

Die woord מֹשֵׁל word in die verse hieronder in presies dieselfde naamval gebruik as in Habakuk 1:14 en word vertaal met "regeer" of "heers". Dieselfde semantiese veld word ook gebruik vir die verklaring:

> "Hulle het vir hom gesê: 'Josef leef nog. Hy regeer oor die hele Egipte.'" (Gen. 45:26)
>
> "Koning Sihon van die Amoriete in Gesbon het geheers oor die helfte van Gilead…" (Jos. 12:2)
>
> "Stuur uit Sela in die woestyn na Sionsberg toe lammers vir die regeerder van die land…" (Jes. 16:1)
>
> "Daar sal geweld in die land losbreek, regeerders sal mekaar beveg…" (Jer. 51:46)

[2] Hierdie aanhaling is onverstaanbaar indien dit regstreeks uit Engels aangehaal word.

"'n Brullende leeu, 'n beer wat wil rondstorm, so is 'n goddelose regeerder oor 'n weerlose volk." (Spr. 28:15)

"'n Regeerder wat hom aan leuens steur, het naderhand net goddeloses in sy diens." (Spr. 29:12)

In al die bogenoemde teksgedeeltes is dit dus duidelik dat die woord na iemand verwys aan wie mag verleen word om oor mense te regeer.

2.3.12.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord word gebruik om te verwys na iemand aan wie daar bepaalde mag verleen is om oor mense te regeer.

2.3.13 נגיד

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord **נגיד** 44 keer in die Ou Testament voor.

2.3.13.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 20 keer as "ruler", nege keer as "prince", ses keer as "captain", vier keer as "leader", drie keer as "governor" en een keer met "nobles" en een keer met "excellent things".

2.3.13.2 Die ontleding van die woord נגיד

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
נגיד	2 Kon 20:5; 1 Kron. 12:27; 13:1; 2 Kron. 32:21; Jes. 55:4; Dan. 11:22 In al hierdie teksgedeeltes kom die woord as 'n selfstandige naamwoord in die manlike enkelvoudsvorm voor.	Swanson (1997) stel drie moontlike semantiese velde van die woord נגיד voor: 1. "**Leader**, **ruler**" – "one of official status for governing and leading." 2. "**Commander**, **officer**" – "one who is a military leader." 3. "**Worthy thing**" – 'words that are valuable and proper and so true."

2.3.13.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) 2 Konings 20:5

In 2 Konings 20:5 is dit duidelik dat die verklaring van die woord נָגִיד in die eerste semantiese veld val. House (1995) wys daarop dat God Hiskia as die hoofinstrument gebruik om die stad uit die mag van die koning van Assirië te red. Aangesien Hiskia die koning van die volk is, kan hy in hierdie gedeelte beskou word as die persoon wat die amptelike status van bestuurder en leier beklee.

(b) Kronieke (1 Kron. 12:27; 13:1; 2 Kron. 32:21)

In Kronieke word die woord נגיד telkens gebruik om 'n militêre leier te beskryf. In 1 Kronieke 12:27 en 13:1 word daar met die woord spesifiek na 'n "leier" verwys, terwyl die woord in 2 Kron. 32:21 saam met ander militêre terme gebruik word om die verskillende aanvoerders te beskryf. Die woord val dus in die tweede semantiese veld van Swanson.

(c) Jesaja 55:4

MacArthur (1997) wys daarop dat Paulus in Handelinge 13:34 die opstanding van Christus verbind met die belofte wat in Jesaja 55:3 gemaak word. Indien Jesus deur sy dood nie ten volle vir die sonde sou betaal het nie, sou Hy nie uit die dood kon opstaan nie; as Hy nie opgestaan het nie sou Hy nie uiteindelik op die troon van Dawid kon sit nie. Christus het egter opgestaan en daarom sal Hy die koninklike rol vervul soos in Jesaja 55:4 geprofeteer word. In hierdie opsig wys die woord נָגִיד ook na die amptelike status van bestuur en leiding wat Christus reeds nou, maar ook eendag ten volle sal beklee.

(d) Daniël 11:22

Volgens Helberg (1998) en MacArthur (2006) verwys die woord נָגִיד na Onias III, wat in 171 v.C. deur sy eie broer vermoor is. Antiochus IV Epifanes het Onias se broer gevra om Onias te vermoor; dus word daar in vers 21 na Antiochus verwys. Die woord נָגִיד verwys dus hier na die amptelike status van Onias as bestuurder en leier.

2.3.13.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord dui die amptelike status van 'n persoon as leier en regeerder aan.

2.3.14 נדיב

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord נדיב 28 keer in die Ou Testament voor.

2.3.14.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 15 keer met "prince", vier keer met "nobles", drie keer met "willing", twee keer telkens met "free", "liberal" en "liberal things".

2.3.14.2 Die ontleding van die woord נדיב

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
נדיב	Ps. 47:10; 83:12 In al twee hierdie gevalle word die woord נדיב as 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm gebruik.	Brown *et al.* (2000) stel die volgende drie semantiese velde voor: 1. "Incited, inclined, willing" – "a willing spirit." 2. "Noble, princely" – "in rank." 3. "Noble, princely" – "in mind and character."

2.3.14.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Psalms (Ps. 47:10; 83:12)

In albei bogenoemde psalms impliseer die woord נדיב dat die persoon na wie dit verwys 'n hoë status gehad het. In Psalm 83 word die leiers met Oreb en Seëb vergelyk. Hierdie twee manne was die leiers van Midian in die tyd van Gideon. Elwell en Comfort (2001) beskryf hulle as twee vooraanstaande leiers van die Midianiete. In die vergelyking staan die hoë status van die leier voorop en Brown *et al.* (2000) meen ook dat die woord in albei hierdie psalms in die tweede semantiese veld tuishoort.

2.3.14.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Met hierdie woord word daar veral klem gelê op hoë of edel status van die leier.

2.3.15 נזיר

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord נזיר 16 keer in die Ou Testament voor.

2.3.15.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 12 keer met “Nazarite” en twee keer met elk van die woorde “undressed” en “separate”.

2.3.15.2 Die ontleding van die woord נזיר

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
נזיר	Gen. 49:26; Klaagl. 4:7 In hierdie geval word die woord as ’n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm gebruik.	Die twee semantiese velde wat Swanson (1997) voorstel is: 1. “**Prince**, **leader**” – “one who is considered special and so a ruler.” 2. “**Nazirite**” – “vow of separation and so special dedication to deity, with specific behaviors.”

2.3.15.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Genesis 49:26

McComiskey (1999) sê die volgende oor die woord:

> “In Genesis 49:26 and Deuteronomy 33:16 the concept ‘separate’ fits well with the experience of Joseph whose uniqueness was evidenced in his early relationship with his brothers and his ultimate promotion to the illustrious position he enjoyed in Egypt. The context then permits some measure of privilege in the word nāzîr. Thus the word may be similar to the English word ‘distinction’ which not only bears the connotation of ‘difference’ but also ‘eminence.’ This understanding of the word allows for the connotation ‘princes’ or ‘members of the privileged classes,’ as the context of Lamentations 4:7 seems to require.”

Die verklaring van נְזִיר kan in die eerste semantiese veld gesoek word aangesien die woord na Josef as ’n spesiale leier onder sy broers verwys. Die tweede semantiese veld kan ook in ’n mate van toepassing wees aangesien Josef hom aan God toegewy het.

(b) Klaagliedere 4:7

In Klaagliedere 4:7 wys hierdie woord op die leiers wat deel van die bevoorregte klas was. Hulle het ’n spesiale voorkoms gehad deurdat hulle “… meer glans gehad het as sneeu, hulle was witter as melk, blakend gesond van kleur, mooi van voorkoms.” Die konteks van die gedeelte suggereer dat hulle hierdie spesiale voorkoms gehad het terwyl hulle hul aan die Here

toegewy het, maar hul sonde het veroorsaak dat hulle voorkoms swarter as roet geword het (Klaagl. 4:8).

In al twee gevalle (Genesis en Klaagliedere) word die eerste semantiese veld gebruik in die vertaling van die woord, terwyl die tweede semantiese veld ook korreleer met die konteks van toewyding aan God.

2.3.15.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Hierdie woord verwys na 'n persoon wat om een of ander rede spesiaal geag word en daarom as 'n leier gesien word.
- Die tweede semantiese veld wys in watter opsig die persoon spesiaal is. Hy is spesiaal omdat hy hom aan die Here toewy.

2.3.16 נשׂיא

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord **נשׂיא** 132 keer in die Ou Testament voor.

2.3.16.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 97 keer met die woord "prince", 12 keer met "captain", 11 keer met "chief", ses keer met "ruler", drie keer met "vapours", een keer met elk van die woorde "governor", "clouds" en "part".

2.3.16.2 Die ontleding van die woord נשׂיא

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
נשׂיא	Gen. 25:16; Eks. 16:22; 22:28; Num. 1:16; 2:3, 5, 7, 10, 12, 14, 18, 20, 22, 25, 27, 29; 3:24, 30, 32, 35; 4:46; 7:2, 3, 10, 18, 24; 13:2; 16:2; 17:2, 6; 31:13; 34:18, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28; 36:1; Jos 9:15, 18, 21; 13:21; 17:4; 22:30; Eseg. 21:12; נשׂיא word in Gen. 25:16; Eks. 16:22; Num. 1:16; 4:46; 7:2, 3, 10; 16:2; 31:13; 36:1; Jos. 9:15, 18, 21; 13:21; 17:4; 22:30 as 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm gebruik. In al die ander	Swanson (1997) meen dat daar vier semantiese velde bestaan vir hierdie woord: 1. "**Leader**, **ruler**, **chief**, **prince**" – "one who governs or rules a group either selected by ability or blood relation." 2. נָשִׂיא as eenheid: "**Chairman**, **chief leader**, **leader of the leaders**" – "one in charge over other leaders." 3. "**Storm clouds**" – "clouds laden with moisture and ready to give rain." 4. "**Rising mist**, **damp fog**" – "a just-

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
	teksgedeeltes word dit as ’n selfstandige naamwoord in die enkelvoudsvorm gebruik.	forming cloud close to the earth that contains none or little moisture.”

2.3.16.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Genesis 25:16

Oor die twaalf leiers waarna daar in hierdie gedeelte verwys word, sê Radmacher *et al.* (1999) bloot dat die afstammelinge van Ismael hierdie twaalf leiers gehad het om hulle te regeer.

(b) Eksodus (Eks. 16:22; 22:28)

Pfeiffer (1962) meen in sy kommentaar oor die gebruik van die woord וְנָשִׂיא in Eksodus 22:28 dat dit verwys na leiers wat oor ander mense aangestel is om die wet van God toe te pas. Daardie leiers mag nie deur die volk vervloek word nie.

(c) Numeri (Num. 1:16; 2:3, 5, 7, 10, 12, 14, 18, 20, 22, 25, 27, 29; 3:24, 30, 32, 35; 4:46; 7:2, 3, 10, 18, 24; 13:2; 16:2; 17:2, 6; 31:13; 34:18, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28; 36:1)

Cole (2000) skryf in sy kommentaar oor Numeri 1:16 dat die leiers waarna נְשִׂיאֵי verwys, gefunksioneer het as verteenwoordigers van die verskillende stamme van die volk op die terrein van militêre diensplig, aanbidding en algemene administrasie.

(d) Josua (Jos 9:15, 18, 21; 13:21; 17:4; 22:30)

Keil en Delitzsch (1996) verwys na die leiers In Josua 17:4 as “the committee appointed for dividing the land”. Hier, soos ook elders in Josua, kan die vertaling van die woord in die eerste semantiese veld tuis.

> In al hierdie teksgedeeltes waarin die woord נשׂיא voorkom, verwys dit na iemand wat oor ’n groep mense aangestel is om oor hulle te regeer. Die vertaling en konteks van die woord sluit dus aan by die eerste semantiese veld van Swanson (1997).

2.3.16.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord verwys na ’n persoon wat aangestel is om ’n groep mense te bestuur of om oor hulle te regeer.

2.3.17 סרן

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord סרן 22 keer in die Ou Testament voor.

2.3.17.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 21 keer met die woord "lord" en een keer met "plate".

2.3.17.2 Die ontleding van die woord סרן

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
סרן	Rig. 3:3, 16:5, 8, 18, 27, 30 Hierdie woord word in al die bogenoemde gevalle as 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm gebruik.	"A Philistine loan word, סרן always appears in the plural and designates the five lords of the Philistine pentapolis (Ashdod, Ashkelon, Ekron, Gath, and Gaza, which together with the territories around them made up the Philistine amphictyony, Josh 13:3; Judg 3:3)" (Patterson, 1999a).

2.3.17.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Rigters (Rig. 3:3, 16:5, 8, 18, 27, 30)

Wanneer die woord סרן in hierdie teksgedeeltes in Rigters voorkom, word daar in die grondteks verwys na die סַרְנֵי פְּלִשְׁתִּים en word dit vertaal as "leiers van die Filistyne" (Bybel, 1983). Dit is slegs in Rigters 16:30 waar die grondteks verskil, maar die konteks van vers 30 toon baie duidelik dat die uitdrukking verwys na die "leiers van die Filistyne" en daarom het die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* dit ook so vertaal. Dit stem dus ooreen met Patterson (1999a) se verklaring van die woord. Block (1999) bevestig die verklaring wanneer hy in sy kommentaar op Rigters 16:5 sê: "So serious a menace is he that the governors of all the Pentapolitan cities, referred to by the non-Semitic term sĕrānîm, unite to conspire to capture him.' סרן verwys dus na die Filistynse vorste.

2.3.17.4 Voorlopige afleiding van betekenis

סרן word gebruik om te verwys na die vyf regeerders of leiers van die Filistyne.

2.3.18 פרע

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord פרע twee keer in die Ou Testament voor.

2.3.18.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word פרע soos volg vertaal: een keer met die woord "revenge" en een keer met "avenge".

2.3.18.2 Die ontleding van die woord פרע

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
פרע	Rig 5:2 In hierdie geval word die woord as 'n selfstandige naamwoord in die vroulike meervoudsvorm gebruik.	Volgens Swanson (1997) kan die woord פרע in die volgende twee semantiese velde geplaas word: 1. "**Leader**" –" one who is a ruler among people, implying authority." 2. "**Long hair**" –" a collection of hair follicles on the head of great length compared to the social norm for a particular group, with two possible associative meanings; 1. long hair as a sign of consecration, 2. long hair as a sign of wildness and violence."

2.3.18.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Rigters 5:2

Keil en Delitzsch (2002) gee die volgende verklaring vir hierdie vers in Rigters:

> "The meaning of פָּרַע and פְּרָעוֹת is a subject of dispute. According to the Septuagint rendering, and that of *Theodot.,* ἐ,eodoἄρξασθαι ἀρχηγοὺς ἐνΊσραήλ, many give it the meaning to begin or to lead, and endeavour to establish this meaning from an Arabic word signifying to find one's self at the head of an affair. But this meaning cannot be established in Hebrew. פָּרַע has no other meaning than to let loose from something, to let a person loose or free (see at Lev. 10:6); and in the only other passage where פְּרָעוֹת occurs (Deut. 32:42), it does not refer to a leader, but to the luxuriant growth of the hair

as the sign of great strength. Hence in this passage also פְּרָעוֹת literally means *comati*, the hairy ones, i.e., those who possessed strength; and פָּרַע, to manifest or put forth strength. The persons referred to are the champions in the fight, who went before the nation with strength and bravery. The preposition ב before פְּרֹעַ indicates the reason for praising God, or rather the object with which the praise of the Lord was connected. בִּפְרֹעַ וגו׳, literally 'in the showing themselves strong.' The meaning is, 'for the fact that the strong in Israel put forth strength.' הִתְנַדֵּב, to prove one's self willing, here to go into the battle of their own free will, without any outward and authoritative command. This introduction transports us in the most striking manner into the time of the judges, when Israel had no king who could summon the nation to war, but everything depended upon the voluntary rising of the strong and the will of the nation at large."

Met die woord פְּרָעוֹת word daar dus na 'n persoon verwys wat hom gewillig verklaar om die volk uit hul verdrukking te lei soos die Rigters menigmaal gedoen het.

2.3.18.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- In Rigters verwys hierdie woord na 'n persoon wat hom bereid verklaar om as leier op te tree en die volk te red.
- Hierdie persoon gaan met krag en onverskrokkenheid voor die volk uit. Die wildheid van die lang hare word ook met hierdie woord geïmpliseer.

2.3.19 קדקד

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord קדקד 11 keer in die Ou Testament voor.

2.3.19.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word קדקד soos volg vertaal: ses keer met die woorde "crown of the head", twee keer met "top of the head" en een keer met elk van die woorde "crown", "pate" en "scalp".

2.3.19.2 Die ontleding van die woord קדקד

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
קדקד	Gen. 49:26; Deut. 33:20 Hierdie woord word in albei gevalle as 'n selfstandige naamwoord in die manlike enkelvoudsvorm gebruik.	Swanson (1997) gee die volgende twee moontlike semantiese velde: 1. "**Crown of the head**" – "the top area of the human head, which includes the scalp, as the uppermost extremity of the standing human body." 2. "**Head**" – "the entire area of the head." Gesenius en Tregelles (2003) noem ook dat daar met hierdie woord spesifiek verwys word na die harige kroon van die kop. Die plek waar die hare verdeel en geskei word.

2.3.19.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Genesis 49:26

Pfeiffer (1962) verklaar die gebruik van hierdie woord in Genesis 49:26 deur te verduidelik dat Josef altyd van sy broers geskei sou wees soos die hare op die kroon van 'n mens se kop geskei is. Josef is geskei of afgesonder van sy broers deur die posisie wat hy beklee het. Hy was anders as hulle omdat hy vir hoë diens afgesonder is.

(b) Deuteronomium 33:20

Ten opsigte van die gebruik van die woord קָדְקֳדֹ in Deuteronomium 33:20 is dit duidelik dat dit in daardie konteks gaan oor die stam Gad wat vir hom die mooiste en grootste deel van die land Kanaän uitgekies het (Merrill, 1994).

2.3.19.4 Voorlopige afleiding van betekenis

In hierdie woord kom die afsondering van die leier sterk na vore. Soos die hare op 'n mens se kop van mekaar op die kroon geskei word, so word die leier ook deur sy posisie van die res geskei.

2.3.20 קצין

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord קצין 12 keer in die Ou Testament voor.

2.3.20.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: vier keer met elk van die woorde "ruler" en "prince", drie keer met "captain" en een keer met "guide".

2.3.20.2 Die ontleding van die woord קצין

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
קצין	Sp. 6:7; Jes. 3:6, 7; 22:3; Dan. 11:18 Afgesien van Jesaja 22:3 word hierdie woord in al die gevalle as 'n selfstandige naamwoord in die manlike enkelvoudsvorm gebruik. In Jesaja 22:3 kom dit in die meervoudsvorm voor.	Volgens Swanson (1997) kan die woord קצין in twee semantiese velde verdeel word: 1. "**Leader**, **rule**" – "one who rules or governs." 2. "**Commander**– a military officer over other soldiers"

2.3.20.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Spreuke 6:7

Spreuke 6:6-8 handel oor die mier wat vir die mens as 'n voorbeeld van 'n harde werker dien. In vers 7 sê die spreukedigter dat die mier nie 'n leier (קָצִין), 'n opsigter (שֹׁטֵר) of regeerder (מֹשֵׁל) nodig het om toe te sien dat hy sy werk doen nie. Omdat 'n leier in die vers saam met 'n opsigter en regeerder genoem word, kan hieruit afgelei word dat die woord קָצִין iemand aandui wat een van die drie topleiersposisies beklee het (Keil & Delitzsch, 1996).

(b) Jesaja (Jes. 3:6, 7; 22:3)

In Jesaja 3:6 en 7 word voorspel dat die volk in sy wanhopige situasie enigiemand sal aanstel om oor hulle te regeer (Martin, 1985a). Die woord קָצִין word gebruik om iemand wat regeer, aan te dui.

In Jesaja 22:3 word die woord קְצִינֶיהָ ook gebruik vir 'n regeerder op wie die volk hulle vertroue gestel het. Henry (1994) wys daarop dat God op die punt staan om die volk se vertroue op die leiers te vernietig sodat daar by hulle niks anders as teleurstelling in hierdie mense sal oorbly nie. Hierdie leiers mag dalk 'n hoë posisie beklee het, maar hulle was steeds net mense.

(c) Daniël 11:18

Miller (1994) en Helberg (1998) is daarmee eens dat die woord קָצִין in Daniël 11:18 verwys na die Romeinse generaal Skipio, wat vir Antiogus III in 190 v.C. by Magnesia finaal gestuit het. Onder die goeie leiding van Skipio het daar 'n einde gekom aan Antiogus se vermetele optrede.

> Al die teksgedeeltes sluit dus aan by die eerste semantiese veld, wat na 'n leier of die regeerder van 'n volk verwys.

2.3.20.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord verwys na iemand wat heers of regeer.

2.3.21 ראֹשׁ

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord **ראֹשׁ** 598 keer in die Ou Testament voor.

2.3.21.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word hierdie woord soos volg vertaal: 349 keer met "head", 91 keer met "chief", 73 keer met "top", 14 keer met "beginning", 12 keer met "company", 10 keer met "captain", nege keer met "sum", ses keer met "first", vyf keer met "principal", vier keer met "chapiters", twee keer met "rulers" en 23 keer met woorde wat uiteenlopende eienskappe het.

2.3.21.2 Die ontleding van die woord ראֹשׁ

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
ראֹשׁ	Eks. 6:13; Num. 13:3; 14:4 25:4; 32:28; Deut. 1:15; 5:23; 33:21; Jos. 11:10; Rig. 9:44; 2 Sam. 23:18; 1 Kron. 5:7; 8:28; 9:34; 11:6, 10, 20; 12:3, 18, 20; 16:5; 2 Kron. 13:12; Esra 5:10; 8:16, 17; Neh. 12:46; Job	Swanson (1997) gee die volgende semantiese velde: 1. "**Head** "– "the crucial part of the body containing the brain stem and other most crucial sensory input parts such as eyes, mouth, ears, etc." 2. "**Source**" – "the beginning point from which a spatial extension occurs." 3. "**Top**" – 'the uppermost height of an object." 4. "**Head**, **leader**, **chief**" – "a person or national entity who rules and governs as a figurative extension of the head as a crucial body part." 5. "**Front**" – "a spatial anterior position of an object or area, in

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
	29:25; Jer. 31:7; Hos. 1:11; Miga 3:1, 9, 11 In die volgende verse word רֹאשׁ as 'n selfstandige naamwoord in die manlike enkelvoudsvorm gebruik: Num. 14:4; Jos. 11:10; 2 Sam. 23:18; 1 Kron. 5:7; 11:6, 20; 12:3, 18; 16:5; 2 Kron. 13:12; Esra 8:17; Neh. 12:46; Job 29:25; Jer. 31:7; Hos. 1:11. In al die ander teksgedeeltes word רֹאשׁ ook as 'n selfstandige naamwoord gebruik, maar in die manlike meervoudsvorm.	contrast to a back or hind position." 6. "**The beginning**" – "a point of time at the very start of a duration." 7. "**The beginning**" – "to initiate a process of state." 8. "**Finest things**, **choice things**" – "things of good quality and value as a figurative extension of the head as a crucial part of the body." 9. "**Division**, **company**" – "a main subgroup of an army. 10. "**Sum**" – "a large amount of items or entities." 11. דַּלָּה רֹאשׁ as eenheid. "**Tossed and flowing hair**, hair hanging down." 12. גַּחַל חָתָה עַל־רֹאשׁ as eenheid. "Fo**rmally, heap coals on the head**" – "the sharp pain of contrition or possibly simply the overcoming of enmity." 13. חוּב אֶת רֹאשׁ as eenheid. "**Put to death, sentence my head**." 14. רֹאשׁ כֶּלֶב as eenheid. "**Puppet, a dog's head**" – "a person of low status in the pay of another as a traitor." 15. מָעוֹז רֹאשׁ as eenheid. "**Helmet, head of protection**" – "an armor piece to protect the head." 16. נָשָׂא אֶת רֹאשׁ as eenheid. "**Pardon, forgive, lift the head**" – "grant clemency for a wrong-doing or sin, as an extension of raising the head from a bowing motion to a level or upward look, implying restoration of a state." 17. נָשָׂא אֶת רֹאשׁ as eenheid. "**Take a census, lift up the head**" – "count a number of objects in an official capacity." 18. רֹאשׁ עַם as eenheid. "**Leader, head of the people**" – "one who is a prominent person to rule or govern." 19. רֹאשׁ וְ־ שַׂר as eenheid. "C**ommander-in-chief, head and chief**" – "the highest commander in a military."

2.3.21.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Numeri (Num. 13:3; 14:4 25:4; 32:28)

Oor die gebruik van "hoofde" in Numeri 13:3 maak Jamieson *et al.* (1997) en Keil en Delitzsch (1996) die opmerking dat die woord רָאשֵׁי na manne verwys wat hoofde was, maar dat hulle nie die hoogste rang beklee het nie. Hulle wys daarop dat hierdie leiers nie dieselfde stamhoofde is as die wat in Numeri 10:14-27 genoem word nie; dus het hierdie leiers die leiding net in 'n spesifieke situasie op 'n spesifieke tyd waargeneem. In Numeri 14:4 wil die volk Moses, wat deur God as hul eerste en hoogste leier aangestel is, verwerp (MacArthur, 1996) en 'n ander leier kies. Hulle soek 'n leier wat hulle na Egipte sal terugneem; dus verwys רֹאשׁ hier na 'n leier wat vir 'n spesifieke doel op 'n spesifieke tydstip aangewys word. Numeri 25:4 verwys na 'n aantal Israeliete wat die volk verlei het om die Moabitiese afgode te aanbid. Hierdie leiers, wat deur רָאשֵׁי aangedui word, het in die spesifieke situasie die leiding geneem (Elwell, 1995). Die leiers waarna רָאשֵׁי in Numeri 32:28 verwys, is die leiers (Num. 34:17) aan wie Moses die spesifieke verantwoordelikheid opgedra het om die land Kanaän te verdeel (Keil & Delitzsch, 1996).

(b) Deuteronomium (Deut. 1:15; 5:23; 33:21)

In Deuteronomium 1:15 word רָאשֵׁי gebruik as Moses verwys na die leiers wat hy oor die volk aangestel het. Dat hierdie leiers vir 'n spesifieke doel aangestel is, blyk uit Moses se verduideliking in verse 12-17. Hy kon nie meer alleen al die werk doen nie en daarom moes die volk uit elke stam manne van aansien, met wysheid en met insig identifiseer sodat Moses hulle as leiers oor die volk kon aanstel (Merrill, 1994). Die konteks van die ander twee teksgedeeltes uit Deuteronomium (5:23 & 33:21) veronderstel dat daar na hierdie leiers wat Moses oor die volk aangestel het, verwys word.

(c) Josua 11:10

Die woord רֹאשׁ staan in Josua 11:10 in die enkelvoud en verwys na die leierskap van Hasor. Volgens Howard (1998) is Hasor die stad wat die leiding geneem het onder die vyande van Israel. Dit was ook waarskynlik as gevolg van Hasor se leiersposisie onder die noordelike stede dat Josua die opdrag gegee het om 'n voorbeeld van hierdie stad te maak deur hom te

verbrand. Naas Hasor is Jerigo en Ai die enigste ander twee stede wat deur Israel verbrand is (Smith, 1995).

(d) Rigters 9:44

In Rigters 9 lees ons van Abimelek se strategie om sy leër in drie groepe te verdeel en een van daardie drie groepe word in Rigters 9:44 met die woord וְהָרָאשִׁים beskryf.

(e) 2 Samuel 23:18

Volgens Merril (1985) het Dawid se galery van helde uit 37 mans bestaan. Hierdie 37 man was die eksklusiewe troepe van Dawid en Abisai was hulle leier. Abisai was 'n leier van naam, want hy het op 'n keer drie honderd man met sy spies doodgemaak (2 Sam. 23:18). Die woord רֹאשׁ word hier vir die beroemde leier gebruik.

(f) Kronieke (1 Kron. 5:7; 8:28; 9:34; 11:6, 10, 20; 12:3, 18, 20; 16:5; 2 Kron. 13:12)

In 1 Kronieke 5:7, 8:28 en 9:34 word die woord ראשׁ elke keer gebruik om na 'n familiehoof te verwys. In al die ander teksgedeeltes in 1 en 2 Kronieke verwys ראשׁ na die hoof of leier van 'n militêre eenheid.

(g) Esra (Esra 5:10; 8:16, 17)

בְּרָאשֵׁיהֶם verwys in Esra 5:10 na die leiers wat die leiding in die herbou van die tempel geneem het. In Esra 8:16 is dit nie duidelik wat die aard van daardie leiers was waarna רָאשִׁים verwys nie. Breneman (1993) wys ook op die onsekerheid in sy kommentaar as hy sê dat die woord hier nie noodwendig na familiehoofde verwys nie. Vers 17 verwys weer na Iddo wat as leier beheer uit geoefen het in die stad Kasifja (Jamieson *et al*., 1997; Keil & Delitzsch, 1996). Iddo was dus 'n belangrike leiersfiguur in die stad en daarom werk Esra deur hom sodat daar 'n Leviet in die stad diens kan doen.

(h) Nehemia 12:46

In Nehemia 12:46 verwys die woord רָאשֵׁי na 'n persoon wat leiding onder die sangers neem. Die meeste kommentare meen dat hier verwys word na Asaf, wat in Dawid se tyd baie goeie werk gedoen het as hoof van die sangers (Van Zyl, 1993).

(i) Job 29:25

Alden (1993) wys in sy kommentaar daarop dat die woord רֹאשׁ, wat Job se posisie in Job 29:25 beskryf – en wat in die *Nuwe Vertaling* met "leier" en "koning" vertaal word – ooreenstem met wat oor Job getuig word in Job 1:3, naamlik dat hy die belangrikste man onder die mense in die ooste was.

(j) Jeremia 31:7

Huey (1993) merk op dat Israel glad nie 'n groot nasie in daardie tyd was in soverre dit rykdom of mag aangegaan het nie. God het hulle egter beloof dat Hy sy volk, wat vroeër verstoot is (Jer. 24:9; 29:18; 30:17), weer sou ophef soos 'n eersgebore seun (Jer. 31:9) om al die nasies te lei om die ware God te aanbid (Jes. 2:2). Hierdie leierskap hou 'n hoë roeping in.

(k) Hosea 1:11

Verskeie kommentare wys daarop dat die woord רֹאשׁ in hierdie vers heenwys na Christus wat die Hoof van sy kerk en van die verenigde koninkryk van Juda en Israel is (MacArthur, 1997; Jamieson *et al*., 1997).

(l) Miga (Miga 3:1, 9, 11)

In al drie die gevalle in Miga word daar na dieselfde leiers verwys. Barker (2001) toon aan dat die woord ראשׁ hier verwys na die leiers, regeerders én regters in die hof. Al die leiersposisies in Israel word dus deur hierdie woord gedek.

Samevattend kan gesê word dat die vertaling van ראשׁ in al die bogenoemde teksgedeeltes by die vierde semantiese veld van Swanson (1997) aansluit.

2.3.21.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die basiese betekenis van die woord רֹאשׁ "hoof" is. Die hoof is 'n belangrike liggaamsdeel wat beheer uitoefen oor al die ander liggaamsdele; daarom verwys רֹאשׁ ook na 'n belangrike persoon wat as die hoof of leier beheer moet uitoefen.

2.3.22 רזן

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord רזן ses keer in die Ou Testament voor.

2.3.22.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: vyf keer vertaal met "prince" en een keer met "ruler".

2.3.22.2 Die ontleding van die woord רזן

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
רזן	Ps. 2:2 Hierdie woord is 'n werkwoord wat as 'n qal aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm gebruik word.	Swanson (1997) meen dat daar net een semantiese veld vir hierdie woord is, naamlik: "**Ruler**, **prince**" – "one who governs". Volgens Thomas (1998) beteken die primêre wortel van hierdie woord om gewigtig, oordeelkundig of 'n bevelvoerder te wees. Brown *et al.* (2000) voeg ook die volgende definisie by: "be weighty, grave, firm of judgment".

2.3.22.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Psalm 2:2

Die woord רזן word net in Psalm 2:2 en in Spreuke 8:15 in hierdie spesifieke vorm (וְרוֹזְנֵים) gebruik. In Spreuke 8:15 word וְרוֹזְנִים vertaal met "maghebber": "Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied." Keil en Delitzsch (1996) wys daarop dat die woord

אֲרוֹזְנַיִם hier verwys na iemand wat hom nie sal laat beweeg om iets te doen nie. Omkoopgeld sal hom nie van plan laat verander nie. Hy sal altyd reg en geregtigheid laat geskied.

In Psalm 2:2 wys die woord וְרוֹזְנִים volgens Keil en Delitzsch (1996) ook na 'n persoon wat hom nie sal laat beweeg nie, maar in die konteks van Psalm 2 is die persoon vol ongeregtigheid. Niks kan hom dus van sy ongeregtigheid laat afsien nie.

2.3.22.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Die woord רזן verwys dus na 'n persoon wat "gewigtig" (letterlike vertaling) is en daarom nie maklik "beweeg" kan word om sy standpunt te verander nie. Die goeie leier is regverdig.

2.3.23 רעה

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord רעה 173 keer in die Ou Testament voor.

2.3.23.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 75 keer met "feed", 63 keer met "shepherd", agt keer met "pastor", sewe keer met "herdmen", drie keer met "keep", twee keer met "companion" en een keer met elk van die woorde "broken", "company", "devour", "eat", "entreateth", en 10 keer met woorde wat uiteenlopende eienskappe het.

2.3.23.2 Die ontleding van die woord רעה

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
רעה	Miga 5:3 & 4 Hierdie woord is 'n werkwoord en word in vers 3 as 'n qal perfektum in die manlike enkelvoudsvorm gebruik; in vers 4 is dit 'n qal aktiewe	Swanson (1997) stel die volgende semantiese velde voor: 1. "**Be a shepherd**" – "care for any needs that flocks of small mammals have, and so act as a herdsman." 2. "**Graze, feed, pasture**" – 'the act of small mammals eating plant materials from pastures." 3. "**Rule**" – "have authority over people and so govern usually with a focus of care and concern, as a figurative extension of being a shepherd over sheep." 4. "**Destroy, graze**" – "consume and devour an object, as a figurative extension of eating grass and so consuming a pasture."

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
	partisipium wat in die manlike meervoudsvorm gebruik word.	5. "**Enable, nourish**" – "speak words which strengthen and edify another so they become more capable, as a figurative extension of providing pasture for an animal to feed on." 6. "**Shave, graze**" – "remove hair off the skin with a sharp cutting instrument, as a figurative extension of an animal grazing in a pasture and so taking the plant stem right to the ground. This is likely a reference to some kind of destruction."

2.3.23.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Miga 5:3-4

Pfeiffer (1962) skryf in sy verklaring van hierdie gedeelte in Miga dat dit vooruit wys na die Messias wat die Herder sal word en deur die krag van God sal werk. Hy sal sy volk versorg deur die vyand te vernietig. Sodoende sal die vyand nie meer in staat wees om die volk te teister nie. Hiermee word daar dus aangesluit by die derde en vyfde semantiese veld van Swanson (1997).

2.3.23.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- רעה beskryf 'n leier wat die belange van sy volgelinge op die hart dra en hulle versorg net soos wat 'n herder vir sy skape omgee en hulle versorg.
- Hier is woorde soos "versterking", "voorsiening" en 'versorging" kernbegrippe.

2.3.24 שׂב

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord שׂב vyf keer in die Ou Testament voor.

2.3.24.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: al vyf keer met "elder".

2.3.24.2 Die ontleding van die woord שָׂב

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
שָׂב	Esra 5:5; 6:7, 8, 14 In al drie bogenoemde gevalle kom die woord as 'n selfstandige naamwoord wat in die manlike meervoudsvorm gebruik word.	Swanson (1997) verklaar שָׂב soos volg: "**Jewish** **community leader**, elder; a man wise and active in socio-religious concerns of that community… note: the person was assumed to be truly grown-up and mature, capable of growing a beard."

2.3.24.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Esra (Esra 5:5; 6:7, 8, 14)

In al die gevalle in Esra waar die woord שָׂב gebruik word, kan uit die konteks afgelei word dat dit na mense wys wat, soos Swanson hierbo beskryf, wysheid gehad het en aktief in die sosio-godsdienstige belange van die gemeenskap betrokke was.

2.3.24.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Daar word met hierdie woord verwys na iemand wat volwasse is en met wysheid leiding gee.

2.3.25 שׂכל

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord שׂכל 63 keer in die Ou Testament voor.

2.3.25.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 12 keer telkens met elk van die woorde "understand" en "wise", agt keer met "prosper", ses keer met "wisely", vyf keer met "understanding", vier keer met "consider", drie keer met "instruct", twee keer telkens met elk van die woorde "prudent", "skill" en "teach", en sewe keer met woorde wat uiteenlopende eienskappe het.

2.3.25.2 Die ontleding van die woord שׂכל

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
שׂכל	Dan. 11:33, 35; 12:3, 10 In al die bogenoemde gevalle is die woord 'n werkwoord wat as die hifil aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm gebruik word.	Die volgende semantiese velde word deur Swanson (1997) vir hierdie woord voorgestel: 1. "**Have insight, get wisdom, gain understanding**" – "have a capacity for understanding, implying this state is a result of proper teaching." 2. "**Succeed, prosper**" – "accomplish an activity thoroughly and with success." 3. "**Give attention, have regard**" – "give thought for a person or situation, implying a proper response." 4. "**Instruct, teach**" – "provide information and relate experiences to a student, for the purpose of gaining understanding and wisdom." 5. "**Cross over**" – "make a motion of the hands and arms in an extended motion, left hand to the right side and vice versa." Harris (1999) sê: "There is the process of thinking through a complex arrangement of thoughts resulting in a wise dealing and use of good practical common sense."

2.3.25.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Daniël (Dan. 11:33, 35; 12:3, 10)

Miller (1994) se verklaring van die gebruik van שׂכל in die konteks van Daniël is die volgende:

> "'Those who are wise' also may be rendered 'those who cause to be wise,' that is, 'teachers.' Either interpretation is possible, and there is support for the latter view in the words 'will instruct many.' But some of these persons are martyred according to the latter part of the verse, and it was not only the teachers who suffered this fate but many of the faithful. Moreover, the same expression is employed in 12:3, where it seems to describe believers generally, and the purification of the 'wise' described later in this verse is applied to all the faithful ('many') in 12:10. Therefore these 'wise' persons are Israelites who have spiritual discernment, that is, true believers."
>
> "These saints would remain true to Yahweh during Antiochus's persecution and would 'instruct' (lit., 'give understanding to') others in Israel ('many,' lit., 'the many') concerning the truth and the correct course of action…"

Die konteks van hierdie woord in die verskillende teksgedeeltes sluit aan by die eerste semantiese veld van Swanson (1997). Hierdie persoon gee leiding aan die menigtes van Israel op grond daarvan dat hy die wysheid het om die situasie in sy verband te sien. Daarom kan hy die ander leer.

2.3.25.4 Voorlopige afleiding van betekenis

In hierdie woord gaan dit oor die vermoë om te verstaan en met wysheid te reageer. Met hierdie woord word dus na gelowiges verwys wat geestelike onderskeidingsvermoë het.

2.3.26 שׂר

Volgens Strong's Lexicon (2001) kom die woord שׂר 421 keer in die Ou Testament voor.

2.3.26.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord שׂר soos volg vertaal: 208 keer met "prince", 130 keer met "captain", 33 keer met elk van die woorde "chief" en "ruler", ses keer met "governor", drie keer met "keeper", twee keer met "principal", een keer met elk van die woorde "general" en "lords", en vier keer met woorde wat uiteenlopende eienskappe het.

2.3.26.1 Die ontleding van die woord שׂר

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
שׂר	Eks 18:21, 25; Num. 21:18; Rig 5:15; 7:25; 8:3; 10:18; 1 Sam. 22:2, 7; 29:3, 4, 9; 2 Sam. 3:38; 10:3; 1 Kon. 11:24; 1 Kron. 15:5, 6, 7, 8 , 9, 10, 22, 25; 2 Kron. 12:5; 24:10, 17; 28:14; 36:14; Esra 8:24; 9:1, 2; 10:5, Neh. 9:38; 11:1; 12:31; Ester 8:9; 9:3; Job 34:19; Sp. 8:16; Jes. 19:11; 30:4; 31:9; 34:12; Klaagl. 2:2, 9; Eseg. 11:1; Dan. 9:6; Hos. 7:16;	Swanson (1997) stel die volgende semantiese velde vir hierdie woord voor: 1. "**Commander, captain, ruler**" – "a military officer over soldiers." 2. "**Prince, noble**" – "a leader of government and society, with a focus on their family and clan relationships." 3. "**Official, leader, chief**" – "one who is a leader in any of various capacities." 4. "**High ranking angel**. Also a part of a compound name, Nebo-Sarsekim." 5. "**Warden**" – "an official overseeing prisoners and their facilities."

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
	Hierdie woord word in die meeste gevalle hierbo as 'n selfstandige naamwoord in die manlike meervoudsvorm gebruik. Slegs in 1 Sam. 22:2; 2 Sam. 3:38; 1 Kon. 11:24; 1 Kron. 15:5, 6, 7, 8, 9, 10, 22 is die selfstandige naamwoord in die enkelvoudsvorm.	6. Eenheid met שַׂר צָבָא: "**Chief of the army**" – "a military leader over soldiers." 7. Eenheid met שַׂר חֲמִשִּׁים: "**Chief of fifty**." 8. Eenheid met רֹאשׁ וְ־ שַׂר: "**Commander-in-chief**" – "the highest commander in a military." 9. Eenheid met שַׂר שָׂרִים: "**Highest prince, prince of princes**" – "a supreme leader." 10. Eenheid met שַׂר שָׁלוֹם: "**Prince of Peace**" – 'a title of messiah, with a focus on the reign of peace he will have."

2.3.26.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Eksodus (Eks 18:21, 25)

Hannah (1985) meen dat die leiers waarna die woord שָׂרֵי in Eksodus 18:21 en 25 verwys, die mense was wat meesal die regsake onder die volk hanteer het. Hulle was die leiers oor tien, vyftig, honderd en duisend wat aangestel is om die werkslas vir Moses ligter te maak. Hulle het dus hofsake op verskeie vlakke van belangrikheid hanteer.

(b) Numeri 21:18

Die leiers wat in Numeri 21:18 genoem word, is moontlik dieselfde leiers as in Eksodus 18.

(c) Rigters (Rig 5:15; 7:25; 8:3; 10:18)

In Rigters word daar na verskeie leiers verwys: die leiers van Issaskar (Rig. 5:15), wat dui op die hoofde van die stam Issaskar; die twee leiers van die Midianiete, Oreb en Seëb (Rig. 7:25), wat vooraanstaande leiers in Midian was (Elwell & Comfort, 2001b); en die leiers van Gilead, wat volgens Keil en Delitzsch (1996) die hoofde van die stamme en families van die Israeliete aan die Oostekant van die Jordaan was.

Al hierdie teksgedeeltes in Eksodus, Numeri en Rigters sluit aan by die tweede semantiese veld, aangesien daar verwys word na leiers in gemeenskappe wat deur familie- en stam verhoudings bepaal is.

(d) Samuel (1 Sam. 22:2, 7; 29:3, 4, 9; 2 Sam. 3:38; 10:3)

Die eerste leier waarna לְשֹׂר in 1 Samuel 22:2 verwys, is Dawid. Hier word vertel dat al die mense in Israel wie se lewens om verskillende redes bedreig is, na Dawid toe gevlug het en dat hy hulle leier geword het. Later het daar tot seshonderd man onder Dawid se leiding gestaan (vgl. 1 Sam. 27:2).

In Hoofstuk 29:3 verwys שָׂרֵי na die leiers van die Filistyne. Keil en Delitzsch (1996) meen dat die skrywer hier verwys na die vyf regeerders van die Filistyne soos hulle in Josua 13:3 beskryf word.

In albei bogenoemde gevalle tree die leiers in 'n militêre hoedanigheid op en daarom vind die verklaring van hierdie woord aansluiting by die eerste semantiese veld.

In 2 Samuel 3 word daar na Abner as leier verwys. Hierdie Abner was Saul se neef en Saul het hom as bevelvoerder van sy weermag aangestel. Hy was 'n man vir wie Saul 'n hoë agting gehad het, in so 'n mate dat hy saam met die koning aan tafel geëet het (vgl. 1 Sam. 20:25) (Elwell & Comfort, 2001c).

In Hoofstuk 10 word daar na die leiers van die Ammoniete verwys. Bergen (1996) beskryf hulle baie mooi as manne wat soveel invloed gehad het dat hulle die nuwe Ammonitiese koning oortuig het dat Dawid besig is om spioene te stuur om hulle stad te verken.

In hierdie twee gevalle vind die verklaring van die woord aansluiting by die tweede semantiese veld (Swanson, 1997).

(e) 1 Konings 11:24

In Konings word vertel van Reson, wat die leier van 'n bende was. Die Arameërs wat na Damaskus toe gevlug het, het hom as koning oor hulle uitgeroep (1 Kon. 11:24). Hier is 'n leier wat deur God aangestel is (1 Kon. 11:23) om 'n teenstander vir Israel te wees, soos daaruit blyk dat hy 'n konstante probleem tydens die regering van Salomo was (Elwel & Comfort, 2001)

(f) Kronieke (1 Kron. 15:5, 6, 7, 8, 9, 10, 22, 25; 2 Kron. 12:5; 24:10, 17; 28:14; 36:14)

In 1 Kronieke word al die leiers onder die Leviete genoem. Hulle was die hoofde van die verskillende families onder die Leviete (Thompson, 1994). In 2 Kronieke word daar telkens verwys na die leiers van Israel of van die volk of van Juda of van die priesters. Hierdie leiers was moontlik mense wat 'n groot invloed onder die volk en selfs by die koning gehad het (2 Kron. 24:10, 17).

Die leiers waarna daar in Konings en Kronieke verwys word, is manne wat verskeie posisies beklee het as gevolg van die vertroulikheid wat hulle by mense ingeboesem het, maar ook omdat hulle invloedryk was soos in die geval van Reson. Daarom sluit hierdie woorde aan by die derde semantiese veld wat Swanson (1997) beskryf.

(g) Esra en Nehemia (Esra 8:24; 9:1, 2; 10:5, Neh. 9:38; 11:1; 12:31)

Al die teksgedeeltes in Esra en Nehemia verwys na vooraanstaande figure onder die volk wat 'n groot invloed uitgeoefen het in die drie kategorieë onder die volk Israel, naamlik die priesters, die Leviete en die volk Israel (Keil & Delitzsch, 1996).

(h) Ester (Ester 8:9; 9:3)

Die woord שׂר dui in albei die gevalle in Ester op die leiers wat in die 128 provinsies leiding geneem het en in die tyd wat Koning Ahasveros regeer het.

In Esra, Nehemia en Ester vind die verklaring van die woord שׂר aansluiting by die tweede semantiese veld aangesien daar na leiers verwys word wat as regeerders van 'n gemeenskap opgetree het. Hierdie leiers was vooraanstaande figure onder die volk wat op verskillende vlakke leiding geneem het.

(i) Job 34:19

Volgens Alden (1993) is die woorde, "lift the face of princes," 'n baie bekende Hebreeuse idioom wat dui op iemand wat respek toon of onpartydig is. Die rykes/leiers het baie keer gunste verwag van die mense vir wie hulle gehelp het om outoritêre posisies te bekom. In die konteks van hierdie sin verwys die woord שָׂרִים na leiers as mense wat hoë aansien gehad het en heel moontlik ryk was.

(j) Spreuke 8:16

MacArthur (2006) meen dat die koninklike hof in hierdie vers met die woorde "Kings… rulers… princes… nobles…" beskryf word. Almal wat hulle werk in die koninklike hof met die wysheid van God doen, is leiers.

In Job én Spreuke verwys die leier na iemand in 'n verskeidenheid hoedanighede. Dit kan enige leier wees van iemand wat bloot hoë aansien het in mense se oë tot die koning van 'n volk. Hierdie verklaring vind daarom aansluiting by die derde semantiese veld.

(k) Jesaja (Jes. 19:11; 30:4; 31:9; 34:12)

Hoofstuk 19 verwys na die leiers van Soan. Volgens Keil en Delitzsch (1996) is hier sprake van die leiers van die hoofstede van Egipte, moontlik die priesters, aangesien die wysheid van die Egiptiese priesters wêreldwyd bekend was. Hoofstuk 30 praat weer van "die leiers van Juda".

In albei hierdie twee gevalle vind die verklaring van die woord aansluiting by die tweede semantiese veld. Albei verwys na leiers wat as regeerders van 'n gemeenskap optree en in Hoofstuk 30 gaan dit oor die leierskap van 'n spesifieke stam.

Teen die agtergrond van die hele Hoofstuk 31 verwys vers 9 moontlik na militêre leiers wie se werk dit was om die troepe te motiveer en om voor te gaan in die oorlog (Calvyn, 1998).

Die klem op die militêre leiers plaas die verklaring van hierdie woord in die eerste semantiese veld.

Oor Jesaja 34 sê Calvyn (1998) dat die woord שָׂרֶיהָ in vers 12 in hierdie geval die leiers van die regering aandui omdat die grootse vloek van God die mens sal tref wanneer hy geen regeerders meer het nie en grootskaalse verwarring as gevolg daarvan sal ontstaan.

Omdat hierdie gedeelte oor die regeringsleiers handel, val die verklaring van hierdie woord in die tweede semantiese veld.

(l) Klaagliedere 2:2 & 9

Huey (1993) wys daarop dat die skrywer van Klaagliedere 2:2 en 9 die vernietiging van Juda in baie beskrywende taal met 'n vegter vergelyk deur woorde te gebruik soos "vernietig," "in die stof verneder" en "geen genade betoon nie". Hierdie leiers wat eens op 'n tyd sterk en trots was, is deur God verneder en oorgegee aan hulle vyand.

In hierdie geval val die verklaring van die woord שׂר in die eerste semantiese veld op grond van die militêre terminologie.

(m) Esegiël 11:1

Die twee leiers waarvan Esegiël praat, was leiers in Jerusalem. Dit beteken dat hulle staatsamptenare was wat verantwoordelik was vir een of ander bestuursfaset van die bevolking (Cooper, 1994).

Die verklaring van שָׂרֵי in hierdie konteks val weer eens in die tweede semantiese veld omdat dit hier oor die bestuur van die volk gaan.

(n) Daniël 9:6

Die volgorde waarin die woorde in hierdie vers gebruik word, wys waar die "leiers" in die samelewing inpas: "Ons konings, ons leiers, ons familiehoofde en die hele bevolking" (Bybel, 1998). Wat Daniël hier skryf, geld vir die hele bevolking, van die koning tot die gewone Israeliet (Helberg, 1998). Leiers is hier dus almal wat minder gesag as die koning het, maar groter gesag as die familiehoofde.

(o) Hosea 7:16

Soos in Daniël verwys leierskap hier ook na die hele godsdienstige en politieke leierskap van Israel (Garrett, 1997).

> In Daniël en Hosea word die leier in 'n verskeidenheid hoedanighede beskryf. Dit is nie bloot net politieke leiers nie, maar ook godsdienstige leiers waarna hierdie woord verwys. Daarom val die verklaring in die derde semantiese veld.

2.3.26.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Die woord שׂר word gebruik om hoë amptenare in verskeie hoedanighede (van 'n militêre hoedanigheid tot die leier van 'n stam) aan te dui.
- Met hierdie woord word die groot verantwoordelikheid van die leier om te sorg dat die familie- en stamverhoudings in stand gehou word (tweede semantiese veld) aangedui. In Eksodus en Numeri verwys die woord telkens na die manne wat Moses uitgekies het om hom te help om sy werkslas ligter te maak. Hulle moes in familieverband na die behoeftes van elke stam omsien. In Samuel is Dawid 'n voorbeeld van 'n leier wat die verantwoordelikheid neem vir al die mense wie se lewens om een of ander rede bedreig is.

2.3.27 שׂרר

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord שׂרר drie keer in die Ou Testament voor.

2.3.27.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: een keer met "reign", een keer met "have power" en een keer met "made prince".

2.3.27.2 Die ontleding van die woord שׂרר

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
שׂרר	Hos. 8:4 שׂרר is hier 'n werkwoord in die hifil aktiewe perfektum, derdepersoonsmeervoud.	Swanson (1997) gee die volgende twee semantiese velde: 1. "**Rule, govern**" – "as a ruler." 2. "**Make another a ruler**" – "set one up to be a ruler."

2.3.27.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Hosea 8:4

Die leier waarna שׂרר hier verwys, is Jerobeam I, wat teen Salomo in opstand gekom het toe hy hoor dat hy – Jerobeam – koning oor tien van die stamme van Israel gaan word (Keil & Delitzsch, 1996). Dit het tot gevolg gehad dat die volk hom voortydig hulle koning wou maak sonder om op die Here te wag (Van Zyl, 1993).

Die verklaring van hierdie woord kan hoofsaaklik in die eerste semantiese veld gevind word, maar sluit ook aan by die tweede semantiese veld aangesien Jerobeam I homself voortydig as koning wou aanstel.

2.3.27.4 Voorlopige afleiding van betekenis

In hierdie woord gaan dit daaroor om iemand as 'n regeerder aan te stel en in die konteks van Hosea 8:4 gaan dit oor die oorname van gesag.

2.3.28 שׂטר

Volgens *Strong's Lexicon* (2001) kom die woord שׂטר 25 keer in die Ou Testament voor.

2.3.28.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 23 keer met "officers" en een keer met elk van die woorde "ruler" en "overseer".

2.3.28.2 Die ontleding van die woord שׁטר

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
שׁטר	Deut. 20:5, 8, 9 Hierdie woord word hier as 'n werkwoord gebruik, en is die qal aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm.	Swanson (1997) stel die volgende semantiese velde vir die woord שׁטר voor: 1. "**Work foreman, overseer**" – "a person who manages workers on site." 2. "**Official, officer**" – "a person of authority who assists in civic or military leadership." 3. "**Recorder, scribe, ruling clerk**" – "an officer in charge of writing and records."

2.3.28.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Deuteronomium (Deut. 20:5, 8, 9)

Patterson (1999) verduidelik die gebruik van hierdie woord deur daarop te wys dat שׁטר in die jare van rondswerf in die woestyn (Numeri 11 en Deuteronomium 1) verwys het na die sewentig sub-amptenare wat die Here aan Moses gegee het om die verantwoordelikheid van die administrasie van Israel te dra. Gedurende die vroeë dae van Israel word die woord weer nou verbind met die oudstes of leiers van Israel. Soms het dit betrekking op militêre sake (Deut. 20:5; Jos. 1:10, 3:2) en ander kere weer op burgerlike administrasie (Deut. 31:28).

Keil & Delitzsch, (1996) meen dat dit die plig van die שׁטר was om die geslagsregisters by te werk. Hierdie amp het die leiers in staat gestel om vas te stel watter manne bevoeg was om te dien en wie eerder vrygestel moes word as gevolg van huishoudelike verpligtings. Daarby sê Jamieson *et al.* (1997) dat dit die שׁטר se plig was om die bevel van die generaals aan te kondig.

Die verklaring van hierdie woord oorvleuel dus met die tweede en derde semantiese veld.

2.3.28.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Die persoon waarna die woord שׁטר verwys, was iemand aan wie die gesag gegee is om met militêre en siviele leierskap te help.

- Die bywerk van rekords of registers kan ook nou met hierdie persoon verbind word.
- Hierdie leier moes sy onderdane ken om te weet wie vir diens opgeroep kon word en wie eerder vrygestel moes word.

2.3.29 שׁפט

Volgens Strong's Lexicon (2001) kom die woord שׁפט 203 keer in die Ou Testament voor.

2.3.29.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Authorized Version* word die woord soos volg vertaal: 119 keer met "judge" (as 'n werkwoord), 60 keer met "judge" (as 'n selfstandige naamwoord), elf keer met "plead", twee keer telkens met elk van die woorde "avenged", "condemn", "execute" en "judgement", een keer met elk van die woorde "defend" en "deliver" en drie keer met woorde wat uiteenlopende eienskappe het.

2.3.29.2 Die ontleding van die woord שׁפט

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
שׁפט	Rig. 2:16, 17, 18, 19; 4:4; 10:2, 3; 12:7, 8, 9, 11, 13, 14; 15:20; 16:31; 1 Sam. 4:18; 7:15; 8:1, 2; 2 Kon. 23:22; 1 Kron. 17:6; Ps. 141:6; Jes. 1:26; 3:2 Hierdie woord is in alle gevalle 'n werkwoord, meesal die qal aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm. In Rigters 2:19; Jes. 3:2 is die werkwoord in die enkelvoudsvorm. In Rigters 4:4 is die werkwoord in die vroulike enkelvoudsvorm omdat dit na Debora verwys. In Rigters 10:2, 3; 12:7, 8, 9, 11, 13, 14; 15:20; 1 Sam. 7:15 is dit die qal aktiewe imperfektum in die manlike enkelvoudsvorm. In Rigters 16:31; 1 Sam. 4:18 is dit die qal	Swanson (1997) stel die volgende semantiese velde vir die woord שׁפט voor: 1. "**Judge, decide**" – "adjudicate a matter between two parties in a court or a less formal setting, implying both the authority to punish and finality of the decision." 2. "**Lead, govern, judge**" – "as a leader or ruler over a people with a special focus on the authority to punish and fairness of the leader, as an extension of being a courtroom judge." 3. "**Give legal aid, defend a cause**" – "give legal arguments on behalf of the accused." 4. "**Execute justice**" – "obtain justice and rightness to one who has been wronged." 5. "**A judge**" – "pertaining to one you plead before, who makes decisions, and

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
	aktiewe perfektum wat in die enkelvoudsvorm gebruik word.	executes judgement."

2.3.29.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Rigters (Rig. 2:16, 17, 18, 19; 4:4; 10:2, 3; 12:7, 8, 9, 11, 13, 14; 15:20; 16:31)

Die leiers of rigters, aangedui deur שׁפט in die boek Rigters, was mense wat geestelike reformasie onder die volk bewerk het deur hulle na God terug te lei (Rig. 2:16-19) (Keil & Delitzsch, 1996). Geestelike reformasie en verlossing van onderdrukking deur ander volke was die hoofredes waarom die Here hierdie leiers gestuur het.

(b) Samuel (1 Sam. 4:18; 7:15; 8:1, 2)

In Samuel word die woord שׁפט gebruik om Eli, Samuel en Samuel se seuns as leiers van die volk te beskryf. Hulle was almal manne wat vóór die koningstyd die hele volk gelei het (Keil & Delitzsch, 1996).

(c) Konings en Kronieke (2 Kon. 23:22; 1 Kron. 17:6)

In 2 Konings 23:22 staan die volgende: "n Paasfees soos hierdie is nie gevier van die tyd van die leiers af wat oor Israel geregeer het nie" (Bybel, 1998). In 2 Kronieke 35:18 word dit bevestig: "Van die tyd van die profeet Samuel af is daar nie so 'n groot Paasfees in Israel gevier nie" (Bybel, 1998). Hierdie tydperk van leiers waarvan daar in 2 Konings gepraat word, is volgens 2 Kronieke 35 afgesluit met Samuel, aangesien Samuel ook die laaste profeet is na wie daar met die woord שׁפט verwys word. Dit stem ooreen met 2 Kronieke 35:18. Keil en Delitzsch (1996) wys in hulle kommentaar daarop dat dit algemeen bekend is dat die rigterstyd met Samuel afgesluit is.

In 1 Kronieke 17:6 verwys שֹׁפְטֵי eweneens na die rigterstyd. Die rigters in die boek Rigters was die tradisionele rigters wat leiers was en sommige van hulle was ook goeie herders van die volk van God, aldus Thompson (1994).

(d) Psalms 141:6

In Psalm 141:6 gebruik Dawid die woord שֹׁפְטֵיהֶם om na die leiers van die goddeloses te verwys. Hy blameer hierdie leiers vir die lyding wat hy in sy lewe ervaar (Calvyn, 1998c).

(e) Jesaja (Jes. 1:26; 3:2)

In Jesaja 3:2 noem Calvyn (1998) dat die woord שׁוֹפֵט vir enige tipe goewerneur gebruik word.

In al die bogenoemde gevalle vind die verklaring van die woord שפט aansluiting by die tweede semantiese veld van Swanson (1997), aangesien dit telkens verwys na mense wat as leiers opgetree het en met die uitsondering van Psalm 141:6 is hulle optrede gekenmerk deur regverdigheid.

2.3.29.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- Met hierdie woord val die klem in die meeste gevalle op die regverdigheid van die leiers.
- In die konteks van die boek Rigters bestaan die regverdigheid daaruit dat die rigters die volk weer na God of na die waarheid teruglei, maar ook uit verdrukking uitlei.

2.4 Die begrip "leier" in die Nuwe Testament

In hierdie afdeling word Griekse woorde wat die begrip "leier" of "leiers" aandui, ondersoek.

2.4.1 ἄρχων

Volgens Els (2001) kom die woord ἄρχων 37 keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.1.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord soos volg vertaal: "aanvoerder", "leier" en "raad" vier keer elk; "heersers", "leiers", "owerste", "raadslede" en "raadslid" drie keer elk; "aansien", "heerser", "hof", "lede", "lid", "owerhede", "owerheid", "regeerders", "vooraanstaande" en "vors" elkeen een keer.

2.4.1.2 Die ontleding van die woord ἄρχων

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
ἄρχων	Hand. 7:27, 35; 13:27; 14:5; 23:5 ἄρχων word in al die gevalle as 'n selfstandige naamwoord gebruik. In Handelinge 7:35 en 23:5 is dit die akkusatief in die manlike enkelvoudsvorm. In Handelinge 13:27 is dit die nominatief in die manlike meervoudsvorm en in Handelinge 14:5 die datief in die manlike meervoudsvorm.	Die woord ἄρχων is volgens Friberg *et al.* (2000) afgelei uit die werkwoord ἄρχω, wat beteken "om eerste te wees". Die twee basiese semantiese velde wat deur die meeste woordeboeke vir hierdie woord voorgestel word, is "regeerder" en "regter". Louw en Nida (1996) gee die volgende definisies van hierdie woorde. "**Ruler**" –" one who rules or governs." "**Judge**" – "minor government official, serving as a judge."

2.4.1.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Handelinge 7:27 & 35

In vers 27 word daar met die woord ἄρχων verwys na Moses wat by twee geleenthede as regter opgetree het. Die eerste keer het hy 'n Egiptenaar doodgeslaan wat een van die Israeliete mishandel het en in hierdie geval in vers 27 het hy twee Israeliete aangespreek omdat hulle met mekaar rusie gemaak het. Hierdie Israeliete beskuldig hom dan en vra wie Hom as regeerder en regter oor hulle aangestel het.

(b) Handelinge 13:27 & 14:5

Volgens MacArthur (2006) verwys die woord ἄρχων in Handelinge 13:27 na al die sogenaamde geleerdes van die Ou Testament wat Fariseërs, Skrifgeleerdes, Sadduseërs en priesters ingesluit het. Die konteks van Handelinge 14 suggereer dieselfde leiers in vers 5. Hierdie leiers was ook dikwels by regsake betrokke. Die kruisgebeure is in hierdie verband 'n goeie voorbeeld (vgl. 13:27).

(c) Handelinge 23:5

In hierdie hoofstuk wys die woord ἄρχων in vers 5 na die hoëpriester. Daar is algemeen aanvaar dat die hoëpriester deur God geroep en aangestel is; daarom het hy kragtens sy amp 'n besondere agting onder die volk geniet (De Villiers, 1983). Uit die konteks is dit duidelik dat hierdie hoëpriester die regter was in Paulus se saak.

2.4.1.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat die woord ἄρχων na iemand verwys wat as leier regeer en soms ook uitsprake as regter lewer.

2.4.2 γερουσία

Volgens Els (2001) kom die woord γερουσία net in een keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.2.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord met die woord "leiers" vertaal.

2.4.2.2 Die ontleding van die woord γερουσία

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
γερουσία	Hand. 5:21 Hierdie woord, wat 'n selfstandige naamwoord is, is die akkusatief in die vroulike enkelvoudsvorm.	Louw en Nida (1996) wys daarop dat al drie die woorde γερουσία, πρεσβυτέριον en συνέδριον na dieselfde raad verwys, maar dat hulle soos volg van mekaar verskil: "The focus upon maturity of age and judgment as well as presumed social standing are more significant factors in γερουσία and πρεσβυτέριον than in συνέδριον."

2.4.2.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Handelinge 5:21

Wanneer Zodhiates (2000) die woord in Handelinge 5:21 verklaar, sê hy: "…that is, persons of age and influence who were invited to sit with the Sanhedrin, or as Acts 4:8 calls them, the 'elders of Israel'". Vosloo & Van Rensburg (1993) wys daarop dat hierdie verhoor baie ernstig deur die Joodse Raad opgeneem is, aangesien die volle vergadering van die Joodse Raad opgeroep is. Polhill (1995) beaam die belangrikheid deur daarop te wys dat hierdie saak die heel eerste item op die agenda vir die dag was. Die belangrikheid van hierdie saak eis dus dat die raad ook die oudstes (γερουσία) van Israel inroep om leiding oor die aangeleentheid te gee.

2.4.2.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord lê die klem op die volwassenheid, wysheid, regverdigheid en sosiale status van die betrokke persoon.

2.4.3 δοκέω

Volgens Els (2001) kom die woord δοκέω 62 keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.3.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Nuwe Vertaling* word die woord soos volg vertaal: 22 keer met "dink", agt keer met "gedink", vyf keer met "lyk", drie keer telkens met elkeen van die woorde "besluit", "leiers", "meen" en "verbeel", twee keer telkens met elkeen van die woorde "beskou" en "verwag", een keer met elkeen van die woorde "blyk", "gelyk", "goeddunke", "goedgedink", "mos", "skyn", "sogenaamde", "sê", "volgens", "voorkom" en "wil".

2.4.3.2 Die ontleding van die woord δοκέω

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
δοκέω	Gal. 2:2; 2:6 Hierdie woord word in albei gevalle as 'n werkwoord gebruik en is die presens aktiewe partisipium in die manlike meervoudsvorm.	Die vier basiese semantiese velde wat deur die meeste woordeboeke vir hierdie woord voorgestel word, is: "dink", "om blootgestel te word aan", "besluit" en "leier". Louw en Nida (1996) gee die volgende definisies van hierdie woorde. "**Suppose**" – "to regard something as presumably true, but without particular certainty." "**Be disposed to**" – "to be disposed to some desire or intent." "**Choose**" – "to make a choice on the basis of something being better or superior." "**Prominent persons**" – 'those who have a reputation of being important or are generally recognized as being important."

2.4.3.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Galasiërs 2:2 & 6

MacArthur (1983) skryf die volgende in sy kommentaar oor die gebruik van hierdie woord in Galasiërs 2:

> "Paul's referring to the apostles with whom he spoke in private as *those who were of reputation* reflected the general attitude of the church toward those Christ-appointed leaders. The phrase describing them is used of authorities and implies a position of honor."

Die vierde semantiese veld is dus hier van toepassing aangesien daar verwys word na leiers wat oor die algemeen belangrik geag word.

2.4.3.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord verwys dus na ’n persoon wat ’n goeie reputasie het of oor die algemeen as ’n belangrike persoon gereken word.

2.4.4 ἡγεμών

Volgens Els (2001) kom die woord ἡγεμών 19 keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.4.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord soos volg vertaal: 14 keer met “goewerneur”, vier keer met “goewerneurs” en een keer met “leier”.

2.4.4.2 Die ontleding van die woord ἡγεμών

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
ἡγεμών	Matt. 2:6 Hierdie woord is ’n selfstandige naamwoord wat in die datief en die manlike meervoudsvorm gebruik word.	Die twee semantiese velde vir hierdie woord is: “regeer” en “goewerneur”. Louw en Nida (1996) se definisies van hierdie woorde is: “**Ruler**” – one who rules, with the implication of preeminent position. “**Governor**” – a person who ruled over a minor Roman province.”

2.4.4.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Matteus 2:6

Volgens Matteus 2:6 word Bethlehem as ’n belangrike plek beskryf met die woorde: “nie die kleinste onder die leiers van Juda nie”. Volgens Louw en Nida (1996) is hierdie uitdrukking ’n figuurlike verwysing na belangrike plekke en daarom kan dit ook vertaal word as: “you are by no means the least among the leading cities of Judah”. Die eerste semantiese veld met die konnotasie van ’n belangrike regeerder is dus hier van toepassing.

2.4.4.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Die prominente posisie van die leier as regeerder word deur hierdie woord beklemtoon.

2.4.5 ἡγέομαι

Volgens Els (2001) kom die woord ἡγέομαι 28 keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.5.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord soos volg vertaal: vyf keer met "beskou", vier keer onderskeidelik met "ag" en "geag", drie keer met "voorgangers", twee keer onderskeidelik met die woorde "agting" en "leiers" en een keer met elkeen van die woorde "behandel", "bejeën", "dink", "geminag", "onderkoning", "verlustig", "wees" en "woordvoerder".

2.4.5.2 Die ontleding van die woord ἡγέομαι

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
ἡγέομαι	Matt. 2:6; Luk. 22:26 Hierdie woord is 'n werkwoord wat in albei gevalle die presens passiewe partisipium in die manlike enkelvoudsvorm is.	Die drie semantiese velde in hierdie woord is: "om van opinie te wees", "te lei" en "te regeer". Louw en Nida (1996) se definisies lui soos volg: "**Be of opinion**" – "to hold a view or have an opinion with regard to something." "**Guide**" – "to so influence others as to cause them to follow a recommended course of action." "**Govern**" – "to rule over, with the implication of providing direction and leadership."

2.4.5.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Matteus 2:6

Hierdie gedeelte verwys na die leier as iemand wat vir Israel 'n herder sal wees. MacArthur (1985) sê in sy kommentaar dat die populêre idee van 'n herder is dat hy iemand is wat vriendelik en versorgend is soos Psalm 23 die herder voorstel. Die res van die Bybel beklemtoon egter ook die gesag en sterk leierskap van die herder (vgl. Joh. 10:1-21).

Aangesien Christus met gesag en versorging as Herder rigting en leiding aan sy volk kom gee het, pas hierdie woord in die konteks van hierdie gedeelte in die tweede semantiese veld, naamlik "leiding".

(b) Lukas 22:36

Volgens Louw en Nida (1996) val die gebruik van ἡγέομαι in Lukas in die tweede semantiese veld. Jesus leer sy dissipels dat 'n ware leier iemand is wat bereid is om te dien (Groenewald,

1989). Die leier moet dus ander deur sy diens só beïnvloed dat hulle sy aanbevole plan van aksie sal volg.

2.4.5.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord bring twee sake onder die aandag:

- Die leier lei ander deur sy voorbeeld soos Jesus wat bereid was om te dien (Luk. 22).
- Die leier (herder) gee met gesag en versorging rigting en leiding aan ander sodat hulle hom wil volg.

2.4.6 καθηγητής

Volgens Els (2001) kom die woord καθηγητής drie keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.6.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord soos volg vertaal: een keer met "leermeester", een keer met "leier" en een keer met "leiers".

2.4.6.2 Die ontleding van die woord καθηγητής

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
καθηγητής	Matt. 23:10 Hierdie woord is 'n selfstandige naamwoord wat in die nominatief en die manlike meervoudsvorm gebruik word.	Volgens Zodhiates (2000) is die woord καθηγητής die ekwivalent van die Griekse woord ῥαββί, wat 'n titel is van 'n gerespekteerde Joodse leier. Louw en Nida (1996) sluit daarby aan met hul definisie: "… one who provides instruction and guidance".

2.4.6.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Matteus 23:10

In hierdie gedeelte leer Jesus sy dissipels dat Hy die enigste ware leier (καθηγητής) is. MacArthur (1985) sê hieroor: "He is the supreme and only source of divine truth, for which human teachers are but channel of communication."

2.4.6.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Die essensie van die woord is die klem op die wysheid wat in die Woord gegrond is en waarmee hierdie leier aan sy onderdane leiding gee.

2.4.7 ὁδηγός

Volgens Els (2001) kom die woord ὁδηγός vyf keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.7.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord: twee keer met “gids”, twee keer met “leiers” en een keer met “lei” vertaal.

2.4.7.2 Die ontleding van die woord ὁδηγός

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
ὁδηγός	Matt. 15:14; 23:24 Hierdie woord is ’n selfstandige naamwoord wat in Matteus 15:14 in die nominatief en die manlike meervoudsvorm voorkom en in Matteus 23:24 in die vokatief en die manlike meervoudsvorm.	Letterlik kan die woord ὁδηγός vertaal word met: “een wat op ’n pad lei” (Friberg *et al*., 2000). Louw en Nida (1996) gee die volgende definisie vir die woord ὁδηγός: “…to guide or to direct, with the implication of making certain that people reach an appropriate destination”.

2.4.7.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Matteus (Matt. 15:14; 23:24)

In albei hierdie gedeeltes in Matteus beskryf Jesus die Fariseërs as blinde leiers. Hulle is veronderstel om die weg (Joh. 14:6) vir ander te wys, maar hulle is self blind en kan dit daarom nie doen nie. Jesus beklemtoon dus in albei gedeeltes dat die Fariseërs oningelig is oor die waarheid. Hulle is blind vir die waarheid (MacArthur 1985).

2.4.7.4 Voorlopige afleiding van betekenis

- ’n Leier is volgens hierdie woord iemand wat seker maak dat die mense hul bestemming bereik:
- Volgens Matteus 15:14 is dit duidelik dat die leier die waarheid wat in die Woord gegrond is, nodig het om by die eindpunt uit te kom.

- Die leier wat nie die waarheid liefhet nie, is ’n blinde leier.

2.4.8 πρῶτος

Volgens Els (2001) kom die woord πρῶτος 93 keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.8.1 Vertalingsmoontlikhede

In die Afrikaanse *Nuwe Vertaling* word die woord soos volg vertaal: 57 keer met “eerste”, ses keer met “begin”, vier keer met die woord “eerstes”, drie keer met elkeen van die woorde “grootste”, “leiers”, “oudstes” en “voorste”, twee keer met die woord “belangrike” en een keer met elkeen van die woorde “Sondagmôre”, “belangrikste”, “beste”, “een”, “hoof”, “hoëlui”, “tevore”, “toonaangewende”, “voor”, “vooraanstaande”, “vroeër” en “vroeëre”.

2.4.8.2 Die ontleding van die woord πρῶτος

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
πρῶτος	Luk. 19:47; Hand. 25:2; 28:17 In al drie gevalle word hierdie woord as ’n byvoeglike naamwoord gebruik. In Lukas 19 en Handelinge 25 is die woord in die nominatief en die manlike meervoudsvorm; in Handelinge 28 is dit in die akkusatief en in die manlike meervoudsvorm.	Volgens die meeste woordeboeke kan die woord πρῶτος in die volgende vyf semantiese velde verdeel word: “eerste”, “voor”, “prominent”, “beste” en “belangrikste”. Louw en Nida (1996) stel die volgende definisies voor: “**First**” – “First in a series involving time, space, or set.” “**Before**” – “Pertaining to a point of time earlier in a sequence.” “**Prominent**” – ‘Pertaining to being of high rank, with the implication of special prominence and status.” “**Best**” – “pertaining to being superior in value to all other items of the same class.” “**Most important**” – “pertaining to exceeding everything else in importance.” Zodhiates (2000) merk op dat hierdie woord figuurlik na ’n rang of waardigheid verwys. Daarom gebruik Jesus hierdie selfde woord waar Hy sê: “Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste” (Matt. 19:30).

2.4.8.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

(a) Lukas 19:47

Volgens Groenewald (1989) is die πρῶτος of "vernaamstes van die volk" lede van die Joodse Raad en Vosloo en Van Rensburg (1993) meen dat hierdie woord al die politieke, sake-, en regsleiers wat van Jesus ontslae wou raak, insluit. Stein (1992) sê in sy kommentaar dat πρῶτος heel moontlik 'n sinoniem vir "oudstes" is.

(b) Handelinge 25:2; 28:17

In albei hierdie gedeeltes in Handelinge is hierdie groep, wat met die woord πρῶτος beskryf word, die mense wat die evangelieboodskap verwerp het, naamlik Fariseërs (Stein, 1992). MacArthur (1994) wys ook in sy kommentaar daarop dat die woord πρῶτος ook die vooraanstaande manne van die sinagoge insluit.

Die derde semantiese veld is in al die gevalle op die gebruik van hierdie woord van toepassing.

2.4.8.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Hierdie woord beskryf die waardigheid en prominensie van die persoon.

2.4.9 πρωτοστάτης

Volgens Els (2001) kom die woord πρωτοστάτης net een keer in die Nuwe Testament voor.

2.4.9.1 Vertalingsmoontlikhede

In die *Nuwe Vertaling* word die woord vertaal met "leier".

2.4.9.2 Die ontleding van die woord πρωτοστάτης

Woord	Voorkoms	Betekenis en opmerkings
πρωτοστάτης	Hand. 24:5 Hierdie is 'n selfstandige naamwoord in die akkusatief en manlike enkelvoudsvorm.	Louw en Nida (1996) se definisie van hierdie woord is: "a person of top rank in view of leadership". Dit is in sekulêre Grieks gebruik om die hoogste rang van 'n militêre offisier aan te dui (Zodhiates, 2000).

2.4.9.3 Die aard van leierskap in die verskillende teksgedeeltes

Handelinge (Hand. 24:5)

Met die gebruik van hierdie woord word daar verwys na Paulus as die belangrikste leier onder die Christene van daardie tyd. MacArthur (1994) sluit in sy kommentaar aan by Louw en Nida en Zodhiates hierbo deur te beaam dat hierdie woord 'n militêre term is wat verwys na iemand wat die hoogste rang beklee.

2.4.9.4 Voorlopige afleiding van betekenis

Die woord verwys na 'n persoon wat hom op die hoogste vlak van leierskap bevind. Daarvan was Paulus, na wie hierdie woord in Handelinge 24:5 verwys, inderdaad 'n voorbeeld.

2.5 Sintese van die begripsontleding

Die doel van hierdie afdeling is om 'n samevatting te gee van die karaktertrekke en optrede van die predikant as 'n leier.

2.6 Metode

Om dit te kan doen, word al die Hebreeuse en Griekse woorde wat hierbo (2.3 en 2.4) ontleed is, in groepe ingedeel. Woorde wat dieselfde eienskappe of soort optrede beskryf, word saamgegroepeer. Die werkwoorde kom eerste aan die beurt en dan die selfstandige naamwoorde. Indien die woord nie in enige opsig met 'n ander ooreenstem nie, word dit op sy eie behandel. Hierdie ses groepe is nie noodwendig die eindresultaat nie omdat 'n volgende wetenskaplike hierdie woorde dalk in meer groepe of in ander groepe kan indeel.

- By elke groep word 'n motivering gegee waarom die navorser meen dat 'n spesifieke woord in die spesifieke groep tuishoort.
- Die onontbeerlike eienskappe van die groep word daarna genoem en dien as 'n definisie van wat daardie groep woorde in die geheel beskryf.
- Laastens word daar by elke groep 'n samevatting gegee van wat met daardie groep woorde bedoel word.

2.6.1 Groep een

Die volgende woorde, almal Hebreeuse woorde, word in die eerste groep ingedeel: אלוף;

שׂרר; פרע; אשׁר.

2.6.1.1 Motivering waarom die woorde hier inpas

Wat hierdie woorde met mekaar gemeen het, is dat die persoon hom onderwerp aan die gesag van God.

אלוף

- Daar is aangedui dat hierdie woord verband hou met 'n manlike dier wat gekastreer word (kyk 2.3.2 **אלוף** p. 21). Die rede vir die kastrasie is gewoonlik om die dier van al sy onaanvaarbare gewoontes en gedrag te genees (verander).

In die teksgedeeltes waarin hierdie woord gebruik word, is dit duidelik dat die teenwoordigheid van God in 'n persoon of volk 'n verandering teweegbring. God se teenwoordigheid bring mee dat die persoon/volk hom aan God onderwerp en daarom word hierdie woord in hierdie groep geplaas.

אשׁר

- Daar is daarop gewys (kyk 2.3.4 **אשׁר**, p. 24) dat hierdie woord 'n persoon beskryf wat hom aan God se gesag en daarom aan sy Woord onderwerp.
- Die teksgedeeltes beklemtoon dat die teenoorgestelde ook kan plaasvind, naamlik dat die leier teen God in opstand kom.

פרע

- Hierdie woord verwys na 'n persoon wat hom bereid verklaar om as leier op te tree en die volk te red, soos aangedui is (kyk 2.3.18 **פרע**, p. 48). God het die rigters vir 'n taak geroep en dat hulle hul bereid verklaar het om voor die volk uit te gaan, toon dat hulle hul aan God onderwerp het.
- Die woord hou ook in dat wanneer iemand voor die volk uitgaan, hy dit kragtig en onverskrokke doen (kyk *2.3.18.4 Voorlopige afleiding van betekenis,* p. 49). Die wildheid van die lang hare, waarna hierdie woord in sy kern verwys, word ook geïmpliseer. Hierin sien mens dat hoewel die rigters met passie opgetree het, moes hulle hul nietemin aan God onderwerp. Simson is 'n voorbeeld.

שׂרר

- Hierdie woord handel oor ’n persoon wat homself of iemand anders as ’n regeerder aanstel (kyk 2.3.28 שׂטר, p. 68).

- ’n Voorbeeld is Jerobeam I, wat teen Salomo in opstand gekom het toe hy hoor dat hy – Jerobeam – koning oor tien stamme van Israel gaan word. In plaas daarvan om hom gewillig aan God se wil te onderwerp en op God se tyd vir die aanstelling te wag, het hy in opstand teen God gekom omdat hy sy wil op God wou afdwing.

Die rede hoekom hierdie woord in hierdie groep inpas, is dat dit net soos אשׁר na die negatiewe of teenoorgestelde handeling van onderwerping aan God verwys. Dit raak dus die kwessie van onderwerping aan die wil van God.

2.6.1.2 Onontbeerlike leierseienskappe aangedui deur die groep woorde

Die verandering in die leier kom baie sterk na vore. Soos ’n bul wat gekastreer word om die wildheid uit hom uit te haal, so verander God die leier deur die sonde van hom weg te neem en deur sy Gees in die leier te woon en te werk. Dat die leier hom geheel en al gewillig aan die gesag van God onderwerp, is essensieel. Dit is alleen moontlik indien hy volkome op God vertrou.

Daar word ook aangedui wat gebeur as die teenoorgestelde waar is. Soms veroorsaak die sonde dat ’n persoon nie bereid is om hom onder die gesag van God of sy meerdere te stel nie. Dit het eiewillige leierskap tot gevolg.

Onderwerping impliseer ook toewyding aan God. Die leier moet die Here met passie dien. Soos hare wat wild groei, so moet die leier kragtig en onverskrokke voor die ander uitgaan en die Here sy Verlosser volg.

2.6.1.3 Samevatting van die bedoeling van hierdie groep woorde

Die gevolgtrekking is dat effektiewe en verantwoordelike leierskap uit die gewillige onderwerping aan die wil van God bestaan. Hierdie onderwerping kan alleen plaasvind wanneer die leier op God vertrou.

2.6.2 Groep twee

Die woorde wat in die tweede groep ingedeel kan word, bestaan uit verskeie Hebreeuse en Griekse woorde. Die Hebreeuse woorde is die volgende: קדקד; נזיר; נדיב; נגיד; גדל; גדול; גבור; אציל; אדיר; die Griekse woorde is: γερουσία; δοκέω; ἡγεμών, πρῶτος; πρωτοστάτης.

2.6.2.1 Motivering waarom die woorde hier inpas

Wat hierdie woorde met mekaar gemeen het, is die hoë status of mag wat aan die persoon as leier gegee word.

אדיר

Dit is duidelik dat die persoon na wie daar met hierdie woord verwys word, uniek is vanweë die respek wat hy by mense afdwing (kyk 2.3.1 אדיר, p. 20). Die uniekheid van die persoon gee telkens aan hom 'n sekere status vanweë die Godgegewe leierseienskappe.

אציל

Hierdie woord word in die algemeen gebruik om die hoë sosiale status van 'n persoon te beskryf (kyk 2.3.3 אציל, p. 23). Die aanspreekvorm van die leiers in Eksodus 24 wat na אציל verander is nadat hulle die teenwoordigheid van God intens beleef het, beklemtoon dat die leiers se status ook onder hul volksgenote verander het.

גבור

Hierdie woord word oor die algemeen gebruik om 'n dapper soldaat te beskryf (kyk 2.3.6 גבור, p. 28). 'n Konnotasie is om 'n persoon se status as "dapper" aan te dui. Om "dapper" te wees, hou egter ook in om jou verantwoordelikheid na te kom terwyl jy weet dat jou besluit jou dalk ongewild in sekere kringe kan maak of dat jou besluit selfs tot nadeel van ander kan wees.

גדול

Grootsheid en belangrikheid is 'n belangrike konnotasie van hierdie woord (kyk 2.3.7 גדול, p. 29).

גדל

Daar is aangetoon dat hierdie woord iets of iemand beskryf wat toeneem in waarde, intensiteit, belangrikheid of werk. In die spesifieke konteks waarin die woord gebruik word, beklemtoon dit die eer en hoë status van die betrokke persoon (kyk 2.3.8 גדל, p. 31).

נגיד

Aangesien hierdie woord na die amptelike status van ’n persoon se leiding en regering verwys, , hoort dit ook in hierdie groep (kyk 2.3.13 נגיד, p. 41).

נדיב

Hierdie woord beklemtoon telkens die hoë en adellike status van die leier (kyk 2.3.14 נדיב, p. 43).

נזיר

Die afleiding is gemaak (kyk 2.3.15 נזיר, p. 43) dat hierdie woord na ’n persoon verwys wat om een of ander rede “spesiaal geag” word en daarom ’n leier is. Veral word die persoon spesiaal geag omdat hy hom aan die Here toewy.

קדקד

In hierdie woord kom die afsondering van die leier sterk na vore (kyk 2.3.19 קדקד, p. 49). Daar is aangetoon dat Josef in Egipte van sy broers afgesonder is as gevolg van sy posisie. Soos die hare op ’n mens se kop van mekaar geskei word op jou kroontjie, so is die leier ook deur sy posisie van die ander geskei. Die posisie wat hierdie persoon beklee, gee aan hom ’n sekere status, maar dit kan hom ook isoleer, soos in die geval van Josef.

γερουσία

Die volwassenheid, wysheid en sosiale status van die persoon word deur hierdie woord beklemtoon (kyk 2.4.2 γερουσία, p. 74) Aangesien volwassenheid en wysheid daartoe kan bydra dat ’n persoon se sosiale status verhoog word, is dit sinvol om hierdie woord ook by hierdie groep te voeg.

δοκέω

Hierdie woord word gebruik vir ’n persoon wat ’n goeie reputasie het of oor die algemeen as ’n belangrike persoon gereken word (kyk 2.4.3 δοΚέω, p. 75).

ἡγεμών

Die prominente posisie van die leier word deur hierdie woord beklemtoon (kyk 2.4.4 ἡγεμών, p. 76).

πρῶτος

Daar is aangedui dat die waardigheid en prominensie van die persoon deur hierdie woord beskryf word (kyk 2.4.8 πρῶτος, p. 80).

πρωτοστάτης

Hierdie woord verwys na ’n persoon wat hom op die hoogste vlak van leierskap bevind (kyk 2.4.9 πρωτοστάτης, p. 81). Die vlak van die leierskap impliseer die leier se hoë status en daarom hoort die woord by hierdie groep.

2.6.2.2 Onontbeerlike leierseienskappe aangedui deur hierdie groep woorde

- Met die meeste van hierdie woorde word die essensiële of goeie reputasie van die persoon as leier beklemtoon.
- Verskeie elemente kan daartoe bydra dat ’n persoon hierdie hoë of edel status ontvang. Voorbeelde is ’n besondere verhouding met sy Verlosser, kennis, gehoorsaamheid, dapperheid, volwassenheid of die amp wat hy beklee.
- Die persoon se amp sonder hom ook bo ander uit soos die kroontjie op ’n mens se kop jou hare van mekaar skei, maar dit beteken dikwels ook afsondering.
- ’n Leier het egter ook die verantwoordelikheid om sy roeping na te kom, soms ten koste van homself en ander persone. Soms sal die besluite wat hy moet neem, hom dalk ongewild in sekere kringe maak of sy besluit kan selfs tot nadeel van ander wees.

2.6.2.3 Samevatting van die bedoeling van hierdie groep woorde

Die gevolgtrekking wat uit die betekenis van die woorde gemaak kan word, is dat effektiewe en verantwoordelike leierskap daarmee gepaard gaan dat die Here hoë status aan ’n leier gee en dat hy dit met verantwoordelikheid moet gebruik.

2.6.3 Groep drie

Die woorde wat in die derde groep ingedeel is, is almal Hebreeuse woorde: ראשׁ; קצין; סרן; נשׂיא; משׁל; חקק; זקן; בעל.

2.6.3.1 Motivering waarom die woorde hier inpas

Wat hierdie woorde aan mekaar verbind, is dat hulle ’n bevelvoerder beskryf wat opdragte gee en dus beheer uitoefen oor ’n bepaalde groep of oor hulle heers.

בעל

Die afleiding is gemaak dat hierdie woord gewoonlik saam met ’n stad genoem word om na die heersers/regeerders van die spesifieke stad te verwys (kyk 2.3.5 בעל, p. 26). Die klem val dus op die heersers/regeerders en daarom word hierdie woord onder groep drie gedeel.

זקן

Daar is aangedui dat hierdie woord dui op ’n leier wat die verantwoordelikheid het om sekere godsdienstige, sosiale of politieke besluite te neem (kyk 2.3.9 זקן, p. 32*).* Hierdie verantwoordelikheid van die leier om deur sy besluitneming beheer uit te oefen, plaas hierdie woord in groep drie.

חקק

Hierdie woord hoort in hierdie groep omdat dit die opdragte wat die leier aan sy onderdane gee, beklemtoon (kyk 2.3.10 חקק, p. 36). Administratiewe beplanning word ook nou aan hierdie woord gekoppel.

מֹשֵׁל

Met hierdie woord se verklaring (kyk 2.3.12 מֹשֵׁל, p. 39) word daarop gewys dat die woord gebruik word om te verwys na iemand aan wie daar bepaalde mag verleen is om oor mense te regeer; daarom hoort hierdie woord ook in groep drie.

נָשִׂיא

Daar is afgelei (kyk 2.3.16 נָשִׂיא, p. 45*)* dat die persoon wat met hierdie woord beskryf word, iemand is wat ’n aantal mense bestuur of regeer.

סָרָן

Hierdie woord word gewoonlik gebruik om te verwys na die vyf Filistynse vorste (kyk 2.3.17 סָרָן, p. 47). Om die rede word hierdie woord ook by hierdie groep ingeskakel.

קָצִין

Volgens die verklaring wat vroeër gegee is (kyk 2.3.20 קָצִין, p. 50), kan hierdie woord ’n militêre offisier verwys wat oor ’n aantal soldate aangestel is; daarom word hierdie woord ook by hierdie groep gevoeg.

רֹאשׁ

Daar is aangetoon (kyk 2.3.21 רֹאשׁ, p. 52) dat hierdie woord na die hoof verwys wat ’n belangrike liggaamsdeel is en beheer oor al die ander liggaamsdele uitoefen. Net so verwys hierdie woord ook na ’n belangrike persoon wat beheer uitoefen oor sy onderdane; daarom kan dit ook onder hierdie groep sorteer.

2.6.3.2 Onontbeerlike leierseienskappe aangedui deur hierdie groep woorde

- Hierdie woorde beskryf ’n leier aan wie daar bepaalde gesag gegee is om ’n bepaalde groep mense te bestuur of te regeer.
- Die gesag wat die leier telkens ontvang, val ook op, byvoorbeeld die offisier wat oor ’n aantal soldate aangestel word of die persoon aan wie daar bepaalde mag verleen word om te regeer.

- Die leier regeer deur besluitneming, opdraggewing en administratiewe beplanning, om maar enkele sake te noem.
- Net soos die hoof die orgaan in die liggaam is wat al die ledemate en sintuie beheer, so ontvang die leier ook die gesag as hoof om sy volgelinge te beheer en te bestuur.

2.6.3.3 Samevatting van die bedoeling van hierdie groep woorde

Uit hierdie woorde kan ’n mens aflei dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die mag of gesag wat aan hom in ’n bepaalde situasie gegee word, verantwoordelik moet bestuur.

2.6.4 Groep vier

Woorde wat onder groep vier sorteer is die volgende Hebreeuse woorde: שׁטר; שׂר; רעה; ook die Griekse woord ἡγέομαι.

2.6.4.1 Motivering waarom die woorde hier inpas

'n Gemeenskaplike kenmerk van hierdie woorde is die vooropstelling van herderlikheid of versorging.

רעה

Daar is aangetoon (kyk 2.3.23 רעה, p. 58) dat die woord daarop konsentreer om die onderdane te versorg en hulle belange op die hart te dra soos ’n herder sy skape versorg en oppas. Konnotasies soos “versterking”, “voorsiening” en “versorging” is eie aan hierdie woord.

שׂר

Hierdie woord word gebruik om hoë amptenare in verskeie hoedanighede aan te dui (kyk 2.3.26 שׂר, p. 62).

Wat egter opval, is dat die woord in Eksodus telkens na die manne verwys wat Moses uitgekies het om hom te help om sy werkslas ligter te maak; hulle moes in familieverband na die behoeftes van elke stam omsien.

Dit is verder opvallend dat hierdie woord in Samuel gebruik word om na Dawid te verwys in die stadium toe hy hom ontferm het oor al die mense wie se lewens om een of ander rede bedreig

is. Soos 'n herder het hy hom oor die uitgeworpe skape ontferm. Dit is hoekom hierdie woord hier hoort.

שׁטר

Hierdie woord word gebruik om te verwys na 'n persoon aan wie die gesag gegee is om met militêre en siviele sake te help (kyk 2.3.28 שׁטר, p. 68). Van die persoon in hierdie amp sou daar verwag gewees het om te weet wie van die manne bevoeg was om te dien en wie eerder vrygestel moes word as gevolg van huishoudelike verpligtinge. Dit bring mee dat hierdie woord in hierdie groep val. Hierdie persoon moes die gesinne en families onder hom goed geken het. Hy sou hulle wel en wee op die hart moes dra om sulke besluite te kon neem.

ἡγέομαι

Die konteks van hierdie woord in die betrokke teks is dié van 'n herder wat sy skape lei (kyk 2.4.5 ἡγέομαι, 77). Hierdie woord wat die werkswyse van 'n herder van destyds baie goed beskryf, dui op die leier wat sy volgelinge deur sy voorbeeld lei. Die herder het voor geloop en die skape het hom gevolg. Dit beklemtoon ook die gesag waarmee die herder rigting en leiding gee.

2.6.4.2 Onontbeerlike leierseienskappe aangedui deur hierdie groep woorde

- Die herdermetafoor speel 'n belangrike rol in hierdie groep; daarom is begrippe soos "versterking", "voorsiening" en "versorging" belangrik.
- Die Herder loop voor en deur sy voorbeeld lei Hy terselfdertyd sy skape.

2.6.4.3 Samevatting van die bedoeling van hierdie groep woorde

Uit die ontleding van hierdie woorde kan die afleiding gemaak word dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier sy volgelinge soos 'n herder moet versorg, versterk, in hulle behoeftes voorsien en hom oor hulle ontferm.

2.6.5 Groep vyf

Woorde wat onder "groep vyf" kan sorteer, is drie Hebreeuse woorde: שׁפט; רזן; יעץ; ook twee Griekse woorde: ἄρχων; ὁδηγός.

2.6.5.1 Motivering waarom die woorde hier inpas

Die woorde in hierdie groep word aan mekaar gebind met begrippe soos “regverdigheid” en “waarheid”.

יעץ

Hierdie woord is toegespits op die leier wat ’n saak regverdig ondersoek en dan sekere aksiestappe neem om die saak op te los (kyk bespreking in 2.3.11 יעץ, p. 38).

Die woord konsentreer ook op die leier se raadgewing wat deur regverdigheid en waarheid gekenmerk word.

רזן

Dat hierdie woord letterlik vertaal kan word met “om gewigtig te wees” en dan in die konteks gebruik word van iemand wat stewig by sy standpunt (die waarheid of die leuen) staan, plaas dit in hierdie groep (kyk 2.3.22 רזן, p. 57).

שׁפט

Daar is reeds daarop gewys dat hierdie woord konsentreer op die regverdigheid van die leier (kyk 2.3.29 שׁפט, p. 70). In die konteks van die rigters waarna hierdie woord telkens verwys, bestaan die regverdigheid daaruit dat hulle die volk weer na God of na die waarheid teruggelei het. Om die rede hoort hierdie woord in hierdie groep.

ἄρχων

Uit die bespreking van die woord ἄρχων (kyk 2.4.1 ἄρχων, p. 72) is dit duidelik dat dit na iemand verwys wat as leier regeer (byvoorbeeld Moses) en soms ook uitsprake as regter moet lewer. Regverdigheid en getrouheid aan die waarheid is twee belangrike deugde van ’n regter; daarom kan hierdie woord ook by hierdie groep gevoeg word.

ὁδηγός

Daar is afgelei dat ’n leier volgens hierdie woord iemand is wat seker maak dat mense by ’n sekere bestemming uitkom (kyk 2.4.7 ὁδηγός, p. 79). Om dit te kan doen, is die waarheid wat

in die Woord gegrond is, onontbeerlik. Die leier wat nie die waarheid liefhet nie, is 'n blinde leier.

2.6.5.2 Onontbeerlike leierseienskappe aangedui deur hierdie groep

- Regverdigheid en waarheid is twee belangrike kenmerke wat uit hierdie woorde blyk.
- Die doel is om mense terug te lei na die waarheid en om raad te gee wat gekenmerk word deur regverdigheid en waarheid.
- Om "gewigtig te wees" in die sin dat daar onveranderd by die waarheid gehou word.
- 'n Leier hou die eindpunt in sig en gebruik die waarheid om sy volgelinge daar te kry.

2.6.5.3 Samevatting van die bedoeling van hierdie groep woorde

Uit die ontleding van hierdie woorde kan die afleiding gemaak word dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die waarheid moet liefhê en in al sy doen en late regverdig moet wees.

2.6.6 Groep ses

Woorde wat onder hierdie groep kan sorteer, is die twee Hebreeuse woorde שׂכל en שׂב en die Griekse woord καθηγητής.

2.6.6.1 Motivering waarom die woorde hier tuishoort

Die gemeenskaplike kenmerk van hierdie woorde is dat hulle na 'n persoon verwys wat met wysheid leiding gee.

שׂב

Daar is aangedui dat hierdie woord gebruik word om te verwys na 'n persoon wat volwasse is en met wysheid leiding gee (kyk 2.3.24 שׂב, p. 59). Dat hierdie woord die klem plaas op die persoon se wysheid is die rede waarom die woord hier kan inskakel.

שׂכל

Die vermoë om te verstaan en gevolglik met wysheid te reageer, is een van die betekenisse van hierdie woord (kyk 2.3.25 שׂכל, p. 60). Geestelike onderskeidingsvermoë kom dus in hierdie woord sterk na vore en daarom kan hierdie woord ook by hierdie groep inskakel.

καθηγητής

Daar is in die verklaring van hierdie woord (2.4.6 Καθηγητής, p. 78) daarop gewys dat die klem val op wysheid wat in die Woord gegrond is en waarvolgens die leier sy onderdane leiding gee. In die opsig hoort hierdie woord ook in hierdie groep.

2.6.6.2 Onontbeerlike leierseienskappe aangedui deur hierdie groep woorde

- Hierdie leier is 'n geestelik volwasse persoon wat die vermoë het om ingewikkelde sake te verstaan en daarom 'n wyse oplossing te gee.
- Geestelike onderskeidingsvermoë hang ten nouste saam met hierdie woord omdat dit voortvloei uit wysheid wat gegrond is in die Woord.

2.6.6.3 Samevatting van die bedoeling van hierdie groep woorde

Uit die ontleding van hierdie woorde kan die afleiding gemaak word dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die nodige wysheid moet hê om 'n ingewikkelde saak te ontleed en tot 'n goeie oplossing te kom.

2.7 Afleidings

Die afleidings by elk van die verskillende groepe word nou hieronder herhaal om 'n geheeloorsig te kry. 'n Kernagtige benaming word vir elk van die groepe gegee.

- In *2.6.1 Groep een* (p. 82) is die afleiding gemaak dat effektiewe en verantwoordelike leierskap uit gewillige onderwerping aan die wil van God bestaan. Onderwerping kan alleen plaasvind wanneer die leier op God vertrou.
  'n Kernagtige beskrywing van hierdie begrippe is: "**Onderdanige vertroue**".
- Die afleiding wat in *2.6.2 Groep twee* (p. 85) gemaak is, is dat effektiewe en verantwoordelike leierskap daarmee gepaard gaan dat die Here hoë status/eer aan 'n mens gee en dat dit met verantwoordelikheid gebruik moet word.
  Daarom is die kernagtige beskrywing van hierdie groep: "**Status met verantwoordelikheid**".
- In *2.6.3 Groep drie* (p. 88) val die klem op die mag of gesag wat aan die leier gegee word. Hierdie gesag moet ook met verantwoordelikheid bestuur word.
  'n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: "**Gesag met liefde**".
- Uit die afleiding wat in *2.6.4 Groep vier* (p. 90) gemaak is, is dit duidelik dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier sy volgelinge soos 'n herder

moet versorg, versterk, in hulle behoeftes moet voorsien en hom oor hulle moet ontferm. ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Herderlike leiding**”.

- In *2.6.5 Groep vyf* (p. 91) is die afleiding gemaak dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die waarheid moet liefhê en in al sy doen en late regverdig moet wees.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Waarheidsbegronde regverdigheid**”.
- In *2.6.6 Groep ses* (p. 93) is die afleiding gemaak dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die nodige wysheid moet hê om ’n ingewikkelde saak te ontleed om sodoende tot ’n goeie oplossing te kom.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Geestelike onderskeidingsvermoë**”.

2.8 Algemene gevolgtrekking

Die kernbegrippe wat in hierdie ondersoek na vore gekom het en vir die volgende hoofstukke van belang sal wees, is die volgende:

- Onderdanige vertroue
- Status met verantwoordelikheid
- Gesag met liefde
- Herderlike leiding
- Waarheidsbegronde regverdigheid
- Geestelike onderskeidingsvermoë

Hierdie begrippe word in *Diagram 1: Kernbegrippe wat leierskap in die Ou en Nuwe Testament beskryf* (p. 96) voorgestel:



Diagram 1: Kernbegrippe wat leierskap in die Ou en Nuwe Testament beskryf

In die volgende twee hoofstukke sal 'n eksegetiese ondersoek onderneem word om vas te stel hoe elkeen van hierdie begrippe prakties in die lewens van vier persone in die Bybel na vore kom.

Hoofstuk 3

Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament oor effektiewe en verantwoordelike leierskap

3.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 en 4 word die normatiewe taak van Osmer (2008:4) uitgevoer en dit bestaan in hierdie studie daaruit dat daar wetenskaplik deur 'n eksegetiese, kultuurhistoriese ondersoek na beginsels vir die leierskap van predikante gesoek word. Die ondersoek vind plaas teen die agtergrond van die doelstelling om 'n strategiese model vir die die leierskap van die predikant in die gemeente se roeping voor te stel. In Hoofstuk 2 is voorbereidende werk vir die taak gedoen deur 'n oorkoepelende ontleding te maak van die begrip "leier" in die Ou en Nuwe Testament. Die doel was om tot 'n sintese te kom van wat die Skrif oor die begrip "leier" openbaar. Die Ou Testament word in Hoofstuk 3 ondersoek.

3.2 Metode

Die normatiewe taak word uitgevoer deur Skrifgegewens oor leierskap te ondersoek. Uit die baie figure wat as leiers in die Ou Testament opgetree het, is twee geselekteer om te bestudeer, naamlik Moses en Saul. Die metode wat gevolg word, is 'n grammaties-histories-eksegetiese ondersoek van die mees relevante Bybelhoofstuk of perikoop oor die lewe en leierskap van Moses en van Saul. Hierdie Skrifgedeeltes, Eksodus 3-4:17 en Numeri 11:1-35 in die geval van Moses en 1 Samuel 15 en 18:6-16 in die geval van Saul,[3] word in besonderhede ondersoek, maar ook ander tersaaklike perikope word betrek om meer van hulle te wete te kom. Die studie van Moses én van Saul volg min of meer dieselfde patroon, maar in die afdelings wat hierna volg, word hulle afsonderlik bespreek.

Die studie van Moses se leierskap begin met 'n oorsig van sy leierskap om 'n idee te vorm waar die gedeeltes wat deur eksegese ondersoek word, in sy lewe inpas. Dieselfde geld vir die studie van Saul se leierskap. Ná die leierskapsoorsig van elk van die leiers word 'n dieptesnit-eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes gedoen – Eksodus 3-4:17 vir Moses en 1 Samuel 15 vir Saul. Elke dieptesnit-eksegese word afgesluit met 'n bespreking van die

[3] 3.3 *Motivering vir keuse van leiersfigure en teksgedeeltes* (p. 98).

openbaringshistoriese aspekte van die betrokke gedeeltes. Na elke dieptesnit-eksegese volg 'n oorsigtelike studie van die volgende gedeeltes: Numeri 11:1-35 ten opsigte van Moses en 1 Samuel 18:6-16 ten opsigte van Saul. Weereens volg 'n openbaringshistoriese bespreking na elke oorsigtelike eksegese.

Die eksegetiese dieptesnit van die gedeeltes uit Eksodus 3-4:17 én 1 Samuel 15 bestaan uit die volgende afdelings:

i) Die plek van die boek in die Bybel
ii) Die plek van die perikoop in die boek
iii) Woordstudie
iv) Vers-vir-vers-eksegese
v) Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop
vi) Samevattende opmerkings

Die oorsigtelike studie van gedeeltes uit Numeri 11:1-35 én 1 Samuel 18:6-16 bestaan uit die volgende afdelings:

i) Die plek van die perikoop in die boek
ii) Vers-vir-vers-eksegese
iii) Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop
iv) Samevattende opmerkings

Die ondersoek word telkens afgesluit deur 'n ondersoek na hoe die leierskapsbegrippe in die lewe van elkeen van die leiers gefigureer het.

Aan die einde van die hoofstuk word riglyne wat op die ondersoek gebaseer is, vir die leierskap van predikante voorgestel.

3.3 Motivering vir keuse van leiersfigure en teksgedeeltes

In hierdie afdeling word kortliks gemotiveer waarom daar besluit is om die leierskap van Moses en Saul te bestudeer en waarom die geselekteerde Skrifgedeeltes as die mees relevante vir die studie beskou word.

3.3.1 Moses

Die eerste van die twee Ou-Testamentiese leiersfigure is Moses.

3.3.1.1 Moses as persoon

Moses was ’n prominente leier in die Ou Testament. Hy word deur Elwell en Comfort (2001) as ’n goeie leier beskryf omdat hy deur God as leier gekies is om die volk Israel uit die Egiptiese ballingskap na die beloofde land uit te lei. Dit was ook deur die bemiddeling van Moses dat God die wet aan die volk gegee het, dieselfde wet wat deur die eeue heen as basis vir die Christelike geloof gedien het. Verder sê hulle: “Focused in this one person are the figures of prophet, priest, lawgiver, judge, intercessor, shepherd, miracle worker, and founder of a nation” (Elwell & Comfort, 2001). Moses is dus ’n goeie keuse om as leier te bestudeer.[4]

3.3.1.2 Dieptesnit-eksegese

Die dieptesnit word van Eksodus 3-4:17 gemaak omdat Moses in hierdie gedeelte op ’n besondere manier deur God geroep word om as leier van die volk op te tree. Hierdie tekskeuse is verder belangrik omdat elke leier eers geroep moet word voordat hy as leier kan optree.[5]

3.3.1.3 Oorsigtelike eksegese

Die rol van Moses as ’n prominente leier in die Ou Testament word verder bestudeer deur uit Numeri 11:1-35 te probeer vasstel hoe hy leiding gegee het in krisissituasies toe die volk se lewe bedreig is en hulle teen hom as leier in opstand gekom het.[6]

3.3.2 Saul

Die tweede Ou-Testamentiese leier is Saul.

3.3.2.1 Saul as persoon

Saul is gekies omdat hy die eerste koning was en oor die volk Israel aangestel is omdat die volk soos die ander nasies ’n koning wou hê om oor hulle te regeer (1 Sam. 8). Die tweede rede waarom hy bestudeer word, is dat hy ’n tipiese voorbeeld was van hoe ’n leier nie moet wees nie. Pfeiffer *et al.* (1975) beskryf hom soos volg:

> “Saul was a man of courage and strength, a man of great ability as an administrator and a warrior. He was natural man at his best, but he had a fatal flaw. Saul acted not in the

---

[4] Kyk *3.4.1 ’n Oorsig van die ontwikkeling van Moses se leierskap* (p. 100).
[5] Kyk *3.4.2 Dieptesnit-eksegese – Eksodus 3-4:17* (p. 107).
[6] Kyk *3.4.3 Oorsigtelike eksegese – Numeri 11:1-35* (p. 131).

power and wisdom of the Lord but in dependence on his own judgment and strength; this led to eventual disaster."

Omdat dit noodsaaklik is om ook vas te stel wat die negatiewe kant van leierskap is, kan dit moontlik uit die bestudering van Saul se leierskap duidelik word.[7]

3.3.2.2 Dieptesnit-eksegese

'n Dieptesnit van 1 Samuel 15 sal gemaak word omdat dit die gedeelte is wat beskryf waarom Saul as leier misluk het en waarom die Here hom as leier verwerp het.[8]

3.3.2.3 Oorsigtelike eksegese

Die koningskap van Saul word oorsigtelik ondersoek in 1 Samuel 18:6-16, wat beskryf hoe Saul Dawid begin wantrou het en selfs probeer doodmaak het as gevolg van die vrees wat in hom ontstaan het.[9]

3.4 Moses

Moses se leierskap het oor 'n lang tydperk ontwikkel.

3.4.1 'n Oorsig van die ontwikkeling van Moses se leierskap

'n Aantal belangrike momente word in die ontwikkeling van Moses se leierskap bespreek, naamlik:

3.4.1.1 Eksodus 1-4 – Van Moses se geboorte tot sy roeping as leier (p. 101)
3.4.1.2 Eksodus 34 – Ontmoeting met God op die berg (p. 101)
3.4.1.3 Numeri 11 – Die volk begeer om na Egipte toe terug te gaan (p. 103)
3.4.1.4 Numeri 20:1-13 – Water uit die rots (p. 103)
3.4.1.5 Deuteronomium 33 – Moses se laaste toespraak (p. 105)

Behalwe waar daar na die eksegese van die tersaaklike teksgedeeltes verwys word, word daar aan die einde van elke paragraaf 'n voorlopige samevatting gegee van die leierskapsbegrippe wat uit die ontwikkeling van Moses se leierskap duidelik word.

---

[7] Kyk *3.5.1 'n Kort oorsig van die ontwikkeling van Saul se leierskap* (p. 162).
[8] Kyk 3.5.2 *Dieptesnit-eksegese – 1 Samuel 15* (p. 166).
[9] Kyk *3.5.3 Oorsigtelike eksegese – 1 Samuel 18:6-16* (p. 183).

3.4.1.1 Eksodus 1-4 – Van Moses se geboorte tot sy roeping as leier

Moses is in 'n tyd gebore wat die Israeliete hewig in Egipte onderdruk is. Die Here bewerk dit toe so dat Moses in die paleis van die farao grootword. Daar kry hy die nodige ondervinding wat hom later sou help om die volk te kon lei. Op 'n dag sien hy hoe 'n Egiptenaar 'n Israeliet slaan. Hy tree toe in en slaan die Egiptenaar dood. Die gevolg was dat hy moes vlug omdat die farao hom wou doodmaak. Moses het toe in Midian gaan woon. Toe Moses op 'n dag by die put in Midian sit, kom die sewe dogters van die priester van Midian om water vir die kleinvee van hul pa te skep. Hy het hulle gehelp en uiteindelik is hy met Sipora, die dogter van Reüel getroud. Moses het toe sy skoonpa se skape vir ongeveer veertig jaar in die woestyn opgepas. Daar het hy die nodige ondervinding van die woestyn gekry om die volk later deur die woestyn te lei. Moses was 'n skaapwagter totdat die Here hom in die woestyn geroep het om sy volk uit Egipte te lei. Die tersaaklike teksgedeelte sal in die dieptesnit-eksegese vollediger bespreek word.[10]

3.4.1.2 Eksodus 34 – Ontmoeting met God op die berg

Die verhaal van die ontmoeting met God op die berg begin in Hoofstuk 19, waar God die doel van sy openbaring aan die volk Israel bekend maak: "Die volk sal My kan hoor wanneer Ek met jou praat en dan sal hulle altyd vertroue in jou hê" (Eks. 19:9). Die doel met hierdie openbaring van God aan Moses en die volk is om Moses se status voor die hele volk te bevestig. McBride (1990:234) sê dat hierdie gebeure noodsaaklik was sodat die volk geen rede sou hê om te dink dat dit nie God was wat daar op die berg met Moses gepraat het nie. Die volk moes Moses altyd kon vertrou. Hy voeg by: "This is especially so in the portrait that emerges of Moses as the human link who steadfastly strives to hold together the sundered covenant relationship between Yahweh and Israel" (McBride, 1990:234).

Afgesien van die status wat aan Moses gegee is, openbaar hierdie gedeelte ook aan die leser dat Moses daarvoor verantwoordelik was om die verhouding tussen God en die volk te bestuur. Groot mag is aan Moses gegee om die volk met liefde op die regte pad te hou. Dozeman (2000:33) sluit daarby aan deur te wys op die tweeledige gesag wat aan Moses gegee is, naamlik 'n kultiese gesag en 'n sosiale gesag.

Dozeman (2000:34) wys daarop dat Moses die godsdienstige leier van die volk was. Hy het in die tent ingegaan om van aangesig tot aangesig met God te praat. Eksodus 33:12-34:35 dien as bevestiging daarvan dat Moses as godsdienstige leier deur God gekies is toe –

---

[10] Kyk *3.4.2 Dieptesnit-eksegese – Eksodus 3-4:17* (p. 107).

- hy vir die volk ingetree het deur God te vra om hulle te vergewe en saam met hulle te trek en God sy versoek toegestaan het;
- hy alleen teen die berg uitgeklim het om die wet van God te ontvang;
- sy vel ná sy ontmoeting met God geglinster het, in so 'n mate dat die volk gevra het dat hy eerder sy gesig met 'n doek moet toemaak.

Hierdie sake beklemtoon volgens Dozeman (2000:35) die kultiese gesag van Moses. Verder meen Dozeman ook (2000:21) dat Moses 'n sosiale gesag ontvang het: "Cultic mediation gives way to social authority. The change in theme also shifts the focus in Moses masking from his shining skin in the cult to the social authority of his veil outside of it."

Moses se voorspraak by God was dus die grond daarvoor dat die volk sy gesag oor hulle aanvaar het. McBride (1990:234) sluit daarby aan deur te verwys na die gebeure wat met die goue kalf verband hou (Eks. 32). Alhoewel dit verkeerd van die volk was om 'n beeld te wou aanbid, was die motief daaragter 'n soeke na 'n plaasvervanger vir die persoonlike voorspraak wat Moses aan hulle gebied het. Moses se besondere verhouding met God het dus vir hom 'n eervolle plek onder die volk verwerf.

Al hierdie dinge kom daarop neer dat Moses 'n unieke profeet en leier was in soverre dit sy persoonlike verhouding met die Here aangegaan het (Anisfeld, 2011:214). Aan die einde van Moses se lewe word immers gesê: "Daar het nie weer 'n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken" (Deut. 34:10).

Samevatting: Figurering van leierskapsbegrippe soos blyk uit Moses se ontmoeting met God op die berg

- Uit Moses se ontmoeting met God op die berg is dit duidelik dat status 'n gawe van God is. God het dit so beskik dat Moses se status iets besonders sou wees; daarom het Hy hom toegelaat om in sy teenwoordigheid te kom. Toe Moses in God se teenwoordigheid was, het sy gesig met die heerlikheid van God gestraal. Dit was 'n uitsonderlike status wat God aan hom gegee het. (Dat dit steeds met verantwoordelikheid gebruik moes word, word in 'n latere afdeling bespreek.[11])
- Moses het die volk met liefde bestuur. Telkens wanneer die volk in sonde geval het, het Moses hulle met liefde tereggewys en leiding gegee.

[11] Kyk *3.4.1.4 Numeri 20:1-13 – Water uit die rots* (p. 103)*;* vgl. Num. 11-12.

3.4.1.3 Numeri 11 – Die volk begeer om na Egipte toe terug te gaan

Terwyl die volk in die woestyn was, het hulle baie lus vir vleis geword. Hulle het in opstand gekom vanweë die verskeidenheid kossoorte wat hulle noodgedwonge in Egipte agtergelaat het en daarom kla hulle in Numeri 11:16: “Daar is niks behalwe hierdie manna voor ons nie!” Moses se leierskap word by hierdie geleentheid deur die volk getoets. Alles aangaande hierdie saak sal in die oorsigtelike eksegese bespreek word.[12]

3.4.1.4 Numeri 20:1-13 – Water uit die rots

Vir Moses se leierskap is hierdie gedeelte in Numeri belangrik omdat dit die rede verstrek hoekom Moses nie die volk in die beloofde land kon inlei nie.

Helfgot (1993:51) vergelyk die gebeure van die water uit die rots in Eksodus 17 met die gebeure van die water uit die rots in Numeri 20. Hy wys op drie belangrike verskille, naamlik:

- In Eksodus is dit duidelik dat die klag van die volk daaroor gegaan het dat hulle dors was. Die teks begin deur daarop te wys dat daar geen water op die plek was waar hulle kamp opgeslaan het nie. Die behoefte aan water het daarop uitgeloop dat hulle Moses oor hulle omstandighede verwyt het. In Numeri 20 lyk dit nie asof ’n tekort aan water die groot probleem was nie; trouens, teenoor Eksodus 17 word die woord צָמָא – “dors” – nie een keer in hierdie perikoop gebruik nie. Verder is die tekort aan drinkwater die laaste item op die volk se lys van klagtes in vers 5.
- In Eksodus 17:4 staan daar duidelik dat Moses na God om hulp geroep het. Hoewel Moses en Aäron in Numeri 20 na die tabernakel gegaan het, het God uit sy eie geantwoord.
- Dit is verder opvallend dat die gehoor in Eksodus 17 verskil van dié in Numeri 20. In Eksodus moes Moses die wonderwerk voor die oë van die leiers van die volk verrig; in Numeri voor die oë van die hele volk.

Helfgot (1993:55) meen dat laasgenoemde ’n belangrike verskil is aangesien die woorde, “Vat Aäron se kierie en roep jy en jou broer Aäron die volk bymekaar,” herinner aan die verbondsluiting by Sinai, waar die volk ook bymekaar moes kom en waarna later verwys is as “die dag met die vergadering” (Deut. 9:10). Die doel van daardie vergadering was volgens Helfgot (1993:55) “... to imbue the community with yir’at shamayim, faith and commitment to the covenant.” Hierdie drie punte illustreer dus duidelik dat die gebeure van water wat uit die rots

[12] Kyk *3.4.3 Oorsigtelike eksegese – Numeri 11:1-35* (p. 131).

gevloei het, in die twee gevalle van mekaar verskil, in besonder in die opsig dat die Here die gebeure op 'n ander manier laat afloop het. Vir Anisfeld (2011:215) is die volgende belangrik:

> "God wanted Moses to counteract these blasphemous inclinations of the people. That is why God instructed him to speak in the presence of the whole community; in contrast to the earlier water event in Exodus 17 where God asked Moses to hit the rock in the presence of just the elders. In the earlier water event, Moses was not asked to speak. There the sole purpose was to provide water. But here the purpose was to provide water and in the course of this to restore the people's perception of God as the benevolent provider and Moses as His faithful messenger."

God se doel met die water uit die rots in Numeri was daarom dat Moses sy gesag moes gebruik om die volk met liefde tereg te wys.

Verder openbaar hierdie gedeelte aan die leser iets van die worsteling van Moses met die status wat hy ontvang het. Status is altyd iets wat met groot verantwoordelikheid hanteer moet word, aangesien die mens met sy sondige natuur altyd geneig is om die eer wat God toekom, self toe te eien. Die Here leer die gelowige tereg: "Hy wat roem, moet in die Here roem" (2 Kor. 10:17; vgl. ook Jer. 9:24). Dat die volk met Moses en Aäron rusie gemaak het (Num. 20:2-3), het sekerlik daartoe bygedra dat Moses vir die volk kwaad was. Wesentlik het hulle sy gesag nie aanvaar nie. Cole (2000) interpreteer Moses se optrede soos volg:

> "The Lord had said that Moses and Aaron would be the agents for the delivery of the water from the rock, but then the prophet's self-centered attitude erupted as he usurped the words of God for his own glorification, saying, 'Shall we bring forth from this rock for you water?'"

Ook Calvyn en Bingham (2010) se kommentaar is dat Moses nie die nodige eer aan God gegee het nie.

Wat nog in hierdie gedeelte opval, is dat Moses in vers 10 vir die volk sê: "Luister, julle wat julle teen die Here verset!" Tog gebruik die Here in vers 24 dieselfde woorde wanneer Hy na hierdie gebeurtenis terugverwys. Die verskil is dat die Here dan na Moses en Aäron verwys as die mense wat hulle teen God verset het. Cole (2000) beoordeel Moses se optrede soos volg: "Instead of addressing the rock, he launched into a diatribe against the complaining community, calling them 'rebels'." In hierdie opsig sien ons dat Moses se leierskap tekort geskiet het aan herderlike leiding. Met begrip en liefde moes Moses nie net deur sy woorde nie, maar ook deur sy eie gedrag die volk herderlik gelei het om hulle hul sonde te laat besef en hulle van hulle sondige weë te laat bekeer. Hy moes, soos Anisfeld (2011:215) dit stel, die volk deur die proses

om aan hulle water te voorsien daarop gewys het dat God die Een is wat in al hulle behoeftes voorsien en dat Moses Hom as sy getroue dienskneg dien.

Laastens getuig Moses se leierskap daarvan dat hy in hierdie geval dit moeilik gevind het om die waarheid ten koste van homself lief te hê. Budd (1998) wys in sy kommentaar daarop dat Moses hier voorgee dat hy die mag het om aan die volk die nodige water te gee en sodoende beroof hy God van die vrees en eerbied wat Hom toekom. Psalm 106:33 bied 'n insig in die gebeure met die woorde: "… hulle het hom so verbitterd laat raak dat hy onbesonne dinge gesê het." Moses was heel moontlik verbitterd daaroor dat die volk nie sy gesag as leier aanvaar het nie (Num. 20:2-3). Die gevolg was dat hy onbesonne dinge gesê het. Budd (1998) verklaar die onbesonnenhede soos volg: "The speech is uncalled for, and implies a claim that they, not God, will produce the water." In stede daarvan dat Moses die waarheid ten koste van homself liefgehad het, verdraai hy die waarheid sodat hy die eer kan ontvang.

Samevatting: Figurering van leierskapsbegrippe soos blyk uit die gebeure van die water uit die rots

- Moses kry die duidelike opdrag van God om met die rots te praat sodat water uit die rots kan ontspring. Moses se verset teen hierdie opdrag van God dui daarop dat onderdanige vertroue 'n deug is waaraan Moses se leierskap in hierdie geval ver tekortgeskiet het.
- Moses se status as leier van die volk het vir hom belangriker geword as die eer wat God toekom. Om hierdie rede is dit belangrik dat die leier sy status met groot verantwoordelikheid moet bestuur.
- Moses het die volk haastig as rebelle beskuldig in stede daarvan dat hy hulle eerder soos 'n goeie herder in nederigheid reggehelp het. Herderlike leiding en gesag met liefde was in hierdie geval nodig.
- Wat waarheidsbegronde regverdigheid betref, wys hierdie gedeelte daarop dat Moses die waarheid só probeer verdraai het dat hý daardeur geëer kon word. Sy eie eer was vir hom belangriker as die waarheid of die eer van God en daarom het sy onbesonne woorde teenoor die volk en sy ongehoorsame optrede sy regverdigheid voor God geskend.

3.4.1.5 Deuteronomium 33 – Moses se laaste toespraak

Volgens Dillard en Longman III (1994:99) word reeds lankal aanvaar dat Deuteronomium drie toesprake van Moses is waarin hy die volk Israel toespreek. In hoofstukke 1-4 praat Moses oor die volk se verlede vandat God hulle in die woestyn ingelei het tot waar hulle voor die beloofde land te staan kom. Hoofstukke 5-28 handel oor die volk se toekoms onder die wet van God in

die beloofde land. In Hoofstukke 29-32 lei Moses die volk daarin om opnuut erns te maak met die verbond wat God met hulle gesluit het.

Die karakter van Hoofstuk 33 word deur Christensen (2002) as 'n "Testamentary Blessing" beskryf omdat dit die finale toespraak is waarin Moses sy laaste wense aan die volk voorhou. Merrill (1994) wys op die noue verband tussen hierdie gedeelte en die gedeelte in Genesis 49, waar Jakob sy twaalf seuns seën:

> "Just as Jacob gathered his sons about him to bestow his blessings upon them before he died (Gen 49:1; cf. 48:21), so Moses, anticipating his own death (Deut. 32:50), gathered the tribes who bore the names of Jacob's sons for the purpose of invoking God's blessings on them as they contemplated conquest and occupation of Canaan. As their theocratic leader and, indeed, almost as their father, Moses interceded for his people with prophetic vision, beseeching God's favor and confident in its bestowal."

Wat in hierdie aanhaling opval, is die beklemtoning van die gesindheid wat Moses teenoor die volk toon en waarmee hy sy lewe afsluit.

Verder wys Christensen (2002) en Kloppers (1998) op die eretitel "Man van God", wat in Deuteronomium 33:1 aan Moses toegedig word en wat gewoonlik in die Hebreeuse Bybel met verwysing na 'n profeet gebruik word (1 Sam. 9:6; 1 Kon. 13:1-3; 2 Kon. 4:7, 16). Boonop is dit 'n titel wat dikwels in die Ou Testament voorkom om na Moses te verwys (Jos. 14:6; 1 Kron. 23:14; 2 Kron. 30:16; Esra. 3:2; Ps. 90:1). Deuteronomium (34:10) sluit af met die woorde: "Daar het nie weer 'n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken." Daarmee word Moses se lewe samevattend beskryf as 'n man van God wat die Here persoonlik geken het.

Samevatting: Figurering van die leierskapsbegrippe soos blyk uit Moses se laaste toespraak

- Moses was aan die begin van en deur sy loopbaan dikwels opstandig oor die posisie waarin die Here hom teenoor die volk geplaas het; tog was hy uiteindelik meer as net 'n leier vir die volk. Sy koue apatiese leierskap het gegroei tot 'n pa-seun-verhouding, waarin die pa 'n droom vir sy seun het en hom net die beste toewens, al is die seun hoe sondig en het hy die pa hoeveel keer teleurgestel en te na gekom. Hierin word groei by Moses ten opsigte van onderdanig vertroue, bestuur met liefde, herderlike leiding en geestelike onderskeidingsvermoë sigbaar.
- Ook as profeet het Moses tydens sy lewe gegroei van die persoon wat bang was dat die volk Israel nie sy gesag sal aanvaar nie (Eks. 4:1) tot iemand wat as vader/herder van die volk opgetree het en elke stam met profetiese seën weggestuur het. In hierdie opsig word

die groei ten opsigte van herderlike leiding, gesag met liefde, status met verantwoordelikheid en waarheidsbegronde regverdigheid sigbaar.

3.4.2 Dieptesnit-eksegese – Eksodus 3-4:17

In die dieptesnit-eksegese van Eksodus 3-4:17 word die plek van die boek Eksodus in die Bybel en die plek van die perikoop in die boek Eksodus aangedui; twee belangrike Hebreeuse sleutelwoorde word ontleed; 'n vers-vir-vers-eksegese word onderneem; en ten slotte word daar besin oor die openbaringshistoriese betekenis van die voorafgaande uiteensetting.

3.4.2.1 Die plek van Eksodus in die Bybel

Wanneer die plek van Eksodus in die res van die Bybel bespreek word, sê Wiersbe (1993) dat Genesis die boek is waarin die begin van alles, selfs die begin van sonde, beskryf word, terwyl Eksodus die boek is waarin beskryf word hoe God die mens van die sonde kom verlos. Hughes en Laney (2001) beaam die bewering:

> "The book of Exodus was designed to show how the Israelites got out of Egypt and how God came to dwell among them in the tabernacle. It formed the bridge from the story of Joseph in Egypt at the end of Genesis to the detailed laws of the Mosaic covenant in Leviticus… The book of Exodus was written to remind them how great their salvation was and how divine the origin of their law and tabernacle. It was given to them to deepen their love for their Redeemer and warn them against further disobedience."

'n Belangrike bewering in hierdie aanhaling is dat Eksodus die brug vorm tussen die verhaal van Josef in Egipte en die reis van die volk deur die woestyn. Verder is die verlossing, die wet van God en die tabernakel drie belangrike temas in die boek omdat dit soos Dillard en Longman III (1994:64) dit stel, 'n belangrike waarheid beklemtoon, naamlik dat God in Israel as hul Verlosser en Koning teenwoordig is. Op grond van die verlossing, die wet en die tabernakel sluit Eksodus by die ander boeke van die Pentateug aan.

Stuart (2006:21) sê verder dat Eksodus 40 nog glad nie die afsluiting is van wat Moses in gedagte gehad het om aan sy lesers oor te dra nie. Eksodus bring die leser slegs by die punt waar die tabernakel gebou en gereed is om deur Israel as die sentrum vir aanbidding gebruik te word. Eksodus is slegs 'n deel van 'n geheel.

Volgens Vosloo en Van Rensburg (1999) vind Eksodus ook aanklank by die Nuwe Testament. In sy toespraak verwys Stefanus na Moses as 'n belangrike leiersfiguur (Hand. 7:17-44); Paulus kom telkens in sy prediking terug op die verbondsluiting by Sinai (Rom. 9-11; 1 Kor. 11:25); in

die boek Hebreërs is daar talle verwysings na die priesterskap en die teenwoordigheid van God in die tabernakel (Heb. 7); en Openbaring verwys telkens na die altaar (Op. 8:1-5) en ander tempeltoebehore wat in die tabernakel gebruik is (Op. 2:1; 11:2).

Samevatting: Die plek van Eksodus 3-4:17 in die Bybel

Samevattend kan gesê word dat die temas *verlossing*, *wet* en *tabernakel* Eksodus aan al die ander boeke van die Bybel verbind. God verlos die volk, as Koning maak Hy sy wil aan hulle bekend en Hy kom woon onder hulle. Al drie hierdie temas ontstaan in Eksodus en word deur die ander boeke van die Bybel belig en verder uitgebou. Ook die Nuwe Testament handel daaroor dat God na sy volk (kinders) toe kom as hul Verlosser en Koning.

3.4.2.2 Die plek van Eksodus 3-4:17 in die boek Eksodus

Volgens Leder (2008:93) kan Eksodus in die volgende ses narratiewe eenhede verdeel word: Hoofstuk 1:1-15:21; 15:22-18:27; 19:1-24:18; 25:1-31:18; 32-34; 35:1-40:38. Die klem in hierdie studie val op die eerste narratiewe eenheid.

Die eerste hoofstuk van Eksodus bestaan volgens Dillard en Longman III (1994:62) uit 'n skets van die agtergrond van die verhaal wat gaan volg. Die volk van God het so vermeerder dat die farao 'n plan bedink het om hulle te onderdruk. Hy het dwangarbeid onder die Israeliete ingestel sodat hulle as slawe in Egipte moes werk (Eks. 1:11). Toe die farao sien dat sy plan nie werk nie, het hy 'n onmenslike metode vir geboortebeperking gebruik. Hy het eers die vroedvroue beveel om die seuntjies met geboorte dood te maak en toe dit nie werk nie, het hy almal in Egipte beveel om die Hebreeuse seuntjies met geboorte in die Nyl te gooi (Deffinbaugh, 1998:1).

Hoofstuk 2 beskryf die geboorte en voorbereiding van die verlosser van die Israeliete (Deffinbaugh, 1998:1). 'n Seuntjie met die naam Moses is uit die stam Levi gebore en God bewerk dit so dat hy eers in die farao se paleis grootword en later in die Sinaiwoestyn vir sy roeping as leier van die volk in die woestyn voorberei word (Pfeiffer, 1962; Radmacher *et al*., 1999).

Hoofstuk 2 beskryf 'n tydperk van ongeveer tagtig jaar (Eks. 7:7). In die eerste veertig jaar (Eks. 7:23) word vertel van Moses se geboorte en van al die intriges om sy geboorte. Daar word kortliks vertel hoe hy in die paleis van die farao grootgeword het en hoe hy aan die einde van veertig jaar 'n Egiptenaar vermoor het. Hierdie tyd kan beskryf word as die tyd in die paleis van die farao. Die volgende veertig jaar van Moses se lewe (Eks. 7:7) kan saamgevat word as die tyd toe hy vir sy skoonpa skape in die Sinaiwoestyn opgepas het. Dit omvat sy troue, die

geboorte van sy eerste seun en die dood van die farao in Egipte (Hughes & Laney, 2001). Teenoor hierdie lang tydperk van tagtig jaar gee Eksodus 3 tot 40 ’n uitgebreide weergawe van die gebeure wat in ongeveer twee jaar plaasgevind het (Keil & Delitzsch, 1996). Hoofstukke 3 en 4, wat die objek van hierdie eksegese is, beskryf die roeping (Eks. 3:7-10) en opleiding (Eks. 4:2-4) van Moses in die woestyn. Deffinbaugh (1998:1) wys daarop dat hierdie hoofstukke ’n noemenswaardige inleiding tot die bevryding van die volk Israel is, aangesien dit beskryf hoe God persoonlik in die omstandighede van sy volk ingegryp het.

Hoofstuk 3 begin met Moses wat rustig besig is om sy skoonpa se skape op te pas. God verskyn dan aan hom in ’n brandende bos en stel Hom aan Moses bekend as Jahwe. Tydens hierdie geleentheid word Moses beveel om na Egipte terug te gaan om die volk uit hul slawerny te verlos (Vosloo & Van Rensburg, 1993). Hoofstuk 3 sluit af met Moses se besware waarom hy nie goed genoeg is om die opdrag uit te voer nie (Deffinbaugh, 1998:1). In Hoofstuk 4 openbaar God sy lankmoedigheid deur geduldig aan Moses te verduidelik dat hy eenvoudig die opdrag moet uitvoer en Hy bemoedig hom dat Hy met hom sal wees.

Hierdie gedeelte word opgevolg deur hoofstukke 5-12, wat die stryd van Moses met die farao beskryf. Die stryd gaan onderliggend oor wie die ware God verteenwoordig (Dillard & Longman III, 1994:63). Moses verteenwoordig die God van die heelal (Jahwe), terwyl die farao homself verteenwoordig, aangesien die farao’s as Egiptiese gode beskou is. Om die rede staan daar in Eksodus 7:1 (OAV): “En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as ’n god vir Farao…”

Samevatting: Die plek van Eksodus 3-4:17 in die boek Eksodus

Samevattend kan gesê word dat Eksodus 3-4:17 nie net ’n belangrike gedeelte van Eksodus is nie, maar dat dit ook ’n belangrike deel van die volk se geskiedenis beskryf. Die bevryding van die volk het nie deur die bestuur van ’n mens plaasgevind nie, maar deur die ingryping van God. Dat God self ’n leier geroep het, is ’n dwingende rede om hierdie gedeelte wat die volk se verlossing beskryf, deur die ontleding van sleutelwoorde, ’n vers-vir-vers-eksegese en ’n dieptesnit-eksegese te bestudeer om vas te tel watter leierskapsbeginsels daaruit afgelei kan word.

3.4.2.3 Woordstudie

Twee Hebreeuse woorde wat bepalend vir die insig in hierdie teksgedeelte is, word ontleed, naamlik עָבַד (“aanbid”) en יָרָה (“Ek sal julle leer”).

3.4.2.3.1 Eksodus 3:12: עָבַד – "Aanbid"

Volgens Strong (2001) kom hierdie woord 800 keer as 'n selfstandige naamwoord en 290 keer as 'n werkwoord voor. Kaiser (1999) dui aan dat die etimologie van hierdie woord daaruit bestaan dat dit die betekenis van verskeie semantiese stamme deel, naamlik die betekenis van die ou Aramese stam wat beteken "om te doen" of "om te maak", die Arabiese stam met die betekenis "om te aanbid" of "om te gehoorsaam" en die intensiewe stam wat beteken "om tot slaaf te maak" of "om terug te bring tot slawerny". Volgens MacArthur (2010:29) is die mees fundamentele betekenis van hierdie woord die betekenis van "slaaf"; tog word die woord selde deur die nuwe vertalings met "slaaf" vertaal. Volgens Strong (2001) word die woord nooit in die *Authorized Version* met "slave" vertaal nie, maar met "serve". MacArthur (2010:30) sê die volgende oor hierdie saak:

> "But contrast that with the Septuagint, a Greek translation of the Old Testament from before the time of Christ. It translates עבד with forms of δοῦλος, or "slave", more than 400 times! The rabbinic scholars who produced the Septuagint understood exactly what עבד meant – which is why slave language was so prominent in that translation. For the Jews of Jesus' day, who were familiar with both the Hebrew Old Testament and the Greek Septuagint, the Bible's repeated use of slave imagery would have been impossible to miss."

Hieruit is dit duidelik dat Israel nie meer slawe van Egipte sal wees nie, maar slawe van God (Hannah, 1985). Hulle sal God dien. Die diens aan God verskil van die diens in Egipte daarin dat God se juk sag en sy las lig is (Matt. 11:30). In dieselfde verband wys Kaiser (1999) daarop dat die diens wat aan God geoffer word, geen dwangarbeid is nie, maar 'n offer wat van blydskap getuig.

3.4.2.3.2 Exodus 4:15: יָרָה – "Ek sal julle leer"

Volgens Hartley (1999) is die basiese betekenis van hierdie stam, "'to throw' or 'to cast' with the strong sense of control by the subject". Hy wys ook daarop dat hierdie woord gewoonlik met een van drie betekenisse gebruik word, naamlik "om pyle te skiet", "om reën te stuur" of "om te onderrig". In die konteks van Eksodus 4:15 beloof God dat Hy Moses en Aäron se leermeester sal wees. Hy is in beheer en daarom sal hy hulle presies leer wat om te sê en wat om te doen.

Samevatting: Woordstudie van עָבַד ("aanbid") en יָרָה ("Ek sal julle leer")

Positiewe aspekte wat uit die woordstudie afgelei kan word, is soos volg:

- God se werk in die roeping van Moses en Aäron word beklemtoon met die woord יָרָה, wat aandui dat God hulle persoonlik sal leer. Die klem val dus op God wat in beheer van die situasie is en vir hulle sal wys wat om te doen en te sê.
- Wat die woord עָבַד betref, is dit belangrik om te besef dat God die volk van die slaweband in Egipte losgekoop het sodat hulle sy eie slawe kon word. Die volk sou voortaan in God se diens staan. Die diens aan God verskil van die diens in Egipte in die opsig dat God se juk sag en sy las lig is (Matt. 11:30).

Soos wat reeds gesuggereer is, is bogenoemde aspekte belangrik vir die insig in die perikoop en sal dus in die vers-vir-vers-eksegese wat hierna volg, in gedagte gehou word.

3.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese van Eksodus 3-4:17

Die doel van die eksegese is om 'n grondige insig in die leierskap van Moses te verkry om uiteindelik vas te stel in watter mate die leierskapsbegrippe wat in Hoofstuk 2 (vgl. 2.7, p. 94) geïdentifiseer is, in Moses se leierskap figureer.

Eksodus 3:1 – "Moses het die kleinvee van sy skoonpa… opgepas"

Vers een beskryf aan die leser die agtergrond vir dit wat volg. Twee sake rakende die agtergrond is belangrik. Die eerste is dat dit Moses se beroep was om sy skoonpa se skape op te pas. Keil en Delitzsch (1996) beweer dat die Hebreeus letterlik vertaal kan word met die woorde: "he was feeding". 'n Partisipium word gebruik waardeur beklemtoon word dat die beroep voortgeduur het.

"Hy het die kleinvee diep die woestyn ingejaag…"

Wat verder van die agtergrond belangrik is, is die plek waar Moses skape opgepas het. Al die gebeure het by Horeb plaasgevind, wat volgens MacArthur (2006) 'n alternatiewe naam vir die berg Sinai is: "'Horeb' is the Hebrew for the non-Semitic place-name, Sinai, located in the southern part of the Sinai Peninsula."

Eksodus 3:2 – "Toe verskyn die Engel van die Here aan hom…"

Die meeste kommentare stem saam dat die "Engel van die Here" nie maar net 'n engel was wat aan Moses verskyn het nie, maar dat dit God self was (Pfeiffer, 1962; Hannah, 1985; Calvyn en Bingham, 2010). Die bewering word daardeur ondersteun dat "Engel", wat letterlik "boodskapper" beteken (Beach-Verhey, 2005:181), net in vers 2 gebruik word. Vanaf vers vier word daar gesê dat die "Here" met Moses gepraat het. Ook in Handelinge 7:31 staan daar dat Moses die stem van die Here gehoor het.

Calvyn en Bingham (2010) meen dat dit God die Seun is wat hier die "Engel" genoem word. Hierdie naam dui volgens Calvyn en Bingham op Christus se toekomstige missie as boodskapper. Christus se missie sou wees om die boodskap van verlossing aan die wêreld te kom openbaar (1 Kor. 1:18; Kol. 3:16).

Eksodus 3:3 – "Waarom brand die doringbos nie uit nie?"

Wat die betekenis van die doringbos wat nie uitbrand nie betref, is dit opvallend dat vuur telkens in die Eksodus-verhaal as simbool van God se heerlike teenwoordigheid gebruik word (Eks. 13:21-22; 19:18; 24:17; 40:38; Lev. 9:24; 10:2; Num. 11:1-3; Deut. 9:3; 18:16; Carson *et al.*, 1994). Aan die ander kant word vuur ook menigmaal gebruik om God se toorn uit te beeld (Lev. 1:17; 3:5; 6:9-13; Heb. 12:29); daarom moes die offer wat die volk aan die Here gebring het, altyd aan die brand gesteek word. Janzen (2002:121) wys verder daarop dat 'n bos, wingerd of boom baiekeer in die Ou Testament na die volk verwys (Ps. 80:9 15-16; Jes. 65:22); hy kom dus tot die gevolgtrekking dat die brandende bos na Israel verwys omdat die volk onder die vernietigende vuur van die Egiptenaars geleef het. Janzen (2002:121) wys daarop dat die vuur nie uitgebrand het nie, met ander woorde, Israel sou nie deur Egipte vernietig word nie.

Eksodus 3:5 – "Trek uit jou skoene…"

Smith (1993) verduidelik die simboliek van sandale wat uitgetrek word. Soos wat die Bybelse reisiger sy vuil sandale na 'n stowwerige reis moes uittrek, so moet die mens ook skoon wees wanneer hy voor God wil verskyn.

Eksodus 3:6 – "… die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob"

Henry (1994) meld dat Jesus self hierdie gedeelte verklaar het. Wanneer Jesus in Lukas 20:37 (vgl. ook Matt. 22:31) oor die opstanding van die dooies praat, verwys hy na hierdie woorde van God aan Moses. Alhoewel hierdie patriarge liggaamlik dood is, is die Here steeds hul God omdat hulle siele lewe. Hulle verhouding met God is dus nooit beëindig nie. Sloan (2012:97) sien die saak teen die agtergrond van die verbond wat God met Abraham, Isak en Jakob gesluit

het en verduidelik dat ’n verbond wat tussen twee partye gesluit is, beëindig word sodra een van die twee partye te sterwe kom. Dit impliseer dat hierdie drie patriarge op ’n manier steeds vir God lewendig is, anders sou die verbond nie meer geldig gewees het nie. Deffinbaugh (1998:4) meen ook dat die bekendmaking van God as die God van Abraham, Isak en Jakob na die verbond verwys wat God met hierdie patriarge in Genesis 15 gesluit het. Dieselfde verbond het nog met die roeping van Moses gegeld en God was op daardie oomblik besig om die beloftes van sy verbond na te kom. Eksodus is ’n boek wat vertel van die getrouheid van God aan sy verbond.

“Toe maak Moses sy gesig toe…”

God het Hom bekend gestel sodat Moses presies sou weet wie dit was wat met hom gepraat het (Carson *et al.*, 1994). Die reaksie van Moses om sy gesig toe te maak, toon dat hy die openbaring van God verstaan het en dus geweet het dat hy met die Heilige God van Israel te doen het. Sy reaksie getuig daarvan dat hy nie alleen skaam vir sy sonde was nie, maar ook dat hy vir die God van sy voorvaders bang was (Henry, 1994).

Eksodus 3:7 – “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien…”

Volgens Carson *et al.* (1994) getuig hierdie woorde van God se passievolle besorgdheid oor sy volk se ellende in Egipte. God se motief om die volk te verlos is nie net daarop gebaseer dat Hy ’n verbond met Abraham gesluit het nie, maar hierdie woorde getuig van die passie van God vir hierdie volk in hul ellende (Deffinbaugh, 1998:4).

“… duidelik gesien…”

In die Hebreeus kom die werkwoord רָאֹה twee keer na mekaar voor, eers as ’n infinitief en daarna as ’n perfektum. Die uitdrukking kan dus letterlik soos volg vertaal word: “Sienende het ek gesien.” Hierdie uitdrukking dui ’n voortgesette waarneming aan (Calvyn & Bingham, 2010); met ander woorde, dit mag dalk lyk of God sy oë toegemaak het vir die onreg wat sy volk aangedoen is, maar dit was glad nie die geval nie. Sy oordeel sou met regverdigheid kom (Luk. 18:7-8; 1 Pet. 2:23). God sou Hom op sy bestemde tyd openbaar (Vosloo & Van Rensburg, 1999).

In hierdie geval het die verdrukking van die volk begin toe Moses gebore is. Ongeveer 80 jaar het verloop voordat die Here Moses geroep het om die volk uit Egipte uit te lei (Eks. 7:7). Op God se bestemde tyd het Hy ingetree. Henry (1994) stel die vraag of gelowiges steeds in geloofsvertroue op God bly wag as daar soveel tyd verbygaan. Hieroor leer Jesus die volgende in Lukas 18:8: “Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?”

Vir die gelowige leiers vandag is daar 'n groot les uit die geskiedenis van Moses te leer. Met geloofsverwagting moet die leier sy roeping uitvoer, want God sal op sy tyd voorsien.

"Ek het hulle lyding ter harte geneem"

Beach-Verhey (2005:181) wys daarop dat die woord ידע, wat in die *Nuwe Vertaling* met "ter harte geneem" vertaal is, die intimiteit beskryf wat daar soms tussen twee partye is. Dit is 'n intimiteit wat meebring dat albei 'n sekere situasie op dieselfde manier ervaar. In een van die semantiese velde van die woord beskryf Gesenius en Tregelles (2003) hierdie intimiteit soos volg: "*To know, to become acquainted with* any one. Often put by a euphemism for sexual intercourse—of a man; to know a woman, i.e. *to lie* with her."

Hierdie verklaring wys op die diepte van die medelye wat God met sy volk het. Hy maak die volk se lyding mee net soos 'n man wat sien hoe sy vrou mishandel word, haar lyding meemaak.

Eksodus 3:10 – "Daarom stuur ek jou na die farao toe…"

God roep leiers soms om opdragte uit te voer wat volgens Holmgren (2002:75) menslik gesproke bo hulle vermoë is. Verder veroorsaak die roeping dikwels dat die gemeenskap teen die leier in opstand kom. God weet egter beter as die leier en daarom moet die leier sy opdrag in geloofsgehoorsaamheid uitvoer.

Eksodus 3:11 – "Wie is ék…"

Hierdie vraag van Moses is 'n vraag na sy identiteit.[13] Moses se identiteit word deur die volgende sake beïnvloed:

- waarvandaan hy kom en
- hoe hy dink dat ander hom sien.

Eerstens, Moses kom uit Egipte waar hy vir die eerste 40 jaar van sy lewe in die paleis van die farao gebly het. Daar het hy 'n deeglike kennis van die Egiptiese paleis en die mag van die farao opgedoen (Van Zyl, 1993). Terwyl Moses in Egipte was, het hy bekend gestaan as die seun van die farao se dogter (Eks. 2:10) en dit het heel moontlik daartoe bygedra dat hy geen tekort aan selfvertroue gehad het nie. Handelinge 7: 22 lui: "Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en hy het uitgeblink in woord en daad." Sy selfvertroue het egter te ver

[13] Kyk *3.4.2.3 Woordstudie* (p. 109).

gegaan. Hy was selfs bereid om die volk op sy eie te verlos en dit het daartoe gelei het dat hy die Egiptenaar doodgeslaan het (Eks. 2:11-12; Vosloo & Van Rensburg, 1999).

Terwyl hy in Midian was, het sy omstandighede drasties verander. Sy posisie het van 'n prins van Egipte in die alledaagse beroep van skaapwagter verander (Beach-Verhey, 2005:180). Wanneer die Here vir Moses vra om weer as prins of leier op te tree, sien hy nie daarvoor kans nie. As skaapwagter ag hy hom nie waardig om voor die farao te verskyn nie. Hy het inteendeel geen vertroue in sy eie krag en vermoë gehad nie (Keil & Delitzsch, 1996). MacArthur (2006) meen dat hierdie verskoning van Moses aanvaarbaar is aangesien hy die afgelope 40 jaar 'n blote skaapwagter was.

Oor hoe Moses gedink het dat ander hom sien, meen Elwell (1995) dat dit sekerlik vir hom 'n angswekkende gedagte moet gewees het om na Egipte toe terug te gaan, aangesien die vorige farao hom wou doodmaak omdat hy die Egiptenaar vermoor het. Dit was waarskynlik vir hom ondenkbaar dat hy wat 'n vlugteling uit Egipte was, die farao kon konfronteer (Carson *et al*., 1994). Dat Moses 'n aangenome prins en 'n wegloper was wat boonop 'n Egiptenaar vermoor het (Van Zyl, 1993), moet dus sekerlik 'n rol gespeel het in Moses se antwoord op God se versoek. Dat die volk hom die vorige keer (Eks. 2:14) as leier verwerp het, moet vir seker ook 'n rol in sy protes gespeel het. Wat sou die volk kon oortuig om hom op daardie tydstip skielik as hul leier te aanvaar (Deffinbaugh, 1998:5)? Tog is dit nie hoe God Moses gesien het nie. Die nederige gesindheid van Moses het hom juis vir die werk bekwaam gemaak, want hy sou voortaan op God vertrou. Henry (1994) stel dit raak: "The more fit any person is for service commonly the less opinion he has of himself."

Eksodus 3:12 – "Ek sal by jou wees…"

Met hierdie woorde kom God Moses se kleingeloof tegemoet deur aan hom die belofte te maak dat Hy met hom sal wees (Keil & Delitzsch, 1996). God, wat voor Moses in 'n onuitblusbare bos verskyn het, Hy sal by Moses wees. Wiersbe (1993) meen dat die brandende bos 'n metaforiese betekenis kan hê. Net soos die bos in vergelyking met ander bome in die skepping 'n eenvoudige bos is (Rig. 9:8-15), net so is Moses as skaapwagter ook eenvoudig in vergelyking met die farao van Egipte. As God egter aan die bos raak, word dit 'n heerlike verskynsel. Net so sal God by Moses wees en die eens nederige skaapwagter sal met die hulp van God 'n vuur word wat nie geblus kan word nie.

Om die rede maak 'n hele aantal kommentare tereg die opmerking dat die klem in hierdie gedeelte nie op Moses val nie, maar op wie by Moses is (Calvyn & Bingham, 2010; Deffinbaugh, 1998:5; Henry, 1994; Smith, 1993). Dieselfde gedagte kry ons in die woorde van

Paulus as hy sê: “Die geheimenis is Christus, en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind” (Kol. 2:2-3). ’n Gelowige moet dus sy identiteit in Christus soek, want in Christus word die mens waardig gemaak om sy roeping op te volg en te vervul. Paulus bely: “Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees” (2 Kor. 12:9). ’n Persoon wat in sy eie swakhede roem, is iemand wat nederig in Christus geanker is; daarom sien hy die ware aard van die struikelblokke raak. Hy sien dit as geloofstrappe om tot volle geestelike rypheid te kom (vgl. Rom. 8:28 & Jak. 1:2-4; Wiersbe, 1993).

Vir die gelowige leier is die woorde van God aan Moses van groot belang, want in Christus maak God dieselfde belofte aan hom (Matt. 28:19). Deffinbaugh (1998:5) beklemtoon hierdie waarheid soos volg:

> “The ‘great commission’ begins with the statement by our Lord, ‘All authority in heaven and on earth has been given to me’ (Matt. 28:18), and ends with, ‘Surely I will be with you always, to the very end of the age’ (Matt. 28:20). Divine authorithy is thus inseparably linked with divine presence.”

Dat Christus deur sy Gees in die gelowige leier teenwoordig is, beteken dat die leier die gesag het om Christus hier op aarde te verteenwoordig.[14] Met hierdie belofte wys God dus vir Moses wie hy – Moses – is. Sy identiteit word nie bepaal deur sy omstandighede nie, maar deur wie by Hom is.

“… die bewys… julle sal My by hierdie berg aanbid”

God maak aan Moses ’n belofte van die sukses wat hy in sy opdrag sal behaal. Die realisering daarvan sal ’n bewys wees dat dit inderdaad God is wat hom gestuur het. Die doel van die belofte was om Moses te inspireer om moed te hou en volkome op God te vertrou (Keil & Delitzsch, 1996; Smith, 1993). Dit is inderdaad ’n wonderwerk wat sal gebeur, soos Carson *et al.* (1994) dit beskryf, maar die voorwaarde vir hierdie wonderwerk is vertroue in Jahwe.

Die woord “aanbid”

Wat die betekenis van die woord “aanbid” betref, is daar reeds in die woordstudie daarop gewys dat “slawerny” een van die betekenisse van hierdie woord is.[15] In Egipte was die volk die slawe

---

[14] Kyk vers-vir vers-eksegese van *Eksodus 4:16 – “Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee”* (p. 122).

[15] Kyk die woordstudie in *3.4.2.3.1 Eksodus 3:12:* עָבַד – *“Aanbid”* (p. 110).

(Eks. 6:6) van die Egiptenaars (Hannah, 1985). Ná die uittog sal hulle nie meer onder die gesag van die farao van Egipte staan nie, maar onder die God van die heelal. Hulle sal sy eiendom en daarom sy diensknegte wees.

Keil en Delitzsch (1996) merk ook op dat God juis by hierdie berg met Israel die verbond gesluit het. God het beloof om hulle God te wees deur na hulle behoeftes om te sien en die volk het onderneem om gehoorsaam aan God te wees deur die wet wat by daardie geleentheid aan die volk voorgehou is, te gehoorsaam (Eks. 24); of anders gestel, hulle het beloof om getroue slawe van God te wees. Hulle bevestig hul onderneming deur eenparig te sê: "Ons sal alles doen wat die Here beveel het" (Eks. 24:3).

Eksodus 3:13 – "Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur…"

Moses se eerste rede (vs. 11) waarom hy nie vir hierdie roeping opgewasse is nie, is dat hy nie waardig is om voor die farao te verskyn nie. Vanweë sy onwaardigheid voel hy dat hy nie die farao sal kan oortuig nie. Die tweede rede (vs. 13) is dat hy nie glo dat hy in staat sal wees om die Israeliete daarvan te oortuig om te trek nie. Op sy eie het hy dus nie genoeg gesag nie (Hannah, 1985). 'n Ander benadering is om te sê dat waar die eerste vraag van Moses 'n soeke na sy identiteit is, is die vraag waarvan die aanhaling hierbo 'n deel vorm, 'n soeke na die identiteit van God (Carson *et al*., 1994)

"Wat is sy Naam?"

Hierdie vraag van Moses toon dat hy uit ervaring praat (Henry, 1994). Die vorige keer toe hy die Israeliete wou red, het hulle aan hom gevra: "Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons (Eks. 2:14)?" Hierdie keer wil hy 'n antwoord gereed hê. Deffinbaugh (1998:6) gaan verder en sê dat Moses die Israeliete moes inlig oor die karakter van God. Moses moes verduidelik dat dit God is van wie hy sy gesag ontvang en dat hy deur Hom na hulle gestuur word met die boodskap dat Hy hulle wil help.

"Wat moet ek dan vir hulle sê?"

Oor hierdie vraag van Moses maak Henry (1994) die belangrike opmerking dat die een wat in opdrag van God sy roeping wil uitvoer, biddend na die wil van God moet soek voordat hy sy opdrag uitvoer.

Eksodus 3:14 – "Ek is wat Ek is"

Smith (1993) skryf dat die tydeloosheid van God met hierdie uitdrukking beklemtoon word. Hannah (1985) en Hughes en Laney (2001) sluit daarby aan deur daarop te wys dat hierdie

naam van God se selfbestaan spreek: Hy is daar van ewigheid en Hy sal tot in ewigheid daar wees (Neh. 9:5). Daar is niemand soos God nie (Jes. 45:18) en Hy is van niemand afhanklik nie (Henry, 1994). Sy weë is onbegryplik, hoog bo die mens se begrip (Rom. 11:33-36). Uit die voorafgaande is dit duidelik dat hierdie naam van God die misterie van sy bestaan beklemtoon. God openbaar Hom met hierdie naam, maar terselfdertyd verberg Hy Hom ook daarmee (Van Zyl, 1993). Anders as al die ander name beperk die eienaam "Jahwe" God se natuur nie tot sekere karaktertrekke nie, want Hy is wie Hy is (Carson *et al*., 1994).

Eksodus 3:15 – "Die Here die God van julle voorvaders…"

Hierdie tweede naam waarmee God Hom aan Moses openbaar, is belangrik omdat God die eienaam "Jahwe" hier met "die God van julle voorvaders" verbind (Van Zyl, 1993). Die God wat hier met Moses praat, is met ander woorde dieselfde God wat met die voorvaders gepraat het, alhoewel Hy Hom nou met die naam Jahwe op 'n meer persoonlike wyse aan die volk bekendstel.

Verder dui hierdie tweede naam ook op die karakter van God soos wat Hy Hom reeds aan die voorvaders geopenbaar het. Hy is die alomteenwoordige wat die lewens van die aartsvaders gerig en bestier het (Hannah, 1985; Van Zyl, 1993). Daar is dus ook in hierdie tweede naam 'n noue verband met die "Ek is". Soos wat God getrou was aan die voorvaders, so is Hy steeds. Sy natuur verander nie. Hy is dieselfde God wat Moses se voorvaders aanbid het (Carson *et al*., 1994). Oor die manier waarop God Hom aan die mens openbaar, skryf Deffinbaugh (1998:11):

> "I am convinced that the measure of our faith is proportionate to our grasp of the greatness and the goodness of our God. I do not think that any person's faith will be any greater than their grasp of the greatness of God as the object of their faith."

Met hierdie woorde word beklemtoon hoe belangrik dit vir die leier is om God se grootsheid en majesteit te bestudeer. Die gelowige se geloof sal beperk word deur sy kennis van God. Dit vind aanklank by wat in die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 21 bely word. Die vraag is: "Wat is 'n ware geloof?" Die antwoord lui:

> "'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het." (Ursinus & Olevianus, 1619)

Geloof bestaan dus uit 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue. Indien die gelowige nie in sy kennis van God en vertroue in God groei nie, sal sy geloof ook nie sterker word nie.

Eksodus 3:19 – "Ek weet dat die Egiptiese koning julle nie sal laat gaan nie…"

Elwell (1995) skryf dat hierdie woorde van God se alwetendheid getuig. Henry (1994) merk op dat God steeds sy boodskappers na die farao stuur terwyl Hy weet dat die Farao se hart verhard is. As 'n leier dan met verharde mense moet werk, is dit vir hom vertroostend om te weet dat dit soms God se wil is dat die leier ook na daardie mense toe moet gaan om God se wil aan hulle bekend te maak, al is en bly hulle harte hard.

Eksodus 3:21-22 – "Ek sal ook sorg dat die Egiptenaars goed doen aan hierdie volk van My, sodat… julle nie met leë hande sal gaan nie"

Hieroor skryf Smith (1994) dat God se oorwinning oor Egipte so deeglik sal wees dat vrouens en kinders selfs met die buit in hulle hande sal wegloop. Vosloo en Van Rensburg (1999) sê dat die terme herinner aan oorlogsbuit wat weggeneem word. Moses word dus hier van 'n oorwinning oor die farao verseker sonder dat die Israeliete 'n vinger hoef te verroer. Van Zyl (1993) voeg by dat die buit Israel toegekom het aangesien die Egiptenaars verryk is deur die goedkoop slawearbeid van Israel.

Eksodus 4: 2-5 – "Gooi die kierie op die grond… op grond hiervan sal hulle glo…"

Van Zyl (1993) meen dat God met hierdie wonderwerk 'n aanknopingspunt by die omstandighede in Egipte vind, aangesien die Egiptenaars 'n hoë agting vir wonderdade en toorkuns gehad het (vgl. Eks. 7:11). Hannah (1985) maak die interessante opmerking dat 'n slang vir die Egiptenaars 'n simbool van mag en lewe was. Om die rede is die goddelike status van die farao's van destyds voorgestel deur 'n slang wat gewoonlik op die farao se kroon uitgekerf is. Die slang in die uitbeelding spoeg vuur op sy vyand om aan te toon dat die farao oor sy vyand sal heers en dat hy magtig is, alles weet en beheer het oor die natuur en vrugbaarheid (Anon., 2008). In Israel se geskiedenis verwys die slang altyd na die immerteenwoordige vyand wat die nageslag van die vrou wil uitwis (Gen. 3). Die slang verteenwoordig dus volgens Keil en Delitzsch (1996) die mag van die bose wat die oorhand in Egipte gekry het. Die konflik tussen die farao/gode en Moses/Jahwe waarna Bosman (2004:9) verwys, word beklemtoon deur die wonderwerk van die kierie wat slang word.

"Moses steek sy hand uit en gryp hom, en skielik word dit weer 'n kierie in sy hand…"

Wanneer Moses die slang aan die stert gryp, kry hy sy kierie weer terug, maar hierdie keer as die "staf van God" (Eks 4:20). Hiermee sou hy die plae oor Egipte bring (Eks. 7:10, 17; 8:5, 17;

9:23; 10:13 ens.; Keil & Delitzsch, 1996; MacArthur, 2006). Hierdie wonderteken getuig dat God aan Moses die krag sal gee om die mag van die Egiptenaars te oorkom. Dit is dus 'n wonderwerk wat verseker dat God in sy almag by Moses is (Elwell, 1995).

Eksodus 4: 6-7 – "Steek nou jou hand in die vou van jou klere… Toe hy dit uittrek, was dit melaats…"

Hierdie wonderwerk is sekerlik gekies op grond daarvan dat melaatsheid in die Ou Nabye Ooste een van die mees gevreesde siektes was omdat dit as ongeneeslik beskou is (Vosloo & Van Rensburg, 1999; Van Zyl, 1993). God wys die volk deur hierdie teken dat so seker as wat Hy oor siekte mag het, so seker het Hy ook die nodige mag om die volk uit Egipte te bevry van al hul liggaamlike en geestelike siektes. Keil en Delitzsch (1996) se gevolgtrekking is dat God se doel met die eerste wonderteken was om duidelik te toon dat Hy Moses as leier geroep het om sy volk te lei en die doel met die tweede wonderteken was om aan te dui dat Hy Moses met die nodige krag toegerus het vir die uitvoering van die opdrag.

Eksodus 4:8 – "As hulle jou na die eerste wonderwerk nie geglo het nie... behoort hulle jou na hierdie een wel te glo"

Die doel waarom die Here hierdie wondertekens vir Moses gee is volgens Durham (1998) om Moses se legitimiteit as leier van die volk te bewys. Dit is daarom opvallend dat God die een is wat die farao en die volk sal oortuig van Moses se legitimiteit as leier van die volk.

Eksodus 4:9 – "Die water wat jy uit die Nyl gevat het, sal dan op die grond bloed word"

Volgens Hannah (1985) het die Egiptenaars die Nylrivier as die bron van lewe en produktiwiteit gesien. Hierby kan Keil en Delitzsch (1996) se opmerking gevoeg word dat die Nyl selfs goddelike eer verkry het as die bron van alles wat goed is. Toe Moses die water in bloed laat verander het, kon niks meer van of in die water leef nie (vgl. Eks. 7:21). Hierdie wonderteken is dus 'n bewys dat God Moses selfs die krag gegee het om die lewegewende water van die Nyl in bloed te verander; daarom sal hy ook die krag ontvang om die farao en sy gode te vernietig (Keil & Delitzsch, 1996).

Eksodus 4:10 – "Ag, Here, ek kan nie goed praat nie…"

Welsprekendheid in die Egiptiese kultuur van daardie tyd is volgens MacArthur (2006) hoog aangeslaan. Moses moet dit deeglik besef het na sy 40 jaar ervaring in die farao se paleis. Stefanus skryf in die Nuwe Testament oor Moses dat hy onder al die Egiptenaars uitgeblink het in woord en daad (Hand. 7:22). Hannah (1985) merk op dat Moses – die Moses wat met God by die doringbos redeneer – duidelik nie dieselfde van sy vermoëns gedink het nie. Pure mens het

Moses dalk op sy swakheid gekonsentreer, is die suggestie van Vosloo en Van Rensburg (1993). Wiersbe (1993) redeneer in dieselfde trant as hy sê dat die kern van Moses se probleem was dat sy perspektief deur sy menslikheid bepaal is. Hy het op homself en sy tekortkoming gekonsentreer in plaas daarvan dat hy op God en sy almag vertrou het. Deffinbaugh (1998:5) se gevolgtrekking is: "What is important is not the instrument in God's hand, but the One in whose hand the instrument is being held."

Eksodus 4:11 – "Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie?"

Met hierdie woorde word beklemtoon dat God self vir Moses met die nodige wysheid sal toerus om in sy roeping te slaag. God sal self by hulle wees om in daardie belangrike oomblik die regte ding te sê, want dit is immers Hy wat aan die mens die vermoë gee om te praat, of die vermoë van hom weerhou (Durham, 1998).

Eksodus 4:12 – "Gaan nou, Ek sal jou help…"

Die opdrag van God word weer bevestig met 'n belofte waarmee God al die sondige besware van Moses verbied het (MacArthur, 1996). Moses het geen rede gehad om bang te wees oor wat hy vir die Farao moes sê nie, want God sou hom daarmee help. Selfs ná hierdie belofte was die praatprobleem 'n saak wat Moses verskeie kere voor die Here genoem het (vgl. 6:12; 28-30).

Dit is opvallend dat God nie hierdie gebrek van Moses wegneem nie. Dit was nie nodig om welsprekendheid aan hom te gee nie, want nóg die volk nóg die farao het na Moses en Aäron geluister omdat hulle welsprekend was, maar omdat hulle kon sien dat God by hulle was (Eks. 4:5; 30-31; 7:1; 8:19; 9:20; 27; 10:16-17). Dat dit duidelik was dat God met Moses was, het hulle oortuig! God self oortuig! Daarom sê Wiersbe (1993) dat God nie 'n persoon met welsprekendheid soek nie. Hy soek net 'n skoon vaas wat Hy met sy boodskap en sy Gees kan vul. Vosloo en Van Rensburg (1999) wys op die groot belofte van Christus aan sy dissipels as hy hulle uitstuur om dissipels te maak: "En onthou: Ek is by julle…" (Matt. 28:19-20). Christus belowe nie welsprekendheid en kennis nie, maar die teenwoordigheid van God deur sy Gees. Hy sal oortuig, elke dissipel moet net gewillig wees om aan sy opdrag gehoor te gee (vgl. ook 1 Kor. 3:6).

Eksodus 4:14 – "Toe word die Here kwaad vir Moses…"

Die ongegronde teenstand van Moses wek aan die een kant die toorn van God, wat wel gegrond is, maar aan die ander kant kom God se genade ook na vore. In sy voorsienigheid bestuur God die saak só dat Hy die kleingeloof van Moses te hulp kom en steeds sy wil laat

geskied (MacArthur, 2006). God besef dat Moses se onwilligheid die gevolg van sy swakheid is en daarom stuur Hy Aäron as 'n hulp vir Moses (Keil & Delitzsch, 1996). Vosloo en Van Rensburg (1999) se interpretasie is dat God se oneindige geduld daarin sigbaar word dat Hy die ongegronde besware wat mense dikwels opper, nie bloot ignoreer nie.

"Aäron… hy sal bly wees om jou weer te sien"

Van Zyl (1993) sê dat dit opvallend is dat hierdie familiebetrokkenheid genoem word, die vreugde van 'n broer om weer sy broer wat lank weg was, te kan sien. God weet dat hulle daarin vreugde sal vind.

Eksodus 4:16 – "Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee"

Die woord אֱלֹהִים ("God") word hier vertaal met die woorde "die een wat hom sy opdragte gee". Keil en Delitzsch (1996) verduidelik dit soos volg:

> "Aäron would stand in the same relation to Moses, as a prophet to God: the prophet only spoke what God inspired him with, and Moses should be the inspiring God to him. The Targum softens down the word 'God' into 'master, teacher.' Moses was called *God,* as being the possessor and medium of the divine word."

Carson *et al.* (1994) se woorde is dat God Moses as sy ambassadeur na die farao toe stuur. Moses is met goddelike gesag toegerus en die teken daarvan is sy kierie.

Eksodus 4:17 – "Hou nou die kierie… by jou"

Die genade van God word volgens MacArthur (2006) duidelik sigbaar wanneer God Moses se kleingeloof tegemoetkom en aan hom sê dat hy die kierie, waarmee die wonders gedoen gaan word, by hom moet hou; immers, die kierie van God (vgl. 4:20) is 'n konkrete versekering dat God gesag aan Moses gee.

Samevatting: Vers-vir vers-eksegese van Eksodus 3-4:17

Uit die vers-vir vers-eksegese van Eksodus 3-4:17 het heelwat openbaringshistoriese waarhede oor die leierskap van Moses na vore gekom. Dit sluit aspekte in soos wie God is, wie Moses was, die verhouding tussen God en Moses, die volk vir wie Moses as leier opgetree het en die verhouding tussen Moses en die volk. In die afdeling oor openbaringshistoriese betekenis van die gedeelte word aangedui hoe hierdie sake na Jesus Christus herlei kan word.

3.4.2.5 Openbaringshistoriese betekenis van Eksodus 3-4:17

Die openbaringshistoriese betekenis word benader deur twee basiese metodes wat deur Van der Walt (2006:23) verduidelik word, te gebruik:

- Die historiese benadering – "Dit gaan hier oor die verloop van die geskiedenis deur die jare, die lyn deur die eeue heen."
- Die vertikale benadering – "Sake word sistematies saam gegroepeer, en fasette wat by mekaar hoort, word saam behandel".

Al twee hierdie benaderings sal gebruik word na gelang van omstandighede. Die volgende opbenbaringshistoriese feite kom in hierdie gedeelte na vore:

3.4.2.5.1 Die brandende bos

In die eksegese van Eksodus 3:3[16] is daarop gewys dat 'n bos, boom of wingerd dikwels na die volk Israel verwys en daarom is dit waarskynlik dat die brandende bos ook die metaforiese betekenis het van die volk wat in Egipte onderdruk maar nie vernietig word nie. Die bos brand maar hy brand nie uit nie. In Deuteronomium 33:13-16 word die beeld van die doringbos ook gebruik: "Mag sy land deur die Here geseën word… met die beste uit die aarde en wat daarop is en met die toegeneentheid van Hom wat woon in die doringbos." Keil en Delitzsch (1996) se kommentaar op hierdie vers is die volgende: "The expression 'that dwells in the bush' is to be explained from the significance of this manifestation of God as shown at Ex. 3, which shadowed forth a permanent relation between the Lord and His people."

Die intieme en permanente verhouding[17] wat by die brandende bos ontstaan het, word later deur Jeremia omskryf: "Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat opskiet, 'n koning wat verstandig sal regeer. Hy sal die reg eerbiedig en regverdig regeer in sy land" (Jer. 23:5). Hierdie spruit verwys na die Messias wat juis uit die intieme verhouding tussen God en sy volk sal voortkom met die doel om die volk te verlos (Huey, 1993). Deffinbaugh (1998:11) merk op:

> "Just as the fire of God burned the bush but did not consume it, so the wrath of God was poured out on the Lord Jesus Christ, but did not consume Him. He died for our sins, but

[16] Kyk *Eksodus 3:3 – "Waarom brand die doringbos nie uit nie?"* (p. 112).
[17] Kyk *Eksodus 3:7 – "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien…" en "Ek het hulle lyding ter harte geneem"* (p. 113).

He was raised from the dead. Through Him, men can be delivered from the wrath of God on sinners."

Hierdie openbaringshistoriese lyn is 'n aanduiding van die manier waarop God deur die brandende bos openbaar hoedat die vrug van die intieme verhouding tussen Hom en sy volk sal uitloop op 'n Verlosser wat die vloek van die sonde op Hom sal neem. Die toorn van God as gevolg van die sonde is uitgegiet op Jesus, maar dit het Hom nie vernietig nie.

Samevatting: Die brandende bos

Hier moet die leier besef dat Jesus as die groot en magtige leier vooruitgegaan het om die vloek van die sonde op Hom te neem. Hy het die verhouding tussen God en sy volk herstel en die gelowige leier moet sy Leidsman hierin navolg. Hy moet die evangelie verkondig, al is dit ten koste van sy eie gemak of selfs sy eie lewe (Mark. 8:34-38).

3.4.2.5.2 Openbaring van die identiteit van God

Oor die openbaring van God se identiteit word drie sake beklemtoon.

God het medelye met sy volk

Eerstens het God medelye met sy volk. In die eksegese van Eksodus 3:7[18] word twee redes genoem as bewys van God se medelye met sy volk. Die eerste is dat God sy volk op daardie spesifieke tyd van die geskiedenis bevry het omdat Hy hulle "innig jammer gekry het". Soos 'n man self ook ly (emosioneel) wanneer hy sien hoedat sy vrou swaar kry, so was dit ook met God (vgl. 1 Kor. 12:26). Die medelye wat God met sy volk gehad het, het die dryfkrag agter die redding van die volk geword. Verder word God se medelye daardeur beklemtoon dat Hy self bereid was om af te kom en sy volk uit die mag van Egipte te red. Hy tree self op as Verlosser van sy volk!

Hierdie twee sake word verder beklemtoon in die verloop van die geskiedenis van die volk. Telkens word daarop gewys dat God sy volk jammer gekry het en hulle uit hul nood gered het (Deut. 30:3; Rig. 3:9, 15). God se medelye het 'n klimaks bereik toe Hy sy Seun na die wêreld toe gestuur het om sy kinders uit hul sonde-ellende te bevry. Hy was bereid om self mens te word om die ellende van die mens op Hom te kon neem. Christus het Hom blootgestel aan al die gevare wat die mens bedreig. Hy het die Satan, wat saam met sy magte soos 'n brullende

[18] Kyk *Eksodus 3:7 – "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien…"* (p. 113).

leeu op soek is na iemand om te verslind, kom oorwin. Die innige medelye van God sien mens in hierdie daad van liefde wat Hy aan die mens bewys het.

God is naby aan sy volk

Tweedens openbaar God dat Hy naby aan sy volk is. Soos in die eksegese van Eksodus 3:7[19] aangetoon is, kon dit vir die volk gevoel het of God nie naby is nie, aangesien hulle vir ongeveer 400 jaar niks van God gehoor het nie. Hierdie verhaal toon dat God geensins ver van hulle was nie. God het dit so bewerk dat Moses se ma hom in 'n biesiemandjie op die Nyl geplaas het sodat hy die moord op die kindertjies kon vryspring. God het dit verder so bewerk dat die farao se dogter Moses op die Nyl raakgesien het en teen alle redelike denke besluit het om hom soos haar eie kind groot te maak. God het dit so bewerk dat Moses vir die eerste 40 jaar van sy lewe in die farao se paleis grootgeword het om te leer wat dit beteken om 'n volk te regeer. God het dit so bewerk dat Moses daarna verplig was om na Midian te vlug waar hy vir die volgende 40 jaar van sy lewe geleer het om in die woestyn te oorleef sodat hy die volk daardeur kon lei. God het dit verder so bewerk dat Moses op die regte tyd gereed was om die volk te bevry. God was deur al die swaarkry naby aan sy volk, besig om sy verlossingsplan vir hulle uit te voer. Wat God in Eksodus 3 van sy nabyheid openbaar, word ook in die res van die openbaringsgeskiedenis beklemtoon.

Die tyd voor Jesus se koms herinner in besonder aan die gebeure voor Eksodus 3. Dosker (1915) noem die tyd wat tussen die Ou en Nuwe Testament verloop die "Dark period in the history of Israel", omdat daar vir ongeveer vier eeue geen profeet of geïnspireerde skrywer in Israel was nie. Van der Walt (2006:45) vul die stelling aan deur daarop te wys dat Jesus die doel wat die volk Israel nie kon bereik nie, uitgevoer het deur as't ware Israel se uittog uit Egipte te herhaal. Vir die volk kon dit dalk gelyk het of God nie daar was nie, maar Christus is die bewys van God se nabyheid.

Deur al die eeue kan die goue draad van God se voorsienigheid en nabyheid gesien word. Hy beskerm en bewaar sy kinders en laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet (Rom. 8:28). Christus se koms en sy bloed, wat vir die gelowige vergiet is, dien as bewys van hierdie waarheid. Omdat Christus vir die gelowige gesterf het, is daar niks in hierdie skepping wat hom of haar van God se liefde kan skei nie (Rom. 8:31-39). Die sonde, wat 'n skeiding tussen mens en God gebring het, is deur Christus weggeneem. Verder het God in die Ou Testament op 'n besondere manier onder sy volk kom woon. Die tabernakel was die woonplek van God. Nadat

[19] Kyk *Eksodus 3:7 – "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien…"* (p. 113).

Christus vir die sonde gesterf het, is God op ’n nog meer besondere manier by die gelowige. Hy woon in hom deur die Heilige Gees, wat hom vertroos en versterk tot in lengte van dae (Rom. 8:15-17).

God gebruik sy kinders in sy diens

In die derde plek gebruik God sy kinders in sy diens. Hoewel God by magte is om sy volk eiehandig uit Egipte te lei, is die wonderlike dat God verkies om ’n gebroke mens soos Moses, ’n eenvoudige skaapwagter van beroep, te gebruik om sy doel met die volk te bereik. God gebruik Moses as ’n instrument om nie net aan Israel nie, maar ook aan die farao te toon wie die ware God is. God openbaar Hom deur ’n eenvoudige mens wat nie eens vir sy opdrag kans gesien het nie. Hy roep Moses agter die skape weg om as instrument van verlossing op te tree. Hierdie openbaringshistoriese feit word deur die eeue beklemtoon. Die rigters, profete en konings is almal bewyse daarvan dat God dikwels die een kies wat glad nie deur mense gekies sal word nie (vgl. 1 Sam. 16:7; Jak. 2:5). Jesus Christus was ook nie die mens se keuse om as Messias op te tree nie; tog het Hy die belangrikste klip in die gebou geword (Matt. 21:42). God het juis vir Jesus Christus gestuur om die wonderlike Evangelie na die wêreld te bring.

Net so gebeur dit ook in die een en twintigste eeu dat God elke gelowige roep, hoe nietig of eenvoudig hy ook mag wees, om wonderlike koninkrykswerk te doen. Hierdie heerlike openbaring is van besondere betekenis vir die leier. Elke leier kom by ’n punt in sy lewe waar hy nie kans sien vir die opdrag wat God aan hom opgedra het nie. Daarom moet die leier besef dat God hom as ’n eenvoudige mens roep om sy koninkryk uit te bou. God sal al die nodige hulpbronne verskaf om van die opdrag ’n sukses te maak. Al wat God van die leier verwag, is gehoorsame gewilligheid.

Moses is ’n goeie voorbeeld van iemand wat met die nodige mag deur God toegerus is om sy opdrag uit te voer. Paulus beklemtoon op sy beurt die mag waardeur God in ons werk:

> “Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet… hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het.” (Ef. 1:18-20)

God werk in die gelowige leier met ’n krag wat ons nie kan begryp nie. Deur die Heilige Gees word die leier in staat gestel om sy opdrag met vrug uit te voer, want God is naby aan hom en Hy is ’n God wat ware medelye met hom het.

God openbaar Hom in Eksodus 3 as ’n God wat ware medelye met elke leier in sy besondere omstandighede het. Hierdie medelye het ’n hoogtepunt bereik toe Hy sy Seun gestuur het om die mens uit sy sondeslawerny te verlos. Hy is die God wat intiem naby aan elke leier is en Hy gebruik eenvoudige mense om koninkrykswerk te doen met die belofte dat Hy deur sy Gees aan hulle die krag sal gee om met vrug te kan werk. Elke leier moet in vertroue op God in die koninkryk arbei.

3.4.2.5.3 God se doel met sy kinders

Wat die doel van God met sy volk betref, kan ’n hele aantal afleidings uit die openbaringshistoriese eksegese van die perikoop Eksodus 3-4:17 gemaak word.

In die eksegese van Eksodus 3:12[20] is daarop gewys dat die volk slawe in Egipte was en dat die Here hulle uit Egipte bevry het om eerder sý slawe te word, want sy las is lig en sy juk is sag (Matt. 11:30). Volgens die Kategismus, Sondag 13b (Ursinus & Olevianus, 1619), beteken die naam “Here” dat jy die eiendom is van die persoon wat jy so noem. Hy is jou baas. Slawe in die ontstaanstyd van die Nuwe Testament het dus dikwels die naam “Here” gebruik om hulle eienaars mee aan te spreek. MacArthur (2010:25-27) wys verder daarop dat slawe in die Grieks-Romeinse wêreld as eiendom beskou is. Dit was van so aard dat slawe in die oë van die reg van daardie tyd eerder as “goed” of “besittings” as “mense” beskou is. Indien jy dus iemand se slaaf was, het jy aan daardie persoon behoort en was jy verplig om hom sonder teenstand te gehoorsaam. ’n Slaaf is dus totaal aan die genade van sy eienaar oorgelaat. Die realiteit hiervan kan in Eksodus gesien word. Alles het met die volk Israel goed gegaan totdat die volgende farao aan bewind gekom het – totdat die volgende eienaar oorgeneem het. God tree dan vir die volk in en neem hulle van Egipte oor as sy eiendom. Hy word hulle “Here”. Daarom staan daar in vers 12 dat die einddoel van die uittog sal wees dat die volk Israel God as hul Here by die berg sal aanbid.[21]

Die volk sal dus nie meer Egipte se eiendom wees nie maar God s’n. Ongelukkig is dit iets wat deur die geskiedenis van Israel vergeet is. Die volk het telkens in die versoeking geval om ander gode te aanbid, gode wat dit nie eens werd was om met die naam “god” aangespreek te word nie. Die koningstyd is ’n sprekende voorbeeld daarvan. In plaas daarvan dat die volk God

[20] Kyk *Eksodus 3:12 – “Ek sal by jou wees…”* (p. 114) en *“… die bewys… julle sal My by hierdie berg aanbid”* (p. 116).
[21] Kyk *Die woord “aanbid”* (p. 109) vir ’n verdere verduideliking van die eksegese van Eksodus 3:12.

as Koning nagevolg het, wou hulle eerder ’n aardse koning hê om te dien (1 Sam. 8). Hulle het geen waardering daarvoor gehad nie dat die God van Israel die enigste God is wie se juk sag is en wie se las lig is (Matt. 11:30).

Die Nuwe Testament wys dat die gelowige deur die prys wat Christus vir die sonde betaal het, finaal die eiendom van God geword het. Christus was bereid om die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word (Fil. 2:7). Sy bloed het die prys geword waardeur God die gelowige uit die mag van sy vorige eienaar (die sonde) verlos het. Elke gelowige is nou slaaf van God. Paulus verwoord dit in Romeine: “Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is en slawe van God geword het wat sy wil doen” (Rom. 6:18). In Christus is die gelowige nie meer slaaf van die sonde nie (Joh. 8:34) maar dienskneg van Christus.

Die genade van God is egter groter as net die verlossing! Sy genade is so groot dat die Here elke gelowige nie weer onder die juk van slawerny wil plaas nie. Alhoewel elke gelowige dit verdien om slaaf te wees, noem God die gelowiges sy kinders:

> “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: ‘Abba!’ Dit beteken Vader.” (Rom. 8:15)

Hierdie lyn kan dan nog verder getrek word. Dat elke gelowiges ’n kind van God is, bring mee dat hy ook ’n erfgenaam van al die rykdom van God se koninkryk is: “Jy is dus nie meer ’n slaaf nie; jy is nou ’n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak” (Gal. 4:7).

Samevatting: God se doel met sy kinders

Hierdie openbaringshistoriese lyn beteken dus baie vir die leier ten opsigte van sy identiteit in Christus. Hy word hierdeur geleer waar hy vandaan kom en waarheen hy op pad is. Hy was ’n slaaf van die sonde, maar deur die kosbare bloed van Christus is hy van die sonde vrygekoop om nie meer as slaaf te leef nie, maar as kind van God en as erfgenaam van die ewige saligheid in Christus.

3.4.2.5.4 God as “Jahwe”

’n Volgende openbaringshistoriese lyn wat getrek kan word, is die openbaring van God met die naam “Ek is wat Ek is” of “Jahwe”. In die eksegese van Eksodus 3:14[22] is daarop gewys dat

[22] Kyk Eksodus *3:14 – “Ek is wat Ek is”* (p. 117).

hierdie naam wat God aan Homself gee, die misterie van sy bestaan beklemtoon. Van der Walt (2006:174) verbind die ses "Ek is" uitsprake van Jesus in die Johannes-evangelie met hierdie openbaring van God in Eksodus 3. Al ses uitsprake begin met die woorde "Ek is" en daarna volg 'n beeld waarmee die toehoorders bekend was:

- "Ek is die brood van die lewe" (Joh. 6:35)
- "Ek is die ingang vir die skape" (Joh. 10:7)
- "Ek is die goeie herder" (Joh. 10:11)
- "Ek is die opstanding en die lewe" (Joh. 11:25)
- "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6)
- "Ek is die ware wingerdstok" (Joh. 15:1)

Met hierdie beelde lig Jesus die sluier oor wie Hy is effens op, terwyl Hy terselfdertyd aandui hoe ryk die begrip "Ek is" in betekenis is. Sy volle heerlikheid kan nie met die menslike verstand begryp word nie (1 Kor. 13:12).

Samevatting: God as Jahwe

Hierdie openbaring herinner die gelowige leier daaraan dat hy in die bediening staan van God, wat so heerlik is dat Hy nie met 'n enkele woord beskryf kan word nie. God is inderdaad in staat om oneindig meer te doen as wat die leier kan bid of dink (vgl. Ef. 3:20); daarom pas die naam Jahwe by God, want Hy is wat Hy is.

3.4.2.5.5 Die wondertekens – Die kierie word 'n slang

Die Godsopenbaring in die wondertekens wat God aan Moses gee, vervul 'n mens eweneens met verwondering. Soos in die eksegese van Eksodus 4:3 beskryf is,[23] het slange 'n belangrike simboliese betekenis gehad. Omdat 'n slang vir die Egiptenaars 'n simbool van mag en lewe was, is die goddelike status van die farao's van destyds voorgestel deur die simbool van 'n slang wat gewoonlik op die farao se kroon uitgekerf is. Die slang simboliseer heerskappy, mag, wysheid en beheer oor die natuur en vrugbaarheid.

In Numeri 21 sondig die volk teen die Here deur teen Hom en Moses uit te vaar: "Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe? Hier is nie brood en water nie, en ons is sat vir hierdie slegte kos" (Num. 21:5-6). Die begeerte na Egipte was groter as die verlange na God. Egipte het met ander woorde die sentrale plek van God in hulle lewe verdring. Ironies

[23] Kyk *Eksodus 4: 2-5 – "Gooi die kierie op die grond… op grond hiervan sal hulle glo…"* (p. 119).

genoeg het die Here toe giftige slange gestuur om die volk te pik. Die gode van Egipte waarna die volk so verlang het, het die dood oor hulle gebring. Toe Moses vir die volk by God intree, het Hy hom beveel om ’n koperslang te maak en op ’n paal te sit. Elkeen wat in die geloof na die slang opgekyk het, is genees. Die slang wat die oorsaak van die dood is, word dus die simbool van hoop. Dit is hoop omdat God se mag so groot is dat hy selfs die sonde van die volk kon oorwin.

In die Nuwe Testament figureer die koperslang weer as Jesus na Homself verwys: “Moses het die slang in die woestyn hoog op ’n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word…” (Joh. 3:14). Calvyn (1998a) verklaar hierdie gedeelte soos volg:

> “The metaphor is not inappropriate or far-fetched. As it was only the outward appearance of a serpent, but contained nothing within that was pestilential or venomous, so Christ clothed himself with the form of sinful flesh, which yet was pure and free from all sin, that he might cure in us the deadly wound of sin.”

Samevatting: Die wondertekens – die slang word ’n kierie

Die openbaringshistoriese betekenis van die wonderteken van die slang wat ’n kierie geword het, wys daarop dat Christus in die gedaante van die sondige mens sou kom om die mens uit die mag van die sonde te verlos. Hy is die Een wat oor al die gode sou kom heers! Vir die gelowige leier wys hierdie openbaringsgeskiedenis daarop dat daar in Christus ook hoop is op die vergewing van sy sonde. Deur Jesus Christus kry elke leier die krag om oor die sonde in sy lewe te heers.

Samevatting: Openbaringshistoriese betekenis van Eksodus 3-4:17

Dit is opvallend dat Moses in hierdie stadium van sy roeping presies die teenoorgestelde was van wat ’n goeie leier moet wees. God het hom nietemin, ’n onwillige en kleinmoedige mens, as leier aangewys om sy volk uit die slawerny van Egipte te bevry. Later het Hy Christus gestuur om sy kinders van sondeslawerny te verlos, maar anders as Moses het Jesus Christus die opdrag van God gewillig uitgevoer. Uit die geskiedenis leer ons God ken as die getroue, almagtige en deernisvolle God wat die ellende van sy kinders raaksien.

In die volgende gedeelte sal die ontwikkeling van Moses se leierskap ondersoek word met die oog daarop om vas te stel hoe die leierskapsbegrippe verder in sy leierskap gestalte gevind het.

3.4.3 Oorsigtelike eksegese – Numeri 11:1-35

Vir die oorsigtelike eksegese is Numeri 11:1-35 gekies. In die eksegese word die konteks van Numeri 11:1-35 uiteengesit, 'n vers-vir-vers-eksegese word onderneem en die openbaringshistoriese betekenis van die hoofstuk word ondersoek.

3.4.3.1 Die plek van Numeri 11 in die boek Numeri

Die boek Numeri neem die leser saam op die volk se veertig jaar reis deur die woestyn, volgens Dillard en Longman III (1994:86). Die outeurs wys verder daarop dat Numeri 'n belangrike oorgang in die geskiedenis van verlossing van Israel is, aangesien die dood van die eerste generasie wat uit Egipte bevry is, in hierdie boek opgeteken is (Dillard & Longman III, 1994:87). Die inhoud van hierdie boek word deur Budd (1998) in drie dele verdeel, naamlik:

A. Die samestelling van die gemeenskap by Sinai (1:1-9:14)
B. Die reis – terugslae en sukses (9:15-25:18)
C. Finale voorbereidings vir die vestiging in die beloofde land (26:1-35:34)

Numeri 11 val in die gedeelte wat handel oor die volk se reis vanaf Sinai tot by die beloofde land. Dit begin met die volk wat in gehoorsaamheid op bevel van die Here kamp opgeslaan het en op sy bevel getrek het (Num. 9:20). Elke keer as die volk kamp opslaan of wegtrek, het Moses God geloof en gedank vir oorwinnings en seëninge (vgl. Num. 10:35-36; Cole, 2000).

Cole (2000) wys daarop dat hierdie geloofsgehoorsaamheid vinnig verdwyn het toe die volk oor hulle omstandighede (Num. 11) begin kla het, nieteenstaande die goeie dinge wat God aan Israel beloof het (vgl. Num. 10:29). Ná die klagtes van Numeri 11 en 12 het Israel drie groot terugslae op die woestynreis ervaar, aldus Budd (1998).

Die eerste terugslag (Num. 13-15) het gekom toe die volk die tien verkenners geglo het wat kom vertel het dat die volk die land Kanaän nie kon ingaan nie omdat dit 'n land was wat dit vir sy inwoners onmoontlik gemaak het om daar te leef en dat die huidige inwoners boonop reuse was (Num. 13:32). Die gevolg van hierdie ongeloof van die volk was dat almal, met die uitsondering van die twee verspieders Josua en Kaleb, in die woestyn omgekom het. Die tweede terugslag was die opstand van Korag, Datan en Abiram en twee honderd en vyftig Israelitiese mans (Num. 16-19). Hulle het gemeen dat Moses en Aäron hulself bo die res van die gemeente verhef (Num. 16:3). Die gevolg van hulle opstand was dat die Here die hele gemeente wou vernietig, maar in antwoord op Moses en Aäron se smeekgebed was Hy die volk genadig. Net Korag, Datan en Abiram is saam met hulle gesinne deur die aarde ingesluk (Num. 16:32). Die derde terugslag was die sonde van Moses en Aäron (Num. 20). Hulle was

ongehoorsaam aan die opdrag van die Here. God het hulle beveel om met die rots te praat sodat daar water uit die rots kon kom. Moses het die rots egter uit woede geslaan. Die gevolg daarvan was dat Moses en Aäron ook nie die beloofde land kon ingaan nie.

Samevatting: Die plek van Numeri 11 in die boek

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die gebeure in Numeri 11 plaasgevind het net nadat die volk die Sinai berg verlaat het, met ander woorde nadat God sy wet deur Moses aan hulle gegee het en Hy Moses se gesag bevestig het, maar vóór die bogenoemde drie terugslae wat die volk getref het. Vir Moses se leierskap is dit belangrik om hierdie terugslae in gedagte te hou omdat dit vertel dat God ongehoorsaamheid nie ongestraf laat bly nie, ook nie Moses se ongehoorsaamheid nie.

3.4.3.2 Vers-vir-vers-eksegese van Numeri 11:1-35

Die doel van die eksegese is om te ondersoek hoe die leierskap van Moses op die tog deur die woestyn ontwikkel het en sodoende vas te stel hoe die leierskapsbegrippe wat in Hoofstuk 2 (vgl. 2.7, p. 94) geïdentifiseer is, in die fase van Moses se lewe gefigureer het. Dit was ’n tydperk waarin hy ’n opstandige volk deur verskillende krississe deur die woestyn moes lei en as middelaar tussen hulle en God moes optree.

Numeri 11:1 – “… Hy het kwaad geword en vuur onder hulle in gestuur”

God se toorn het op die volk losgebreek, maar Smith (1993) en Van Zyl (1993) wys daarop dat die genade van God selfs in sy oordeel sigbaar word omdat net ’n deel van die kamp verbrand het. Radmacher *et al.* (1999) voeg daarby dat die vuur van die Here as ’n waarskuwing gekom het, maar ook as instrument om te reinig aangesien dit net ’n deel van die kamp verbrand het. Vosloo en Van Rensburg (1999) herinner daaraan dat vuur dikwels in die Ou Testament as simbool van God se toorn en oordeel gebruik word. Hierdie verhaal vertel dus van God se straf, maar beklemtoon ook sy lankmoedigheid met ’n volk wat keer op keer gemurmureer het.

Numeri 11:3 – “… en hy het tot die Here gebid…”

Die werkwoord פָּלַל wat hier gebruik word en met “en hy het gebid” vertaal is, dui op ’n gebed wat as bemiddeling bedoel is (Cole, 2000). Elwell (1995) meen dat die uitkoms van hierdie gebeure aandui dat Moses se gebed namens Israel ’n bewys daarvan is dat hy ’n doeltreffende priesterlike bemiddelaar was. Volsloo en Van Rensburg (1999) wys daarop dat die middelaarsrol wat Moses vervul het, uitgebou is omdat die behoefte aan ’n tussenganger tussen God en mens geleidelik toegeneem het.

Numeri 11:4

Die volgende perikoop (Num. 11:4-35) beskryf die tweede krisis nadat die volk van die berg van die Here af weg is.

"… 'n onweerstaanbare lus vir vleis gekry… toe het die Israeliete self ook begin kla…"

Twee aspekte van die volk se opstand word volgens Cole (2000) in hierdie vers beskryf. Aan die een kant was dit die sondige begeerte na vleis. Daardie begeerte word beklemtoon met die herhaling van die woord אָוָה ("begeer"), eers as 'n werkwoord en direk daarna as 'n selfstandige naamwoord. Paulus sien hierdie begeertes as 'n waarskuwing: "Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie" (1 Kor. 10:6). Volgens die Mosaïese wet was dit nie verkeerd om vleis te eet nie. Calvyn en Bingham (2010) beklemtoon dat die begeerte na kos op sigself nie verkeerd is nie. Die begeerte na vleis word wel in bogenoemde vers as 'n sondige begeerte beskryf omdat die begeerte na vleis (wat eintlik na Egipte met al sy lekkernye verwys) vir Israel groter was as die begeerte na die land wat God aan hulle beloof het (Wiersbe, 1993). Keil en Delitzsch (1996) versterk die argument met die bewering dat die woord בָּשָׂר nie na 'n spesifieke soort vleis verwys nie, maar na vleis in die algemeen as 'n beter soort kos as manna. Die begeerte na Egipte wat beter kos gehad het, was dus groter as die begeerte na God. Daarom dat Van Zyl (1993) meen dat die klag liewer as 'n uittarting gesien moet word soos wat in Psalm 78:18-19 beskryf word.

Die tweede deel van die volk se opstand bestaan volgens Cole (2000) daaruit dat hulle oor hulle omstandighede gekla het. Dit is onverstaanbaar teen die agtergrond van Psalm 78:23-25, wat beskryf hoe God die wolke beveel het en die deure van die hemel oopgemaak het om die volk te voorsien van die koring van die hemel en die brood van die engele (Calvyn & Bingham, 2010). Boonop het God hulle ook verlos van die slawejuk wat hulle in Egipte moes dra. Hulle klag was dus ongegrond. 'n Gelowige se vergenoegdheid moet bepaal word deur wat God vir hom is en nie deur sy omstandighede nie (Fil. 4:12).

Numeri 11:5 – "Ons onthou nog die vis… komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel"

Hierdie kos wat die volk so nostalgies in herinnering roep, het hulle nie verniet gekry nie. Henry (1994) sê hulle het vergeet dat hulle 'n duur prys daarvoor betaal het. Hulle het daagliks harde handearbeid verrig en boonop is hulle mishandel en hulle kinders vermoor.

Numeri 11:6 – "Maar nou wurg ons"

Hierdie vertaling beklemtoon dat die volk oorvloedig kos gehad het, maar hulle was nie meer lus vir dieselfde kos wat elke dag aan hulle voorgesit is nie. Riggans (1983) verklaar hierdie woorde soos volg: "In other words, they are experiencing wilderness living with none of the varied luxuries they had known, and are sickened by the constant necessity to eat this nutritious but boring food." Soos daar verder in vers 7-9 aangetoon sal word, het die volk geen rede hoegenaamd gehad om ongelukkig te wees nie. Calvyn en Bingham (2010) wys daarop dat God aan hulle voedsel verskaf het wat sonder enige onkoste baie maklik was om voor te brei. Hulle het dus talle redes gehad om gelukkig te wees. Dit is inderdaad so dat diegene wat baie gelukkig kan wees hulself ongelukkig maak omdat hulle oor alles ontevrede is (Henry, 1994).

Numeri 11:7 – "Die manna was soos koljandersaad en het gelyk soos balsemgom"

Met hierdie woorde beklemtoon die skrywer dat die volk geen rede gehad het om in opstand te kom nie aangesien die manna wat God voorsien het volkome genoegsaam was vir die volk se behoefte (Cole, 2000). Henry (1994) sê dit mooi: "...it was not to be called *dry bread*, for it tasted like fresh oil; and, though it was still the same, yet, by the different ways of dressing it, it yielded them a grateful variety; it cost them no money, nor care, for it fell in the night, while they slept; and the labour of gathering it was not worth speaking of; they lived upon free quarter, and yet could talk of Egypt's cheapness and the fish they ate there freely."

Numeri 11:8 – "Dit het soos oliekoek gesmaak"

Die breedvoerige beskrywing van die manna dui volgens die mening van Cole (2000) daarop dat die aantygings wat in vers 6 gemaak word, vals is. Jamieson *et al.* (1997) vestig die aandag verder daarop dat die manna in sy rou vorm soos heuningkoek gesmaak het (Eks. 16:31). Die sondigheid van die volk is duidelik in die vers, want hulle was ondankbaar oor goeie kos wat in oorvloed aan hulle gegee is.

Numeri 11:10 – "… elke familie het by die ingang van sy tent gekla"

Volgens Swanson (1997) is daar slegs een semantiese veld vir die woord בָּכָה, naamlik "gekla" (NAV). Sy verklaring lui soos volg:

> "Weep, wail, cry, sob, mourn, i.e., to well-up tears in the eyes and have mild convulsions or spasms of the diaphragm, and often make vocal sounds of soft groaning or loud wailing, as a sign of sorrow and mourning."

Die gehuil van die volk was ’n walglike voorbeeld van gemaksugtigheid, beweer Calvyn en Bingham (2010). Die volk was versadig van die oorvloedige manna, maar hulle het gehuil asof hulle niks gehad het om te eet nie en hul lewens in gevaar was. Die valsheid het Moses kwaad gemaak.

“… en dit was ook verkeerd in Moses se oë”

Alhoewel Calvyn en Bingham (2010) meen dat dit die valsheid van die volk was wat in Moses se oë verkeerd was, wys Van Zyl (1993) daarop dat hierdie vers op twee moontlike maniere verstaan kan word. Die een moontlikheid is inderdaad die valsheid van die volk, soos Calvyn en Bingham hierbo voorstel, maar die ander moontlikheid is dat Moses kwaad was oor die volk se valsheid én die Here se toorn wat ontvlam het oor die klag van die Israeliete (vgl. ook Keil & Delitzsch, 1996). Die gebedsklag van Moses wat in vers 11-15 volg, bevestig hierdie afleiding van Van Zyl (1993); net so bevestig die sinskonstruksie van vers 10-11 die afleiding (Keil & Delitzsch, 1996). Elwell (1995) stel voor dat Moses ten diepste omgekrap was oor die volk se klag en toe God sy toorn oor die volk se klag bekend maak, het dit vir Moses gevoel of sy las nog swaarder word. Die gevolg was dat hy in ’n oomblik van swakheid teen God gesondig het.

Numeri 11:11 – “Moses sê toe vir die Here…”

Richards (1991) wys daarop dat daar een basies verskil tussen Moses se klag en die volk se klag is. Die volk het onder mekaar gekla, terwyl Moses sy klag in gebed na die Here toe geneem het. Dit toon dat Moses God geëer het en op Hom vir uitkoms vertrou het.

“Waarom behandel U my so sleg… dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?”

Dit is opvallend dat die valsheid van die volk Moses tot woede gedryf het en dat hy toe net soos die volk opgetree het (Smith, 1993). Moses het gemeen dat die verantwoordelikheid van die volk die grootste onheil was wat hom getref het, terwyl hy eintlik eerder verbaas moet gewees het dat God hom enigsins vir die besondere taak gekies het (Calvyn & Bingham, 2010). Henry (1994) meen dat Moses die eer wat God aan hom gegee het, gering geag het. God het immers sy lieflingvolk aan Moses se sorg toevertrou.

Verder het God wonderbare krag aan Moses gegee om die volk te verlos. Dit was op Moses se bevel dat die Rietsee (Eks. 14:21) voor die volk oopgegaan het sodat hulle met droë voete daardeur kon gaan. Dit was ook op sy bevel dat bitter water soet geword het (Eks. 15:25) en dat water uit ’n rots gevloei het (Num. 20:11). Moses se klag was dus ook vals omdat dit ongegrond was.

Numeri 11:12 – "Het ek dan swanger geword en hierdie hele volk in die wêreld gebring…"

In hierdie vers verwyt Moses die Here dat Hy die verantwoordelikheid vir sy seun (die volk), wat Hy alleen in die wêreld gebring het en aan wie Hy 'n land beloof het, aan hom – Moses – oorgegee het (Pfeiffer, 1962). Henry (1994) merk op dat Moses nie so verstandig soos gewoonlik opgetree het nie (vgl. Num. 11:2), aangesien die goddelike opdrag en roeping waaronder hy gestaan het nie meer vir hom voldoende was om die volk na die beste van sy vermoë te versorg nie. Calvyn en Bingham (2010) verklaar Moses se onverstandige optrede verder. Vir hulle lyk dit of Moses gedink het dat God net aan natuurlike ouers die nodige liefde en begrip gee om hul kinders se probleme op hul eie skouers te dra. In die geval was Moses dalk nie die natuurlike vader van die volk nie, maar deur sy goddelike opdrag en roeping het God Moses as geestelike vader van die volk aangestel.

Dit is nietemin belangrik om in te sien dat God nooit, soos wat Moses gesuggereer het, opgehou het om sy Vaderlike verantwoordelikheid teenoor sy volk na te kom nie. Hy het na die volk omgesien soos 'n moeder haar kind versorg. Daarom staan daar: "Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie" (Jes. 40:11).

Die leier moet erken dat God bereid is om saam met hom die verantwoordelikheid te dra en daarom moet hy elke dag vra wat sy wil is (Riggans, 1983).

"Dra hulle aan jou bors…"

Moses is volgens die mening van Henry (1994) vir elke leier die getuienis dat om in 'n magsposisie te wees soms 'n groot las kan wees. Vir die getroue leier beteken dit die las van versorging en moeite en vir die onverantwoordelike leier sal dit nog 'n groter las op die dag van Christus se koms wees (vgl. ook: Jak. 3:1; vgl. ook Budd, 1998).

Numeri 11:13 – "Waar sal ek die vleis vandaan haal…"

Hierdie klag van Moses getuig daarvan dat hy sy verhouding met God nie meer vanuit die regte perspektief gesien het nie en daarom het hy nie meer besef dat God magtig is om ook in hierdie omstandighede in sy volk se behoefte te voorsien nie (Cole, 2000). Henry (1994) sê dat Moses hierdie vraag so stel asof hý die huis in stand gehou het en nie God nie. Hy beklemtoon dat dit nie eens Moses was wat aan die volk brood gegee het nie (Joh. 6:32), maar God. Daar is ook nie van Moses verwag om aan hulle die gevraagde vleis te gee nie.

Numeri 11:14 – "Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie…"

Uit hierdie woorde kan afgelei word dat Moses se grootste probleem was dat hy die ontevredenheid van die volk alleen moes dra (Vosloo & Van Rensburg, 1999; Willmington, 1999). Calvyn en Bingham (2010) toon egter aan dat Moses juis nie alleen was nie. God het hom deur al die swaarkry deur sy Gees ondersteun. Die wolkkolom bedags en vuurkolom snags was 'n teken daarvan dat God by die volk was en vir hulle die pad wat hulle moes volg, aangewys het (Eks. 13:21).

Numeri 11:15 – "As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring…"

Hierdie woorde is 'n aanduiding van hoe Moses eerder deur die passievolle strewe na gerief as deur gehoorsaamheid aan God weggevoer is. Die begeerte na gemak het veroorsaak dat Moses begeer het om te sterf sodat sy swaarkry beëindig sou word, in plaas daarvan dat hy geduldig op God gewag het (Calvyn & Bingham, 2010). Wiersbe (1993), Cole (2000) en Smith (1993) wys op die aantal kere wat Moses die woord "ek" en "my" volgens vers 10-15 gebruik het, wat daarop dui dat sy groot bekommernis sy eie gemak in plaas van die eer van God was. Dit is dieselfde sonde wat hom later duur te staan sou kom omdat dit sou verhoed om die beloofde land binne te gaan (Num. 20:1-13; Radmacher *et al*., 1999).

Vosloo en Van Rensburg (1999) kom tot die gevolgtrekking dat die mens se geloof so diep is soos wat sy behoeftes en drange binne-in hom is. Paulus leer dat die gelowige se diepste begeerte na Christus moet wees: "Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood" (Fil. 3:10-11).

Om 'n goeie leier te kan wees, is dit dus nodig dat die leier intens moet begeer om Christus te ken. Christus moet eerste wees en nie die eie ek nie (Joh. 3:30).

Numeri 11:18 – "As ons tog net vleis gehad het om te eet; in Egipte was dit vir ons goed!"

Cole (2000) meen dat die woorde "... in Egipte was dit vir ons goed!" in sterk kontras staan met die reiniging wat moes plaasvind. Die reiniging van die volk het altyd gepaardgegaan met iets goeds wat God aan die volk gegee het of 'n wonderwerk wat Hy voor hulle oë gedoen het (vgl. Eks. 19:10 & Jos. 3:5; Pfeiffer, 1962). God was op die punt om weer iets goeds vir Israel te doen, iets wat in kontras gestaan het met die onderdrukking wat die volk in Egipte ondervind het. Verder wys Cole (2000) ook daarop dat hierdie woorde van die volk 'n teenstelling vorm met wat Moses vir Gobab in die vorige hoofstuk gesê het, naamlik: "Kom saam met ons. Ons sal jou goed behandel, want die Here het *goeie dinge* aan Israel beloof" (Num. 10:29; kursivering deur die outeur van die proefskrif).

Israel het vergeet dat die bron van goedheid in God alleen is. Hulle was slawe in Egipte en nou was hulle vry omdat God hulle bevry het.

Numeri 11:20 – "… 'n hele maand lank, totdat julle daarvan naar word…"

In die verhaal is die nietigheid van die genot wat die mens se sintuie verskaf vir Henry (1994) opvallend. Dit is tydelik en gaan verby. Geestelik genot is egter die teenoorgestelde. Daarom staan daar geskrywe: "En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe" (1 Joh. 2:17).

"… omdat julle die Here wat by julle is, getart het, en Hom verwyt het…"

Dat die volk Egipte as "goed" bo God gesien het, was lasterlik en getuig dat die volk God uitgetart het (Cole, 2000). Dat die volk spyt daaroor was dat hulle die toestand van slawerny verlaat het vir 'n staat van vryheid is volgens Pfeiffer (1962) 'n getuienis dat hulle God se beloftes en daarom God self verwerp het. Daarom sê Radmacher *et al.* (1999) tereg dat dit nie oor vleis of brood gegaan het nie, maar of die volk bereid was om God as hul God te dien.

Numeri 11:21 – "Hier is ek tussen ses honderd duisend mense…"

Calvyn en Bingham (2010) wys daarop dat ses honderd duisend heel moontlik die afgeronde getal is van die 603 550 weerbare man waarvan in Numeri 1:46 gepraat word. Moses verwys in Eksodus 12:37 ook na die ses honderd duisend. Uit bogenoemde teksgedeeltes is dit duidelik dat hierdie getal net na die weerbare man verwys; die vrouens en kinders is dus nie ingesluit nie.

"… en U sê U sal vir hulle vleis gee, sodat hulle 'n hele maand lank daarvan kan eet!"

Hierdie woorde getuig van Moses se kleingeloof (Van Zyl, 1993). Calvyn en Bingham (2010) meen dat Moses bekommerd was dat die volk God se naam sou laster en bespot indien Hy vleis aan die volk beloof het en hulle uiteindelik met leë hande sou terugstuur. Moses kon nie dink hoe dit moontlik kon wees dat die volk, wat uit meer as 'n miljoen mense bestaan het, vir 'n maand lank soveel vleis sou hê dat hulle naar daarvan sou word nie – asof God wat die manna aan hulle almal voorsien het nie deur dieselfde onbeperkte mag die vleis sou kon voorsien nie (Henry, 1994).

Numeri 11:23 – "Dink jy Ek het nie die mag nie?"

Calvyn en Bingham (2010) wys op die dwaasheid van die mens om God se grootsheid met sy verstand te probeer begryp. In Jesaja staan immers:

> "Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg?" (Jes. 40:12)

Henry (1994) stem saam dat hierdie woorde genoegsaam is om al die kleingeloof te verdryf. Die almag van God word verder beklemtoon deur die meer letterlike vertaling van die Ou Afrikaanse vertaling van Numeri 11:23: "Sou die hand van die HERE te kort wees?" Radmacher *et al.* (1999) merk op dat alle gelowiges hierdeur uitgedaag word om nie God se almag in te kort nie. Die menslike verstand is te klein om werklik te verstaan waartoe God in staat is en daarom moet die mens alleen in nederigheid voor God buig.

Numeri 11:24 – "Moses het vir die volk gaan vertel wat die Here gesê het"

Die vermaning van God was genoegsaam om Moses se twyfel te verdryf sodat hy sy opdrag kon gaan uitvoer (Calvyn & Bingham, 2010).

Numeri 11:25 – "… 'n deel van die Gees wat op Moses was…"

Die verdeling van die Gees beteken nie dat die Gees minder in Moses werksaam was as voor die gebeure nie (Cole, 2000). Keil en Delitzsch (1996) gebruik die beeld van iemand wat uit 'n enkele vlam 'n duisend vlamme aansteek en daarna is die oorspronklike vlam steeds net so helder soos voorheen.

"… maar daarna nie meer nie"

Die gawe om te profeteer was net vir 'n bepaalde tyd aan die sewentig mans gegee aangesien die hoofdoel van hulle aanstelling nie was om as profete op te tree nie (Calvyn & Bingham, 2010). Die gawe van profesie is 'n sigbare teken wat in hierdie geval alleen moes getuig dat God hierdie mans as leiers aangestel het (vgl. ook Smith, 1993; Keil & Delitzsch, 1996). Henry (1994) noem ook Saul as 'n voorbeeld (1 Sam. 10:10) van iemand by wie die gawe van profesie 'n teken van sy roeping was toe hy na sy salwing as koning 'n dag en nag lank geprofeteer het.

Numeri 11:26 – "Terwyl die Gees op hulle gerus het…"

Riggans (1983) verwys na die belangrike bemiddelingsrol wat Moses tussen God en die volk gespeel het. Afgesien daarvan dat daar toe baie profete in die kamp was, het dit Moses se taak gebly om as tussenganger tussen God en die volk op te tree (Num. 12:8). Hy noem dat net soos God met Moses gepraat het en Moses die boodskap aan die volk oorgedra het, so het God ook aan Moses sy Gees gegee en van Moses af het die Gees op die sewentig oorgegaan.

Numeri 11:28 – "Josua seun van Nun, van jongs af Moses se assistent…"

Dit kan wees dat Josua om sy mentor se onthalwe jaloers was en daarom het hy Moses versoek om hulle stil te maak (Smith, 1993). Keil en Delitzsch (1996) verduidelik verder dat Josua heel moontlik gedink het dat hierdie twee manne se profesie afbreek gedoen het aan die gesag van Moses, aangesien hulle hierdie gawe nie by die tent en daarom nie van Moses ontvang het nie, of dan ten minste nie deur sy voorspraak nie (Radmacher *et al.*, 1999). Die konteks toon egter dat Josua eerder op Eldad en Medad se posisie jaloers was (Henry, 1994; Van Zyl, 1993), aangesien daar juis in die stadium genoem word dat Josua van jongs af Moses se assistent was.

Dieselfde het ook gebeur met Johannes se dissipels, wat jaloers was op die eer en aansien wat Jesus ontvang het. Johannes se leerlinge het gemerk dat Jesus se bediening daartoe bydra dat Johannes se bediening skade lei en daarom vra hulle Johannes om raad (Joh. 3:26; Henry, 1994). Net so het die dissipels van Jesus ook iemand probeer keer wat in Jesus se naam bose geeste uitgedryf het (Mark. 9:38 & 39).

Riggans (1983) beklemtoon hoe belangrik dit vir die leier is om te besef dat God ook ander mense gebruik om hom in sy bediening te help, mense wat ook met die Gees toegerus is. Dit is nie 'n kompetisie nie maar 'n gemeenskap. Richards (1991) wys ook daarop dat dit 'n teken van geestelike onsekerheid en geestelike onvolwassenheid is om die belangrikste of enigste leier te wil wees. Hy meen dat 'n volwasse leier gretig is om te sien hoe ander leiers hul gawes ontwikkel en dat hy nie bang is om sy posisie te verloor nie. Hier dink 'n mens aan Paulus se woorde:

> "Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle my liefhet en weet dat dit my taak is om die evangelie te verdedig; maar eersgenoemdes maak Christus bekend uit selfsugtige en onsuiwere bedoelings. Hulle oogmerk is om die gevangenskap vir my nog swaarder te maak. Maar wat maak dit saak? In elk geval, of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak, en daaroor is ek bly." (Fil. 1:16-18)

Numeri 11:29 – "Bekommer jy jou oor my posisie?"

Dat Moses se sagmoedigheid en nederigheid hier sterk na vore kom, word deur Calvyn en Bingham (2010) opgemerk. Die rede vir Moses se opmerking is dat sy waardigheid hom nie weerhou het om aan iemand soos Josua, wat nog maar 'n jongman (Num. 11:27) was, 'n verduideliking te gee nie. Verder was die situasie ook nie vir hom 'n bedreiging nie omdat dit nie vir hom oor sy eie eer gegaan het nie (Keil & Delitzsch, 1996). Moses wou eerder sien dat die

hele volk deur die Gees toegerus word sodat hulle nie so ondankbaar sou wees nie en God sou vertrou om sy woord gestand te doen (Elwell, 1995; Pfeiffer, 1962). Budd (1998) meen dat die sagmoedigheid en nederigheid van Moses 'n teken van sy krag was (verg. 2 Kor. 12:9) en daarom is Moses in die opsig 'n voorbeeld om deur alle leiers nagevolg te word.

"Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê"

MacArthur (2006) sê dat Moses begeer en verlang na die dag wanneer die Gees van God op al sy kinders sal rus; daarom kyk Moses met hierdie woorde vorentoe na die nuwe verbond (Eseg. 36:22-27; Jer. 31:31; Joel 2:28) wat met Pinkster sal aanbreek (Hughes & Laney, 2001).

Numeri 11:31 – "Die Here het toe 'n wind gestuur en dit het kwartels van die see se kant af aangebring…"

Die Here gebruik verskillende instrumente om sy wil te laat geskied en een van die instrumente is die wind (Riggans, 1983). Die Here het dikwels die wind gebruik om sy volk te red of te straf (Noag – Gen. 8:1; Tien plae – Eks. 10:13). Cole (2000) voeg daaraan toe dat die wind wat van die see se kant af gekom het, aan die sterk wind herinner wat die Here 'n ruk tevore gestuur het om die see oop te kloof sodat die Israeliete op droë grond daardeur kon gaan (Eks. 14:21). Daardie wind het verlossing vir die Israeliete gebring, maar vernietiging vir die Egiptenaars. Net so het die wind oor die kamp gewaai om lewensmiddele aan die gelowiges te voorsien, maar ondergang aan die wat hulle deur hul sondige begeertes laat beheers het (Ef. 2:3; 4:22; vgl. ook Van Zyl, 1993; Calvyn & Bingham, 2010).

"… omtrent 'n dagreis ver na alle kante toe en omtrent 'n meter diep op die grond"

Die omvang van die gebeurtenis word beskryf deur drie mates: die breedte waarbinne die kwartels geval het, die diepte van die kwartels en die beskrywing van die hoeveelheid wat elke gesin bymekaar gemaak het (Cole, 2000). Keil en Delitzsch (1996) skryf dat dit God se doel was om aan die volk te wys dat Hy die mag het om vir hulle genoeg vleis vir 'n hele maand te gee en dat hulle hul oor hulle kleingeloof sou skaam.

Numeri 11:35 – "Van Kibrot-Taäwa af het die volk na Gaserot toe weggetrek…"

Die woord נָסְעוּ ("weggetrek") is dieselfde woord wat in vers 31 gebruik word waar daar beskryf word hoe die Here die wind "gestuur" het om die kwartels te bring. Riggans (1983) sê dat die wind én die volk deur God "beweeg" is om sy wil te laat geskied.

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese van Numeri 11:1-35

Uit die vers-vir-vers-eksegese van Numeri 11:1-35 kan die leierskapsbegrippe (soos geïdentifiseer in 2.8 (p. 96) op grond van die ontwikkeling van die leierskap van Moses in die woestyn aangevul word. In die bespreking van die openbaringshistoriese betekenis van die gedeelte word aangedui hoe daar deur die leierskap van Moses by Jesus Christus uitgekom word.

3.4.3.3 Openbaringshistoriese betekenis van Numeri 11:1-35

'n Hele aantal openbaringshistoriese waarhede kom in hierdie gedeelte na vore.

3.4.3.3.1 God is die lankmoedige God

Richards en Richards (1987) noem dat daar in Numeri 14:18 'n opmerking oor God gemaak word wat kenmerkend van hierdie gedeelte van Numeri is. Daar staan: "Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie" (Num. 14:18). In Numeri 11 kom daar drie gevalle voor waar God in lankmoedigheid en liefde optree; in al hierdie gevalle is dit egter ook duidelik dat God nie sonder meer vryspreek nie.

Lankmoedigheid in die vuur (vs. 1-3)

Die vuur wat die Here onder die volk ingestuur het, was 'n waarskuwing én 'n instrument om te reinig.[24] Na reg kon God die hele volk oor hulle opstand verdelg het, maar Hy het in sy genade besluit om sy liefde te betoon. Dit is dus duidelik dat God die volk gestraf het, maar sy lankmoedigheid met 'n volk wat keer op keer murmureer, word ook beklemtoon.

Lankmoedigheid in die volk se opstand (vs. 4-6)

In die eksegese van hierdie gedeelte[25] is daarop gewys dat die volk God deur hierdie opstand verwerp het as die Een wat voorsien en versorg. Hulle het Egipte met al die verdrukking en moord bo die liefde, genade en versorging van God verkies. Die genade, lankmoedigheid en liefde van God word sigbaar wanneer Hy die volk se klag met begrip en ondersteuning antwoord (vs. 18-20). God sal in hulle behoefte voorsien maar Hy sal hulle nie sonder meer

[24] Kyk *Numeri 11:1 – "… Hy het kwaad geword en vuur onder hulle in gestuur"* (p. 132).
[25] Kyk *Numeri 11:4 – "… 'n onweerstaanbare lus vir vleis gekry… toe het die Israeliete self ook begin kla…"* (p. 133) en *Numeri 11:5 – "Ons onthou nog die vis… komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel"* (p. 133).

vryspreek nie. Daarom word ’n deel van die volk wat hulle deur hul begeertes laat beheers het, met die dood getref.

Lankmoedigheid in Moses se opstand (vs. 10-15 & 21-22)

Met sy optrede het Moses hom aan dieselfde opstand as die volk skuldig gemaak. Hy het ook opgetree asof God nooit by hom was nie en asof hy die volk alleen moes dra, terwyl die Here hom keer op keer deur groot wonderwerke gehelp het. Die genade, lankmoedigheid en liefde van God word egter weer eens sigbaar toe God Moses se klag met begrip en ondersteuning beantwoord (vs. 16-17). Moses is egter steeds nie tevrede nie omdat hy nie glo dat God by magte is om vir die hele volk vir ’n maand vleis te voorsien nie. Hy bevraagteken dus God se almag. Die gevolg van sy kleingeloof is ’n ernstige vermaning van God (vs. 23), wat vir Moses genoegsaam is om sonder verdere teëpraat sy opdrag uit te voer.

Samevatting: God is die lankmoedige God

God openbaar Hom in Numeri 11 as die God wat waarlik lankmoedig en vol liefde is, maar Hy spreek niemand sonder meer vry nie. Elke gelowige moet besef dat hy voor God verantwoordelik is vir die keuses wat hy daagliks maak, maar die genade is dat wanneer ons bely dat ons gesondig het, is God genadig en vergewe Hy al ons sonde (1 Joh. 1:9-10). Ons dien ’n God wat waarlik geduld met ons tekortkominge het.

3.4.3.3.2 Die Bemiddelaar

Hierdie gedeelte kan nie gelees word sonder om iets te sê oor die bemiddelaarsrol wat Moses tussen God en die volk gespeel het nie. Die wonderlike effek van die bemiddelaarsgebed word in vers 2 beskryf, toe die gebed van Moses namens Israel verhoed het dat God die hele volk met vuur vernietig het. Verder is dit ook opvallend dat Moses se rol as bemiddelaar tussen God en volk van krag gebly het, al was daar ná hierdie gebeure ook ander profete onder die volk (Num. 12:8). Niemand was soos Moses nie.

Ook ná Moses was daar nooit weer ’n leier wat so ’n intieme verhouding met God gehad het nie. Wanneer Moses dus in Deuteronomium 18:15-17 na ’n profeet verwys wat onder die volk na vore sal kom en wat soos hy sal wees, is dit ’n wonderlike belofte wat na Christus verwys. In Fensham (1981) se kommentaar op Hebreërs 13:20 sê hy dat Moses die middelaar van die ou verbond was en Christus die Middelaar van die nuwe verbond. Christus was in alles ’n uitnemender Middelaar as Moses, aangesien Moses ook maar net ’n skadu was van die werklike Een wat sou kom. Paulus skryf: “Daar is immers net een God, en daar is net een

Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het” (1 Tim. 2:5-6).

Terwyl Moses (Num. 11:12-15) nie bereid was om die verantwoordelikheid as leier vir die volk op sy skouers te neem nie, het Jesus Christus ten volle verantwoordelikheid op Hom geneem. Hy was bereid om met sy lewe te betaal vir die ongeregtigheid van God se volk. Hy het die kruis van vervloeking (Gal. 3:13) in die gelowige se plek gedra sodat die gelowige nooit deur God vervloek hoef te word nie.

Samevatting: Die Bemiddelaar

Die Middelaar wat die gelowige leier in Christus het, is ’n inspirasie om die groot verantwoordelikheid van leierskap as ’n uitdaging te sien om te midde van beledigings en ontbering steeds met liefde te dien. Indien Moses soveel vir die volk as middelaar kon beteken, dink net wat Christus as Middelaar vir die gelowige beteken! Christus is immers die Middelaar wat ook medelye met elke gelowige se swakhede het (Heb. 4:15).

3.4.3.3.3 Begeerte na Christus gee vergenoegdheid

Begeerte is ’n term wat positief of negatief gebruik kan word.[26] In De Bruyn (2000) se boek oor die tien gebooie gee hy ’n goeie beskrywing van die tiende gebod wat op die volgende neerkom:

Begeertes kan positief wees

Begeerte is positief wanneer die góéie begeer word. Daarom is begeerte iets wat eie aan God is, aangesien daar telkens in die Bybel verwys word na God se begeerte (Job 23:13; Ps. 68:17; 132:13-14). Dat God sekere dinge begeer, wys ons dus daarop dat daar dinge is wat begeerte regverdig. God het die mens immers gemaak sodat sy hele lewe deur begeertes beheers word. Daar is byvoorbeeld die begeerte na kos wat meebring dat ons eet.

Begeertes kan ook negatief wees

Die verskil tussen die begeerte van God en die begeerte van die mens is dat die mens se begeertes ná die sondeval met die sonde besmet is. Ná die sondeval het die Duiwel ’n greep op die begeerte van die mens gekry en dit veroorsaak dat die mens nou ook die sonde begeer. Die *Heidelbergse Kategismus* (Ursinus & Olevianus, 1619) leer dat ’n positiewe begeerte negatief

[26] Kyk die vers-vir-vers-eksegese onder *Numeri 11:14 – “Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie…”* (p. 137).

word sodra iets begeer word wat in stryd met die gebooie van God is. De Bruyn (2000) gebruik die voorbeeld van 'n begeerte na kos, wat nie verkeerd is nie. Sodra daardie kos egter gesteel word, is dit verkeerd omdat die begeerte daarna belangriker as gehoorsaamheid aan God geword het. Dit is presies wat met die volk gebeur het. Hulle begeerte na vleis het vir hulle so belangrik geword dat hulle ongehoorsaam aan God was. Die begeerte het met ander woorde hulle god geword.[27]

Riggans (1983) se voorbeeld van iemand wat bid om deur ander raakgesien te word, is ook van toepassing.[28] Die begeerte om deur ander raakgesien te word, is kortsigtig. Dit hou dalk in dat mense die persoon in hierdie lewe eer, maar dit lei tot die dood, want so persoon het sy beloning klaar gekry (Matt. 6:5). Sy liefde vir eer het vir hom belangriker geword as liefde vir God; daarom leer Jesus net 'n hoofstuk verder: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee" (Matt. 6:33).

Die liefde wat Christus vir sy kerk het, staan in direkte kontras tot die liefde wat die volk (Ou Testament) en die kerk (Nuwe Testament) vir God het. Christus het so 'n groot begeerte na sy bruid (die volk/kerk) dat Hy sy lewe gegee het sodat sy van haar sonde gered kan word. Hy het die kerk met sy bloed vrygekoop. Dit is hierdie liefde van Christus wat die gelowige leier tot gehoorsaamheid aan God se wil aanspoor. Wanneer gehoorsaamheid nie die leier se grootste begeerte is nie, beteken dit dat sy begeerte na sonde groter is as die begeerte na 'n verhouding met die Heilige. Dit bedroef die Heilige Gees van God (Ef. 4:30).

Samevatting: Begeerte na Christus

Die leier se eerste en grootste begeerte moet wees om Christus te ken en Hom te dien. Die leier moet sy hart daarop rig om Christus te vind. Indien Christus nie die leier se grootste begeerte is nie, sal hy nooit vergenoeg wees nie. Hy sal altyd na iets anders hunker.

3.4.3.3.4 Ooreenkomste tussen die manna in die woestyn en Jesus die Christus

Die manna in die woestyn verwys in verskillende opsigte na Christus.

---

[27] Kyk die vers-vir-vers-eksegese onder *Numeri 11:14 – "Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie…"* (p. 137).

[28] Kyk die vers-vir-vers-eksegese onder *Numeri 11:31 – "Die Here het toe 'n wind gestuur en dit het kwartels van die see se kant af aangebring…"* (p. 141) en *"… omtrent 'n dagreis ver na alle kante toe en omtrent 'n meter diep op die grond"* (p. 141).

Heerlike voedsel en tog kla hulle

In die eksegese van Numeri 11:4[29] word daar op die ooreenkoms gewys van die volk wat oor die manna kla en die Jode wat mor wanneer Jesus Homself die brood van die lewe noem (Joh. 6:41). In albei gevalle is die oorsaak van die gekla geleë in hul ontkenning of ongeloof (Joh. 6:64) dat die voedsel wat hulle het, heerlik is.

Die wonderlike van die manna is:

- Dit is op 'n wonderbaarlike manier uit die hemel aan die volk voorsien.
- Sonder enige harde handearbeid kon die volk elke dag genoeg eet.
- Hulle kon die manna selfs gebruik om verskillende geregte te maak (vergelyk die eksegese van vers 7[30]).
- Die manna het soos heuningkoek gesmaak.

Die wonderlike van Christus is:

- Hy is op 'n wonderbaarlike manier uit die hemel deur 'n maagdelike geboorte aan die mensdom gegee.
- Deur net in Hom te glo (nie deur goeie werke nie) kry ons deel aan die rykdom wat daar vir ons in Christus opgesluit is (Ef. 3:8). In Christus kry ons al die nodige voedsel om die ewige lewe te ontvang.
- In Psalm 119 staan daar dat die Woord ("Jesus" – vgl. Joh. 1:1) soeter as heuning is.

Die volk het van die manna in die woestyn geëet sodat hulle nie in die woestyn van honger sou sterf nie. Jesus leer in Johannes 6 dat Hy by uitnemendheid beter as die manna van die woestyn is, aangesien die een wat van Hom eet in alle ewigheid nooit sal sterf nie (Joh. 6:48-58).

Net soos die Israeliete oor die manna gekla het, so het die Jode oor Jesus gekla (Joh. 6:41). Indien Christus nie in geloof aanvaar word nie, sal dit keer op keer op onvergenoegdheid, gemor en gekla uitloop. Eers wanneer die heerlikheid van Christus ontdek word, sal die blydskap in Christus volkome wees (Joh. 15:11).

---

[29] Kyk *Numeri 11:4 – "… 'n onweerstaanbare lus vir vleis gekry… toe het die Israeliete self ook begin kla…"* (p. 133).
[30] Kyk *Numeri 11:7 – "Die manna was soos koljandersaad en het gelyk soos balsemgom"* (p. 134).

Teleurstelling in die brood

Die volk was teleurgesteld in die brood en daarom roep hulle uit in vers 18: "… in Egipte was dit vir ons goed!" Hierdie afleiding word gemaak op grond van sekere materiële voordele (vis, komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel) wat die volk in Egipte geniet het. Israel het vergeet dat God alleen die bron van goedheid is.

In Markus 10:18 lees ons van die ryk jongman wat ook teleurgesteld van Jesus af weggeloop het. Toe hy by Jesus kom, het hy voor Hom neergeval en Hom "Goeie Leermeester" genoem. Jesus wys hom dan tereg deur vir hom te sê dat niemand goed is nie, behalwe God alleen. God alleen is die bron van alle goedheid en Christus het ook gekom om dit aan die wêreld te openbaar. Daaroor sê Evans (2001):

> "God is the source of all goodness. He fills the hungry with 'good' things (Luke 1:53). He gives δόματα ἀγαθά, 'good gifts,' to his children (Matt 7:11; Luke 11:13). 'Every good endowment and every perfect gift is from above, coming down from the Father of lights' (Jas 1:17). Jesus has come to announce the arrival of the kingdom of the God of Israel (Mark 1:14–15), the God who is the giver of all good things."

Tog was die antwoord wat die ryk man by Christus, wat die Brood van die lewe is, gekry het, nie vir hom aanvaarbaar nie. Hy het teleurgesteld weggeloop (Mark. 10:22). Die ryk jongman het net soos die volk vergeet dat God alleen "goed" is en dat die materiële dinge net tydelik "goed" is. Daarom staan daar ook in 1 Johannes 2:17: "En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe."

Samevatting: Ooreenkomste tussen die manna en Jesus Christus

Vir die gelowige leier is dit belangrik om hom biddend in die heerlikheid van Christus in te grawe. Indien hy nie besef wie Christus in sy liefde, almag en heerlikheid is nie, sal hy in wanhoop rondval op soek na hoop in materiële dinge waarvan die uiteinde teleurstelling sal wees. Eers wanneer hy die heerlikheid van Christus ontdek, sal die blydskap in Christus volkome wees (Joh. 15:11).

3.4.3.3.5 Om eerder dood te wees

Soos in die vers-vir-vers-eksegese van Numeri 11:35[31] aangetoon is, wys die woorde van Moses daarop dat hy eerder deur die passievolle strewe na gerief as gehoorsaamheid aan God

[31] Kyk *Numeri 11:15 – "As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring…"* (p. 137).

weggevoer is. 'n Verskynsel wat telkens by profete of leiers aangetref word as hulle moedeloos is, is dat hulle die begeerte uitspreek om eerder dood te wees. Cole (2000) en Riggans (1983) noem die volgende voorbeelde:

- Nadat Job deur diep beproewings is, het hy in Job 3 begin om sy geboortedag te vervloek. In vers 11 lei dit daartoe dat hy sê dat dit beter sou gewees het as hy by geboorte gesterf het. 'n Paar hoofstukke verder (Job 6:9) vra hy die Here om eerder sy lewe met sy hand af te kap.
- Jeremia het 'n soortgelyke ervaring gehad toe hy deur Pasgur gevang is en in Jerusalem in die tronk gegooi is. Hy het gevoel dat om die woord van die Here te verkondig net vernedering en bespotting inhou (Jer. 20:8). Sy omstandighede het daartoe bygedra dat hy sy geboortedag vervloek het:

  "Vervloek is die dag waarop ek gebore is, die dag waarop my ma my in die wêreld gebring het; mag dié dag altyd sonder seën wees. Vervloek is die man wat vir my pa die berig gebring het: 'Jy het 'n seun,' 'n berig wat hom baie bly gemaak het." (Jer. 20:14-15)

- In 1 Konings 19 lees ons dat die profeet Elia teenoor die Here kla het dat hy eerder wil sterf. Hy het vir die goddelose koningin Isebel gevlug wat hom om die lewe wou bring nadat hy vir God se eer opgekom het. Die vervolging het daartoe bygedra dat Elia tot God gebid het en Hom gevra het om eerder sy lewe te neem.
- Jona is nog 'n voorbeeld van 'n profeet wat die Here gesmeek het om sy lewe te neem (Jona 4:3). Die Here het Jona beveel om aan Ninevé, wat Israel se doodsvyand was, te verkondig dat God hulle sou straf indien hulle hul nie van hul sonde bekeer nie. Jona was kwaad omdat die Here aan Ninevé sy genade betoon het en hulle nie gestraf het nie toe hulle hul bekeer het. Jona wou eerder dood wees as om te sien hoe hierdie stad gespaar word.

Die gemene deler in al hierdie gevalle is dat die verwagting van die persoon van 'n sekere situasie nie dieselfde as die Here s'n is nie. Die gevolg is elke keer dat die persoon in plaas daarvan om voor God se wil te buig, eerder vra om dood te gaan. Telkens sien die persoon sy omstandighede nie meer uit die regte perspektief nie omdat hy nie glo dat God in sy almag in alle omstandighede en behoeftes kan voorsien nie.

In die opsig is Christus die volmaakte voorbeeld wanneer hy die krisisoomblik bereik dat die dood Hom in die gesig staar. Wanneer doodsangs Hom oorval, vra Hy nie dat God sy lewe moet neem nie, maar Hy bid: "My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied" (Matt. 26:42). Christus was bereid om sy hele

lewe as lewende en heilige offer aan God toe te wy (vgl. Rom. 12:1). Selfs in sy benoudheid het Hy steeds geweet dat God se wil vir Hom die beste is.

Samevatting: Om eerder dood te wees

Christus toon aan elke leier wat dit beteken om selfs in die moeilikste omstandighede steeds in vertroue die oë te rig op God, wat in beheer van elkeen se lewe is. Indien Christus bereid was om daardie kruis op Hom te neem, wie is die leier dan om in opstand te kom oor die teleurstelling of verdrukking wat hy in hierdie lewe moet ervaar (2 Kor. 4:17)! Die gelowige leier moet dus daarteen waak om nie God se almag deur sy menslike begrip van sake in te perk nie. Die menslike verstand is te klein om werklik te verstaan waartoe God in staat is en daarom moet die leier in nederigheid voor God se wil buig.

3.4.3.3.6 Openbaring oor die Heilige Gees

Die volgende sake word in hierdie gedeelte deur God oor die Heilige Gees geopenbaar:

Die werk van die Heilige Gees

Die Ou Testament leer van vroeg af dat wanneer die Heilige Gees oor iemand kom, Hy aan die persoon gesag en verskillende gawes kan gee. Voorbeelde van laasgenoemde is vakmanskap van die hoogste gehalte (Eks. 31:3), militêr-tegniese vaardighede (Rig. 6:34; 11:29; 13:25), die gawe van profesie (Jes. 61:1) en die vermoë om drome uit te lê (Gen. 41:38) – om maar 'n paar te noem (Riggans, 1983). Die Gees stel 'n persoon dus in staat om te doen wat God van hom verlang.

Verskillende kommentare is daarmee eens dat die werkplan van God wat in Numeri 11 openbaar word, sy klimaks bereik met die Heilige Gees wat met Pinkster oor al die gelowiges uitgestort is (Cole, 2000). Elke gelowige word deur die Heilige Gees toegerus om aktief en effektief diensknegte in God se koninkryk te wees.

Die Heilige Gees en die nuwe verbond – Die Gees in almal

Soos in die vers-vir-vers-eksegese van vers 24-26 aangedui is,[32] kan die Gees wat op die sewentig gekom het met die Pinkstergebeure in Handelinge in verband gebring word. Die wens

[32] Kyk *Numeri 11:24 – "Moses het vir die volk gaan vertel wat die Here gesê het"* (p. 137), *Numeri 11:25 – "… 'n deel van die Gees wat op Moses was…"* (p. 139), *"… maar daarna nie meer nie"* (p. 138) en *Numeri 11:26 – "Terwyl die Gees op hulle gerus het…"* (p. 139).

van Moses dat almal die Gees moet hê, verwys na die nuwe verbond wat met Pinkster sal aanbreek. Dit vind ook weerklank in Esegiël se woorde:

> "Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom." (Eseg. 36:26-27)

Dit word in die volgende woorde van Joël gehoor:

> "Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie." (Joël 2:28-29)

Hierdie aanhaling uit Joël bevat dieselfde woorde wat Petrus in sy preek met Pinkster gebruik het toe die Gees oor die gelowiges uitgestort is.

Die Nuwe-Testamentiese gelowige het die voorreg om met die Gees vervul te wees ongeag die aansien wat hy geniet. Al die gelowiges word deur die Gees toegerus met die nodige gawes om hul roeping te vervul, hoe groot of klein dit ook mag wees. God self rus hom of haar toe. Hierdie waarheid word bevestig in die Nuwe Testament wanneer ongeleerde en eenvoudige mense met gesag praat. Oor Jesus se dissipels word byvoorbeeld gesê: "Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense" (Hand. 4:13).

Samevatting: Openbaring oor die Heilige Gees

Twee belangrike sake word in Numeri 11 geopenbaar oor die persoon van die Heilige Gees, naamlik:

- Die Heilige Gees rus die gelowige toe met al die nodige gawes om sy werk in diens van God en sy koninkryk te kan doen.
- Die werk van die Heilige Gees word nie meer net tot enkele leiers beperk nie, maar Hy word vrylik aan al die gelowiges gegee.

Samevatting: Openbaringhistoriese betekenis van Numeri 11:1-35

As leier moes Moses dikwels as bemiddelaar tussen die volk en God optree. Hy moes hulle in die wet onderrig, vir hulle voorbidding doen en geduld met hulle opstandigheid hê. Soms was sy

taak te oorweldigend vir hom omdat hy God nie volkome vertrou het en het hy selfs begeer om te sterf. Sy ongehoorsaamheid het meegebring dat God hom ook gestraf het.

3.4.4 Samevatting: Eksegese van Eksodus 3-4:17 en Numeri 11:1-35

Dit is opvallend uit die dieptesnit-eksegese van Eksodus 3-4:17 en die oorsigtelike eksegese van Numeri 11:31-35 dat die stryd wat daar in elke gelowige tussen goed en kwaad heers (vgl. Rom. 7:19) ook in die lewe van 'n menslik gesproke "goeie leier" soos Moses na vore gekom het. In welke mate die ses leierskapsbegrippe wat in Hoofstuk 2 (vgl. 2.7, p. 94) beskryf is, in sy lewe gefigureer het, word in die volgende afdeling ondersoek. Die leierskapsbegrippe is die volgende: *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë.*

3.4.5 Figurering van leierskapsbegrippe in Moses se lewe

Om vas te stel in watter mate bogenoemde leierskapsbegrippe in Moses se leierskap gefigureer het, word die leierskapseienskappe van Moses wat uit die genoemde eksegese geïdentifiseer is, onder die verskillende leierskapsbegrippe georden. Aan die einde van die bespreking van elke leierskapsbegrip word *beginsels* afgelei waarop riglyne vir die leierskap van die leier gebaseer kan word.

3.4.5.1 Onderdanige vertroue

Afleidings uit die eksegese van Eksodus 3-4:17 en Numeri 11 oor die figurering van die leierskapsbegrip *onderdanige vertroue* in Moses se leierskap is die volgende:

- In die vers-vir-vers-eksegese van Eksodus 3:6[33] is daarop gewys dat Moses sy gesig toegemaak het en dat dit 'n bewys is dat hy skaam oor sy sonde én bang vir die God van sy voorvaders was. In hierdie opsig het Moses dus iets besef van die nodige ontsag wat 'n leier voor die Almagtige God moet hê.
- Die deel van onderdanige vertroue wat Moses nog nie verstaan het nie, word in die eksegese van Eksodus 3:12[34] verduidelik waar daarop gewys word dat God die volk vrygekoop het en dat hulle daarom volkome aan Hom behoort het. Die leier word op 'n soortgelyke manier van sy sondeslawerny met die bloed van Jesus Christus vrygekoop. Die

[33] Kyk *"Toe maak Moses sy gesig toe…"* (p. 113).
[34] Kyk *Eksodus 3:12 – "Ek sal by jou wees…"* (p. 115), *"… die bewys… julle sal My by hierdie berg aanbid"* (p. 116) en *Die woord "aanbid"* (p. 116).

gelowige is dus veronderstel om slaaf van God te wees; die genade van God is egter so groot dat Hy hom nie 'n slaaf maak nie, maar as sy eie kind aanneem (Rom. 8:15). Hierdie groot en barmhartige daad van God dwing elke gelowige om sy lewe as 'n lewende en heilige offer aan God te gee (Rom. 12:1-2), en dit lei tot onderdanige vertroue. Soos 'n kind sy pa met sy lewe kan vertrou, so moet die leier God ook vertrou. 'n Mens sien die vereiste onderdanigheid by Moses, maar die vertroue skiet nog ver tekort.

- In die vers-vir-vers-eksegese van Eksodus 3:15[35] word 'n belangrike les vir die gelowige leier voorgehou. Daar is gesê dat die vrae van Moses beklemtoon dat die leier se geloof nie groter as sy begrip van God as die objek van sy geloof kan wees nie. Dit is dus belangrik dat die leier 'n opregte begeerte moet hê om sy Verlosser beter te leer ken. Hoe groter die leier se kennis is, hoe groter sal sy geloofsvertroue wees.
- In die vers-vir-vers-eksegese van Numeri 11:14[36] is daarop gewys dat Moses se vertroue tekortskiet in die opsig dat hy onder die indruk was dat hy die volk alleen dra. God se teenwoordigheid was egter nie alleen deur sy Gees onsigbaar in Moses teenwoordig nie, maar ook op verskeie maniere sigbaar teenwoordig, byvoorbeeld in die wolk- en vuurkolom (Eks. 13:21), die see wat oopgegaan het en hulle vyand wat verdrink het (Eks. 14).
- Ná al die wonderwerke wat God al vir die volk gedoen het, het Moses steeds geen vertroue in God se vermoë gehad om vir die hele volk 'n maand se voorraad vleis te gee nie (kyk vers-vir-vers-eksegese van Num. 11:21[37]). Hy wou steeds God se groot krag met sy menslike verstand bereken in plaas daarvan om in nederigheid op God te vertrou.

In Numeri 11 is daar egter ook sprake van Moses se vertroue in God:

- Toe God se toorn oor die volk ontvlam het (vs. 1) en 'n deel van die kamp met vuur verteer is, het die volk paniekbevange na Moses toe gegaan. Omdat Moses op God vir uitkoms vertrou het, het hy in gebed tot God gegaan om hulp te vra.
- Verder word Moses se vertroue in God ook geopenbaar na 'n redenasie met God (vs. 24). Hy het wel God se almag in vers 21-22 bevraagteken, maar nadat God hom in vers 23 berispe het, het Moses in totale vertroue op God na die volk gegaan om God se plan aan hulle te openbaar.

---

[35] Kyk *Eksodus 3:15 – "Die Here die God van julle voorvaders…"* (p. 118).
[36] Kyk *Numeri 11:14 – "Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie…"* (p. 137).
[37] Kyk *Numeri 11:21 – "Hier is ek tussen ses honderd duisend mense…"* (p. 138) en *"… en U sê U sal vir hulle vleis gee, sodat hulle 'n hele maand lank daarvan kan eet!"* (p. 138).

Beginsels vir die onderdanige vertroue van die leier

Uit bogenoemde kan die volgende beginsels vir die onderdanige vertroue van die predikant as leier uit die leierskap van Moses afgelei word:

- Die leier moet die nodige eerbied en respek vir God hê en hom in nederigheid aan God se wil onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou.
- Die leier moet met geloofsvertroue aan God se beloftes in sy Woord vashou; daarom sal die leier ten alle tye vertrou dat God hom ondersteun en dra.
- Die leier moet God ken. Die leier se geloof kan nie groter wees as sy begrip van God as die objek van sy geloof nie.
- Die leier moet sy identiteit in Christus ken deur nie teen sy eie swakheid vas te kyk nie, maar die krag raaksien waarmee God in hom werk.
- Die leier moet wanneer almal rondom hom paniekerig is, God in gebed om hulp vra.
- Die leier moet in totale vertroue sy roeping aanpas by wat God deur sy Woord en Gees leer.

3.4.5.2 Status met verantwoordelikheid

Afleidings uit die eksegese van Eksodus 3-4:17 en Numeri 11 oor die figurering van die leierskapsbegrip *status met verantwoordelikheid* in Moses se leierskap is die volgende:

- In die eksegese van Eksodus 3:11[38] is daar bevind dat Moses se opvatting van sy identiteit beïnvloed is deur waar hy vandaan kom en wat hy van homself gedink het. Toe hy in die Farao se paleis gebly het, het hy moed gehad om die Israeliete te bevry, maar toe hy skaapwagter was, het hy nie kans gesien om die Israeliete te bevry nie. Hiervolgens kan die afleiding dus gemaak word dat wanneer ’n leier se status bepaal word deur die eer wat hy ontvang, hy hoogmoedig kan word wanneer hy in ’n posisie is waar hy baie eer ontvang, maar wanneer hy in ’n posisie is waar hy nie baie eer ontvang nie, kan dit tot ’n minderwaardigheidsgevoel lei. ’n Leier se status moet bepaal word deur wie hy in Christus is. As hy wil roem, moet hy in die Here roem (1 Kor. 1:31)!
- In die eksegese van Eksodus 3:12[39] is daar genoem dat God vir Moses daarop gewys het dat sy status bepaal sal word deur God wat by hom is. Vir die gelowige leier is dit dus belangrik om te besef dat God die belofte in Matteus 28:19 ook aan hom maak. God sal by hom wees en hom in staat stel om sy opdrag suksesvol uit te voer. Die nabyheid van God gee die leier die gesag om as God se verteenwoordiger op te tree. Sy status word dus nie

[38] Kyk *Eksodus 3:11 – “Wie is ék…”* (p. 114).
[39] Kyk *Eksodus 3:12 – “Ek sal by jou wees…”* (115).

bepaal deur sy beroep of die omstandighede waarin hy verkeer nie maar deur God wat by hom is.

- Daar is in die eksegese van Eksodus 3:13[40] bevind dat Moses nie geglo het dat hy genoeg gesag/status gehad het om met die farao en die volk te praat nie. God wys hom daarop dat sy status daarin geleë is dat God hom gestuur het. Hierdie status word weer deur God in Eksodus 4:12[41] bevestig wanneer God vir hom sê: "Gaan nou, Ek sal jou help." God sal die farao en die volk oortuig. God is net op soek na 'n skoon vaas wat Hy met sy Woord en Gees kan vul. Hierdie saak sluit aan by die eksegese van Eksodus 3:12[42] waar die onderwerp "slaaf van God" bespreek is. Elke leier moet besef dat hy met die bloed van Jesus Christus van sy sondeslawerny vrygekoop is. In Christus word die status van die leier dus verander van "slaaf van sonde" na "kind van God". Die leier is dus erfgenaam (Gal. 4:7) van al die goeie gawes van God en dit verleen aan hom die nodige status. Hierdie saak hou op sy beurt verband met die eksegese van Eksodus 4:16,[43] waarin daarop gewys is dat Moses en Aäron as ambassadeurs van God na die farao toe gegaan het. Waar kan 'n beter ambassadeur gevind word as God se eie kind wat Hom in hierdie wêreld verteenwoordig! Die gelowige leier soek dus sy status in sy verhouding met God.
- Die eksegese van Eksodus 4:4[44] handel oor Moses se staf wat God aan hom gee as simbool van die gesag wat God aan hom verleen. Net so is die Heilige Gees en die gawes wat deur die Gees aan die mens gegee word ook die bewys van die status wat God aan die leier gee.
- In die eksegese van Numeri 11:11[45] is aangetoon dat Moses die status/eer wat God aan hom gegee het, nie na waarde geag het nie. God het immers sy lieflingvolk aan Moses se sorg toevertrou. God het hom gekies om die leier van sy bruid te wees; tog was die verantwoordelikheid van die volk volgens Moses die grootste onheil wat hom getref het. Soms is dit vir die leier makliker om status te aanvaar as die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan.

---

[40] Kyk *Eksodus 3:13 – "Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur…"* (p. 117).
[41] Kyk *Eksodus 4:12 – "Gaan nou, Ek sal jou help…"* (p. 121).
[42] Kyk *Eksodus 3:12 – "Ek sal by jou wees…"* (p. 115), *"… die bewys… julle sal My by hierdie berg aanbid"* (p. 116) en *Die woord "aanbid"* (p. 116).
[43] Kyk *Eksodus 4:16 – "Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee"* (p. 122).
[44] Kyk *"Moses steek sy hand uit en gryp hom, en skielik word dit weer 'n kierie in sy hand…"* (p. 119).
[45] Kyk *Numeri 11:11 – "Moses sê toe vir die Here…"* (p. 135) en *"Waarom behandel U my so sleg… dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?"* (p. 135).

- In Numeri 11:21[46] wil Moses betrokke raak by iets wat nie sy verantwoordelikheid is nie deur aan die Here voor te skryf wat moontlik is en wat nie. 'n Goeie leier moet dus kan onderskei tussen wat sy taak en verantwoordelikheid is en wat hy aan God in geloofsvertroue moet oorlaat. As hy dit nie verstaan nie, sal dit daartoe lei dat die leier ook soos Moses hulpeloos voel.
- 'n Positiewe aspek van Moses se leierskap in Numeri 11 kom in die eksegese van vers 29 na vore waar daarop gewys word dat Moses se status nie verhoed het dat hy aan 'n jongman soos Josua 'n verduideliking van die gebeure gegee het nie. Sy status het met ander woorde nie meegebring dat hy op 'n jongman neerkyk nie. Hy het steeds in nederigheid teenoor hom reageer. Dat Moses nie bedreig gevoel het deur die situasie van ander profete wat saam met hom aansien ontvang nie, is 'n bewys dat Moses 'n insig in status met verantwoordelikheid gehad het. Moses het besef dat sy status nie van sy vermoë, aansien of prestasie afhanklik is nie, maar dat dit 'n gawe van God is. God bepaal wie en wat die leier is; daarom is dit nie nodig om deur ander bedreig te voel nie.

Beginsels vir die leier se status met verantwoordelikheid

Die volgende beginsels vir die leier se status wat met verantwoordelikheid gepaard gaan, kan uit die leierskap van Moses afgelei word:

- Die predikantleier se status mag nie afhang van hoe goed hy is nie, maar oor wie by hom is. Status is nie afhanklik van 'n persoon se vermoë, aansien en prestasie nie, maar van God wat status kan gee en neem.
- Die status waarvan hier sprake is, is 'n ereposisie omdat die leier dit van God ontvang. Die leier moet egter ook besef dat die status met verantwoordelikheid gepaard gaan.
- Die leier moet besef dat daar sekere dinge is wat nie sy verantwoordelikheid is nie maar God s'n.
- Status mag nooit verhoed dat die leier in nederigheid sy verantwoordelikheid teenoor sy ondergeskiktes nakom nie.

3.4.5.3 Gesag met liefde

Afleidings uit die eksegese van Eksodus 3-4:17 en Numeri 11 oor die figurering van die leierskapsbegrip *gesag met liefde* in Moses se leierskap is die volgende:

---

[46] Kyk *Numeri 11:21 – "Hier is ek tussen ses honderd duisend mense…"* (p. 138) en *"… en U sê U sal vir hulle vleis gee, sodat hulle 'n hele maand lank daarvan kan eet!"* (p. 138).

- In die eksegese van Eksodus 3:10[47] is daarop gewys dat God soms leiers roep om opdragte uit te voer wat menslik gesproke bo hulle vermoë is. Om so opdrag in gehoorsaamheid aan God uit te voer, dui aan dat die leier sy bestuursopdrag in absolute liefde vir God uitvoer. Dat Moses aanvanklik nie bereid was om die volk uit Egipte te gaan uitlei nie en dus nie bereid was om die gesag wat God hom toegestaan het, te aanvaar nie, getuig daarvan dat sy liefde vir God nog gebrekkig was.
- In die eksegese van Eksodus 4:6-7[48] word daarop gewys dat die doel van die teken van melaatsheid was om die volk te wys dat God hulle van hul geestelike en liggaamlike nood sal verlos. Moses bestuur hierdie mag/gesag wat aan hom gegee is met liefde wanneer hy God gehoorsaam. God voorsien Moses met die nodige mag, maar Moses het die verantwoordelikheid om dit in gehoorsaamheid/liefde te bestuur. Ook in die eksegese van die teks oor die teken van die water wat in bloed verander (Eks. 4:9)[49], is daarop gewys dat net soos Moses die krag ontvang het om die water in bloed te verander, so sal hy ook die krag ontvang om die farao en sy gode te vernietig. Hierdie gesag is aan Moses gegee om in gehoorsaamheid aan God gebruik te word. Vergelyk ook die eksegese van Eksodus 4:16,[50] wat handel oor die kierie van God as simbool van die gesag wat aan Moses gegee is.
- In die eksegese van Numeri 11 is daarop gewys dat al die wondertekens (vgl. Eks. 14:21; Eks. 15:25; Num. 20:11) wat Moses gedoen het, nie uit eie krag was nie maar deur God wat aan hom die mag gegee het om dit te kon doen (vgl. die vers-vir-vers-eksegese van vers 11[51]). Moses vergeet hierdie belangrike waarheid wanneer hy in vers 11-13 in opstand kom teen God wat volgens hom al die verantwoordelikheid op hom – Moses – afgelaai het. Hy vergeet dat dit telkens God is wat aan hom die mag gee om die wonderdade te verrig. Moses se wanbegrip van sy gesagsposisie veroorsaak dat die liefde in sy bestuur ontbreek.
- Die eksegese van Numeri 11:15[52] toon aan dat die woorde “ek” en “my” vooropstaan in Moses se gesprek met God. Die afleiding kan daarom gemaak word dat Moses se eie gemak en gerief vir hom belangriker was as die eer van God en om God in gehoorsaamheid lief te hê. Moses wou dus die gesag wat aan hom gegee is, gebruik om na sy eie belange

---

[47] Kyk *Eksodus 3:10 – “Daarom stuur ek jou na die farao toe…”* (p. 114).
[48] Kyk *Eksodus 4: 6-7 – “Steek nou jou hand in die vou van jou klere… Toe hy dit uittrek, was dit melaats…”* (p. 120).
[49] Kyk *Eksodus 4:9 – “Die water wat jy uit die Nyl gevat het, sal dan op die grond bloed word”* (p. 120).
[50] Kyk *Eksodus 4:16 – “Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee”* (p. 122).
[51] Kyk *“Waarom behandel U my so sleg… dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?*” (p. 135).
[52] Kyk *Numeri 11:15 – “As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring…”* (p. 137).

om te sien; daarom het hy versoek dat God hom om die lewe bring (vs. 15). Hy het dus die gesag sonder liefde bestuur.

- Waar die beginsel bestuur met liefde in Moses se leierskap duidelik na vore kom, is in Numeri 11:28 toe Josua ontsteld was omdat Eldad en Medad in die kamp besig was om te profeteer (vgl. die vers-vir-vers-eksegese van vers 28[53]). Josua wou hê dat Moses hulle moes beveel om daarmee op te hou. Moses bestuur sy gesag met liefde wanneer hy vir Josua daarop wys dat dit nie vir hom daaroor gaan om die belangrikste of enigste leier te wil wees nie. In hierdie geval gaan dit vir Moses daaroor dat God verheerlik moet word, of dit dan deur hom of deur ander gebeur.

Beginsels vir die leier se gesag met liefde

Uit die manier waarop gesag met liefde in Moses se leierskap gefigureer het, kan die volgende beginsels vir die leier se gesag met liefde afgelei word:

- As die leier God liefhet, sal hy aan Hom gehoorsaam wees; dus sal hy die gesag wat hy van God ontvang, uit liefde vir God in sy diens gebruik (vgl. Matt. 22:37-39).
- Gesag met liefde is alleen moontlik indien die leier besef dat God die bron van sy krag is. Sodra die leier weet dat hy tot alles in staat is deur God wat hom die krag gee (Fil. 4:13), sal hy nie in wanhoop verval wanneer hy voor die skynbaar onmoontlike te staan kom nie.
- Vir die leier moet God se eer vooropstaan in sy lewe sodat hy die gesag wat deur God aan hom gegee word, ook tot eer van God sal bestuur.

3.4.5.4 Herderlike leiding

Afleidings uit die eksegese van Eksodus 3-4:17 en Numeri 11 oor die figurering van die leierskapsbegrip *herderlike leiding* in Moses se leierskap is die volgende:

- Herderlik leiding word nog nie in Eksodus 3 en 4 in Moses se optrede gesien nie; inteendeel, sy optrede is presies die teenoorgestelde van wat herderlike leiding behoort te wees. In plaas daarvan dat hy met medelye en versorging teenoor die volk optree, is hy apaties en selfs hardvogtig genoeg om ná al die bemoediging van God te sê dat hy nie bereid is om die volk te lei nie (Eks. 4:13).

[53] Kyk *Numeri 11:28 – "Josua seun van Nun, van jongs af Moses se assistent…"* (p. 140).

- Een van die belangrikste eienskappe van ’n herder is om sy kudde te versorg. In die Eksegese van Numeri 11:12[54] kom Moses in opstand daarteen dat hy vir die versorging van die volk verantwoordelik is. Dit voel vir hom of hierdie taak op sy skouers alleen rus. Tog spreek die hele Bybel daarvan dat God nooit sy verantwoordelikheid as Vader laat vaar nie. God was altyd bereid om saam met die leier die verantwoordelikheid van die volk te dra (vgl. die eksegese van vers 12[55]). In aansluiting hierby wys Numeri 11 daarop dat herderlike leiding soms ’n groot las kan wees. Moses beskryf hierdie las deur te sê dat dit vir hom voel of God vir hom sê: “Dra hulle aan jou bors…” (vgl. die eksegese van vers 12[56]). Vir die verantwoordelike leier is dit ’n las van versorging en moeite, maar vir die onverantwoordelike leier sal dit nog ’n groter las wees die dag wanneer Christus kom en hy verantwoording moet doen vir sy dade (vgl. ook Jak. 3:1; Heb. 13:17).
- In die eksegese van Numeri 11:3[57] word die positiewe invloed van herderlike leiding geopenbaar. Moses tree vir die volk by God in sodat sy toorn oor hulle bedaar. Voorbidding is ’n baie belangrike deel van herderlike leiding aangesien die leier as die middelaar vir sy kudde optree.

Beginsels vir die leier se herderlike leiding

Vir die herderlike leiding van die leier kan die volgende beginsels uit die leierskap van Moses afgelei word:

- ’n Leier wat herderlike leiding gee, is iemand wat nie apaties staan teenoor die lyding en verdrukking van die mense wat hy lei nie.
- Die leier moet dikwels ten koste van homself sy kudde versorg. Sy troos is dat God hom nooit alleen met hierdie verantwoordelikheid laat nie.
- Die leier sal ook dikwels ervaar dat sy werk ’n groot las is, maar die hoop is dat hy sy beloning in die ewigheid sal ontvang.
- ’n Aspek van herderlike leiding is dat die leier as bemiddelaar tussen God en die kudde optree.

---

[54] Kyk *Numeri 11:12 – “Het ek dan swanger geword en hierdie hele volk in die wêreld gebring…”* (p. 136) en *“Dra hulle aan jou bors…”* (p. 136).
[55] Kyk *Numeri 11:12 – “Het ek dan swanger geword en hierdie hele volk in die wêreld gebring…”* (p. 135).
[56] Kyk *“Dra hulle aan jou bors…”* (p. 136).
[57] Kyk *Numeri 11:3 – “… en hy het tot die Here gebid…”* (p. 132).

3.4.5.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

Afleidings uit die eksegese van Eksodus 3-4:17 en Numeri 11 oor die figurering van die leierskapsbegrip *waarheidsbegronde regverdigheid* in Moses se leierskap is die volgende:

- In die eksegese van Eksodus 3:5[58] is daar op die simboliek gewys van sandale wat gewoonlik na 'n reis met stof bedek is en dat daardie vuil sandale uitgetrek moes word wanneer die mens voor God gestaan het. Net so is die leier wat voor God staan, met sonde bevlek. Voordat hy nie die waarheid insien nie, sal hy nie sy volgelinge met regverdigheid wat op waarheid gebaseer is, kan lei nie. Indien 'n leier in diens van God wil staan, moet hy bereid wees om sy sondigheid af te sterf deur sy sonde gereeld en eerlik voor God te bely.
- In die Eksegese van Numeri 11:10[59] is daar gewys op die valsheid van die volk toe hulle oor die kos (die manna) gekla het. Hulle het beweer dat dit sleg was, wat onwaar was. Die gemor van die volk was verkeerd in die oë van Moses. As hy dus die valsheid raaksien, doen hy dit op grond van sy insig in die waarheid.
- Die Eksegese van Numeri 11:11[60] toon aan dat Moses presies dieselfde valsheid as die volk getoon het. Moses het gemeen dat God die verantwoordelikheid van die volk op hom gelaai het, asof hy alleen in die stryd was, terwyl God hom heeltyd in hierdie verantwoordelikheid bygestaan het. Dit is daarom belangrik dat die leier sy optrede op die waarheid sal baseer om te verseker dat sy woorde en dade regverdig sal wees. Sodoende sal waarheidsbegronde regverdigheid ook in die leier se lewe seëvier.

Beginsels vir die waarheidsbegronde regverdigheid van die leier

- Die belangrike beginsel wat hier na vore kom, is dat die leier sy sondigheid voor God moet besef en dit gereeld in nederigheid en afhanklikheid voor God bely.
- Verder is dit ook belangrik dat die leier die waarheid moet liefhê. Hoe meer die leier sy optrede op waarheid bou, hoe meer sal hy sy optrede aan waarheidsbegronde regverdigheid kan meet.

3.4.5.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

Uit die eksegese van die geselekteerde Skrifgedeeltes kan afgelei word dat die begrip *geestelike onderskeidingsvermoë* soos volg in die leierskap van Moses gefigureer het:

---

[58] Kyk *Eksodus 3:5 – "Trek uit jou skoene…"* (p. 112).

[59] Kyk *Numeri 11:10 – "… elke familie het by die ingang van sy tent gekla"* (p. 134) en *"… en dit was ook verkeerd in Moses se oë"* (p. 135).

[60] Kyk *Numeri 11:11 – "Moses sê toe vir die Here…"* (p. 135) en *"Waarom behandel U my so sleg… dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?"* (p. 135).

- Die eksegese van Eksodus 4:11[61] toon aan dat alhoewel Moses onseker is, God hom met die nodige wysheid sal toerus om in sy roeping te slaag. Die wondertekens in Eksodus 4:1-9 is die bewys daarvan. Die gelowige leier kan 'n groot les hieruit leer. Soms kan dit gebeur dat hy onbekwaam voel om sy roeping uit te voer nog voordat hy begin het. Geestelike onderskeidingsvermoë is egter nodig om te vertrou dat God al die nodige gawes sal voorsien (Kol. 2:3).
- In die eksegese van Eksodus 4:8[62] is daarop gewys dat God die Een is wat die volk en die farao sal oortuig. In hierdie opsig skiet Moses ook nog tekort omdat hy nog nie die nodige onderskeidingsvermoë openbaar om dit in te sien nie. Moses se verantwoordelikheid is slegs om te getuig. Die gelowige leier moet daarom by Paulus leer dat alleen God die groei kan laat plaasvind (vgl. 1 Kor. 3:6).
- Volgens Numeri 11:11 ontbreek geestelike onderskeidingsvermoë by Moses wanneer hy dieselfde sonde as die volk begaan. Hy kla oor iets wat nie ten volle waar is nie, aangesien God hom telkens bygestaan en gehelp het (Eks. 13:21, 14:21, 15:25; Num. 20:11). Hy het nie die wysheid om in te sien dat God in beheer van die situasie is nie.
- Verder word Moses se onvermoë om geestelik te onderskei ook sigbaar in die eksegese van Numeri 11:21,[63] wanneer hy nie kan begryp hoe dit vir God moontlik sal wees om vir die volk genoeg vleis te gee om hulle vir 'n maand lank kos te gee nie. Intussen het God reeds 'n soortgelyke wonderwerk gedoen deurdat Hy met die manna daagliks genoeg kos vir die hele volk voorsien het om hulle aan die lewe te hou.
- Moses openbaar wel geestelike onderskeidingsvermoë in Numeri 11:11. Moses en die volk se klagtes was albei sondig, maar daar was 'n belangrike verskil. Die volk het onder mekaar gekla terwyl Moses met sy klag na die Here toe in gebed gegaan het. Dit toon dat Moses die nodige geestelike onderskeidingsvermoë gehad het om op God vir die nodige uitkoms te vertrou (vgl. die eksegese van vers 11[64]).

Beginsels vir die leier se geestelike onderskeidingsvermoë

Vir die geestelike onderskeidingsvermoë van die leier kan die volgende beginsels uit die leierskap van Moses afgelei word:

---

[61] Kyk *Eksodus 4:11 – "Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie?"* (p.121).

[62] Kyk *Eksodus 4:8 – "As hulle jou na die eerste wonderwerk nie geglo het nie... behoort hulle jou na hierdie een wel te glo"* (p. 120).

[63] Kyk *Numeri 11:21 – "Hier is ek tussen ses honderd duisend mense…"* (p. 138) en *"… en U sê U sal vir hulle vleis gee, sodat hulle 'n hele maand lank daarvan kan eet!"* (p. 138).

[64] Kyk *Numeri 11:11 – "Moses sê toe vir die Here…"* (p. 135) en *"Waarom behandel U my so sleg… dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?"* (p. 135).

- Die leier moet op God vertrou om aan hom die nodige wysheid te gee sodat hy sy roeping suksesvol kan uit voer.
- Die leier moet besef dat hy nie mense se harte kan oortuig nie en daarom moet hy dit geheel en al aan God oorlaat om dit op sy tyd te laat gebeur.
- Geestelike onderskeidingsvermoë is ook nou gekoppel aan die leier se verhouding met God. Hoe beter die leier God ken, hoe groter sal sy insig in moeilike omstandighede wees.

3.4.6 Samevatting: Figurering van die leierskapseienskappe by Moses

Dit is opvallend dat die leierskapsbegrippe positief en negatief in Moses se optrede figureer. Telkens wanneer hy in gehoorsaamheid aan God optree, is dit positief en wanneer hy ongehoorsaam is, negatief. Die positiewe begrippe en hulle negatiewe teenpole word hieronder teenoor mekaar gestel.

Positief – Onderdanige vertroue	Negatief – Opstandigheid
Positief – Status met verantwoordelikheid	Negatief – Wanbegrip van status
Positief – Gesag met liefde	Negatief – Gesag sonder liefde
Positief – Herderlike leiding	Negatief – Onsimpatieke leiding
Positief – Waarheidsbegronde regverdigheid	Negatief – Onregverdigheid
Positief – Geestelike onderskeidingvermoë	Negatief – Dwaasheid




Diagram 2: Uitbreiding van die leierskapsmodel op grond van Moses se leierskap

Hierdie nuwe begrippe kan dus by die model gevoeg word sodat dit soos volg uitgebeeld kan word: die mens is weens sy sondige natuur geneig om negatief op te tree, maar deur die vernuwende krag van die Heilige Gees word sy dade in positiewe optrede verander (kyk *Diagram 2: Uitbreiding van die leierskapsmodel op grond van Moses se leierskap*, p. 162)

3.5 Saul

Die tweede Ou-Testamentiese leier wie se leierskap ondersoek word, is Saul.

3.5.1 ’n Kort oorsig van die ontwikkeling van Saul se leierskap

’n Aantal momente in die ontwikkeling van Saul se leierskap word vervolgens bespreek:

3.5.1.1 1 Samuel 10-11 – Die begin van Saul se koningskap oor Israel (p. 162)
3.5.1.2 1 Samuel 13 – Saul offer uit vrees (p. 164)
3.5.1.3 1 Samuel 15 – Saul word as koning verwerp (p. 165)
3.5.1.4 1 Samuel 18:6-16 – Saul se wantroue in Dawid (p. 165)
3.5.1.5 1 Samuel 28 – Saul en die dodebesweerster (p. 165)

3.5.1.1 1 Samuel 10-11 – Die begin van Saul se koningskap oor Israel

Die eerste helfte van Samuel 10 beskryf hoe Samuel vir Saul in die geheim as koning gesalf het en in vers 9 word opgemerk: “Net toe hy omdraai om van Samuel af weg te gaan, het God Saul

se gesindheid verander. Al hierdie tekens het op dié dag uitgekom" (1 Sam. 10:9). Hierdie tekens het bevestig dat God by Saul as die koning van Israel was. Boonop het Saul ook saam met die profete begin profeteer, wat 'n verdere bewys is dat God deur sy Gees in Saul gewerk het (vgl. 1 Sam. 10:10-11). Die tweede helfte beskryf die verloop van die volksvergadering by Mispa, waar Saul deur die lot as koning aangewys is. Carson *et al*. (1994) merk op:

> "The point is nevertheless made that even now Saul is a modest and humble man, avoiding rather than seeking kingship. He was an impressive figure, however, and most of the assembly gave him instant recognition."

Terwyl 'n groot deel vir Saul dadelik erken het as koning was daar tog ook 'n deel wat hom nie erken het nie. In 1 Samuel 10:27 word daarop gewys dat die kwaadwilliges onder die volk Saul met minagting behandel het. Saul se omsigtigheid en grootmoedigheid bring egter mee dat hy hom nie daaraan steur nie (Jamieson *et al*., 1997).

Williams en Le Roux (2012:3) toon hoe God Saul se koningskap bevestig deur aan hom 'n oorwinning oor die Ammoniete te gee. Die Gees van God het kragtig in Saul gewerk (vgl. 1 Sam. 11:6) sodat hy nie soos die res van die volk bang was nie. Hy het die volk opgeroep en teen die Ammoniete opgetrek. Czovek (2002:171) beoordeel die optrede van Saul soos volg:

> "Saul's following resolute action is an essential aspect of charismatic leadership. Irresolute and independent Saul of chapters 9-10 is transformed into a leader who takes determined and independent action."

Hierdie goeie leierskap van Saul het die volk so positief teenoor sy koningskap gestem dat hulle dit opnuut in Gilgal bevestig het (vgl. 1 Sam. 11:14). Kim (2011:4) ondersteun hierdie siening deur te sê dat Saul deur die Gees van God in 'n ander mens verander is. Dit was so 'n beslissende verskynsel dat dit die volk oortuig het dat Saul die Godverkose leier moet wees.

Samevatting: Figurering van leierskapsbegrippe soos blyk uit die begin van Saul se koningskap

Die eerste deel van Saul se optrede as koning word baie positief beskryf. Die Here is by Saul en hy openbaar goeie leierseienskappe.

- Hy toon sy onderdanige vertroue deur nederig op God te vertrou om sy koningskap te bevestig en nie sy status met gesag en mag af te dwing nie.
- Hy bestuur sy gesag met liefde wanneer hy die mag wat aan hom as koning gegee word, in gehoorsaamheid aan God gebruik.
- Hy gee herderlike leiding omdat hy besorg is oor die volk en hulle beskerm deur leiding te neem in die geveg teen die Ammoniete.

3.5.1.2 1 Samuel 13 – Saul offer uit vrees

In Samuel 13 word die gebeure beskryf toe die Filistyne bymekaargekom het om teen Israel te veg. Die Israeliete het besef dat hulle in die moeilikheid is en daarom het hulle in spelonke, grotte, hol kranse, gate en droë putte gaan wegkruip. Die manskappe wat saam met Saul was, was doodbang. Saul het sewe dae vir Samuel gewag om 'n offer aan die Here te bring, maar toe hy sien dat sy manskappe begin dros, het hy self die offer aan die Here gebring, ten spyte daarvan dat Samuel hom uitdruklik beveel het om vir hom te wag (1 Sam. 10:8). Saul se bedoeling was dalk goed, maar Janzen (2005:142) meen dat die skrywer dit met hierdie verhaal baie duidelik maak dat Saul se keuse om die offer self te bring, 'n aanduiding is dat hy nie gewillig was om God se opdrag ten volle uit te voer nie. Saul wou hom dus nie onder die gesag van God stel nie.

Afgesien van Saul se ongehoorsaamheid, staan sy wantroue in God ook voorop. In plaas daarvan dat Saul gehoorsaam en gelowig op die Here gewag het, probeer hy die offers so gou moontlik afhandel sodat daar nie nog troepe dros nie. Czovek (2002:172) sê dat die gewag vir Samuel sake onnodig vertraag het sodat dit vir hom kon gevoel het of hy beheer oor die situasie verloor het. Saul se reaksie op hierdie gebeure toon daarom dat hy meer op homself as op God vir uitkoms vertrou het. Joo (2010:436) dink dat Saul se swak leierskap daarin na vore gekom het dat sy vrees die manskappe beïnvloed het om te dros. Sy meen dat hierdie soldate die dapper manne onder die Israeliete was, aangesien hulle nie soos die ander Israeliete in skuilings gaan wegkruip het nie (vgl. vs. 6). Die enigste rede hoekom hierdie dapper manne sou dros, was dat hulle leier bang was (vgl. ook Saul se vrees in 1 Sam. 15:24; 18:12, 15 & 29; 28:20).

Samevatting: Figurering van leierskapsbegrippe soos blyk uit Saul se offer uit vrees

1 Samuel 10:13 openbaar dat Saul se leierskap as gevolg van ongehoorsaamheid begin wankel het. Sy ongehoorsaamheid aan God was 'n teken dat hy die Here nie bo alles in sy lewe liefgehad het nie en daarom het hy nie die gesag wat hy van God ontvang het met liefde bestuur nie.

Die gevolg van sy ongehoorsaamheid was verder dat hy nie in onderdanige vertroue op die Here geleef het nie. Hy het veel eerder op sy eie kragte staatgemaak. Hy wou eerder self in beheer van sy lewe en koningskap wees as om op enigiemand anders te vertrou.

3.5.1.3 1 Samuel 15 – Saul word as koning verwerp

In die dieptesnit-eksegese van 1 Samuel 15 sal hierdie gedeelte in fyner besonderhede ondersoek word.[65]

3.5.1.4 1 Samuel 18:6-16 – Saul se wantroue in Dawid

Die oorsigtelike eksegese van 1 Samuel 18:6-16 sal op hierdie perikoop toegespits word om verdere ondersoek in te stel na die leierskap van Saul.[66]

3.5.1.5 1 Samuel 28 – Saul en die dodebesweerster

Wat hierdie gedeelte voorafgaan, is die stryd wat Saul met Dawid gevoer het. Saul wou Dawid met alle geweld doodmaak omdat hy geglo het dat Dawid 'n bedreiging vir sy koningskap was. Dawid het aan die ander kant twee keer (vgl. 1 Sam. 24:5; 26:8-9) die geleentheid gehad om Saul se lewe te neem en dit nie gedoen nie omdat hy op die Here vir uitkoms vertrou het (vgl. 1 Sam. 26:10-11).

In hoofstuk 27 word daar vertel hoedat Dawid by die vyand van Israel (die Filistyne) aangesluit het in 'n poging om buite bereik van Saul te wees. Toe Saul egter uitvind dat die Filistyne hul leër oproep om teen Israel te veg, het hy die hele Israel bymekaar gemaak en kamp opgeslaan teenoor die Filistyne. Toe Saul die kamp van die Filistyne sien, het hy egter bang geword. Hy het die Here geraadpleeg, maar die Here het hom nie geantwoord nie. Omdat God Saul se noodroep nie vóór die oorlog beantwoord het nie, wend Saul hom tot die ondenkbare. Hy besoek die dodebesweerster in En-Dor (Williams & Le Roux, 2012:4), waar hy die volgende boodskap kry: "Die Here sal Israel saam met jou in die mag van die Filistyne oorgee, en môre sal jy en jou seuns by my wees" (1 Sam. 28:19). Hierdie boodskap wat Saul van Samuel ontvang het, is volgens Williams en Le Roux (2012:4) moontlik die rede hoekom Saul sy eie lewe geneem het (vgl. 1 Sam. 31:4).

Saul het eerder op homself vertrou as om aan die Here gehoorsaam te wees en op Hom te vertrou. Mundhenk (2006:31) wys op die teenstelling tussen Dawid, wat op God vertrou, en Saul, wat teen sy beterwete God se opdrag verontagsaam en eerder 'n dodebesweerster raadpleeg as om op God te vertrou, ongeag die gevolge. Saul gaan na 'n dodebesweerster toe om sy probleem op te los, terwyl Dawid op God vertrou om sy probleem (vgl. 1 Sam. 28:1) op te los (Mundhenk, 2006:41)

---

[65] Kyk *3.5.2 Dieptesnit-eksegese – 1 Samuel 15* (p. 166).
[66] Kyk *3.5.3 Oorsigtelike eksegese – 1 Samuel 18:6-16* (p.183).

Samevatting: Figurering van leierskapsbegrippe soos blyk uit Saul se besoek aan die dodebesweerster

Die laaste deel van Saul se lewe openbaar hoe eensaam Saul as 'n leier sonder God was. Hy het alles in sy eie krag probeer doen en dit het veroorsaak dat sy vrees net toegeneem het, in so 'n mate dat hy uiteindelik besluit het om sy eie lewe te neem (1 Sam. 31:3).

Vir die gelowige leier is dit daarom belangrik om te besef dat 'n vredevolle leierskap alleen moontlik is wanneer die leier bereid is om sy lewe in onderdanige vertroue aan die Here te onderwerp.

3.5.2 Dieptesnit-eksegese – 1 Samuel 15

In die dieptesnit-eksegese van 1 Samuel word 'n metode soortgelyk aan die dieptesnit-eksegese van Eksodus 3-4:17 gevolg: die plek van die boek Samuel in die Bybel en die plek van Hoofstuk 15 in die boek Samuel word aangedui; twee Hebreeuse sleutelwoorde word ontleed; 'n vers-vir-vers-eksegese word onderneem; ten slotte sal daar besin word oor die openbaringshistoriese betekenis van die voorafgaande uiteensetting.

3.5.2.1 Die plek van die boek Samuel in die Bybel

Volgens Bergen (1996) is 1 en 2 Samuel deel van die Hebreeuse Bybel wat die kleinprofete genoem word en wat Josua tot 2 Konings insluit (Rut is uitgesluit). Hy beskryf die doel van die kleinprofete soos volg:

> "Its overarching purpose is to affirm and explain the teachings of the Torah. Particularly prominent in the Former Prophets are narratives that demonstrate the influence of the Lord's prophets in Israel's history. At times their influence eclipsed that of the kings, perhaps explaining why this section title includes the word 'prophets'."

Die boek Samuel is dus deel van 'n groter geheel waarin die kleiner profete 'n duidelike rol speel en wat spesifiek toegespits is op die verklaring en bevestiging van die wet van God. Dillard en Longman III (1994:135) sê die volgende oor die boek Samuel:

> "The book of Samuel tells the story primarily of three individuals: Samuel, Israel's last judge; Saul, her first king; and David, the founder of a dynasty that would endure for over three centuries. It is a book about transition – transition from theocracy to monarchy. Under the theocracy God had provided the periodic leadership needed by the people; now leadership would be institutionalized and hereditary."

Bogenoemde vestig die aandag daarop dat die boek Samuel vertel hoe die volk Israel van ’n teokratiese volk (een wat deur God bestuur is) oorgegaan het na ’n monargiese volk (een wat deur ’n koning – ’n mens – bestuur word). Vosloo en Van Rensburg (1993) meen dat die boek Samuel ‘n vierledige doel het:

> “Om die tekortkomings van die ou bedeling onder rigters en priesters aan te toon, om die instelling van die koningskap in Israel te beskryf, om aan te toon waarom Saul se koningskap nie voortgesit is nie, en om die verkiesing en opkoms van Dawid te skets.”

Samevatting: Die plek van die boek Samuel in die Bybel

Samevattend kan dus gesê word dat die gebeure in die boek Samuel ’n belangrike rol speel in die oorgang van die teokratiese na die monargiese regering van Israel. ’n Mens verwag dat die leierskapsbegrippe in Saul se koningskap geïdentifiseer sal kan word omdat hy die eerste koning was wat deur God aangewys is om oor sy volk te regeer.

3.5.2.2 Die plek van 1 Samuel 15 in die boek Samuel

Hanna se versoek om ’n seun te hê (1 Sam. 1:11) is volgens Dillard en Longman III (1994:141) een van die samebindende temas in die boek Samuel omdat die Hebreeuse woord met die stam שָׁאַל (“vra” of “versoek”) ’n woord is wat telkens voorkom wanneer die volk die Here versoek om aan hulle ’n koning te gee (1 Sam. 8:10; 12:13, 17, 19). Dillard en Longman III (1994:141) wys ook daarop dat dit dieselfde stam is wat in Saul se naam voorkom. Hy sê: “When God grants Hannah’s request for a son, the narrator finds in it an artistic prefiguring of the larger story about how and why God grants a king to Israel” (Dillard & Longman III, 1994:141). Hanna se gebed, wat deur God in onverdiende genade verhoor is, was ’n ingrypende gebeurtenis in haar lewe; die versoek van die volk om ’n koning te hê, was eweneens ’n ingrypende gebeurtenis in hulle geskiedenis. Vandat God die volk uit Egipte gelei het, was Hy hulle Koning, wat na hulle omgesien het, maar nou het die volk versoek om net soos die ander volke deur ’n aardse koning regeer te word. Saul is die eerste koning wat deur God aangewys word.

Dillard en Longman III (1994:141) wys op ’n tweede belangrike tema wat met hierdie studie verband hou: “Another important theme in these narratives is the reversal of fortune. The rejection of Eli provides a rationale also for the rejection of Saul.” In aansluiting hierby wys Vosloo en Van Rensburg (1993) daarop dat Eli en Saul voorbeelde is van mense wie se lewens op wonderlike maniere begin het, maar met groot pyn en hartseer geëindig het omdat hulle God se wil op die agtergrond geskuif het. 1 Samuel 15 beskryf die dieptepunt van die

ongehoorsaamheid wanneer God in reaksie op Saul se ongehoorsaamheid aankondig dat Hy hom as koning sal verwerp.

Teenoor die ongehoorsaamheid van Saul as koning word Dawid in die tweede deel van 1 Samuel voorgehou as die man na God se hart. Bergen (1996) brei op die teenstelling uit:

> "Saul is first portrayed as a bad shepherd; David, as a faithful shepherd; Saul is a king such as the nations have; David is a king after Yahweh's heart; Saul disobeys the Lord repeatedly throughout his career; David, only once. When confronted, Saul confesses his sin only begrudgingly; David, without hesitation."

Samevatting: Die plek van 1 Samuel 15 in die boek Samuel

Samevattend kan dus gesê word dat dit 'n ingrypende moment in die volk se bestaan is as God aan die versoek van die volk voldoen om aan hulle 'n aardse koning te gee. Saul is die eerste koning wat deur God gekies is om hierdie verantwoordelike taak te behartig.

Die hartseer van hierdie verhaal is dat Saul alles van God ontvang het om 'n goeie koning te wees, maar dan alles word wat 'n koning nie moet wees nie. Hy was ongehoorsaam aan God en wou eerder mense as God tevrede stel (vgl. 1 Sam. 15:24). Die gevolg van sy ongehoorsaamheid was dat hy en sy nageslag tot niks gekom het nie. Die koningskap is van Benjamin weggeneem en aan Juda gegee.

3.5.2.3 Woordstudie

Twee Hebreeuse woorde word ontleed, naamlik חָרַם ("toewy aan God") en מָאַס ("verwerp").

3.5.2.3.1 1 Samuel 15:8: חָרַם– "toewy aan God"

Swanson (1997) verklaar hierdie woord soos volg: "*Devote to God*, i.e., give a gift exclusively to God, which (once given) must then be destroyed so there will be no human use made of it." In Deuteronomium 13:12-15 is die volk geleer om al die volke wat hulle op een of ander manier van God af weggelei het, uit te roei. Daardie hele volk moes dan as banoffer aan God gegee word of aan God gewy word (vgl. die eksegese van 1 Samuel 15:3[67]). Niemand kon ook losgekoop word nie. Wat eenmaal aan die Here gewy is, is vir altyd aan Hom gewy (vgl. Lev. 27:29; Deut. 13:16).

---

[67] Kyk *1 Samuel 15:3 – "Jy moet alles wat hy het, om die lewe bring"* (p. 169) en *"Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling…"* (p. 170).

3.5.2.3.2 1 Samuel 15:23: מָאַס – "verwerp"

Swanson (1997) verklaar die woord soos volg: **"Reject**, i.e., be in a state of limiting or avoiding an association (Lev 26:15); (nif) **despised**, rejected, i.e., pertaining to limiting or avoiding association (Isa 54:6; Jer. 6:30+), note: in some contexts a covenant or marriage association." Dit is opvallend dat hierdie woord in sekere gevalle vir 'n verbondsooreenkoms of huwelik gebruik word, aangesien die wet van God ook 'n verbond is wat God met sy volk sluit. Daarom word daar dikwels na die verhouding tussen God en sy volk as 'n huwelik verwys (Jes. 62:5; Jer. 2:2; Hos. 2:18; 2 Kor. 11:2; Op. 21:2). Net soos die ooreenkoms tussen twee persone konsekwensies het wanneer dit verwerp word, so is daar ook konsekwensies indien die voorskrifte van God verwerp word. 'n Deel van die verbondsooreenkoms in Levitikus 25: 15-16 bepaal dat "... as julle my voorskrifte en bepalings *verwerp* en met minagting behandel, sodat julle nie my bevele nakom nie en my verbond verbreek, sal Ek die volgende doen: Ek sal julle lewens vol angs maak." Omdat Saul nie aan die streng bepalings van God se woord gehoorsaam was nie, het hy deur sy dade die woord van die Here verwerp (Bergen, 1996). God het hom daarom ook verwerp en die gevolge word gesien as Saul met angs vervul word (vgl. 1 Sam. 18:9-12).

Samevatting: Woordstudie van חָרַם ("toewy aan God") en מָאַס ("verwerp")

Positiewe aspekte wat uit die woordstudie afgelei kan word, is soos volg:

- Die belangrikheid van gehoorsaamheid om alles wat aan die Here behoort, aan Hom te wy, is 'n belangrike saak wat deur "toewy aan God" beklemtoon word.
- Die verwerping of ongehoorsaamheid aan die Here se voorskrifte sal daartoe lei dat die Here die persoon wat skuldig daaraan is, ook verwerp. Hiervan is Saul 'n voorbeeld.

In die vers-vir-vers-eksegese sal bogenoemde aspekte in gedagte gehou word.

3.5.2.4 Vers-vir-vers-eksegese van 1 Samuel 15

Soos daar in die vers-vir-vers-eksegese van Eksodus 3-4:17[68] probeer is om 'n insig in die leierskap van Moses te verkry, so is dit die doel van die vers-vir-vers-eksegese van 1 Samuel 15 om 'n grondige insig in die leierskap van Saul te verkry om uiteindelik vas te stel of die leierskapsbegrippe wat in 2.8 (p. 96) geïdentifiseer is, in sy leierskap figureer.

---

[68] Kyk *3.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese van Eksodus 3-4:17* (p. 111).

1 Samuel 15:1 – "Dit is vir my wat die Here gestuur het om jou tot koning oor sy volk Israel te salf"

Die Here het Saul as koning oor Israel laat salf en daarom kan die Here ook van Saul verwag om die mag wat God aan hom gegee het, in sy diens te gebruik (Henry, 1994; Smith, 1995). Van Zyl (1993) beaam die bewering deur daarop te wys dat Saul onder God se woord aangestel is as koning en daarom moet hy hom ook met die nodige onderdanigheid aan God se woord onderwerp.

1 Samuel 15:3 – "Jy moet alles wat hy het, om die lewe bring"

Daar is ook ander plekke in die Bybel waar God die Israeliete opdrag gee om 'n hele volk te vernietig. Die inname van Jerigo (Jos. 6:17) en al die stede in Kanaän is voorbeelde daarvan (Deut. 20:16-18; Jos. 10-11). Volgens Klein (1998) word hierdie vernietiging beskou as 'n manier om sinkretisme teen te werk. Wat bogenoemde voorbeelde van vernietiging anders gemaak het as die vernietiging van Amalek in 1 Samuel 15, is dat Amalek nie 'n stad was wat Israel ingeneem het om in te woon nie. Amalek was nie noodwendig 'n bedreiging vir Israel se godsdienstige lewe nie.

Bergen (1996) sê dat Saul hier die geleentheid gekry het om 'n profesie wat in die dae van Moses gemaak is, in vervulling te laat gaan (vgl. Eks. 17:14-16). God het aan die volk beloof dat hy die Amalekiete sal uitwis omdat hulle Israel teengestaan het toe hulle uit Egipte getrek het (vgl. Deut. 25:17-19; Rig. 6:3; 7:12; 1 Sam. 15:2). Jamieson *et al.* (1997) verwys na Saul se ongehoorsaamheid in 1 Samuel 13 en beklemtoon dat Saul 'n spesiale geleentheid verspil het toe hy verkeerd teenoor die Here opgetree het. Hy meen dat God in 1 Samuel 15 aan Saul 'n geleentheid gee om sy fout reg te stel deur hierdie keer in die oorlog teen die Amalekiete volkome gehoorsaam aan God te wees. Henry (1994) interpreteer die gebeure dat God aan Saul die eer gegee het om as koning oor Israel te regeer en dat Saul nou die geleentheid kry om te leer hoe hy deur gehoorsaamheid die nodige eer aan God kan bewys (Wiersbe, 1993).

"Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling…"

Edersheim (1997) sê tereg dat hierdie opdrag vereis dat Saul homself moet verloën en God met toewyding moet dien.

1 Samuel 15:9 – "Saul en die manskappe het Agag gespaar en ook die mooiste kleinvee…"

Die besluit van Saul en die manskappe om die mooiste vee te spaar, is volgens die mening van MacArthur (2006) alleen op grond van gierigheid geneem. Merrill (1985) voeg eer en prestasie by die motivering vir Saul se besluit om ongehoorsaam aan die opdrag van die Here te wees;

ook dat die beeld wat Saul opgerig het (vs. 12) van Saul se eersugtigheid en prestasiebeheptheid getuig. Die rede waarom Agag gespaar is, word nie in die perikoop verklaar nie, maar Henry (1994) merk op dat al die Amalekiete nie by hierdie geleentheid uitgewis is nie, aangesien daar later weer oor hulle gepraat word (1 Sam. 30:1; Est. 3:1). Moontlik het Saul gehoop dat die Amalekiete bereid sou wees om hom 'n groot loskoopprys vir hul koning aan te bied. Keil en Delitzsch (1996) meen weer dat dit waarskynliker is dat Saul 'n koninklike slaaf van hom wou maak. Ongeag wat Saul se rede was, sy optrede kom daarop neer dat sy eiebelang en eiewilligheid vir hom belangriker as die wil van God was.

"Al die vee wat swak en waardeloos was, het hulle wel van kant gemaak"

Hieroor maak Henry (1994) die opmerking dat Saul die beste vir homself gehou het en die swak en waardelose diere aan God geoffer het, 'n bewys dat hy homself hoër as God geag het. Bergen (1996) meen dat dit telkens in die geskiedenis gebeur dat mense hulle eie voordeel onder die dekmantel van godsdiens soek.

1 Samuel 15:11 – "Ek is bedroef daaroor dat Ek Saul koning gemaak het…"

Henry (1994) en Pfeiffer (1962) verklaar hierdie woorde raak wanneer albei daarop wys dat wanneer God bedroef is of berou oor iets het, is hy nie soos 'n mens wat sy gedagtes oor 'n saak verander nie (vgl. 1 Sam. 15:29). God het nie soseer berou oor wat hy gedoen het as oor wat Saul gedoen het nie. Saul is die een wat verander het, aangesien hy sy rug op God gedraai het (vs. 11). Edersheim (1997) sê in die verband: "Man's repentance implies a change of mind, God's a change of circumstances and relations. *He* has not changed, but is ever the same; it is man who has changed in his position relatively to God."

"… hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie"

Die rede waarom God oor Saul bedroef was, is hoofsaaklik omdat hy ongehoorsaam was aan die opdrag wat God gegee het. Sy gedeeltelike gehoorsaamheid is dalk aanneemlik in mense se oë, maar wanneer sy dade aan goddelike standaarde gemeet word, is dit afstootlik. Niks minder as algehele gehoorsaamheid is vir God aanvaarbaar nie (Klein, 1998).

1 Samuel 15:12 – "Saul het by Karmel gekom en nogal vir homself 'n gedenkteken opgerig"

Die woord wat hier gebruik word en met "gedenkteken" vertaal is, kan letterlik met die woord "hand" vertaal word (Henry, 1994). Jamieson *et al.* (1997) wys daarop dat 'n hand die simbool van krag en energie was. Die oprigting van hierdie gedenkteken is dus eerstens 'n bewys van Saul se hoogmoed. Verder dien hierdie beeld moontlik as 'n simbool van die weldaad wat Saul

aan Juda bewys het. Saul wou moontlik Juda se guns wen met hierdie oorwinning oor Amalek (Klein, 1998), aangesien Juda die naaste aan Amalek geleë was.

Hierdie argumente laat duidelik blyk dat dit lankal nie meer vir Saul daaroor gegaan het om dienskneg van God te wees nie. Vir hom het dit oor sy aansien as regeerder oor Israel gegaan (Keil & Delitzsch, 1996). Die hoogmoed het hom blind daarvoor gemaak dat God, en nie die volk nie, hom in die posisie wat hy beklee, aangestel het. Dit is soos die psalmdigter treffend sê: "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs" (Ps. 127:1).

1 Samuel 15:13 – "Mag die Here u seën! Ek het die opdrag van die Here uitgevoer"

Radmacher *et al.* (1999) wys daarop dat hierdie woorde van Saul presies die teenoorgestelde is van hoe God die uitvoering van die opdrag evalueer (vgl. vs. 11). Bergen (1996) wys daarop dat Saul nie soos in 1 Samuel 13:11 wag dat Samuel eerste praat nie, maar dadelik wegval en noem dat hy die opdrag van die Here uitgevoer het. Hy wil so gou moontlik bevestig dat hy die opdrag van die Here uitgevoer het sodat geen blaam aan hom toegeskryf kan word nie (Jamieson *et al.*, 1997). Keil en Delitzsch (1996) wys ook op die skynheiligheid wat in hierdie woorde versteek is, aangesien Saul iets voorhou wat glad nie waar was nie. Henry noem dat hierdie skynheiligheid van Saul soos die roes van die silwer en goud in Jakobus 5 teen hom getuig: "… julle goud en silwer sal verroes. Die roes sal teen julle getuig en aan julle vreet soos 'n vuur" (Jak. 5:3). Soos die roes daarteen getuig dat 'n artikel van goud of silwer gemaak is, so getuig die geluid van die vee teen die bewering van Saul dat hy sy opdrag uitgevoer het.

'n Leier kan dalk loop en spog oor sy gehoorsaamheid aan God, maar hy moet versigtig wees dat sy liefde vir die wêreld, onbarmhartigheid en verwaarlosing van heilige pligte nie teen hom getuig nie (Henry, 1994). Selfs al kry die leier dit reg om mense om die bos te lei, herinner die leuen wat Saul vertel om die sonde wat hy gedoen het, beter te laat lyk die leier daaraan dat niks vir God weggesteek kan word nie. Hy sien selfs die bedoeling van die gedagtes raak (1 Kron. 28:9).

1 Samuel 15:15 – "Dit is die goed wat deur die manskappe gespaar is…"

Hier, net soos in 1 Samuel 13, is Saul al weer besig om ander die skuld te gee vir dit waarvoor hy as die koning van die volk aanspreeklik gehou word (Bergen 1996). Smith (1995) wys daarop dat Saul hier twee gruwelike foute as leier maak. Aan die een kant probeer hy om die blaam te verskuif. As leier is hy egter daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die volk aan God gehoorsaam is; selfs as sy verskoning geregverdig is, beteken dit nog dat hy as leier geen beheer oor sy troepe gehad het nie. Verder gebruik Saul 'n godsdienstige verskoning om sy

onskuld te bewys, asof godsdienstigheid 'n goeie plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan God is.

1 Samuel 15:17 – "Al is jy klein in jou eie oë, is jy tog die hoof van die stamme van Israel"

Voordat Saul koning geword het, het hy homself as 'n nederige en eenvoudig Benjaminiet gesien (vgl. 1 Sam. 9:21). Samuel wys Saul nou daarop dat al dink hy nie veel van homself nie en al is hy selfs net nederig, hef dit nie sy verantwoordelikheid as koning op nie (Klein, 1998). As koning is hy aangestel as hoof van die volk en dienaar van die Here; daarom het hy die verantwoordelikheid om die volk so te lei dat hulle in alles aan God gehoorsaam sal wees (Van Zyl, 1993).

"Die Here het jou gesalf tot koning oor Israel"

Hiermee herinner Samuel Saul dat dit God is wat aan hom die aansien en eer as koning gegee het en dat die doel daarmee was dat hy die opdrag van die Here moes uitvoer (Bergen, 1996).

1 Samuel 15:20 – "Maar ek hét na die bevel van die Here geluister!"

Dit lyk asof Saul alles verkeerd om gedoen het, meen Wiersbe (1993). In plaas daarvan dat hy handel, praat hy net (vs. 13). In plaas daarvan om sy sonde opreg te bely, probeer hy hom op allerhande maniere regverdig (vs. 15 en 21). In plaas daarvan om sy lewe in gehoorsaamheid aan God oor te gee, bring hy offers (vs. 22). Henry (1994) merk op dat die mens se bedrieglike hart dink dat hy hom daarvan kan verskoon om God se opdragte uit te voer deur iets soortgelyks volgens sy menslike insig te doen. Bergen (1996) sê dat halwe gehoorsaamheid netsowel ongehoorsaamheid kan wees. Hy wys ook daarop dat Akan dieselfde sonde gedoen het (vgl. Jos. 7:21) en as gevolg daarvan is hy en sy familie om die lewe gebring, net soos Saul en sy familie in hierdie geval van die koningskap ontneem sal word.

1 Samuel 15:21 – "Die manskappe het… die beste van dié wat van kant gemaak moes word gevat, om aan die Here u God in Gilgal te offer"

Soos daar in die woordstudie aangedui is, is die beste vee reeds aan die Here gewy omdat dit onder die banoffer geval het; daarom kon die manskappe nie hierdie vee as offers aan die Here bring nie. Aangesien hulle heilig is, behoort hulle reeds aan Hom (Keil & Delitzsch, 1996; Smith, 1995), 'n feit wat Saul dalk gerieflikheidshalwe hier ignoreer (vgl. Lev. 27:29; Deut. 13:16). Die redenasie van Saul wys daarop dat dit nie altyd so maklik is om 'n persoon van sy sonde te oortuig nie (Henry, 1994). Die omvang van 'n persoon se eie sonde word dikwels deur homself misgekyk.

1 Samuel 15:22 – "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel?"

Gehoorsaamheid is belangriker as diereoffers, omdat dit nie iets of iemand anders is wat geoffer word nie, maar die persoon wat die offer bring self (Vosloo & Van Rensburg, 1993). Die mens gee sy lewe en sy wil as 'n lewende en heilige offer in gehoorsaamheid aan die Here (vgl. Rom. 12:1-2). Dit is baie makliker om 'n bul of 'n lam as offer te slag as wat dit is om elke gedagte en die diepste wilsbesluit in gehoorsaamheid aan God te wy (Henry, 1994). MacArthur (2006) verduidelik dat die offerstelsel nooit bedoel was om gehoorsaamheid te vervang nie, maar eerder om 'n uitdrukking van gehoorsaamheid te wees (vgl. Hos. 6:6; Am. 5:21-27; Miga 6:6-8). Die praktiese toepassing word soos volg deur Carson *et al.* (1994) verduidelik: "It is a frequent human error to think that God will overlook and forgive all one's sins so long as one is careful to attend the shrine (or church) and offer sacrifices (or hymns of praise)."

1 Samuel 15:23 – "… eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery"

Ongehoorsaamheid en hardkoppigheid getuig van 'n persoon se eiesinnigheid. In albei gevalle het Saul se eie wil belangriker as God se wil geword en daarom kom dit op afgodery neer (Radmacher *et al*., 1999). MacArthur (1996) stel dit skerp as hy beweer dat Saul deur sy dade wys dat hy afgode aanbid. Hy het sy eie god geword aangesien hy God uit die regmatige plek in sy lewe verdring het (Bergen, 1996). Vir die leier is dit dus belangrik om te besef dat elkeen wat nie toelaat dat God oor hom regeer nie ook nie waardig is om te regeer nie (Henry, 1994).

1 Samuel 15:24 – "… ek het die bevel van die Here en u opdrag oortree…"

Dat die vermaning van Samuel Saul weer nederig gemaak het, word deur Jamieson *et al.* (1997) toegegee, maar hulle voeg by dat die belydenis van Saul nie van opregte berou getuig nie. Dit gaan eerder vir Saul oor sy naam en eer wat dalk skade kan lei; daarom vra hy die profeet om hom voor die leiers te eer deur saam met hom te gaan om God te aanbid (vs. 30). Henry (1994) wys verder daarop dat Saul allerhande verskonings het (vs. 20-21), totdat Samuel vir hom in vers 23 sê dat God hom as koning verwerp. Die verwerping tref hom diep en daarom kom die belydenis eerder uit 'n hart wat verwerping (vs. 24, 28-29) en publieke vernedering (vs. 30) vrees as 'n hart wat opreg oor die sonde berou het (Keil & Delitzsch, 1996). Bergen (1996) wys daarop dat die woord חָטָאתִי ("gesondig"), wat Saul gebruik, die betekenis het "om die merk te mis". Swanson (1997) definieer dit soos volg: "**miss**, i.e., take aim at a specific object but not be able to hit the object, and so have the projectile occupy a space outside what is intended." Saul het dus die teiken gemis toe hy nie die opdrag van die Here uitegevoer het nie.

Henry (1994) kom tot die slotsom dat Saul die hele saak verder gemis het deur aan Samuel te sê dat hy sy opdrag oortree het asof die opdag van Samuel gekom het. Die opdrag wat Samuel aan Saul gegee het, was niks anders as 'n verklaring van die opdrag van God nie. Samuel was net 'n instrument in God se hand; daarom het Saul nie teen Samuel oortree nie, maar teen God. Anders as Saul, was Dawid reg toe hy sy sonde bely het en gesê het: "Teen U alleen het ek gesondig..." (Ps. 51:6).

"… omdat ek vir die manskappe bang was en na hulle versoek geluister het"

Selfs in Saul se belydenis is hy besig om verskonings te maak vir dit wat hy gedoen het (Henry, 1994). Klein (1998) wys daarop dat dit van vers 1 af beklemtoon word dat Saul aan God gehoorsaam moet wees en sy opdrag moet uitvoer. Nou erken Saul dat hy vir die manskappe bang was en daarom eerder aan hulle gehoorsaam was. Bergen (1996) raak die kern van die probleem aan wanneer hy sê dat misplaaste vrees die oorsaak van Saul se ongehoorsaamheid was. In stede daarvan dat hy die Here gevrees het soos die Woord dit telkens beveel (Lev. 19:14; Ps. 2:11; 33:8; 36:2), het hy mense gevrees. Jesus waarsku ook teen die misplaaste vrees wanneer Hy sê: "Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan" (Matt. 10:28).

1 Samuel 15:26 – "… jy het die woord van die Here verwerp en die Here het jou verwerp as koning oor Israel"

Dat God Saul hier in sy amp as koning verwerp en nie hom as persoon nie, is 'n saak wat deur Vosloo en Van Rensburg (1993) beklemtoon word. Uit die geskiedenis word egter 'n algemene waarheid beklemtoon, naamlik dat hy wat God aanhoudend verwerp, eendag ook deur God verwerp sal word (MacArthur, 2006).

1 Samuel 15:27 – "Saul het die punt van sy mantel gegryp, en dit het geskeur"

Van Zyl (1993) wys daarop dat die skeur van die mantel 'n simboliese betekenis het, aangesien die mantel die amp van die persoon voorstel.

1 Samuel 15:29 – "Die Ewige van Israel lieg nie…"

Om die finaliteit van hierdie uitspraak te beklemtoon, gebruik Samuel die titel "Die Ewige van Israel" om na God te verwys (Bergen, 1996). Soos God ewig is, so sal dit wat hy besluit ook ewig wees. Keil en Delitzsch (1996) voeg by: "נֶצַח signifies constancy, endurance, then confidence, trust, because a man can trust in what is constant." 'n Mens se gedagtes verander

soos sy begeertes en gemoed verander, terwyl dit nooit die geval met God is nie. Hy is onveranderlik.

1 Samuel 15:30 – "Eer my tog net voor die leiers van die volk en voor Israel deur saam met my te kom sodat ek die Here u God kan aanbid"

Dat Samuel saam met Saul gegaan het, is vir Klein (1998) 'n manier van die skrywer om te sê dat Saul steeds vir 'n onbepaalde tyd in sy amp as koning sou dien en dat sy koningskap steeds deur die profeet ondersteun sou word. Dit is ook hoekom Saul so daarop aandring dat Samuel met hom moet saamgaan om te gaan aanbid. Saul is bang dat as Samuel hom verwerp, die volk hom sal verwerp (Henry, 1994).

Hieruit is dit duidelik dat Saul al klaar weer dink aan sy eer wat herstel moet word; daarom is ook hierdie vers 'n bewys daarvan dat Saul se berou nie werklik uit sy hart kom nie, maar 'n manier is om deur hierdie ongemaklike situasie te kom. Woorde van berou moet in elk geval eerder die karakter van die tollenaar se belydenis in Lukas 18:13 hê: "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig.'"

1 Samuel 15:35 – "Tot die dag van sy dood het Samuel nie weer vir Saul gesien nie"

Hierdie woorde getuig nie net van die onherroeplike breuk wat daar tussen Samuel en Saul gekom het nie (Vosloo & Van Rensburg, 1993), maar ook van die breuk wat daar tussen Saul en God gekom het (Merrill, 1985).

"… die Here was bedroef daaroor dat Hy vir Saul koning oor Israel gemaak het"

Net soos in vers 11 word daar nou weer herhaal dat die Here bedroef was dat Hy Saul koning gemaak het. Dit is opvallend dat die woord נָחַם ("bedroef") vir die tweede keer in 1 Samuel 15 met die Here as die subjek gebruik word. Hierdie herhaling beklemtoon dat dit 'n donker tyd in Samuel se loopbaan as profeet moet gewees het (Bergen, 1996).

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese van 1 Samuel 15

Die oorheersende indruk uit die eksegese van 1 Samuel 15 is dié van 'n ongehoorsame leier wat sy eie eer en nie die eer van God gesoek het nie.

3.5.2.5 Openbaringshistoriese betekenis van 1 Samuel 15

'n Aantal openbaringshistoriese waarhede kan uit hierdie gedeelte afgelei word.

3.5.2.5.1 Vooruitwysings na Christus

Eerstens is daar 'n aantal vooruitwysings na Jesus Christus.

Jesus Christus was bereid om die volle prys te betaal – Christus was bereid om die banvloek te dra

Soos in die woordstudie[69] en in die eksegese van 1 Samuel 15:3[70] aangedui is, het die woord חָרַם – "toewy" – die spesifieke betekenis "om iets as banoffer aan God te wy". Die Afrikaanse 1953-vertaling vertaal die woord tereg as "met die banvloek tref".

In Deuteronomium 13:12-15 het God die volk beveel om al die volke uit te roei wat hulle op een of ander manier verlei het om God te verlaat. So 'n volk is met die banvloek getref en daarom moes die hele volk as banoffer aan God gegee word of aan God gewy word. Saul het as koning van Israel ook van die Here afvallig geword en gevolglik was hy net so skuldig soos die ander volke wat Israel verlei het om God te verlaat. Alhoewel hy deel van die verbondsvolk was, het sy ongehoorsaamheid om God se opdrag uit te voer, veroorsaak dat hy en sy hele nageslag van die koningskap van Israel ontneem is.

Die volk Israel het hulle ook die straf van God op die hals gehaal. Ten spyte van vele waarskuwings deur die profete het die volk in hulle sonde volhard; die gevolg van hulle hardvogtigheid was ballingskap. Daniël reageer soos volg op die ballingskap (Dan. 9:11):

> "Die hele Israel het u wil oortree; hulle het afvallig geword en nie na U geluister nie. Daarom het U die *vloek* wat met 'n eed bevestig is en wat opgeteken is in die wet van Moses, die dienaar van God, oor ons laat kom. Dit is omdat ons teen U gesondig het."

Radmacher *et al.* (1999) wys egter daarop dat alle mense vol sonde is en gevolglik deur die banvloek vernietig moet word. Teksgedeeltes soos Jesaja 64:6 en Romeine 3:10-12 beklemtoon dat elke mens vol sonde is en glad nie in staat is om homself te red nie; inteendeel, die sonde van die mens word elke dag groter en daarom verdien elke mens om deur die banvloek van God vernietig te word.

Die genade van God word sigbaar wanneer Hy besluit om Jesus in die mens se plek te vervloek sodat elkeen wat in Hom glo, vrygespreek kan word. Paulus skryf in Galasiërs 3:13: "Christus het ons losgekoop van die *vloek* wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word.

---

[69] Kyk *3.5.2.3.1 1 Samuel 15:8:* חָרַם *– "toewy aan* God" (p. 168).

[70] Kyk *1 Samuel 15:3 – "Jy moet alles wat hy het, om die lewe bring"* (p. 170) en *"Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling…"* (p. 170).

Daar staan naamlik geskrywe: 'Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.'" Omdat Christus volkome aan die wil van God gehoorsaam was, kon Hy die vloek wat die wet meebring op Hom neem sodat daardie vloek nie die gelowige ook tref nie. Christus het elke gelowige vrygemaak van die vloek wat die mens weens sy sonde toekom.

Christus was bereid om ten volle verwerp te word

In die woordstudie van die woord מָאַס ("verwerp")[71] is aangetoon dat hierdie woord na 'n ooreenkoms verwys wat daar tussen twee partye bestaan. Dit is 'n ooreenkoms wat deur geeneen van die partye verbreek mag word nie. Indien dit gebeur, sal daar sekere konsekwensies wees.

Die verbondsooreenkoms wat daar tussen God en sy volk bestaan het, was gehoorsaamheid aan God se wil, terwyl die gevolge daarvan om nie die wil van God na te kom nie, die ewige verwerping was, naamlik die dood (Gen. 2:16-17). In Levitikus 26:15-16 staan daar: "… as julle my voorskrifte en bepalings *verwerp* en met minagting behandel, sodat julle nie my bevele nakom nie en my verbond verbreek, sal Ek die volgende doen: Ek sal julle lewens vol angs maak." Die sondeval van Adam en Eva het veroorsaak dat alle mense daardie verwerping van God verdien. Die sondeval het veroorsaak dat die mens beangs is oor die dood wat die ewige verwerping van God is. Die realiteit daarvan word in Saul se lewe reeds met sy vrees vir Dawid sigbaar: "Saul het bang geword vir Dawid omdat die Here by hom was, maar die Here het vir Saul verlaat" (1 Sam. 18:12). Saul se ongehoorsaamheid as leier van die volk het meegebring dat die Here hom verlaat het en dit het hom bang gemaak. Die Here het hom as koning verwerp (vgl. 1 Sam. 15:23). Dieselfde het met die volk Israel gebeur. Hulle ongehoorsaamheid het daartoe gelei dat God hulle verwerp het en toegelaat het dat hulle in ballingskap weggevoer word. Jeremia (Jer. 7:29) skryf: "Sny af die hare wat jy as nasireër laat groei het en gooi dit weg, sing op die heuwels 'n klaaglied, want die Here het die volk wat sy toorn laat ontbrand het, verwerp en verstoot."

Deur sy genade het God dit egter so bepaal dat Jesus Christus volkome gehoorsaam aan die bevele van die Here was. Hy was volkome gehoorsaam in die mens se plek, maar dit het ook beteken dat Hy die volle prys van verwerping in die mens se plek moes betaal. Sy vrees word in Lukas 22:44 soos volg beskryf: "Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val." Jesus het die doodsangs in die

[71] Kyk *3.5.2.3.2 1 Samuel 15:23:* מָאַס – "verwerp" (p. 169).

mens se plek gely; daarom het Jesus inderdaad vir elke gelowige die angs of doring uit die dood kom haal (vgl. 1 Kor. 15:55-57; 1 Joh. 4:18).

Die angs wat die dood veroorsaak, is die gevolg van die algehele verwerping deur God; daarom moes Jesus namens die mens geheel en al deur God verwerp word. Die verwerping het plaasgevind toe Jesus uitgeroep het, "My God, my God, waarom het U My verlaat" (Mark. 15:34). Dit het Jesus gedoen sodat elkeen wat in Hom glo, weer deur God aanvaar kan word. Christus het die verbond van God in sy geheel gehoorsaam en daarom kan sy gehoorsaamheid die prys betaal vir die mens se tekortkominge.

Nie net Jesus se kleed nie, maar ook sy liggaam is verskeur

In die eksegese van 1 Samuel 15:27[72] is daar aandag gegee aan die simboliese betekenis van die voorval waar Saul die mantel van Samuel geskeur het, naamlik dat die koningskap ook so van Saul en sy nageslag as gevolg van sy sonde afgeskeur sal word. Dit is opvallend dat toe Dawid later die punt van Saul se mantel afgesny het, die reaksie van Saul was: "… ek weet jy sal koning word, en die koningskap oor Israel sal in jou hand bestendig wees" (1 Sam. 24:20). Hieruit lyk dit of Dawid se handeling hom laat besef het dat Dawid in sy plek as koning sal regeer. Hierdie insident het Saul heel moontlik laat terugdink aan die keer (1 Sam. 15:27) toe hy Samuel se mantel geskeur het en die profeet aan hom gesê het dat sy koningskap net so van hom afgeskeur sal word (Henry, 1994).

'n Soortgelyke gebeurtenis word gevind in 1 Konings 11, waar die profeet Agija (1 Kon. 11:29-31) sy eie mantel in twaalf dele geskeur het en tien van die dele aan Jerobeam gegee het as teken daarvan dat die koningskap van Salomo in twee gedeel sal word as gevolg van Salomo se sonde. Nog 'n soortgelyke gebeurtenis het plaasgevind toe die Romeinse soldate Jesus se boklere in vier geskeur het en onder mekaar verdeel het.

Al hierdie gebeure waar die kleed geskeur word, word deur sonde aan mekaar verbind. Net soos in die geval van Saul en Salomo se sonde is die mens se sonde die oorsaak daarvan dat Christus se klere geskeur is. In Jesus se geval was dit egter nie net sy klere wat van sy lyf afgeskeur is as gevolg van die mens se sonde nie, maar Hy het sekerlik ook skeuring in sy gemoed ervaar (Möller, 1991). Judas Iskariot, wat een van sy dissipels was, het Hom op 'n skandalige wyse met 'n soen verraai sodat hy soos 'n misdadiger weggelei kon word. Boonop moes Hy die diepe teleurstelling ervaar dat Petrus, die dissipel wat bely het dat Jesus die Christus, die Seun van God is (Matt. 16:16), Hom drie maal verloën het.

---

[72] Kyk *1 Samuel 15:27 – "Saul het die punt van sy mantel gegryp, en dit het geskeur"* (p. 175).

Verder het Jesus die skeuring aan sy liggaam gevoel. Die doringkroon wat hulle op sy kop gesit het (Mark. 15:17), was moontlik in sy vel ingeslaan sodat sy vel oopgeskeur het. In Johannes 19:2 word vertel dat Pilatus Jesus laat gésel het. Volgens Gispen *et al.* (1977) het die Romeinse gésel bestaan uit 'n stok waaraan 3 leerrieme met klein stukkies sink of yster aan die punte vasgebind is. Die geseling was van so aard dat elke hou die vel oopgevlek het. Die kruisiging self het ook die liggaam uitmekaargeskeur. Van der Walt (2006:283) wys byvoorbeeld daarop dat die liggaamsgewig van die gekruisigde die wonde aan die hande en voete verder oopgeskeur het. Ook die posisie van die liggaam was van so aard dat die interne organe gedreig het om los te skeur. Die spies wat die soldate in Jesus se sy gesteek het om seker te maak dat Hy dood is, het die vel oopgeskeur (Joh. 19:34). Jesus was bereid om in alle opsigte uitmekaargeskeur te word sodat elkeen wat in Hom glo, nie dieselfde lyding hoef deur te gaan nie.

Samevatting: Vooruitwysing na Christus

Bogenoemde openbaringshistoriese lyne beklemtoon dat Jesus bereid was om 'n duur prys te betaal, 'n prys waarvan die mens nie altyd die volle omvang begryp nie. Drie aspekte van sy lyding word in hierdie gedeelte geopenbaar, naamlik dat:

- Jesus die banvloek wat die mens toekom, op Hom geneem het,
- Jesus totaal deur God verwerp is en
- nie net Jesus se klere nie, maar ook sy gemoed en liggaam ter wille van die mens uitmekaargeskeur is.

3.5.2.5.2 Openbaring van die streng oordeel van God

Wat duidelik uit die eksegese van die gedeeltes wat geselekteer is om die leierskap van Saul te ondersoek, na vore kom, is die streng oordeel van God.

Ons dien 'n jaloerse God wat sal oordeel

In die eksegese van Samuel 15:3[73] is daarop gewys dat die banvloek beskou is as 'n manier om sinkretisme onder die volk uit te roei. Dit word bevestig deur teksgedeeltes soos Deuteronomium 20:16-18:

[73] Kyk *1 Samuel 15:3 – "Jy moet alles wat hy het, om die lewe bring"* (p. 169) en *"Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling…"* (p. 170).

> "Jy moet die Hetiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete om die lewe bring as 'n banoffer aan die Here jou God soos Hy jou beveel het. Hulle mag julle nie leer om al die afskuwelike afgodsbeelde te maak wat hulle vir hulle as gode gemaak het nie. Hulle mag julle nie teen die Here julle God laat sondig nie."

God sal dit nie duld dat verskillende godsdienstige groepe probeer om hul godsdienste met mekaar te versoen nie, want hy eis onverdeelde trou aan Hom. Die Afrikaanse 1953-vertaling vertaal "onverdeelde trou" telkens met beskrywings wat die woord "jaloerse" bevat (Eks. 20:5; 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15). Net soos Saul nie onverdeelde trou aan die Here tydens sy lewe betoon het nie, so het die volk dit ook nie gedoen nie. Daarom sê Van der Walt (2006:44) dat die tragedie van Israel was dat hulle dit net nie kon regkry om die liefdevolle God en Hom alleen te vertrou nie. Die gevolg van hierdie ontrou was dat God die volk telkens gestraf het. Saul en sy nageslag is van die koningskap ontneem en die ballingskap van die volk het daarop uitgeloop dat tien van die twaalf stamme uitgewis is. Net 'n klein groepie uit die suidelike stamme van Israel, en Juda en Benjamin, kon na 70 jaar van ballingskap na Jerusalem terugkeer (Van der Walt, 2006:45).

Die Nuwe Testament getuig ook daarvan dat God 'n jaloerse God is wat van sy volgelinge verwag om Hom alleen te dien (vgl. Matt. 6:24). Dit is slegs deur geloof in Christus wat die mens gered kan word (1 Joh. 5:1). Christus is die enigste weg na die Vader (Joh. 14:6). So word die gelowiges van Laodisea in Openbaring 3:15-16 vermaan om opnuut erns te maak met hulle verhouding tot die Here: "Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg."

Die God van die heelal eis dat Hy met onverdeelde trou gedien moet word en die persoon wat nie bereid is om dit te doen nie, sal eendag met die finale oordeel uit sy mond gespoeg word. In die eksegese van 1 Samuel 15:26[74] is opgemerk dat hy wat God aanhoudend verwerp, versigtig moet wees dat hy nie eendag ook deur God verwerp sal word nie.

Dit vind weerklank in Jesus se gelykenis van die tien meisies (Matt. 25:1-13). In die gelykenis gaan dit oor die wyse waarop die tien meisies hulle voorberei op die bruidegom se koms (Groenewald, 1979:216). Vyf het hulle lewe aan die bruidegom gewy, maar die ander vyf het hom tydens hulle lewens verwerp. Die gelykenis sluit soos volg af (Matt. 25:11-12): "Later kom

---

[74] Kyk *1 Samuel 15:26 – "… jy het die woord van die Here verwerp en die Here het jou verwerp as koning oor Israel"* (p. 175).

die ander meisies ook daar aan en roep: 'Meneer, Meneer, maak vir ons oop!' Maar die bruidegom antwoord: 'Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!'" Samuel se woorde in 1 Samuel 15:29 dat die Ewige van Israel nie lieg nie, kan in hierdie lig gesien word. Die oordeel van God sal met ander woorde ewig vasstaan. Vir die gelowige is dit dus belangrik om sy lewe in dankbaarheid aan God te wy. Die dag sal wel aanbreek wanneer God oordeel (1 Kor. 3:10-14).

Samevatting: Ons dien 'n jaloerse God

Uit die openbaring van die streng oordeel van God is dit vir die gelowige leier belangrik om te besef dat God 'n jaloerse God is en daarom moet elke leier sy lewe in onverdeelde trou aan God wy.

God word bedroef oor sonde

Die betekenis van die woord "bedroef" in "Ek is bedroef daaroor dat Ek Saul koning gemaak het…" (1 Sam. 15:11) word duideliker wanneer daar ook gekyk word na die enigste ander keer waar hierdie woord in die Bybel gebruik word. In Genesis 6 word gesê dat dit God bedroef het dat hy die mens gemaak het (Gen. 6:6-7). In hierdie geval het die sonde van die mens tot die sondvloed gelei (Bergen, 1996; Klein, 1998). Bergen (1996) wys op die ooreenkoms tussen Genesis 6 en 1 Samuel 15. In die Genesis-verhaal lei die sonde van die mens tot die algehele uitwissing van goddelose mense, maar dit lei ook daartoe dat God Noag en sy gesin kies om die voortbestaan van die volk te waarborg omdat Noag naby aan die Here geleef het (Gen. 6:9). In 1 Samuel 15 word Saul se koningskap vernietig, maar dit lei daartoe dat God Dawid, die "man na God se hart" (Hand. 13:22), as koning kies.

Die patroon van God se droefheid en sy genade kan deurgetrek word na Christus, wat as gevolg van die sonde van die mens moes sterf; sy dood het egter ook daartoe gelei dat die "volle getal uit die heidennasies" in Christus se koninkryk kan ingaan (Rom. 11:25). Alleen omdat Christus bereid was om die vernietiging, vloek en lyding van die dood op Hom te neem, kan die gelowige in die koninkryk ingaan en aan Christus se heerlikheid deel hê (1 Tess. 2:12).

In hierdie woord gaan dit dus nie soseer daaroor dat God van gedagte verander nie maar eerder oor die pyn wat die sonde Hom aandoen. Dit is waarom Keil en Delitzsch (1996) hierdie woord verbind met die woorde in 1 Samuel 15:29, waar daar duidelik staan dat God nie van gedagte verander nie, en dit soos volg verklaar: "The repentance of God is an anthropomorphic expression for the pain of the divine love at the sin of man, and signifies that God is hurt no less by the atrocious sins of men than if they pierced His heart with mortal anguish..." Die sonde van die mens het God tot in sy diepste wese gepynig, aangesien God sy eie Seun moes gee as

offer vir die mens se sonde. Dit is ten diepste die rede waarom die sonde God soveel droefheid aandoen.

Paulus skryf in Efesiërs 4:30 ook oor die droefheid van God: “En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.” Henry (1994) en Pfeiffer (1962) vat dit goed saam wanneer albei daarop wys dat wanneer God bedroef is of berou oor iets het, is dit nie soos ’n mens (vgl. 1 Sam. 15:29) wat sy gedagtes oor ’n saak verander het nie. God het nie soseer berou oor wat Hy gedoen het as oor wat Saul gedoen het nie. Saul is die een wat verander het, aangesien hy sy rug op God gedraai het (1 Samuel 15:11). Edersheim (1997) maak hierdie gevolgtrekking: “Man’s repentance implies a change of mind, God’s a change of circumstances and relations. He has not changed, but is ever the same; it is man who has changed in his position relatively to God.”

Samevatting: God word bedroef oor sonde

Dit is duidelik dat sonde God bedroef/seermaak. ’n Leier wat wysheid het, doen alles in sy vermoë om God te gehoorsaam omdat hy weet hoe die sonde God grief. Dit is juis die sonde wat tot die dood van God se enigste Seun gelei het.

Samevattende opmerkings: Openbaringshistoriese betekenis van 1 Samuel 15

Die vers-vir-vers-eksegese van 1 Samuel 15 openbaar dat Saul se leierskap glad nie ooreenstem met die leierskapsbegrippe wat in 2.8 (p. 96) saamgestel is nie.

In die volgende gedeelte sal daar gekyk word of sy leierskap ook op ander vlakke en in ander omstandighede tekortkominge toon.

3.5.3 Oorsigtelike eksegese – 1 Samuel 18:6-16

Vir die oorsigtelike eksegese is 1 Samuel 18:6-16 gekies. In die eksegese word die konteks van 1 Samuel 18:6-16 uiteengesit, ’n vers-vir-vers-eksegese word onderneem en daar word oor die openbaringshistoriese betekenis van die gedeelte besin.

3.5.3.1 Die plek van 1 Samuel 18:6-16 in die boek Samuel

Die boek Samuel handel hoofsaaklik oor drie persone naamlik Samuel, Saul en Dawid volgens die mening van Dillard en Longman III (1994:135). Samuel word beskryf as die volk se laaste rigter; Saul word beskryf as die volk se eerste koning; en Dawid word beskryf as die stigter van 'n dinastie wat vir meer as drie eeue sou voortduur. Klein (1998) verdeel 1 Samuel in vyf dele, naamlik:

1) Hoofstuk 1-3, wat Samuel se geboorte en die begin van sy bediening as profeet in Silo beskryf.
2) Hoofstuk 4-7:1, wat Klein (1998) ook die "Ark Narrative" noem omdat dit die geskiedenis beskryf van die ark wat telkens buitgemaak en weer teruggestuur word. Hierdie gedeelte beskryf hoedat Samuel op die toneel verskyn om die arkkrisis op te los. Samuel is die ideale kandidaat wat deur die Here gebruik word om die koningskap in Israel te vestig.
3) Hoofstuk 9-11:15 is die deel waarin Saul na vore kom. Hy word as koning gesalf, deur die lot as koning aangewys en later ná die oorwinning oor die Ammoniete as koning herbevestig.
4) Hoofstuk 13-15 beskryf die oorloë van Saul. Binne hierdie raamwerk van oorloë word daar ook vermeld hoe Saul stadig maar seker sy koningskap verloor het as gevolg van die offer wat hy sonder Samuel gebring het (1 Sam. 13:7-15), 'n sinnelose eed wat hy afgelê het (1 Sam. 14:23-46) en Saul se onbekwaamheid om die opdrag van God ten volle uit te voer (1 Sam. 15).
5) 1 Samuel 16 tot 2 Samuel 5 beskryf die geskiedenis van Dawid se opkoms as koning vandat hy in Hoofstuk 16 as koning gesalf word en in Hoofstuk 17 as jongman inwillig om teen Goliat, die reus, te veg. Hoofstuk 18 tot 31 beskryf die stryd wat Saul met Dawid aanknoop omdat hy hom as 'n bedreiging vir sy koningskap sien.

Samevatting: Die plek van 1 Samuel 18:6-16 in die boek Samuel

Volgens hierdie indeling blyk dit dat die oorsigtelike eksegese deel uitmaak van die konflik van Saul met Dawid, wat die gevolg was daarvan dat Saul Dawid as 'n bedreiging begin sien het.

3.5.3.2 Vers-vir-vers-eksegese van 1 Samuel 18:6-16

Die doel van die eksegese is om vas te stel of die leierskapsbegrippe wat in 2.8 (p. 96) geïdentifiseer is enigsins in die leierskap van Saul gefigureer het in die tydperk van sy lewe toe hy hom bedreig gevoel het.

1 Samuel 18:6 – "… het die vroue van al die dorpe van Israel uitgegaan om te sing…"

Toe die soldate van hulle oorwinning terugkom, het die vroue van al die dorpe bymekaargekom om hulle met sang en danse te ontmoet. Klein (1998) en Bergen (1996) verduidelik dat dit 'n ou gebruik was wat deur die vroue van Israel gevolg is. Mirjam (Eks. 15:20) het byvoorbeeld gedans, 'n lied geskryf en gesing ná die oorwinning oor die Egiptenaars en Jefta se dogter het hom ook met instrument en koordanse ontmoet ná die oorwinning oor sy vyand (Rig. 11:34).

1 Samuel 18:7 – "Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende!"

Klein (1998) is oortuig dat hierdie woorde heel moontlik as 'n onpartydige oorwinningslied gesing is waarin Dawid se naam saam met Saul s'n genoem word omdat hy Goliat oorwin het (1 Sam. 17:49; Elwell, 1995). Dit is inderdaad so dat daar 'n kontras tussen Saul en Dawid in die pryslied voorkom, maar die bedoeling was heel moontlik net om aan te dui dat die twee helde van die volk baie vyande doodgemaak het, veral wanneer daar in gedagte gehou word dat Dawid nie werklik duisende vyande gedood het nie. In 1 Samuel 17 word net Goliat as 'n slagoffer van Dawid genoem (Radmacher *et al*., 1999). Carson *et al.* (1994) redeneer ook dat die lied eerder bedoel was om te verklaar dat Saul en Dawid 'n goeie span gevorm het. Saul het egter gevoel dat die lied hom beledig en volgens Elwell (1995) was dit die gevolg van die groeiende onsekerheid in Saul. Dit het op jaloesie uitgeloop.

1 Samuel 18:8 – "Dit het hom nie geval nie…"

Wiersbe (1993) wys daarop dat dit opvallend is dat die vrouens Dawid en Saul prys en nie God wat aan hulle die oorwinning gegee het nie en daarom was Dawid wys om nie te veel uit hulle woorde af te lei nie. Saul aan die ander kant het sy eie eer gesoek in stede van die eer van God en daarom raak hierdie woorde hom diep. In Spreuke 27: 21 staan immers: "Die waarde van silwer word in 'n smeltkroes getoets, dié van goud in 'n oond, dié van 'n mens aan die lof wat hy ontvang."

"Die koningskap sal ook nog syne word!"

Hierdie woorde dui daarop dat Saul se jaloesie verder gestrek het as blote jaloesie oor Dawid se oorwinning. Saul was ook bang dat sy koningskap in gedrang sal kom (Klein, 1998). Bergen (1996) gaan nog verder deur te sê dat Saul hierdie lied verbind aan die profesie wat Samuel oor hom uitgespreek het, naamlik dat sy koningskap aan sy naaste gegee sal word (1 Sam. 15:28; vgl. ook Elwell, 1995).

1 Samuel 18:9 – "Van toe af het Saul vir Dawid gewantrou"

Die lied wat die vroue vir Dawid gesing het om aan hom eer te bewys, het veroorsaak dat Saul hom wantrou. Henry (1994) merk op dat mense wat op hulleself trots is dit nie kan hanteer wanneer iemand anders belangriker of hoër as hulle geag word nie. Dit is slegs die wysheid van bo wat 'n persoon op die teendeel kan wys.

Elwell (1995) wys ook op die reaksie van Jonatan, wat presies die teenoorgestelde van Saul s'n was. Jonatan was 'n dapper soldaat wat op die Here vir sy oorwinning vertrou het. Al was hy veronderstel om die toekomstige opvolger van die troon te wees, was hy steeds bereid om 'n

verbond met Dawid te sluit en as pand het hy sy mantel, uitrusting, swaard, boog en skild aan Dawid gegee (1 Sam. 18:4).

1 Samuel 18:11 – "Maar Dawid het weggekoes, selfs twee maal"

Dit was duidelik dat God by Dawid was aangesien dit nie maklik kon wees om 'n ervare krygsman soos Saul te uitoorlê nie (MacArthur, 2006).

1 Samuel 18:12 – "Saul het bang geword vir Dawid omdat die Here by hom was…"

Om met vyandigheid of afguns teenoor iemand te reageer omdat jy vir daardie persoon se sukses bang is, is 'n teken daarvan dat die persoon se eie verhouding met God skade gely het (Richards, 1991). Daarom staan daar in 1 Johannes 4:18: "Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie." God se liefde oortref alles en daarom verdryf dit alle vrees. Omdat Saul egter nie in die regte verhouding met God geleef het nie, het hy slegs vanuit sy eie menslike perspektief na die lewe gekyk en daarom het hy Dawid eerder as 'n persoonlike bedreiging as 'n seën vir Israel gesien (MacArthur, 2006).

1 Samuel 18:13 – "… en hom aangestel as hoof van 'n leërafdeling"

Wiersbe (1993) wys daarop dat Dawid in 1 Samuel 18:5 oor Saul se hele leër aangestel is, maar dat hy hier in vers 13 gedemoveer word tot 'n hoof oor 'n duisend (vgl. ook Henry, 1994). Edersheim (1997) en Elwell (1995) meen dat Saul met hierdie demovering gehoop het dat Dawid sou omkom in 'n konfrontasie met die Filistyne. Selfs indien Dawid nie sou sterf nie, maar net 'n paar terugslae op die oorlogsfront sou hê, sou dit ook help om Dawid se reputasie en gewildheid skade aan te doen (Bergen, 1996).

1 Samuel 18:14 – "… en in alles sukses behaal omdat die Here by hom was"

Waar Saul alles in sy vermoë gedoen het om die guns van mense te wen, het Dawid alles in sy vermoë gedoen om aan God gehoorsaam te wees. Die gevolg daarvan was dat Dawid in alles sukses behaal het, terwyl Saul onsuksesvol was en ook nie geslaag het om Dawid om die lewe te bring nie (Vosloo & Van Rensburg, 1999). Selfs Jonatan en Mikal het so baie van Dawid gehou dat hulle bereid was om hom teen hulle eie pa te beskerm (1 Sam. 20).

1 Samuel 18:15 – "Saul het opgemerk dat Dawid baie suksesvol was, en Saul was bang vir hom"

Henry (1994) wys op die ironie dat die mens soms dink dat hy ander moet dreig en oordonder om eerbied af te dwing; tog word so 'n mens net deur dwase gevrees maar deur wyse mense

geminag. Bergen (1996) beskryf ook die ironie daarvan dat die spiesinsident nie vir Dawid bang gemaak het nie maar vir Saul. Dawid se krag het gelê in God wat baie sterker as hy was, terwyl Saul sy krag in homself gesoek het, terwyl hy maar 'n geringe mens was.

3.5.3.3 Openbaringshistoriese betekenis van 1 Samuel 18:6-16

Twee openbaringshistoriese waarhede kom uit bogenoemde eksegese na vore.

3.5.3.3.1 Christus se oorwinning eis 'n nuwe lied

In die eksegese van 1 Samuel 18:6[75] is daar op die ou gebruik gewys dat die vroue liedere vir hulle oorlogshelde gesing het. Die Psalms sluit ook daarby aan wanneer daar telkens genoem word dat die digter 'n nuwe lied tot eer van God wil sing oor die oorwinning wat Hy aan hom oor sy vyand gegee het (vgl. Ps. 33:3, 96:1; 98: 1; 144:9). Elwell (1996) sê dat die Bybel die hoogtepunt van die tema "n nuwe lied" in die Nuwe-Testamentiese boek Openbaring bereik, waar daar verwys word na die "nuwe naam" (2:17), die "nuwe Jerusalem" (3:12; 21:2), 'n "nuwe lied" (5:9; 14:3), die "nuwe hemel" en "nuwe aarde" (21:1) en die belofte dat God alles "nuut" sal maak (21:5). Barclay (1976:176) verduidelik dat daar in die Grieks twee woorde is wat met "nuut" vertaal kan word, naamlik νέος en καινός. Louw en Nida (1996) gee die volgende definisies vir die twee woorde:

- "Νέος = pertaining to having been in existence for only a short time—'new, recent.'"
- "Καινός = pertaining to that which is new or recent and hence superior to that which is old."

Νέος beklemtoon dus dat die spesifieke artikel tydsgewys nuut is, terwyl Καινός beklemtoon dat die artikel beter as die oue is omdat dit nuut is. In al die gevalle waar daar in Openbaring na die nuwe dinge verwys word, word die woord Καινός gebruik. Barclay (1976:176) sê die betekenis daarvan is dat Jesus Christus 'n nuwe lewe met nuwe kwaliteit verseker. Dit is 'n lewe wat gevul is met vreugde, krag en vrede, 'n lewe wat in alle opsigte heerliker is as die ou lewe. Christus het oorwinning gebring en sy oorwinning eis van elke gelowige om 'n nuwe lied saam met die vier hemelwensens en die vier en twintig ouderlinge van Openbaring 5:9 te sing. Hy het vir die gelowige die oorwinning behaal.

---

[75] Kyk *1 Samuel 18:6 – "… het die vroue van al die dorpe van Israel uitgegaan om te sing…"* (p. 184).

God openbaar Hom in 1 Samuel 18:6-16 opnuut as die God wat alleen waardig is om die eer en lof van die nuwe lied te ontvang. Hy is die Een wat die mens van sy sonde kom genees het en in wie die mens 'n nuwe, heerliker lewe met kwaliteit ontvang.

3.5.3.3.2 'n Nuwe siening van koninkryksbou

1 Samuel 18:6-16 beskryf Saul se lewe en optrede as 'n persoon wat eerder daarop ingestel was om homself te bevoordeel as wat dit vir hom 'n prioriteit was om aan God gehoorsaam te wees. Larry Crabb (2005:105-111) beskryf hierdie soort optrede in sy boek *Connecting* met die metafoor "bouer van stede". Hy noem dat alles ontstaan het met die sondeval waar Adam en Eva se sonde hulle van God vervreem het. Die gevolg van die sondeval is dat elke mens die drang na gemeenskap met God het en daarom doen die mens alles in sy vermoë om daardie gemeenskap weer in sy eie krag te herstel. Die mens droom daarvan om in 'n gemeenskap te leef waar daar vrede is en geen siektes of egskeidings nie, maar net volmaakte liefde. Die mens doen dus alles in sy vermoë om so 'n stad vir homself te bou.

Saul is 'n goeie voorbeeld daarvan. Hy doen alles in sy vermoë om sy koninkryk vir hom en sy nageslag te bewaar. Saul soek sy sekuriteit en vrede in sy koninkryk en daarom word hy vir Dawid kwaad as die vroue aan Dawid die tienduisende en aan hom net duisende toeskryf (vs. 7). Die gevolg daarvan is dat Saul Dawid wantrou en selfs om die lewe probeer bring omdat Dawid die veiligheid wat hy vir homself geskep het, bedreig (vgl. die eksegese van 1 Samuel 18:12[76]).

Die ander kant van hierdie munt is om 'n bouer van die koninkryk te wees, die koninkryk waarvan Christus die fondament is (1 Kor. 3:10-11). Die bouwerk wat op hierdie fondament geplaas word, sal nie wankel nie omdat die fondament Christus is wat al die sonde weggeneem het. Christus was bereid om sy veilige woning te verlaat en 'n vreemdeling te word in 'n vreemde land om die wat in Hom glo, daaruit te bevry en deel te maak van sy koninkryk. Jesus was bereid om deur die mense wat al hierdie mooi stede bou, verstoot te word. Hy moes sy kruis na die buitekant van die stad dra sodat die Romeinse owerheid saam met die Jode hom daar aan 'n kruis kon ophang. Jesus was bereid om deur die "stadsbouers" van hierdie wêreld verwerp te word sodat sy volgelinge in sy koninkryk aanvaar kan word. Koninkryksbouers het daarom 'n heel ander uitkyk op die lewe:

---

[76] Kyk *1 Samuel 18:12 – "Saul het bang geword vir Dawid omdat die Here by hom was…"* (p. 186).

- ’n Koninkryksbouer is nie bang vir mislukkings nie, want al is hulle werk vol mislukkings (sonde), Christus se werk was en is volmaak en die bouer in sy koninkryk weet dat dit al is wat tel.
- Die koninkryksbouer ontken nie sy foute nie. Hy is altyd bereid om verskoning te vra wanneer hy fouteer het, want hy weet dat sy sonde reeds in Christus betaal is. Hy vertrou op Christus en nie op homself nie.
- Die koninkryksbouer besef dat hy ’n vreemdeling in hierdie wêreld is omdat hierdie wêreld nie sy huis is nie. Hy is op pad na sy ewige woning saam met Christus. Christus het die pad gereed gemaak sodat elke koninkryksbouer deel kan word van ’n nuwe familie waarvan God die Vader is.
- Koninkryksbouer is nie bang vir kritiek nie, want hy soek nie die guns van mense nie; hy soek die aanvaarding van God in Christus. Dit maak nie vir hom saak wat mense van sy werk dink nie, solank hy dit net in absolute gehoorsaam aan God verrig (vgl. 1 Kor. 4:1-5).

Samevatting: Openbaringshistoriese betekenis van 1 Samuel 18:6-16

’n Ware leier weet dat hy in alles afhanklik is van die bouwerk wat Christus reeds vir hom gedoen het. Die leier doen dus alles hier op aarde met ’n ewigheidsperspektief in gedagte. Sy bouwerk moet altyd daarvan getuig dat hy alles in sy vermoë doen om die koninkryk van God te bevorder.

3.5.4 Samevatting: Eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-18

Uit die dieptesnit-eksegese van 1 Samuel 15 en die oorsigtelike eksegese van 1 Samuel 18:6-16 blyk dit keer op keer dat ’n leier wat aan God ongehoorsaam is, nie ’n goeie leier van God se volk kan wees nie. In welke mate die leierskapsbegrippe wat in geïdentifiseer is, in die lewe van Saul gefigureer het of afwesig was, word in die volgende afdeling ondersoek. Die leierskapsbegrippe word weer hier genoem: *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë*.

3.5.5 Figurering van die leierskapsbegrippe in Saul se lewe

Om vas te stel waar Saul se leierskap tekortgeskiet het, word die leierskapseienskappe van Saul of die gebrek daaraan onder die verskillende leierskapsbegrippe ingedeel. Aan die einde van die bespreking van elke leierskapsbegrip sal weer soos in die geval van Moses se leierskap beginsels afgelei word waarop die leierskap van leiers gebaseer kan word.

3.5.5.1 Onderdanige vertroue

Afleidings uit die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 oor die figurering van die leierskapsbegrip *onderdanige vertroue* in Saul se koningskap is die volgende:

- In die eksegese van 1 Samuel 15:12[77] is daarop gewys dat die gedenkteken wat Saul opgerig het 'n teken van sy hoogmoed was omdat hy vergeet het dat God aan hom die oorwinning gegee het. Saul se daad wys dat hy sy ampswerk glad nie met onderdanige vertroue gedoen het nie.
- Daar word in die eksegese van 1 Samuel 15:12[78] ook daarop gewys dat Saul die beeld moontlik opgerig het as simbool van die weldaad wat hy aan Juda bewys het. Ook in hierdie opsig skiet Saul tekort aan onderdanige vertroue, aangesien hy eerder die goedgesindheid van mense gesoek het as om aan God gehoorsaam te wees. Indien hy die nodige onderdanige vertroue gehad het, sou hy besef het dat alleen God mense goedgesind teenoor die leier kan maak.
- Wat onderdanige vertroue betref, dui die eksegese van 1 Samuel 15:23[79] daarop dat eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery is. Sodra die leier se eie wil vir hom belangriker word as die wil van God, het hy sy eie god geword. Indien die leier dus nie gewillig is om hom deur God te laat lei nie, is hy ook nie waardig om ander te lei nie.
- In die eksegese van 1 Samuel 18:8[80] is daarop gewys dat Saul jaloers op Dawid was en dat sy jaloesie hom selfs bekommerd gemaak het dat Dawid die koningskap by hom sou oorneem. Hierdie jaloesie van Saul is 'n aanduiding dat hy nie in onderdanige vertroue op God geleef het nie. 'n Leier weet dat die amp waarin hy staan, deur God aan hom gegee word. Slegs God kan aan die leier sy posisie gee en net Hy kan die posisie van die leier wegneem (Jes. 44:25); daarom is dit vir die leier wat op God vertrou, onnodig om op enigiemand jaloers te wees.
- Saul is ook bang vir Dawid se sukses (vgl. die eksegese van 1 Sam. 18:12[81]) omdat hy nie onderdanig op God vertrou het nie. Sy koningskap het vir hom belangriker geword as sy verhouding met God en daarom was Saul bereid om selfs moord te pleeg om sy koningskap te behou.

---

[77] Kyk *1 Samuel 15:12 – "Saul het by Karmel gekom en nogal vir homself 'n gedenkteken opgerig"* (p. 171).
[78] Kyk *1 Samuel 15:12 – "Saul het by Karmel gekom en nogal vir homself 'n gedenkteken opgerig"* (p. 171).
[79] Kyk *1 Samuel 15:23 – "… eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery"* (p. 174).
[80] Kyk *1 Samuel 18:8 – "Dit het hom nie geval nie…"* (p. 185) en *"Die koningskap sal ook nog syne word!"* (p. 185).
[81] Kyk *1 Samuel 18:12 – "Saul het bang geword vir Dawid omdat die Here by hom was…"* (p. 186).

Beginsels vir die onderdanige vertroue van die leier

Wat onderdanige vertroue betref, kan die volgende beginsels vir leierskap uit die leierskap van Saul afgelei word:

- Die nodige onderdanige vertroue bring mee dat die leier besef dat die krag om sy werk te doen en sy posisie van God af kom. Ten opsigte van krag sal die leier met elke oorwinning besef dat die eer steeds aan God gegee moet word omdat Hy die oorwinning moontlik maak. Ten opsigte van posisie sal die leier besef dat dit wat hy het 'n Godgegewe gawe is en daarom sal hy ander nie met agterdogtige jaloesie bejeën nie.
- Die goedgesindheid van mense word nie deur die leier bewerk nie, maar deur God. Die leier moet ook ten opsigte van die goedgesindheid van mense eerder op God vertrou as om mense te probeer tevrede stel en God in die proses te verloën.
- Indien die leier nie gewillig is dat God hom lei nie, is hy ook nie waardig om ander te lei nie, omdat hy sy eie god geword het.

3.5.5.2 Status met verantwoordelikheid

Afleidings uit die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 oor die figurering van die leierskapsbegrip *status met verantwoordelikheid* in Saul se koningskap is die volgende:

- In die eksegese van 1 Samuel 15:17[82] is dit duidelik dat Saul oor verskeie redes minderwaardig gevoel het (1 Sam. 9:21). Tog was dit die Here se besluit dat Saul tot koning oor Israel gesalf moes word. Saul het homself dalk as klein geag, maar God het aan hom die status van koningskap gegee; daarom was dit sy verantwoordelikheid om 'n goeie invloed op die volk uit te oefen. Só sou hy sy status met verantwoordelikheid kon beklee.
- Status met verantwoordelikheid is ter sprake in die eksegese van 1 Samuel 18:8-9,[83] waar dit handel oor die eer wat aan die leier toekom. 'n Leier wat status met verantwoordelikheid het, besef dat al die roem en eer alleen aan God toekom. Die leier moet hom dus nie soos Saul daaraan steur wanneer mense groter eer aan sy vennoot of onderdaan as aan hom gee nie. Hy sal eerder saam met Paulus en die Profete sê: "Hy wat roem, moet in die Here roem" (2 Kor. 10:17).

---

[82] Kyk *1 Samuel 15:17 – "Al is jy klein in jou eie oë, is jy tog die hoof van die stamme van Israel"* (p. 173) en *"Die Here het jou gesalf tot koning oor Israel"* (p. 173).

[83] Kyk *1 Samuel 18:8 – "Dit het hom nie geval nie…"* (p. 185), *"Die koningskap sal ook nog syne word!"* (p. 185) en *1 Samuel 18:9 – "Van toe af het Saul vir Dawid gewantrou"* (p. 185).

Beginsels vir die leier se status met verantwoordelikheid

In soverre dit status met verantwoordelikheid aangaan, kan die volgende beginsels vir die leier afgelei word:

- Die leier se status as hoof oor 'n bepaalde groep waaroor die Here hom stel en as dienaar van die Here bring mee dat hy die verantwoordelikheid het om daardie groep só te lei dat hulle in alles aan die Here gehoorsaam sal wees.
- Die leier wat status met verantwoordelikheid het, moet besef dat die roem en eer vir sy werk net aan die Here toekom. Die verantwoordelikheid moet altyd swaarder as die status weeg.

3.5.5.3 Gesag met liefde

Afleidings uit die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 oor die figurering van die leierskapsbegrip *gesag met liefde* in Saul se koningskap is die volgende:

- In die eksegese van 1 Samuel 15:11[84] word die opmerking gemaak dat niks behalwe algehele gehoorsaamheid aan God aanvaarbaar is nie. Dit is verstaanbaar omdat ongehoorsaamheid sal beteken dat iets of iemand anders belangriker as God is. Ware liefde vir God bring mee dat die gelowige God met sy hele hart liefhet en daarom volkome gehoorsaam aan Hom is. Dit is alleen vanuit 'n liefdesverhouding met God dat 'n leier sy gesag met liefde sal bestuur.
- Die Here het aan Saul as koning bepaalde mag gegee, byvoorbeeld mag om die Amalekiete met die banvloek te tref. In die eksegese van 1 Samuel 15:1[85] is dit duidelik dat die Here van Saul verwag het om die mag wat Hy aan hom gegee het, in sy diens te gebruik. Sodra die leier aan God ongehoorsaam is, gebruik hy nie meer die mag wat God aan hom gee met liefde nie, want gehoorsaamheid aan God is liefde.
- 'n Goeie voorbeeld hiervan kom na vore in die eksegese van 1 Samuel 15:9,[86] waar daar 'n paar moontlike redes gegee word waarom Saul vir Agag en die mooiste kleinvee gespaar het. Waarop alles egter neerkom, is dat Saul iets anders liewer gehad het as vir God. Saul se selfsugtige begeertes staan voorop en daarom bestuur hy die gesag wat hy van die Here ontvang het nie met liefde nie.

---

[84] Kyk *1 Samuel 15:11 – "Ek is bedroef daaroor dat Ek Saul koning gemaak het…"* (p. 171) en *"… hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie"* (p. 171).

[85] Kyk *1 Samuel 15:1 – "Dit is vir my wat die Here gestuur het om jou tot koning oor sy volk Israel te salf"* (p. 170).

[86] Kyk *1 Samuel 15:9 – "Saul en die manskappe het Agag gespaar en ook die mooiste kleinvee…"* (p. 170) en *"Al die vee wat swak en waardeloos was, het hulle wel van kant gemaak"* (p. 171).

- In die eksegese van 1 Samuel 15:2-3 word daarop gewys dat God by hierdie geleentheid aan Saul die gesag gegee het om 'n profesie wat in Moses se tyd gemaak is, in vervulling te laat gaan (bepaalde mag is aan hom gegee). Ook in hierdie geval het Saul sy gesag nie met liefde bestuur nie, aangesien hy ongehoorsaam aan God was.
- In die eksegese van 1 Samuel 18:13[87] is daarop gewys dat Saul vir Dawid heel moontlik die hoof van 'n leërafdeling gemaak het met die hoop dat Dawid in een van die konfrontasies met die Filistyne sou omkom. Daarin sien mens Saul se wanbegrip van sy bestuur. Hy bestuur nie die volk in gehoorsaamheid aan God nie, maar eerder om sy eie agenda te bevorder. 'n Leier wat sy gesag met liefde bestuur, sal altyd aan God gehoorsaam wees.
- Die eksegese van 1 Samuel 18:14[88] dui die verskil tussen die bestuur van Saul en Dawid aan. Waar dit vir Saul daaroor gegaan het om mense se goedgesindheid te wen, het dit vir Dawid daaroor gegaan om aan God gehoorsaam te wees.

Beginsels vir die leier se gesag met liefde

Die volgende beginsels vir gesag met liefde kan uit Saul se geskiedenis afgelei word:

- Die Here gee aan die leier bepaalde gesag wat hy só moet gebruik dat sy liefde vir God en sy naaste daardeur sigbaar word. Gehoorsaamheid aan God is daarom 'n belangrike eienskap wat die leier moet hê om sy gesag met liefde te kan bestuur.
- 'n Leier kan nie sy gesag met liefde bestuur indien hy God nie bo alles liefhet nie. Hoe meer die leier in sy verhouding met God groei, hoe meer sal hy sy gesag met liefde bestuur. Wat mense dink en wat mense voel, sal vir die leier altyd ondergeskik aan sy gehoorsaamheid aan God wees.

3.5.5.4 Herderlike leiding

Afleidings uit die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 oor die figurering van die leierskapsbegrip *herderlike leiding* in Saul se koningskap is die volgende:

- Herderlike leiding kom veral na vore in die leier wat 'n dienskneggestalte inneem. Dit sluit ook aan by die eksegese van 1 Samuel 15:22,[89] waar daar genoem word dat gehoorsaamheid aan die Here belangriker as brandoffers en diereoffers is omdat die persoon homself as heilige offer in gehoorsaamheid aan die Here wy.

---

[87] Kyk *1 Samuel 18:13 – "… en hom aangestel as hoof van 'n leërafdeling"* (p. 186).
[88] Kyk *1 Samuel 18:14 – "… en in alles sukses behaal omdat die Here by hom was"* (p. 186).
[89] Kyk *1 Samuel 15:22 – "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel?"* (p. 174).

- ’n Herder het gewoonlik voor die skape uitgeloop en om voor te loop, beteken dat die herder sy lewe eers in gehoorsaamheid aan die Here moet wy voordat die skape hom sal volg. Christus was ’n voorbeeld daarvan (vgl. 3.5.1.2). Deur sy absolute gehoorsaamheid aan die Vader (Joh. 5:19) het sy kudde hom gevolg in die wete dat hulle hul lewens vir hom en die evangelie kan verloor (Mark. 8:34-35).
- In 1 Samuel 18 is daar geen sprake van herderlike leiding nie omdat die leier alleen sy onderdane herderlik sal versorg, versterk en hom oor hulle sal ontferm indien hy aan God alleen die eer gee. Hoe meer die leier van God se liefde vir hom bewus is, hoe meer sal hy dit ook aan sy naaste wil bewys.

Beginsels vir die leier se herderlike leiding

Ten opsigte van herderlike leiding kan die volgende beginsels vir die leier uit die lewe van Saul afgelei word:

- ’n Leier het die verantwoordelikheid om sy lewe soos die goeie Herder as ’n lewende en heilige offer aan God te wy.
- Hoe meer die leier op homself gerig is, hoe minder sal herderlike leiding in sy leierskap na vore kom. Net die gerigtheid op Christus kan ’n opregte omgee in die hart van die leier wek.

3.5.5.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

Afleidings uit die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 oor die figurering van die leierskapsbegrip *waarheidsbegronde regverdigheid* in Saul se koningskap is die volgende:

- In die eksegese van 1 Samuel 15:13[90] word genoem dat die woorde van Saul presies die teenoorgestelde is van hoe God uitvoering van sy opdrag evalueer. Indien God die leier se Vader is, sal die leier die waarheid liefhê. Die teenoorgestelde sien ons by Saul. Hy het die leuen lief en daarom volg hy eerder die leuen na. ’n Voorbeeld van so ’n leuen kom na vore in die eksegese van 1 Samuel 15:30,[91] waar daarop gewys word dat Saul bang was dat as Samuel hom sou verwerp die volk hom ook sou verwerp. Hy dring dus by Samuel daarop aan om saam met hom die Here te gaan aanbid. Die waarheid is egter dat God alleen die volk se hart so kon verander dat hulle Saul nie verwerp nie. Die handeling van ’n profeet kan dit nie doen nie (vgl. Eseg. 37:6-10; Joh. 6:63).

---

[90] Kyk *1 Samuel 15:13 – “Mag die Here u seën! Ek het die opdrag van die Here uitgevoer”* (kyk p. 172).

[91] Kyk *1 Samuel 15:30 – “Eer my tog net voor die leiers van die volk en voor Israel deur saam met my te kom sodat ek die Here u God kan aanbid”* (p. 176).

- Nadat Samuel vir Saul in 1 Samuel 15:14 tereggewys het, sê Saul weer in vers 20 dat hy na die bevel van die Here geluister het. Die eksegese van vers 20[92] dui aan dat dit lyk of Saul selfs die waarheid verkeerd verstaan het. Paulus leer in 1 Korintiërs 2:14: "Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word." Hieruit is dit duidelik dat waarheidsbegronde regverdigheid 'n gawe van God is wat die leier biddend van God moet vra. God maak die leier se oë oop vir die waarheid deur sy Gees.
- Dit is opvallend dat Saul eers berou toon oor sy sonde wanneer Samuel vir hom in 1 Samuel 15:23 sê dat God hom as koning verwerp. Die oomblik toe Saul dit hoor, was daar skielik berou. In die eksegese van vers 24[93] en 30[94] word genoem dat Saul se berou eerder uit 'n hart kom wat vir verwerping bang is as 'n hart wat diep deur die sonde getref is. Ook hier is daar dus geen sprake van waarheidsbegronde regverdigheid nie, aangesien die waarheidsbegronde regverdigheid Saul tot ware verootmoediging sou gedwing het. Die waarheid het inteendeel plek gemaak vir skynheiligheid.
- In die eksegese van 1 Samuel 18:7[95] is daarop gewys dat Saul die lied wat die vroue gesing het as 'n belediging teenoor hom gesien het. Hierdie gevoel van Saul is toegeskryf aan Saul se toenemende onsekerheid oor homself. Saul se onsekerheid is gebaseer op 'n leuen, want Dawid was nie in Saul se koningskap geïnteresseerd nie. Boonop sou die Here die koningskap ook nie aan Dawid gegee het nie as dit nie sy wil was nie. Hierdie leuen het egter meegebring dat Saul in daardie situasie onregverdig opgetree het (vgl. vs. 11 & 13). 'n Goeie leier weet dat God hom in die posisie wat hy beklee aangestel het en dat Hy ook aan hom die nodige wysheid sal gee indien Hy wil hê dat die leier in daardie posisie moet bly dien. Wanneer die leier hierdie waarheid glo, sal hy ook regverdig kan bly optree.

Beginsels vir die waarheidsbegronde regverdigheid van die leier

Die volgende beginsels rakende waarheidsbegronde regverdigheid kan uit die leierskap van Saul afgelei word:

---

[92] Kyk *1 Samuel 15:20 – "Maar ek hét na die bevel van die Here geluister!"* (p. 173)

[93] Kyk *1 Samuel 15:24 – "… ek het die bevel van die Here en u opdrag oortree…"* (p. 174) en *"… omdat ek vir die manskappe bang was en na hulle versoek geluister het"* (p. 175); en 1 Samuel 15:30 – *"Eer my tog net voor die leiers van die volk en voor Israel deur saam met my te kom sodat ek die Here u God kan aanbid"* (p. 176).

[94] Kyk *1 Samuel 15:30 – "Eer my tog net voor die leiers van die volk en voor Israel deur saam met my te kom sodat ek die Here u God kan aanbid"* (p. 176).

[95] Kyk *1 Samuel 18:7 – "Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende!"* (p. 185).

- Die leier moet altyd die volle waarheid praat en liefhê aangesien hy die God dien wat die Vader van die waarheid is.
- Waarheidsbegronde regverdigheid is net geanker in die waarheid as dit die volle waarheid is. Halwe waarhede kan netsowel 'n leuen wees.
- 'n Aspek van waarheidsbegronde regverdigheid is ook om nie net vir die skyn oor sonde berou te hê nie. Waarheidsbegronde regverdigheid kom voor waar daar volkome berou oor sonde is.
- 'n Leier wat sy leierskap op waarheidsbegronde regverdigheid bou, besef dat God hom in die posisie wat hy beklee, geplaas het en net God kan hom weer van daardie posisie ontneem. Terwyl die leier hierdie waarheid glo, sal hy ook regverdig kan wees in sy uitsprake.

3.5.5.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

Op grond van die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 word die volgende afgelei oor die figurering van die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingsvermoë* in Saul se koningskap:

- Uit die eksegese van 1 Samuel 15:9[96] is dit duidelik dat Saul meer waarde geheg het aan tydelike waardes as aan ewige waardes. 'n Goeie leier weet dat sy grootste skat alleen in Christus te vinde is (Matt. 6:25-34). 'n Goeie voorbeeld hiervan word in die eksegese van 1 Samuel 15:24 genoem[97] as Saul beweer dat hy vir die manskappe bang was en daarom nie vir Agag en al die kleinvee laat doodmaak het nie. Indien Saul geestelike onderskeidingsvermoë gehad het, sou hy besef het dat hy eerder die Here moes gevrees het wat die liggaam en die siel in die hel kan laat vergaan (Matt. 10:28).
- Saul het ook nie die geestelike onderskeidingsvermoë gehad om te onderskei tussen wat ware godsdiens en wat valse godsdiens is nie. Hy is dus eerder bereid om brandoffers aan die Here te bring as om sy eie lewe te gee (vgl. die eksegese van 1 Samuel 15:22 [98] en 1 Samuel 15:24[99]).

---

[96] Kyk *1 Samuel 15:9 – "Saul en die manskappe het Agag gespaar en ook die mooiste kleinvee…"* (p. 170) en *"Al die vee wat swak en waardeloos was, het hulle wel van kant gemaak"* (p. 171).

[97] Kyk *1 Samuel 15:24 – "… ek het die bevel van die Here en u opdrag oortree…"* (p. 174) en *"… omdat ek vir die manskappe bang was en na hulle versoek geluister het"* (p. 175).

[98] Kyk *1 Samuel 15:22 – "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel?"* (p. 174).

[99] Kyk *1 Samuel 15:24 – "… ek het die bevel van die Here en u opdrag oortree…"* (p. 174).

- In die eksegese van 1 Samuel 15:24[100] word die tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë verder by Saul opgemerk wanneer hy opmerk dat hy teen God en Samuel gesondig het. 'n Leier met geestelike onderskeidingsvermoë weet dat die mens teen God alleen sondig aangesien dit sy wet is wat oortree word; gevolglik bely Dawid na sy owerspel en moord tereg: "Teen U alleen het ek gesondig…" (Ps. 51:6).
- Saul was verontwaardig omdat nie hy nie maar Dawid die eer gekry het. Sy trots veroorsaak dat hy dit nie kan hanteer dat iemand anders hoër as hy geag word nie (vgl. eksegese van 1 Sam. 18:8 en 9[101]). Geestelike onderskeidingsvermoë gee die leier die nodige wysheid om te besef dat God alleen geëer moet word. Alles wat die leier is en het, is genade van God.
- Die eksegese van 1 Samuel 18:12[102] toon aan hoedat Saul vir Dawid bang geword het omdat Dawid suksesvol was in alles wat hy gedoen het. Saul het die insig om Dawid se sukses aan sy verhouding met die Here te koppel (vgl. vs. 12), maar Saul se geestelike onderskeidingsvermoë skiet ver tekort wanneer hy dink dat hy 'n einde aan Dawid se lewe kan maak asof hy die mag het om God te oorwin. Soortgelyke dwaasheid word ook beskryf in die eksegese van vers 15[103] waar daarop gewys word dat Saul Dawid om die lewe wou bring; tog is Dawid die een wat in vrede leef en Saul die een wat met vrees vervul is. Geestelike onderskeidingsvermoë laat die leier dus ook besef dat God baie meer gesag namens die leier sal afdwing as wat enige dreigement kan vermag.

Beginsels vir die leier se geestelike onderskeidingsvermoë

Vir die geestelike onderskeidingsvermoë van die leier kan die volgende beginsels uit die leierskap van Saul afgelei word:

- Die leier moet sy lewe vanuit 'n eiwgheidsperspektief sien. Hoe meer die leier op die eindpunt saam met God gerig is, hoe meer sal hy in geestelike onderskeidingsvermoë groei.
- Vir die leier met geestelike onderskeidingsvermoë is dit baie belangriker om sy lewe aan God te wy as om verskillende godsdienstige reëls na te kom.
- Die leier met geestelike onderskeidingsvermoë besef dat elke sonde wat hy doen, sonde teen God is en dat Christus 'n duur prys daarvoor betaal het. Uit liefde vir God wil die leier daarom in opregtheid voor God leef.

---

[100] Kyk *1 Samuel 15:24 – "… ek het die bevel van die Here en u opdrag oortree…"* (p. 174).
[101] Kyk *1 Samuel 18:8 – "Dit het hom nie geval nie…"* (p. 185) en *"Die koningskap sal ook nog syne word!"* (p. 185); en *1 Samuel 18:9 – "Van toe af het Saul vir Dawid gewantrou"* (p. 185).
[102] Kyk *1 Samuel 18:12 – "Saul het bang geword vir Dawid omdat die Here by hom was…"* (p. 186).
[103] Kyk *1 Samuel 18:15 – "Saul het opgemerk dat Dawid baie suksesvol was, en Saul was bang vir hom"* (p. 186).

- ’n Leier met die nodige geestelike onderskeidingsvermoë gee altyd die eer en roem aan die Here omdat hy besef dat alles wat hy is en het genade van bo is.
- Geestelike onderskeidingsvermoë gee die leier ook die nodige wysheid om te besef dat niemand iets aan sy lewe kan doen as dit nie die Here se wil is nie (Rom. 8:28 & 38-39); daarom hoef die leier ook nie vir dreigemente bang te wees nie. As God vir hom is, wie kan dan teen hom wees (vgl. Rom. 8:31)!

3.5.6 Samevatting: Figurering van die leierskapsbegrippe by Saul

Uit die eksegese van 1 Samuel 15 en 1 Samuel 18:6-16 is dit duidelik dat die ses leierskapsbegrippe nie in Saul se koningskap gefigureer het nie, omdat hy nie op God se krag vertrou het nie, maar eerder in sy ongehoorsaamheid aan God volhard het.

3.6 Samevatting van die leierskap van Moses en Saul

In die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor Moses en Saul is ’n aantal beginsels vir die leierskap van predikante geïdentifiseer. Dat die leierskap van Moses en Saul grondig van mekaar verskil in soverre dit figurering van die leierskapsbegrippe aangaan, maak dit moontlik om die positiewe aspekte in die beginsels te beklemtoon deur ook aan te dui hoe die leierskap daar nie moet uitsien nie.

3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap

Gebaseer op die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes, die figurering van die leierskapsbegrippe in die lewens van Moses en Saul en die beginsels wat in die figurering van die leierskapsbeginsels geïdentifiseer is, word die volgende riglyne vir die leierskap van predikante voorgestel:

3.7.1 Onderdanige vertroue

- Die leier moet die nodige eerbied en respek vir God hê deur hom in nederigheid aan God se wil te onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou.
- Die leier moet met geloofsvertroue vashou aan God se beloftes wat Hy in sy Woord maak, met die wete dat God se tyd nie noodwendig die leier se tyd is nie.
- Die leier moet God se Woord bestudeer om Hom te leer ken aangesien die leier se geloof nie groter kan wees as dit wat Hy van God as die objek van sy geloof begryp nie.

- Die leier moet weet dat wanneer almal om hom paniekerig is, hy in gebed na God moet gaan om hulp te vra.

Praktiese toepassing

- Die leier moet besef dat die eer met elke oorwinning steeds aan God gegee moet word omdat Hy die krag en energie gegee het om die oorwinning moontlik te maak.
- Ten opsigte van die goedgesindheid van mense moet die leier besef dat hy eerder op God moet vertrou as om mense te probeer tevrede stel en in die proses God te verloën.
- Indien die leier nie gewillig is dat God hom lei nie, is hy ook nie waardig om ander te lei nie, omdat hy sy eie god geword het.
- 'n Leier hoef op niemand jaloers te wees nie omdat hy op God vertrou wat aan hom alles sal voorsien wat hy nodig het om sy roeping suksesvol uit te voer. Sy verhouding met Christus is vir hom daarom belangriker as sy besittings, roem of sukses.
- 'n Leier sal nie in homself roem nie, omdat sy lewe op God gerig is en hy aan God alleen die eer wil gee.

3.7.2 Status met verantwoordelikheid

- 'n Leier se status bestaan daaruit dat God aan hom die nodige gesag gee en daarom sal God die leier ook in staat stel om sy roeping suksesvol uit te voer.
- Die leier moet egter ook besef dat God aan hom 'n ereposisie gee wat met verantwoordelikheid gepaard moet gaan.
- Die verantwoordelikheid van die leier is dus om sy status só te gebruik dat hy 'n positiewe invloed op ander se lewens het.

Praktiese toepassing

Die leier hoef nie bekommerd te wees oor 'n gebrek aan vermoë, aansien en prestasie nie. God stel die leier in die posisie aan en God sal aan hom ook die nodige vermoëns gee om sy taak suksesvol af te handel.

3.7.3 Gesag met liefde

- Die leier probeer altyd om die gesag wat God aan hom gee, in gehoorsaamheid (liefde tot God en liefde tot naaste) aan God aan te wend.
- Vir die leier is dit belangrik om te besef dat God die bron van sy krag is. Hy is tot alles in staat alleenlik omdat God aan hom die krag daartoe gee.

Praktiese toepassing

- ’n Leier kan nie sy gesag met liefde bestuur indien hy God nie bo alles in sy lewe liefhet nie. Christus moet eerste wees en nie die eie ek nie (Joh. 3:30); daarom sal wat mense dink en wat mense voel vir die leier altyd ondergeskik wees aan sy gehoorsaamheid aan God.
- Die Here gee aan die leier bepaalde gesag wat hy so moet bestuur dat sy liefde vir God en sy naaste daardeur sigbaar word. Sy liefde vir God word veral geopenbaar wanneer hy die gesag ontvang om te oordeel, maar steeds in gehoorsaamheid aan God besluit om die oordeel eerder aan God oor te laat wat regverdig sal oordeel.

3.7.4 Herderlike leiding

- ’n Leier besef wat sy Herder bereid was om vir hom te betaal en daarom is die leier bereid om sy hele lewe in diens van die Here te stel.
- ’n Leier staan gevolglik nie apaties teenoor die lyding en verdrukking van die mense wat hy lei nie.

Praktiese toepassing

- Die leier sal lankmoedig omgaan met mense wat volhard in hul sonde soos wat God telkens lankmoedig met hom is.
- ’n Ware leier is nie op homself gerig nie maar daarop om die mense wat die Here onder sy sorg geplaas het, te dien.

3.7.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

Die leier moet die volle waarheid praat en liefhê aangesien hy die God dien wat die Vader van die waarheid is. Die waarheid maak dit vir die leier moontlik om regverdig op te tree.

Praktiese toepassing

- Halwe waarhede kan netsowel leuens wees.
- Berou moet opreg wees en nie geveins nie.
- Omdat die leier ook die waarheid oor homself glo (nuut in Christus), sal hy beledigings nie persoonlik opneem nie.

3.7.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

- Die leier se geestelike onderskeidingsvermoë is nou gekoppel aan sy verhouding met God. Hoe beter die leier God ken, hoe groter sal sy insig in moeilike omstandighede wees.

- Die leier met geestelike onderskeidingsvermoë het die wysheid om verder te kyk as die tydelike dinge om ook dit wat ewigheidswaarde het, raak te sien. Die leier sal dus sy lewe vanuit 'n ewigheidsperspektief sien deur altyd die oog saam met God op die eindpunt te rig.

Praktiese toepassing

- Die leier besef dat dit nie hy is wat mense van 'n saak kan oortuig nie en daarom laat hy dit geheel en al aan God oor om sy wil te laat geskied.
- 'n Leier sal hom altyd na God in gebed wend om te vra dat God in moeilike omstandighede uitkoms gee.
- Dit is vir die leier baie belangriker om sy lewe aan God te wy as om verskillende godsdienstige reëls na te kom.
- 'n Leier met geestelike onderskeidingsvermoë sal die omvang van sy sonde beter verstaan en gevolglik sal sy berou opreg wees.
- Geestelike onderskeidingsvermoë gee aan die leier ook die nodige wysheid om te besef dat niemand iets aan sy lewe kan doen as dit nie die Here se wil is nie (Rom. 8:28 & 38-39) en daarom hoef die leier ook nie vir dreigemente bang te wees nie.

3.8 Samevattende opmerking oor die hoofstuk

In Hoofstuk 3 is die geselekteerde teksgedeeltes oor Moses en Saul deur middel van eksegese bestudeer om 'n aantal beginsels te identifiseer wat deur die predikant toegepas kan word om hom te help om 'n effektiewe en verantwoordelike leier in die gemeente se roeping te wees.

Hoofstuk 4

Eksegetiese afleidings uit die Nuwe Testament oor effektiewe en verantwoordelike leierskap

4.1 Inleiding

Hoofstuk 4 is 'n voortsetting van die normatiewe taak van Osmer (2008:4) wat in hierdie studie daaruit bestaan dat daar na Bybelse beginsels vir die leierskap van die predikant gesoek word. In Hoofstuk 2 is die oorkoepelende begrip "leier" soos dit in die Ou en Nuwe Testament gebruik word, ontleed. Die doel van Hoofstuk 3 was om wetenskaplik deur 'n eksegetiese en kultuurhistoriese ondersoek beginsels in die Ou Testament te identifiseer vir die leierskapsrol van predikante in die gemeente se roeping; in Hoofstuk 4 word 'n poging aangewend om beginsels vir predikantsleierskap uit die Nuwe Testament af te lei. Die doel is steeds om uiteindelik 'n strategiese model voor te stel vir effektiewe en verantwoordelike leierskap van Afrikaanssprekende predikante in gemeentes met 'n Gereformeerde tradisie.

4.2 Metode

Die normatiewe taak word uitgevoer deur Skrifgegewens oor leierskap te ondersoek. Net soos in die Ou Testament het baie persone in die Nuwe Testament as leiers opgetree. Net soos in die Ou Testament is twee persone in die Nuwe Testament geselekteer om te bestudeer, naamlik Jesus en Paulus.[104] Soos in Hoofstuk 3 is die metode wat gevolg word, 'n grammaties-historiese eksegese (vgl. Lotter, 1993:11 en De Klerk & Janse van Rensburg, 2005) van verskeie Skrifgedeeltes oor die lewe en leierskap van Jesus tydens sy aardse lewe (Matt. 4:1-11; Luk. 22:24-30; Joh. 10:1-21) én oor die lewe en leierskap van Paulus (Filippense 1:12-26; 3:1-16). Hierdie gedeeltes raak die volgende aspekte aan: Christus se nuwe benadering tot leierskap en Paulus se optrede en uitsprake wat verteenwoordigend is van die ontvouing van leierskap in die Nuwe-Testamentiese kerk op grond van Jesus se prediking.

Dieptesnitte word gemaak van die volgende teksgedeeltes: Matteus 4:1-11 in die geval van Jesus se leierskap en Filippense 3:1-16 vir Paulus se leierskap. Ander gedeeltes word oorsigtelik bestudeer, naamlik Lukas 22:24-30 en Johannes 10:1-21 ten opsigte van Jesus en Filippense 1:12-26 ten opsigte van Paulus.

---

[104] Kyk *4.3 Motivering vir die tekskeuse van die bepaalde persoon* (p. 203).

Die eksegetiese dieptesnit van die gedeeltes uit Matteus en Filippense word onder die volgende opskrifte ondersoek:

i) Die plek van die boek in die Bybel
ii) Die plek van die perikoop in die boek
iii) Woordstudie
iv) Vers-vir-vers-eksegese
v) Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop
vi) Samevattende opmerkings

Die oorsigtelike studie van die gedeeltes uit Lukas, Johannes en Filippense word onder die volgende opskrifte ondersoek:

i) Die plek van die perikoop in die boek
ii) Vers-vir-vers-eksegese
iii) Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop
iv) Samevattende opmerkings

In die oorsigtelike studie van die Johannes-gedeelte is daar ook ’n woordstudie.

Die studie van Jesus se leierskap begin met ’n kort oorsig van sy leierskap om ’n idee te kry van waar die gedeeltes wat deur eksegese ondersoek word, in sy lewe inpas. Die studie word afgesluit deur ’n bespreking van die figurering van die leierskapbegrippe in sy leierskap. Die studie van Paulus se leierskap geskied volgens dieselfde patroon.

4.3 Motivering vir die tekskeuse van die bepaalde persoon

Op grond van bepaalde Skrifgegewens word norme ontwikkel om uiteindelik riglyne voor te stel vir die leierskaprol van die predikant in die gemeente se roeping.

4.3.1 Jesus

Die leierskap van Jesus word eerste ondersoek.

4.3.1.1 Jesus as persoon

Die dieptesnitte oor Jesus is belangrik omdat Hy die volmaakte voorbeeld van ’n leier is (1 Kor. 11:1). Elwell (1996) beskryf Jesus soos volg: “By anyone’s account, Jesus of Nazareth is the most significant person who has ever lived. He has influenced more lives and had more written about him than any other person in history.” Omdat Jesus die volmaakte leier is, kan sy volgelinge baie by Hom as hul Herder leer (Joh. 10:14).

4.3.1.2 Dieptesnit-eksegese

'n Dieptesnitstudie word gemaak van Matteus 4:1-11, wat handel oor die versoeking van Jesus in die woestyn. MacArthur (1985) beskryf hierdie gedeelte soos volg:

> "In Matthew 4:1-11 one of the most monumental and mysterious spiritual battles of all time is recounted – the personal confrontation between Jesus Christ and Satan... He was entirely alone, and it is therefore obvious that we could know nothing of what transpired there unless Jesus Himself had told His disciples of it. Here He reveals the victory secret, as it were, of His momentous struggle with Satan."

Omdat Jesus bereid was om die Satan te konfronteer, kan elke leier nou ook as oorwinnaar uit die stryd teen versoekings tree. Hierdie dieptesnitstudie sal die leier groter insig in die stryd teen versoekings gee.

4.3.1.3 Oorsigtelike eksegese

'n Oorsigtelike studie van Johannes 10:1-21 is belangrik omdat hierdie gedeelte oor die goeie herder handel. Die woordstudie het getoon dat die Hebreeuse woord vir "herder" 'n belangrike begrip in leierskap aandui[105] en dat die fundamentele waarheid oor die goeie herder in Christus alleen gevind word. 'n Oorsigtelike studie gee insig in hoe Jesus die ware Herder is sodat sy voorbeeld deur die leier nagevolg kan word.

Daar word ook 'n oorsigtelike studie van Lukas 22:24-30 onderneem. In hierdie gedeelte leer Jesus sy dissipels hoe 'n goeie leier 'n dienskneggestalte moet aanneem indien hy soos Jesus wil lei. Hierdie gedeelte sal daarom belangrik wees om te sien wat met 'n dienskneggestalte bedoel word.

4.3.2 Paulus

Tweedens word Paulus se lewe en leierskap bestudeer.

4.3.2.1 Paulus as persoon

Die *Nelson's New Illustrated Bible Dictionary* (1995) som Paulus se lewe op met hierdie woorde: "Paul, the Apostle – the earliest and most influential interpreter of Christ's message and teaching; an early Christian missionary; correspondent with several early Christian churches." Barentsen (2011:2) skryf oor Paulus dat hy die volgelinge van Christus en die patroon van

---

[105] Kyk *2.3.23* רעה (p. 58).

leierskap wat in daardie gemeenskap gevolg is, verteenwoordig. Die briewe van Paulus getuig inderdaad van sy invloedryke leierskap; daarom sal dit sinvol wees om vas te stel hoe Paulus as Nuwe-Testamentiese leier die kerk gelei het.

4.3.2.2 Dieptesnit-eksegese

Melick (1991) wys in sy kommentaar op Filippense 1:12 daarop dat die boek Filippense merkwaardig is omdat Paulus in drie van die hoofafdelings van die boek die gemeente inlig oor die omstandighede waarin hy hom bevind het en hoe hy dit alles beskou en hanteer het in die lig van sy verhouding met Christus. Die drie hoofafdelings is die volgende: Filippense 1:12-26, wat handel oor Paulus se omstandighede in die tronk in Rome; Filippense 3:1-14, wat handel oor Paulus se ondervinding van verlossing; en Filippense 4:10-20, wat handel oor die geskenk wat die gemeente aan Paulus gestuur het. 'n Dieptesnitstudie sal daarom gemaak word van Filippense 3:1-16 omdat Paulus in die gedeelte sy ou (sondige) lewe en sy nuwe lewe (in Christus) teenoor mekaar opweeg. Vir elke leier is dit belangrik om te begryp dat Christus se verlossing sy lewe moet verander.

4.3.2.3 Oorsigtelike eksegese

Soos hierbo vermeld, leer die brief Filippense die gelowige baie oor die leer en lewe van Paulus. Daarom word daar in die oorsigtelike eksegese aandag gegee aan Filippense 1:12-26, wat een van die hoofafdelings is waarin beskryf word hoe Paulus moeilike omstandighede te bowe gekom het. Hierdie gedeelte is belangrik omdat Paulus die kerk in hierdie gedeelte leiding gee oor die gesindheid wat 'n leier in moeilike tye moet hê. Paulus se eie lewe getuig ook van hierdie gesindheid aangesien hy in die tronk was terwyl hy hierdie brief geskryf het.

4.4 Jesus

Die leierskap van Jesus is so ryk aan betekenis dat 'n mens dit nooit ten volle sal kan deurgrond nie; daarom word slegs enkele momente in sy leierskap hier aangeraak.

4.4.1 'n Kort oorsig van die ontwikkeling van Jesus se leierskap

In hierdie afdeling word drie periodes in Jesus se leierskap onderskei:

4.4.1.1 Jesus se geboorte en voorbereiding vir sy bediening (p. 206)
4.4.1.2 Jesus se bediening in Galilea, Samaria en Judea (p. 208)
4.4.1.3 Jesus se laaste week in Jerusalem (p. 209.)

4.4.1.1 Jesus se geboorte en voorbereiding vir sy bediening

Daar word aan vier momente in die eerste periode van Jesus se leierskap aandag gegee, naamlik sy geboorte, sy kinderjare, sy doop en sy versoeking.[106]

Geboorte

Die geboorte van Jesus is sekerlik die belangrikste gebeurtenis van hierdie eerste deel van Jesus se menswees, aangesien die menswording van God daarin beskryf word (Elwell & Comfort, 2001a). Die evangelie volgens Johannes beklemtoon die menswording van Jesus deur daarop te wys dat Jesus reeds by die begin/skepping van die wêreld betrokke was toe God deur Hom, die Woord, alles tot stand gebring het (Elwell & Comfort, 2001a). Dit is die Woord wat nou mens geword het (Joh. 1:14). Deur die Heilige Gees is Jesus verwek in die maagd Maria, wat aan Josef verloof was. Op die bestemde tyd is Jesus in Betlehem gebore soos deur die Skrifte voorspel is (Miga 5:1).

Herodes, wat in daardie tyd die koning van die Jode was, was jaloers op die Koning wat volgens die sterrekykers en die profesieë gebore is. Omdat hy die kindjie nie kon opspoor nie, het hy al die kindertjies, twee jaar en jonger, om die lewe laat bring. Maria en Josef het gevolglik met Jesus na Egipte toe gevlug (Easton, 1893). Ná die dood van koning Herodes het Jesus se ouers na Israel teruggekeer en volgens die evangelies van Matteus en Lukas het hulle in die dorp Nasaret in Galilea gaan woon (Matt. 2:21; Luk. 2:39), waar Jesus grootgeword het.

Die geboorte van Jesus dui aan dat Hy ’n besondere leier sou word: Hy was en is volkome God maar met sy geboorte het Hy terselfdertyd volkome mens geword. Hy het reeds by die skepping van die wêreld sy leierskap uit sy skeppingsmag laat blyk, maar ná die sondeval van die mens het Hy mens geword om die mens uit sy doodsbestaan te red.

Kinderjare

Daar word nie veel van Jesus se kinderjare in die Bybel vertel nie. In Matteus 13:55 word daar na Jesus verwys as die timmerman se seun – sy pa was dus ’n timmerman. Die enigste verhaal uit Jesus se kinderjare word beskryf in Lukas 2:41-52, wat handel oor die gebeure toe Jesus op twaalfjarige ouderdom saam met sy ouers vir die Paasfees na Jerusalem toe is. Josef en Maria het op pad huis toe agterkom dat Hy nie by die reisgeselskap was nie. Die merkwaardige is dat hulle Jesus in die tempel gevind het. Almal wat Hom daar gehoor het, was verbaas oor sy insig en antwoorde (Luk. 2:47). Elwell en Comfort (2001a) beskryf hierdie gebeure soos volg:

---

[106] Vgl. Matt. 1-4:11; Mark. 1:1-13; Luk. 1-4:13; Joh. 1:1-34.

> "This event is a pointer to one of the most characteristic features of Jesus' later ministry: his display of irrefutable wisdom in dialogue with his Jewish contemporaries. It also reveals that at an early age Jesus was acutely aware of a divine mission."

Hieruit kan afgelei word dat Jesus reeds op vroeë ouderdom sy leierskap deur sy wysheid betoon het. Hy was in die geselskap van die leiers van die volk en het hulle reeds ver in wysheid oortref.

Doop

Toe Jesus deur Johannes gedoop is, was Hy ongeveer dertig jaar oud (vgl. Luk. 3:23). Die belangrikste deel van Jesus se doop is die stem uit die hemel wat sê: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My" (Matt. 3:17). Met hierdie woorde word bevestig dat Jesus die gesalfde Koning van Israel is (MacArthur, 1985). Hy is die een wat daarvoor bestem is om sy koningskap as Dienskneg van die Here uit te voer soos deur al die eeue voorspel (Jes. 42:1; 52:13; *Nelson's New Illustrated Bible Dictionary* (1995). Jesus se doop bevestig dat Hy waardig is om dié leier van die "volk" te wees. Die aartsvaders, Moses en Josua, die rigters, die konings en al die ander leiers van die volk was gebroke mense wat nie die volk uit hulle sonde kon lei nie. Jesus kon dit doen omdat Hy aan al die nodige vereistes voldoen het en die Vader se stem uit die hemel het dit met Jesus se doop bevestig. Hy is voorwaar die Vader se "Geliefde Seun" omdat Hy in alles wat Hy gedoen het volkome gehoorsaam was.

Versoeking

Volgens Matteus, Markus en Lukas volg die versoeking van Jesus direk op die doop van Jesus. Hierdie gebeure word breedvoeriger in die dieptesnit-eksegese van Matteus 4:1-11 bespreek.[107]

Samevatting: Jesus se geboorte en voorbereiding vir sy bediening

- Jesus se geboorte, kinderjare en doop getuig daarvan dat Hy die leier is wat deur al die eeue heen verwag is (vgl. Deut. 18:18), die een in wie daar ware verlossing te vinde is.
- Met Jesus se doop bevestig die Vader dat Jesus die ware Seun van God is teenoor die volk wat in verskeie opsigte as die seun van God gefaal het (vgl. Jer. 3:19). Hy is die een wat volkome gehoorsaam is en in wie ware verlossing te vinde is.[108] Jesus se leierskap as Messias word daarom deur sy doop bekragtig.

---

[107] Kyk *4.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Matteus 4:1-11* (p. 214).
[108] Kyk ook *4.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Matteus 4:1-11* (p. 214).

4.4.1.2 Jesus se bediening in Galilea, Samaria en Judea[109]

Jesus se bediening het hoofsaaklik in Galilea begin nadat Johannes deur Herodes gevange geneem is (vgl. Joh. 3:19-20) en in die tronk gesit is (Mark. 1:14). Die eerste gebeurtenis ná Johannes se gevangeneming wat deur Markus beskryf word, is die roeping van Jesus se dissipels. Volgens die evangelie van Johannes was die eerste vyf dissipels wat Jesus geroep het Johannes, Andreas, Petrus, Filippus en Natanael. Volgens Lukas (vgl. Mark. 3 en Luk. 6:12-16) moet die roeping van die ander sewe dissipels kort hierna gevolg het.

Ná die roeping van hierdie dissipels begin Jesus met sy eerste wonderwerke. Volgens die evangelie van Johannes was die eerste wonderwerk van Jesus die water wat Hy in wyn verander het by die bruilof in Kana in die Galilea-omgewing. Elwell en Comfort (2001a) merk op dat Johannes hierdie wonderwerk as 'n wonderteken beskryf omdat die waarheid van die evangelie daardeur beklemtoon word. Hierdie siening word bevestig wanneer die evangelis die doel met hierdie wonderteken soos volg beskryf: "Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom" (Joh. 2:11).

Jesus se uitstaande leierskap het sigbaar geword in die manier hoe hy die evangelie verkondig het. Hy het nie alleen die evangelie deur insiggewende gelykenisse oorgedra nie, maar die gelykenisse het ook gepaardgegaan met werke van genade en mag; dus was die wonderwerke 'n teken en bevestiging van God se seën op sy leierskap/Messiasskap (vgl. Jes. 29:18).

Verder het Jesus se besondere leierskap ook sigbaar geword in die liefde waarmee Hy die siekes en uitgeworpenes (melaatses, sondaars en tollenaars) behandel het. Die godsdienstige leiers was glad nie ingenome met Jesus se bediening nie, aangesien Hy Hom volgens hulle nie by die wet gehou het nie (vgl. Mark. 7:9; Luk. 7:39; Joh. 5:18; 6:60; 8:1-11). Jesus het hulle egter telkens daarop gewys dat Hy nie gekom het om die wet ongeldig te maak nie, maar om die wet juis weer sy volle betekenis te laat kry (vgl. Matt. 5:17). Hy het die Fariseërs gewys wat dit beteken om mense (ook die siekes) werklik lief te hê soos die oorspronklike bedoelling van die wet was (Lev. 19:18, 34; Deut. 10:12).

Jesus se leierskap word verder sigbaar in die manier hoe hy sy dissipels onderrig oor die teenstand wat hulle sal kry. Hy leer hulle van die goeie herder en dat alleen hulle wat aan die herder se kudde behoort, sy stem sal herken en hom sal volg. Hierdie leiding was nodig omdat

[109] Vgl. Matt. 4:12-21:1; Mark. 1:14-11:1; Luk. 4:14-19:28; Joh. 1:35-12:11.

die Fariseërs en Skrifgeleerdes nie ingesien het dat die hele Ou Testament na Jesus verwys nie; daarom het hulle opstand teen Jesus van hulle geestelike blindheid getuig (Joh. 9:35-41).[110]

Samevatting: Jesus se bediening in Galilea, Samaria en Judea

Jesus se werke en dade tydens sy aardse lewe het van sy roeping getuig. Alles wat hy gedoen het, het daarvan getuig dat Hy die goeie Herder is; daarom kan Hy ook van sy kudde verwag dat hulle dade daarvan moet getuig dat hulle aan die kudde van die wonderlike Herder behoort.

4.4.1.3 Jesus se laaste week in Jerusalem[111]

Van der Walt (2006:233) gee 'n baie bruikbare indeling van die laaste dae van Jesus se lewe voordat Hy gekruisig is (kyk *Tabel 2: Indeling van Jesus se laaste dae voor sy kruisiging – Van der Walt (1966)*, p. 209). Dit is 'n uiters kort samevatting van die laaste week voordat Jesus gekruisig is om 'n oorsig te gee van alles wat gebeur het en hoe alles in mekaar pas.

Uit hierdie samevatting blyk die absolute toewyding en doelgerigtheid waarmee Jesus sy dissipels in hierdie laaste week gelei het. Hy het hulle geleer hoe hulle mekaar moet dien wanneer Hy van hulle af weggaan (Joh. 13). Hy het hulle in verskeie gesprekke op sy dood voorberei (vgl. Joh. 12:7, 23-31; 13:31-33; 14:1-31; 16:16-24) sodat hulle vrede in Hom kon vind (Joh. 16:33). Hy het ook vir hulle die hoop gegee van 'n voorspraak, naamlik die Heilige Gees, wat na hulle sal kom om hulle in die waarheid te onderrig (Joh. 16:5-15).

Ná sy opstanding het Jesus aan verskeie mense verskyn en daarna het Hy na die hemel opgevaar.

Samevatting: Jesus se laaste week in Jerusalem

Hierdie laaste week voor Jesus se kruisiging spreek van die opregte medelye en doelgerigtheid waarmee Jesus sy dissipels tot aan die einde van sy lewe onderrig het.

Tabel 2: Indeling van Jesus se laaste dae voor sy kruisiging – Van der Walt (1966)

Weeksdag	Teksgedeelte	Gebeure
Sondag	(Mark. 11:1-11)	Die dag van die triomfantlike intog in Jerusalem
Maandag	(Mark. 11:12-25)	Die dag waarop Jesus die tempel reinig en die vyeboom vervloek

[110] Hierdie gedeelte (Joh. 10:1-21) sal verdere aandag geniet in die oorsigtelike eksegese van Johannes 10:1-21. Kyk *4.4.3 Oorsigtelike eksegese – Johannes 10:1-21* (p. 225).
[111] Vgl. Matt. 21:1; Mark. 1:14-11:1; Luk. 4:14-19:28; Joh. 1:35-12:11.

Weeksdag	Teksgedeelte	Gebeure
Dinsdag	(Mark. 11:27-13:37)	Die dag waarop die stryd om die hart van Israel beskryf word
Woensdag	(Mark. 14:1-11)	Die dag waarop Jesus in Betanië rus, deur 'n vrou gesalf word en sy dood beplan word
Donderdag	(Mark. 14:12-52)	Jesus se prediking op hierdie dag is hoofsaaklik daarop toegespits om sy dissipels vir oulaas daarop voor te berei dat Hy na sy Vader toe gaan en dat Hy aan hulle die Heilige Gees sal gee om by hulle te bly (Joh. 14). Die aand bedien Jesus die Pasga en die Nagmaal aan sy dissipels. Hy buig voor elkeen van sy dissipels om hulle voete te was. Só toon Jesus aan sy dissipels hoe hulle mekaar moet dien wanneer Hy na sy Vader toe gaan.[112] Daarna gaan Hy na Getsemane toe waar Hy Hom drie maal afsonder om te bid. Daarna word Hy in hegtenis geneem.
Vrydag	(Mark. 14:53-15:41)	Op hierdie dag word Jesus van vroegoggend af verhoor en later gekruisig.
Saterdag	(Mark. 15:42-47)	Die hele Saterdag rus Jesus se liggaam in die graf.
Sondag	(Mark. 16)	Toe Maria by die graf kom om Jesus se liggaam met reukolie te balsem, is die graf leeg, want Jesus het opgestaan!

4.4.2 Dieptesnit-eksegese – Matteus 4:1-11

Die eerste perikoop wat verklaar word om vas te stel hoe Jesus se leierskap daar uitgesien het, is Matteus 4:1-11, wat beskryf hoe Jesus die versoeking deur die duiwel teengestaan het.

4.4.2.1 Die plek van die boek Matteus in die Bybel

Volgens Combrink *et al.* (1985:77) het die Matteus-evangelie raakpunte met die Johannes-evangelie. Hy sê dat Matteus én Johannes van die Ou Testament gebruik maak om te bewys dat al die Ou-Testamentiese profesieë in Jesus die Christus vervul is. Terselfdertyd toon al twee evangelies ook die toenemende breuk met Judaïsme en die sinagoge aan. Hierdie werk wat

[112] Dit was 'n besonder geleentheid wat meer aandag sal geniet in *4.4.3 Oorsigtelike eksegese – Johannes 10:1-21* (p. 225).

deur Jesus begin is en deur die evangelies beskryf word, ontvou soos volg in die res van die Nuwe Testament:

- Paulus wys byvoorbeeld in Romeine 3:31 en 13:10 daarop dat die wet nie deur Jesus opgehef is nie, maar eerder sy volle betekenis in Hom kry. Jesus het die gelowige kom wys wat ware liefde vir God is deur sy volkome gehoorsaamheid in die woestyn, waar Hy in moeilike omstandighede nie in God se trou getwyfel het nie.
- Net so skryf Paulus ook in 2 Korintiërs 1:17-20 dat Jesus die "Ja" op al die beloftes van God is. Alles in die Ou Testament word in Jesus, die Christus vervul. So is Jesus byvoorbeeld die ware Moses wat die volk uit die woestyn van sonde moes kom lei (vgl. die belofte in Deut. 18:18). Hy kon dit doen omdat Hy, anders as Moses, volkome gehoorsaam was (vgl. Matt. 4:1-11).
- Wat die brief van Jakobus betref, wys Combrink *et al.* (1985:77) daarop dat Jakobus beklemtoon dat geloof wat nie tot dade kom nie, dood is (Jak. 2:26). Hierdie lering van Jakobus is ook 'n verdere ontplooiing van wat Jesus telkens in die evangelie van Matteus leer. Jesus het sy dissipels meermale daarop gewys dat die vrug van die geloof/bekering dade van gehoorsaamheid is (3:8-10; 12:50; 15:7-9; 21:28-32, 43; 23:2-5.) Die veertig dae wat Jesus in die woestyn was en deur die duiwel versoek is, is ook 'n bewys daarvan dat 'n ware geloof deur gehoorsaamheid bevestig moet word.

4.4.2.2 Die plek van die perikoop Matteus 4:1-11 in die boek Matteus

Die meeste kommentare (Combrink *et al.*, 1985:78; Hagner, 1998; Vosloo & Van Rensburg, 1999) meen dat die evangelie volgens Matteus ingedeel kan word aan die hand van Jesus se preke wat in vyf dele verdeel word. Die skrywer van Matteus dui hierdie vyf dele telkens aan deur die frase, "Toe/Nadat Jesus klaar…" (7:28; 11:1; 13:53; 19:1 en 26:1).

Vosloo en Van Rensburg (1999) stel die verhaalgang van die evangelie in die vorm van 'n tabel voor (kyk *Tabel 3: Die verhaalgang van die evangelie – Vosloo en Van Rensburg (1999),* p. 212). Uit hierdie voorstelling is dit duidelik dat Matteus 4:1-11 deel vorm van die gedeelte waar Jesus voorgestel word as die Verlosser van Israel en die wêreld. Dit is dus nog aan die begin van Jesus se bediening op aarde waar Hy, deur staande te bly deur die versoeking, bewys dat Hy die ware Seun van God is. Van Zyl (1993) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat Jesus al drie die versoekings van Satan afweer met aanhalings uit Deuteronomium 6-8, waar dit juis oor die versoeking van Israel in die woestyn gaan. Israel het gefaal maar Christus tree as Oorwinnaar uit hierdie stryd. Die toets van Matteus 4 is dus by uitnemendheid 'n toets of Jesus waardig is om Seun van God te wees, en dan nie net Seun nie, maar ook Verlosser.

In die Ou Testament word dikwels voorspel dat 'n Messias sou kom om die volk te verlos. God stuur sy eie Seun om die verlossing te bewerk. In hierdie studie word ondersoek hoe Jesus sy waardigheid as Seun van God in Matteus 4:1-11 bewys. Daardeur sal beklemtoon word dat Hy die ware Leier is waarna die hele skepping met verwagting uitgesien het.

Tabel 3: Die verhaalgang van die evangelie – Vosloo en Van Rensburg (1999)

Teksgedeelte	Gebeure
1:1-4:22	Jesus word voorgestel as Verlosser van Israel en die wêreld.
4:23-9:35	Jesus praat met die gesag van God en Hy bevestig dit met wonderdade (8-9).
9:36-12:50	Jesus tree met gesag op en Israel bied weerstand. Hy beklee sy dissipels ook met gesag om die boodskap van die koninkryk te verkondig en wonders te doen (10).
13:1-20:34	Jesus verduidelik aan sy dissipels die geheim van die koninkryk van die hemel en waarom hulle dit verstaan en die skare nie (13). Daarna onderrig Hy sy dissipels oor verskeie sake en maak ook sy identiteit al hoe meer aan hulle bekend (14:22-32; 16:13-20; 17:1-7).
21:1-25:46	Die konflik tussen Jesus en die Joodse leiers loop uit op 'n openlike botsing in Jerusalem waarin Jesus verskeie strydgesprekke voer, gelykenisse vertel en simboliese handelinge verrig waardeur Hy die leiers implisiet veroordeel (21-23). In hoofstuk 24 en 25 kondig Jesus die finale oordeel oor Jerusalem aan en Hy waarsku sy dissipels om waaksaam te wees sodat hulle nie onverhoeds betrap word wanneer die oordeel aanbreek nie.
26:1-28:20	Hierdie gedeelte vertel van die Jode wat Jesus uiteindelik om die lewe bring deur Hom te kruisig. Die boek eindig waar Jesus uit die dood opstaan en sy dissipels die opdrag gee om die hele wêreld sy dissipels te maak.

4.4.2.3 Woordstudie van Matteus 4:1-11

In Matteus 4:1-11 is daar ten minste twee gedagtes wat baie sterk beklemtoon word, naamlik eerstens dat Christus *versoek* word én tweedens dat Christus die duiwel moet *aanbid.* Wat die versoeking betref, word die motivering vir versoeking ook ondersoek; wat die aanbidding van die duiwel betref, is dit opmerklik dat die duiwel Jesus in die laaste versoeking pertinent vra om hom te aanbid. In die woordstudie word daar dus aan die twee begrippe "versoek" en "aanbid" aandag gegee.

4.4.2.3.1 Vers 1 – πειράζω (“versoek”/"toets")

Volgens Mills (1999) val die klem in hierdie woord op die voorafbeplande toetsing van ’n persoon. Barclay (1976) wys daarop dat hierdie Griekse woord veel eerder op ’n “toets” as “versoeking” dui omdat dit ’n positiewe of negatiewe toets kan wees. MacArthur (1985) voeg by dat die goeie of slegte doel van die toets bepaal word deur die een wat die toets aanbied. Aangesien dit in hierdie geval die Satan is en sy doel duidelik is om Jesus tot sonde te verlei, kan daar inderdaad van ’n “versoeking” gepraat word.

MacArthur (1985) wys daarop dat dieselfde toets wat deur die Satan as ’n toets vir die kwaad gebruik word, deur God as ’n toets vir die goeie gebruik word. Satan versoek Jesus om ongehoorsaam te wees, terwyl God die situasie gebruik om Jesus se heiligheid en waardigheid aan te toon (vgl. ook Blomberg, 1992). Hieruit is dit duidelik dat God waarlik “… alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is” (Rom. 8:28).

God sal ’n persoon nie versoek om kwaad te doen nie (vgl. Jak. 1:13), maar selfs die slegste of grootste versoeking wat die duiwel oor ’n mens se pad bring, kan deur God in ’n oorwinning verander word. Blomberg (1992) sê tereg dat daar altyd teen twee uiterstes gewaak moet word: aan die een kant om te sê dat God ’n persoon versoek en aan die ander kant om te dink dat die duiwel die mag het om te versoek soos hy wil.

4.4.2.3.2 Vers 9 – προσκυνέω (“ aanbid”)

Twee semantiese velde word deur Louw en Nida (1996) vir hierdie woord voorgestel: “... to express by attitude and possibly by position one’s allegiance to and regard for deity” en “an idiom, literally ‘to incline the face to the ground’: to prostrate oneself before someone as an act of reverence, fear, or supplication.” Hulle gaan voort:

> “προσκυνέω is semantically very complex in that it indicates not only a body position but also an attitude and activity of reverence or honor. In many contexts it is not necessary to specify both semantic elements, but one or the other may be selected depending upon what seems to be the focus of attention.”

Die tweede verklaring word deur Jamieson *et al*. (1997) aangevul deur die verduideliking dat die woord wat in die Hebreeuse Bybel en die Septuaginta gebruik is, vertaal kan word met “vrees”: “In the Hebrew and the Septuagint it is, ‘Thou shalt fear’; but as the sense is the same, so ‘worship’ is here used to show emphatically that what the tempter claimed was precisely what God had forbidden.”

Die volgende sake moet verder in die studie in gedagte gehou word:

- Dit is belangrik om in te sien dat dieselfde toets wat die duiwel in 'n negatiewe sin tot die mens rig, deur God gebruik word om die positiewe reaksie van die persoon te beklemtoon.
- Die aanbidding wat die duiwel van Jesus eis, staan lynreg teenoor wat God in sy Woord beveel.

4.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Matteus 4:1-11

Die hoofdoel van die vers-vir-vers-eksegese is om vas te stel of leierseienskappe uit Jesus se optrede tydens die versoeking afgelei kan word.

Vers 1 – "Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei…"

In Matteus 3:13-17 word daar aan die leser vertel hoedat Jesus gedoop (of as Koning aangewys) is en hoe die Heilige Gees soos 'n duif uit die hemel op Jesus neergedaal het. Lukas 4:1 noem ook dat Jesus vol van die Heilige Gees was. Matteus 4:1 sluit by die doop aan deur daarop te wys dat Jesus deur die Gees die woestyn in gelei is om getoets te word. Daarom stel MacArthur (1985) dit treffend soos volg: "His baptism in the Jordan declared His royalty; His testing in the wilderness demonstrated it." Wiersbe (1992) merk op: "Before a king can rule others, he must prove that he can rule himself. This is why King Saul lost his kingship – he was unable to control himself and obey God."

In Hosea word Israel deur God beskou as die seun van God wat Hy baie liefgehad het (Hos. 11:1). Hierdie seun of volk is destyds die woestyn ingelei as 'n toets of hulle gehoorsaam aan hul God sou wees (Deut. 8:2). Die ongehoorsaamheid van die volk was egter die bewys daarvan dat hulle nie die liefde van God werd was nie. Net so word Jesus nou die woestyn in gelei om te toets of Hy waardig is om "Seun van God" genoem te word. Die volk het telkens gesondig terwyl hulle vir veertig jaar in die woestyn was, maar Jesus is anders. Hy is waardig om Seun van God genoem te word. Hy is 'n ware Koning!

Vir Radmacher *et al.* (1999) is dit opvallend dat geestelike oorwinnings (Jesus se salwing met die Heilige Gees) dikwels gevolg word deur 'n toets in die geloof (vgl. Elia in 1 Kon. 19). Henry (1994) se kommentaar getuig van 'n goeie insig: "God usually prepares his people for temptation before he calls them to it; he gives strength according to the day, and, before a sharp trial, gives more than ordinary comfort." Nie eens die Seun van God is hierdie waarheid gespaar nie. Eers behaal Hy die oorwinning dat God uit die hemel sê (Matt. 3:17): "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." Dan kom die versoeking. Die Here waarsku die gelowige dus ook by

monde van Paulus: “Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10:12).

Wanneer die leier in ’n belangrike saak slaag, is hy baie kwesbaar om te dink dat hy dit in sy eie krag reggekry het; daarom is hy ten tye van sukses ook die kwesbaarste vir hoogmoed en mislukking (MacArthur, 1985).

“… deur die Gees…”

Mills (1999) wys in sy kommentaar op die belangrikheid van God in hierdie gebeure omdat Jesus hier, deur die nabyheid van die Heilige Gees, ’n model vir elke Christen word:

> “Philippians 2:7 tells us that Christ Jesus laid aside (emptied Himself of) His divine privileges when He became a man; so Luke 4:1 indicates that He conducted His earthly ministry in the power and enabling of the Holy Spirit. His ministry thus becomes a model that all the regenerate can emulate, for He conducted it as a man, not in His power as God.”

Al wat Jesus dus in hierdie stryd teen die Satan gebruik het, is die Woord en die Heilige Gees, wat tot die beskikking van elke gelowige is.

“… om deur die duiwel versoek te word”

Wat die versoeking betref, noem Vosloo en Van Rensburg (1993) dat dit opvallend is dat die Satan Jesus nie versoek toe Hy gedoop is nie maar juis toe Hy in die woestyn was, waar Hy moeg, alleen en honger was. Jamieson *et al.* (1997) wys daarop dat die doel van die duiwel met die veertig dae in die woestyn duidelik was om Jesus te oorreed dat die hemelse getuienis wat met sy doop aan Hom gegee is dat Hy “die Seun van God” is, 'n illusie was. Jesus se algehele gehoorsaamheid aan sy Vader getuig egter van die teendeel.

MacArthur (1985) dui die verband met die eerste Adam aan. Toe Satan na Adam toe gekom het, was hy in die paradys. Die omstandighede was in Adam se guns, want niks in sy onmiddellike omgewing was vir hom nadelig of skadelik nie; tog het hy die stryd te midde van ideale omstandighede verloor. Die tweede Adam ontmoet Satan in die verlate woestyn nadat Hy reeds veertig dae sonder kos was; tog oorwin Hy die Satan in daardie haglike omstandighede.

Vers 2 – “Veertig dae en veertig nagte…”

Elwell (1995) en Blomberg (1992) wys daarop dat die getal veertig en die woestyn albei aan die volk Israel se veertig jaar in die woestyn herinner. Hagner (1998) beskryf die woestyntog van

Israel as “a season of testing in the wilderness”. Die doel met die volk se omwandeling in die woestyn word as ’n toets in Deuteronomium 8:2 beskryf:

> “Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie.”

Net soos die volk word Jesus nou deur die Gees die woestyn in gelei om Jesus se gehoorsaamheid te toets. Terwyl die volk telkens gefaal het om aan God gehoorsaam te wees, het Jesus daarin geslaag om volkome gehoorsaam te bly. Hierdie parallel bereik sy hoogtepunt daarin dat Jesus telkens op die versoeking van die duiwel met ’n aanhaling uit Deuteronomium 6-8 antwoord. Hierdie hoofstukke beskryf die woestyntog van Israel en daarom beklemtoon Jesus deur hierdie aanhalings dat Hy die verpersoonliking van Israel en die vervulling van al hulle hoop is (Hagner, 1998).

Verder herinner die veertig dae en nagte in besonder aan Moses, wat vir veertig dae en nagte op die berg was sonder om iets te eet, terwyl hy die verbondsbepaling van God op die plat klippe geskryf het (Eks. 34:28). Daarom meen Keener (1993) dat Jesus hier as die nuwe Moses of wetgewer optree (vgl. die bergrede in Matt. 5-7).

Die veertig dae en nagte herinner ook aan Elia, wat vir veertig dae en nagte niks geëet het nie, terwyl hy vir koningin Isebel gevlug het (1 Kon. 19:8), nadat hy al die Baälpriesters doodgemaak het. Hierdie optrede herinner dus aan Elia wat die groot hervormer van die Ou Testament was (Henry, 1994).

Vers 3 – “As U die Seun van God is…”

Die duiwel spreek Jesus hier aan met dieselfde titel wat God aan Hom met sy doop gegee het (Blomberg, 1992). MacArthur (1985) meen dat die duiwel hier net soos met Eva twyfel probeer skep. Hy sê vir Eva in Genesis 3:1: “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?” Net so probeer hy by Jesus twyfel skep met die hoop om Jesus te oorreed om sy krag te bevestig deur ’n wonderwerk te doen. Wiersbe (1996) oordeel dat dit in hierdie versoeking hoofsaaklik oor die liefde van God (hoekom voed Hy nie sy geliefde Seun nie?) en die wil van God (waarom los Hy sy Seun in hierdie wildernis sonder kos?) gaan.

MacArthur (1985) wys op die dieperliggende versoeking wat handel oor Jesus se reg as Seun van God. Hoe kan die Vader toelaat dat sy eie Seun honger ly, terwyl Hy aan die volk wat so opstandig in die woestyn was manna voorsien het? Indien God werklik sy Vader is, sal Hy mos nie toelaat dat hy van die honger vergaan nie, want al die diere in die bos is tog syne (Ps.

50:10; Henry, 1994). Die duiwel wil hê dat Jesus moet twyfel aan die Vader se beloftes, liefde en voorsienigheid.

Iets van dieselfde versoeking hoor mens later in die skare se woorde wat spottend uitroep (Matt. 27:40): “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!”

“… sê hierdie klippe moet brood word”

Die Woord stel dit duidelik dat God alles deur Jesus geskep het (vgl. Gen. 1; Joh. 1:1-3; Kol. 1;16; Heb. 1:2). Met hierdie versoeking daag die duiwel Jesus uit om te bewys dat Hy die Skepper is deur wie se woorde alles tot stand gekom het (Mills, 1999). Hagner (1998) meen daarom dat Jesus getoets word of Hy sy goddelike krag vir eiegewin sal gebruik. Indien Jesus hierdie klippe in brood verander, sal dit beteken dat Hy moeilike omstandighede en pyn probeer vermy. Die duiwel wil hê dat Jesus in die voorsienigheid van sy Vader moet twyfel sodat Hy sy eie goddelike krag sal gebruik om in sy eie behoeftes te voorsien (MacArthur, 1985). Jesus verkies egter om die pad van lyding en dood te loop omdat dit sy Vader se wil is.

Vers 4 – “’n Mens…”

Hierdie woorde is opvallend omdat Jesus Hom hiermee ten volle met die mens assosieer ten spyte van sy goddelikheid. Op grond van hierdie woorde meen Richards en Richards (1987) dat Jesus sy voorneme duidelik maak om as mens op aarde te leef. Hy was bereid om volkome aan die mens gelyk te word (vgl. Fil. 2:5-7). Jesus het die duiwel as mens gekonfronteer en nie as die Seun van God nie. Gevolglik is Hy die ideale hoëpriester vir die mens (Heb. 2:16-18; 4:15-16; Wiersbe, 1996).

“… leef nie net van brood nie…”

Hagner (1998) wys in sy kommentaar daarop dat die woorde van Jesus wys op die noodsaaklikheid om van brood te leef, maar dit impliseer ook dat brood alleen nie voldoende is nie. ’n Mens se verhouding met God is net so nodig. Daarom sê Jesus: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi” (Joh. 4:34). Met hierdie aanhaling word Jesus se algehele gehoorsaamheid aan die Vader beklemtoon. Selfs ten koste van Homself is Hy bereid om gehoorsaam te wees aan die Vader omdat die verhouding met sy Vader vir Hom selfs belangriker as voedsel is. Blomberg (1992) meen daarom dat dit hier oor die verskynsel gaan dat die mens dikwels versoek word om toe te gee aan fisiese behoeftes ten koste van die vervulling van geestelike nood. Wiersbe (1996) verduidelik wat gebeur as die mens aan versoekings toegee: “When we put our physical needs ahead of our spiritual needs,

we sin. When we allow circumstances to dictate our actions, instead of following God's will, we sin."

God is immers die een wat aan elke gelowige sy daaglikse kos gee. Omdat God die bron van die gelowige se voedsel is, is dit logies dat God belangriker as die brood is (Pfeiffer & Harrison, 1962).

"… maar van elke woord wat uit die mond van God kom"

Na aanleiding van hierdie woorde wys Jamieson *et al.* (1997) daarop dat Israel veertig jaar lank in die woestyn was waar hulle glad nie menslike hulpbronne gebruik het nie. Desnieteenstaande het hulle nie honger gehad nie omdat God hulle versorg het. Sy doel was om aan elke geslag te toon dat die mens nie van kos afhanklik is nie, maar van God se onfeilbare beloftes, wat die waarborg is dat Hy in al ons ander behoeftes ook sal voorsien (vgl. Matt. 6:33). Die beginsel word soos volg deur Calvyn en Pringle, W. (2010) verduidelik:

> "Moses reminds them (Israel) that, when no bread could be obtained, God provided them with an extraordinary kind of nourishment in 'manna, which they knew not, neither did their fathers know,' (Deut. 8:3;) and that this was intended as an evident proof, in all time coming, that the life of man is not confined to bread, but depends on the will and good-pleasure of God."

Wanneer Jesus weier om die klippe brood te maak, wys Hy daardeur dat Hy ten volle op God se voorsienigheid vertrou.

Vers 5 – "… hoogste punt van die tempel staan…"

Barbieri (1985) meen dat die duiwel Jesus met hierdie handeling herinner aan die profesie van Maleagi 3:1, wat volgens die Jode beteken het dat die Messias skielik uit die hemel na die tempel toe sal kom. Aangesien Jesus hier aan die begin van sy bediening staan, lyk dit logies dat Jesus moet doen wat die mense van Hom verwag. Op die manier sal hulle dadelik aan Hom die eer gee wat Hom as Messias toekom. Henry (1994) wys op die slinksheid van die duiwel in die volgende insiggewende verduideliking:

> "He fixes him on a public place in Jerusalem, a populous city, and the joy of the whole earth; in the temple, one of the wonders of the world, continually gazed upon with admiration by some one or other. There he might make himself remarkable, and be taken notice of by everybody, and prove himself the Son of God; not, as he was urged in the former temptation, in the obscurities of a wilderness, but before multitudes, upon the most eminent stage of action."

Vers 6 – "… spring af!"

Die duiwel versoek Jesus hier om 'n wonderwerk te doen om te bewys dat Hy die Seun van God is. Dit is 'n versoek wat later deur die menigtes aan Jesus gestel word wanneer hulle sê:

> "Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen? Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet." (Joh. 6:30-31 vgl. ook Matt. 16:1; 27:40-43)

'n Gemeenskaplike kenmerk van al hierdie versoekings is dat die versoeker Jesus probeer oortuig om deur 'n wonderwerk aan hom te bewys dat Hy die Seun van God is. Jesus moet dus sy mag gebruik om sy eie eer te verdedig. Dit is egter nie waarvoor Christus gekom het nie. Hy wil die Vader verheerlik.

Hoewel Jesus deur al die eeue die grootste teken is wat deur God aan die mens gegee is, het die mense Hom nie erken nie (MacArthur, 1985). Daarom staan daar: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n *teken* wat weerspreek sal word" (Luk. 2:34). Jesus was inderdaad 'n teken wat heengewys het na die Een wat Hom gestuur het en wie se werk Hy gedoen het. Sy innige verhouding met die Vader was ook die oorsaak daarvan dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes Hom weerspreek het en selfs laat doodmaak het (vgl. Luk. 4:28, 29; Hendriksen, 1978:170). Jesus se dade het van sy Godheid getuig en tog het hierdie tekens nie die mense in Hom laat glo nie (Joh. 12:37), selfs nie nadat Jesus Lasarus uit die dood laat opstaan het nie. Vir hulle wat in God glo, het God reeds in Christus getoon wie Hy is en dat Hy in Christus sy liefde bewys het (MacArthur, 1985). Die Vader se versorging en beskerming kan op geen ander manier as deur die geloof aan 'n mens duidelik word nie.

"Hy sal sy engele oor jou opdrag gee…"

Die konteks van hierdie woorde in Psalm 91 maak dit duidelik dat die duiwel besig is om die Woord te verdraai om sy bedoeling uit te druk. Hierdie belofte word inderdaad aan elke gelowige gemaak, maar dit verwys in besonder na Christus, wat die hoof van die kerk is en aan wie die gesag gegee is om aan die engele hul opdragte te gee (Calvyn & Pringle, 2010). Die duiwel is dus nie verkeerd as hy sê dat die engele aan Christus gegee is om Hom te bewaak en op hul hande te dra nie. Henry (1994) wys daarop dat die engele Christus by uitnemendheid beskerm het, sodat daar soos in Psalm 34:20 staan, nie eens 'n been in hom gebreek is nie (vgl. Joh. 19:36). Die leuen lê egter daarin dat die duiwel die woorde "waar jy ook al gaan" uitlaat. Hierdie woorde word in vers 9 van Psalm 91 verklaar as die opregte weë van die regverdige. In plaas daarvan dat die duiwel hierdie versorging op 'n opregte lewenswandel toepas, pas hy dit

verkeerdelik toe op 'n wilde, deurmekaar en buitensporige lewenswyse. Daarom merk Henry (1994) op dat die gelowige hom buite God se beskerming plaas sodra hy ongehoorsaam is.

Die wonderlike is egter dat Christus volkome gehoorsaam was en tog het God Hom aan helse smart en godverlatenheid oorgegee sodat elkeen wat in Hom glo vir ewig beskerm sal word. Calvyn en Pringle (2010) skryf dat elke gelowige uit Jesus se voorbeeld moet leer hoe soortgelyke aanslae hanteer moet word. Die gelowige moet sy wapens vir die beskerming van sy geloof uitsluitlik uit die Skrif kry. Henry (1994) waarsku egter dat Skrifkennis ook verkeerd aangewend kan word: "Note, It is possible for a man to have his head full of scripture-notions, and his mouth full of scripture-expressions, while his heart is full of reigning enmity to God and all goodness."

Vers 7 – "Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie"

Jesus haal Deuteronomium 6:16 hier aan. Die konteks is die gebeure waar die Israeliete in die woestyn sonder water is. Hulle het teen God in opstand gekom deur te sê: "Is die Here by ons of nie?" (Vgl. Eks. 17:1-7.) Deur hierdie woorde het die volk God op die proef gestel in stede daarvan dat hulle God vertrou het om aan hulle uitkoms te gee. Indien Jesus dus aan hierdie versoek sou toegee, sou dit dui op 'n gebrek aan vertroue op die Vader vir sy liefde, voorsienigheid en mag (Hughes & Laney, 2001). Elwell (1995) verduidelik dit goed: "Jesus responds that he who really trusts the Father ('the Lord your God,' v. 7) will trust – not test – his Word."

Volgens Calvyn en Pringle, W. (2010) kan 'n gelowige net staat maak op die beloftes van God indien hy bereid is om hom gewilliglik aan die wil van God te onderwerp. Gehoorsaamheid getuig daarvan dat die gelowige die Allerhoogste as sy beskermer neem. Die gelowige kan nie van God verwag om in ál sy begeertes te voorsien omdat Hy beloof het dat Hy hom sal beskerm nie. Nog minder kan hy verwag dat God hom moet beskerm wanneer hy sy eie lewe in gevaar stel (Henry, 1994). Blomberg (1992) stel dit soos volg: "We must not test God's faithfulness to his word by manufacturing situations in which we try to force him to act in certain ways." Dit is presies wat Adam gedoen het. Hy het die vrug geëet wat God hom verbied het om te eet en toe die gevolge van sy ongehoorsaamheid duidelik word, het hy God blameer omdat Hy die vrou gemaak het en haar aan hom gegee het (MacArthur, 1985).

Vers 8 – "Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe…"

Hagner (1998) verwys na die verband tussen hierdie gedeelte en die gedeelte in Deuteronomium 3, waar daar beskryf word hoe God Moses beveel het om die Pisgaberg uit te klim (Deut. 3:27 & 34:1-4), sodat hy die hele land kon sien wat God aan Israel beloof het. Hagner meen dat Moses die rykdom van die land in gedagte gehad het toe hy die volgende

waarskuwing tot die volk gerig het: “Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf” (Deut. 8:18). Die duiwel probeer om Jesus te verlei om die waarskuwing te verontagsaam. Hy wil hê Jesus moet van God vergeet en konsentreer op die rykdom en mag wat hy Hom kan bied.

“… wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag…”

Presies hoe die duiwel aan Jesus al hierdie koninkryke van die wêreld met hulle prag gewys het, is onbelangrik. Wat wel belangrik is, is dat die duiwel Jesus hier ’n vals indruk probeer gee van die heerlikheid, prag, eer, mag en rykdom van hierdie aardse koninkryk. MacArthur (1985) vat dit goed saam: “Satan’s price is always immeasurably more than he leads us to believe. And what he gives is always immeasurably less than he promises.” Hierdie aanbod van die duiwel is ’n belaglike nabootsing van die belofte wat God aan die Messiaanse koning gemaak het (Hagner, 1998). God het immers beloof: “Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting” (Ps. 2:8, vgl. ook Ps. 72:8 en Openb. 11:15).

Net soos met die versoeking van die klippe wat in brood verander moet word, bied die duiwel Jesus iets aan wat reeds syne is. Die probleem is egter dat indien Jesus Hom hierdie reg sou toeëien op die manier wat die duiwel hier voorstel, maak Hy Hom skuldig aan afgodery omdat Hy daardeur rykdom, eer en mag belangriker ag as die wil van God. Blomberg (1992) meen dat hierdie versoeking baie aanloklik moet gewees het aangesien Jesus hierdie rykdom, eer en mag in ’n oomblik kon kry sonder om daarvoor te betaal. Deel van die versoeking was seker om onsekerheid te skep met die vraag waarom Jesus vir iets sou wag wat alreeds aan Hom behoort het. Hy het dit tog verdien om dit reeds in besit te neem en waarom sou Hy ’n dienskneg wees as Hy as koning kon regeer (MacArthur, 1985)! Wat egter nie gesê word nie, is dat hierdie rykdom, eer en mag wat die duiwel bied, van korte duur is. Daar is geen kortpad om die wil van God te doen nie. Indien ons aan die heerlikheid van God deel wil hê, moet ons gewillig wees om ook deel te hê aan sy lyding (vgl. Fil. 3:10; 1 Pet. 5:10; Wiersbe, 1996).

“… dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid”

Jamieson *et al.* (1997) beweer dat hierdie belofte van die duiwel nie as ’n algehele leuen afgemaak kan word nie aangesien Jesus self die duiwel “die owerste van die wêreld” noem (Joh. 12:31). Paulus noem hom ook “die god van hierdie wêreld” (2 Kor. 4:4). So skryf die Hebreërs-skrywer dat Jesus moes sterf om “die een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig.” Die koninkryk van die wêreld is egter kortstondig en eindig met die dood. Die doel met hierdie toets was dus volgens MacArthur (1985) die volgende:

> "God's plan in testing the Son was to prove the Son's worthiness to inherit and rule the world. Satan's plan was to draw the Son away from that worthiness by enticing Him to grab the kingdom the Father promised to give Him."

Hierdie tipe versoeking kom daagliks op die pad van die leier. Alhoewel elke gelowige oortuig is dat alle ondersteuning, hulp en bemoediging van die Here kom, sê Calvyn en Pringle, W. (2010) dat die versoeking baiekeer groot is om van die duiwel se hulp gebruik te maak. Só is die versoeking ook dikwels groot om nie aan die norme te voldoen nie, want deur die waarheid te verdraai, kan 'n persoon kry wat sy hart verlang (MacArthur, 1985).

Vers 11 – "… en daar het engele gekom en Hom versorg"

In die lig van die eerste en tweede versoeking (vs. 6) is dit opvallend dat die engele Jesus hier kom versorg nadat Hy volkome gehoorsaam aan die Vader was. Die mening van MacArthur (2006) is dat die engel wat Jesus kom versorg die vervulling van God se belofte in Psalm 91:11-12 is. Die versorging vind egter plaas op God se manier en volgens sy volmaakte tydsberekening. Hagner (1998) is oortuig dat die versorging van die engele meer inhou as blote fisiese versorging. Volgens hom het die engele nie net 'n getroue dienskneg kom bedien nie (vgl. vs. 6), maar deur Christus as Koning te aanbid en te eer is hulle ook die bewys van Christus se oorwinning (vgl. Matt. 26:53; Heb. 1:6).

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese – Matteus 4:1-11

In die vers-vir-vers-eksegese het talle voorbeelde na vore gekom van hoe Jesus as leier opgetree het. Die voorbeelde sal in die volgende afdeling hierna oor die openbaringshistoriese betekenis van die perikoop geïnterpreteer word en in die afdeling oor die figurering van die leierskapsbegrippe in die lewe van Jesus gesistematiseer word en op die leierskap van die predikant toegepas word.[113]

4.4.2.5 Openbaringshistoriese betekenis van Matteus 4:1-11

Die openbaringshistoriese betekenis word afgelei deur die twee basiese metodes van Van der Walt (2006:23) te gebruik, naamlik:

- Die historiese benadering – "Dit gaan hier oor die verloop van die geskiedenis deur die jare, die lyn deur die eeue heen."

[113] Kyk *4.4.6 Figurering van die leierskapsbegrippe in Jesus se lewe* (p. 245).

- Die vertikale benadering – "Sake word sistematies saam gegroepeer, en fasette wat by mekaar hoort, word saam behandel".

Al twee hierdie benaderings sal na gelang van omstandighede gebruik word. Die volgende openbaringshistoriese waarhede kom in hierdie gedeelte sterk na vore:

Christus, die leier wat alleen op die Vader vertrou

Uit die eksegese is dit duidelik dat Jesus die verteenwoordiger van die hele nageslag van Adam is. Die hele volk van God word deur Christus verteenwoordig, net soos die hele volk deur Adam met die sondeval verteenwoordig is. As leier van die menslike geslag het Adam aan die liefde van God getwyfel en daarom het hy Hom wantrou deur van die vrug te eet wat God hom verbied het om te eet (tweede versoeking[114]). Adam het sonde gedoen en daarom is die hele nageslag van Adam ook met sonde besmet. Hierdie sondigheid van die mens loop soos 'n swart draad deur die mens se geskiedenis. Die mens wil eerder op homself vertrou as op enigiemand anders.

Die sonde van die mens word beklemtoon deur die geskiedenis van Israel se veertig jaar lange swerftog deur die woestyn. Die doel van die woestyntog word in Deuteronomium 8:2 beskryf:

> "Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie."

God het aan die volk bewys dat Hy hulle liefhet deur hulle uit die slawerny te bevry en daarom het Hy geëis dat hulle gehoorsaam aan Hom sal wees. Israel was nie bereid om nederig te bly en op God te vertrou nie; inteendeel, met elke toets wat oor hulle pad gekom het, was hulle opstandig.

Christus is aan die ander kant die volmaakte Adam, Israel én Seun van God (vgl. 1 Kor. 15; Hos. 11:1) omdat Hy in alles op die Vader vertrou het. Toe Hy veertig dae in die woestyn was, met soortgelyke toetse, was Hy selfs in die moeilikste tye volkome gehoorsaam aan sy Vader, want Hy het sy Vader vertrou. Waar Israel oor hulle omstandighede in die woestyn in opstand gekom het, het Christus te midde van die hitte en honger wat sy kragte afgetakel het, steeds op sy Vader vertrou om in al sy behoeftes te voorsien. Om die wil van sy Vader te doen, was vir Hom selfs belangriker as kos (Joh. 4:34). Die volgende voorbeeld wat Paulus gebruik, vind aanklank hierby:

---

[114] Kyk *Vers 7 – "Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie"* (p. 220).

> "Hulle sê ook: 'Kos is vir die maag, en die maag vir kos.' Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is." (1 Kor. 6:13)

Christus toon met die oorwinning oor hierdie versoeking dat sy liggaam aan die Here behoort. Die Here is nie daar om al die woestynklippe (moeilike omstandighede) in brood te verander nie (eerste versoeking[115]). Hy is daar om gedien te word. Christus het nooit die moeilike omstandighede wat die Vader op sy pad geplaas het met wonderwerke uit die weg geruim nie. Hy het op sy Vader se volmaakte liefde vir Hom vertrou en daarom het Hy die pyn en lyding wat op sy pad teëgekom het, getrou gedra.

Christus, die leier wat mense liewer het as koninkryke!

Konings en koninkryke speel 'n belangrike rol in die Bybel aangesien dit wesentlik oor die stryd tussen die koninkryk van die wêreld en die koninkryk van God gaan. Daarom word God volgens Elwell en Comfort (2001e) telkens in die Ou Testament die Koning van Israel genoem (Eks. 15:18; Num. 23:21). Hierdie koninkryk van God kry duidelik gestalte in die Ou Testament wanneer God vir Hom 'n volk uitkies sodat Hy hul koning kan wees (Deut. 33:5; Rig. 8:23).

In die derde versoeking (vs. 8-10) beloof die duiwel aan Jesus om aan Hom al die koninkryke van die wêreld te gee. Hierdie is 'n belofte wat nie bloot as 'n algehele leuen afgemaak kan word nie, want telkens in die Bybel word die duiwel as die owerste van hierdie wêreld beskryf. Jesus self sê byvoorbeeld: "Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die *owerste van hierdie wêreld* uitgegooi word buitentoe" (Joh. 12:31). Die koninkryk wat die duiwel vir Jesus aanbied, is hierdie aardse koninkryk. Die evangelie leer egter dat die koninkryk van die wêreld kortstondig is en met die dood eindig (Joh. 12:25-31). Die rykdom, vreugde, eer en mag van hierdie wêreld gaan verby. Aan die ander kant staan die ewige koninkryk wat God aan die Messias beloof het. In Psalm 2 beloof God aan die Messias die volgende: "Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting" (Ps. 2:8, vgl. ook Ps. 72:8 en Op. 11:15). God het van vroegs af hierdie koninkryk aan die Messias beloof, maar dit sou teen 'n duur prys verkry word. Om die eretitel van Messias te kon dra, moes die persoon bereid wees om van alles af te sien – ook van sy lewe ter wille van sy onderdane. Jesus se leierskap as die Christus word sigbaar as Hy bereid is om sy invloed, status en mag wat Hy in sy Vader se koninkryk gehad het, prys te gee en verneder te word (vgl. Fil. 2:1-11). Hy was bereid om die

[115] Kyk Vers *3 – "As U die Seun van God is…*" (p. 216), "*… sê hierdie klippe moet brood word*" (p. 217), *Vers 4 – "'n Mens…"* (p. 217), *"… leef nie net van brood nie…"* (p. 217) *en "… maar van elke woord wat uit die mond van God kom"* (p. 218).

Hemelse koninkryk wat alleen van belang is, te verlaat, sodat die wat in Hom glo eendag saam met Hom hierdie koninkryk kan besit.

Samevatting: Openbaringshistoriese betekenis van Matteus 4:1-11

Die openbaringshistoriese betekenis van hierdie perikoop beklemtoon dat Jesus as leier die Vader te alle tye gehoorsaam (tweede versoek), dat Hy volkome op die Vader se liefde en voorsienigheid vertrou het, selfs al het sy omstandighede menslik gesproke van die teendeel getuig (eerste versoek) en Hy wys ook hoedat 'n ware leier baie meer waarde moet heg aan die mense vir wie hy leiding gee as aan die eer, mag en rykdom van die koninkryk van hierdie wêreld (derde versoek).

4.4.3 Oorsigtelike eksegese – Johannes 10:1-21

In Johannes 9 word vertel van die man wat deur Jesus van sy blindheid genees is. Die Jode het hierdie man aanhoudend lastig geval en gevra wie dit is wat hom genees het omdat hulle nie sy antwoord wou aanvaar nie. Hy was egter oortuig daarvan dat Jesus deur God gestuur is aangesien hy van ewigheid af nooit van iemand gehoor het wat blindheid kon genees nie en daarom het hy dit ook vir hulle gesê (vgl. Joh. 9:32). Aangesien die Jode nie met die antwoord tevrede was nie, het hulle besluit om hom uit die sinagoge te ban.

4.4.3.1 Die plek van die perikoop Johannes 10:1-21 in die boek

Hendriksen (1954:98) verduidelik die verband tussen Hoofstuk 9 en Hoofstuk 10 deur daarop te wys dat Jesus Hom in laasgenoemde as die goeie herde voorstel. Die goeie herder is bereid om sy lewe vir sy skape af te lê, terwyl die Fariseërs (volgens Joh. 10:1 diewe en rowers) duidelik te kenne gee dat hulle nie oor die skape besorg is nie en hulle selfs uitban.

Verder sluit hierdie lering van Jesus in Johannes 10:1-21 aan by wat daarna volg. Johannes 10:22 sê dat dit die tyd van die tempelwyding in Jerusalem was. Borchert (1996) beskryf die doel van hierdie fees wanneer hy verduidelik dat die fees van tempelwyding juis ontstaan het as 'n aandenking van die verwerping van valse leiers soos Antiochus IV (Epiphanes). Antiochus het die tempel ontheilig deur 'n vark op die altaar te slag en boonop het hy 'n standbeeld van Zeus (Jupiter) in die allerheiligste geplaas. Onder leiding van Judas Makkabees het die uitsetting van die Arameërs in 164 v.C. plaasgevind en nadat die tempel weer geheilig is, is die dag op die Joodse kalender as 'n nasionale godsdienstige vryheidsdag gevier. Hierdie feesdag het die Jode as 'n verwerping van valse leiers gevier. Die gebeure sluit dus ook aan by wat Jesus hier leer (Johannes 10:1-21) oor die wolwe en rowers wat die skape uitmekaar jaag (vgl. vs. 10).

Uit die konteks van hierdie gedeelte is dit duidelik dat Jesus hom toespits op die godsdienstige leiers aan wie Hy wil leer dat Hy die goeie herder is wat gevolg moet word.

4.4.3.2 Woordstudie

Die twee kernwoorde ποιμήν ("herder") en γινώσκω ("ken") word ontleed.

4.4.3.2.1 Vers 3 – ποιμήν ("herder")

Volgens Louw en Nida (1996) is hierdie woord ποιμήν ("herder") afgelei uit die Griekse woord ποιμαίνω, wat beteken "om skape of bokke op te pas". Die kern van die woord gaan dus daaroor om skape of bokke te versorg. Elwell en Comfort (2001d) beskryf die taak van die herder as die verantwoordelikheid om toe te sien dat die skape gras en water het en om hulle teen die gevaar van wilde diere te beskerm. Die herder lei die skape elke dag uit die skaapkraal en bring hulle veilig terug aan die einde van die dag. Hy gaan soek elkeen wat afgedwaal het en lei hom terug na die veiligheid van die skaapkraal. Hierdie woord word dikwels in die Ou Testament (die Hebreeuse woord vir *herder* is: רָעָה[116]) gebruik om God as die Herder van die volk voor te stel (Ps. 23:1; 80:1-2; Pred. 12:11; Jes. 40:11; Jer. 31:10). Hy is ook 'n wonderlike Herder wat sy volk deur al die moeilike tye van hulle bestaan versorg en uit die mag van hulle vyand red. Verder is dit opvallend dat sommige van die groot leiers (bv. Abel, Abraham, Isak, Jakob, Moses, Dawid ens.) van die Ou Testament op een of ander tydstip in hulle lewens herders was (Wiersbe, 1996). Daarom sê Borchert (1996) tereg die volgende oor die "herder"-beeld:

> "The image of the shepherd is an extremely important biblical picture of a 'leader' (Num 27:17) because it implies not only an intensely personal relationship between God's people and their leaders but a style or model of leadership exemplified by Jesus (cf. Mark 6:34)."

In die Nuwe Testament kan mens ook duidelik sien hoedat die herderbeeld in Jesus Christus gestalte kry. Johannes 10 is 'n duidelike voorbeeld daarvan omdat Jesus hier as die volmaakte Herder (vgl. 1 Pet. 5:4 & Heb. 13:20-21) voorgestel word. Hy is na die aarde toe gestuur om sy skape bymekaar te roep en om hulle van die gevaar (die dood) te red.

---

[116] Kyk *2.3.23* רעה (p. 58).

Samevatting: Vers 3 – ποιμήν ("herder")

Jesus se besondere leierskap word met die metafoor van 'n "herder" beskryf. In Jesus word die hoogste graad van die hoedanigheid van herder gevind aangesien Hy bereid was om sy lewe vir sy skape af te lê. Petrus beskryf Jesus daarom tereg as die "Opperherder" (vgl. 1 Pet. 5:4).

4.4.3.2.2 Vers 14 – γινώσκω ("ken")

Louw en Nida (1996) gee ses semantiese velde vir hierdie woord met 'n kort definisie by elk van die velde (kyk *Tabel 4: Ses semantiese velde vir γινώσκω ("ken") – Louw en Nida (1996)*, p. 227).

Tabel 4: Ses semantiese velde vir γινώσκω ("ken") – Louw en Nida (1996)

Semantiese veld	Definisie
A. "Know:	to possess information about – to know, to know about, to have knowledge of, to be acquainted with, acquaintance."
B. "Learn:	to acquire information by whatever means, but often with the implication of personal involvement or experience."
C. "Be familiar with:	to learn to know a person through direct personal experience, implying a continuity of relationship."
D. "Understand:	to come to an understanding as the result of ability to experience and learn."
E. "Acknowledge:	to indicate that one does know."
F. "Have sexual intercourse:	to have sexual intercourse with."

Oor die gebruik van hierdie woord in die evangelie van Johannes skryf Wiersbe (1996) dat hierdie kennis meer as 'n bloot intellektuele bewustheid is. Hierdie kennis gaan oor 'n intieme verhouding tussen God en sy kinders (vgl. Joh. 17:3). Volgens Keener (1993) geld dieselfde ook vir die Ou Testamentiese gebruik van die woord דַּ֫עַת ("kennis"). Hy meen dat die woord gebruik word om die verhouding met God te beskryf as 'n verhouding wat deur innigheid en gehoorsaamheid aan God gekenmerk word. MacArthur (2006a) gaan nog verder deur te sê dat hierdie woord die liefdesverhouding tussen God en sy kinders beskryf:

> "In Genesis 4:1, 17, 25; 19:8; 24:16; and 1 Samuel 1:19 the term *know* describes the intimate love relationship between husband and wife... In Amos 3:2 God said of Israel, 'You only have I known of all the families of the earth' (NKJV), speaking not as if He were unaware of any other nations, but of His unique love relationship with His people... In these verses, *know* has that same connotation of a relationship of love. The simple truth here is that Jesus in love knows His own, they in love know Him, the Father in love knows Jesus, and He in love knows the Father. Believers are caught up in the deep and intimate affection that is shared between God the Father and the Lord Jesus Christ (cf. 14:21, 23; 15:10; 17:25–26)."

Samevatting: γινώσκω ("ken")

Wanneer Jesus in vers 14 van die "kennis" praat wat daar tussen die Vader, Seun en kudde is, verwys Hy na die intieme band van liefde wat daar tussen Vader en Seun is en wat ook na die kerk deurvloei.

4.4.3.3 Vers-vir-vers-eksegese – Johannes 10:1-21

Johannes 10:1-21 beskryf Jesus se lering dat hy die Herder van sy skape is.

Vers 1 – "Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie… is 'n dief en 'n rower"

Wiersbe (1996) meen dat die skaapkraal gewoonlik met klippe gebou is en een opening vir 'n deur gehad het waarin die hekwagter gelê het om die skape deur die nag op te pas. Volgens Calvyn (1998) verteenwoordig die skaapkraal die kerk waar God sy uitverkorenes vergader en Christus is die enigste hek waardeur die skape kan ingaan om in die kerk te kom; daarom is 'n goeie herder die enigste een wat die skape reguit na Christus toe kan lei. Die hartseer is egter, soos Henry (1994) dit stel, dat die dief en rower strikke sal lê en selfs gevare sal loop in 'n poging om hierdie skape uitmekaar te jaag. Sy motief is om die kerk af te breek en die gelowige uit die kerk te verjaag soos die Fariseërs die blinde man uitgeban het (vgl. Joh. 9:34). Die ware herder is egter bereid om hom in nederigheid voor Christus te stel. Daardie herder sorg dat hy self deur Christus, wat die ingang is, gaan sodat hy die skape ook na Christus toe kan lei. Die motief van die ware herder sal daarom altyd wees om die skape te versorg (vgl. Eseg. 34:16), soos Christus dit as volmaakte Herder doen (vgl. Joh. 9:35-38).

Vers 2 – "Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder…"

Hierdie woorde stel die herder volgens Beasley-Murray (2002) voor as die enigste een wat die magtiging vir toegang tot die skape het. Die herder kon enige tyd deur die hek ingaan om by sy skape te kom, want die skape én die hekwagter het hom geken (Borchert, 1996). Daarom maak

Vosloo en Van Rensburg (1999) die volgende gepaste opmerking: “Die hek is dus die plek waar daar besluit word of iemand eg is of nie. Die skape sal saam met die herder deur die hek ingaan. Dit sal wys dat hulle saam met die regte herder is.”

Vers 3 – “Die skape luister na die herder se stem…”

Die belangrike aspek van hierdie beeld wat Jesus gebruik, is volgens Calvyn (1998) dat die volgelinge van Christus ’n diepgaande kennis van Christus as die volle Waarheid moet hê, want wat op hierdie kennis volg, is ’n opregte behoefte om aan Hom gehoorsaam te wees.

“Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit”

Robertson (1933) wys daarop dat verskillende herders dikwels hulle skape in dieselfde skaapkraal laat slaap het, maar omdat die herder sy skape geken het en die skape die stem van hul herder geken het, was dit nie ’n probleem nie (vgl. ook MacArthur, 2006a). Dat die herder die skape op hulle name roep, veronderstel dat die herder elke skaap geken het en selfs ’n verhouding met die skape gehad het (Beasley-Murray, 2002; Borchert, 1996).

Vers 4 – “Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit…”

In die Nabye Ooste was dit die gewoonte dat die skape die herder volg, terwyl die slagter die skape aangejaag het; daarom pas hierdie beeld van die skape wat die herder volg volgens Beasley-Murray (2002) by Christelike dissipelskap. Borchert (1996) voeg by dat die woord “leierskap” juis ontwikkel is uit die beeld van die herder wat voor sy skape uitloop om die probleme wat die skape moontlik mag teëkom, op te los. Dit is die werk van die herder om die skape teen potensiële gevaar te beskerm en seker te maak dat die pad waarop hulle moet loop, begaanbaar is.

MacArthur (2006a) wys daarop dat verlossing in Jesus Christus volgens dieselfde beginsel werk. Jesus lei sy skape uit die kraal en deur donker dieptes heen. Hy gaan voor sy skape uit om eerste deur die dood te gaan sodat Hy die angel uit die dood kan uithaal (1 Kor.15:55-56). Sy skape wat Hom hierin volg, sal gevolglik ongedeerd daardeur kan gaan om by die groen weivelde van die Vader uit te kom.

Ten opsigte van die Griekse woord wat met “uitgebring” vertaal is, wys Radmacher *et al.* (1999) daarop dat dieselfde Griekse woord voorkom in Johannes 9:34-35, waar daar beskryf word hoedat die Fariseërs die blinde man uitgeban het. Die valse herders lei die skape uit om van die probleem ontslae te raak, terwyl die ware herder die skape uitlei na groen weivelde.

Vers 5 – "Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie…"

Volgens Radmacher *et al*. (1999) word daar met die woord "vreemde" na enige persoon verwys wat die skape nie ken nie en daarom is dit nie noodwendig 'n dief of rower nie. Hier gaan dit dus essensieel daaroor dat skape nie 'n vreemde sal volg nie. Borchert (1996) pas die waarheid soos volg toe: "Sometimes 'leaders' today are like the strangers of this text, whose voices are unknown to the sheep, and they wonder why there are problems in their organizations!"

"… maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie"

Groenewald (1980) verklaar die "stem" deur daarop te wys dat die Skrifgeleerdes voorgegee het dat hulle deur hul onderrig en uitleg van die Skrifte die stem van God laat hoor het. Die Fariseërs het die mense egter net verwar (vgl. Joh. 7:25-26). Calvyn (1998) se kommentaar lui soos volg:

> "For if they who are called shepherds attempt to lead us away from Christ, we ought to flee from them, at the command of Christ, as we would flee from wolves or thieves; and we ought not to form or maintain intercourse with any society but that which is agreed in the pure faith of the Gospel."

Vers 7 – "Ek is die ingang vir die skape"

Calvyn en Pringle, W. (2010) verklaar die ingang soos volg: "The amount of what is stated is, that the principal point of all spiritual doctrine, on which souls are fed, consists in Christ." Geloof in Christus is die enigste weg waarlangs die mens verlossing kan ontvang (vgl. 1 Joh. 5:1) en daarom moet die skape deur Christus ingaan om hierdie redding te kan ontvang. Groenewald (1980) gaan nog 'n stap verder deur daarop te wys dat die herders ook deur hierdie ingang moet gaan waarmee hulle hul egtheid as herders sal bewys.

Vers 8 – "Almal wat voor my gekom het, is diewe en rowers"

Hierdie "almal" waarna Jesus verwys, is almal wat iets anders as Christus verkondig en daarom stel Calvyn en Pringle, W. (2010) dit baie duidelik dat dit nie die ware profete van die Ou Testament insluit nie, aangesien dit juis hul bedoeling was om die koninkryk van Christus op te bou. Die "almal" verwys veel eerder na die Skrifgeleerdes en Fariseërs, wat die godsdienstige leiers in Jesus se tyd was en 'n swaar las (Matt. 21:12-13; 23:4, 14; Mark. 12:40; Luk. 16:14; Joh. 11:49-53) op die volk geplaas het (Groenewald, 1980; Wiersbe, 1996). Hulle bedoeling was nie om Christus te verheerlik nie maar hulself (vgl. Joh. 9:27-34). In die Ou Testament word daar dikwels melding gemaak van die vals profete wat soos diewe en rowers onder die volk was, omdat hulle net op eiegewin ingestel was (vgl. Eseg. 34:4, 8; Sag. 11:16). Henry (1994)

verwys na die profete wat geprofeteer het, terwyl die Here nie met hulle gepraat het nie (Jer. 23:21). Hierdie optrede van die profete getuig daarvan dat hulle hul bo God gestel het.

Vers 9 – "… as iemand deur My ingaan, sal hy gered word"

Met hierdie woorde beklemtoon Jesus sy funksie as Verlosser, want die skape kan alleen deur Christus in die heilige teenwoordigheid van God kom (Van Zyl, 1993). Jesus is daarom die deur waardeur die gelowige moet ingaan om geestelike kos en lewe te ontvang (Radmacher *et al*., 1999). Verder stel Jesus die wêreld daarbuite voor as 'n plek van gevaar omdat redding alleen binne-in die kraal te vinde is; daarom meen Groenewald (1980) dat die enigste behoud van hierdie skape is om deur die ingang na die veiligheid van die kraal in te gaan. Die hek is die enigste toegang tot veiligheid, maar dit speel ook die belangrike rol om die gevaar buite te hou.

Vers 10 – "'n Dief kom net steel en slag en uitroei"

Elke gelowige moet hom afvra of dit waarvoor hy werk nie dalk daarvan getuig dat hy besig is om vir eiegewin te steel, te slag en uit te roei nie. Calvyn en Pringle, W. (2010) spreek hulle skerp uit oor die vernietigende invloed van valse leiers:

> "... our insatiable curiosity is so delighted with the new and strange inventions of men, that, of our own accord, we rush with mad career to meet thieves and wolves. Not without reason, therefore, does Christ testify that false teachers, whatever may be the mildness and plausibility of their demeanour, always carry about a deadly poison..."

Hierdie leiers breek af en daarom het Christus gekom om die wat in Hom glo, te red sodat hulle nie vernietig word nie (Elwell, 1995).

"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed"

Teenoor die diewe en rowers wat net hulle eie voordeel in alles soek, staan Jesus wat selfs sy eie lewe prysgegee het met die doel om die skape te red. Jesus het gekom om lewe in oorvloed te bring (vgl. Joh. 20:31; Groenewald, 1980). Die klem lê dus op die oorvloed wat daar in Christus is (Carson *et al*., 1994)

Vers 11 – "Ek is die goeie herder"

Jesus stel Hom voor as die goeie herder en bevestig dat Hy die enigste goeie herder is, want net Hy is bereid om sy lewe vir sy skape af te lê. Hierdie titel kan aan niemand anders as aan Hom gegee word nie (Calvyn & Pringle, W., 2010).

Wiersbe (1996) wys daarop dat Jesus in Markus 10:17-18 die ryk jongman aanspreek omdat hy Hom "Goeie Leermeester" genoem het. Jesus het aan hom gesê dat net God goed is. Om

Jesus “goed” te noem, is dieselfde as om Hom “God” te noem. In ooreenstemming hiermee word die Griekse woord καλός gebruik om Jesus van al die ander herders te onderskei. MacArthur (2006a) merk op: “He is the perfect, authentic Shepherd; in a class by Himself; preeminent above all others.”

Om die *goedheid* van Jesus as herder te beklemtoon, word Jesus in vers 11 en 12 met ’n huurling gekontrasteer. ’n Huurling pas die skape op bloot om vergoeding vir sy arbeid te ontvang, terwyl die herder bereid is om ’n persoonlike belegging in die verhouding met die skape te maak (Borchert, 1996). Die goeie herder gee sy lewe vir die skape (vgl. vs. 15), terwyl die huurling nie bereid sal wees om die offer te bring nie.

“Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape”

MacArthur (2006a) wys daarop dat Christus sy lewe vrywilliglik vir sy skape afgelê het (vgl. ook Joh. 10:15, 17-18). Christus het presies geweet watter hel vir Hom voorlê en tog Hy het dit steeds gedoen. In die Ou Testament het die skape dikwels vir die herder gesterf. ’n Voorbeeld is Urija vir wie Dawid laat doodmaak het met die doel om Batseba te kry (vgl. 2 Sam. 11:10-15). Jesus is egter die goeie herder en Hy gee sý lewe vir sy skape. Calvyn en Pringle, W. (2010) sê dit treffend: “For how base and shameful is our indolence, if our life is more dear to us than the salvation of the Church, which Christ preferred to his own life!”

Vers 12 – “’n Huurling is geen herder nie…”

Die vraag kan dalk gevra word of elke leier nie ook as ’n huurling geag moet word nie. Calvyn en Pringle, W. (2010) antwoord hierdie vraag soos volg:

> “But let us remember that they who are guided by the Spirit of God reckon that to be their own which belongs to their Head; and that not in order to claim power for themselves, but to keep faithfully what has been committed to their charge. For he who is truly united to Christ will never cease to take an interest in that which He valued so highly.”

“… en dit is nie sy eie skape nie”

Jamieson *et al*. (1997) meen dat Jesus met hierdie woorde op sy eie besondere verhouding met die skape wys. Dit is nie die huurling se skape nie, maar wel die Herder s’n aangesien Hy die skape met sy bloed gekoop het (Wiersbe, 1996).

“As hy ’n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg…”

Net soos in die geval van die diewe en rowers simboliseer die wolf ook die godsdienstige leiers van die tyd. MacArthur (2006a) wys daarop dat hulle nie die werk doen uit liefde vir die kudde

nie, maar vir eiegewin, of dit oor geld, eer, mag of watter rede ook al gaan (Fil. 1:15-17; 1 Pet. 5:2). Dit is die rede hoekom hierdie herders vlug sodra die skape bedreig word. Hulle is nie besorg oor die skape nie, maar oor eiegewin; daarom is hulle nie in die minste gewillig om hulle eie lewe op te offer nie.

Vers 13 – "… en bekommer hom nie oor die skape nie"

Henry (1994) wys daarop dat dit kenmerkend van die huurling is dat hy onbesorg oor die skape sal wees. Hy gee twee redes daarvoor. Aan die een kant is die huurling onbesorg as gevolg van sy slegte beginsels. Hy pas nie die skape uit liefde vir hulle eienaar op nie, maar om homself daardeur te bevorder. Verder lei onbesorgdheid eweneens tot slegte dade. Sodra daar moeilikheid kom, is die huurling die eerste om om te draai en weg te hardloop (vgl. vs. 12), want sy eie veiligheid is vir hom belangriker as die opdrag wat hy ontvang het. Keener (1993) sê tereg: "Religious leaders who let God's sheep be scattered are not his true agents or representatives, because they are not concerned with what concerns him." Daarteenoor staan Jesus as die volmaakte herder wat besorg is oor die skape juis omdat Hy besorg is oor sy Vader se wil (vgl. Joh. 5:30; 6:40).

Vers 14 – "Ek ken my skape, en my skape ken my…"

In die woordstudie van die Griekse woord wat met "ken" vertaal is,[117] is die intieme verhouding tussen God en sy kudde verduidelik. Hierdie kennis beklemtoon die sterk band wat daar tussen Vader en Seun bestaan en dieselfde band wat daar tussen die Seun en die kerk is; daarom kan Paulus die liefde tussen man en vrou met die liefde tussen God en sy kerk vergelyk (vgl. Ef. 5:25 e.v.). Hierdie vergelyking met die kennis tussen Vader en Seun en kennis tussen Herder en skape, beklemtoon dat daar nie 'n meer intieme verhouding tussen die Herder en sy skape kan wees nie (Carson *et al.*, 1994).

Vers 16 – "Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie"

Hierdie vers maak dit volgens Beasley-Murray (2002) duidelik dat die verlossing nie net aan die Jode behoort nie, maar dat verlossing by die Jode begin en uitkring na al die nasies toe (Joh. 11:52; 12:32). Hierdie eenheid wat oor alle kulture en nasies heen plaasvind, is 'n teken van die ware kerk omdat Christus almal in een kudde vergader (MacArthur, 2006a). Henry (1994) se samevatting lui soos volg:

---

[117] Kyk *4.4.3.2 Woordstudie – Samevatting: Vers 3 – ποιμήν ("herder")* en *Samevatting*: γινώσκω *("ken")* (p. 228).

> "One shepherd makes one fold; one Christ makes one church. As the church is one in its constitution, subject to one head, animated by one Spirit, and guided by one rule, so the members of it ought to be one in love and affection, Eph. 4:3–6."

In die kerk moet daar dus 'n eenheid in Christus wees te midde van die verskeidenheid van verskillende nasies en kulture wat bymekaarkom.

"… en hulle sal een kudde wees met Een herder"

Die skape wat vanuit die verskillende nasies bymekaargemaak word, moet een kudde word onder die versorging van die een Herder aangesien hulle eenheid juis die vrug van Christus se versoening is (Beasley-Murray, 2002).

Vers 17 – "… omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem"

Carson *et al.* (1994) verduidelik dat die offer wat Jesus bring nie die doel op sigself is nie. Alles gaan oor die opstanding wat die triomfantlike redding bewerk. Van Zyl (1993) beklemtoon hoe belangrik dit is dat Jesus se opoffering van sy lewe nie 'n verlies vir die skape is soos dit in die geval van 'n Palestynse wagter sal wees wie se skape alleen agterbly nie. Jesus maak dit baie duidelik dat Hy ook weer sy lewe sal opneem. Die klem val dus daarop dat Jesus sy lewe gewilliglik aflê omdat hy sy skape liewer as sy eie lewe het (Calvyn & Pringle, W., 2010).

Vers 18 – "Niemand neem dit van my af nie, maar Ek lê dit uit my eie af"

Hierdie woorde van Jesus wys volgens Calvyn en Pringle, W. (2010) daarop dat geen mens die mag het om Jesus dood te maak nie behalwe as Hy hulle toelaat. Henry (1994) beklemtoon dat Jesus "The Lord of life" is. Niemand kan Jesus se lewe neem sonder dat Hy dit vrywilliglik oorgee nie. Hy staan dus lynreg teenoor die mens wat sy lewe verloor as gevolg van die sonde. Hierop sê Groenewald (1980) tereg dat Jesus hier vir die eerste keer na die oorwinning van die dood deur sy opstanding verwys. Deur die opstanding bewys Jesus sy oorwinning en heerskappy én die egtheid van sy herderskap (vgl. Rom. 1:4). Hierdie woorde was volgens Calvyn en Pringle, W. (2010) bedoel om Jesus se dissipels te vertroos in die nag wat Hy deur sy vyande gevange geneem sou word, sodat hulle sou weet dat dit deur die voorsienigheid van God was dat Hy verneder sou word tot die versoening van baie se sonde. Daar staan immers dat dit deur die gehoorsaamheid van die Een is wat baie vrygespreek sal word (vgl. Rom. 5:19).

Vers 19 – "Daar het toe verdeeldheid onder die Jode gekom oor hierdie woorde"

Radmacher *et al.* (1999) meen dat die stelling 'n gepaste afsluiting vir hierdie gedeelte is aangesien daar sommige skape is wat na die Herder luister en ander skape wat nie van sy

kraal is nie en dus nie op sy stem sal reageer nie. Mense wat dieselfde getuienis hoor en sien sal ongetwyfeld verskillende gevolgtrekkings maak (vgl. 1 Kor. 2:14).

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese – Johannes 10:1-21

In hierdie eksegese is Jesus se leierskap aan die hand van die beeld van die skaapherder verduidelik. Die betekenis van die herderbeeld in die openbaringsgeskiedenis word in die volgende afdeling ondersoek en in die afdeling oor die figurering van die leierskapsbegrippe in die leierskap van Jesus sal die herderseienskappe van Jesus onder die leierskapsbegrippe gesistematiseer word en op die leierskap van die predikant toegepas word.[118]

4.4.3.4 Openbaringshistoriese betekenis van Johannes 10:1-21

Die openbaringshistoriese betekenis word weer eens volgens die volgende twee basiese metodes van Van der Walt (2006:23) bespreek, naamlik:

- Die historiese benadering – "Dit gaan hier oor die verloop van die geskiedenis deur die jare, die lyn deur die eeue heen."
- Die vertikale benadering – "Sake word sistematies saam gegroepeer, en fasette wat by mekaar hoort, word saam behandel".

Al twee hierdie benaderings sal gebruik word. Die volgende openbaringshistoriese waarhede tree sterk na vore in die eksegese van Johannes 10:1-21:

4.4.3.4.1 Herders voor Jesus Christus

Uit die eksegese van vers 4 is dit duidelik dat die beeld van die leier wat soos 'n herder die skape moet lei, 'n beeld is wat uit die Ou-Testamentiese tyd afkomstig is. Aan die een kant is God dikwels voorgestel as die volmaakte Herder wat sy volk of skape deur al die moeilike tye van hulle bestaan versorg het, gered het en uit die mag van hul vyand gelei het (vgl. Ps. 23:1; 80:1-2; Pred. 12:11; Jes. 40:11; Jer. 31:10). Aan die ander kant is die leiers van die volk telkens met 'n herder vergelyk. Dit is asof die volk in die Ou Testament voortdurend op soek was na 'n goeie herder. In die rigterstyd het God telkens leiers gestuur om die volk uit hulle verdrukking en sonde te lei. Daarna het die konings gekom en dit is juis koning Dawid aan wie die Here in 2 Samuel 5:2 sê: "Jy moet vir my volk Israel 'n herder wees; ja, jy moet heerser oor Israel wees!" Só het Dawid die rolmodel geword waaraan al die ander leiers van Israel gemeet is. Met elke koning van Israel en Juda word daar óf vermeld dat hy "gedoen het wat reg is in die oë van die

[118] Kyk *4.4.6 Figurering van die leierskapsbegrippe in Jesus se lewe* (p. 245).

Here, soos sy voorvader Dawid" óf dat "hy nie so getrou was aan die Here as sy voorvader Dawid nie" (vgl. 1 Kon. 15:3 & 11). Tog was selfs die goeie herder Dawid nie goed genoeg nie. Dawid het met Urija se vrou gemeenskap gehad terwyl Urija op die oorlogsfront besig was om vir sy koning te veg. Boonop het Dawid vir Joab 'n boodskap gestuur om Urija in die voorste linie te plaas met die doel om hom te laat sterf (vgl. 2 Sam. 11). Só het Dawid as herder die onskuldige skapie vir eiegewin om die lewe laat bring. Natan (die profeet) vergelyk Dawid met 'n ryk man wat die arm man se ooilammetjie gesteel het om vir sy gaste te slag. Só kon selfs die beste herder nie daarin slaag om vir die skape te gee wat hulle nodig gehad het nie.

In Christus het God egter aan die mens 'n Herder voorsien wat by uitnemendheid in al die mens se behoeftes voorsien het.

4.4.3.4.2 Jesus, die volmaakte Herder

Johannes 10 noem veral vier sake waarin Christus as die volmaakte herder opgetree het.

Christus sterf vir sy skape (vs. 11)

Wanneer 'n mens hom in 'n konfliksituasie begewe en hy later daarop terugkyk, voel hy baiekeer dat dit nie die sout werd was nie. Dit is hoe die meeste herders reageer. Hulle sal dalk bereid wees om hul lewens in gevaar te stel, maar as hulle terugkyk of as hulle sou weet wat voorlê, sal hulle vir hulself sê dat die leed wat hulle gely het of die opoffering wat hulle moes maak, nie die moeite werd was nie. Hulle sal soos die herders in vers 12 vir die geringste moeilikheid weghardloop.

Met Christus is dit anders. Ten spyte daarvan dat Hy presies geweet het watter hel en lyding vir Hom voorlê, het Hy steeds besluit om op die lydenspad te gaan omdat Hy die skape (uitverkorenes) innig liefhet. Hy het sy lewe uit sy eie afgelê. Jesus het voor die gelowiges uitgegaan en alleen deur die dood gegaan sodat Hy die angel uit die dood kan haal. Daarom sê Paulus (1 Kor. 15:54-55): "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal." Hy roep uit: "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?" Christus was bereid om die prys vir die gelowige se sonde, naamlik die dood, te betaal. Hy het alleen deur die dal van die dood gegaan, sodat elkeen wat in Hom glo, ongedeerd daardeur kan gaan om by die groen weivelde van die Vader uit te kom.

Christus ken sy skape (vs. 14)

Oor die waarheid dat Jesus elkeen wat aan Hom behoort, ken, is dit belangrik om te besef dat hierdie kennis meer as 'n bloot intellektuele bewustheid is. Hierdie kennis gaan oor 'n intieme verhouding tussen die herder en sy skape. Die intieme verhouding word in die eerste plek beklemtoon deur die waarheid dat die verhouding tussen Christus en die mens vergelyk word

met die verhouding wat daar tussen die Vader en die Seun is. Daar is ’n liefdesband tussen die Vader en die Seun wat mense nie kan begryp nie; tog sê Jesus in vers 14 dat dieselfde band tussen die Herder en die skape bestaan.

Verder word hierdie intieme verhouding beskryf met die Griekse woord wat hier gebruik word. Hierdie woord kom ook in Lukas 1:34 voor waar dit vertaal word met die Afrikaanse woord “omgang”. Daar staan: “Maar Maria sê vir die engel: ‘Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met ’n man gehad het nie?’” Die seksuele omgang tussen ’n man en ’n vrou is die mees intieme band wat hulle met mekaar verbind. Daarom beklemtoon hierdie “kennis” wat tussen die Herder en sy skape gevind word dat daar nie ’n meer intieme verhouding tussen die Herder en sy skape kan wees nie. Christus ken elkeen tot in sy diepste wese. Hy ken sy diepste seer en sy bloed genees al die wonde wat deur die sonde veroorsaak is. Christus veroordeel die mens nie oor die sonde nie, maar Hy was bereid om vir die sonde te sterf sodat daardie sonde reggestel kan word (vgl. Joh. 3:17).

Christus bewerk eenheid onder sy skape (vs. 16)

In vers 16 leer Jesus dat verlossing nie net vir die Jode bestem is nie, maar dat verlossing by die Jode begin en na al die nasies toe uitkring (vgl. Joh. 11:52; 12:32) – almal met hulle verskillende kulture, velkleure en voorkeure. Almal word verenig onder die een Hoof, Christus. Hierdie tipe eenheid is ’n teken van die ware kerk. Al die nasies en tale kan alleen in een kerk verenig word wanneer Christus die hoof van almal is. Die eenheid in ’n kerk is die vrug van die versoening wat Christus bewerk het. As daar nie eenheid in ’n kerk is nie, beteken dit dat Christus nog nie vir almal die belangrikste is nie.

Christus neem sy lewe weer op vir sy skape (vs. 18)

Hier is dit belangrik om te besef dat dit nie vir die skape goed sal wees as die herder bloot net sy lewe vir hulle aflê nie. Die gevolg daarvan sal wees dat hulle sonder ’n herder sit en hulle dit nie sal oorleef nie. Die einddoel van Jesus se koms is nie om te sterf nie, maar om weer op te staan (vs. 18). Christus moes die grootste vyand van die mens kom oorwin. Hy moes die dood oorwin en ware oorwinning was slegs moontlik indien Hy weer sou opstaan. Indien Jesus nie uit die dood sou kon opstaan nie, sou dit geen voordeel vir sy skape ingehou het dat Hy sterf nie. Dit is juis die waarheid dat Hy uit die dood opgestaan het wat vir die gelowige hoop gee dat hulle ook sal opstaan uit die dood. Jesus se opstanding uit die dood is ’n bewys van sy oorwinning, heerskappy en die egtheid van sy herderskap (vgl. Rom. 1:4).

Samevatting: Openbaringshistoriese betekenis van Johannes 10:1-12

Christus se uitnemende leierskap as Herder van die volk van God word sigbaar uit die volgende waarhede:

- Hy het sy lewe afgelê vir sy skape met die doel om hulle van die ewige dood te red.
- Hy ken elkeen van sy skape met 'n kennis wat verder sterk as 'n bloot intellektuele bewustheid. Hy ken hul diepste behoeftes.
- Hy bewerk eenheid onder sy kudde deurdat Hy hulle verlos, ongeag hul kultuur, status of taal.
- Hy verlos sy kudde ook van hul grootste vyand, die dood, deur die dood te oorwin.

4.4.4 Oorsigtelike eksegese – Lukas 22:24-30

Hierdie perikoop handel oor twee onderwerpe, naamlik die verraaier in die midde van die dissipels en wie die belangrikste onder hulle is.

4.4.4.1 Die plek van die perikoop Lukas 22:24-30 in die boek Lukas

Volgens Nolland (1998) verwys bogenoemde onderwerpe terug na Lukas 9:43-45 en 46-48, waar hulle in dieselfde volgorde bespreek word. Hier word aandag gegee aan die tweede onderwerp, naamlik wie die belangrikste is. Jesus leer sy dissipels hieroor dat die waardes in sy koninkryk presies die omgekeerde van hierdie wêreld is. Hierdie lering van Jesus is iets wat volgens Stein (1992) ook in Lukas 13:30 na vore kom wanneer Jesus leer dat die een wat eerste is, laaste sal wees, en die een wat laaste is, eerste. Stein (1992) gaan verder:

> "But Jesus had not come to be served but rather to serve. He came to pour out his blood in order to establish a new covenant (Luk. 22:20). Thus to be great in the kingdom means to follow Jesus and to become one who serves, to think of oneself as having the least 'rights,' i.e., to be the youngest."

In aansluiting by Stein noem Henry (1994) dat die instelling van die Nagmaal (vgl. Luk. 22:14-23) 'n teken is van die nuwe verbond wat Jesus met ons gemaak het. Die verbond sal elke gelowige se hart met groot opgewondenheid vul, want die kern van die nuwe verbond handel daaroor dat die Een wat eerste is, laaste was sodat dié wat laaste was, eerste kan wees. Christus wat die Koning is (eerste), het 'n dienskneg (laaste) geword sodat elkeen wat in Hom glo, al is hy of sy gebroke en vol sonde, 'n koning kan word (vgl. Luk. 22:30). Christus stel hier die voorbeeld van hoe 'n ware leier bereid moet wees om in nederigheid te dien.

So sluit hierdie gedeelte ook aan by die volgende perikoop (Luk. 22:31-34) waarin Petrus gewaarsku word dat hy Jesus sal verloën. Die sonde van Petrus sou hom daaraan herinner dat

hy nie werd is om die koninkryk te besit nie. Die nuwe verbond wat Jesus kom oprig het, gee egter die hoop dat dit vir die gelowige moontlik is om deur Christus in die koninkryk opgeneem te word.

Samevatting: Die plek van Lukas 22:24-30 in die boek Lukas

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Christus se besondere leierskap daarin sigbaar word dat Hy wat die "eerste" is, bereid was om almal se dienskneg te word. Sy nederigheid as leier staan dus hier bo alles uit, veral omdat hierdie gedeelte tussen die dele staan waarin die dissipels redeneer oor wie die grootste onder hulle is en die gedeelte waarin Jesus voorspel dat Petrus hom sal verraai.

4.4.4.2 Vers-vir-vers-eksegese – Lukas 22:24-30

In die vers-vir-vers-eksegese van Lukas 22:24-30 onderrig die Here Jesus sy dissipels oor leierskap.

Vers 24 –"… oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word"

Dit is ironies dat die dissipels hier stry oor wie die belangrikste in die koninkryk is, terwyl Jesus, wat eintlik die belangrikste is, binnekort die grootste vernedering, pyn en lyding sal moet verduur, ook vir die dissipels wat gebroke en sondige mense is. Henry (1994) wys op hierdie teenstrydigheid in vers 23 en 24. Die dissipels het in die vorige vers mekaar uitgevra oor wie dit kan wees wat Jesus gaan verraai en in vers 24 redeneer hulle onder mekaar oor wie die belangrikste is. Jesus gebruik dan die beeld van soet en bitter water wat uit dieselfde fontein kom om na die bedrieglikheid van die mens se hart te verwys. Calvyn en Pringle, W. (2010) beskryf die bedrieglikheid van die mens se hart soos volg:

> "We see then how ambition springs up in any man who has great power and honours, and sends out its flames far and wide, unless the spirit of modesty, coming from heaven, extinguish the pride which has a firm hold of the nature of man."

Net die verlossing van Christus kan die vlamme van hierdie hoogmoed en eersug blus.

Vers 25 –"… laat hulleself weldoeners noem"

Die Griekse woord wat met "weldoeners" vertaal is, is volgens Stein (1992) dikwels in die Grieks-Romeinse era gebruik om na gode, helde en konings met hul eiemagtige optrede te verwys; daarom sit daar 'n tikkie ironie in hierdie stelling. Verder skryf Hughes en Laney (2001) dat die term "weldoener" dikwels op die muntstukke van daardie tyd langs die naam van die regeerder verskyn het en daarom was dit vir die meeste mense 'n betekenislose uitdrukking.

Wat Jesus dus met hierdie vergelyking bedoel, is dat dit baie eerbaarder is om goeie dinge vir mense te doen as om net die naam van "weldoener" te dra. 'n Weldoener is immers baie meer werd vir 'n gemeenskap as 'n persoon wat bloot oor 'n gemeenskap heers (Henry, 1994).

Vers 26 – "Maar by julle moet dit nie so wees nie"

Wiersbe (1996) meen dat die Romeine (die volk wat in die tyd van Jesus regeer het) daarop uit was om om die hoogste eer en posisie mee te ding en daarom het hulle alles in hulle vermoë gedoen, of dit nou wettig of onwettig was, om eer en erkenning te ontvang. Calvyn en Pringle, W. (2010) merk op dat "...ambition does not allow a man to be devoted, or, rather, to be subject to his brethren." Teenoor hierdie wêreldleiers moet die kerkleier staan. Gevolglik meen Stein (1992) dat Jesus nie die leierskap in die kerk ontken nie, maar verduidelik hoe kerkleiers nié moet lei nie. Henry (1994) se slotsom is dat indien die dissipels soos die wêreldse regeerders leiding gee, sal die volgende gebeur: "It was to make themselves unlike the disciples of Christ, and unlike Christ himself."

'n Ware leier sal in stede daarvan om die belangrikste te wil wees eerder die begeerte hê om soos Christus te wees en daarom sal hy dien (Martin, 1985b). Radmacher *et al.* (1999) vat dit goed saam met die volgende stelling: "True leaders labor for others, as a servant would. In short, the Lord's view of greatness is the exact opposite of the worldview."

"Die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees…"

Die Griekse woord wat hier met "geringste" vertaal is, kan letterlik met "jongste" vertaal word (Louw & Nida, 1996). Stein (1992) se verklaring van hierdie woord is dat die jongste persoon die minste rede het om te dink dat hy die belangrikste is. Wiersbe (1996) brei hierdie gedagte uit deur daarop te wys dat 'n slaaf nie daaroor argumenteer of hy die belangrikste is nie, want hy weet dat hy die minste is. Net so sal elke gelowige wat sy sonde ken en erken, ook besef dat hy niks het om op te roem nie. Daarom sê Paulus: "Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld" (Gal. 6:14).

Vers 27 – "Wie is die belangrikste…"

In die wêreld se oë is die een wat deur ander bedien word gewoonlik die belangrikste en tog was Jesus soos die een wat gedien het. Stein (1992) wys daarop dat Jesus duidelik die "belangrikste" onder die dissipels was en tog was sy gesindheid tydens sy verblyf op aarde soos die van een wat dien (vgl. Joh. 13:2-17; Fil. 2:6-11). Elkeen wat daarom 'n ware dissipel van Jesus is, sal bereid wees om 'n dienskneg te word.

"Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien"

Vosloo en Van Rensburg (1993) wys daarop dat Jesus basies twee leierskapstelsels beskryf. Die wêreld se leierskapstelsel is een waarin die leier selfsugtig en verwaand is omdat hy sy pad na boontoe moet uitveg. In die koninkryk van God werk die leierskapstelsel presies die teenoorgestelde. Om bo te kan kom, moet jy die minste wees en Jesus stel vir ons die voorbeeld. Hy wat God is, verneder Hom deur aan 'n kruis te sterf vir mense wat vuil en gebroke is. Die gevolg daarvan is dat Hy verhoog word om aan die regterhand van God die Vader te sit (Joh. 17:4-5).

Vers 29 – "Net soos my Vader 'n koninkryk aan My bemaak…"

Volgens Swanson (1997) kan die Griekse woord διατίθεμαι wat met "bemaak" vertaal is, ook met "make a covenant" vertaal word. Stein (1992) meen daarom dat die gebruik van hierdie woord terugverwys na die nuwe verbond, wat in Lukas 22:20 met die apostels opgerig is met die belofte dat hulle sal deel hê aan die koninkryk van die Seun van die mens wanneer Hy terugkom om te regeer.[119] Die dissipels moet egter in gedagte hou dat die reëls vir hierdie koninkryk drasties anders is as dié van die wêreld (vgl. die eksegese vs. 27[120]).

"… so bemaak Ek 'n koninkryk aan julle…"

Teenoor die aardse eer waarna die dissipels soek, wys Jesus hulle nou op 'n baie groter eer waarna hulle moet streef, naamlik die eer om saam met Christus in sy koninkryk te kan wees (Henry, 1994). Om daardie eer te verkry, moet ander reëls gevolg word, onder andere dat die eerste laaste, en die laaste eerste sal wees. Verder is dit volgens Calvyn en Pringle, W. (2010) belangrik dat die dissipels geduldig moes bly, net soos Jesus geduldig was. Die Vader het ook aan Jesus 'n koninkryk gegee en tog het die Vader nie onmiddellik aan Jesus die heerlikheid van sy koningskap gegee nie. Jesus is eers van alle eer ontledig (vgl. Fil. 2:5-8) voordat Hy verheerlik kon word. Die dissipels moet dit in gedagte hou sodat hulle nie onder 'n vals indruk verkeer nie. Wiersbe (1996) vat bogenoemde gedagte saam met die woorde: "Jesus has set the example: first the cross, then the crown."

Vers 30 – "… sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink en op trone kan sit… om te regeer"

Die gebruik van die woord "tafel" in vers 21 en 30 wys volgens Nolland (1998) daarop dat daar 'n verband is tussen die Nagmaal en die toekomstige fees wat voorberei sal word. Net soos in

---

[119] Kyk *4.4.4.1 Die plek van die perikoop Lukas 22:24-30 in die boek Lukas* (p. 238).
[120] Kyk *Vers 27 – "Wie is die belangrikste…"* (p. 240).

die geval van die Nagmaal wys hierdie woorde van Jesus aan sy dissipels op die heerlikheid wat daar op elkeen wag wat bereid is om te dien. Elke dissipel wat besef dat hierdie heerlikheid vir hom voorlê, sal besef dat hy nie met die tydelike heerlikheid van hierdie wêreld tevrede moet wees nie (Wiersbe, 1992).

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese – Lukas 22:24-30

Uit die vers-vir-vers-eksegese kan baie duidelik afgelei word dat Jesus sy dissipels geleer het dat leierskap in sy koninkryk op ander beginsels gebou is as in 'n wêreldse koninkryk. Die openbaringshistoriese betekenis van die leierskap sal in die volgende afdeling ondersoek word en in die afdeling oor die figurering van die leierskapsbegrippe in die leierskap van Jesus gesistematiseer word.[121]

4.4.4.3 Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop Lukas 22:24-30

Drie sake van openbaringshistoriese betekenis kan uit die eksegese aangedui word.

Die kleinste in die wêreld, maar die grootste in die koninkryk van God

Hierdie wêreldbeeld wat Jesus voorhou en wat presies die teenoorgestelde is van 'n sekulêre wêreldbeeld is iets wat al van die Ou-Testamentiese tyd na vore kom. Die kleinste volkie onder al die volke word deur God as sy verbondsvolk uitgekies. Hierdie volk is so gering dat hulle vir 'n lang tyd as slawe vir die Egiptenaars in Egipte gearbei het en tog het God Hom oor hulle ontferm, soos daar in Deuteronomium 7:7-8 geskryf staan:

> "Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte."

Dieselfde beginsel kan ook gesien word wanneer God leiers vir die volk gekies het. Die leiers was dikwels mense wat glad nie in die wêreld se oë na die mees geskikte persoon gelyk het nie.

Moses het gedink dat hy nie geskik is vir die taak om 'n hele volk uit Egipte uit te lei nie. In die eksegese in Hoofstuk 3[122] is op die verskillende verskonings gewys wat Moses aan die Here

---

[121] Kyk *4.4.6 Figurering van die leierskapsbegrippe in Jesus se lewe* (p. 245).

[122] Kyk *3.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese van Eksodus 3-4:17* (p. 111); *Eksodus 3:11 – "Wie is ék…*" (p. 114); *"Wat is sy Naam?*" (p. 117); *"Wat moet ek dan vir hulle sê?"* (p. 117); en *Eksodus 4:10 – "Ag, Here, ek kan nie goed praat nie…"* (p. 120).

voorgehou het hoekom hy nie vir die taak geskik is nie. In God se oë was Moses die regte persoon vir die taak en daarom het Hy hom die nodige gawes gegee om dit suksesvol te kon uitvoer. Dawid is nog so 'n voorbeeld. Elkeen van sy broers met sy mooi gelaat en postuur was volgens wêreldse standaarde 'n baie beter keuse as hy wat 'n skaapwagter was en boonop nog baie jonk. Daarom sê die Here vir Samuel oor Dawid se broer Eliab in 1 Samuel 16:7):

> "Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike."

Op dieselfde manier word daar deur die profete verwys na die Messias wat sal kom. Jesaja beskryf die Messias byvoorbeeld soos volg:

> "Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word." (Jes. 53:2-4)

Wat die wêreld verwag, is presies die teenoorgestelde van wat God gee, want wat vir God belangrik is, is nie noodwendig vir die mens belangrik nie. Uit die eksegese hierbo kan daar veral twee maatstawwe neergelê word wat vir die Here belangrik is, maar nie vir die wêreld nie. Dit is twee beginsels wat in Jesus se leierskap sigbaar is, naamlik dat die kleinste die grootste is in die koninkryk van God en dat wie eerste is, laaste sal wees en wie laaste is, eerste sal wees.

Jesus dien selfs al verdien die persoon dit nie

Die sondige aard van die dissipels in hoofstuk 22 is opvallend. Terwyl hulle in die bovertrek is, stry die dissipels oomblikke voor Jesus se lyding oor wie die belangrikste is. In die tuin van Getsemane het Jesus diepe doodsangs beleef. Jesus het sy dissipels se ondersteuning in daardie uur die nodigste gehad. Daarom vra Hy hulle om te bid, maar wanneer Jesus by hulle terugkom, lê hulle telkens en slaap (Luk. 22:45). Judas Iskariot het Jesus vir 30 silwermuntstukke verraai (Luk. 22:5). Dertig silwermuntstukke is die geringe bedrag vir die skadevergoeding vir die verlies van 'n slaaf. Dit is wat Judas van Jesus se lewe gedink het. Petrus wat die rots vir die kerk moes wees, het Jesus drie maal verloën (Luk. 22:54-62).

Die ergste van alles is dat Jesus geweet het presies wat elkeen van die dissipels se reaksie gaan wees. Die evangelie volgens Johannes (Joh. 13:26-27) stel dit baie duidelik dat Jesus

geweet het dat sy verraaier saam met hulle in die bovertrek is en vanaf vers 33 waarsku Jesus ook vir Petrus dat hy Hom gaan verloën. Ten spyte hiervan het Jesus hulle almal steeds met dieselfde liefde behandel. Hy het elkeen van hulle liefgehad sonder om teen enigeen van hulle weens hulle tekortkominge te diskrimineer. Hy het juis gekom om vir hulle sonde te betaal. Daarom leer Jesus hier as leier dat 'n ware dienskneg nie mense dien om deur hulle geëer of erken te word nie, of selfs om "Dankie!" te hoor nie. 'n Ware dienskneg van Christus moet doen wat aan hom opgedra is en dan sê soos daar in Lukas 17:10 staan: "Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

Jesus dien ten spyte van wie Hy is

In die teksgedeelte stel Jesus twee lewensbeskouings teenoor mekaar. Die eerste beskouing is dat konings of maghebbers baasspeel oor die nasies. Die mindere dien die meerdere. In die wêreld se oë beteken dit dat hoe meer aansien jy het, hoe meer word jy bedien. Die tweede beskouing is 'n koninkryksbeskouing. In die koninkryk van Christus geld die teenoorgestelde en Jesus as die volmaakte leier stel die voorbeeld van diensbaarheid.

Jesus is die Koning van die heelal. Hy is die God wat die hele aarde en alles wat daarop is met 'n enkele woord geskep het (Joh. 1). Hy is die God wat siekes genees, wat storms stil maak en wat selfs dooies uit die dood opwek. Hy is waaragtig God en tog was Hy bereid om Hom te verneder deurdat Hy mens geword het (Fil. 2:5-10). Hy was bereid om die vloek van die sonde in die mens se plek te dra. Christus was selfs bereid om mens te word en te sterf sodat die mens se verhouding met God weer herstel kon word. In die koninkryk van God is dit daarom die een wat dien wat belangrik is. Die leier se grootsheid en eer word bepaal deur die hoeveelheid mense wat hy dien en nie in die hoeveelheid mense wat hom bedien nie. Die Koning van die koninkryk leer konkreet hoe Hy bereid was om deur die uitoefening van sy koningskap te dien.

Samevatting: Openbaringshistoriese betekenis van Lukas 22:24-30

Drie openbaringshistoriese waarhede wat uit die eksegese oor die leierskap van Christus duidelik word, is die volgende:

- Die kleinste in die wêreld is die grootste in die koninkryk van God.
- Jesus het sy dissipels met liefde gedien selfs toe hulle dit glad nie verdien het nie.
- Jesus het sy dissipels gedien ten spyte daarvan dat Hy die koning van die heelal is. Hy buig af en was self hulle voete.

4.4.5 Samevatting: Eksegese van gedeeltes oor Jesus se leierskap

Verskillende teksgedeeltes is in die Nuwe Testament geselekteer om deur 'n dieptesnit-eksegese of 'n oorsigtelike eksegese vas te stel hoe Jesus as leier opgetree het: Matteus 4:1-11 is met behulp van 'n dieptesnit-eksegese,[123] wat 'n vers-vir-vers-eksegese[124] insluit, ondersoek; Johannes 10:1-21 is deur 'n oorsigtelike eksegese[125] wat 'n vers-vir-vers-eksegese[126] insluit, ondersoek; en Lukas 22:24-30 is eweneens deur 'n oorsigtelike eksegese[127] wat 'n vers-vir-vers-eksegese[128] insluit, ondersoek. Uit die eksegese van die verskillende teksgedeeltes is dit duidelik dat Jesus tydens sy lewe op aarde die volmaakte leier was.

4.4.6 Figurering van die leierskapsbegrippe in Jesus se lewe

Hoe die ses leierskapsbegrippe wat in 2.8 (p. 96) geïdentifiseer is, in Jesus se lewe gefigureer het, word in hierdie afdeling ondersoek. Soos in die vorige hoofstuk in die geval van Moses en Saul word die leierskapseienskappe wat uit die eksegese van die tersaaklike teksgedeeltes na vore gekom het, eers onder die verskillende leierskapsbegrippe te georden. Die leierskapsbegrippe is die volgende: *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë.* Aan die einde van die bespreking van elke leierskapsbegrip word 'n samevatting gegee hoe die spesifieke leierskapsbegrip in die lewe van Jesus na vore gekom het en daarna word *beginsels* geformuleer waarop die leierskap van die leier gebaseer kan word.

4.4.6.1 Onderdanige vertroue

Afleidings uit die eksegese van bogenoemde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *onderdanige vertroue* in Jesus se leierskap is die volgende:

- In die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:3[129] is daarop gewys dat die duiwel twyfel in Jesus se gemoed probeer skep oor die liefde van sy Vader vir Hom, net soos hy ook met Adam en Eva in die paradys gedoen het. Die duiwel wil hê Jesus moet aan die Vader se beloftes, sy liefde en sy voorsienigheid twyfel. Jesus twyfel nie omdat Hy oortuig is van sy Vader se liefde vir Hom. Hy vertrou sy Vader volkome. In aansluiting hierby word daar in die

---

[123] Kyk *4.4.2 Dieptesnit-eksegese – Matteus 4:1-11* (p. 210)
[124] Kyk *4.4.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Matteus 4:1-11* (p. 214).
[125] Kyk 4.4.3 Oorsigtelike eksegese – Johannes 10:1-21 (p. 225).
[126] Kyk *4.4.3.3 Vers-vir-vers-eksegese – Johannes 10:1-21* (p. 228).
[127] Kyk *4.4.4 Oorsigtelike eksegese – Lukas 22:24-30* (p. 238).
[128] Kyk *4.4.4.2 Vers-vir-vers-eksegese – Lukas 22:24-30 (*p. 239).
[129] Kyk *Vers 3 – "As U die Seun van God is…"* (p. 216) en *"… sê hierdie klippe moet brood word"* (p. 217).

vers-vir-vers-eksegese van vers 4[130] genoem dat God vir Israel – sy opstandige seun – veertig jaar lank in die woestyn van kos en water voorsien het. Die duiwel toets Jesus met die dieperliggende versoeking dat die Vader tog nie sal toelaat dat sy eie Seun honger ly nie.

- Christus is die bewys dat God die leier liefhet, want deur Christus het God in elke mens se diepste behoefte voorsien, naamlik die behoefte om van die dood verlos te word. Die leier sal egter net op die beloftes van God kan staat maak indien hy bereid is om hom gewilliglik aan die wil van God te onderwerp (vgl. vers-vir-vers-eksegese, vers 7[131]).
- Die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:18[132] wys daarop dat geen mens Jesus se lewe sou kon geneem het nie indien Hy Hom nie vrywilliglik oorgegee het nie. Deurdat Jesus Hom in gehoorsaamheid en onderdanige vertroue vrywilliglik aan die Vader oorgegee het, is baie vrygespreek (vgl. Rom. 5:19). Dit is ook waar vir die leier.

Onderdanige vertroue by Jesus as leier

In Jesus se leierskap word die leierskapsbegrip *onderdanige vertroue* in sy volkome vertroue in die Vader gerealiseer. Die beginsel vir Jesus se onderdanige vertroue kom daarop neer dat Hy besef dat sy lewe nie van kos of klere afhanklik is nie, maar van God. Verder was Hy oortuig van die Vader se liefde vir Hom en daarom het Hy nooit gekla of aan die liefde van die Vader getwyfel nie. Laastens was Jesus se onderdanige vertroue van so aard dat Hy selfs nie sy lewe belangriker as die wil van sy Vader geag het nie. Hy het die Vader met sy lewe vertrou en daarom was Hy volkome onderdanig aan die wil van die Vader.

Beginsels vir die onderdanige vertroue van die leier

Die onderdanige vertroue van die leier word volgens hierdie afleidings gegrond op die volgende beginsels/norme.

- Die leier moet besef dat sy lewe nie van kos en klere afhanklik is nie, maar van God wat in al sy behoeftes voorsien.
- Die bewys dat die leier God in onderdanigheid kan vertrou is in Christus. Die innige liefde van God vir die mense word sigbaar in Christus wat vir die gelowige sterf. Daardie liefde maak dat die leier geen rede het om te kla, bang te wees of selfs te twyfel nie.

---

[130] Kyk *Vers 4 – "n Mens…"* (p. 217), *"… leef nie net van brood nie…"* (p. 217) en *"… maar van elke woord wat uit die mond van God kom"* (p. 218).
[131] Kyk *Vers 7 – "Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie"* (p. 220).
[132] Kyk *Vers 18 – "Niemand neem dit van my af nie, maar Ek lê dit uit my eie af"* (p. 234).

- Die aardse lewe moet ook nie belangriker word as die wil van die Vader word nie. Ware lewe word alleen in Christus gevind.

Deur aan hierdie beginsels vas te hou, word die leier se onderdanige vertroue in God versterk.

4.4.6.2 Status met verantwoordelikheid

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *status met verantwoordelikheid* in Jesus se leierskap is die volgende:

- Die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:1[133] wys daarop dat Christus se status as "Seun van God" met sy doop bevestig is. Hierdie status sou Jesus alleen kon behou indien Hy volkome gehoorsaam aan sy Vader sou bly. Anders as die volk wat met elke versoeking in sonde geval het, toon Jesus wat dit beteken om die wil van die Vader volkome na te streef (vgl. Joh. 5:30); daarom behou Hy deur sy gehoorsaamheid die status van "Seun van God".
- Wat uit die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:4[134] opval, is die absolute nederigheid van Jesus tydens sy lewe op aarde. Hy is die Koning van al die konings en tog identifiseer Hy Hom volkome met die mens. Jesus se nederigheid word verder duidelik uit die vers-vir-vers-eksegese van vers 5[135] en vers 8[136], waar daarop gewys word dat die eer wat die duiwel Jesus aanbied vir Hom geen waarde het nie. Jesus is tevrede met dit wat Hy van sy Vader ontvang. Die nuwe verbond waarna daar in die bespreking van die plek van die perikoop verwys is[137] en in die vers-vir-vers-eksegese van Lukas 22:29[138] verwys is, is ook hier ter sake. Wesentlik gaan die nuwe verbond daaroor dat Christus wat die Koning is (eerste), 'n dienskneg (laaste) geword het sodat elkeen wat in Hom glo, konings kan word, al is hulle gebroke en vol sonde.

  Teenoor Jesus staan die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat volgens die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:8[139] vergelyk word met diewe en rowers. Hul bedoeling was nie om God te verheerlik nie maar hulself. Hulle misbruik hul status sodat mense hulle eer. Dit sluit ook aan by die vers-vir-vers-eksegese van Lukas 22:24,[140] waar die dissipels van Jesus

---

[133] Kyk *Vers 1 – "Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei…"* (p. 214), *"… deur die Gees…"* (p. 215) en *"… om deur die duiwel versoek te word"* (p. 215).
[134] Kyk *Vers 4 – "'n Mens…"* (p. 217) en *"… maar van elke woord wat uit die mond van God kom"* (p. 218).
[135] Kyk *Vers 5 – "… hoogste punt van die tempel staan…"* (p. 218).
[136] Kyk *Vers 8 – "Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe…"* (p. 220), *"… wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag…"* (p. 221) en *"… dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid"* (p. 221).
[137] Vgl. *4.4.4.1 Die plek van die perikoop Lukas 22:24-30 in die boek Lukas* (p. 238).
[138] Kyk *Vers 29 – "Net soos my Vader 'n koninkryk aan My bemaak…"* (p. 241) en *"… so bemaak Ek 'n koninkryk aan julle…"* (p. 241).
[139] Kyk *Vers 8 – "Almal wat voor my gekom het, is diewe en rowers"* (p. 230).
[140] Kyk *Vers 24 –"… oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word"* (p. 239).

gewaarsku word om nie in hoogmoed en eersug te verval nie. Hoogmoed en eersug is die bewys dat die leier sy status in homself en nie in sy kindskap soek nie.

- Die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:12[141] wys dat die status van die leier nie bloot "huurling" is nie maar herder. Christus het die skape so lief as hulle Herder, dat Hy bereid was om 'n baie duur prys te betaal om hulle te red. Die Herder is bereid om vir die skape te sterf indien dit hulle sal red, terwyl die huurling homself eerder sal red. Die herder neem die verantwoordelikheid wat hy ontvang het ernstig op.

Status met verantwoordelikheid van Jesus as leier

In die leierskap van Jesus figureer die leierskapbegrip *status met verantwoordelikheid* soos volg:

- Jesus is die status van Seun van God waardig omdat Hy volkome gehoorsaam aan die wil van sy Vader was. Deur gehoorsaam te wees, het Jesus sy status as Seun van God met verantwoordelikheid uitgeleef.
- Jesus toon in sy lewe status met verantwoordelikheid omdat Hy nederig was. Hy het nooit sy status in aardse eer gesoek nie. Die eer om 'n aardse koning te wees, het Hy selfs afgewys omdat Hy volkome vergenoeg was in sy status as Seun van God. Hy was nederig genoeg om Homself aan die Vader se wil te onderwerp en daarom was hoogmoed en eersug nie deel van Hom nie. Hy was bereid om laaste te wees sodat sy volgelinge eerste kan wees. Daardeur gebruik Hy sy status met verantwoordelikheid.
- Jesus se lewe wys dat Hy nie bloot net die status van die herder het nie, maar dat Hy ook die verantwoordelikheid tot in die dood aanvaar. Hy was gewillig om ter wille van sy volgelinge se sonde te sterf met die doel om hulle te red.

Afgeleide beginsels vir die leier se status met verantwoordelikheid

Die leier se status met verantwoordelikheid word volgens hierdie afleidings gebaseer op die volgende beginsels/norme.

- Die leier moet besef dat ware status ten nouste met verantwoordelikheid verbind is en daarom word gehoorsaamheid van die leier geëis. Die leier se status lê juis daarin dat hy deur genade verlos is van sy sonde en daarom kind van God genoem kan word. Deur gehoorsaam te wees aan die wil van die Vader word die leier se status as kind van God met verantwoordelikheid gebruik.

---

[141] Kyk *Vers 10 – "n Dief kom net steel en slag en uitroei"* (p. 231) en *"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed"* (p. 231).

- Om status met verantwoordelikheid te hanteer, is nederigheid uiters belangrik vir die leier omdat hy nie sy status in homself (dinge waarmee hy uitblink) soek nie, maar in die genade dat hy 'n verhouding met die Vader kan hê. Daardie eer om kind van God te kan wees, sal al die aardse eer in waarde oortref en só status met verantwoordelikheid wek. Hoogmoed en eersug kan alleen vernietig word deur die verlossing in Jesus Christus. Jesus se verlossingswerk skeur die hart oop om 'n mens se eie sonde en nietigheid raak te sien. Eers as dit gebeur, sal die leier die status wat hy uit genade ontvang, met verantwoordelikheid kan hanteer omdat hy dan sal besef dat dit net genade is.
- Die leier se status met verantwoordelikheid word goed beskryf deur die herderbeeld. Die leier het die status van 'n herder omdat hy een is met Christus, maar dit plaas ook die verantwoordelikheid op hom om elke skaap wat aan sy sorg toevertrou is met groot liefde soos sy eie te versorg. Die leier sal elke skaap met sy lewe oppas omdat hy besef dat Christus daardie skaap so liefgehad het dat Hy bereid was om 'n duur prys vir elkeen te betaal.

4.4.6.3 Gesag met liefde

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *gesag met liefde* in Jesus se leierskap is die volgende:

- In die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:3[142] is daarop gewys dat Jesus die mag het om klippe in brood te verander, maar Hy volg eerder die weg om die Vader te vertrou om in al sy behoeftes te voorsien; daarom toets Hy nie die Vader se beloftes nie. Dieselfde gebeur ook met die versoeking om van die hoogste punt van tempel af te spring (vgl. die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:6[143]). Die duiwel wil hê dat Jesus sy gesag moet gebruik om sy eer te verdedig, maar omdat Jesus se liefde vir die Vader vir Hom baie belangriker as sy eie eer of mag is, is Hy gehoorsaam aan die Vader.
- Die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:7,[144] Johannes 10:10,[145] Johannes 10:11[146] en Johannes 10:13[147] wys daarop dat daar groot mag aan die leier gegee word. Die leier kan die mag/gesag aanwend om soos 'n goeie herder die welsyn van die skape te bevorder of dit kan misbruik word om die skape soos diewe en rowers te slag en uit te roei.

---

[142] Kyk *Vers 3 – "As U die Seun van God is…"* (p. 216) en *"… sê hierdie klippe moet brood word"* (p. 217).
[143] Kyk *Vers 6 – "… spring af!"* (p. 219) en *"Hy sal sy engele oor jou opdrag gee…"* (p. 219).
[144] Kyk *Vers 7 – "Ek is die ingang vir die skape"* (p. 230).
[145] Kyk *Vers 10 – "'n Dief kom net steel en slag en uitroei"* (p. 231) en *Vers 10 – "'n Dief kom net steel en slag en uitroei"* (p. 231).
[146] Kyk *Vers 11 – "Ek is die goeie herder"* (p. 230) en *"Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape"* (p. 232).
[147] Kyk *Vers 13 – "… en bekommer hom nie oor die skape nie"* (p. 233).

Jesus as leier se bestuur met liefde

Uit die eksegese van die geselekteerde Skrifgedeeltes kan afgelei word dat die leierskapsbegrip *bestuur met liefde* soos volg in Jesus se leierskap gerealiseer word:

- Jesus het al die gesag in die wêreld gehad om te doen net wat Hy begeer. Sy grootste begeerte was egter om die wil van God te doen en daarom het Hy daardie gesag wat Hy ontvang het, met liefde bestuur. Hy gebruik sy gesag om God te eer! So bestuur Hy met liefde.
- As die volmaakte Herder wys Jesus ook wat dit beteken om sy gesag met liefde te bestuur wanneer Hy die mag wat aan Hom gegee word, op so manier gebruik dat Hy die "skape" en nie Homself nie, met liefde opbou. In opregte liefde benader Hy selfs die grootste sondaars.

Afgeleide beginsels vir die leier se gesag met liefde

Uit die realisering van die leierskapsbegrip *gesag met liefde* in Jesus se leierskap word die volgende beginsels vir die leierskap van die predikant afgelei:

- Jesus se liefdesverhouding met sy Vader was die grond daarvoor dat Hy die versoekings van die duiwel kon weerstaan. Vir die leier lê die beginsel daarin dat hy moet besef watter skat en voorreg dit is om deur Jesus Christus in 'n verhouding met die Vader te kan staan. Hoe meer daardie liefdesverhouding die leier se grootste skat word, hoe meer sal hy die mag/gesag wat hy van die Here ontvang met liefde kan en wil bestuur. Hy sal die mag/gesag gebruik om God en nie homself nie, in gehoorsaamheid te eer.
- Die leier se eenheid met Christus inspireer hom om sy volgelinge met liefde te lei. Hy het elke volgeling lief omdat Christus hom eerste liefgehad het. 'n Ware leier gebruik die mag/gesag wat hy ontvang om sy volgelinge met liefde op te bou.

4.4.6.4 Herderlike leiding

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *herderlike leiding* in Jesus se leierskap:

- Die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:1[148] het getoon dat 'n goeie herder se doelwit altyd is om die skape deur die ingang (Christus) van die skaapkraal na die veiligheid van die kraal te lei. Die motivering van die ware herder sal altyd wees om die skape te versorg en om na hulle belange om te sien net soos Christus dit as volmaakte Herder doen.

[148] Kyk *Vers 1 – "Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie… is 'n dief en 'n rower"* (p. 228).

- Die ware herder ken sy skape (vgl. die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:3[149] en Johannes 10:14[150]). Hierdie kennis is meer as 'n bloot intellektuele bewustheid; dit is 'n intieme verhouding. Aan die ander kant moet die skape die herder ook ken (vgl. vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:5[151]). 'n Herder met 'n vreemde stem is iemand wat Christus nie ken en volg nie. Die herder se uitsluitlike doel is om die skape na Christus toe te lei en sy leiding moet nie op gebruike of voorkeure gebaseer wees nie.
- Soos 'n tipiese herder in die Nabye Ooste moet die ware herder voor die skape uitloop om al die gevare wat hulle moontlik mag teëkom, uit die weg te ruim. Christus het die dood op die manier vir elke gelowige oorwin (vgl. vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:11[152]).

Jesus se herderlike leiding

Op grond van die eksegese van die geselekteerde Skrifgedeeltes kan afgelei word dat die begrip *herderlike leiding* soos volg in die leierskap van Jesus gefigureer het:

- As Herder het Jesus sy dissipels telkens daarop gewys dat Hy die enigste weg tot die saligheid is en daarom het Hy vir hulle die deur oopgemaak waardeur hulle moet ingaan. In Hom kry sy dissipels die veiligheid en versorging wat hulle nodig het omdat Hy na hulle belange omsien.
- Jesus as die Herder wys wat dit beteken om die skape te ken. In elkeen van sy gesprekke met mense wat tot geloof in Hom kom, is dit duidelik dat Hy die persoon ken (vgl. Joh. 2:47; 4:18), maar terselfdertyd volg hulle Hom omdat hulle Hom as die ware Messias leer ken.
- As Herder loop Christus voor sy skape uit om die pad vir hulle te beveilig.

Afgeleide beginsels vir die herderlike leiding van die leier

Die herderlike leiding van die leier word volgens bogenoemde afleidings op die volgende beginsels/norme gebou:

- 'n Leier wat herderlike leiding gee, is altyd besorg oor die geestelike groei van die skape. Hy is besorg oor sy volgelinge se veiligheid en daarom maak hy seker dat hulle deur die ingang (Christus) gaan om veilig te wees.
- Herderlike leiding word gebou op 'n persoonlike verhouding van die leier met die mense aan wie hy leiding gee. Hy moet hulle ken deur in opregtheid na hulle behoeftes om te sien. Kennis bestaan egter ook daaruit dat die volgelinge moet kan sien dat die leier Christus ken.

---

[149] Kyk *Vers 13 – "… en bekommer hom nie oor die skape nie"* (p. 233).
[150] Kyk *Vers 14 – "Ek ken my skape, en my skape ken my…"* (p. 233).
[151] Kyk *Vers 5 – "Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie…"* (p. 230).
[152] Kyk *Vers 11 – "Ek is die goeie herder"* (p. 231) en *"Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape"* (p. 232).

Die leier se ware motief sal vinnig sigbaar word uit die rigting waarin hy die volgelinge lei. Hy moet hulle na Christus lei.

- Herderlike leiding word gebou op die beginsel dat die leier voor die skape moet uitloop om die gevare uit die weg te ruim. Hy moet die skape gerus stel deur hulle te bemoedig en te ondersteun en deur dwaling te bestry, sodat sy volgelinge hom met 'n gevoel van geborgenheid kan volg.

4.4.6.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *waarheidsbegronde regverdigheid* in Jesus se leierskap is die volgende:

- In die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:6[153] is daarop gewys dat die duiwel 'n halwe waarheid gebruik en dit dan verder verdraai om Jesus te probeer verlei om sonde te doen. Jesus ken egter die volle openbaring van God en daarom wys Hy die duiwel op die volle waarheid. Die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:8[154] wys daarop dat Christus dit nie eens oorweeg om sy volmaakte gehoorsaamheid aan God enigsins te skend om Hom beter te pas nie.
- In die vers-vir-vers-eksegese van Johannes 10:2[155] en Johannes 10:3[156] is dit duidelik gestel dat die leier 'n diepgaande kennis van die waarheid moet hê omdat gehoorsaamheid op die kennis volg. Die beeld in Johannes 10 illustreer dat die leier as herder die ingang (Christus) moet ken. Indien hy Christus nie ken nie, sal hy nie deur Hom ingaan nie en daarom sal hy ook nie regverdig kan optree nie. Die optrede van die leier sal net deur waarheidsbegronde regverdigheid gekenmerk word wanneer die leier self aan Christus as sy Verlosser vashou. Die ingang of verhouding met Christus is daarom die plek waar gesien word of die leier eg is of nie.

Waarheidsbegronde regverdigheid in Jesus se leierskap

In die leierskap van Jesus figureer die leierskapbegrip *waarheidsbegronde regverdigheid* soos volg:

---

[153] Kyk *Vers 6 – "… spring af!"* (p. 217) en *"Hy sal sy engele oor jou opdrag gee…"* (p. 219).
[154] Kyk *Vers 8 – "Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe…"* (p. 220), *"… wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag…"* (p. 221) en *"… dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid"* (p. 221).
[155] Kyk *Vers 2 – "Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder…"* (p. 228).
[156] Kyk *Vers 3 – "Die skape luister na die herder se stem…"* (p. 229).

- Jesus ken die wil van sy Vader volkome en dit is aan daardie waarheid wat Jesus vashou; daarom kan die leuens van die duiwel Hom in geen enkele opsig van die waarheid laat afdwaal nie. Jesus se regverdigheid is in die waarheid begrond.
- Christus het deur sy hele lewe van gehoorsaamheid bewys dat Hy die Regverdige is. Sy grootste begeerte was om die wil van sy Vader te doen. Al sy doen en late was in die waarheid begrond.

Afgeleide beginsels vir die waarheidsbegronde regverdigheid van die leier

- Die beginsel/norm wat hier vasgelê moet word, is dat die leier die Woord van God as die enigste waarheid moet ken om die leuens dadelik te herken. Hy moet die waarheid liefhê, want dit sal hom in staat stel om in alle situasies regverdig te kan optree, sonder om die waarheid vir eiegewin te verdraai.
- Die leier kan waarheidsbegronde regverdigheid alleen in sy lewe laat realiseer wanneer hy in 'n lewende verhouding met Christus staan. Daar is net een weg tot regverdigheid en dit is deur die Waarheid – Christus – of deur 'n innige geloofsverhouding met Christus.

4.4.6.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingsvermoë* in Jesus se leierskap is die volgende:

- In die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:4[157] is aangetoon dat geestelike onderskeidingsvermoë nodig is om te besef dat 'n verhouding met Christus selfs belangriker as kos is. Omdat God die bron van die mens se voedsel is, is dit logies dat God belangriker as gewone brood is.
- Net soos in die eerste versoeking hou die duiwel ook in die derde versoeking 'n leuen aan Jesus voor. In die vers-vir-vers-eksegese van Matteus 4:8[158] is daar aangetoon dat die duiwel vir Jesus 'n valse indruk probeer gee van die heerlikheid, prag, eer, mag en rykdom van hierdie aardse koninkryk. Op grond van sy geestelike onderskeidingsvermoë weet Jesus dat die koninkryk wat deur sy Vader aan Hom beloof is, by uitnemendheid beter is. Die geestelike onderskeidingsvermoë word ook duidelik in die herder wat besef dat hy in Christus alleen ware verlossing, veiligheid en vrede vir die skape kan kry. Sy doelwit moet

[157] Kyk *Vers 4 – "n Mens…"* (p. 217) en *"… maar van elke woord wat uit die mond van God kom"* (p. 218).
[158] Kyk *Vers 8 – "Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe…"* (p. 220), *"… wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag…"* (p. 221) en *"… dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid"* (p. 221).

wees om die skape na Christus toe te lei en nie om hulle om hom te vergader vir sy persoonlike gemak en eer nie (vgl. die vers-vir-vers-eksegese van Joh. 10:9[159]).

- Die leier besef dat ware eenheid in 'n gemeente alleen 'n werklikheid kan word wanneer dit vir almal daaroor gaan om Christus te aanbid en te verheerlik. Die vrug van die versoening wat Christus bewerk het, is juis in hierdie eenheid te vinde. Die kerk is één kudde onder die versorging van één Herder.[160]
- In die vers-vir-vers-eksegese van Lukas 22:26[161], Lukas 22:27[162] en Lukas 22:30[163] is daar baie duidelik gestel dat die reëls vir die koninkryk presies die teenoorgestelde is as die reëls van hierdie wêreld. Geestelike onderskeidingsvermoë is daarom nodig om in te sien dat dit in die koninkryk van God só werk dat die belangrikste persoon die een is wat dien en nie soos in die wêreld die een wat gedien word nie.
- Die woordstudie van die woord "versoek"[164] in Matteus 4:1 laat val die klem daarop dat God in beheer is van omstandighede is. Terwyl die Satan Jesus versoek het om ongehoorsaam te wees, het God dieselfde situasie gebruik om Jesus se heiligheid en waardigheid as "Seun van God" aan te toon.

Die geestelike onderskeidingsvermoë van Jesus as leier

Die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingvermoë* figureer soos volg in Jesus se leierskap:

- Jesus kon die versoeking van die duiwel weerstaan omdat Hy die geestelike onderskeidingsvermoë gehad het om tussen tydelike en ewige waardes te onderskei. Sy verhouding met die Vader was vir Hom selfs belangriker as voedsel omdat Hy besef het dat God die bron van alle goeie gawes is. Sonder voedsel kan mens steeds die ewige lewe ontvang, maar sonder God is die mens vir ewig verlore.
- Jesus het die nodige onderskeidingsvermoë gehad om te besef dat daar niks in hierdie wêreld is wat by die uitnemende heerlikheid van die koninkryk van God kom nie. Daarom was Hy ook bereid om sy lewe af te lê sodat sy volgelinge saam met Hom in daardie heerlikheid kan deel.

---

[159] Kyk *Vers 9 – "… as iemand deur My ingaan, sal hy gered word"* (p. 231).
[160] Vgl. *4.4.3.4 Openbaringshistoriese betekenis van Johannes 10:1-21* (p. 235).
[161] Kyk *Vers 26 – "Maar by julle moet dit nie so wees nie"* (p. 240) en *"Die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees…"* (p. 240).
[162] Kyk *Vers 27 – "Wie is die belangrikste…"* (p. 240) en *"Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien"* (p. 241).
[163] Kyk *Vers 30 – "… sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink en op trone kan sit… om te regeer"* (p. 241).
[164] Kyk *4.4.2.3 Woordstudie van Matteus 4:1-11* (p. 212).

- Jesus toon die nodige geestelike onderskeidingsvermoë wanneer Hy sy dissipels leer dat ware eenheid in die kerk alleen moontlik is wanneer die kerk Hom alleen dien. Niemand kan twee base tegelyk dien nie.
- Geestelike onderskeidingsvermoë word ook baie duidelik in Christus se lewe omdat die klem in sy bediening nooit daarop gerig was om gedien te word nie, maar om ander te dien.
- Jesus het nie moedeloos geword toe die duiwel hom met allerhande versoekings probeer verlei het nie, want Hy het die nodige onderskeidingsvermoë gehad om te besef dat God by magte is om selfs daardie versoekings tot sy voordeel te gebruik.

Afgeleide beginsels vir die geestelike onderskeidingsvermoë van die leier

Uit die realisering van die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingsvermoë* in Jesus se leierskap word die volgende beginsels vir die leierskap van die predikant afgelei:

- Die beginsel/norm is dat die leier die geestelike onderskeidingsvermoë moet hê om te besef dat sy verhouding met Christus vir hom selfs belangriker as sy daaglikse voedsel is. Slegs deur 'n innige geloofsverhouding met Christus ontvang hy die ewige lewe.
- Daar is niks op hierdie aarde wat naby die uitnemende heerlikheid van die koninkryk van God kan kom nie en die leier moet die nodige geestelike onderskeidingsvermoë hê om daardie heerlikheid alleen na te jaag. Dan sal die leier sy volgelinge na Christus lei en nie vir eiegewin en gerieflikheid om homself vergader nie, want selfs die eer en lof van mense is gering teen die ewige heerlikheid van God.
- Eenheid kan alleen plaasvind wanneer almal vanuit die verlossing van Christus leef. Die beginsel/norm is daarom dat die verlossing in Christus die leier se fokus moet wees.
- Die leier moet besef dat sy fokus daarop moet wees om ander te dien eerder as om gedien te word. Hy kan daarin slaag deur te sien hoe Christus hom met sy verlossing kom bedien het toe hy nog 'n sondaar was. Hierdie verlossing inspireer hom ook om te wil dien.
- Die leier moet besef dat God by magte is om alles ten goede te laat meewerk vir die wat Hy liefhet. Deur vas te hou aan hierdie beginsel ontvang die leier die nodige geestelike onderskeidingsvermoë om moed te hou deur beproewings heen.

4.4.6.7 Samevatting: Figurering van die leierskapsbegrippe in Jesus se lewe

Net van Jesus kan gesê word dat al ses hierdie leierskapsbegrippe volmaak in sy leierskap gefigureer het. In Hom vind 'n mens die voorbeeld van volmaakte leierskap. Hy is egter meer as net 'n voorbeeld. Hy is ook die oplossing vir elke leier se onvolmaaktheid. In die afdeling hierna sal aangetoon word hoe Christus se verlossingswerk verder in die leierskap van die Nuwe-Testamentiese leier ontvou. Wanneer die leier die verlossingswerk van Christus verstaan, inspireer dit Hom om ook meer soos Christus te word.

4.5 Paulus

Die tweede Nuwe-Testamentiese leier wie se leierskap ondersoek word, is Paulus.

4.5.1 ’n Kort oorsig van die ontwikkeling van Paulus se leierskap

Die ontwikkeling van Paulus se leierskap word onder die volgende hoofde bespreek:

4.5.1.1 Oorsig van Paulus se lewe (p. 256)
4.5.1.2 Paulus, voor sy bekering (p. 258)
4.5.1.3 Paulus ná sy bekering en die eerste sendingreis (p. 258)
4.5.1.4 Paulus se tweede sendingreis (p. 260)
4.5.1.5 Paulus se derde sendingreis en die gevangenskap in Rome (p. 261)

4.5.1.1 Oorsig van Paulus se lewe

Du Toit (1998:35) bied ’n baie nuttige tabel aan waarin die gebeure in Paulus se lewe in chronologiese volgorde aangebied word (kyk *Tabel 5: Chronologie van gebeure in Paulus se lewe – Du Toit (1998)*, p. 257).

In 33/34 n.C. het Paulus op pad na Damaskus tot bekering gekom nadat Christus aan hom verskyn het. Die gevolg daarvan (soos in die chronologie hier bo beskryf) het nie net ’n belangrike omwenteling in Paulus se lewe meegebring nie, maar ook in die lewe van die vroeë kerk; daarom word hierdie gebeure drie keer (Hand. 9, 22 & 26) in die boek Handelinge beskryf (Drane, 2000:282).

Verder is dit uit hierdie chronologiese oorsig van Paulus se lewe duidelik dat hy meer as een keer in die gevangenis was en dat sy lewe uiters moeilik was. Tog was Paulus baie suksesvol om die evangelie tot in Rome te verkondig. Sy inspirerende en lerende briewe word ook deur al die eeue steeds in die kerk van Christus gebruik om gelowiges te bemoedig en te leer.

Samevatting: Oorsig van Paulus se lewe

Hierdie chronologiese oorsig spreek van ’n leier wat ten spyte van sy veelbewoë lewe ’n effektiewe en verantwoordelike leier was.

Tabel 5: Chronologie van gebeure in Paulus se lewe – Du Toit (1998)

Datum	Beskrywing van gebeure
33/34 n.C.	**Paulus se bekering**
± 2½ jaar	Verblyf in die Oos-Jordaangebied
35/36 n.C.	Eerste Jerusalembesoek ná sy bekering
± 10 jaar	Verblyf in Tarsus
46/47 n.C.	Paulus vertrek vanaf Tarsus na Antiogië en werk een jaar daar; Barnabas en Paulus neem geld na die ouderlinge in Jerusalem
48 n.C.	**Eerste sendingreis**
48 n.C.	Paulus bring nog ’n besoek aan Jerusalem en die Apostelkonvent
± Mei 49-April 52	**Tweede sendingreis**
± Julie 50-Maart 52	Korinte-verblyf – Paulus skryf 1 en 2 Tessalonisense
Somer 52-Mei 56	**Derde sendingreis**
Somer 52-Pinkster 55 n.C.	Efese-verblyf – Paulus skryf 1 Korintiërs
Oktober 55	Bly in Masedonië – Paulus skryf 2 Korintiërs
Winter 55-56 n.C.	Verblyf in Korinte – Paulus skryf die Romeine-brief en Galasiërs
Vroeg-April 65 n.C.	Vertrek na Jerusalem
Pinkster 56 n.C.	Gevangeneming in Jerusalem
Junie 56-September 58	Gevangenskap te Sesarea
September 58-Februarie 59	Reis na Rome
Maart 59-61 n.C.	**Eerste gevangenskap te Rome** – Paulus skryf Filippense, Efesiërs, Kolossense en Filemon
61-63 n.C.	Moontlike besoek aan Kreta, Efese, Milete, ens.
Winter 61/62 n.C.	Verblyf in Masedonië – Paulus skryf 1 Timoteus
Herfs 61/62 n.C.	Paulus skryf Titus
Herfs 63 n.C.	**Tweede gevangenskap te Rome** – Paulus skryf 2 Timoteus
64 n.C.	Marteldood in Rome

4.5.1.2 Paulus, voor sy bekering

In Handelinge 22:3 sê Paulus self dat hy in Tarsus in Silisië gebore is maar in Jerusalem grootgeword het. Drane (2000:267) meen dat Paulus heel moontlik tydens sy kinderjare in Tarsus deur gereëlde onderrig in die plaaslike sinagoge aan die tradisie van die Joodse geloof blootgestel is. Drane (2000:267) sê verder:

> "Paul also learned the art of tent making, for all students of the Torah were expected to have a practical trade as well as doing their studies. This skill played a significant part in Paul's mission strategy later in his life, for not only did it enable him to live in financial independence of the churches he founded, but it also gave him an opportunity to share his message in the market place while plying his trade."

Paulus se ouers het besluit dat hy in die wet van Moses onderrig moet word en daarom het hulle hom op vroeë ouderdom na Jerusalem gestuur om onder Gamaliël (Hand. 5:34) te studeer (Drane, 2000:267). As student was Paulus baie suksesvol. Hy sê later dat hy in die Joodse leer bo baie van sy volksgenote uitgestyg het omdat hy 'n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van die voorvaders was (Gal. 1:14).

Hierdie ywer het hom daartoe gedryf dat hy die kerk begin vervolg het. In Handelinge 7 kyk Paulus hoe Stefanus gestenig word en in Handelinge 8:3 word beskryf hoe sy ywer toegeneem het: "Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit." Hierdie vervolging het veroorsaak dat die Christene gevlug (Hand. 8:1) het en een van die stede waarheen hulle gevlug het, was Damaskus. Gevolglik het Paulus besluit om na Damaskus te gaan om die gelowiges daar te gaan vervolg (vgl. Hand. 9:1-4).

Samevatting: Paulus, voor sy bekering

Hierdie agtergrond van Paulus toon dat hy reeds voor sy bekering 'n leier was en in alles wat hy aangepak het, bo sy tydgenote uitgeblink het. Ongelukkig was hy 'n leier in die verkeerde geselskap. Ongetwyfeld is Paulus se leierskap ook deur sy opleiding voor sy bekering gevorm. Net soos in die geval van Moses het God die positiewe aspekte van Paulus se opleiding gebruik tot uitbou van sy koninkryk.

4.5.1.3 Paulus ná sy bekering en die eerste sendingreis

Ná Paulus se bekering op die pad na Damaskus was hy blind en so oorweldig deur die ervaring dat hy vir drie dae niks geëet of gedrink het nie. Die Here het toe vir Ananias na Paulus toe gestuur sodat hy Paulus die hande kon oplê; daarna kon Paulus weer sien en hy is gedoop

(Hand. 9:18). Soos Paulus oorspronklik beplan het, het hy toe na die sinagoges in Damaskus gegaan, maar nou met 'n ander doel. Drane (2000:285) sê:

> "He went straight to the Jewish community, where his arrival was undoubtedly expected. But his message was not what they expected, for instead of denouncing the Christian faith he proclaimed it, and made known his new allegiance to Jesus the Messiah (Acts 9:20–25)."

Dat Paulus die evangelie verkondig het, het meegebring dat die Jode na verloop van tyd saamgesweer het om Paulus om die lewe te bring. Die medegelowiges het Paulus gehelp om deur 'n opening in die stadsmuur te ontsnap deur hom in 'n mandjie te laat afsak. Vanaf Damaskus is Paulus na Jerusalem. Die gelowiges was aanvanklik bang vir hom, maar Barnabas het hom oor Paulus ontferm en hom na die apostels toe gebring. Só het Paulus saam met hulle die evangelie oral in die stad verkondig. Toe die gelowiges agterkom dat die Grieksprekende Jode hom wou vermoor, het hulle hom na Tarsus toe weggestuur.

Na ongeveer tien jaar het die gemeente in Jerusalem besluit om in die nood in Antiogië te voorsien; daarom het hulle Barnabas opdrag gegee om daarheen te gaan om die evangelie te verkondig. Tydens sy werk in Antiogië het Barnabas besluit om na Tarsus toe te gaan om Paulus op te soek. Hy het Paulus na Antiogië saamgeneem en hulle het 'n jaar lank daar in die gemeente gewerk.

Terwyl die profete en leraars van die gemeente in Antiogië op 'n keer saam was, het die Heilige Gees aan hulle die opdrag gegee om Barnabas en Paulus (toe nog Saulus genoem) af te sonder om die werk te doen waarvoor Hy hulle geroep het. Die gemeente het daaroor gebid en gevas, hulle die hande opgelê en laat gaan. So het Paulus se eerste sendingreis begin. Dit was in daardie tyd (volgens Handelinge) dat Paulus se naam sonder enige pertinente aankondiging van Saulus na Paulus verander is (vgl. Hand. 13:7, 9 & 13).

Op hul eerste sendingreis het Paulus en Barnabas van Antiogië af oorgevaar na Siprus, waar hulle eers Seleukië en daarna Pafos besoek het (Hand. 13:4-6). Van daar af het hulle na Perge toe oorgevaar (Hand. 13:13). Van Perge af het hulle na Antiogië in Pisidië gegaan (Hand. 13:14). Daarna het hulle die reis na Ikonium voortgesit (Hand. 14). In Ikonium het die heidene en die Jode saam met hulle leiers oproerig begin raak en omdat hulle Paulus en Barnabas wou stenig, moes die apostels na Listra en Derbe vlug waar hulle die Woord verder verkondig het. Van Derbe af is Paulus en Barnabas op dieselfde pad terug na Listra, Ikonium, Antiogië (in Pisidië) en Perge. Hulle het toe by Attalië aangegaan en vandaar is hulle met 'n skip terug Antiogië toe (Hand. 14:21-28).

Paulus se ondervinding tot op daardie stadium het hom volgens Drane (2000:293) daarvan oortuig dat die heidene wat in Jesus Christus tot geloof gekom het, op grond van hul geloof in Jesus die Christus ten volle in die Christelike gemeenskap opgeneem moet word, sonder enige ander voorwaardes van besnydenis of ander vereistes van die Joodse geloof. Hierdie onderwerp was die hoofbesprekingspunt tydens die vergadering wat in Jerusalem gehou is (vgl. Hand. 15:1-35). Hierdie vergadering het toe besluit dat daar geen verdere las op die heidene wat tot geloof kom, gelê moet word nie.

Samevatting: Paulus ná sy bekering en die eerste sendingreis

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat die aanslag op Paulus se lewe baie fel was tydens sy eerste jare as gelowige. Drie keer was hy in lewensgevaar en moes hy vlug; tog verhinder dit hom nie om die evangelie aan almal te verkondig nie. Hy probeer inteendeel al die hindernisse uit die weg ruim sodat geen voorwaardes van die Joodse geloof die heidene sal verhoed om ten volle in die Christelike gemeenskap opgeneem te kan word nie.

4.5.1.4 Paulus se tweede sendingreis

Die tweede sendingreis van Paulus het met 'n meningsverskil tussen Paulus en Barnabas begin. Barnabas het gevoel dat Johannes weer saam met hulle moet gaan, maar Paulus wou hom nie 'n tweede kans gee nie omdat hy hulle tydens die vorige sendingreis in Pamfilië verlaat het en nie die werk enduit saam met hulle gedoen het nie (vgl. Hand. 15:37-40). Die gevolg van hierdie verskil was dat Barnabas en Johannes saam op 'n sendingreis gegaan het en Silas ingewillig het om saam met Paulus op sy tweede sendingreis te gaan.

Met hierdie sendingreis het Paulus en Silas deur Sirië en Silisië gereis en die gelowiges daar geestelik versterk (Hand. 15:41). Daarna het Paulus-hulle weer die dorpies Derbe, Listra en Ikonium besoek. In Listra het Paulus Timoteus ontmoet. Die gelowiges van Listra en Ikonium het met groot lof oor hom gepraat en daarom het Timoteus verder saam met Paulus en Silas gereis.

Van Ikonium af wou hulle Asië toe gaan, maar die Heilige Gees het hulle verhinder sodat hulle in 'n noordwaartse rigting na Bitinië toe gegaan het. Toe hulle egter op die grens van Misië kom, gereed om Bitinië binne te gaan, het die Gees hulle verhinder om Bitinië toe te gaan en het hulle deur Misië na Troas toe gegaan (Hand. 16:6-10).

Van Troas af het hulle weggevaar na Samotrake, vandaar na Neapolis tot by Filippi. In Filippi het hulle 'n paar dae gebly. Daar het baie mense tot bekering gekom (Hand. 16:14). Paulus en Silas is ook daar gevange geneem en in die tronk gesit. Nadat dit egter bekend geword het dat Paulus 'n Romeinse burger was, het die owerheid besluit om hulle vry te laat.

Van Filippi af het Paulus-hulle deur Amfipolis en Apollonië tot in Tessalonika gereis, waar hulle weer ’n tyd lank gebly het. Paulus het daar met die Jode oor die Woord geredeneer, maar omdat die Jode afgunstig was, het hulle die stad in oproer gebring. Toe dit donker word, het die gelowiges van Tessalonika Paulus en Silas na Berea toe gestuur.

Toe die Jode in Tessalonika hoor dat Paulus in Berea is, het hulle ook daar oproer gaan stook; daarom is Paulus van daar af na Atene (vgl. Hand. 17:10-15), maar Silas en Timoteus het nog in Tessalonika agtergebly.

Terwyl Paulus in Atene vir Silas en Timoteus gewag het, het hy al die afgode in die stad gesien. Daar was ook ’n altaar waarop geskrywe was, “Aan ’n onbekende god”. Hy is na die Areopagus geneem en daar het hy die God wat vir hulle onbekend was deur die verkondiging van die evangelie aan hulle bekend gemaak.

Ná hierdie toespraak het Paulus na Korinte toe gegaan, waar Silas en Timoteus weer by hom aangesluit het. In Korinte het Paulus vir meer as ’n jaar lank gebly.

Saam met Akwila en Priscilla het Paulus na Efese toe gevaar. Daar het hy na die sinagoge toe gegaan om met die Jode te redeneer. Hulle wou gehad het dat hy langer moes bly, maar hy wou nie. Hy het van hulle afskeid geneem en gesê: “As God wil, kom ek na julle toe terug.” Hy het toe na Sesarea vertrek en van daar af het hy die gemeente in Jerusalem gaan groet en toe is hy terug na Antiogië toe.

Samevatting: Tweede sendingreis

In 1 Timoteus 3:6 skryf Paulus dat ’n ouderling nie iemand moet wees wat pas tot geloof gekom het nie. Dit is opvallend dat Paulus se leierskap in die vroeë dae van sy geloofslewe stadig ontwikkel het. Hy het ’n paar opdragte saam met die apostels uitgevoer, maar daarna is hy vir tien jaar Tarsus toe gestuur. Paulus se eerste sendingreis het hy onder die leiding van Barnabas, wat self ’n ervare en goeie geestelike leier was, meegemaak. Op sy tweede sendingreis neem Paulus die leiding, terwyl Silas en later ook Timoteus die reis meegemaak het. Paulus se intieme verhouding met die Here word op hierdie sendingreis bevestig deur sy gehoorsaamheid aan die Gees.

4.5.1.5 Paulus se derde sendingreis en die gevangenskap in Rome

Op Paulus se derde sendingreis het hy eers weer deur Galasië (Hand. 18:23) gereis om Derbe, Listra en Ikonium moontlik weer te besoek. Daarna is hy Frigië toe, waar hy ’n tyd in Efese deurgebring het, soos hy met die vorige sendingreis aan die Efesiërs beloof het.

Nadat hy ’n tyd lank in Asië was, het hy na Masedonië oorgevaar, waar hy die gemeentes vanaf Filippi tot in Berea besoek het (Hand. 20:2). Daarna het hy na Griekeland toe oorgevaar, waar

hy drie maande gebly het. Toe hy van 'n Joodse komplot teen hom te hore kom, het hy besluit om weer deur Masedonië na Troas terug te gaan (Hand. 20:3).

Paulus is toe na Jerusalem toe omdat hy graag op Pinksterdag in Jerusalem wou wees (Hand. 20:16). Jode van die provinsie Asië het Paulus by die tempel gesien en die skare aangehits om in opstand te kom. Die gevolg was dat die Jode Paulus om die lewe wou bring en daarom het 'n Romeinse kommandant ingegryp en vir Paulus na Feliks in Sesarea gestuur (Hand. 23). Daar is Paulus vir 'n lang tyd aangehou totdat hy hom op die keiser beroep het en na Rome gestuur is.

In Rome het Paulus die vergunning gekry om op sy eie te woon met 'n soldaat wat hom bewaak. Baie van Paulus se briewe aan die gemeentes is in hierdie tyd geskryf, onder andere die brief aan die Filippense, waaraan daar besondere aandag in hierdie studie gegee sal word. Paulus het die vergunning geniet om besoekers te ontvang en sodoende het hy die evangelie ook daar uitgedra, in so 'n mate dat die hele keiserlike wag gehoor het van die evangelie van Jesus Christus (Fil. 1:13).

Die res van Paulus se lewe word nie in Handelinge beskryf nie en Drane (2000:365) gee die volgende rede daarvoor:

> "Luke was more interested in recounting the progress of the Christian message, from Jerusalem to Rome, than in the messengers who spread the gospel, which no doubt explains why the story in Acts ends at the point it does."

Op grond daarvan dat Agrippa vir Festus gesê het dat daar geen grond vir Paulus se tronkstraf is nie (Hand. 24:27), meen kenners dat Paulus moontlik in Rome vrygelaat is en toe weer in die tyd van Nero in 64 n.C. gevange geneem en ter dood veroordeel is (Drane, 2000:365).

Samevattend: Derde sendingreis en die gevangenskap in Rome

Paulus se derde sendingreis word gekenmerk deur groot terugslae, vervolging en teenstand wat hy as leier ondervind het. Sy goeie leierskap word daarin geopenbaar dat hy ten spyte van die terugslae steeds geleenthede geskep het om die evangelie te verkondig. Paulus se oë was op Jesus die Christus gevestig en nie eens vervolging of die dood kon hom van koers laat verander nie.

4.5.2 Dieptesnit-eksegese – Filippense 3:1-16

Om vas te stel hoe die leierskap van Paulus daar uitgesien het, word 'n dieptesnit-eksegese van Filippense 3:1-16 onder die volgende opskrifte onderneem:

4.5.2.1 Die plek van die boek Filippense in die Bybel (p. 263)
4.5.2.2 Die plek van die perikoop Filippense 3:1-16 in die boek Filippense (p. 264)

4.5.2.3 Woordstudie (p. 265)
4.5.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Filippense 3:1-16 (p. 266)
4.5.2.5 Openbaringshistoriese betekenis van Filippense 3:1-16 (p. 275)

4.5.2.1 Die plek van die boek Filippense in die Bybel

Roberts (1998:115) groepeer die briewe van Paulus aan die gemeentes in Filippi, Kolosse en Efese én die brief aan Filemon saam op grond daarvan dat hulle almal moontlik ontstaan het in die tyd toe Paulus in die tronk in Rome was. Hierdie briewe word daarom almal aan mekaar verbind omdat hulle moontlik dieselfde outeur het en op dieselfde plek ontstaan het. Die brief aan die Filippense is verder een van die groep van dertien briewe wat deur Paulus geskryf is. Verder speel die boek Handelinge 'n baie belangrike rol om die boek Filippense te verstaan omdat dit nuttige agtergrond bied oor die omstandighede waarin Paulus hom bevind het toe hy die brief geskryf het.

Paulus skryf aan die begin van sy brief aan die gemeente in Filippi dat wat hom oorgekom het die verkondiging van die evangelie bevorder het omdat die hele keiserlike wag besef dat dit ter wille van Christus is dat hy 'n gevangene is (Fil. 1:13). Handelinge 21 tot 28 vertel dat Paulus deur die Jode gevange geneem is, maar dat hulle niks teen hom kon inbring nie (Hand. 26:32). Paulus was nietemin meer as twee jaar (Hand. 24:27) in Sesarea in die tronk. Nadat hy hom op die keiser beroep het, is hy Rome toe gestuur waar hy nog 'n geruime tyd (na bewering tot twee jaar) in die tronk was. Dit is te midde van hierdie omstandighede dat Paulus die gelowiges in Filippi bemoedig deur hulle op die goeie te wys wat uit sy gevangenskap na vore gekom het (Fil. 1:13). Wat die verspreiding van die evangelie in Europa betref, blyk dit uit Handelinge dat Filippi die eerste plek in Europa was wat deur Paulus besoek is.

Verder het Filippense ook raakpunte met die briewe aan die Romeine en Galasiërs ten opsigte van die dwaalleraars (Hawthorne, 2004). Daar was Joodse Christene wat volgens Hawthorne (2004) geleer het dat 'n mens afgesien van die geloof in Christus die Joodse wet moes onderhou, asook die voorskrifte oor kos en drank, en veral die ritueel van die besnydenis. Hierteen het Paulus hom dikwels sterk uitgespreek (vgl. Rom. 16:17-20; Fil. 2:21, 3:2-3, 3:19; Gal. 1:6-7, 2:21; 3:1). Só beklemtoon Paulus se briewe die ontplooiing en betekenis van wat Jesus op aarde kom doen het en wat Hy nou in die hemel vir elke gelowige doen. Christus het die eise en voorskrifte van die wet volkome vervul.

Laastens is die tema van "blydskap" iets wat Filippense met ander dele van die Bybel verbind. MacArthur (2001) sê hieroor:

> "Joy is an important theme, both in Philippians (cf. 1:4, 18, 25; 2:2, 17–18, 28–29; 4:1, 4, 10) and in the rest of the New Testament, where it appears in its noun and verb forms approximately 150 times."

Die geloof in Jesus, die Christus, vul die gelowige onwillekeurig met blydskap. Selfs in moeilike omstandighede kan hy steeds bly wees omdat die verlossing wat hy in Christus ontvang, vir hom die grootste waarde in sy lewe het (vgl. Fil. 3:8; Jak. 1:2-8; 1 Pet. 3-6).

Samevatting: Die plek van die boek Filippense in die Bybel

Die plek van die boek in die Bybel is 'n aanduiding dat Paulus as leier baanbrekerswerk gedoen het met betrekking tot die ontplooiing en betekenis van Jesus se werk op aarde.

4.5.2.2 Die plek van die perikoop Filippense 3:1-16 in die boek Filippense

Hoofstuk 2 sluit af met Paulus wat vir Timoteus én Epafroditos loof vir die onbaatsugtige werk wat hulle in diens van Christus gedoen het. Albei hierdie mans het ander mense se belange bo hulle eie belange gestel en so het hulle 'n voorbeeld van ware Christus-diens geword (Melick, 1991). Met hierdie onbaatsugtige diens in gedagte begin Paulus hoofstuk 3 deur te konsentreer op mense wat presies die teenoorgestelde gesindheid gehad het, naamlik die dwaalleraars! Paulus noem hulle "honde" omdat hulle deur hulle dade mense uitmekaar skeur. MacArthur (2001) verduidelik hierdie beeld soos volg:

> "The apostle's description is fitting. Are dogs unclean and filthy? So are the false teachers. Are dogs vicious and dangerous, and to be avoided? So are the false teachers. So are all those who teach salvation by works."

'n Ware gelowige vind sy blydskap in Christus se werk (vgl. Fil. 3:1 & 8) en nie in sy eie onvolmaakte arbeid nie. Calvyn (1998b) meen dat Paulus die gelowiges in Filippi met hierdie woorde aanmoedig om in die geloof vas te staan sodat hulle hul nie laat ontstel deur valse gerugte nie. Hulle moet vashou aan die leer wat Paulus eenmaal aan hulle geleer het (vgl. Fil. 3:1). Paulus begin hoofstuk vier met 'n aanmoediging om vas te staan en getrou te bly aan die Here. Daarom meen Vosloo en Van Rensburg (1999) dat Filippense 4:2-9 in aansluiting by hoofstuk drie ook verder uitspel wat dit beteken om in die Here vas te staan.

Samevatting: Die plek van die perikoop Filippense 3:1-16 in die boek Filippense

Dit is duidelik dat hierdie perikoop sterk aansluiting vind by die boodskap dat 'n gelowige sy blydskap alleen in Christus se verlossingswerk moet soek en daarom sal hy ook getrou bly aan die Here.

4.5.2.3 Woordstudie

Drie sleutelwoorde is belangrik vir die interpretasie van die perikoop, naamlik χαίρω ("blydskap", "wees bly"), κυνός (" hond") en γινώσκω ("ken"). Laasgenoemde woord is reeds bespreek;[165] die betekenis van die eerste twee woorde word nou ondersoek.

4.5.2.3.1 Vers 1 – χαίρω ("blydskap", "wees bly")

Louw en Nida (1996) gee die volgende definisie vir hierdie woord: "…to enjoy a state of happiness and well-being – to rejoice, to be glad.'" Kittel *et al.* (1985) wys daarop dat die woord in die Ou Testament soos volg gebruik word:

- Die verlossingswerk van God verskaf blydskap.
- Die Woord en wet van die Here maak 'n mens bly.
- Blydskap is ook die beloning van gehoorsaamheid aan die wet.
- Daar is blydskap by troues, wanneer daar geoes word en wanneer daar fees gevier word.
- Deur blydskap in liedere word God aanbid.
- God is self bly oor sy volk.
- Die Ou-Testamentiese blydskap bereik sy hoogtepunt in die toekomsverwagting van 'n Messias wat sal kom.

Richards en Richards (1987) verklaar die Nuwe-Testamentiese gebruik van die woord "blydskap". Hulle meen dat Jesus na twee maniere verwys waarop blydskap in Hom gevind kan word, naamlik deur gehoorsaam te wees aan die Vader se opdrag (Joh. 15:10-11) en deur in gebed jou begeertes aan Hom bekend te maak (Joh. 16:24). Verder is blydskap deel van die vrug van die Heilige Gees. Dit kan dus nie gekoppel word aan materiële besittings nie, maar dit is veel eerder die gevolg van verlossing (vgl. Hand. 16:34).

4.5.2.3.2 Vers 2 – κυνός (" hond")

Louw en Nida (1996) verklaar hierdie woord soos volg:

> "… a particularly bad person, perhaps specifically one who ridicules what is holy… A term for 'dog' may have quite a different connotation than it does in English. For example, to call a person 'a dog' in some languages is to compliment him for his faithfulness, but in other languages it may be merely a way of attributing promiscuous sexual behavior."

---

[165] Vgl. *4.4.3.2 Woordstudie* (p. 226).

Die vergelyking met 'n hond in die Ou Testament word volgens Michel (1964) as 'n belediging en 'n teken van 'n gebrek aan respek gebruik. Hy verwys na Jesaja wat die regeerders van sy tyd met honde vergelyk omdat hulle gierig is en net hulle eie voordeel in alles soek (Jes. 56:10-11). Müller (1992) beweer dat Jesus die woord in die Nuwe Testament ook in so 'n negatiewe sin gebruik. In Matteus 15:26-27 gebruik Jesus die beeld van 'n hond wat die brood van die kinders eet. Hier verwys Hy met die beeld van die honde na die heidene.

4.5.2.3.3 Vers 8 – γινώσκω ("ken")

Soos hierbo aangedui, is die betekenis van hierdie woord reeds bestudeer.

Samevatting van die woordstudie

Daar is heelwat positiewe aspekte wat uit die woordstudie afgelei kan word. Wat "blydskap" betref, is dit opvallend dat die hoogtepunt van blydskap in die toekomsverwagting van die Messias lê. Paulus se lewe getuig ook daarvan dat hy sy blydskap volkome in sy Verlosser grond. Daardie blydskap kan niemand van hom af wegneem nie en daarom kan hy onder alle omstandighede bly wees (Fil. 4:4).

Uit die verduideliking van die Griekse woord vir "hond" is dit duidelik hoe sterk Paulus voel oor die mense wat verkondig dat vryspraak deur goeie werke of uiterlike dinge verkry word. As leier spreek hy hom baie skerp uit teenoor hierdie dwaalleraars.

Ten opsigte van die woord wat met "kennis" vertaal is, wys Paulus in sy hoedanigheid as leier ook hoe belangrik dit is om 'n innige verhouding met Christus te begeer. Paulus het daarna gesmag dat sy verhouding met Christus meer as bloot feitelike kennis moet wees.

4.5.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Filippense 3:1-16

Filippense 3:1-16 handel bo alles oor die verhouding van Paulus met Jesus Christus en dat Christus vir hom alles in sy lewe is.

Vers 1 – "… wees bly in die Here!"

Die dinge wat 'n mens bly en hartseer maak, spreek boekdele van wat werklik vir die mens belangrik is, sê Vosloo en Van Rensburg (1993). Dit gebeur so maklik dat gelowiges se gemoed deur hulle omstandighede beïnvloed word; daarom leer Paulus hier dat die oplossing daarvoor in die blydskap (vgl. die woordstudie[166]) lê wat die gelowige in Christus vind (Lightner, 1985).

[166] Kyk *4.5.2.3 Woordstudie* (p. 265).

Hawthorne (2004) beaam dat Paulus met hierdie woorde die basis van ware blydskap en die sfere waarbinne blydskap funksioneer, identifiseer met die woorde “in die Here”. Christus moet die gelowige se grootste skat wees (vgl. Matt. 6:21) en daarom is Christus die bron van alle ware blydskap (Van Zyl, 1993). Dit is daardie blydskap in Christus wat niks of niemand van die gelowige kan wegneem nie (Joh. 16:22). Daarmee stel Paulus dit van die begin van hierdie hoofstuk af baie duidelik dat die spilpunt van ware blydskap in Christus is en nie in uiterlike dinge nie (vgl. vs. 3).

“Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie…”

Met hierdie woorde word daar gesuggereer dat Paulus al by ’n vorige geleentheid met die gemeente oor dwaalleraars gepraat het en omdat dit vir hom belangrik is, sal hy dit weer doen. Calvyn en Pringle, J. (2010) merk op dat die werk van ’n goeie pastor nie net daaruit bestaan om aan die skape goeie weiding te verskaf nie, maar ook om die wolwe gedurig van die skape af weg te jaag.

Vers 2 – “Pas op vir daardie dwaalleraars…”

Die Griekse woord wat met “dwaalleraars” vertaal is, kan letterlik met “honde” vertaal word. Calvyn en Pringle (2010) verklaar die gebruik van hierdie beeld soos volg: “... for the sake of filling their belly, they assailed true doctrine with their impure barking. Accordingly, it is as though he had said, – impure or profane persons...” Hierdie dwaalleraars is onrein omdat hulle dink dat hulle God se werk doen, maar intussen maak hulle staat op uiterlike dinge soos die besnydenis (Van Zyl, 1993). Hierdie dwaalleraars plaas volgens Müller (1992) hulle hoop op verlossing op hul besnydenis en op hul deeglike wetsonderhouding in plaas van die heilswerk van Christus. Carson *et al.* (1994) vat dit dan raak saam wanneer hulle sê dat dit vir hierdie dwaalleraars daaroor gegaan het om van heidene Jode te maak in plaas van dissipels van Christus.

Vers 3 – “Ons het die ware besnydenis…”

Met hierdie besnydenis verwys Paulus na ’n geestelike besnydenis aangesien die geestelike besnydenis vir die Here van die vroegste tye af die belangrikste was (Melick, 1991) (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:26 e.v.).

“… ons wat God deur Sy Gees dien…”

’n Wettiese benadering tot godsdiens bestaan volgens Jamieson *et al*. (1997) uit handelinge wat gekoppel word aan ’n sekere tyd (byvoorbeeld sekere offers wat op sekere tye moes plaasvind) en plek (die tempel), terwyl ware godsdiens geestelik is omdat dit uit die hart van die mens

voortvloei (Joh. 7:38), 'n hart wat deur die Heilige Gees vernuwe is. Ware godsdiens is nie net aan seker aspekte van die lewe gekoppel nie, maar dit ís die hele lewe (Rom. 12:1).

"… ons wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie"

Oor die stelling maak Vosloo en Van Rensburg (1999) die opmerking:

> "… dit [kan] so maklik gebeur dat mens aan hierdie uiterlike dinge te veel waarde heg, dat jy jou sekerheid, jou geloofsekerheid, aan uiterlike, sigbare dinge koppel. Jou grootste vreugde ervaar jy dan wanneer hierdie uiterlike, sigbare dinge nie verander nie. Maar ook die omgekeerde: jou grootste onsteltenis ervaar jy wanneer sulke dinge wel verander."

Dit is daarom belangrik dat die gelowige nie sy geloofsekerheid in kulturele gebruike moet soek nie, maar in Christus. Wiersbe (1992) ondersteun hierdie stelling: "Paul was religieus before he was saved, but his religion could not save him. He had to lose his religion in order to find eternal life!" Ware godsdiens laat die mens nie sy vertroue op uiterlike dinge plaas nie maar alleen op Jesus die Christus (1 Cor. 1:31; Jer. 9:23-24). In Hom ontdek die gelowige wat ware vreugde is.

Vers 4 – "Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou"

MacArthur (2001) meen dat Paulus vanaf vers vier tot elf iets meedeel van die verandering wat in sy lewe plaasgevind het ná sy persoonlike ontmoeting met Jesus, die Christus (vgl. Hand. 9:1-9). Dit was 'n ontmoeting wat hom van die mees gevreesde vervolger van die kerk (Hand. 9:13-14) laat verander het in die mees geliefde apostel.

Vers 5

Hierdie agtergrond wat Paulus gee, kan verdeel word in twee kategorieë, naamlik die dinge wat hy oorgeërf het (die eerste drie) en die dinge waarvoor hy gewerk het (die laaste vier) (MacArthur, 2001; Melick, 1991).

"… ek is op die agste dag besny…"

Paulus se besnydenis is die eerste ding wat hy opnoem waaroor hy rede het om op te kan roem. Hawthorne (2004) meen dat die besnydenis op die agste dag die grootste trots vir 'n Jood was omdat dit streng volgens die voorskrifte van die Mosaïese wet was (vgl. Lev. 12:3).

"… van geboorte 'n Israeliet…"

Paulus se geboorte as Israeliet is volgens MacArthur (2001) belangrik omdat dit daarop dui dat hy deel was van God se uitverkore volk waarvan die Here self gesê het: "Ek het net vir julle uitgekies uit al die volke van die aarde…" (Am. 3:2). Dit maak dat Paulus soveel te meer

geregtig was op al die voordele van die volk van God. Hy was immers van sy geboorte af deel van die volk en nie net bloot op grond van sy bekering nie (Hawthorne, 2004).

"… uit die stam Benjamin…"

Uit die verskillende kommentare (Hawthorne, 2004; MacArthur, 2001; Robertson, 1933; Vincent, 1887) is daar tot tien verskillende redes hoekom Paulus rede het om hierop te roem. Enkele van hierdie redes is dat van al die kinders van Jakob is dit net Benjamin wat in die beloofde land gebore is. Baie mense met hoë aansien in die volk se geskiedenis is uit hierdie stam gebore, byvoorbeeld die eerste koning van Israel (1 Sam. 9:1-2) en Mordegai, wat daartoe bygedra het dat Israel van totale uitwissing gered is (vgl. Ester). Boonop was die heilige stad, Jerusalem, en die tempel geleë binne die grense wat aan Benjamin toegeken is.

"… 'n egte Hebreër…"

Met hierdie woorde wys Paulus heel moontlik daarop dat hy die volkstaal kon praat, naamlik Hebreeus (Hand. 22:2). Hy is dus op 'n eg Joodse leefwyse opgevoed (Hawthorne, 2004).

"… in wetsopvatting was ek 'n Fariseër…"

Die Fariseërs is gekenmerk deur hul liefde vir die wet en hul streng interpretasie en toepassing daarvan (Melick, 1991). MacArthur (2001) skryf: "To be a Pharisee was to be a member of an elite, influential, and highly respected group of men who fastidiously lived to know, interpret, guard, and obey the Law." Hierdie wet wat hulle so getrou nagekom het, was deur die rabbi's van die tyd geskryf en saamgestel. Volgens hulle het hulle dit op die wet van Moses gebaseer, maar hulle het dit verdraai om hulle te pas; daarom het Jesus die Fariseërs by geleentheid ook op hulle skynheiligheid gewys (vgl. Matt. 15:1-9).

Vers 6 – "… in my ywer 'n vervolger van die kerk…"

Volgens Melick (1991) is 'n Joodse man se toegewydheid aan God in die eerste eeu v.C. gemeet aan die manier hoe hulle ander gelowe teengestaan het. Deurdat Paulus die kerk vervolg het, het hy sy liefde vir sy godsdiens en die volk bewys. Hawthorne (2004) wys op die ironie wat Paulus met die Griekse woorde beklemtoon. Die Griekse woord ἐkkλησία ("kerk") word ook in die Ou Testament gebruik om na die volk Israel te verwys, veral toe die volk as 'n vergadering by Sinai, waar die verbond gesluit is, bymekaargekom het. Terwyl hy hom dus beywer het om die kerk suiwer te hou, het hy eintlik die kerk vervolg. So gebeur dit tot vandag toe dat kerkleiers in hulle ywer vir die kerk vervolgers van die kerk word omdat hulle Christus nog nie ken nie (vgl. Fil. 3:7-10).

"… in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik"

Hier gaan dit daaroor dat Paulus nooit daarvan beskuldig kon word dat hy enige van die wette wat deur die rabbi's gemaak is, oortree het nie (Robertson, 1933). In die publiek se oë was hy sonder blaam (Melick, 1991). Nadat hy Christus egter ontmoet het, verander sy selfbeskouing (vgl. Fil. 3:12; Rom. 7:7-12). Die gelowige se kliphart word verwyder (Eseg. 11:19; Rom. 2:29) sodat hy kan insien dat dit vir God oor meer gaan as om bloot uiterlike reëls en voorskrifte na te kom.

Vers 7 – "Wat eers vir my 'n bate was"

Calvyn en Pringle, J. (2010) wys daarop dat 'n persoon wat hoogmoedig is, heel waarskynlik geen intieme verhouding met Christus het nie. Hulle sê:

> "Hence, where we see a false estimate of one's own excellence, where we see arrogance, where we see pride, there let us be assured that Christ is not known. On the other hand, so soon as Christ shines forth, all those things that formerly dazzled our eyes with a false splendour instantly vanish, or at least are disesteemed."

Al waarop 'n gelowige wil roem, is op Christus wat alles vir hom gedoen het (vgl. Rom. 3:27; 1 Kor. 1:29-31)

"… beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus…"

Dit is asof Paulus hier 'n inkomste- en uitgawestaat van sy lewe opstel (MacArthur, 2001). Dinge wat hy vroeër as waardevol beskou het, beskou hy ná sy ontmoeting met Christus nou in 'n ander lig. Hy bereken daardie dinge nou as 'n verlies of uitgawe, want niks is vir hom nou so waardevol soos Christus nie; daarom is sy grootste begeerte 'n verhouding met Hom (vgl. vs. 10).

Vers 8 – "Ter wille van Hom het ek alles prysgegee…"

Volgens Calvyn en Pringle, J. (2010) beskryf hierdie woorde die houding van seemanne wat in die middel van 'n storm besluit om alles oorboord te gooi om te verhoed dat hulle skipbreuk ly. Hierdie "goeie lewe" wat Paulus as Fariseër gehad het, beskou hy nou as verwerplik in die lig van sy lewe in Christus. Soos die bagasie wat 'n bedreiging vir 'n seeman se lewe inhou en daarom eerder weggegooi word, so voel Paulus nou oor die dinge wat hy vroeër as 'n bate beskou het, maar nou as 'n gevaar vir sy lewe (Müller, 1992).

In die lewe van die gelowige mag niks so belangrik soos Christus wees nie. Daardie dinge wat belangriker as Christus word, moet oorboord gegooi word. Paulus het dit prakties gedoen toe hy ter wille van Christus sekerlik ook familiebande, vriendskap en sy eer as Fariseër moes prysgee

(Vosloo & Van Rensburg, 1993). Terselfdertyd skryf Wiersbe (1996) dat Paulus se woorde dat hy al hierdie dinge prysgegee het nie beteken dat hy niks meer daarmee te doen wou hê nie:

> "Becoming a Christian did not make him less a Jew. In fact, it made him a completed Jew, a true child of Abraham both spiritually and physically (Gal. 3:6-9). Nor did he lower his standards of morality because he saw the shallowness of pharisaical religion. He accepted the higher standard of living – conformity to Jesus Christ (Rom. 12:1–2). When a person becomes a Christian, God takes away the bad, but He also takes the good and makes it better."

"… en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry…"

Calvyn en Pringle, J. (2010) voel sterk daaroor dat 'n gelowige alles moet verwerp wat verhinder dat hy sy verlossing in Christus alleen soek; deur Christus as bate te verkry, is dit asof hy niks verloor het nie. Alles wat die gelowige nodig het, ontvang hy in Christus. Om hierdie rede het Paulus alles wat vir hom vroeër 'n bate was, opgegee sodat hy dit kan kry wat werklik van waarde is, naamlik Christus self en nie net bloot die guns van Christus nie (Hawthorne, 2004).

Vers 9 – "… en een met Hom kan wees…"

Met hierdie woorde word die innige geloofsverbintenis wat daar tussen die gelowige en Christus is, beklemtoon (Müller, 1992). Dit is in hierdie eenheid wat die gelowige deel kry aan al die weldade van Christus en daarom kan elke gelowige saam met Paulus sê:

> "… en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." (Gal. 2:20)

In aansluiting hierby skryf Melick (1991) dat om in Christus te wees, beteken om eerder met God se regverdigheid beklee te wees as jou eie. Dit laat mens dink aan die gelykenis wat Jesus van die bruilof vertel het (Matt. 22). Die koning het aan elkeen van die gaste 'n kleed gegee om aan te trek en die een wat nie daardie kleed wou aantrek nie, is in die diepste duisternis uitgegooi.

"… vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo"

Calvyn en Pringle, J. (2010) wys daarop dat Paulus hier van twee tipes vryspraak praat. Die eerste tipe is afhanklik van die mens omdat hy dit ontvang op grond daarvan dat hy die wet onderhou. Die ander vryspraak kom van God en word verkry deur geloof in Christus. Hierdie twee tipes vryspraak staan lynreg teenoor mekaar.

Paulus ken al twee hierdie weë omdat hy ook eers deur wetsonderhouding probeer het om sy vryspraak te verkry. Daarom sê MacArthur (2001) dat Paulus, al het hy sy uiterste bes probeer, steeds heeltemal tekortgeskiet het (Rom. 3:23). Die las om deur eie dade vryspraak te ontvang, is net te groot vir die mens om te dra (vgl. Hand. 15:10). Buitendien lei dit altyd tot hoogmoed en daarom sê Hawthorne (2004): "The trouble with a righteousness based on what a person can do is that it is always self-righteousness (cf. Rom 10:1-3), providing a basis for self-boasting."

Vosloo en Van Rensburg (1999) pas dit prakties toe deur te sê dat wanneer 'n persoon voor die regterstoel van God staan en hy beroep hom op die eerste tipe vryspraak, sal hy alle prysenswaardige dade in sy lewe moet opnoem, maar hy sal weet dat selfs sy beste dade soos vuil klere voor die Here is (vgl. Jes. 64:6). Indien 'n persoon egter voor die regterstoel van God staan en hom op die tweede tipe vryspraak beroep, hoef hy nie op te noem wat hy gedoen het nie. Hy hoef slegs te noem wat Christus vir hom gedoen het. Christus het die volle prys vir die gelowige se sonde betaal. Daarom sê Paulus: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees" (2 Kor. 5:21).

Vers 10 – "Al wat ek wens, is om Christus te ken…"

In die woordstudie van γινώσκω ("ken)[167] is daar gesê dat kennis op 'n persoonlik en intieme verhouding met Christus wys. Dit is daardie kennis wat die ewige lewe gee (vgl. Joh. 17:3). Wiersbe (1996) wys daarop dat Paulus voor sy bekering net 'n stel reëls gehad het wat hy moes ken en navolg. Ná sy bekering het sy verhouding met God drasties verander, want hy het 'n vriend en konstante metgesel gekry. Hierdie kennis is daarom baie meer as 'n bloot intellektuele kennis van die feite oor Christus. Daarom sê Jesus vir sy dissipels:

> "Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree." (Matt. 9:22-23)

Hierdie kennis wys daarop dat Jesus eksperimenteel of deur middel van ondervinding geken moet word deur persoonlike betrokkenheid (Hawthorne, 2004). Hierdie eksperimentele belewenis/kennis van Christus word verder deur Paulus omskryf met die uitdrukkings "die krag

[167] Kyk *4.4.3.2 Woordstudie* (p. 226).

van sy opstanding ondervind", "deel hê aan sy lyding" en "gelyk word in sy dood" (MacArthur, 2001). Deur so een met Christus te word, leer die gelowige Christus ken.

"… die krag van sy opstanding te ondervind…"

Hier gaan dit daaroor dat Paulus die vernuwende krag van Christus se opstanding wil ondervind (Müller, 1992). Dit is 'n krag wat lewens verander soos Paulus se lewe op pad na Damaskus verander het. Paulus het geweet dat daar geen krag in die wet is nie en net so het hy ook nie die nodige krag in hom om die sonde in hom te oorwin nie. Omdat hy Christus egter ken, het hy die Heilige Gees ontvang wat aan hom dieselfde krag gee wat die Gees in werking gestel het om Jesus uit die dood op te wek (MacArthur, 2001). Paulus bid dus dat die gemeente in Efese hierdie krag mag ontvang:

> "Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet… hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het…" (Ef. 1:18-20).

"… en deel te hê aan sy lyding…"

Die deelname aan Christus se lyding sluit alle moontlike lyding van die gelowige in, van geestelike lyding tot liggaamlike lyding (Müller, 1992). MacArthur (2001) verduidelik:

> "The deepest moments of spiritual fellowship with the living Christ are at times of intense suffering; suffering drives believers to Him. They find in Him a merciful High Priest, a faithful friend who feels their pain, and a sympathetic companion who faced all the trials and temptations that they face."

Wiersbe (1996) meen dat 'n gelowige na mate hy in sy kennis van Christus groei, al meer onder die aanval van die vyande van Christus kom (vgl. Fil. 3:18). Paulus troos egter ook met die hoop: "Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid" (Rom. 8:17). Slegs wanneer die gelowige bereid is om aan Christus se lyding deel te hê, kan hy ook verwag om aan sy heerlikheid deel te hê.

Vers 11 – "… in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood"

Omdat Christus uit die dood opgestaan het en daarna verheerlik is, kan elke gelowige ook met verwagting daarna uitsien om deel te hê aan die heerlikheid van Christus (vgl. Openb. 22:1-7) (Vosloo & Van Rensburg, 1993). Weens die gelowige se eenheid met Christus (vgl. Fil. 3:9) is dit asof hy saam met Christus gely, gesterf en opgestaan het (vgl. 2 Kor. 4:10; Gal. 2:19).

Vers 12 – "… maar ek span my in om dit alles myne te maak…"

Hawthorne (2004) meen dat hierdie woorde herinner aan 'n wedloop waarin die atleet hom na die wenstreep uitstrek om die oorwinning te behaal. Net so strek Paulus hom uit sodat sy kennis van Christus steeds sal toeneem totdat hy aan die einde die oorwinnaarskroon sal ontvang (vgl. 2 Tim. 4:8).

"… omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het"

Die heerlikheid van regverdigmaking word in hierdie woorde saamgevat. Daarom sê Henry (1994) dat die gelowige se blydskap in verlossing juis daarin lê dat Christus die eerste tree tot versoening gegee het. Paulus stel dit eksplisiet: "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

Vers 13 – "… ek maak my los van wat agter is…"

Hierdie losmaak van wat agter is, hou volgens Müller (1992) alles in wat Paulus se aandag van sy doel aftrek (vs. 12) – van die teleurstelings en aanvegtings (negatiewe), tot die oorwinnings (positiewe) wat kan lei tot selfverheffing of 'n houding dat jy reeds die doel bereik het. Die enigste mikpunt moet wees om Christus te ontvang. Jesus leer dus dat die een wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, nie vir die koninkryk geskik is nie (Luk. 9:62).

Vers 14 "Ek span my in…"

Die Griekse woord vir hierdie uitdrukking is dikwels gebruik om 'n jagter te beskryf wat sy prooi bekruip (Wiersbe, 1996). Louw en Nida (1996) definieer die woord soos volg: "To follow with haste, and presumably with intensity of effort, in order to catch up with, for friendly or hostile purpose." Paulus gebruik dieselfde woord in vers 6 om te verduidelik hoedat hy die kerk vervolg het. In stede daarvan om die kerk te vervolg, span Paulus nou al sy krag in om Christus in sy volheid te leer ken.

Vers 15 – "Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê"

Baie gelowiges meen dat hulle reeds geestelik volwasse is en daarom reeds die eindpunt in hulle geloofslewe en -groei bereik het; daarom moedig Paulus die gelowiges in Filippi met hierdie woorde aan om na die regte gesindheid te streef (Hawthorne, 2004). Wiersbe (1996) vat dit nog 'n stappie verder en sê dat Christene dikwels voel of hulle die eindpunt bereik het omdat hulle hul aan ander meet wat gewoonlik nie baie vordering maak nie. Melick (1991) wys in teenstelling daarmee op Paulus wat drie keer sy eie onvolmaaktheid met die woorde beklemtoon: "Ek sê nie dat ek dit alles al het nie…" (vs. 12); "… ek verbeel my nie dat ek dit

alles al het nie" (vs. 13); "Ons almal… moet hierdie gesindheid hê" (vs. 15). Vroeër het Paulus hom met ander vergelyk (vgl. vs. 3-6), maar ná sy ontmoeting met Christus weet hy dat God net met volmaaktheid tevrede is (Matt. 5:48) en geen mens kan dit in hierdie lewe bereik nie.

Tydens ons aardse lewe moet ons ons voortdurend inspan omdat die voleinding eers in Christus sal wees. Wanneer die gelowige nie sy eie tekort raaksien nie, sal dit ongetwyfeld tot geestelike hoogmoed lei (vgl. die vers-vir-vers-eksegese van vs. 7[168]) (Wiersbe, 1996).

"God sal ook hierin aan julle die regte insig gee"

Met hierdie woorde getuig Paulus van sy eie onvermoë om die gelowiges van hierdie waarheid te oortuig omdat hy weet dat alleen God 'n mens se oë kan verlig (vgl. Ef. 1:18) om hierdie waarheid te kan verstaan (Hawthorne, 2004).

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:1-16

Talle aspekte van Paulus se verhouding met Christus kom in die vers-vir-vers-eksegese na vore. Die openbaringshistoriese betekenis van sy verhouding sal in die volgende afdeling en in die ondersoek na die figurering van die leierskapbegrippe in Paulus se leierskap[169] verwerk word.

4.5.2.5 Openbaringshistoriese betekenis van Filippense 3:1-16

'n Aantal openbaringshistoriese waarhede kom sterk na vore in hierdie gedeelte.

4.5.2.5.1 'n Leier kan nie hoogmoedig wees nie

In hierdie gedeelte wys Paulus die gelowige op die gevaar van godsdiensbeoefening. Godsdiens kan 'n mens hoogmoedig maak. Paulus sê daarom in vers 4 van Filippense 3: "As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer…" Hierna noem Paulus dan al die uiterlike dinge waarop hy vertrou het voordat hy tot bekering gekom het. Dit is opvallend dat die laaste vier voortreflikhede wat Paulus noem, alles dinge is waarvoor hy self gewerk het:

1. *'n Hebreër:* Hy was byvoorbeeld 'n Hebreër. Paulus het grootgeword in Tarsus wat 'n Griekssprekende gebied was. Heel moontlik was dit vir hom 'n groot inspanning om in 'n Griekssprekende omgewing en kultuur Hebreeus te praat en die Hebreeuse tradisies na te volg.

---

[168] Kyk *Vers 7 – "Wat eers vir my 'n bate was"* (p. 270) en *"… beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus…"* (p. 270).
[169] Kyk *4.5.4 Samevatting: Eksegese van gedeeltes oor Paulus se leierskap (*p. 289).

2. *'n Fariseër*: In wetsopvatting was hy 'n Fariseër. Wat kenmerkend van die Fariseërs was, is hulle liefde vir die wet. Hulle het die wet met baie ywer konsekwent toegepas.
3. *'n Vervolger van die kerk:* In sy ywer was hy 'n vervolger van die kerk. 'n Joodse man se toegewydheid aan God in die eerste eeu v.C. is gemeet aan die manier waarop hy ander gelowe teengestaan het. Deurdat Paulus die kerk vervolg het, het hy sy liefde vir sy godsdiens en die volk bewys.
4. *'n Onderhouer van die wet van Moses:* In die onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, was hy onberispelik.

In hierdie dinge wat Paulus opnoem, wys hy daarop dat hy baie redes het om op sy eie prestasies te roem. Dit is egter juis wanneer 'n persoon op sy eie prestasies roem dat dit hom onvermydelik hoogmoedig maak.

Godsdiens kan 'n persoon daartoe bring om te dink dat hy 'n voortreflike mens is omdat hy al die reëls nakom en dat 'n ander mens sondig is omdat hy dit nie nakom nie. Dieselfde hoogmoed kry mens by die Fariseërs wat vir Jesus se dissipels in Markus 2:16 vra: "Waarom eet Hy saam met tollenaars en sondaars?" Die Fariseërs was nie bereid om met tollenaars en sondaars te meng nie omdat hulle gedink het dat hul geestelike toestand beter was as dié van die tollenaars en sondaars. Jesus is aan die ander kant heilig en sonder sonde. Hy het dus baie meer rede gehad om nie met tollenaars en sondaars te meng nie en tog het Hy dit gedoen. Hy wys die Fariseërs daarop dat Hy juis vir die siekes gekom het om hulle gesond te maak (Matt. 9:12).

Dit is hierdie gesindheid van Jesus wat nou verder in Paulus se leierskap ontvou word. Voordat Paulus tot bekering gekom het, was hy 'n Fariseër (vgl. Fil. 3:5). Paulus het gedink dat sy vryspraak van uiterlike godsdiensbeoefening afhang (vgl. Fil. 3:6) en daarom het hy sy lewe daaraan toegewy om die Mosaïese wette te onderhou. Hy het gedink dat hy vryspraak sou verdien deur sy gehoorsaamheid aan al die uiterlike godsdienstige reëls. Sy toegewydheid en sukses as Fariseër moet hom ongetwyfeld laat neerkyk het op mense wat nie so godsdienstig en ywerig soos hy was nie.

Toe Paulus tot bekering kom, het alles verander. Hy sê in Filippense 3:7: "Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde." Die godsdiens wat Paulus voor sy bekering beoefen het, werk van buite af binne toe. Paulus was gehoorsaam en het hom met ywer aan die saak van die Here gewy (buite); daarom het hy waarskynlik gereken dat die Here hom moet seën deur by hom te wees, hom suksesvol te maak en die ewige lewe te gee (binne). Hy het waarskynlik ook gedink dat hy dit verdien omdat hy hard daarvoor gewerk het. Die evangelie werk egter van binne af buite toe. God het die gelowige baie lief en daarom het Hy hom reeds geseën met al die ryke seëninge in Christus.

Die gelowige is verlos sonder dat hy enigiets hoef te doen (binne). Omdat God die gelowige so heerlik geseën het, wil hy toegewyd aan God leef (buite). Die groot verskil tussen hierdie twee benaderings is dat die persoon wat uiterlik godsdienstig leef, gehoorsaam is sodat God hom kan seën. Sy motivering is dat God hom sal seën. Hy soek gesondheid, rykdom en die ewige lewe op grond van sy godsdiensbeoefening.

Die opregte gelowige is gehoorsaam omdat hy God se skoonheid, heerlikheid en liefde gesien het. Hy is nie gehoorsaam om iets te kry nie, want hy het reeds alles gekry wat hy in Christus nodig het. Omdat 'n gelowige reeds alles ontvang het, is sy groot begeerte om by God te wees, Hom te ken en Hom te dien (vgl. Fil. 3:10). Dit is hierdie benadering tot die verlossing van Jesus Christus wat die hoogmoed in Paulus se lewe vernietig het. Die evangelie het hom geleer dat hy net so sondig soos enige ander persoon is (vgl. 1 Tim. 1:15). Die sonde plaas almal op dieselfde vlak voor Christus en daarom is daar geen plek vir hoogmoed in die ware evangelie nie.

Samevattende afleiding: Geen hoogmoed nie

Die evangelie het meegebring dat Paulus as 'n leier almal (sondaars, Jood en Griek, arm en ryk) met nederigheid kon dien.

4.5.2.5.2 'n Leier se lewe moet getuig van sy verhouding met Christus

Voor Paulus se bekering het hy op uiterlike dinge vertrou en daarom het hy uiterlike godsdienstige waardes nagestreef. Sy waarde as mens is bepaal deur sy eg Joodse afkoms en sy prestasies op godsdienstige terrein. Ná sy bekering is sy grootste begeerte om Christus as wins te ontvang. Paulus se hele lewe het drasties verander om by hierdie begeerte aan te pas. In Filippense 3:8-11 word aangedui hoe die verlossingswerk van Christus Paulus se leierskap op vyf maniere verryk het.

Eerste wins deur die werk van Christus: Kennis (vs. 8)

Dit is opvallend dat Paulus die Griekse woord γινώσκω ("ken") gebruik. Soos in die studie van die woord[170] aangedui is, is die kennis waarna hier verwys word, meer as 'n bloot intellektuele bewustheid. Hierdie woord beskryf die diep en innige liefdesverhouding tussen 'n man en vrou wat met mekaar gemeenskap het. Hulle ken mekaar innig, diep. Hierdie kennis is daarom nie bloot net om te weet wie Jesus is nie, maar dit gaan oor 'n intieme, persoonlike verhouding met Hom. Jesus wys sy dissipels daarop in Matteus 7:22-23:

---

[170] Kyk *4.4.3.2 Woordstudie – Samevatting*: γινώσκω *("ken")* (p. 228).

> “Baie sal daardie dag vir My sê: ‘Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?’ Dan sal Ek openlik vir hulle sê: ‘Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.’”

Hierdie gedeelte beklemtoon dat ’n persoon van Christus kan weet en selfs oor hom kan preek, maar Hom steeds nie ken nie. Ware kennis lei tot ’n innige verhouding met Christus en die gevolg van daardie kennis is die ewige lewe wat ontvang word. Jesus leer dieselfde aan sy dissipels in Johannes 17:3: “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.” Nie deur jou ras, jou geld, jou prestasies of enigiets wat jy doen, kan jy die ewige lewe ontvang nie. Slegs deur die intieme band van die eiesoortige kennis van Christus ontvang jy hierdie wins.

Tweede wins deur die werk van Christus: Vryspraak (vs. 9)

In hierdie geval is dit belangrik om in te sien dat die persoon vir wie hierdie wêreld sy wins is, alles in sy vermoë sal doen om te bewys dat hy ’n beloning verdien. Voor Paulus se bekering het hy presies op hierdie manier opgetree en daarom het hy selfs so ver gegaan om die kerk van Christus te vervolg. Ná Paulus se bekering het hy besef dat daar niks is wat hy kan doen om vrygespreek te word nie omdat hy ’n gebroke mens is. Christus het alles gedoen en dit is deur ’n vaste geloof in Hom dat ook Paulus deel kry aan die heerlikheid van Christus. Die klem verskuif dus van die persoon wat die eerste probeer wees, na Christus wat alleen die eerste is. Hy alleen is volmaak. Hy was volkome gehoorsaam aan die wil van God en deur die geloof in Hom word ook Paulus vrygespreek. Hy word saam met Christus die eerste.

Derde wins deur die werk van Christus: Krag (vs. 10)

Paulus sê in vers 10 dat hy alles sal verruil om die krag van Jesus Christus se opstanding te mag ondervind. In geeneen van Christus se werke op aarde is daar soveel krag geopenbaar soos in sy opstanding nie. Dat Hy uit die dood opgestaan het, het getoon dat Hy mag oor die fisiese sowel as die geestelike wêreld het. Dit is hierdie selfde opstandingskrag wat Paulus gered het. Die dag toe hy sy sonde kon afsterf en kon opstaan in ’n nuwe lewe wat hy aan Jesus Christus toegewy het, het hy hierdie krag ondervind. Die krag van Christus het meegebring dat Paulus versoekings kon oorkom, Christus kon dien, kon opkom vir sy geloof ten koste van homself en eendag ook uit die dood sal kan opstaan om die sonde finaal te oorwin. Dit is hierdie krag van Christus wat Paulus as wins verkry het omdat Christus sy enigste bate was.

Vierde wins deur die werk van Christus: Gemeenskap in sy lyding (vs. 10)

Dat Paulus deel wou hê aan Christus se lyding sal vir die wêreld onverklaarbaar wees, maar vir elke gelowige hou lyding groot troos in. Omdat Paulus Christus geken het, het hy die diepste, intiemste gemeenskap met Christus in sy lyding ervaar (MacArthur, 2001). Die rede daarvoor is dat Paulus in Christus die genadige en barmhartige Hoëpriester gevind het. Hebreërs 4:15-16 lui soos volg:

> "Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."

Die wonderlike wat Paulus in sy lyding kon ervaar, was dat hy 'n metgesel gehad het, iemand wat reeds deur soortgelyke maar ook baie erger lyding gegaan het. Christus het inteendeel alleen deur die angs van Godverlatenheid gegaan sodat Paulus nooit in sy lyding sonder Christus sou wees nie. Selfs in sy diepste lyding was Christus steeds by hom en daarom kon hy as gelowige 'n diep gemeenskap met Christus in sy lyding hê.

Vyfde wins deur die werk van Christus: Ewige heerlikheid (vs. 11)

Paulus praat hier van daardie oomblik wat Jesus Christus op die wolke sal kom en die gelowiges uit die dood sal opstaan. Die is die dag wanneer die gelowiges 'n verheerlikte liggaam sal kry. In vers 21 beskryf hy daardie moment soos volg: "Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees." Paulus het daarom vanuit die hoop geleef dat hy saam met Christus ook eendag verheerlik sal word.

Samevatting: Die leier se getuienis van die verhouding met Jesus Christus

Die vyf dinge wat daartoe bygedra het dat Paulus as leier van die kerk sy lewe totaal kon verander, is die volgende:

- Paulus het Christus so goed leer ken dat sy verhouding met Hom in innigheid toegeneem het.
- Hy het geleef vanuit die waarheid dat hy reeds in Christus vrygespreek is. Daarvan was hy seker.
- Die krag van Christus se opstanding het in sy lewe sigbaar geword deur sy lewe wat verander het. Dit was 'n lewe van gehoorsaamheid aan God en nie aan mensgemaakte wette nie.

- In die lyding wat Paulus deur sy lewe moes verduur, het hy ’n innige gemeenskap met Christus kon ervaar.
- Hy het geleef vanuit die hoop dat hy ook die ewige heerlikheid sal ontvang.

4.5.3 Oorsigtelike eksegese – Filippense 1:12-26

Die volgende perikoop wat bestudeer word om vas te stel hoe die leierskap van Paulus daar uitgesien het, is Filippense 1:12-26. Dit word onder die volgende opskrifte gedoen:

4.5.3.1 Die plek van Filippense 1:12-26 in die boek Filippense (p. 280)
4.5.3.2 Vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-26 (p. 281)
4.5.3.3 Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop (p. 288)

4.5.3.1 Die plek van Filippense 1:12-26 in die boek Filippense

Paulus begin hierdie brief (Fil. 1:1-11) aan die gemeente in Filippi met die gebruiklike inleidende deel wat bestaan uit ’n groet, ’n woord van dank en ’n gebed (Hawthorne, 2004). Ná hierdie inleidende deel volg die eerste hoofafdeling van die brief. Wat die eerste hoofafdeling so besonders maak, is dat Paulus aan die gemeente iets meedeel van wat met Hom as gelowige gebeur het en hoe hy daardie gebeure interpreteer in die lig van Christus se verlossing. Deur Christus was Paulus in staat om selfs in die moeilike omstandighede waarin hy homself bevind het, blydskap te ervaar. MacArthur (2001) wys daarop dat hy met blydskap gevul is te midde daarvan dat hy in boeie was, want Christus se saak is bevorder (vs. 12-14); hy was bly te midde van teenstanders, want Christus is steeds verkondig (vs. 15-18); hy was bly in die midde daarvan dat hy die dood in die gesig gestaar het, want niks kon hom van Christus skei nie (vs. 19-21); en hy was bly te midde daarvan dat hy nog in die vlees was en daarom die pyn van hierdie lewe ervaar het, want terwyl hy geleef het, het hy die geleentheid gehad om die kerk van Christus in hul geloof te versterk.

Nadat Paulus in Filippense 1:12-26 aan die gemeente beskryf het wat sy omstandighede inhou, rig hy verskillende oproepe aan hulle. Vosloo en Van Rensburg (1999) beskryf elkeen van hierdie oproepe soos volg: ’n oproep tot volharding (1:27-30), ’n oproep tot eensgesindheid (2:1-11) en ’n oproep om as verloste mense te lewe (2:12-18).

Samevatting: Die plek van Filippense 1:12-26 in die boek Filippense

Die perikoop volg op ’n gedeelte wat die lyding van Paulus as ’n leier in die sondige wêreld beskryf, maar dit steek nie vas in die lyding nie. Die blydskap van Paulus in sy verhouding met Christus lei hom daartoe dat hy in die gedeelte wat op die perikoop volg die gemeente aanmoedig om in alle omstandighede in hulle geloof te volhard.

4.5.3.2 Vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-26

Die doel van die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-26 is om vas te stel hoe Paulus te midde van sy lyding as leier opgetree het en wat hom in sy optrede gemotiveer het.

Vers 12 – "… dat wat my oorgekom het…"

Met hierdie algemene stelling verwys Paulus na alles wat met hom gebeur het vanaf die twee jaar lange gevangenskap in Jerusalem (Hand. 21:27 e.v.) tot en met die einde van sy twee jaar gevangenskap in Rome (MacArthur, 2001; Melick, 1991). Dit is dus onduidelik wat Paulus presies bedoel met alles wat hom oorgekom het. Hy wil ook nie daarop uitbrei nie, want dit gaan vir hom oor Christus en nie oor hom as persoon nie (Müller, 1992).

"… juis die verkondiging van die evangelie bevorder het…"

Uit hierdie woorde is dit duidelik dat deel van wat Paulus "oorgekom" het, die optrede van gelowiges was wat gevoel het dat die evangelie deur sy gevangenskap geskaad is. Dit is om hierdie rede dat Paulus volgens Hawthorne (2004) aan die gemeente skryf om hulle te verseker dat presies die teenoorgestelde gebeur het. Paulus gebruik die woord προκοπὴν ("bevorder") om te beklemtoon dat die evangelie daarby gebaat het. Melick (1991) skryf die volgende oor hierdie woord:

> "The term 'advanced' (prokopēn) was used in the Greek-speaking world to describe blazing a trail before an army, the philosophical progress toward wisdom, and the progress of a young minister. Paul, therefore, saw the events as forging new territory for the gospel."

Met die keuse van hierdie woord het Paulus die gemeente dus daarop gewys dat dit vir hom belangrik was dat sy hele lewe die verspreiding van die evangelie sou bevorder (MacArthur, 2001). Paulus het juis sy vreugde daarin gevind om ander vir Christus te wen en daarom kon sy omstandighede dit ook nie verhoed nie (Wiersbe, 1996).

Vers 13-14

Hawthorne (2004) sê dat Paulus in hierdie twee verse twee bewyse gee waarom hy meen die evangelie eerder deur sy boeie bevorder as benadeel is. Die rede in vers 13 is dat dit duidelik geword het dat Paulus nie vir 'n misdaad wat hy gepleeg het in die tronk is nie, maar as gevolg van sy liefde vir Christus. Paulus wys dus met goeie rede in vers 14 daarop dat medegelowiges deur sy gevangeskap soveel te meer aangemoedig word om ywerig en vreesloos oor die evangelie te praat.

Vers 13 – "Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef…"

Paulus se gevangenskap het daartoe gelei dat hy met Romeinse soldate, goeweneurs en selfs met koning Agrippa oor Christus kon praat (Hand. 23:24; 26:1-32; Hawthorne, 2004). God het die menslik gesproke slegte omstandighede gebruik sodat Paulus 'n getuienis voor die owerstes kon wees (vgl. Mark. 13:9). Radmacher *et al*. (1999) verduidelik: "Although Paul could not go to the world to preach, in this way God brought the world to Paul. In an ironic twist, they were the captives and Paul was free to preach."

Vers 14 – "Deur my boeie…"

Volgens MacArthur (2001) was hierdie boeie van Paulus moontlik langer as die gewone boeie wat die polisie vandag gebruik, sodat die een kant aan die gevangene se arm vasgemaak kon word en die ander punt aan die bewaarder. Aangesien Paulus dikwels na hierdie boeie verwys,[171] is dit moontlik dat hy tydens sy huisarres voortdurend in boeie was (Carson *et al.*, 1994). Die wagte aan wie Paulus vasgeboei was, moet gesien het hoe hy met toewyding bid, hoe mense hom gedurig kom besoek om oor die evangelie te praat en hoe hy brief na brief skryf aan al die gemeentes wat hy geplant het (Wiersbe, 1996). Dit kon dus nie anders as dat hulle die evangelie gehoor het nie. So het Paulus se ongerief aan hom die geleentheid gegee om met verskillende keiserlike wagte oor Christus te praat. Daarom sê Paulus: "Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die Woord van God kan nie geboei word nie" (2 Tim. 2:9).

Dieselfde God wat Moses se staf, Gideon se ramshoring, erdekruike en fakkel en Dawid se slingervel gebruik het, het ook Paulus se boeie gebruik om die evangelie te verkondig (Wiersbe, 1996). Soms is dit nodig dat gelowiges vasgeboei word (deur finansiële probleme, dalk 'n gestremdheid, konflik, teleurstelling of werkloosheid) sodat die evangelie bevorder kan word.

"… en hulle waag dit al hoe meer om die Woord van God onbevrees te verkondig"

Die rede hoekom Paulus in die tronk was, was om hom en sy volgelinge stil te maak, maar presies die teenoorgestelde het gebeur. Paulus kon mense bereik wat hy andersins nooit sou kon bereik het nie (vgl. vs. 13). Boonop is sy volgelinge ook deur sy voorbeeld geïnspireer om met groter passie en waagmoed die evangelie te verkondig (Carson *et al.*, 1994).

[171] Vgl. Hand. 26:29; 28:20; Ef. 6:20; 2 Tim. 1:16; 2:9.

Vers 15-17 – "… omdat hulle jaloers op my is of iets teen my het…"

Afgesien van al die fisiese lyding wat Paulus ervaar het, was daar ook sy emosionele lyding wat veroorsaak is deur medegelowiges wat uit jaloesie (vs. 15) en selfsugtige en onsuiwere bedoelings (vs. 17) die evangelie verkondig het. Hulle het Paulus se gevangenskap vir hom nog swaarder gemaak (vgl. vs. 17) omdat hulle hulself uit Paulus se gevangenskap wou bevoordeel (Müller, 1992). Hierdie mense het heel moontlik met Paulus gekompeteer (Elwell, 1995). Radmacher *et al.* (1999) meen die woord "jaloers" impliseer dat hulle nie gepreek het met die doel om God te eer nie, maar eerder om self eer en navolgers te verkry. Wanneer Christus nie meer die middelpunt van die bediening is nie, tree eersug, selfsug en jaloesie na vore.

"Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle my liefhet…"

Die tweede groep waarna Paulus verwys, is mense wat begrip gehad het vir die omstandighede waarin Paulus homself bevind het en daarom het hulle hom met liefde ondersteun (Müller, 1992).

Vers 18 –"… of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak…"

Die belangrikste wat moes gebeur, is dat Jesus Christus in Rome verkondig word en of dit deur mense met bybedoelings of deur mense wat in opregtheid hulle werk doen, geskied, was nie in die minste vir Paulus belangrik nie (Müller, 1992). Die naam wat bo alle name is, word bekend gemaak deur nietige mense en dit is op sigself prysenswaardig. Willmington (1997) skryf dat Paulus net soos Asaf geweet het dat God selfs die mens se negatiewe eienskappe in sy diens gebruik (vgl. Ps. 76:11). Paulus was bly in plaas daarvan om kwaad te word oor die bybedoelings van mense, want hy het selfs in hierdie moeilike omstandighede steeds sy oë op Jesus, die Christus, gerig (Heb. 12:2-3; Radmacher *et al*., 1999).

Paulus leer die gemeente hier 'n belangrike les. Hy leer dat God almagtig is en daarom kan Hy die onmoontlike laat gebeur. Hy gebruik swak en nietige mense as instrumente om prysenswaardige dinge te laat gebeur (Calvyn & Pringle, J., 2010).

"… en daaroor is ek bly"

Hierdie blydskap van Paulus kan slegs gehandhaaf word as Christus die gelowige se lewe en vreugde is. Daarom skryf MacArthur (2001) dat niks Paulus se vreugde van hom af kan wegneem nie. Hulle kan hom dalk boei (vs. 14), jaloers op hom wees (vs. 15) of hom selfs om die lewe bring (vs. 21), maar die vreugde wat Paulus in Christus het, staan vir ewig vas.

Vers 19 – "… want ek weet dat alles op my redding sal uitloop…"

In hierdie woorde van Paulus is dit duidelik wat sy toekomsverwagting is. Vir Paulus het die lewe nie soseer oor onmiddellike bevryding van omstandighede gegaan nie, maar oor die hoop van redding en heil in Christus; daarom is hy ook gereed om te sterf (vs. 20; Van Zyl, 1993; Hughes & Laney, 2001). Christus is die grootste geskenk wat 'n gelowige kan kry (vgl. Fil. 1:21). Paulus het geweet dat alles vir hom ten goede sal meewerk omdat hy Christus liefhet (Rom. 8:28). Hy kon dus vol vreugde wees, al was daar mense wat sy ondergang gesoek het. Net soos Job (vgl. Job 13:16) het Paulus geglo dat God hom ook eendag van sy fisiese nood én die valse aantygings deur mense sal red (MacArthur, 2001).

"… omdat julle vir my bid…"

Die twee sake wat daartoe sal bydra dat Paulus se omstandighede op sy redding sal uitloop, is die gebed van medegelowiges en die Gees van Jesus Christus. Ten opsigte van die gebed weet Paulus dat die gebed 'n kragtige uitwerking het en daarom maak hy daarop staat dat medegelowiges vir hom sal bid (Müller, 1992).

Naas gebed het die gelowige ook die krag van die Heilige Gees. Paulus is ook bewus van die groot krag van die Gees. In Efesiërs sê hy dat die krag waarmee die Heilige Gees in gelowiges werk, dieselfde kragtige werking is wat die Gees uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het (Ef. 1:19-20). Dit gaan dus hier oor die Heilige Gees wat gelowiges toerus met alles wat hulle nodig het (Melick, 1991).

"… en die Gees van Jesus Christus my bystaan"

Die Griekse woord wat Paulus gebruik en wat met "bystaan" vertaal word, word soos volg deur Wiersbe (1996) verklaar:

> "Whenever a Greek city was going to put on a special festival, somebody had to pay for the singers and dancers. The donation called for had to be a lavish one, and so this word came to mean 'to provide generously and lavishly.' Paul was not depending on his own dwindling resources; he was depending on the generous resources of God, ministered by the Holy Spirit."

Vers 20 – "Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit…"

Volgens Carson *et al*. (1994) dui die Griekse woord wat met "vurige verlange" vertaal word daarop dat 'n persoon vorentoe beur met 'n uitgestrekte nek soos 'n atleet wat by die wenstreep aankom. Paulus is daarom hier besig om te praat oor wat sy hoop in die lewe is (Melick, 1991). Hy hou sy oë alleen op hierdie hoop gevestig (Hawthorne, 2004).

"… dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie"

Hierdie is die eerste saak waarop Paulus hoop. Melick (1991) verduidelik dit verder deur daarop te wys dat Paulus hierdie woorde ook in Romeine 9:33 gebruik waar hy dié wat oor 'n klip (Christus) struikel, vergelyk met dié wat nie struikel (d.i. hulle skaam) nie. In Romeine 10:10-11 sê Paulus weer dat dié wat "met die hart glo" en "met die mond bely" nie teleurgestel (d.i. hulle sal skaam) sal word nie. Melick (1991) vervolg samevattend:

> "These texts have little to do with being ashamed to confess Christ. They do not speak to the point of timidity. Rather, they speak to the security of believers and the certainty that they are on solid foundation when they believe on the 'cornerstone'."

Die sekuriteit van Paulus se hoop is daarom geleë op die vaste fondament wat hy in Christus het.

"Ek wil ook nou, soos nog altyd… deur my hele wese Christus verheerlik…"

In hierdie krisistyd wat Paulus beleef, is dit sy vurige verlange om Christus groot te maak. Wiersbe (1996) gebruik die mooi beeld van 'n teleskoop. Hy wys daarop dat 'n teleskoop klein is in vergelyking met die sterre wat daardeur gesien kan word en tog is 'n teleskoop daartoe in staat om daardie sterre vir 'n mens te vergroot sodat mens die ster duideliker kan sien. Net so is die gelowige wat in vergelyking met Christus klein is, ook daartoe in staat om Christus se heerlikheid aan mense bekend te maak in moeilike tye. In aansluiting daarby skryf Henry (1994) dat elkeen wat werklik begeer om Christus te verheerlik dit met hul hele liggaam moet doen. Die woord wat hier met "deur my hele wese" vertaal is, gebruik Paulus ook in Romeine 12:1 om die gelowige daarop te wys dat hy sy hele liggaam as lewende en heilige offer aan God moet gee. Melick (1991) verduidelik die toewyding:

> "Paul knew that Christian commitment cannot happen apart from the body. In fact, Christian growth requires a focus on the body as the vehicle of expression of the true person, and as the instrument for receiving the communications of others."

Vers 21 – "… want om te lewe is vir my Christus…"

Hierdie temas van lewe en dood beklemtoon volgens Melick (1991) dat Paulus Christus met sy hele lewe wil dien, in so 'n mate dat selfs nie eens die dood hom daarvan sal weerhou nie. Alles wat Paulus doen, liefhet, hoop, gehoorsaam, leer en navolg, word geïnspireer deur Christus en vir Hom gedoen, want Christus het sy lewe geword, soos hy dit ook in 2 Korintiërs 4:10, 5:15 en ander plekke beskryf (Hawthorne, 2004; Müller, 1992). MacArthur (2001) skryf oor so 'n toegewyde lewe soos volg: "Part of spiritual greatness is to know Christ intimately and to long to

be with Him. But spiritual greatness also includes being totally committed to the advancement of the kingdom and serving Christ on earth."

"… en om te sterwe, is vir my wins"

Hawthorne (2004) wys daarop dat Paulus hierdie teenstellende uitdrukkings slegs aan mekaar gelyk kan stel omdat hy vas oortuig is dat die dood hom in geen enkele opsig van Christus kan skei nie. 'n Lewe in Christus word nie deur die dood vernietig nie, maar kom in Christus tot sy volle potensiaal. Die teendeel is egter ook waar. Vir die persoon vir wie Christus nie alles is nie, is die dood 'n groot verlies omdat hy deur die dood al sy troos, hoop en sekerheid verloor (Henry, 1994).

Vers 22 – "Wat ek moet kies, weet ek nie"

Paulus se stryd gaan volgens Henry (1994) nie daaroor om 'n keuse te maak tussen 'n lewe saam met God of 'n lewe hier op aarde nie, want daar is geen vergelyking tussen hierdie twee nie. Die lewe saam met God sal by uitnemendheid beter en heerliker wees en daarom is dit 'n maklike keuse om te maak. Die moeilike deel van hierdie keuse lê daarin om te weet of God wil hê dat Paulus Hom nog hier op aarde moet dien en of Hy eerder wil hê dat Paulus Hom in sy koninkryk moet dien. Paulus sal nie waag om self te besluit nie, want net die Here weet wat die beste is (Hawthorne, 2004).

Vers 23 – "… ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees…"

MacArthur (2001) noem dat die Griekse woord wat met "heen te gaan" vertaal is, ook kan verwys na 'n militêre afdeling wat kamp afslaan om na die volgende plek te gaan. Dat Paulus hierdie woord gebruik om die dood te beskryf, wys daarop dat hy die dood nie beskou as iets wat vir hom of enige gelowige gevaar inhou nie. Die dood is inteendeel eerder 'n verhuising van die een plek na die ander (Radmacher *et al.*, 1999; Wiersbe, 1996). Paulus vind aanklank by hierdie metafoor wanneer hy in 2 Korintiërs 5:1 skryf:

> "Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie maar deur God, en dit bly ewig staan."

Die staat waarin Paulus en elke gelowige sal wees wanneer hulle sterf is daarom baie beter as die huidige lewe aangesien dit 'n heerliker gemeenskap met Christus meebring (Hawthorne, 2004). Nou is die lewe maar 'n tentwoning, maar eendag 'n woning wat deur God gemaak is en vir ewig is; daarom verlang hy om heen te gaan. Wanneer die gelowige hierdie feite oor die dood ken en glo, sal hy volgens Calvyn en Pringle, J. (2010) sy hoof met dapperheid optel

wanneer hy die dood in die gesig staar. Hierdie feite sal hom met vreugde aan sy eie verlossing van die dood in Christus Jesus herinner.

Vers 24 – "… maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe"

Melick (1991) wys daarop dat hierdie woorde daarvan getuig dat Paulus meer oor ander bekommerd is as oor homself. Die belang van die kerk stel Paulus bo sy persoonlike gemak en selfs bo sy eie lewe (Henry, 1994). Die kerk is immers Christus se bruid wat Hy baie liefhet. Omdat Paulus Christus bo alles in sy lewe liefhet, sal hy ook Christus se kerk liefhê en dien. MacArthur (2001) sluit daarby aan. Hy wys daarop dat Paulus baie bekommerd was oor die belange van al die gemeentes (vgl. 2 Kor. 11:28); tog was sy besorgdheid nooit vir hom 'n las nie, maar eerder 'n vreugde omdat Hy sy Here kon dien deurdat hy hulle dien. Hy doen presies wat hy die gemeente later leer, naamlik om mekaar te dien (vgl. Fil. 2:3-4).

Omdat Paulus besef dat hy vir die bruid van Christus nog tot verdere geestelike groei kan lei, weet hy dat dit in hierdie stadium van sy lewe noodsaakliker is om te bly lewe (Müller, 1992).

Vers 25 – "… sodat julle kan toeneem in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê"

MacArthur (2001) sê dat daar dikwels 'n hoë prys vir toename in geloof betaal moet word, maar dat geloofsgroei altyd vir die gelowige groot vreugde inhou.

Vers 26 – "… sal julle oorvloedige rede hê om Christus Jesus oor my te prys"

Hawthorne (2004) wys daarop dat sommige gelowiges in Filippi (vgl. Fil. 3:3, waar dieselfde Griekse woord, wat hier met "prys" vertaal is, daar met "beroem" vertaal is) heel moontlik eerder op mense of uiterlike dinge vertrou as op Christus. Paulus sien dit dus as sy roeping om na hulle toe te gaan sodat hy hulle kan help om weer die klem op Christus te plaas. Die gelowiges sal oorvloedige rede hê om Christus oor Paulus te prys omdat hy na hulle toe sal kom as 'n verteenwoordiger van Christus (Melick, 1991). Henry (1994) pas die woorde van Paulus soos volg op die verhouding tussen die gemeente, die predikant en Jesus Christus toe:

> "All our joys should terminate in Christ. Our joy in good ministers should be our joy *in Christ Jesus for them;* for they are but the *friends of the bridegroom*, and are to be received in his name, and for his sake."

Samevatting: Vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-26

Uit die eksegese van Filippense 1:12-26[172] is dit telkens duidelik dat Paulus se vreugde in Christus altyd uit sy leierskap straal. Wat die openbaringshistoriese betekenis daarvan is, sal in die volgende afdeling en in die ondersoek na die figurering van die leierskapbegrippe in die leierskap van Paulus[173] verwerk word.

4.5.3.3 Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop

Die openbaringshistoriese betekenis van die perikoop kan in 'n enkele sin saamgevat word: Paulus is bly ten spyte van boeie (vs. 14), teenstanders (vs. 15-18) en die dood (vs. 20-22).

Boeie vat mens onwillekeurig terug na die Ou Testament. Simson is deur die Filistyne geboei om hom dood te maak. God gee dan aan hom die krag om die boeie los te breek en op daardie dag slaan hy 'n duisend Filistyne met die kakebeen van 'n donkie dood. God het die volk egter ook dikwels as gevolg van hulle sonde deur ballingskap geboei, maar wanneer hulle oor die sonde berou kry, het Hy die boeie van hulle afgehaal (vgl. Ps. 107:10-14). Net so lees mens ook van Daniël se vriende wat deur die sterkste manne in Nebukadnesar se lyfwag vasgebind is en in die brandende oond gegooi is. Die manne wat hulle in die oond gegooi het, is doodgebrand, maar al wat van die drie vriende van Daniël verbrand het, was die tou waarmee hulle vasgebind was.

Die Nuwe Testament volg hierdie benadering in gedeeltes waar Christus as die volmaakte redder kom. Jesus is op verskillende maniere geboei. Hy is geboei deur aan mense gelyk te word (vgl. Fil. 2:7) en Hy is verneder, geslaan en soos 'n vervloekte aan 'n kruis opgehang (Gal.3:13). Hy is egter geboei sodat elkeen wat in Hom glo, verlos kan word van die boeie wat die sonde veroorsaak het. Daarom skryf Paulus: "Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word" (2 Kor. 8:9). Dit is in die lig van hierdie genade wat Christus aan elkeen wat in Hom glo, betoon dat Paulus bly is oor sy boeie. Hy het besef dat die boeie wat Christus vir hom moes dra by uitnemendheid 'n swaarder las was as wat hy gedra het. Jesus is nie net geboei nie, Hy is aan 'n houtkruis vasgespyker. Sy gemak in die paradys het Hy in so 'n mate opgeoffer dat Hy selfs hier op aarde gesê het: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie" (Luk. 9:58). Christus het al sy gemak opgegee sodat die gelowige eendag ten volle deel kan hê in sy heerlike koninkryk wat soos volg in Openbaring 21:4 beskryf word: "Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie

---

[172] Kyk *4.5.3.2 Vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-26* (p. 281).
[173] Kyk *4.5.5 Figurering van die leierskapsbegrippe in Paulus se lewe* (p. 289).

meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." Omdat Christus bereid was om sy gemak op te gee, omdat Hy bereid was om die gelowige se boeie om sy arms te sit, word die boeie wat Paulus in die tronk om sy arms gehad het soos garingdraadjies! Alleen in die lig van die verlossingswerk van Christus kan Paulus as Nuwe-Testamentiese leier bly wees ten spyte van die onreg wat hom aangedoen is.

Dieselfde wat hierbo vir Paulus se boeie geld (vs. 14), geld daarom ook vir sy teenstanders (Fil. 1:15-18) en die dood (Fil. 1:20-22).

Samevatting: Paulus is bly ten spyte van alle teëspoed

Omdat Paulus die diepte van Christus se verlossingswerk kon begryp, was hy ten spyte van sy omstandighede vol diep en innige blydskap.

4.5.4 Samevatting: Eksegese van gedeeltes oor Paulus se leierskap

Verskillende teksgedeeltes in die Nuwe Testament is geselekteer om deur 'n dieptesnit-eksegese of 'n oorsigtelike eksegese vas te stel hoe die leierskap van Paulus daar uitgesien het: Filippense 3:1-16 is ondersoek met behulp van 'n dieptesnit-eksegese,[174] wat 'n vers-vir-vers-eksegese[175] en 'n woordstudie[176] insluit. Filippense 1:12-26 is ondersoek deur 'n oorsigtelike eksegese,[177] wat ook 'n vers-vir-vers-eksegese insluit.[178] Uit die eksegese van die verskillende teksgedeeltes is dit duidelik dat Paulus sy hele lewe ná sy bekering aan Jesus Christus toegewy het.

4.5.5 Figurering van die leierskapsbegrippe in Paulus se lewe

In hierdie afdeling word aangedui hoe die ses leierskapsbegrippe wat in Hooofstuk 2 (vgl. 2.7, p. 94) geïdentifiseer is, in Paulus se leierskap gefigureer het. Die metode wat gevolg word, volg dieselfde patroon as in die bespreking van Jesus se leierskap,[179] naamlik om die leierskapseienskappe wat uit die eksegese van die tersaaklike Skrifgedeeltes afgelei is, onder die verskillende leierskapsbegrippe te orden; om aan die einde van die afdeling oor elke leierskapsbegrip 'n samevatting te gee van hoe 'n spesifieke leierskapsbegrip in die lewe van Paulus na vore gekom het; en om *beginsels* af te lei waarop *riglyne* vir die leierskap van die predikantleier gebaseer kan word. Die leierskapsbegrippe is die volgende: *onderdanige*

---

[174] Kyk *4.5.2 Dieptesnit-eksegese – Filippense 3:1-16* (p. 262).
[175] Kyk *4.5.2.4 Vers-vir-vers-eksegese – Filippense 3:1-16* (p. 266).
[176] Kyk *4.5.2.3 Woordstudie* (p. 265).
[177] Kyk *4.5.3.3 Openbaringshistoriese betekenis van die perikoop* (p. 288).
[178] Kyk *4.5.3.2 Vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-26* (p. 281)
[179] Kyk *4.4.6 Figurering van die leierskapsbegrippe in Jesus se lewe* (p. 245).

vertroue, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë*.

4.5.5.1 Onderdanige vertroue

Afleidings uit die eksegese van bogenoemde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *onderdanige vertroue* in Paulus se leierskap is die volgende:

- In die eksegese van Filippense 3:8[180] is die beeld gebruik van seemanne wat in die middel van 'n storm besluit om alles oorboord te gooi om te verhoed dat hulle skipbreuk ly. Paulus voel dieselfde oor die dinge wat hy vroeër as bate beskou het, maar wat nou 'n gevaar vir sy lewe inhou. Hy besef dat hy op Christus alleen moet vertrou indien hy sy lewe wil behou. Die eksegese van Filippense 3:9[181] sluit hierby aan wanneer daarop gewys word dat die gelowige deur sy geloof in Christus deel kry aan al die weldade van Christus. Alles wat die gelowige vir sy verlossing nodig het, kan hy alleen in Christus ontvang. Wanneer 'n gelowige voor die regterstoel van God kom, hoef hy nie op te noem wat hy tydens sy lewe gedoen het nie, maar hy kan noem wat Christus vir hom gedoen het. Paulus vertrou volkome op Christus.
- In die eksegese van Filippense 3:15[182] word Paulus se onderdanige vertroue duidelik in die belydenis dat God die gelowiges die regte insig sal gee. Paulus is bewus van sy eie onvermoeë om die gelowiges van die waarheid te oortuig. God is alleen daartoe in staat om 'n mens se oë te verlig (vgl. Ef. 1:18) om hierdie waarheid te kan verstaan.
- Onderdanige vertroue word veral sterk beklemtoon in Paulus se dade in die eksegese van Filippense 1:14[183] en Filippense 1:18[184]. Paulus is in die tronk omdat hy die evangelie verkondig. Hy het menslik gesproke baie redes gehad om teen God in opstand te kom en tog het hy onderdanig vertrou. Te midde daarvan dat mense Paulus in die boeie geslaan het (vs. 14), jaloers op hom was (vs. 15) en hom selfs wou doodmaak (vs. 21), was Paulus bly, omdat hy volkome op God vir sy verlossing vertrou het. Die gevolg van sy gewillige

---

[180] Kyk *Vers 8 – "Ter wille van Hom het ek alles prysgegee…"* (p. 270) en *"… en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry…"* (p. 271).

[181] Kyk *Vers 9 – "… en een met Hom kan wees…"* (p. 271) en *"… vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo"* (p. 271).

[182] Kyk Vers *15 – "Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê"* (p. 274) en *"God sal ook hierin aan julle die regte insig gee"* (p. 275).

[183] Kyk *Vers 14 – "Deur my boeie…"* (p. 282) en *"… en hulle waag dit al hoe meer om die Woord van God onbevrees te verkondig"* (p. 282).

[184] Kyk *Vers 18 –"… of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak…"* (p. 283) en *"… en daaroor is ek bly"* (p. 283).

onderwerping aan God se wil was dat Paulus die evangelie aan mense kon verkondig wat hy nooit sou kon bereik het indien hy nie in die tronk was nie (vgl. vs. 13).

- Paulus se onderdanige vertroue word ook in die eksegese van Filippense 1:22[185] duidelik wanneer Paulus dit nie eens wil waag om te besluit of hy nog verder moet leef en of hy moet sterf nie. Hy weet dat net die Here weet wat die beste vir hom en die koninkryk van God is.

Onderdanige vertroue van Paulus as leier

- Wat sy vryspraak betref, vertrou Paulus volkome dat Christus die vereiste prys vir hom betaal het. Niks wat hy doen, kan tot sy redding bydra nie.
- Hy onderwerp hom gewillig aan die wil van God ten opsigte van sy werk. Hy besef dat hy nie by magte is om mense van die waarheid te oortuig nie en daarom laat hy die oortuiging aan God oor.
- Wat sy persoonlike gemak en omstandighede betref, is Paulus gewillig om onderdanig te vertrou dat God se wil sal geskied.
- Vir sy toekoms vertrou Paulus ook volkome op die voorsienigheid van God.

Afgeleide beginsels vir die onderdanige vertroue van die leier

Die onderdanige vertroue van die leier word volgens hierdie afleidings gebaseer op die volgende beginsels/norme:

- Die leier moet besef dat vryspraak alleen ontvang word deur 'n volkome vertroue in die verlossingswerk van Christus. Al die bagasie (tradisie, kultuur, taal ens.) op die boot moet oorboord gegooi word indien dit in die pad van Christus staan. Daar moet volkome op Christus vertrou word.
- Onderdanige vertroue is verder ook nodig in die leier se werksomstandighede. Die leier moet besef dat dit net God is wat mense se harte ontvanklik kan maak sodat hulle die waarheid sal glo.
- In tye van beproewing het die leier die grootste behoefte aan onderdanige vertroue. In beproewende omstandighede is dit nodig om te besef dat boeie, jaloesie en selfs die dood nie vir God 'n hindernis is nie en daarom moet die leier net onderdanig vertrou.
- Die leier moet ook in onderdanige vertroue voor die Here staan wat sy toekoms betref. Net Hy bepaal die begin van die leier se bestaan en daarom kan net die Here bepaal wanneer die einde daar is.

---

[185] Kyk *Vers 22 – "Wat ek moet kies, weet ek nie"* (p. 286).

4.5.5.2 Status met verantwoordelikheid

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *status met verantwoordelikheid* in Paulus se leierskap is die volgende:

- Ná Paulus se bekering ontvang hy 'n nuwe status, naamlik *Christen*. Deur sy geloof word hy 'n ware nakomeling van Abraham (Gal. 3:6-9). In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:7-9[186] word daarop gewys dat hierdie nuwe status ook groter verantwoordelikheid tot gevolg het. Paulus sien die oppervlakkigheid van die Fariseërs se godsdiens en daarom aanvaar hy 'n hoër lewenspeil, naamlik om gelykvormig aan Christus te word (Rom. 12:1-2). Die verlossing wat Christus aan Paulus gegee het, bring mee dat hy doelbewus sy hele lewe aan Christus wil wy.

  Hierdie verantwoordelikheid word verder beklemtoon in die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:12.[187] Die woord wat Paulus gebruik en wat met "ek span my in" vertaal is, herinner aan 'n wedloop waarin 'n atleet hom uitstrek na die wenstreep om eerste te wees. Net so het die gelowige ook 'n verantwoordelikheid om hom geestelik uit te strek na dit wat vir hom voorlê. Paulus gee die rede daarvoor wanneer hy sê, "… omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het." Omdat Paulus se status verander het, span hy hom in.

  Hierdie verantwoordelikheid word ook beklemtoon in die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:21[188] en Filippense 1:25[189]. Alles wat Paulus doen – om lief te hê, om te hoop, om gehoorsaam te wees, om te leer en om na te volg, word deur Christus geïnspireer en vir Hom gedoen (vgl. 2 Kor. 5:15)
- Om hierdie status wat die gelowige in Christus ontvang met verantwoordelikheid te gebruik, moet hy teen hoogmoed waak. In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:7[190] en Filippense 3:15[191] word daarop gewys dat Paulus nie geestelik hoogmoedig was nie, want hy het sy eie geestelike tekortkominge erken. Paulus wys telkens in hierdie gedeelte op sy eie tekortkominge (Fil. 3:12, 13, 15). Voor Paulus se bekering sou hy hom maklik met ander kon vergelyk het met betrekking tot al die goeie dinge wat hy gedoen het (vgl. vs. 3-6). Ná

---

[186] Kyk *Vers 7 – "Wat eers vir my 'n bate was"* (p. 270) en *"… beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus…"* (p. 263); *Vers 8 – "Ter wille van Hom het ek alles prysgegee…"* (p. 270) en *"… en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry…"* (p. 271); *Vers 9 – "… en een met Hom kan wees…"* (p. 271) en *"… vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo"* (p. 271).

[187] Kyk *Vers 12 – "… maar ek span my in om dit alles myne te maak…"* (p. 274) en *"… omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het"* (p. 274).

[188] Kyk *Vers 21 – "… want om te lewe is vir my Christus…"* (p. 285) en *"… en om te sterwe, is vir my wins"* (p. 286).

[189] Kyk *Vers 25 – "… sodat julle kan toeneem in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê"* (p. 287).

[190] Kyk *Vers 7 – "Wat eers vir my 'n bate was"* (p. 270) en *"… beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus…"* (p. 270).

[191] Kyk *Vers 15 – "Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê"* (p. 274) en *"God sal ook hierin aan julle die regte insig gee"* (p. 275).

sy bekering weet hy egter dat hy niks kan doen om vryspraak te verdien nie. Christus het alles gedoen en daarmee word hy op dieselfde vlak as enige ander persoon geplaas.

Status met verantwoordelikheid in Paulus se leierskap

- Deur Paulus se geloof in Christus verander sy status na kind van God. Omdat hy besef watter genade daarmee gepaardgaan, leef hy vanuit die begeerte om sy hele lewe aan Christus te wy (vgl. Fil. 3:13-14). Hy neem hierdie verantwoordelikheid so ernstig op dat hy as leier aan sy navolgers opdrag gee om sy voorbeeld te volg soos hy die voorbeeld van Christus volg (1 Kor. 4:16; 11:1).
- As leier wys Paulus deur sy lewe dat daar geen plek vir hoogmoed in 'n gelowige kan wees nie. Hy bely dat hy een van die grootste sondaars is (vgl. 1 Tim. 1:15) en wys daarmee dat hy selfs as apostel geensins beter is as enige ander gelowige wat sy verlossing in Christus vind nie. Daarom roem Paulus alleen op Christus en op niks wat hy doen nie.

Afgeleide beginsels vir die leier se status met verantwoordelikheid

Die leier se status met verantwoordelikheid word volgens hierdie afleidings gebaseer op die volgende beginsels/norme:

- Die leier moet bewus wees van die nuwe status wat hy in Christus ontvang. Die gelowige leier is nie meer 'n slaaf van die sonde nie, maar in Christus 'n kind van God. As kind van God kry hy ook 'n groot verantwoordelikheid, want sy lewe moet van kindskap getuig. Uit dankbaarheid moet die leier sy hele lewe aan God wy as 'n lewende en heilige offer.
- Status met verantwoordelikheid mag nooit daartoe lei dat die leier hoogmoedig raak nie. Hoogmoed getuig daarvan dat die leier nie besef nie dat hy soos enige ander persoon skuldig voor God oor sy sonde staan. In Christus word almal gelyk voor God.

4.5.5.3 Gesag met liefde

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *gesag met liefde* in Paulus se leierskap is die volgende:

- In die eksegese van Filippense 1:15[192] is dit duidelik dat die gelowige leier groot gesag deur die evangelie ontvang. Die gesag kan daartoe lei dat ander gelowiges seergemaak word indien dit nie met liefde bestuur word nie. Leiers met selfsugtige en onsuiwere bedoelings het Paulus se gevangenskap nog moeiliker vir hom gemaak. Wanneer die bediening van

[192] Kyk *Vers 15-17 – "… omdat hulle jaloers op my is of iets teen my het…"* (p. 283) en *"Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle my liefhet…"* (p. 283).

Christus se liefde nie meer die middelpunt vir die leier is nie, tree eersug, selfsug en jaloesie na vore.

- Die heerlikheid van die gesag wat aan die gelowige gegee word, word verder beskryf in die eksegese van Filippense 1:19.[193] Daar word aangedui dat die Gees van Jesus Christus vir Paulus bygestaan het. Paulus noem in Efesiërs dat die krag waarmee die Heilige Gees in gelowiges werk geweldig groot is en dat die Gees dieselfde kragtige werking van sy mag uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het (Ef. 1:19-20). Die vrug van die Gees is liefde en daarom sal die leier die mag wat hy van die Heilige Gees ontvang met die grootste liefde bestuur.

Paulus se gesag met liefde

Paulus is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n leier die gesag wat hy ontvang met liefde moet bestuur. Wanneer Paulus se teenstanders teen hom uitvaar en hom slegmaak, tree hy steeds met liefde teenoor hulle op. Paulus aanvaar hulle met liefde en spits sy prediking eerder op Christus toe as om hulle terug te beledig.

Afgeleide beginsels vir die leier se bestuur met liefde

Uit die realisering van die leierskapsbegrip *gesag met liefde* in Paulus se leierskap word die volgende beginsels vir die leierskap van die predikant afgelei:

- Die Here gee aan die leier groot gesag deur sy Woord en Gees. Indien die leier hierdie gesag misbruik om persoonlike voordeel daaruit te trek of om mense te manipuleer sodat hy sy wil op hulle afdwing, sal mense en selfs gelowiges daardeur benadeel word. 'n Goeie leier weet hoe om die gesag wat aan hom gegee word, met liefde te bestuur tot opbou en uitbou van die koninkryk van God.

4.5.5.4 Herderlike leiding

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *herderlike leiding* in Paulus se leierskap is die volgende:

- 'n Belangrike faset van herderlike leiding is om streng op te tree wanneer dit nodig is. In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:1[194] is dit duidelik dat Paulus nie bang was om streng teen die dwaalleraars op te tree om sodoende die gemeente te beskerm nie.

---

[193] Kyk *Vers 19 – "… want ek weet dat alles op my redding sal uitloop…"* (p. 284), *"… omdat julle vir my bid…"*(p. 284) en *"… en die Gees van Jesus Christus my bystaan"* (p. 284).

[194] Kyk *Vers 1 – "… wees bly in die Here!"* (p. 266) en *"Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie…"* (p. 267).

- Paulus se begrip van wat hy as herder vir die volgelinge moet wees, word ook in die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:12-14[195] beklemtoon. Paulus besef dat dit vir die gelowiges moeilik moet wees om te verstaan waarom hy in die tronk is en wat die doel daarvan is; daarom verduidelik hy met liefde aan hulle hoe sy omstandighede die evangelie bevorder het.
- In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:20[196] word die treffende beeld gebruik van die teleskoop. Herderlike leiding bestaan daaruit dat die leier deur sy hele lewe Christus in die oë van sy volgelinge moet grootmaak sodat hulle ook die begeerte sal hê om Christus te volg. Die leier kan Christus egter net grootmaak indien hy self soos die teleskoop op Christus gefokus is.
- 'n Goeie herder is meer besorg oor sy skape as oor homself. In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:24[197] is dit duidelik dat dit ook Paulus se gesindheid was. Die belange van die kerk was vir Paulus belangriker as sy persoonlike gemak en selfs as sy eie lewe. Hierdie besorgdheid was nooit vir Paulus 'n las nie, maar eerder 'n vreugde omdat hy daardeur sy Here kon dien.

Paulus se herderlike leiding

- Paulus was 'n goeie herder in die sin dat hy die wolwe gedurig van die skape af weggejaag het. Hy was nie bang om die dwaalleraars in die midde van die gemeente uit te wys nie.
- Die herderlike leiding van Paulus is ook duidelik wanneer hy begrip toon vir sy volgelinge se verwronge idee van sy omstandighede. Met geduld wys hy hulle op die ware stand van sake.
- Paulus se lewe getuig daarvan dat hy sy Verlosser goed ken. Hy gee herderlike leiding deur Christus deur sy hele lewe groot te maak. Hy is soos die teleskoop waardeur sy volgelinge kan kyk om Christus in sy heerlikheid te kan sien.
- Net soos 'n goeie herder toon Paulus ook groter besorgdheid oor die belange van sy volgelinge as sy eie belange. Met die grootste liefde en besorgdheid gee hy leiding aan die kerk, al word sy eie lewe ook in gevaar gestel.

---

[195] Kyk Vers *12 – "… dat wat my oorgekom het…"* (p. 281) en *"… juis die verkondiging van die evangelie bevorder het…"* (p. 281); *Vers 13 – "Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef…"* (p. 282); *Vers 14 – "Deur my boeie…"* (p. 282) *"… en hulle waag dit al hoe meer om die Woord van God onbevrees te verkondig"* (p. 282).

[196] *Kyk Vers 20 – "Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit…"* (p. 284), *"… dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie"* (p. 285) en *"Ek wil ook nou, soos nog altyd… deur my hele wese Christus verheerlik…"* (p. 285).

[197] Kyk *Vers 24 – "… maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe"* (p. 287).

Afgeleide beginsels vir die herderlik leiding van die leier

Die herderlike leiding van die leier word volgens bogenoemde afleidings op die volgende beginsels/norme gebou:

- 'n Leier moet bereid wees om vir die waarheid op te kom sodat hy sy volgelinge teen dwaalleraars kan beskerm.
- 'n Leier moet begrip hê vir sy volgelinge se omstandighede. Hy kan hulle alleenlik soos 'n herder lei wanneer hy hul denke verstaan.
- Herderlike leiding behels ook dat die leier 'n innige verhouding met Christus moet hê om sy volgelinge na Christus toe te kan lei.
- 'n Ware herder toon groter besorgdheid oor die welstand van sy volgelinge as oor sy eie situasie. 'n Persoon wat herderlik lei, sal daarom opreg besorg wees oor die wel en weë van sy volgelinge.

4.5.5.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *waarheidsbegronde regverdigheid* in Paulus se leierskap is die volgende:

- Die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:13[198] en Filippense 1:20[199] toon dat regverdigheid wat in die waarheid gegrond is, van die leier vra dat sy oë op Christus gerig moet wees. Christus is die regverdige (vgl. 2 Tim. 4:8 & 1 Joh. 2:1) en Hy is die enigste waarheid (Joh. 1:17; 14:6); daarom moet die fokus van die leier alleen wees om Christus te ontvang. Soos 'n jagter al sy sintuie en sy hele liggaam gebruik om sy prooi agterna te sit, so moet die leier al sy krag inspan om Christus in sy volle waarheid te leer ken. Alleen in Christus het die leier 'n vaste fondament wat deur waarheidsbegronde regverdigheid gekenmerk word.
- So sluit die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:3[200] en Filippense 3:6[201] ook by waarheidsbegronde regverdigheid aan deur daarop te wys dat 'n wettiese benadering tot godsdiens nie die ware godsdiens is nie. Dit gaan vir God oor meer as bloot uiterlike gehoorsaamheid. Ware godsdiens is nie net gekoppel aan sekere aspekte van die lewe nie,

---

[198] Kyk *Vers 13 – "Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef…"* (p. 282).

[199] Kyk *Vers 20 – "Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit…"* (p. 284), *"… dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie"* (p. 285) en "*Ek wil ook nou, soos nog altyd… deur my hele wese Christus verheerlik…"* (p. 285).

[200] Kyk *Vers 3 – "Ons het die ware besnydenis…"* (p. 267), *"… ons wat God deur Sy Gees dien…"* (p. 267) en *"… ons wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie"* (p. 268).

[201] Kyk *Vers 6 – "… in my ywer 'n vervolger van die kerk…"* (p. 269) en *"… in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik"* (p. 212).

maar omvou 'n persoon se hele lewe. Indien godsdiens beperk word tot uiterlike sake, sal regverdigheid nooit bereik word nie omdat die waarheid altyd vir persoonlike doeleindes verdraai sal word.

Waarheidsbegronde regverdigheid in Paulus se leierskap

Ná Paulus se bekering is sy leierskap deur waarheidsbegronde regverdigheid gekenmerk omdat hy besef het dat Christus die enigste Waarheid is. Om hierdie Waarheid na te volg, is daarom nie net beperk tot uiterlike dade nie. Die waarheid het sy hele lewe verander en die gevolg daarvan was dat hy sy krag ingespan het om regverdig op grond van die waarheid in Christus te leef.

Afgeleide beginsels vir die leier se waarheidsbegronde regverdigheid

Met waarheidsbegronde regverdigheid moet in gedagte gehou word dat die leier 'n lewe moet lei wat kenmerkend daarvan is dat sy fondament die Waarheid – Christus – is. Waarheid wat in Christus geanker is, moet elke aspek van die leier se lewe so verander dat dit 'n regverdige lewe voor God tot gevolg het.

4.5.5.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

Afleidings uit die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor die figurering van die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingsvermoë* in Paulus se leierskap is die volgende:

- In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:1-3[202] is daarop gewys dat gelowiges se gemoedere dikwels deur hulle omstandighede beïnvloed word. Omdat omstandighede voortdurend verander, is die gevolg daarvan dat dit een oomblik goed gaan en die volgende sleg. Ware blydskap word egter deur 'n verhouding met Christus bepaal en daardie blydskap bly konstant. Niks en niemand kan die blydskap wat 'n leier in Christus het, van hom af wegneem nie. Die leier het egter geestelike onderskeidingsvermoë nodig om te besef dat ware blydskap alleen in 'n verhouding met Christus te vinde is.
- Verder is daar in die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:13-19[203] aangetoon dat die leier ook geestelike onderskeidingsvermoë nodig het om sy omstandighede binne die

---

[202] Kyk *Vers 1 – "… wees bly in die Here!"* (p. 266) en *"Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie…"* (p. 267); *Vers 2 – "Pas op vir daardie dwaalleraars…"* (p. 267); *Vers 3 – "Ons het die ware besnydenis…"* (p. 267), *"… ons wat God deur Sy Gees dien…"* (p. 267) en *"… ons wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie"* (p. 268).

[203] *Kyk Vers 13 – "Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef…"* (p. 282) tot *Vers 19 – "… want ek weet dat alles op my redding sal uitloop…"*, *"… omdat julle vir my bid…"* (p. 284) en *"… en die Gees van Jesus Christus my bystaan"* (p. 284).

raamwerk van die koninkryk van God te sien. Paulus wys die gelowiges in Filippi daarop dat die Here sy slegte omstandighede gebruik het om aan hom die geleentheid te gee om 'n getuienis voor die owerstes van die wêreld te wees (vgl. Mark. 13:9).

- Die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:18[204] lê ook 'n verband tussen Paulus, wat weet dat God ook die slegte omstandighede in sy diens gebruik, en Asaf, wat geweet het dat God selfs ook die woede van mense in sy diens kan gebruik (vgl. Ps. 76:11). So kan die Here die slegte omstandighede in die leier se lewe gebruik om in diens van sy koninkryk te staan.
- Geestelike onderskeidingsvermoë is verder ook nodig wanneer die leier moet besluit waarop sy leierskap gerig moet wees. In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:2[205] en Filippense 3:3[206] is daarop gewys dat die gelowige op Christus moet vertrou en nie op die uiterlike dinge wat mense doen nie. Niks wat die leier doen, kan hom of sy navolgers red nie. Dit is alleen die werk van Christus om te red.
- Die teenoorgestelde opvatting word in die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:6[207] beskryf wanneer daar verwys word na Paulus wat in sy ywer vir die kerk 'n vervolger van die kerk van Christus geword het. Die rede daarvoor was dat hy nie op Christus vir sy verlossing vertrou het nie maar op homself.
- Die gevolg daarvan dat die leier besef dat hy Christus alleen moet vertrou, is dat hy biddend na 'n innige verhouding met Christus soek. Hierdie saak word verder uiteengesit in die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 3:10,[208] waar Paulus sê dat dit sy enigste wens is om Christus te ken. Voor Paulus se bekering het sy verhouding met God uit 'n stel reëls bestaan wat hy moes nakom om gered te word, maar ná sy bekering het hierdie verhouding gegroei tot 'n diep persoonlike verhouding met Christus. Hy wou Christus en die diepte van sy verlossingswerk leer ken deur "die krag van sy opstanding [te] ondervind", "deel te hê aan sy lyding" en "gelyk te word in sy dood".
- Ten opsigte van die dood het die gelowige leier ook geestelike onderskeidingsvermoë nodig. In die vers-vir-vers-eksegese van Filippense 1:23[209] is daarop gewys dat Paulus sy dood nie as iets beskou het wat vir hom en elke gelowige gevaar inhou nie. Hy sien die dood eerder soos 'n verhuising van die een plek na 'n ander (vgl. ook 2 Kor. 5:1).

---

[204] Kyk *Vers 18 –"… of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak…"* (p. 283) en *"… en daaroor is ek bly"* (p.283).
[205] Kyk *Vers 2 – "Pas op vir daardie dwaalleraars…"* (p. 267).
[206] Kyk *Vers 3 – "Ons het die ware besnydenis…"* (p. 267), *"… ons wat God deur Sy Gees dien…"* (p. 267) en *"… ons wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie"* (p. 268).
[207] Kyk *Vers 6 – "… in my ywer 'n vervolger van die kerk…"* (p. 269) en *"… in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik"* (p. 270).
[208] Kyk *Vers 10 – "Al wat ek wens, is om Christus te ken…"* (p. 272), *"… die krag van sy opstanding te ondervind…"* (p. 273) en *"… en deel te hê aan sy lyding…"* (p. 273).
[209] Kyk *Vers 23 – "… ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees…"* (p. 286).

Die geestelike onderskeidingsvermoë van Paulus as leier

Op grond van die eksegese van bogenoemde teksgedeeltes kan afgelei word dat die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingvermoë* soos volg in Paulus se leierskap figureer:

- Paulus se geestelike onderskeidingsvermoë word sigbaar in sy hantering van sy omstandighede. Sy blydskap word nie bepaal deur sy omstandighede nie, maar hy besef dat selfs ook die slegte omstandighede in diens van God se koninkryk staan.
- In Paulus se lewe ná sy bekering is dit duidelik dat hy ook die geestelike onderskeidingsvermoë het om in te sien dat hy alleen in Christus gered kan word. Die gevolg van hierdie insig was die begeerte na 'n diep en innige verhouding met Christus.
- Die dood is ook nie vir Paulus 'n angswekkende vooruitsig nie, maar eerder 'n verhuising na sy ewige woonplek by God.

Beginsels vir die geestelike onderskeidingsvermoë van die leier

Uit die realisering van die leierskapsbegrip *geestelike onderskeidingsvermoë* in Paulus se leierskap word die volgende beginsels/norme vir die leierskap van die predikant afgelei:

- Die leier moet die nodige geestelike onderskeidingsvermoë hê om die volgende twee beginsels van geestelike onderskeidingsvermoë in te sien: Aan die een kant word die leier se blydskap nie bepaal deur sy omstandighede nie maar deur sy verhouding met Christus. As Christus 'n persoon se blydskap bepaal, sal hy in alle omstandighede bly kan wees, want niks kan hom van die liefde van Christus skei nie (vgl. Rom. 8:38-39). Aan die ander kant moet die leier besef dat goeie sowel as slegte omstandighede deur die Here gebruik word om sy koninkryk op te bou en uit te bou.
- 'n Leier met geestelike onderskeidingsvermoë besef ook dat daar niks is wat hy kan doen om gered te word nie. Christus het alles vir hom en in sy plek gedoen. Wanneer die leier hierdie waarheid besef, sal hy begeer om 'n diep en innige verhouding met Christus te hê.
- Ten opsigte van die dood sal 'n leier met geestelike onderskeidingsvermoë sy hoof met dapperheid kan oplig wanneer hy die dood in die gesig staar omdat hy sal onthou wat Christus vir hom gedoen het. In Christus kan die gelowige leier deur die dood na sy ewige woonplek saam met sy Verlosser verhuis.

4.5.5.7 Samevattende opmerking oor die leierskap van Paulus

Uit die eksegese van Paulus is dit duidelik dat hy alles wat Jesus sy dissipels van leierskap geleer het, tot ontplooiing laat kom in sy voorbeeld en sy leer aan die gemeentes wat hy bedien het.

4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe die verskillende leierskapsbegrippe in die leierskap van Jesus en Paulus gefigureer het. Onder elkeen van die leierskapsbegrippe by Jesus én by Paulus is beginsels vir die effektiewe en verantwoordelike leierskap van die predikant geformuleer. Hierna volg 'n samevatting van die beginsels.

4.6.1 Onderdanige vertroue

- Met onderdanige vertroue moet die leier volkome op Christus se verlossingswerk vertrou. Slegs deur die werk wat Christus gedoen het, kan die leier vryspraak ontvang.
- Die leier moet besef dat dit alleen deur die kragtige werk van die Heilige Gees is dat mense se harte vir die waarheid ontvanklik gemaak kan word. In sy werk is dit daarom belangrik dat die leier onderdanig op God se krag vertrou.
- Onderdanige vertroue behels ook dat die leier in slegte omstandighede hom aan God se wil moet onderwerp en daarom moet hy vertrou dat geen omstandighede vir die Almagtige 'n hindernis is nie.
- Ten opsigte van die toekoms wat vir die leier onduidelik en selfs donker kan lyk, moet die leier onderdanig vertrou dat dit alleen God is wat die begin en einde van die mens se bestaan bepaal.

Praktiese toepassing van onderdanige vertroue

Die leier moet God onderdanig vertrou vir sy verlossing, sukses in sy werk, die omstandighede waarin hy sy werk doen en vir wat die toekoms vir hom sal inhou. Hy moet dus sy hele lewe deur in onderdanige vertroue op God leef.

4.6.2 Status met verantwoordelikheid

- Deur die genade wat die gelowige in Christus ontvang, kry hy die status om kind van God te wees. Die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan, is gehoorsaamheid aan die wil van God. Die leier se lewe moet getuig van sy kindskap.
- Status met verantwoordelikheid mag nooit daartoe lei dat die leier hoogmoedig raak nie. Hoogmoed getuig daarvan dat die leier nie besef dat hy vanweë sy sonde net so skuldig soos enige ander persoon voor God staan nie. In Christus is almal gelyk voor God.

Praktiese toepassing van status met verantwoordelikheid

Deur die genade wat hy in Christus ontvang, ontvang die leier ook ’n nuwe status, naamlik kind van God. Die verantwoordelikheid wat met hierdie status gepaardgaan, is dat die leier sy kindskap moet bewys deur sy lewe in dankbaarheid aan sy Vader te wy.

4.6.3 Gesag met liefde

- Om te kan bestuur, word daar gesag aan die leier gegee. Met hierdie gesag kan hy mense se lewens positief of negatief beïnvloed. Hy moet hierdie gesag met liefde bestuur en hy kan dit alleen doen as hy sien hoedat Christus die gesag wat die Vader aan Hom gegee het, só met liefde bestuur dat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê. Voordat die leier nie besef watter groot skat hy in Christus ontvang het nie, sal hy nie die gesag wat hy van die Here ontvang met liefde kan of wil bestuur nie.
- Wanneer die leier se eie voordeel belangriker word as sy verhouding met Christus sal dit ongetwyfeld daartoe lei dat hy die gesag wat hy ontvang, misbruik. ’n Goeie leier weet hoe om die gesag wat aan hom gegee word, met liefde te bestuur, want sy doelwit is die opbou en uitbou van die koninkryk van God.

Praktiese toepassing van gesag met liefde

’n Leier moet oortuig wees dat die gesag wat hy het, uit liefde deur Christus aan hom gegee is; daarom moet hy die gesag bestuur tot die voordeel van elkeen wat in Christus glo. Hy sal dit alleen kan doen as hy ’n innige verhouding met Christus het en besef dat Christus die gesag wat aan Hom opgedra is, tot die voordeel van elkeen wat in Hom glo, bestuur.

4.6.4 Herderlike leiding

- ’n Belangrike beginsel vir herderlike leiding is dat die leier bereid sal wees om selfs sy lewe te gee om te verseker dat sy volgelinge deur die ingang (Christus) gaan. Daarom sal ’n goeie leier ook nie skroom om vir die waarheid op te kom nie.
- In herderlike leiding moet die leier vooruitloop deur die voorbeeld wat hy stel. Deur sy lewe moet hy aan die skape kan wys dat ’n lewe wat aan God gewy word, groot vrede inhou. Sy verhouding met Christus moet diep en innig wees om sy volgelinge na Christus te kan lei.
- ’n Leier wat herderlike leiding gee, ken sy volgelinge se diepste behoeftes. Hy moet ’n innige verhouding met elkeen hê omdat hy hulle alleen herderlik kan lei wanneer hy hul denke verstaan. Die persoonlike verhouding met die volgelinge waarin opregte liefde en meelewing openbaar word, is essensieel vir herderlike leiding.

Praktiese toepassing van herderlike leiding

'n Grondbeginsel van herderlike leiding is die opregte begeerte van die leier om sy volgelinge na Christus toe te lei. Daarvoor is daar veral drie vereistes, naamlik 'n selfopofferende liefde vir Christus, die begeerte om deur 'n innige verhouding met Christus 'n voorbeeld vir sy volgelinge te stel en 'n innige verhouding met sy volgelinge.

4.6.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

'n Leier kan alleen regverdig in sy doen en late wees wanneer hy die Waarheid (Jesus) liefhet. Wanneer Christus alles in die leier se lewe is, sal hy nie die waarheid (die teenoorgestelde van die leuen) vir eiegewin verdraai nie, omdat Christus (die Waarheid) vir hom die grootste skat is. Die leier moet 'n lewe lei wat kenmerkend daarvan is dat sy fondament die Waarheid is en dit sal veral sigbaar word in die regverdigheid waarmee hy optree.

Praktiese toepassing van waarheidsbegronde regverdigheid

'n Leier wat waarheidsbegronde regverdigheid nastreef, sal die waarheid met alles in hom liefhê omdat Christus die Waarheid is. Die gevolge van liefde vir die Waarheid word sigbaar in regverdigheid.

4.6.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

- 'n Grondbeginsel vir geestelike onderskeidingsvermoë is die besef dat Christus die enigste weg tot die saligheid is. Dit hou in dat die leier besef dat hy sonder voedsel (die nodige lewensmiddele) steeds die ewige lewe kan ontvang, maar sonder God is hy vir ewig verlore. Nie sy lewensomstandighede bepaal sy geluk en sukses nie, maar sy verhouding tot Christus. Die leier moet dus aan die volgende twee beginsels vashou: Aan die een kant word die leier se blydskap nie bepaal deur sy omstandighede nie maar deur sy verhouding met Christus. As Christus 'n leier se blydskap bepaal, sal die leier in alle omstandighede bly kan wees, want niks kan hom van die liefde van Christus skei nie (vgl. Rom. 8:38-39). Aan die ander kant weet die leier ook dat goeie sowel as slegte omstandighede deur die Here gebruik word om sy koninkryk op te bou en uit te bou.
- Geestelike onderskeidingsvermoë berus op die beginsel dat die reëls van die koninkryk anders is as dié van die wêreld. In die koninkryk van God is die een wat die belangrikste is, die een wat dien en nie die een wat gedien word nie. Net so kan kerklike eenheid nie bereik word deur die blote najaag van doelwitte nie, maar dit is alleen moontlik wanneer Christus die middelpunt van aanbidding is.

Praktiese toepassing van geestelike onderskeidingsvermoë

- Die leier moet besef dat geestelike onderskeidingsvermoë nodig is om in te sien dat omstandighede nie sy geluk en sukses bepaal nie.
- Verder moet die leier ook besef dat daar ander reëls in die koninkryk van God as in die wêreld geld.

4.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Nuwe Testament oor leierskap

- Uit die eksegese van Skrifgedeeltes oor Jesus en Paulus se leierskap kan afgelei word dat die verskillende leierskapsbegrippe, naamlik *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë* nuwe betekenis kry in die lig van Jesus se leierskap.
- Wanneer die leier in 'n innige verhouding met Christus leef, jaag hy nie blote reëls na om te bewys dat hy dit werd is om "Christen" genoem te word nie. Christus gee hom 'n nuwe identiteit deur sy verlossingswerk en Christus se groot offer bring mee dat die leier Christus met sy hele lewe uit dankbaarheid wil navolg.

In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting gegee word van die eksegetiese afleidings uit die Ou en Nuwe Testament oor die leierskapsbegrippe en die riglyne wat daarvolgens vir die Afrikaanssprekende predikant in die GKSA in die gemeente se roeping geformuleer kan word.

Hoofstuk 5

Praktiese toepassing van beginsels vir effektiewe en verantwoordelike leierskap

5.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 en 4 is eksegeties en kultuurhistories te werk gegaan om uit die Ou en Nuwe Testament basisteoretiese beginsels vir die leierskapseienskappe wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, af te lei. In hierdie hoofstuk word die beginsels uit die Ou Testament saam met die toepassing van beginsels eers onder die gepaste leierseienskap saamgevat; daarna word dieselfde prosedure vir beginsels uit die Nuwe Testament gevolg. Aan die einde van die hoofstuk word 'n grondbeginsel vir elke leierseienskap geformuleer en aangedui hoe die toepassing van die grondbeginsel kan bydra tot die effektiewe en verantwoordelike leierskap van die predikant in die gemeente se roeping.

5.2 Afleidings uit Hoofstuk 2: Woordstudie

Die kernleierskapsbegrippe wat in die Ou en Nuwe Testament afgelei is uit die woorde wat in Afrikaans met die woord "leier" vertaal is, is *onderdanige vertroue*, s*tatus met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding, waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë* (vgl. 2.7, p. 94). Hierdie begrippe word voorgestel in *Diagram 3: Voorstelling van die leierskapsbegrippe* (p. 305).

5.3 Afleidings uit Hoofstuk 3: Ou Testament

Uit die eksegese wat in Hoofstuk 3 met betrekking tot die leierskap van Moses en Saul onderneem is, is die volgende riglyne uit die bespreking van die leierskapsbeginsels afgelei (vgl. 3.7, p. 198).

5.3.1 Onderdanige vertroue

- Die leier moet die nodige eerbied en respek vir God hê deur hom in nederigheid aan God se wil te onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou.
- Die leier moet met geloofsvertroue aan God se beloftes wat Hy in sy woord maak, vashou met die wete dat God se tyd nie noodwendig die leier se tyd is nie.



Diagram 3: Voorstelling van die leierskapsbegrippe

- Die leier moet God se Woord bestudeer om Hom te leer ken aangesien die leier se geloof nie groter kan wees as wat Hy van God begryp as die objek van sy geloof nie.
- Die leier moet weet dat wanneer almal om hom paniekerig is hy God in gebed om hulp moet vra.

Praktiese toepassing

- Die leier moet besef dat hy met elke oorwinning die eer steeds aan God moet gee omdat Hy die krag en energie gegee het om die oorwinning moontlik te maak.
- Ten opsigte van die goedgesindheid van mense moet die leier besef dat hy steeds eerder op God moet vertrou as om mense te probeer tevrede stel en in die proses God te verloën.
- Indien die leier nie gewillig is dat God hom moet lei nie, is hy ook nie waardig om ander te lei nie, omdat hy sy eie god geword het.

- ’n Leier het nie nodig om op enigiemand jaloers te wees nie omdat hy op God vertrou wat aan hom alles sal voorsien wat hy nodig het om sy roeping suksesvol uit te voer. Sy verhouding met Christus is vir hom daarom belangriker as sy besittings, roem of sukses.
- ’n Leier sal nie in homself roem nie, omdat God die middelpunt van sy lewe is en hy alleen aan God die eer wil gee.

5.3.2 Status met verantwoordelikheid

- ’n Leier se status bestaan daaruit dat God aan hom die nodige gesag gee en daarom sal God die leier ook in staat stel om sy roeping suksesvol uit te voer.
- Die leier moet egter ook besef dat God aan hom ’n ereposisie gee wat met verantwoordelikheid gepaard moet gaan.
- Die verantwoordelikheid van die leier is dus om sy status so te gebruik dat hy ’n positiewe invloed op ander se lewens het.

Praktiese toepassing

Die leier hoef nie bekommerd te wees oor ’n gebrek aan vermoëns, aansien en prestasie nie. God stel die leier in die posisie aan en God sal ook aan hom die nodige vermoëns gee om sy taak suksesvol af te handel.

5.3.3 Gesag met liefde

- Die leier probeer altyd om die gesag wat God aan hom gee, in gehoorsaamheid (liefde tot God en liefde tot naaste) aan God aan te wend.
- Vir die leier is dit belangrik om te besef dat God die bron van sy krag is. Hy is alleen tot alles in staat omdat God aan hom die krag daartoe gee.

Praktiese toepassing

- ’n Leier kan nie die gesag wat God aan hom gee met liefde bestuur as hy God nie bo alles in sy lewe liefhet nie. Christus moet eerste wees en nie die eie ek nie (Joh. 3:30). Daarom sal wat mense dink en wat mense voel vir die leier altyd ondergeskik aan sy gehoorsaamheid aan God wees.
- Die Here gee aan die leier bepaalde gesag wat hy só moet bestuur dat sy liefde vir God en sy naaste daarin sigbaar word. Sy liefde vir God word veral geopenbaar wanneer hy die gesag ontvang om te oordeel maar besluit om in gehoorsaamheid aan God die oordeel eerder aan God, wat regverdig sal oordeel, oor te laat (vgl. 1 Pet. 2:23).

5.3.4 Herderlike leiding

- ’n Leier besef wat sy Herder bereid was om vir hom te betaal en daarom is die leier bereid om sy hele lewe in diens van die Here te stel.
- ’n Leier staan gevolglik nie apaties teenoor die lyding en verdrukking van die mense wat hy lei nie.

Praktiese toepassing

- Die leier sal lankmoedig omgaan met mense wat in hul sonde volhard soos wat God telkens met hom lankmoedig is.
- ’n Ware leier se fokus is nie op homself gerig nie, maar daarop om die mense wat die Here onder sy sorg geplaas het, te dien.

5.3.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

Die leier moet die volle waarheid praat en liefhê aangesien hy die God dien wat die Vader van die Waarheid is. Optrede wat in die waarheid begrond is, maak dit vir die leier moontlik om regverdig op te tree.

Praktiese toepassing

- Halwe waarhede is so goed soos ’n leuen.
- Berou moet ook opreg wees en nie net vir die skyn daarvan nie.
- Omdat die leier ook die waarheid oor homself glo (nuut in Christus), sal hy beledigings nie persoonlik opneem nie.

5.3.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

- Die leier se geestelike onderskeidingsvermoë is nou gekoppel aan sy verhouding met God. Hoe beter die leier God ken, hoe meer insig sal hy in moeilike omstandighede hê.
- Die leier met geestelike onderskeidingsvermoë het die wysheid om verder te kyk as die tydelike dinge om ook dit wat ewigheidswaarde het, raak te sien. Daarom moet die leier sy lewe altyd vanuit ’n ewigheidsperspektief sien deur altyd sy oë op die eindpunt saam met God te rig.

Praktiese toepassing

- Die leier besef dat hý mense nie van ’n saak kan oortuig nie en daarom laat hy dit geheel en al aan God oor om sy wil te laat geskied.

- ’n Leier sal hom altyd tot God in gebed wend om in moeilike omstandighede aan hom uitkoms te gee.
- Dit is vir die leier baie belangriker om sy lewe aan God te wy as om verskillende godsdienstige reëls na te kom.
- ’n Leier met geestelike onderskeidingsvermoë sal die omvang van sy sonde beter verstaan sodat die berou wat hy het, opreg kan wees.
- Geestelike onderskeidingsvermoë gee aan die leier die nodige wysheid om te besef dat niemand iets aan sy lewe kan doen as dit nie die Here se wil is nie (Rom. 8:28 & 38-39) en daarom hoef die leier ook nie vir dreigemente bang te wees nie.

5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament

Uit die eksegese wat in Hoofstuk 4 met betrekking tot die leierskap van Jesus en Paulus onderneem is, is die volgende beginsels uit die bespreking van elkeen van die leierskapsbegrippe afgelei (vgl. 4.6, p. 300).

5.4.1 Onderdanige vertroue

- Met onderdanige vertroue moet die leier volkome op Christus se verlossingswerk vertrou. Slegs deur die werk wat Christus gedoen het, kan die leier vryspraak ontvang.
- Die leier moet ook besef dat dit alleen deur die kragtige werk van die Heilige Gees is dat mense se harte vir die waarheid ontvanklik gemaak kan word. In sy werksomstandighede is dit daarom belangrik dat die leier onderdanig op God se krag moet vertrou.
- Onderdanige vertroue behels ook dat die leier in slegte omstandighede hom aan God se wil moet onderwerp en daarom moet hy ook vertrou dat geen omstandighede vir die Almagtige ’n hindernis is nie.
- Ten opsigte van die toekoms wat vir die leier onduidelik en selfs donker kan lyk, is onderdanige vertroue nodig omdat dit alleen God is wat die begin en einde van die mens se bestaan bepaal.

Praktiese toepassing

Die leier moet God onderdanig vertrou ten opsigte van sy verlossing, die sukses in sy werk, die omstandighede waarin hy sy werk verrig en sy toekoms. Sy hele lewe moet daarom in onderdanige vertroue gelei word.

5.4.2 Status met verantwoordelikheid

- Deur die genade wat die gelowige in Christus ontvang, kry hy die status om kind van God te wees. Die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan, is gehoorsaamheid aan die wil van God. Die leier se lewe moet van sy kindskap getuig.
- Status met verantwoordelikheid mag nooit daartoe lei dat die leier hoogmoedig raak nie. Hoogmoed getuig daarvan dat die leier nie besef dat hy vanweë sy sonde net so skuldig soos enige ander persoon voor God staan nie. In Christus word almal gelyk voor God.

Praktiese toepassing

Deur die genade wat hy in Christus ontvang, ontvang die leier ook 'n nuwe status, naamlik kind van God. Die verantwoordelikheid wat met hierdie status gepaardgaan, is dat die leier sy kindskap moet bewys deur sy lewe in dankbaarheid aan sy Vader te wy.

5.4.3 Gesag met liefde

Wanneer die leier se eie voordeel belangriker as sy verhouding met Christus word, sal dit ongetwyfeld daartoe lei dat hy die gesag wat hy ontvang, misbruik. 'n Goeie leier weet hoe om die gesag wat aan hom gegee word, met liefde te bestuur, want sy doelwit is die opbou en uitbou van die koninkryk van God.

Praktiese toepassing

'n Leier sal die gesag wat hy van God ontvang alleen met liefde bestuur as hy 'n innige verhouding met Christus het en hy oortuig is en oorweldig is dat Christus die gesag wat aan Hom opgedra is, met liefde bestuur tot voordeel van elkeen wat in Hom glo.

5.4.4 Herderlike leiding

- 'n Belangrike eienskap van 'n leier wat herderlike leiding gee is dat hy bereid is om selfs sy lewe te gee om te verseker dat sy volgelinge deur die ingang (Christus) gaan. Daardie persoonlike verhouding met die volgelinge waarin opregte liefde en meelewing openbaar word, is van uiterse belang. Daarom sal 'n goeie leier ook nie skroom om vir die waarheid op te kom nie.
- 'n Leier wat herderlike leiding gee, ken ook sy volgelinge se diepste behoeftes. Hy moet 'n innige verhouding met elkeen hê omdat hy hulle alleen herderlik kan lei as hy hulle denke verstaan.

Praktiese toepassing

Die leier wat herderlike lei, is iemand wat 'n opregte begeerte het om sy volgelinge na Christus toe te lei. Daarom word herderlike leiding veral deur drie kenmerke onderskei, naamlik opregte liefde en meelewing met die volgelinge, 'n innige verhouding met Christus en kennis van sy volgelinge om te weet wat die dinge is wat hulle verhinder om Christus te volg.

5.4.5 Waarheidsbegronde regverdigheid

'n Leier kan alleen regverdig in sy doen en late wees as hy die Waarheid (Jesus) liefhet. Wanneer Christus die belangrikste in die leier se lewe is, sal hy nie die waarheid vir eiegewin wil verdraai nie, omdat Christus (die Waarheid) vir hom die grootste skat is. Die leier moet 'n lewe lei wat kenmerkend daarvan is dat sy fondament die Waarheid is en dit sal veral sigbaar word in die regverdigheid waarmee hy handel.

Praktiese toepassing

'n Leier wat waarheidsbegronde regverdigheid nastreef, sal die waarheid met alles in hom liefhê omdat Christus die Waarheid is. Die gevolg van liefde vir die Waarheid word sigbaar in regverdigheid.

5.4.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

- Die leier het geestelike onderskeidingsvermoë nodig om te besef dat hy sonder voedsel (die nodige lewensmiddele) steeds die ewige lewe kan ontvang maar sonder God is hy vir ewig verlore. Daarom bepaal 'n leier se lewensomstandighede nie sy geluk en sukses nie, maar sy verhouding tot Christus. Christus is die enigste weg tot saligheid.
- Geestelike onderskeidingsvermoë is ook nodig om te begryp dat die reëls van die koninkryk anders is as dié van die wêreld. In die koninkryk van God is die een wat die belangrikste is, die een wat dien en nie die een wat gedien word nie. Net so kan kerklike eenheid nie bereik word deur die najaag van doelwitte nie, maar alleen deur Christus die middelpunt van aanbidding te maak.

Praktiese toepassing

- Die leier moet die nodige geestelike onderskeidingsvermoë hê om te besef dat sy omstandighede nie sy geluk en sukses bepaal nie.
- Verder moet die leier ook besef dat daar in die koninkryk van God ander reëls as in die wêreld geld.

5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping

In die samevatting hierna word die verskillende beginsels van elke leierseienskap telkens in 'n grondbeginsel saamgevat. Daar word ook aangedui hoe die toepassing van die grondbeginsel (beklemtoon deur die skuinsdruk) na die gemeente kan deurwerk om daartoe by te dra dat die lidmate as 'n gemeente hul roeping sal vervul.

Onderdanige vertroue

Die leier moet in onderdanige nederigheid hom aan God se wil onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou *en só vertroue by ander kan skep*.

Status met verantwoordelikheid

Die status as kind van God, wat deur die leier van God ontvang word, eis van hom om in verantwoordelikheid aan God gehoorsaam te wees *en om 'n verantwoordelike gesindheid van nederigheid en ootmoed te toon en by ander aan te moedig.*

Gesag met liefde

Die gesag wat die leier as bestuurder van God ontvang, moet hy met liefde bestuur *om die lewens van die mense aan wie hy leiding gee, positief tot intieme(r) liefde te beïnvloed*.

Herderlike leiding

'n Leier moet as 'n herder deur sy voorbeeld leiding gee. *Dit hou in dat hy die vrede, vreugde, liefde en genade wat hy van Christus ontvang het aan sy volgelinge moet deurgee en by hulle moet aanwakker.*

Waarheidsbegronde regverdigheid

Die leier moet, in navolging van Christus, die waarheid tot elke prys nastreef *om sodoende regverdig te kan optree en ook ander te kan beïnvloed om sy voorbeeld te volg.*

Geestelike onderskeidingsvermoë

'n Leier se verhouding met die wyse God moet hom in staat stel om die onderskeidingsvermoë wat die Gees gee, in alle omstandighede so toe te pas dat hy met wysheid kan onderskei

tussen reg en verkeerd, belangrik en minder belangrik. *Verder moet hy deur sy voorbeeld die vermoë ook by ander laat ontwikkel.*

5.6 Diagrammatiese voorstelling

Uit die eksegese was dit duidelik dat die leier alleen in 'n hegte verhouding met Christus in staat gestel sal word om hierdie ses beginsels in sy leierskap so toe te pas dat dit ook in die gemeente se vervulling van hul roeping sigbaar sal word. In *Diagram 4: Transformasie van die leierskapsbeginsels deur die vernuwing wat Christus bring* (p. 312) word aangetoon hoe die "ou mens" in en deur Christus vernuwe word om die leierskapsbeginsels uit te leef wat by 'n kind van God pas.




Diagram 4: Transformasie van die leierskapsbeginsels deur die vernuwing wat Christus bring

Hoofstuk 6

Interpreterende taak: perspektiewe van ander vakgebiede oor leierskap

6.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 is ses leierskapsbegrippe op grond van 'n woordstudie voorgestel, naamlik *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en geestelike onderskeidingsvermoë.[210] Hierdie ses begrippe is verder belig in die eksegese van geselekteerde Skrifgedeeltes wat oor die lewens van Moses, Saul, Jesus en Paulus handel (Hoofstuk 3[211] en Hoofstuk 4[212]). In Hoofstuk 5[213] is 'n opsomming gegee van die inligting wat deur die eksegese versamel is. Binne die raamwerk van Osmer se teorie is die normatiewe taak dus in Hoofstuk 2 tot 5 uitgevoer.

Osmer se interpreterende taak in hierdie navorsing oor die effektiewe leierskap van predikante word in Hoofstuk 6 onderneem. Die taak word soos volg deur Osmer (2008:92) beskryf: "Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring." Hy vereenvoudig die beskrywing deur daarop te wys dat daar met die interpreterende taak probeer word om die volgende vraag te beantwoord: "Waarom is dit aan die gebeur?" Die metode wat deur hom voorgestel word om die vraag te beantwoord, is om 'n oorsig te gee van die historiese agtergrond, die ontwikkeling en toepassing van die algemene navorsingsingsonderwerp in ander vakgebiede. Die onderwerp in hierdie geval is leierskap.

6.2 Doelstellings

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om ondersoek in te stel na die raakvlakke van hulpwetenskappe wat dieselfde werklikheidsveld – leierskap – ondersoek om die bevindings van die teologies-normatiewe taak te verhelder. Die resultaat van hierdie ondersoek sal gebruik

---

[210] Kyk *2.7 Afleidings* (p. 94).
[211] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap* (p. 198).
[212] Kyk *4.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Nuwe Testament oor leierskap* (p. 303).
[213] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in die gemeente se roeping (p. 311) en *Diagram 4: Transformasie van die leierskapsbeginsels deur die vernuwing wat Christus bring* (p. 312).

word om vas te stel in watter mate die resultate van die hulpwetenskappe gebruik kan word om die rol van leierskap van predikante verder te belig en te verryk. Die hulpwetenskappe wat betrek word, is bedryfsosiologie en kommunikasiekunde.

Bedryfsosiologie

Die Noordwes-Universiteit (2014) beskryf die doel van die vak Bedryfsosiologie soos volg op hul webblad:

> "Alles wat op die individu en sy/haar interaksie met die werksomgewing betrekking het, is die bedryfsosioloog se studieveld. Die studie van werksplekke as komplekse organiese of sosiotegniese stelsels met behulp waarvan individue en groepe 'n mate van balans tussen die eise van die werksituasie en hulle eie doelwitte bereik, is een van die elemente van die vakgebied. Bedryfsosiologie is verder ook betrokke by die bestudering van werksgroepe (formeel en informeel) en hulle stelsels van verwantskappe, doelwitte en oortuigings, veral waar dit van die van bestuur verskil. Die bestudering en ontleding van die omvattende veld van arbeids-/diensverhoudings en arbeidswetgewing vorm 'n geïntegreerde deel van die vakgroep. Bedryfsosiologie fokus ook op die studie en ontleding van die interaksie tussen individue en groepe in die werks- en niewerksareas van die lewe."

Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat bedryfsosiologie só omvangryk is dat dit onmoontlik is om alle fasette van die vakgebied te bestudeer, maar aangesien hierdie vakgebied op die bestudering van werksgroepe en hulle stelsels van verwantskappe, doelwitte en oortuigings konsentreer, kan dit moontlik baie lig werp op leierskap in groepsverband.

Kommunikasiekunde

Kommunikasiekunde is volgens Fourie (1978:14) een van die jongste wetenskappe in die veld van die geesteswetenskappe. Die vakgebied bestaan uit verskillende afdelings soos korporatiewe kommunikasie, joernalistiek, film- en mediastudies, uitgewery, politieke kommunikasie en retoriek. Laasgenoemde is al voor Christus deur die Grieke bestudeer en is die oudste van die subdissiplines.


Net soos in die geval van bedryfsosiologie is die omvang van hierdie vakgebied te groot om in besonderhede te bestudeer, maar bestaande studies in die veld van kommunikasiekunde kan ook lig werp op die manier hoe leiers effektiewer kan kommunikeer. Aangesien die grootste deel van die predikant se beroep uit kommunikasie bestaan, behoort 'n studie van kommunikasie van groot hulp vir sy rol as leier in die gemeente te wees.

Vanweë die omvangrykheid van hierdie twee hulpwetenskappe sal daar in hierdie navorsing in albei gevalle slegs aan enkele aspekte aandag gegee word. Dit word gedoen deur 'n aantal artikels uit die nuutste navorsing in elkeen van die hulpwetenskappe te bestudeer en ontleed. Om bogenoemde doelstelling te bereik, word aan die volgende aspekte aandag gegee:

6.3 Inleiding: Louw en Edwards (1998) se historiese oorsig van leierskap (p. 315)
6.4 Belangrike bevindings in bedryfsosiologie (p. 317)
6.5 Belangrike bevindings in kommunikasiekunde (p. 335)
6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe (p. 352)


6.3 Inleiding: Louw en Edwards (1998) se historiese oorsig van leierskap

Volgens Louw en Edwards (1998:769) is daar tot in die laat 1940's probeer om die eienskappe en persoonlikheidstrekke wat met leierskap geassosieer word, te identifiseer.



Figuur 1: Blake en Mouton se bestuursmatriks, 1964

Eienskappe verskaf egter 'n beperkte begrip van die aard van leierskap en daarom het die klem verskuif na die verskillende gedragstyle wat leiers toon. In hierdie verband verwys Louw en Edwards (1998:769) na Blake en Mouton wat in 1964 'n bestuursmatriks ontwerp het wat tot 81 verskillende leierskapstyle onderskei (vgl. *Figuur 1: Blake en Mouton se bestuursmatriks, 1964,* p. 315). Die verskillende leierskapstyle word uitgestip op 'n matriks waarvan die horisontale as op 'n skaal van een tot nege die leier se betrokkenheid by produksie voorstel. Die vertikale as het ook 'n skaal van een tot nege, maar stel die leier se betrokkenheid by mense voor. Die effektiefste leier is volgens Louw en Edwards (1998:769) die persoon met 'n 9,9-styl, wat dui op 'n hoë betrokkenheid by produksie sowel as 'n hoë besorgdheid oor mense. Verder sal die leier met 'n 1,9-stylleierskap deelnemende leierskap bevorder, terwyl die leier met 'n 9,1-styl 'n outoritêre styl sal toepas.



Figuur 2: Die situasieleierskapsmodel – Hersey en Blanchard (1982)

Louw en Edwards (1998:770) wys op verdere navorsing wat deur Hersey en Blanchard in 1982 hieroor gedoen is. Hulle het die bogenoemde bestuursmatriks verder ontwikkel en dit die *situasieleierskapsmodel* (kyk *Figuur 2: Die situasieleierskapsmodel – Hersey en Blanchard (1982)*, p. 316) genoem. Hulle model staan ook op 'n horisontale as, wat die effektiwiteit van die leier se taak voorstel, en 'n vertikale as, wat die leiers se effektiwiteit in verhoudings voorstel. Die vier belangrikste leierskapstyle wat deur hierdie model voorgestel word, is die bevelende styl, verkoopstyl, deelnemende styl en delegerende styl. Die situasieleierskapsmodel bied volgens Louw en Edwards (1998:770) ook 'n verduideliking waarom verskillende leierskapstyle in verskillende situasies gepas is. In hierdie model word die volwassenheid van die volgelinge direk gekoppel aan die tipe leierskap wat nodig is. 'n Hoë vlak van volwassenheid onder die volgelinge sal om 'n delegerende leierskapstyl vra, terwyl 'n lae vlak van volwassenheid 'n bevelende leierskapstyl sal vereis.

Die beperking van hierdie model is volgens Louw en Edwards (1998:770) dat dit steeds nie 'n duidelike beeld gee van wat dit behels om 'n goeie leier te wees nie; daarom word daar in verdere navorsing probeer om vas te stel wat leiers in staat stel om hul volgelinge tot uitnemendheid te inspireer en met lojaliteit en toewyding te besiel. *Transformasionele leierskap*, wat in 1995 na vore gekom het, het probeer om in die behoefte te voorsien deur die klem te plaas op die leier wat sy volgelinge inspireer om 'n visie en missie, wat gewoonlik 'n beter toekoms vir almal beloof, te laat realiseer (Louw & Edwards, 1998:770).

Louw en Edwards (1998:770) sluit hulle artikel oor leierskap af deur daarop te wys dat daar nog nie 'n bevredigende model bestaan om die kwaliteite van 'n goeie en gerespekteerde leier te definieer nie. Teen hierdie agtergrond sal die navorsing wat oor die afgelope paar jaar in die bedryfsosiologie en kommunikasiekunde gedoen is, bestudeer word om vas te stel watter lig die teorieë in elkeen van hierdie twee vakgebiede op die onderwerp van leierskap werp. Weens die gebrek aan tyd en ruimte sal net enkele artikels uit die mees onlangse navorsing bestudeer word om 'n paar waardevolle gesigspunte tot hierdie navorsing toe te voeg.

6.4 Belangrike bevindings in bedryfsosiologie

In die oorsig van bevindings in bedryfsosiologie word daar eers 'n samevatting van die definisies van leierskap in die vakgebied gegee en daarna word die mees onlangse navorsingsresultate ontleed.

6.4.1 Definisies van leierskap

Leierskap is een van die onderwerpe wat vanaf die vroegste tye bespreek en bestudeer word en daarom het baie definisies van leierskap deur die eeue na vore gekom. Winston Churchill (soos aangehaal deur Boseman, 2008:36) het *leierskap* soos volg gedefinieer: "Leadership is the ability to influence people to set aside their personal concerns and support a larger agenda – at least for a while." Sudja'i (2012:494) vergelyk die *leier se rol* met dié van 'n mens se hoof. 'n Leier is soos die hoof wat al die organe en liggaamsdele van die liggaam bestuur om 'n bepaalde doel te bereik. Anand en UdayaSuriyan (2010:65) definieer *leierskap* as die vermoë om mense te beïnvloed, te motiveer en te bemagtig om by te dra tot die effektiwiteit en sukses van die organisasie waarvan hulle deel is.

Die bogenoemde definisies kom almal kortliks daarop neer dat die leier 'n persoon is wat mense op 'n manier beïnvloed om sekere eindresultate te bereik.

6.4.2 Mees onlangse navorsingsresultate

Die volgende artikels/boeke word in hierdie afdeling bespreek deur te motiveer waarom die artikel/boek gekies is, die inhoud kortliks op te som en aan te dui in watter opsig die artikel/boek vir hierdie navorsing waardevol is:

6.4.2.1 "Directive versus Empowering Leadership" – Martin *et al*. (2013) (p. 318)
6.4.2.2 "Effective Leadership in a Changing World" – Boseman (2008) (p. 322)
6.4.2.3 "Applying Great Leadership Lessons" – Bednarz (2012) (p. 324)
6.4.2.4 *The Leadership Challenge* – Kouzes en Posner (2012) (p. 327)
6.4.2.5 *Polarity Management* – Johnson (1996) (p. 331)

6.4.2.1 "Directive versus Empowering Leadership" – Martin *et al*. (2013)

Die outeurs van "Directive versus Empowering Leadership" is S.L. Martin, H. Liao en E.L. Campbell.[214] Die artikel het in 2013 in *Academy of Management Journal* verskyn.

---

[214] Martin het sy PhD in organisasiesielkunde in 1987 aan die Ohio Staatsuniversiteit verwerf. Daarna het hy die volgende 20 jaar 'n verskeidenheid van organisasie-ontwikkelings- en mensehulpbronposisies beklee. Hy het vir groot maatskappye soos General Electric, IBM, McGraw-Hill en Payless ShoeSource gewerk. In 2008 is Martin as professor aangestel aan die Zayed Universiteit, waar hy in mensehulpbronbestuur onderrig gee. Hy konsentreer tans op die interaksie tussen leierskap en prestasiesbestuurstelsels, met die klem op interkulturele probleme (Zayed University, s.a.).

Liao is 'n professor in leierskap en bestuur aan die Robert H. Sakeskool van die Universiteit van Maryland. Sy het haar PhD in organisatoriese gedrag en mensehulpbronne aan die Universiteit van Minnesota verkry. Haar

6.4.2.1.1 Motivering vir die gebruik van hierdie artikel

In die probleemstelling in Hoofstuk 1[215] is daar genoem dat die omstandighede van kerkleiers baie verander het. In die verlede kon 'n outoritêre leierskap baie vrugbaar wees, maar dit is nie meer die geval nie. Hierdie artikel bied insig in die saak.

6.4.2.1.2 Opsomming van die artikel van Martin *et al*.

Martin *et al*. (2013:1373) vergelyk die uitwerking van direktiewe leierskap met dié van bemagtigende leierskap. Hierdie twee leierskapstyle word teenoor mekaar gestel ten opsigte van die mate waaring die leier rigting aandui (direktiewe leierskap) en die selfstandigheid wat die leier van die volgelinge verwag (bemagtigende leierskap). Die outeurs se definisie van *direktiewe leierskap* lui soos volg:

> "We define directive leadership as leader behaviours that provide followers with specific guidance regarding goals, means of achieving goals, and performance standards. Directive leaders also actively monitor performance and provide appropriate feedback contingent on employee performance."

Hulle onderskei direktiewe leierskap ook van transaksionele leierskap aangesien die leier in laasgenoemde leierskapstyl op voorwaardelike beloning en straf toegespits is. Aan die ander kant word daar in transaksionele leierskap minder klem geplaas op spesifieke leiding oor hoe om die doelwitte te bereik.

Volgens Martin *et al*. (2013:1375) het direktiewe leierskap die volgende nadele:

Die volgelinge verskuif hulle fokus weg van alternatiewe metodes om in hulle doelwitte te slaag en daarom is hulle nie proaktief nie.

Aktiewe kontrole deur die direktiewe leiers sal werknemers waarskynlik ontmoedig om van uitdruklik goedgekeurde paaie af te wyk om die doelwitte te bereik.

Direktiewe leierskap is geneig om 'n negatiewe uitwerking op die volgelinge se kreatiwiteit te hê.

'n Voorskriftelike tipe leierskap is volgens die outeurs geneig om die selfvertroue van die lede van 'n werksgroep te verminder en dit kan hulle verhoed om proaktief op te tree.

---

navorsing is tans toegespits op leierskap, gehaltedienslewering, prestasiesbestuurstelsels en diversiteit in die arbeidsmag (Robert H. Smith School of Business, s.a.).

Campbell is besig met haar PhD in bestuur en organisasie aan die Robert H. Smith Sakeskool van die Universiteit van Maryland. Sy het 'n voorgraadse graad in psigologie, wat sy aan die Universiteit van Michigan verwerf het en het al in verskeie tydskrifte gepubliseer (Beth Campbell, s.a.).

[215] Kyk *1.4.2.2 Veranderde omstandighede (*p. 6).

Voordele van direktiewe leierskap is volgens Martin *et al*. (2013:1374) die volgende:

Dat daar in direktiewe leierskap gereelde terugvoer aan die leier gegee word, bring mee dat prestasie verhoog word. Die rede daarvoor is dat direktiewe leiers in staat gestel word om hul werknemers se prestasie te kontroleer om seker te maak dat die vordering na wense is; wanneer dit nie die geval is nie, kan daar duidelike riglyne gegee word om die probleme op te los.

Dat die werknemer presies weet wat van hom verwag word, sal hom motiveer om die taak op 'n effektiewe manier af te handel.

Vir *bemagtigende leierskap* gee Martin *et al.* (2013:1375) die volgende definisie:

"We define empowering leadership as the process by which leaders share power with employees by providing additional responsibility and decision-making authority over work and resources as well as the support needed to handle the additional responsibility effectively."

Hulle gaan voort om bemagtigende leierskap met delegerende leierskap, deelnemende leierskap en transformasionele leierskap te vergelyk. Hulle meen dat bemagtigende leierskap in 'n groot mate by delegerende leierskap aansluit, maar tog daarvan verskil in die sin dat delegerende leierskap na die werknemer se eienaarskap van meer spesifieke take verwys, terwyl bemagtigende leierskap impliseer dat die werknemer ook deel het aan die breër verantwoordelikhede. Verder onderskei hulle bemagtigende leierskap van deelnemende leierskap in die sin dat deelnemende leierskap behels dat die leier die werknemer uitlok om 'n bydrae te lewer of dat die leier besluite saam met werknemers te neem, terwyl hierdie optrede oor die algemeen slegs as een aspek van bemagtigende leierskap beskou word. Laastens onderskei hulle bemagtigende leierskap van transformasionele leierskap. Laasgenoemde leierskap beklemtoon die leier se charisma, visie, intellektuele stimulering en inagneming van individuele volgelinge. Transformasionele leierskap sal soms, en ander kere glad nie, bemagtigende optrede insluit aangesien charismatiese en visionêre leiers steeds outokraties kan wees.

Martin *et al*. (2013:1375) beweer dat die volgende voordele van bemagtigende leierskap 'n positiewe houding onder die werknemers teenoor proaktiwiteit sal skep:

Bemagtigende leierskap delegeer outoriteit na die werknemer; dit betrek werknemers by die besluitnemingsproses; dit moedig werknemers aan om self te bestuur; en dit skep selfvertroue wat bydra tot die vermoë van die werknemer om uitdagende situasies te hanteer. Hierdie tipe leierskapsoptrede gee werknemers 'n gevoel van bekwaamheid en outonomie, wat daartoe bydra dat hulle gemotiveerd en proaktief werk.

Op ’n individuele vlak stel bemagtigende leierskap ook die individu in staat om die peil van sy kreatiwiteit en innoverende gedrag te verhoog.

Die gevolgtrekking van Martin *et al*. (2013:1377) in hul studie oor die verskil tussen direktiewe en bemagtigende leierskap is dat direktiewe én bemagtigende leierskap taakvaardigheid verbeter, maar dat slegs bemagtigende leierskap die proaktiewe gedrag van werknemers bevorder.

Daar is ook bevind dat direktiewe leierskap proaktiewe gedrag bevorder in eenhede wat baie tevrede met hulle leier is, terwyl bemagtigende leierskap effektiewer is om taakvaardigheid en proaktiwiteit te bevorder in eenhede wat tevrede met hulle leiers is én in eenhede wat ontevrede met hul leiers is.

In hul studie het hulle ook vasgestel dat werkseenhede wat nie met hul leier tevrede is nie, hul waarskynlik ook minder met die leier se waardes identifiseer of meen dat hulle (die werkseenhede) beter bevoeg is om die leiding te neem. Die gevolg is dat die werknemers geneig is om eerder hul eie idees te volg, wat meer probleme vir die direktiewe leier as vir die bemagtigende leier inhou.

Alhoewel direktiewe leierskap soms ’n negatiewe konnotasie onder leiers het omdat dit dalk te tradisioneel is of menslike keuses beperk, wys Martin *et al*. (2013:1388) daarop dat direktiewe leierskap steeds ’n belangrike deel van ’n leier se repertorium moet bly. Die rede daarvoor is dat leierskapsoptrede soos toesighouding oor werknemers en spesifieke doelwitte wat voorgehou word, steeds kritiek is om werkers te bestuur om die gewenste doelwitte te bereik.

Vanuit ’n koste-effektiewe oogpunt is direktiewe leierskap definitief aantrekliker, veral wanneer opdragte formeel gegee word en as die standaardmetode aanvaar word. Indien leiers egter proaktiewe gedrag wil bevorder, sal bemagtigende leierskap die antwoord wees.

6.4.2.1.3 Waardevolle inligting in die artikel

Die volgende inligting is waardevol vir die leierskap van die predikant:

- Bemagtigende leierskap bevorder proaktiewe gedrag, wat beteken dat lidmate wat deur ’n bemagtigende leier gelei word, meer daartoe geneig sal wees om hul eie inisiatief te neem as die lidmate wat deur ’n predikant met ’n direktiewe leierskapstyl gelei word.
- In die geval van bemagtigende leierskap is ’n hoë tevredenheid met die leier se manier van doen nie so noodsaaklik vir die bevordering van proaktiwiteit en taakvaardigheid nie.

- Direktiewe leierskap kan wel handig te pas kom in gevalle waar lidmate nog nie volwasse genoeg is om self as leiers op te tree nie en in gevalle waar sterker leiding gegee moet word om die gewenste doelwitte te bereik.

6.4.2.2 "Effective Leadership in a Changing World" – Boseman (2008)

Vervolgens word Glenn Boseman[216] se artikel "Effective Leadership in a Changing World", wat in 2008 in *Journal of Financial Service Professionals* verskyn het, bespreek.

6.4.2.2.1 Motivering vir die gebruik van hierdie artikel

In die probleemstelling wat in Hoofstuk 1 beskryf is,[217] is daar genoem dat daar in teologiese skole nie genoegsame aandag gegee word aan die bestuursvermoë van predikante nie. In die artikel van Boseman word kortliks bespreek wat van 'n effektiewe leier in 'n veranderende wêreld verwag word. Verder word daar ook antwoorde gegee op die vraag wat die morele waardes van 'n leier moet wees en word die belangrikheid van verhoudings om vertroue by navolgers te skep, beklemtoon.

6.4.2.2.2 Opsomming van die artikel van Boseman

Die hoofdoel van Boseman (2008) se artikel is om die werk van 'n leier te definieer. In die proses evalueer hy twee tipes leierskap, naamlik transaksionele en transformasionele leierskap.

Die werk van die leier is volgens Boseman (2008:36) vierledig, naamlik om te dink, om te inspireer, om te mobiliseer en om te bemagtig. Hy definieer elkeen van hierdie handelinge soos volg:

- *Om te dink,* bestaan daaruit dat die leier 'n doel, visie en strategiese plan moet uitwerk om sy navolgers te inspireer.
- *Om te inspireer*, beteken dat die leier sy visie aan sy volgelinge moet verkoop deur stories wat vertel word, deur die werklikheid te konfronteer, die regte vrae te stel, die volgelinge te bemoedig en hoop te verskaf op 'n beter toekoms; daarom is hierdie aspek volgens Boseman (2008:36) die mees sigbare deel van leierskap.

---

[216] Glenn Boseman het die volgende kwalifikasies verwerf: 'n BS aan die Campbell Universiteit, 'n MBA aan die Oos-Carolina Universiteit en 'n DBA in organisasie en administrasie aan die Kent Staatsuniversiteit, Ohio. Dr. Boseman het 20 jaar ondervinding in finansiële dienste en is 'n lid van die American College Faculty vanaf 1981. Hy is die direkteur van die Chartered Leadership Fellow (CLF)-program en gee onderrig in MSFS (Master of Science in Financial Services) en MSM L (Master of Science in Management) (Boseman, 2008:38).

[217] Kyk *6.4.2.2 "Effective Leadership in a Changing World" – Boseman (2008)* (p. 322).

- *Om te mobiliseer*, hou in dat die leier sy volgelinge tot aksie laat oorgaan deur doelwitte te stel en belangrike figure sodanig te beïnvloed dat hulle ondersteuning vir die saak sal kry.
- *Om te bemagtig*, beteken dat 'n leier die doel met die hulp van ander bereik en dat hy die beskikbare hulpbronne tot die beskikking van die werknemers sal stel en sal sorg dat die hierdie hulpbronne reg geïmplementeer en bestuur sal word.

Die eindresultaat kan op verskillende maniere verkry word en daarom wys Boseman (2008:37) daarop dat navorsing bewys het dat die take van die effektiewe leier veral op twee primêre gedragsdimensies toegespits is, naamlik taakgedrag en verhoudingsgedrag (vergelyk *Figuur 2: Die situasieleierskapsmodel – Hersey en Blanchard (1982)*, p. 316). Afhangende van die leier se ingesteldheid sal hy hom óf daarop toespits om die taak af te handel óf hy sal konsentreer op die verhouding tussen werker en werkgewer. Hy stel dit soos volg:

> "A leader who displays task behaviour engages in one-way communication; clearly spells out the follower's role; and tells the follower what do where, when, and how; and then closely supervises. A leader who displays relationships behaviour engages in two-way communication, listens, provides support and encouragement, facilitates interaction, and involves the follower in decision making. Words associated with task behaviour are structure, control, and supervise; words associated with relationship behaviour are praise, listen, and facilitate."

Hierdie uiterste vorme van leierskap kom onderskeidelik in transaksionele en transformasionele leierskap voor. Die transaksionele leier konsentreer hoofsaaklik op die taak wat afgehandel moet word, terwyl die transformasionele leier hom op die verhoudings toespits.

Volgens Boseman (2008:37) gaan dit in transaksionele leierskap oor 'n transaksie wat tussen die leier en volgeling plaasvind. Hierdie transaksie bestaan daaruit dat die leier beloning vir die prestasie, inspanning en deelname van die volgeling ruil. Die beloning is 'n kragtige instrument waarmee die leier aan die volgeling wys wat hy uit die verhouding wil hê; daarom is elke beloning 'n manier waarop die leier terugvoer aan die navolgers gee. Die nadeel is egter dat die navolgers net sal doen wat van hulle verwag word met die doel om die beloning te ontvang.

Teenoor transaksionele leierskap stel Boseman (2008:37) transformasionele leierskap, waarin die leier probeer om aan die navolger se dieper behoeftes aandag te gee. Boseman (2008:37) beskryf die basiese karaktertrekke van 'n transformasionele leier soos volg:

- *Hy skep en artikuleer 'n visie* – Dit beteken hy identifiseer nuwe geleenthede vir die groep en praat positief oor wat dit vir elke individu sal beteken.

- *Hy is ’n rolmodel* – Hy stel dus ’n voorbeeld wat ooreenstem met die waardes wat hy as leier voorstaan.
- *Hy gee individuele ondersteuning* – Deur sy ondersteuning wys die leier dat hy oor die nood van elke individu besorg is.
- *Hy stel hoë prestasievereistes* – Met sy hoë prestasievereistes wys die leier dat hy prestasie, kwaliteit en uitnemendheid verwag.
- *Hy moedig die realisering van groepsdoelwitte aan* – Hy moedig dus die samewerking van navolgers aan om doelwitte te bereik.
- *Hy voorsien intellektuele stimulasie* – Deur sy navolgers intellektueel te stimuleer, sorg hy dat hulle hul aannames van alternatiewe idees evalueer om te waarborg dat die werk altyd van hoogstaande gehalte bly.

Die gevolgtrekking van Boseman (2008:38) is dat die transaksionele leier se navolgers slegs daardie dinge sal doen wat van hulle verwag word en wat deur die leier beloon word, terwyl die transformasionele leier se navolgers geneig sal wees om beter te presteer as wat van hulle verwag word.

6.4.2.2.3 Waardevolle inligting uit die artikel

Leiers wat net daarop ingestel is om die taak af te handel, is taakgeöriënteerd en daarom word hulle geassosieer met terme soos *struktuur*, *beheer* en *toesig*. Leiers wat aan die ander kant op verhoudings ingestel is, word geassosieer met terme soos *luister*, *komplimenteer* en *fasiliteer*.

’n Aantal karaktertrekke wat met transformasionele leierskap verbind word, het betekenisvolle waarde vir die leier, naamlik om ’n visie te skep en te artikuleer; om ’n rolmodel te wees; om individuele ondersteuning te gee; om hoë prestasievereistes te stel; om die realisering van groepsdoelwitte aan te moedig; en om intellektuele stimulasie te voorsien.

Die inligting oor die werk van ’n leier is in ’n groot mate dieselfde as wat in die boek van Kouzes en Posner beskryf word; daarom sal die aspek later breedvoeriger behandel word.[218]

6.4.2.3 “Applying Great Leadership Lessons” – Bednarz (2012)

Timothy Bednarz[219] se artikel “Applying Leadership Lessons”, wat in 2012 in die tydskrif *Industrial Management* gepubliseer is, word vervolgens ontleed.

---

[218] Kyk *6.4.2.4 The Leadership Challenge – Kouzes en Posner (2012)* (p. 327).

6.4.2.3.1 Motivering vir die gebruik van hierdie artikel

In hierdie artikel word antwoorde gegee oor hoe die leier geloofwaardigheid bekom, hoe verhoudings vertroue wek en hoe belangrik dit is om konflik, konfrontasie en kritiek reg te hanteer. Hierdie artikel kan meer lig werp op soortgelyke probleme wat in die probleemstelling in Hoofstuk 1[220] geïdentifiseer is.

6.4.2.3.2 Opsomming van die artikel van Bednarz

Bednarz (2012:27) se navorsing het uitgeloop op 'n legitimiteitsmatriks wat die eienskappe identifiseer wat goeie leiers kenmerk. Volgens Bednarz (2012:27) is die fundamentele eienskap van leierskap legitimiteit. Legitimiteit vloei voort uit twee afsonderlike bronne wat die leier die vermoë gee om te lei. Die eerste bron is outoriteit. Die *outoriteit* is die gesag wat gewoonlik aan 'n leier gegee word deur 'n raad wat die leier verkies of aanstel om 'n sekere posisie in te neem. Die tweede bron is *geldigheid* wat verdien moet word en wat nie aan die leier toegeken of outomaties bereik word nadat hy in 'n posisie aangestel is nie. Geldigheid is die faktor wat bydra tot die outoriteit of gesag wat aan 'n leier verleen word. Hierdie geldigheid word oor die verloop van 'n leier se loopbaan opgebou.

Bednarz gaan verder deur daarop te wys dat die geldigheid basies van drie kritieke faktore afhang, naamlik geloofwaardigheid, vertroue en emosionele balans. Hy omskryf elkeen van die faktore.

- ***Geloofwaardigheid***

Volgens Bednarz (2012:27) is geloofwaardigheid 'n deurslaggewende aspek van legitimiteit, omdat die sukses van 'n leier in 'n groot mate van sy geloofwaardigheid afhang. Geloofwaardigheid word gebou op die leier se karaktereienskappe, in die geval hoofsaaklik sy integriteit en dapperheid. Die integriteit word getoets op grond van die manier waarop die leier optree wanneer niemand hom sien nie en dapperheid word weer getoets op grond van die

---

[219] Timothy F. Bednarz is een van die toonaangewende navorsers wat probeer vasstel wat die uitsonderlike karaktereienskappe van goeie leiers is. Sy navorsing wat oor 'n spektrum van ongeveer 30 jaar se professionele ondervinding as besigheidskonsultant opgebou is, is gepubliseer in die boek *Great! What makes leaders great* (Majorium Business Press, Stevens Point, WI, 2011), wat deur die tydskrif *Foreword Review* aangewys is as een van die top tien loopbaanboeke in 2011. Bednarz se kundigheid oor die ontwikkeling van leierseienskappe word saamgevat in die *Pinpoint Leadership Skill Development Training Series*, wat 125 boeke wat hy geskryf het, insluit (ezinearticles.com, s.a.).

[220] Kyk *1.4.2 Probleemstelling* (p. 4).

manier waarop die leier kritiek hanteer, want leiers wat geen negatiewe kommentaar wil hoor nie, wil eintlik nie weet wanneer hulle die verkeerde rigting inslaan nie.

- ***Vertroue***

Ten opsigte van vertroue wys Bednarz (2012:28) daarop dat vertroue en geloofwaardigheid 'n baie sterk band met mekaar het. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie. Hy noem sommige van die elemente wat vertroue bou, naamlik bevoegdheid, betroubaarheid, dapperheid, oortuiging, empatie en respek. Elkeen van hierdie elemente dra daartoe by dat die navolger die leier kan vertrou.

- ***Emosionele balans***

Emosionele balans bestaan daaruit dat 'n goeie leier 'n invloed uitoefen deur middel van die emosionele bande wat hy met die kliënte, werknemers, bestuur en aandeelhouers opbou. Bednarz (2012:29) beweer dat hy in sy navorsing gevind het dat goeie leiers die mense is wat 'n poging aanwend om goeie verhoudings met elkeen van die verskillende belangegroepe met verloop van tyd op te bou. Hy onderskei drie groepe met wie dit belangrik is om 'n emosionele band op te bou omdat die verhoudings met die groepe 'n direkte invloed op die sukses van die emosionele balans van die leier het. Die drie groepe is die aandeelhouers, die werknemers en die handelaars.

Emosionele band met aandeelhouers: Die leier bou 'n emosionele band met aandeelhouers op deur voortdurend sy verantwoordelikheid na te kom om die omset wat deur die aandeelhouers verwag word, te laat realiseer. Omdat die kliënt die beste produk, laagste prys en goedkoopste en effektiefste aflewering verwag, moet die leier probeer om die produk in daardie drie opsigte te verbeter sodat die omset van die produk hoog bly.


Emosionele band met die werknemers: Goeie leiers bou 'n emosionele band met hul werknemers op en bestee daarom volgens Bednarz (2012:28) baie van hul tyd saam met hul werknemers om voortdurend terugvoer te ontvang en te gee, maar ook om bewus te word van die atmosfeer en omgewing waarin die werknemers werk. Wanneer die leier kyk en luister, die wysheid van die werknemers aanhoor en toepas, word 'n emosionele band gebou wat deur 'n diepgewortelde respek en waardering van die werknemers gekenmerk word.

Emosionele band met handelaars: 'n Emosionele band met handelaars kom tot stand as die leier die handelaar as 'n vennoot sien. Goeie leiers sal volgens Bednarz (2012:30) die handelaar byvoorbeeld help om sy besigheid op te bou of om die fasiliteite te verbeter sodat die produk

beter verkoop. Leiers moet handelaars met respek bejeën en probeer om sterk bande met hulle op te bou.

6.4.2.3.3 Waardevolle inligting uit die artikel

Hierdie model van Bednarz word duidelikheidshalwe grafies geïllustreer in *Figuur 3: Bednarz se model (2012)* (p. 327) Die legitimiteit (egtheid of wettigheid) van 'n leier staan op twee pilare, naamlik outoriteit en geldigheid. Outoriteit word aan die leier gegee op grond van sy aanstelling as leier, maar die geldigheid van die leier moet verdien word. Die leier kweek geldigheid by sy volgelinge deur geloofwaardigheid, vertroue en emosionele balans.



Figuur 3: Bednarz se model (2012)

6.4.2.4 *The Leadership Challenge* – Kouzes en Posner (2012)

Die volgende bron 'n boek van Jim Kouzes en Barry Posner[221] met die titel *The Leadership Challenge: How to Make Extraordinary Things Happen in Organizations.* Die vyfde uitgawe (Kindle-uitg.) is in 2012 gepubliseer.

[221] Jim Kouzes het sy BA-graad in politieke wetenskap aan die Universiteit van Michigan verwerf. In 1969 het sy loopbaan in opvoeding en ontwikkeling begin toe hy seminare vir die personeel van die Community Action Agency

6.4.2.4.1 Motivering vir die gebruik van hierdie boek

Een van die talle resensies van hierdie boek lui soos volg (Kurtzman, s.a.):

> "For twenty-five years, the names Jim Kouzes and Barry Posner have been synonymous with Leadership. There is a reason for that. This book, in its new and updated form, demonstrates that leadership is a challenge you must win every day. It shows that every leader is unique, with his or her own style, and it helps you find your style. But the real beauty of this book is that it does not just tell you about leadership. It takes you by the hand, and walks you through the steps necessary to be better at what you do. It also gives you the confidence to take the kinds of risks every leader needs to take to succeed. I loved this book twenty-five years ago, and I love it today."

Hierdie boek van Kouzes en Posner sal moontlik lig werp op die belangrikheid van die visie wat die leier moet hê, op die manier waarop hy verhoudings kan bou wat vertroue wek en op die belangrikheid van sy geloofwaardigheid en hoë morele waardes.

6.4.2.4.2 Opsomming van die boek van Kouzes en Posner

Kouzes en Posner (2012:15) gee 'n samevatting van hulle navorsing oor leierskap oor 30 jaar om die belangrikste leierseienskappe te identifiseer. Hulle navorsing het bestaan uit onderhoude met leiers om vas te stel waarop elke leier die sterkste klem gelê het. Vir elkeen van die leiers het hulle gevra wat hy gedoen het toe hy sy persoonlike hoogtepunt as leier bereik het. Uit die studie van die onderhoude het hulle vyf leierskapspraktyke geïdentifiseer wat kritiek belangrik vir die leier se mondering is. Hulle noem dit: "The five practices of exemplary leadership." Die vyf leierskapspraktyke is die volgende: "model the way", "inspire a shared vision", "challenge the process", "enable others to act" en "encourage the heart". Hierdie

---

en vrywilligers in die stryd teen armoede aangebied het. Vanaf 1972 tot 2006 het hy verskillende instansies gewerk soos om die uitvoerende ontwikkelingsentrum by die Santa Clara Universiteit te lei en om as HUB vir die Tom Peters Company op te tree. Hy het ook talle toekennings ontvang soos die *Thought Leadership Award* in 2010; hy is gelys as een van die *HR Magazine* se mees invloedryke internasionale denkers vir 2010 en 2011; en *Leadership Excellence Magazine* het hom benoem as nommer 16 van 100 "Thought Leaders". Tans is Jim Kouzes die dekaan se uitvoerende genoot aan die Leavey Sakeskool van die Santa Clara Universiteit, maar hy gee ook onderrig in leierskap regoor die wêreld aan verskillende instansies (Wiley, s.a.).

Barry Posner het sy BA in politieke wetenskap aan die Universiteit van Kalifornië, Santa Barbara verwerf. Sy MA het hy in publieke administrasie aan die Universiteit van Ohio verwerf en sy PhD in organisatoriese gedrag en administratiewe teorie aan die Universiteit van Massachusetts, Amherst. Hy is tans professor in leierskap aan die Leavey Sakeskool van die Santa Clara Universiteit, waar hy twaalf jaar (1997-2009) die dekaan van die sakeskool was. Hy is die outeur of mede-outeur van meer as 100 navorsingsartikels en is 'n vooraanstaande besoekende professor aan die Universiteit van Hong Kong, Sabanci Universiteit (Istanboel) en die Universiteit van Wes-Australië (Wiley, s.a.).

begrippe word soos volg deur http://leierskap.wordpress.com/ vertaal: “modelleer”, “inspireer”, “innoveer”, “bemagtig” en “bemoedig”. In hierdie studie sal elkeen van hierdie eienskappe kortliks beskryf word:

- ***Modelleer***

Die uitdrukking wat Kouzes en Posner (2012:16) gebruik, is "model the way”. Met hierdie eienskap word bedoel dat die leier sy eie waardes baie noukeurig moet bepaal, omdat hy net effektief as leier kan optree indien hy self duidelikheid het oor wat belangrik is. Kouzes en Posner (2012:16) sê hieroor: “Titles are granted, but it’s your behaviour that earns you respect.” Die leier het die verantwoordelikheid om deur sy voorbeeld te sorg dat sy dade ooreenstem met die gemeenskaplike waardes van die maatskappy. In die leier se voorbeeld sien die volgelinge hoe mense benader moet word en hoe doelwitte bereik moet word. Die leier is die model van die gedrag wat hulle van hul navolgers verwag.

- ***Inspireer***

Elke organisasie en elke sosiale beweging begin met ’n droom (Kouzes & Posner, 2012:17). ’n Goeie leier moet ’n visie hê van hoe die toekoms daar kan uitsien en hy moet daarin glo en die nodige selfvertroue hê om die visie na te streef. Wanneer die leier presies weet waarheen hy op pad is, moet hy ander inspireer om hom te volg. Kouzes en Posner (2012:18) beskryf die inspirasie soos volg: “You can’t command commitment; you have to inspire it. You have to enlist others in a common vision by appealing to shared aspirations.” Om ’n gemeenskaplike visie te inspireer, moet die leier die volgende kan doen:

> Die leier moet duidelikheid hê oor die redes hoekom die visie vir hom belangrik is. Hy moet ’n duidelike doelwit hê; hy moet weet hoekom die visie vir sy volgelinge belangrik sal wees; en mense moet weet dat die leier hul behoeftes verstaan en hulle wil bevoordeel.

- ***Innoveer***

Kouzes en Posner (2012:18) wys daarop dat hulle navorsing aangetoon het dat elkeen van die leiers wat ’n persoonlike hoogtepunt bereik het, die status quo verander het. Hulle moet innoverend wees deur iets wat dalk oud of gevestig is in iets nuuts te verander. Leiers moet bereid wees om die onbekende in te loop, maar dit is belangrik om te besef dat dit gewoonlik nie die leier alleen is wat die nuwe produk ontdek nie. Die nuwe idees spruit gewoonlik voort uit “luister” en “kyk” buite die organisasie. Die leier moet altyd op die uitkyk wees vir nuwe

geleenthede. Volgens Kouzes en Posner (2012:20) is die leier se groot werk in hierdie geval om 'n atmosfeer te skep waarin mense bereid sal wees om te eksperimenteer en 'n kans te waag. Hierdie idees moet erken en ondersteun word sodat hulle bereid sal wees om die bestaande proses te bevraagteken en om te innoveer. In die ontginning van nuwe prosesse sal daar uiteraard mislukkings wees, maar 'n manier hoe die mislukkings hanteer kan word, is om gedurig klein oorwinninkies te vier en om uit ervaring te leer.

- ***Bemagtig***

'n Goeie leier weet volgens Kouzes en Posner (2012:21) dat daar nog nooit iemand was wat iets uitsonderliks kon bereik het deur alleen te werk nie. Uitsonderlike dinge kan slegs bereik word deur mense wat bereid is om as 'n span saam te werk. 'n Leier moet daarom die mense wat saam met hom werk, vertrou deur van sy mag aan hulle oor te dra. Op die manier maak die leier sy volgelinge se hande sterk, hy wys dat hy hulle vertrou en dit bring mee dat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir die saak waarvoor hulle werk.

- ***Bemoedig***

Om 'n organisasie te laat groei, verg harde werk wat mens soms uitput en moedeloos maak sodat bemoediging onontbeerlik is. Die leier moet daarom die bydraes van mense raaksien en sy waardering daarvoor uitspreek. Kouzes en Posner (2012:24) lewer kommentaar op die positiewe uitwerking van die ingesteldheid: "It's part of your job as a leader to show appreciation for people's contributions and to create a culture of celebrating the values and victories by creating a spirit of community." Die outeurs (Kouzes en Posner, 2012:274) se uitdrukking vir die bemoediging is: "Encourage the heart." Deurdat die leier moeite doen om die oorwinnings te vier, sal hy die volgelinge daarmee vorentoe dra.

Kouzes en Posner (2012:35) betrek verdere navorsing wat oor 'n aantal jare gedoen is (1987, 1995, 2002, 2007, 2012). Mense is gevra om die eienskappe te identifiseer wat 'n goeie leier volgens hulle mening moet hê. Die vier eienskappe wat deurgaans boaan die lys geëindig het, is eerlikheid, vooruitsiendheid, bevoegdheid en die vermoë om ander te inspireer. In die res van hulle boek toon Kouzes en Posner (2012) aan hoe hierdie vier eienskappe met die vyf leierskapspraktyke vervleg is. 'n Leier kan byvoorbeeld nie die weg modelleer indien hy nie as eerlik beskou word nie. Net so kan alleen 'n vooruitsiende leier 'n gemeenskaplike visie inspireer.

6.4.2.4.3 Waardevolle inligting uit hierdie boek

Belangrike leierskapspraktyke wat uit die bogenoemde na vore gekom het en deur die predikant toegepas kan word, is die volgende:

- *Modelleer* – Die leier moet die goeie waardes en geloofwaardigheid wat hy in sy volgelinge wil sien, in sy eie gedrag modelleer.
- *Inspireer* – Die leier moet weet waarheen hy op pad is en hoekom die einddoel vir sy volgelinge belangrik sal wees voordat hy hulle sal kan inspireer om hom te volg.
- *Innoveer* – Dit gee mense die geleentheid om hulle idees toe te pas.
- *Bemagtig* – Alleen kan 'n leier nie die beoogde sukses behaal nie, maar hy moet ander bemagtig om saam met hom te werk om die doelwitte te kan bereik.
- *Bemoedig* – Die leier moet sy waardering uitspreek wanneer hy sien dat sy navolgers sukses behaal het en die oorwinnings moet op een of ander manier gevier word.

6.4.2.5 *Polarity Management* – Johnson (1996)

Ten slotte word Barry Johnson[222] se boek *Polarity Management: Identifying and Managing Unsolvable Problems*, wat in 1996 gepubliseer is, ondersoek.

6.4.2.5.1 Motivering vir die gebruik van hierdie boek

Dit gebeur dikwels dat 'n kerkleier hom tussen twee teenoorgestelde denkrigtings bevind. Al twee hierdie denkrigtings kan positiewe en negatiewe aspekte bevat, maar dit veroorsaak konflik, nie net in die gemoed van die leier nie, maar ook onder sy volgelinge. Meesal is daar ook nie 'n oplossing vir die probleem nie omdat die leier met twee tipiese polariteite te doen het. In hierdie boek van Johnson word 'n effektiewe oplossing gebied waarop hierdie tipe konflik, wat nooit sal verdwyn nie, hanteer kan word. Een van die resensies van die boek bevat die volgende stelling: "A must read for the manager who knows all perceived problems can't be solved, some just need to be managed."

---

[222] In 'n poging om organisasies te verstaan, het Barry Johnson vier organisasies gestig, naamlik 'n 24 uur-krisis-ingrypingsentrum, 'n gemeenskapsgebaseerde koerant, 'n sentrum wat verslaafde volwassenes help en 'n vervaardigingsmaatskappy. In die proses het hy ook sy PhD in organisatoriese ontwikkeling aan die International College, Los Angeles verwerf. Barry Johnson werk reeds vanaf 1975 aan polariteitsbestuur en talle boeke en artikels is gepubliseer as die resultaat van hierdie navorsing (vgl. die webblad by http://www.polaritypartnerships.com/books.html). Hy tree op as 'n onafhanklike konsultant in bestuursontwikkeling en organisasieontwikkeling en sy kliënte is onder andere General Motors, Michigan State Police, Southern New England Telecommunications, Syncrude of Canada en nog baie ander (Johnson, 1996:xv).

'n Voorbeeld van 'n polariteit wat nie opgelos sal word nie en waarmee elke predikant in die bediening te doen kry, is die konflik tussen konserwatisme en liberalisme. Deur polariteite reg te bestuur, meen Johnson (1996:xix) dat die leier 'n effektiewer leier en bestuurder sal wees omdat hy sal kan onderskei tussen die probleme wat opgelos kan word en probleme waarvoor daar geen oplossing is nie. Boonop sal dit aan hom die vermoë gee om die onoplosbare probleme reg te bestuur.

6.4.2.5.2 Opsomming van Johnson se boek

Polarisasie kan beskryf word as die proses waarin opponerende groepe uiterste standpunte teenoor mekaar inneem. Johnson (1996:xvii) skryf in sy inleiding dat besighede tans dikwels met polariteite te doen kry en dat dit reg bestuur moet word. Sy metode het ten doel dat daar van een manier van dink of doen na 'n ander beweeg word, soos byvoorbeeld die verskynsel om van 'n rigiede struktuur na buigsame reëls te beweeg. Die polariteite wat bestuur moet word, staan teenoor mekaar en kan nie goed op hul eie funksioneer nie. Die doel van polariteits-bestuur is om die positiewe aspekte in albei pole te ontgin en die negatiewe aspekte te vermy. Die metode wat Johnson (1996:4) voorstel, is dat 'n leier hierdie polariteite bestuur deur met 'n analise te begin waarin die positiewe en negatiewe aspekte van elke pool geïdentifiseer word. Hy stel dit voor in 'n tabel (kyk *Tabel 6: Polariteitsbestuur – Johnson (1966)*, p. 332) wat vir die doel van hierdie studie op konserwatisme en liberalisme toegepas word.

Tabel 6: Polariteitsbestuur – Johnson (1966)

Positiewe uitkomste van konserwatisme	**Positiewe uitkomste van liberalisme**
Vaste struktuur	Buigbaarheid
Minder risiko's (niks verander nie)	Kreatiwiteit word bevorder
Negatiewe uitkomste van konserwatisme	**Negatiewe uitkomste van liberalisme**
Wetties	Onordelikheid
Geen kreatiwiteit nie	Meer risiko's

Vir elke positiewe uitkoms van die spesifieke polariteit kan die negatiewe van die ander polariteit aangedui word. Indien die teenpole konserwatisme en liberalisme as voorbeeld gebruik word, kan die eienskap vaste struktuur onder die positiewe aspekte van konserwatisme genoem word, terwyl die negatiewe pool daarvan onder liberalisme iets soos onordelikheid kan wees. Indien 'n leier suksesvol in die bestuur van polariteite wil wees, moet hy eers al vier kwadrante van die polariteitskaart kan sien om die volle prentjie te kan kry. Daarna, sê Johnson

(1996:11), sal daar altyd beweging in die vorm van 'n oneindigheidslus (∞) deur die vier kwadrante wees.

Johnson (1996:21) gebruik die beeld van asemhaling om polariteitsbestuur te beskryf. Indien daar net na die positiewe kant van inaseming gekyk word, sal die persoon versmoor; net so ook met uitaseming. Die inasemings-/uitasemingspolariteit kan nie opgelos word deur een van die twee pole te kies nie. Dit word bestuur deur die positiewe aspekte van elk te benut, maar terselfdertyd ook bewus te wees van die beperkings wat albei polariteite het. Die moeilike deel van die leier se werk is volgens Johnson (1996:51) gebruik 'n afbeelding van 'n vrou (kyk *Figuur 4: Afbeelding van 'n vrou* (p. 333) om die verskil tussen akkuraatheid en volledigheid te verduidelik.



Figuur 4: Afbeelding van 'n vrou

Indien 'n persoon sê dat hy in hierdie prentjie die beeld van 'n ou vrou sien, is hy reg; indien iemand anders sê dat hy 'n beeld van 'n jong vrou sien, is hy ook reg, maar nie een van die twee persone sien die volledige prentjie nie. Hierdie twee sienings kan veroorsaak dat die twee persone vir ure met mekaar stry oor wie reg is. Dit vind plaas omdat 'n albei/en-polariteit hanteer word asof dit 'n enkele/of-probleem is wat opgelos moet word. As 'n mens aanvaar dat daar net 'n jong of net 'n ou vrou in die prentjie is, begaan jy die fout om akkuraatheid met volledigheid te verwar. Johnson (1996:49) gee vier redes hoekom dit belangrik is om verder as net jou eie siening te kyk:

- Die mees voor die hand liggende rede is bloot omdat iemand anders iets anders sien.
- Dit sal goed wees om jou eie werklikheid te verbreed.
- Indien jy iemand anders se standpunt insien, sal hy/sy ontvankliker vir jou standpunt wees.
- Indien jy polariteite moet bestuur, sal dit jou help om die situasie beter te bestuur indien jy al twee sienings goed verstaan.

Binne die spanning tussen twee pole werk daar volgens Johnson (1996:55) gewoonlik twee kragte. Hy noem hulle die "betogers" en "tradisiedraers".

Betogers is die mense wat vanaf die negatiewe aspek van die een pool na die positiewe van die ander pool wil beweeg. Hulle is gewoonlik blind vir die positiewe dinge van die pool waar hulle hul bevind; net so ook vir die negatiewe dinge van die pool waarheen hulle wil beweeg. Die betogers lewer die volgende bydraes:

- Hulle identifiseer die negatiewe aspekte van die pool waarin hulle op die oomblik is.
- Hulle identifiseer die positiewe aspekte van die pool waarheen hulle op pad is.

Hulle verskaf die energie om van die negatiewe aspekte van die een pool na die positiewe aspekte van die ander pool te beweeg.

Tradisiedraers is gewoonlik die mense wat teenstand bied teen die verandering van die een pool na die ander. Hulle plaas die klem volledig op die positiewe aspekte van die pool waar hulle is en vrees die negatiewe aspekte van die ander pool. Die tradisiedraers lewer die volgende bydraes:

- Hulle identifiseer die positiewe aspekte van die pool waar die organisasie op die oomblik is.
- Hulle identifiseer die negatiewe aspekte van die pool waarheen die organisasie op pad is.

Hulle verskaf die energie wat nodig is om die positiewe van die huidige pool te bewaar en die negatiewe van die ander kant te vermy.

Ten slotte stel Johnson (1996:135) die volgende aksieplan voor om polariteite te bestuur:

- *Identifiseer die polariteite* – Hier moet die leier duidelikheid probeer kry oor die twee pole wat bestuur moet word.
- *Beskryf die polariteite* – Begin om die vier kwadrante stelselmatig in te vul en kry geskikte woorde om elke pool te beskryf.
- *Diagnoseer die situasie* – Hier moet bepaal word by watter pool die organisasie op die oomblik is. Verder moet die betogers en tradisiedraers geïdentifiseer word.
- *Voorspel moontlike probleme* – Probeer bepaal waar die meeste teenkanting van die betogers én tradisiedraers sal voorkom.
- *Skryf riglyne as aksieplan voor* – Die leier moet hom afvra hoe albei groepe die besorgdheid van die ander groep op die hart kan dra. Skryf duidelik neer wat albei groepe as gemeenskaplike belange sien, maar waarvan elke groep hul eie siening het en nie hul oortuiging wil laat vaar nie. Maak ’n lys van dinge wat elkeen van die groepe kan doen as bewys dat hulle nie van plan is om die spreekwoordelike “baba met die badwater” uit te gooi nie. Die leier moet hom afvra watter kommunikasiesisteem in plek gestel kan word om albei

groepe bewus te maak van die positiewe en negatiewe aspekte wat deur elkeen van die twee groepe ervaar word.

6.4.2.5.3 Waardevolle inligting uit die boek

Met hierdie metode is dit moontlik om twee groepe met verskillende polariteite daarop te wys dat hulle nie vyande van mekaar is nie, maar mekaar nodig het om die volledige prentjie van 'n saak te sien. Hierdie aksieplan wat deur Johnson voorgestel word, kan gebruik word om die groepe te mobiliseer.

6.5 Belangrike bevindings in kommunikasiekunde

Daar is reeds vroeër in die hoofstuk aangedui[223] waarom kommunikasiekunde as 'n hulpwetenskap in hierdie navorsing gekies en hoe kommunikasiekunde met leierskap verband hou. Dieselfde patroon as in die afdeling oor die bevindings in die bedryfsosiologie word gevolg. Eers word 'n samevattende definisie van leierskap in die vakgebied gegee en daarna word die mees onlangse navorsing ontleed.

6.5.1 Definisies van leierskap

Daar is geen betekenisvolle verskil tussen die leierskapsdefinisies in kommunikasiekunde en dié in bedryfsosiologie nie aangesien die definisies almal daarop wys dat die leier die persoon is wat ander deur sy gedrag beïnvloed om saam met hom 'n verskil aan 'n spesifieke saak te maak. Hybels en Weaver (2004:376) definieer *leierskap* deur daarop te wys dat 'n leier iemand is wat een of meer persone se gedrag beïnvloed. Gamble en Gamble (1996:309) stel dit soos volg: "Thus, every person who influences others can be said to exert leadership." Leierskap gaan daaroor om mense se gedrag te beïnvloed en kommunikasie is 'n belangrike instrument in die hand van die leier om sy volgelinge te beïnvloed.

6.5.2 Navorsingsresultate

Die volgende artikels en boek word bestudeer om leidrade vir kommunikasie in die leierskap van die predikant te identifiseer:

6.5.2.1 "Honing Crisis Communication Skills" – Foote (2013) (p. 336)

6.5.2.2 "Change-related Expectations and Commitment to Change of Nurses: The Role of

---

[223] Kyk *6.2 Doelstellings, Kommunikasiekunde* (p. 314).

Leadership and Communication" – Portoghese *et al*. (2012) (p. 339)

6.5.2.3 *Communicating Effectively* – Hybels en Weaver (2004) (p. 342)

6.5.2.1 "Honing Crisis Communication Skills" – Foote (2013)

Eerste aan die beurt is Laura M. Foote[224] se "Honing Crisis Communication Skills: Using Interactive Media and Student-centered Learning to Develop Agile Leaders" en dit het in 2013 in *Journal of Management Education* verskyn.

6.5.2.1.1 Motivering vir die gebruik van hierdie artikel

In die probleemstelling wat in Hoofstuk 1 beskryf is,[225] is daar aangedui dat predikante in veranderende omstandighede werk waarin die media 'n groot rol speel. Foote se artikel wys daarop dat die media in 'n tyd van krisis die situasie kan versleg indien die leier nie die nodige krisiskommunikasievaardighede het nie. Sy bied 'n eenvoudige model waarvolgens 'n krisis ontleed kan word om die oplossing effektief te kommunikeer.

6.5.2.1.2 Opsomming van die artikel van Foote

Foote (2013:80) skryf dat leiers se gedrag en boodskap dikwels nie daarin slaag om die regte komponente vir effektiewe reaksie op 'n krisismoment te inkorporeer nie. 'n Voorbeeld is Airbnb, Inc., wat 'n aanlyngemeenskapsmark is en avontuurlustige reisigers voorstel aan gashere wat gereed staan om kamers aan hulle uit te huur. In 2011 het 'n krisis hierdie besigheid bedreig toe die kamer van een van die gasvroue gevandaliseer is deur een van die gaste wat deur Airbnb aan haar voorgestel is. Die reaksie van die Airbnb-bestuurder was onbevredigend ten opsigte van sy woorde en optrede. Die gevolg was grootskaalse waarskuwings wat deur die sosiale netwerk aangevuur is en die besigheid se reputasie bedreig het.

Foote (2013:82) vertel dat die bestuurder 'n paar dae later erken het dat hy 'n fout gemaak het en 'n drieledige aksieplan voorgestel het wat uit die volgende bestaan het: (1) 'n weldeurdagte en eerlike boodskap, (2) die inwerkingstelling van verskeie kanale waardeur hulle kliënte se klagtes en idees kon aanhoor en (3) die implementering van 'n konkrete plan om te verhoed dat

---

[224] Laura Foote het haar MBA in 1980 aan die Harvard Sakeskool verwerf. Aan die begin van haar loopbaan het sy as 'n finansiële analis by die Wêreldbank in Washington, D.C. gewerk. Daarna is sy aangestel as bestuurder van besigheidsbeplanning by S.G. Warburg & Co., Londen, wat 'n wêreldwye beleggingsbank was. Daar was sy verantwoordelik om leiding te gee in die besigheidsbeplannings- en begrotingsproses. In 2009 is sy aan die Babson Kollege as dosent aangestel om onderrig te gee in die MBA-program. Daar het sy die geleentheid gekry om kursusse in korporatiewe kommunikasie vir MBA-studente saam te stel en te doseer. Tans is sy adjunklektor in die Bedryfskommunikasiefakulteit van die Boston Kollege (Linkedin, s.a.).

[225] Kyk *1.4.2.2 Veranderde omstandighede* (p. 6).

iets soortgelyks nie weer met een van die gashere gebeur nie. Die verhaal is een van die baie voorbeelde wat volgens Foote (2013:82) 'n bewys is dat leiers die kommunikasievaardigheid kortkom om op krisismomente 'n saak reg te stel.

Foote (2013:83) wys ook in haar artikel daarop dat die toename in die gebruik van sosiale media bydra tot die dringendheid om leiers voor te berei vir die uitdagings verbonde aan krisis-kommunikasie. Sy meen dat kommunikasiemiddels soos Facebook, Twitter en aanlynvideo's nuttig gebruik kan word om belangegroepe nie net in kennis te stel van belangrike verwikkelinge nie, maar ook om terugvoer van hulle te ontvang. Die negatiewe sy van die saak is dat sosiale media ook risiko's inhou aangesien onvolledige en misleidende boodskappe vinnig na baie mense aangestuur kan word. Dit gebeur ook dat die publiek soms meer gesag heg aan derdepartyinligting as aan die inligting wat direk van die organisasie kom (Foote, 2013:83).

In haar argument om die belangrikheid van krisiskommunikasie verder te beklemtoon, wys Foote (2013:86) op die opname wat deur Public Relations Society of America (soos aangehaal deur Foote, 2013:86) gedoen is en waarin die vereniging bevind het dat slegs 16% van die hoogs aangeskrewe MBA-programme 'n kursus in krisis- en konflikbestuur, strategiese kommunikasie, openbare betrekkinge of ander verwante onderwerpe aanbied. As 'n moontlike oplossing beskryf Foote (2013:87) 'n raamwerk wat vir 'n kursus ontwikkel is om studente te help om 'n krisismomentsituasie te evalueer en om effektief te kan kommunikeer. Die raamwerk word in 'n tabel uiteengesit (kyk *Tabel 7: T-H-I-S-A-C-E Crisis Communication Framework*, p. 338). Deur hierdie raamwerk te gebruik, het Foote (2013:98) die volgende vier betekenisvolle veranderings in die houding van die studente waargeneem met betrekking tot hulle krisisbestuur gedurende die tydperk van hulle studie. Die afleidings is gemaak deurdat daar aan elke student aan die begin en einde van die studie dieselfde vraag gevra is. Die antwoorde is dan met mekaar vergelyk om die verandering in houding te bepaal. Die volgende resultate was sigbaar:

- *Vertel die waarheid/Wees deursigtig* – Hierdie onderwerp is die meeste deur die studente beklemtoon en het 'n toename in waarde getoon van 14 tot 24 onder 33 studente.
- *Toon empatie en verwys na die maatskappy se kernwaardes* – Die aantal studente wat hierdie onderwerp aangeraak het, het 'n toename van 3 tot 18 oor die aantal weke getoon.
- *Stel 'n tweerigtingvloei van inligting en terugvoer in werking* – Hierdie onderwerp het die grootste toename getoon, naamlik van 2 tot 20.
- *Leer uit die krisis* – Die toename in die gebruik van die onderwerp het toegeneem van 22 tot 30.
- *Evalueer die toestand*.

Tabel 7: T-H-I-S-A-C-E Crisis Communication Framework

<table>
<tr><th></th><th>T-H-I-S-A-C-E Crisis Communication Framework</th></tr>
<tr><td>Type</td><td>Do I know what type of crisis this is?
Is the source internal or external?
Is the cause of the crisis intentional or accidental?

<table><tr><th></th><th>Source</th><th></th></tr><tr><th>Cause</th><th>Internal</th><th>External</th></tr><tr><td>Intentional</td><td>Management scandal
Ethical misconduct
Loss of key employee
Illegal accounting
Inside hacking</td><td>Terrorism
Social media attack
Product tampering
Political unrest
Outside hacking</td></tr><tr><td>Accidental</td><td>Product defect
Worker error
Equipment failure
Oil spill, chemical leak, fire, explosion</td><td>Natural disaster
Financial crisis
Disease outbreak</td></tr></table></td></tr>
<tr><td>Help</td><td>Who is available right now to help me as I shape my initial response?
Who can I trust on my management team?
What expertise do I need?</td></tr>
<tr><td>Information</td><td>What level of information do I have now?
Incomplete, decisive, or contradictory?</td></tr>
<tr><td>Scope</td><td>What is the scope of damage of harm? Is it local or global?
Is the scope known and finite, or unfolding and undetermined?</td></tr>
<tr><td>Act</td><td>Create a crisis response team.
Help those injured or harmed. Contain situation to stop further damage.
Initiate partnerships with third-party experts, community members, government authorities, suppliers.</td></tr>
<tr><td>Communicate</td><td>Identify all stakeholders affected. What do they know? What do they need to know? Decide on message.
How can you convey the value and priorities of your organization?
Choose best channels. Collaborate with traditional and social media.
Choose spokesperson. Deliver timely updates.
Set up a two-way flow of information. Listen and respond to what you hear from stakeholders.</td></tr>
<tr><td>Evaluate</td><td>Collect data to continue identification of cause and scope.
Determine how to stop impact from mounting.
Analyze cost of crisis and cost of alternative crisis responses.
Conduct post mortem. What can we learn from how we handled this?
Determine if crisis could provide an opportunity for renewed leadership.</td></tr>
</table>

6.5.2.1.3 Waardevolle inligting uit die artikel

Indien leiers nie bereid is om 'n weldeurdagte samevatting van die krisis te kommunikeer nie, moet hulle aanvaar dat oningeligte mense wel inligting sal deurgee en dat dit moontlik groter skade aan die situasie kan doen. Deur die gebruik van hierdie model sal die leier bekwamer wees om die kommunikasie op 'n krisismoment reg te hanteer. Die volgende stappe kan ook deur die predikant in 'n krisissituasie gevolg word:

- Identifiseer die tipe krisis.
- Kyk wie beskikbaar is om te help.
- Stel vas watter inligting oor die krisis beskikbaar is.
- Bepaal die omvang van die skade.
- Kyk hoe mense gehelp kan word.
- Kommunikeer die situasie na buite.

6.5.2.2 "Change-related Expectations and Commitment to Change of Nurses: The Role of Leadership and Communication" – Portoghese *et al*. (2012)

Die tweede bron wat geraadpleeg is, is die artikel *Change-related Expectations and Commitment to Change of Nurses: The Role of Leadership and Communication* deur Igor Portoghese, Maura Galletta, Adalgisa Battistelli, Luisa Saiani, Maria Pietronilla Penna en Elisabetta Allegrini,[226] wat in 2012 in *Journal of Nursing Management* gepubliseer is.

---

[226] Igor Portoghese het sy PhD aan die Universiteit van Verona, Italië in 2008 verwerf. Hy is tans 'n nadoktorale genoot in die Fakulteit Psigologie aan die Universiteit van Cagliari, in Italië en is die mede-outeur van minstens 13 artikels (Mendeley, s.a.).
Maura Galletta het haar PhD in organisatoriese psigologie aan die Universiteit van Verona verwerf. Sy werk tans as 'n nadoktorale genoot in die Fakulteit Psigologie aan die Universiteit van Cagliari, Italië (Omicsgroup, s.a.)
Adalgisa Battistelli het aan die Universiteit van Padua, Italië haar doktorsgraad verwerf. Sy is in 1998 as professor aan Universiteit van Cagliari, Italië aangestel, waar sy vier jaar gedoseer het. Daarna is sy na die Universiteit van Verona waar sy vir agt jaar gedoseer het en tans is sy 'n professor in mensevermoëns en gesondheidgedrag aan die Universiteit Paul Valéry Montpellier, in Frankryk (Linkedin, s.a). Sy is outeur of mede-outeur van meer as veertig artikels (Researchgate, s.a.).
Luisa Saiani is 'n medeprofessor in die Departement van Publieke Gesondheid en Gemeenskapsmedisyne aan die Universiteit van Verona, Italië (Researchgate, s.a.).
Maria Pietronilla Penna is 'n professor in die Departement van Psigologie aan die Universiteit van Cagliari. Sy is die outeur of mede-outeur van meer as 200 artikels (Researchgate, s.a.).
Elisabetta Allegrini is medeprofessor aan die Universiteit van Verona. Sy gee onderrig in die Kliniese en Pediatriese Departement. Sy is ook die direkteur van verpleging in die hospitaal van Verona, Italië (Verona University, s.a.).

6.5.2.2.1 Motivering vir die gebruik van hierdie artikel

Die leierskap van die predikant is uniek in die sin dat hy as 'n leier nie alleen kan besluit om van rigting te verander en dan te verwag dat die gemeente hom moet volg omdat hulle onder hom as leier staan nie. Verder is die predikant dikwels die enigste een wat vir sy werk betaal word, boonop met geld wat deur vrywilligers gegee word.[227] Dit is daarom baie belangrik dat die predikant as die leier van 'n gemeente reg te werk moet gaan om lidmate saam met hom op die pad van verandering te neem. Die artikel van Portoghese *et al*. (2012) gee bruikbare riglyne wat in die verband gebruik kan word.

6.5.2.2.2 Opsomming van die artikel van Portoghese *et al*.

Die outeurs (Portoghese *et al*., 2012:583) verwys na die groot hoeveelheid navorsing wat al bewys het dat leiers en bestuurders 'n belangrike rol speel in die proses om werknemers se houding teenoor verandering sodanig te beïnvloed dat hulle hul gewillig tot die voorgenome verandering sal verbind. Leiers is die primêre bron van inligting in 'n hiërargiese organisasie. As hulle daarom met die werknemers kommunikeer, werk hulle daartoe mee dat die werknemers bewus word van die moontlike uitwerking van die verandering en dra hulle daartoe by dat die gevoel van onsekerheid onder die werknemers afneem. Dit is belangrik dat die leier 'n duidelike visie moet hê sodat hy al die positiewe aspekte van die verandering aan die werknemers kan voorhou. Werknemers is baie gewilliger om veranderings te aanvaar indien hulle die positiewe aspekte van die verandering kan insien (Portoghese *et al*., 2012:583). Portoghese *et al*. (2012:583) noem 'n aantal aspekte wat tydens verandering in gedagte gehou moet word.

- ***Verbintenis tot verandering***

Vir die verbintenis tot verandering is 'n drieledige ingesteldheid nodig. *Affektiewe verbintenis* tot verandering is die begeerte om die verandering te ondersteun op grond van die oortuiging van die inherente voordele. *Voortdurende verbintenis* tot verandering is die erkenning dat koste daaraan verbonde sal wees en daarom is dit belangrik dat die nodige ondersteuning enduit gegee sal word. *Normatiewe verbintenis* tot verandering is die verantwoordelikheidsplig om die verandering te ondersteun. Wanneer al drie hierdie sake teenwoordig is, sal die individu hom volkome tot verandering verbind.

---

[227] Vgl. die probleemstelling in *1.4.2.1 Uniekheid van leierskap in die gemeente se roeping* (p. 5).

- ***Leier-lid-wisseling***

Portoghese *et al*. (2012:584) wys daarop dat baie van die navorsingsresultate bewys het dat leierskap 'n kritieke rol speel in die implementering en ondersteuning van verandering. Die begrip *leier-lid-wisseling* word deur die outeurs gebruik om te verwys na die verhouding wat daar tussen die leier en sy volgelinge is. Die aard van hierdie verhouding skep 'n omgewing waarbinne wisselwerking tussen die leier en werknemer kan plaasvind. Daarom meen hulle sal die kwaliteit van die verhoudings wat leiers met die werknemers tot stand bring, direk verband hou met die effek van daardie persoon se leierskap op die verandering. Die werknemers met 'n hoë leier-lid-wisselingsverhouding sal verandering geredeliker aanvaar as werknemers met 'n lae leier-lid-wisseling.


- ***Kommunikasie wat met verandering verband hou***

Die kommunikasie wat werknemers van moontlike veranderings op hoogte hou, is kritiek belangrik en het 'n positiewe uitwerking. Dit hou die werknemer op hoogte van die gevolge wat die verandering sal meebring. Dit help om onsekerheid en angs te verlaag. Aan die ander kant kan slegte kommunikasie tot wydverspreide gerugte, negatiwiteit en teenstand teen verandering lei. Dit sal ook negatiewe uitkomste aanmoedig soos die ongegronde afwesigheid van werknemers.

- ***Verwagtings wat met verandering verband hou***

Die werknemer se verwagting van die uiteindelike afloop van die verandering word volgens Portoghese *et al*. (2012:584) reeds lankal as 'n belangrike voorwaarde beskou om die werknemer se gereedheid vir en toewyding aan die proses van verandering te verhoog. Die inligting wat aan die werknemers gegee word om hulle verwagting van die verandering te vorm, is die basis waarop hulle houding teenoor die verandering gebou sal word. Portoghese *et al*. (2012:588) stel bogenoemde inligting met behulp van 'n diagram voor (kyk *Figuur 5: Portoghese et al. (2012) se verwagtingsdiagram*, p. 342).

Die slotsom van Portoghese *et al*. (2012:589) is dat volgelinge verandering eerder sal aanvaar indien hulle positiewe verwagtings van die verandering het. Hierdie verwagtings kan beïnvloed word deur sosiale stelsels (leier-lid-wisseling) en inligtingstelsels (kommunikasie). Daarom meen Portoghese *et al*. (2012:589) dat leiers hul hulpbronne moet gebruik om goeie verhoudings te bou, om effektief te kommunikeer en om 'n gemeenskaplike visie van verandering te ontwikkel. Op die manier sal die leier verandering goed kan bestuur.



Figuur 5: Portoghese *et al.* (2012) se verwagtingsdiagram

6.5.2.2.3 Waardevolle inligting uit die artikel

Elke leier sal een of ander tyd voor die probleem van verandering te staan kom en daarom is dit belangrik om te weet hoe om die proses te bestuur. In hierdie artikel gee Portoghese *et al*. nuttige riglyne, wat daarop neerkom dat drie basiese hulpbronne in plek moet wees:

- Die leier se verhouding met sy volgelinge moet goed wees omdat mense met goeie verhoudings eerder geneig is om veranderings te aanvaar.
- Deur effektiewe kommunikasie moet die leier almal op hoogte hou van die positiewe en negatiewe aspekte wat die verandering inhou.

Die leier moet sorg dat elkeen se verwagting van die uiteindelike afloop so akkuraat moontlik is omdat 'n persoon se verwagting van die verandering hom daarvoor voorberei en sy toewyding daaraan verseker.

6.5.2.3 *Communicating Effectively* – Hybels en Weaver (2004)

Die boek waarvan daar 'n hoofstuk in hierdie afdeling bestudeer word, is die trefferverkoper *Communicating Effectively* deur Saundra Hybels en Richard Weaver[228] en die sewende uitgawe het in 2004 verskyn.

---

[228] Saundra Hybels het 'n B.A. graad aan die Wes-Michigan Universiteit in 1961 verwerf. In 1962 verwerf sy 'n M.A.C. aan die Annenberg Skool van Kommunikasiekunde van die Universiteit van Pennsylvania, terwyl sy haar PhD in

6.5.2.3.1 Motivering vir die gebruik van hierdie boek

Hybels en Weaver gee 'n baie goeie oorsig van al die fasette van leierskap en daarom sal dit sinvol wees om die afdeling oor leierskap in hulle boek te bestudeer. Wat veral opval, is dat hulle die klem sterk laat val op die leiding wat die leier in 'n groep gee. Die verskillende deelnemers en die belangrikheid van elkeen in die groep word ook beklemtoon. Hierdie is aspekte waarmee die predikant as leier dikwels te doen kry aangesien hy gereeld met mense in groepsverband werk (vergaderings, Bybelstudiegroepe ens.). Verder sluit dit aan by die probleemstelling in Hoofstuk 1[229] ten opsigte van die onvoldoende leierskapsopleiding van predikante.

6.5.2.3.2 Groepsleierskap in die boek van Hybels en Weaver (2004)

Die volgende aspekte van groepsleierskap word deur Hybels en Weaver bespreek: die verskillende maniere waarop leiers ander kan beïnvloed, redes waarom leiers die leiding neem, drie benaderings tot leierskap, leiding in 'n groep, die verskillende deelnemers in 'n groep en konflik in die groep

(a) Verskillende maniere waarop leiers ander kan beïnvloed

Hybels en Weaver (2004:376) begin die deel oor die beïnvloeding deur leiers deur vyf verskillende metodes te definieer waarop leiers hul navolgers kan beïnvloed om 'n verskil te maak. Elkeen van die metodes is gegrond op een of ander soort mag of gesag van die leier:

- *Mag gegrond op beloning* – In hierdie metode kan die leier op grond van sy mag sy volgelinge deur verhoging, bevordering, komplimente, erkenning, aandag of op ander maniere beloon. Deur beloning motiveer die leier sy volgelinge om 'n verskil te maak.
- *Dwangmag* – Hierdie metode word gevolg wanneer die leier sy mag gebruik om sy navolgers te straf om die nodige resultate te kry. Volgelinge kan gestraf word deurdat die

---

1971 aan die Universiteit van Michigan verwerf het. In 1977 is Saundra Hybels aangestel as joernalistieke hoof aan die Lock Haven Universiteit. Sy het twee boeke geskryf waarvan *Communicating Effectively* (Lock Haven University, s.a.) een is. Hierdie boek is 'n trefferverkoper en verskeie uitgawes het reeds die lig gesien. Hybels is in September 1999 oorlede.

Richard Weaver het sy meestersgraad aan die Universiteit van Michigan en sy PhD aan die Indiana Universiteit verwerf. Hy het aan verskeie universiteite onderrig gegee en het meer as 35 boeke geskryf. Onder hierdie boeke is die trefferverkoper, *Communicating Effectively*, wat 'n kollegehandboek is. Verder het hy ook meer as 90 artikels gepubliseer. Hy is tans 'n afgetrede professor in kommunikasiekunde ná 'n loopbaan waarin hy meer as 80 000 studente aan die Universiteit van Indiana, die Universiteit van Massachusetts en die Ohio Staatsuniversiteit onderrig het. Hy is ook deur dieselfde universiteit as die "Beste Onderwyser van die Jaar" genomineer (Amazon, s.a.).

[229] Vergelyk *1.4.2.4 Onvoldoende opleiding as leier* (p. 9).

leier hulle demoveer, weier om 'n verhoging te gee of selfs af te dank. Die leier kan dit ook subtiel doen deur die persoon te ignoreer, weier om aandag aan hom te gee of deur die persoon te kritiseer.

- *Legitieme mag* – Die metode waarvan legitieme mag die basis is, kom voor in 'n organisasie waar die reëls van die organisasie en die rang van die leier baie belangrik is, terwyl die persoonlikheid en vermoë van die leier nie hoog geag word nie. So 'n organisasie gee aan die leier legitieme mag op grond van sy rang omdat die laer range altyd respek vir die leiers met hoër range moet hê.
- *Deskundige mag* – Beïnvloeding waar deskundige mag uitgeoefen word, vind plaas wanneer die leier invloed en mag het op grond daarvan dat hy meer weet as enigiemand anders. Die een wat die meeste kennis van die onderwerp het, word as die leier geag.
- *Referentemag* – 'n Leier verkry mag op grond van sy bekendheid. Hierdie bekendheid kan verwerf word deur 'n artikel of boek wat so 'n persoon geskryf het, verhoogoptrede in die geval van 'n akteur en so meer.

(b) Redes waarom leiers die leiding neem

Volgens Hybels en Weaver (2004:378) is daar veral drie redes waarom 'n persoon na vore kom om die leiding te neem, naamlik 'n persoonlikheidstipe, 'n spesifieke situasie wat om 'n spesifieke persoon vra om die leiding te neem en die diensbaarheidsmotief wat by sommige mense aangetref word.

- *Persoonlikheidstipe* – Die leier wat op grond van sy persoonlikheidstipe na vore tree, is die persoon wat van nature 'n leier is. Hy is gewoonlik iemand wat in die meeste situasies die leiding neem en mense verwag natuurlikerwys van hom om die leiding te neem.
- *Spesifieke situasie* – In sekere situasies tree mense na vore om as leiers op te tree omdat hulle die vermoëns en gawes het om binne daardie spesifieke situasies 'n probleem op te los. Hierdie leiers is nie van nature leiers nie, maar hulle leierskap hang af van die situasie en die vermoë of bekwaamheid wat nodig is om 'n oplossing vir die spesifieke situasie te bied.
- *Diensbaarheidsmotief* – Diensbaarheid lei tot diensknegleierskap, wat 'n mens volgens Hybels en Weaver (2004:376) by persone vind wat van harte die behoefte het om ander te dien. Hierdie leierskap is eerder op dienslewering as op bestuur of beheer gebaseer. Volgens Spears (aangehaal deur Hybels & Weaver, 2004:379), wat die HUB van Greenleaf Center for Servant-Leadership is, onderskei tien karaktertrekke van die egte diensknegleier:

  - Hy *luister* aandagtig na wat gesê word en nie gesê word nie.

- Hy het *empatie* met ander en probeer ander verstaan.
- Hy *genees* homself en spits hom daarop toe om sy verhouding met ander te heel.
- Hy *is bewus* van ander en het 'n goeie selfbewussyn.
- Hy *oortuig* eerder as om op sy gesag staat te maak.
- Hy *konseptualiseer* die toekoms en droom groot drome.
- Hy *is versiende* om die moontlike uitkoms van 'n situasie te bepaal.
- Hy *is 'n rentmeester* wat hom veral daartoe verbind om ander in hulle behoeftes te bedien.
- Hy *wy hom toe aan die ontwikkeling van mense*.
- Hy *bou 'n gemeenskap op* onder mense in 'n gegewe instelling.

(c) Drie benaderings tot leierskap

Vervolgens bespreek Hybels en Weaver (2004:380) drie benaderings tot leierskap, naamlik funksionele leierskap, tradisionele leierskap en situasieleierskap.

- ***Funksionele leierskap***

Funksionele leierskap word gedefinieer binne die raamwerk van 'n groep waarvan elke lid 'n leier in 'n spesifieke area is. In die groep het elke leier daarom 'n spesifieke funksie waarvoor sy kundigheid benodig word. Dit beteken dat leierskap voortdurend aktief in die groep beoefen sal word en kan verander omdat dit na gelang van 'n spesifieke situasie die verantwoordelikheid van die persoon kan word wat die mees bevoegde persoon vir 'n spesifieke situasie is. Die klem sal daarom eerder op die groep as op 'n spesifieke individu val; daarom moet elke individu te enige tyd reg wees om die leiding te neem. Elkeen moet aanpasbaar wees en die groep kan oortuig dat hy bevoeg is om 'n bydrae te maak.

- ***Tradisionele leierskap***

Ten opsigte van tradisionele leierskapstyle wys Hybels en Weaver (2004:382) daarop dat die tradisionele leierskapstyle wel verouderd is, maar baie nuttig te pas kom vir die leier wat daarna streef om buigsaam te wees. Onder tradisionele leierskapstyle onderskei Hybels en Weaver (2004:382) outoritêre leierskap, demokratiese leierskap en laat-maar-gaan-leierskap ("laissez-faire leader").

- *Outoritêre leierskap* – In die soort leierskap neem die leier die totale beheer van die groep oor. Hierdie leierskap kan goed toegepas word waar die groep onervare is en die leier die enigste een met baie ondervinding is. Verder kan outoritêre leierskap ook nuttig

te pas kom wanneer 'n projek vinnig afgehandel moet word. In so 'n geval sal die groep bymekaar kom en die leier sal vir elkeen sê presies wat hy van elkeen verwag.

- *Demokratiese leierskap* – In die soort leierskap neem almal in die groep deel aan die bespreking en besluitnemingsproses. Die groep sal nooit voorgesê word nie, alhoewel die leier 'n moontlike opsie vir oorweging kan voorstel. Hierdie tipe leierskap werk gewoonlik die beste wanneer daar genoegsame tyd is om 'n saak af te handel.
- *Laat-maar-gaan-leierskap* – Die laat-maar-gaan-leier ("laissez-faire leader") is iemand wat baie min leiding gee. So 'n leier sal hoogstens die groep bymekaar roep. Hierdie tipe leierskap kom veral voor by ondersteuningsgroepe waar lede ongemaklik met 'n leier voel aangesien almal daar is om mekaar te help.

- ***Situasieleierskap***

Die derde benadering tot leierskap vind neerslag in *situasieleierskap*. Die situasieleier is iemand wat in verskillende situasies verskillende leierskapstyle gebruik om leiding te gee. Hybels en Weaver (2004:376) noem vier basiese situasieleierskapstyle:

- *Bevelende styl* – Dit vind plaas wanneer die leier groter klem op die opdrag as op die groep laat val. Eenrigtingkommunikasie, manipulasie en die afdwing van gesag is kenmerke van hierdie leierskapstyl.
- *Verkoopstyl* – In hierdie geval besluit die leier steeds wat om te doen, maar hy verkoop sy idees aan die lede van die groep om die ondersteuning van die meerderheid in die groep te kry. Daar is tweerigtingkommunikasie en die leier verduidelik die saak aan die groepslede en oortuig hulle van die saak.
- *Deelnemende styl* – Die leier sal met hierdie styl die probleem aan die hele groep stel sodat dit deur die hele groep bespreek kan word. Daarna sal die groep saam besluit wat die beste oplossing vir die probleem is. Hier is dit belangrik om te sien hoe die leier al hoe meer van die groep se opinie kennis neem. Die tendens is dat die leierskap ook baie meer van een individu na 'n ander beweeg soos die groep of die situasie dit vereis.
- *Delegerende styl* – In delegerende styl sal die leiers terugstaan om aan die lede van die groep die geleentheid te gee om te beplan en die opdrag uit te voer. Die leier is daarom nie by die beplanning of die uitvoer van die werk betrokke nie.

(d) Leiding in 'n groep

Die rol van 'n groepleier is volgens Hybels en Weaver (2004:388) om die groep te help om die doel te bereik en die werk af te handel. Indien die leier die groep wil help om effektiewer te wees, stel Hybels en Weaver (2004:389) die volgende voor:

- *Wees neutraal en objektief* – Groepslede verkies gewoonlik 'n leier wat neutraal is en daarom moet hy nie sy eie behoeftes op die groep afdwing nie. As hy so optree, kan hy 'n indruk van arrogansie en 'n beperkte sienswyse skep. Verder moet die leier ook objektief wees deur gevolgtrekkings te maak wat eerder op feite as op emosies of opinies gebaseer is.
- *Stel prosedures in plek* – Hybels en Weaver (2004:390) stel bepaalde prosedures voor. Wanneer die groep vir die eerste keer bymekaar kom, word 'n leier gekies. In die meeste gevalle sal dit ook goed wees om 'n skriba te kies wat notule kan hou van sake wat bespreek word en besluite wat geneem word. Wanneer dit in plek is, kan die leier kortliks sê wat die groep se werk tydens die vergadering sal wees en dan kan die bespreking begin. Die meeste groepe struktureer die gesprek aan die hand van 'n agenda waarin al die onderwerpe wat tydens die vergadering bespreek moet word, gelys word. Die doel van die agenda is tweeledig. Aan die een kant sorg dit dat die vergadering doelgerig verloop sodat al die onderwerpe aandag geniet en aan die ander kant gee dit die groepslede kans om voor te berei.
- *Help die groep om vordering te maak* – Dit gebeur soms dat groepe by een aspek van 'n probleem vashaak en dan moet die leier die nodige wysheid hê om dit raak te sien. In so 'n geval kan dit soms help as die leier 'n kort opsomming gee van wat alreeds gesê is. In ander gevalle sal dit weer nodig wees dat die leier vra dat die groep met die volgende saak op die agenda voortgaan. Hybels en Weaver (2004:391) stel ook voor dat elke vergadering afgesluit kan word deurdat die leier die verrigtinge opsom en doelwitte vir die volgende vergadering stel.
- *Stel vrae* – Vrae kan baie nuttig deur die leier gebruik word om 'n groep weer terug te bring na die oorspronklike doel van die gesprek. Vrae is ook nodig om die geldigheid van 'n saak deeglik te toets. Die leier kan vrae stel om seker te maak dat die feite korrek is sodat daar geen moontlikheid van 'n misverstand is nie.
- *Wees ingestel op antwoorde* – Indien 'n groep in hul taak wil slaag, is dit nodig om by antwoorde uit te kom; daarom moet die lede se aandag voortdurend op moontlike oplossings gevestig word. Dit beteken volgens Hybels en Weaver (2004:392) dat die leier

die vergadering se aandag op die behoefte aan antwoorde moet vestig en hy moet diegene wat aktief meewerk, ondersteun om by 'n bevredigende antwoord uit te kom.

- *Delegeer verantwoordelikhede* – 'n Goeie leier is volgens Hybels en Weaver (2004:392) 'n persoon wat in staat is om verantwoordelikhede na elkeen van die groepslede te delegeer.
- *Moedig sosiale interaksie aan* – Sosiale interaksie sal net plaasvind wanneer groepslede voel dat hulle deur ander lede erken en aanvaar word. Hybels en Weaver (2004:392) wys daarop dat lede al hoe meer genot in groepsinteraksie sal vind en dat hulle harder sal werk om die gesamentlike doel te bereik indien vriendelikheid, wedersydse vertroue en respek bevorder word.

(e) Die verskillende deelnemers in 'n groep

Hybels en Weaver (2004:393) identifiseer individuele leiers in 'n groep op grond van die funksie wat hulle in 'n groepsbespreking kan vervul. Volgens hulle kan die individue in twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik die wat 'n taakfunksie vervul en die wat 'n onderhoudsfunksie vervul.

- ***Taakfunksie***

Die groepsleiers wat 'n taakfunksie vervul, help die groep om die werk af te handel en daarom sal hulle met nuwe idees vorendag kom en help om inligting in te samel. Die groepsleiers wat taakfunksies vervul, kan soos volg geïdentifiseer word:

- *Inisieerders* – Hulle is inisieerders wat graag nuwe idees, doelwitte, oplossings en benaderings voorstel.
- *Inligtinggewers en -soekers* – Baie inligting is nodig om 'n goeie besluit te kan neem en daarom is inligtinggewers baie belangrik vir die groep. Aan die ander kant is dit ook waar dat hoe gekompliseerder 'n saak is, hoe groter is die groep se behoefte aan inligting-soekers omdat hulle die saak verder sal gaan ondersoek om met moontlike antwoorde na die groep toe te kom.
- *Kritiese analiseerders* – Hulle kyk krities na 'n saak om die voor- en nadele te identifiseer. Hulle sal die groep dikwels help om 'n probleem op te los.

- ***Onderhoudsfunksie***

Leiers wat die onderhoudfunksie vervul, konsentreer op die emosionele toonaard van die groep. Hulle motiveer, harmoniseer, reguleer en neem waar.

- *Motiveerders* – Hulle prys ander vir die werk wat gedoen is. Motivering laat groepslede goed voel oor hulself en die bydrae wat hulle gelewer het.

- *Harmoniseerders* – Hulle help om die konflik in die groep op te los. Hulle het die vermoë om oplossings wat vir almal aanvaarbaar is, te vind.
- *Reguleerders* – Hulle help om die groepsbesprekings te laat vlot. Hulle sal lede wat van die agenda afwyk op 'n mooi manier daarop wys dat daar by die agenda gehou moet word. Hulle het die gawe om almal 'n kans te gee om te praat.
- *Waarnemers* – Hulle is sensitief vir die behoeftes van elke persoon en sal probeer om almal gelukkig te hou.

(f) Konflik in die groep

Hybels en Weaver (2004:397) bespreek die leier se rol in konflikhantering in die groep onder drie opskrifte, naamlik redes vir konflik, die waarde van konflik en konflikhantering.

- ***Redes vir konflik***

Veral drie sake is 'n potensiële bron vir konflik:

- *Prosedures* – Die prosedures van 'n vergadering (tyd van vergadering, hoe gereeld daar vergader word, hoe die notule moet lyk ens.) kan soms tot konflik lei.
- *Gesag* – Dit gebeur soms dat daar konflik in 'n groep kom as gevolg van twee of meer persone wat die behoefte het om die gesag te dra.
- *Werksverdeling* – Sommige lede van 'n groep werk soms harder as ander. Die lede wat hard werk, word dan kwaad vir die wat nie hulle kant bring nie.

Hierdie situasies kan skadelik vir groepswerk wees en daarom moet die leier probeer om dit te verhoed.

- ***Waarde van substantiewe konflik***

Hybels en Weaver (2004:398) meen dat substantiewe konflik waarde vir die groep het. Hulle wys daarop dat elkeen van die verskillende groepslede se idees oor sake deur sy eie kultuur, opvoeding, onderrig en ondervinding gevorm word. Die gevolg is dat die groep soms uiteenlopende opinies oor sake kan hê. Nadat die groep egter navorsing gedoen het en hulle waarnemings met mekaar gedeel het, sal elkeen van die groepslede deur die navorsing gevorm word om 'n meer gebalanseerde opinie oor 'n saak te hê.

- ***Konflikhantering***

Hybels en Weaver (2004:376) stel die volgende vyf maniere voor waarop die leier konflik in 'n groep kan hanteer:

- *Vermyding* – Wanneer die saak waaroor daar konflik is nie ’n wesenlike saak is nie, kan die leier self ’n besluit daaroor neem om sodoende die konflik tussen groepslede te vermy.
- *Tegemoetkoming* – ’n Leier kan ook soms aanbeveel dat die lede van die groep wat nie so sterk oor hulle saak voel nie, die ander tegemoet kom.
- *Kompetisie* – Kompetisie kan deur die leier bestuur word sodat die groep se doelwitte bereik word. Indien sommige lede met mekaar kompeteer, sal dit sinvol wees om daardie lede in ’n privaat gesprek daarop te wys dat die konflik die groep verhinder om saam te werk.
- *Samewerking* – Samewerking kan ook ’n oplossing vir konflik wees wanneer die groep twee voorstelle het en die twee voorstelle mekaar komplementeer. Die leier kan dan voorstel dat die twee voorstelle gekombineer word en op hierdie manier kan die groep as ’n geheel saamwerk.
- *Kompromie* – Om ’n kompromie aan te gaan, moet elkeen van die partye iets prysgee om te kry wat hulle graag wil hê. ’n Kompromie sal alleenlik werk indien albei partye voel dat wat hulle ontvang, regverdig is en dat albei ten minste ’n gedeeltelike oorwinning behaal het.

6.5.2.3.3 Waardevolle inligting uit die hoofstuk

In hierdie hoofstuk is daar talle nuttige praktiese wenke wat deur die predikantleier opgevolg kan word.

(a) Diensknegleierskap

Diensknegleierskap is ’n baie belangrike leierskapstyl wat deur ’n predikant gebruik kan word en wat in ’n groot mate ook aanpas by die unieke situasie van die leierskap van predikante. Die tien karaktertrekke van egte diensknegleierskap word soos volg weergegee:

- ’n Diensknegleier *luister* aandagtig na wat gesê word en nie gesê word nie.
- Hy het *empatie* met ander en probeer ander verstaan.
- *Hy genees* homself en spits hom daarop toe om sy verhouding met ander te heel.
- Hy is *bewus* van ander en het ’n goeie selfbewussyn.
- Hy *oortuig* eerder as om op eie gesag staat te maak.
- Hy *konseptualiseer* die toekoms en droom groot drome.
- Hy is *versiende* om die moontlike uitkoms van ’n situasie te bepaal.
- Hy is ’n *rentmeester* wat hom veral daartoe verbind om ander in hulle behoeftes te bedien.

- Hy *wy hom toe aan die ontwikkeling van mense.*
- Hy *bou ’n gemeenskap op* onder mense binne ’n gegewe instelling.

(b) Situasieleierskap

Die vier basiese situasieleierskapstyle kan vir ’n predikant ook nuttig wees omdat hy met verskillende situasies wat verskillend hanteer moet word, te doen kry. Die vier situasieleierskap-style word soos volg beskryf:

- *Bevelend* – Aan die groep word presies gesê wat van hulle verwag word.
- *Verkopend* – Die leier besluit wat gedoen moet word, maar hy verkoop die idee aan die lede.
- *Deelnemend* – Die hele groep soek na ’n oplossing vir ’n probleem. Daarna sal die groep saam besluit wat die beste oplossing is.
- *Delegerend* – Die leiers staan terug om aan die lede van die groep die geleentheid te gee om te beplan en die opdrag uit te voer.

(c) Rol van leier in die groep

Dit is ook vir die leier belangrik om te weet wat sy rol in die groep moet wees om hulle effektiewer te laat funksioneer. Die volgende voorstelle is belangrik:

- *Wees neutraal en objektief* – ’n Leier moet nie sy behoeftes op die groep afdwing nie omdat so ’n leier die indruk kan skep dat hy arrogant is en ’n beperkte sienswyse het.
- *Help die groep om vordering te maak* – ’n Leier moet kan sien wanneer die groep by ’n bepaalde punt vassteek en dan leiding gee om hulle te help om te vorder.
- *Delegeer verantwoordelikhede* – ’n Goeie leier kan verantwoordelikhede na die verskillende lede van die groep delegeer.
- *Moedig sosiale interaksie aan* – Lede van die groep sal bereid wees om harder te werk om die gesamentlike doel te bereik indien vriendelikheid, wedersydse vertroue en respek deur interaksie bevorder word.

(d) Identifisering van funksies

Dit is ook belangrik dat die leier die verskillende deelnemers in ’n groep reg kan identifiseer sodat hulle hul gawes in die groep kan gebruik. Die volgende funksies kan geïdentifiseer word:

- ***Taakfunksie***

Die taakfunksie is daarop gemik om die werk af te handel. Leiers wat vir taakfunksie geskik is, word soos volg gekarakteriseer:

- Inisieerders, wat nuwe idees, doelwitte, oplossings en benaderings voorstel.
- Inligtinggewers en -soekers, wat inligting aan die groep gee en soek.
- Kritiese analiseerders, wat krities na ’n saak kyk om die voor- en nadele te identifiseer.

- ***Onderhoudsfunksie***

Die onderhoudsfunksie is daarop gemik om die emosionele toonaard van die groep te bevorder. Leiers wat goed vaar om die onderhoudsfunkie te vervul, word soos volg gekarakteriseer:

- Motiveerders, wat ander prys vir die werk wat gedoen is.
- Harmoniseerders, wat die konflik in die groep oplos.
- Reguleerders, wat help om die groepbesprekings te laat vlot.
- Waarnemers, wat sensitief vir die behoeftes van elke persoon is en probeer om almal gelukkig te hou.

6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe

Die inligting wat uit die hulpwetenskappe ingevorder is, kan soos volg saamgevat word:

> Van al die leierskapstyle is die transformasionele leierskapstyl (en die soortgelyke bemagtigende leierskapstyl) die effektiefste styl en daarom kan daar aanbeveel word dat die leier die styl moet nastreef. Kenmerkend van hierdie styl is die volgende: om ’n visie te skep en te artikuleer; om ’n rolmodel te wees; om individuele ondersteuning te gee; om hoë prestasievereistes te stel; om die realisering van groepsdoelwitte aan te moedig; en om intellektuele stimulasie te voorsien. Hierdie styl moet nagestreef word omdat dit proaktiewe gedrag onder die navolgers bevorder, wat daartoe lei dat die volgelinge gewilliger uit eie inisiatief planne sal maak om die doelwitte te bereik.

Ten opsigte van die werk van die leier of leierskapspraktyke het die volgende sake na vore gekom:

- Bednarz beklemtoon die geloofwaardigheid, vertroue en emosionele balans wat daar by die leier moet wees.
- Kouzes en Posner beklemtoon dat die leier moet modelleer, inspireer, innoveer, bemagtig en bemoedig.

- Portoghese *et al*. wys daarop dat die drie belangrike dinge wat ’n leier moet doen, die volgende is: om goeie verhoudings te kweek, om deur effektiewe kommunikasie almal op hoogte van sake te hou en om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar dat elke lid se verwagting van die uiteindelike afloop so akkuraat moontlik is.
- Hybels en Weaver beskryf die karaktertrekke van egte diensknegleierskap as ’n verbintenis om ander te dien, om die self aan die ontwikkeling van ander toe te wy, om verhoudings te genees (vredemakers te wees), om eerder te oortuig as om op gesag staat te maak, om ’n duidelike visie te hê en om ’n gemeenskap op te bou.

Daar is ook ’n aantal leierseienskappe geïdentifiseer:

- Kouzes en Posner identifiseer vier eienskappe wat volgens hulle oor al die jare boaan die voorkeurlys verskyn, naamlik eerlikheid, vooruitsiendheid, bevoegdheid en die vermoë om te inspireer.
- Hybels en Weaver identifiseer veral drie eienskappe wanneer hulle die karaktertrekke van ’n egte diensknegleier beskryf, naamlik om aandagtig te luister, om empatie met ander te hê en om ’n sterk bewustheid van ander te hê.

Daar is ook drie hulpmiddels geïdentifiseer wat leiers in spesifieke situasies kan help:

- Die eerste hulpmiddel is die polariteitsbestuur van Johnson, wat beskryf hoe die leier twee polariteite in ’n groep effektief kan bestuur.
- Die tweede hulpmiddel is die metode wat deur Foote ontwerp is om die leier in ’n krisissituasie te help om die situasie te ontleed en op die regte manier inligting aan die lede oor te dra.
- Die derde hulpmiddel handel oor die leiding wat die leier in ’n groep gee. Hybels en Weaver beskryf die verskillende deelnemers wat in ’n groep benodig word om die groep effektief te laat funksioneer. Die inligting kan gebruik word om lede vir ’n groep te soek en dit kan ook gebruik word om elke lid se funksie in die groep te identifiseer.

6.7 Afleidings uit die hulpwetenskappe en die ses leierskapsbegrippe

In die vorige afdeling (*6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe*, p. 352) is die volgende eienskappe wat ’n leier behoort te hê, geïdentifiseer: *eerlikheid*, *vooruitsiendheid*, *bevoegdheid*, *om inspirerend te wees*, *om aandagtig te luister*, *om empatie met ander te hê* en *’n sterk bewustheid van ander*. Die verband tussen hierdie eienskappe en die ses

leierskapsbegrippe wat uit die eksegese afgelei is (vgl. 2.7, p. 94), is opvallend. Die inligting wat in die vorige afdeling saamgevat is, word nou met die leierskapsbegrippe geïntegreer:

- ***Onderdanige vertroue***

In Hoofstuk 5 is daar beklemtoon dat 'n leier wat onderdanig vertrou sy hele lewe in onderdanige vertroue aan die wil van God lei.[230] In aansluiting hierby is daar in 6.6 daarop gewys dat die transformasionele leierskapstyl nagestreef moet word. Met hierdie styl word die proaktiewe gedrag van die navolgers bevorder, wat daartoe lei dat die volgelinge gewilliger uit eie inisiatief planne sal maak om die doelwitte te bereik. 'n Leier wat onderdanig op die Here vertrou is egter nodig omdat hy nie deurgaans in beheer van alles sal wil wees nie.

So 'n leier moet daarom ook sy persoonlike oortuigings prysgee omdat hy die volgelinge ruimte moet gee om hulle eie idees te implementeer. Hierdie leier vertrou op die Here vir die uitkoms en nie op sy eie prestasies, status of intellek nie.

Onderdanige vertroue sluit ook nou aan by die eienskap *bevoegdheid* wat in 6.6 genoem is. In die eksegese van die geselekteerde teksgedeeltes oor Moses[231] is daarop gewys dat die leier op God kan vertrou om hom bevoeg te maak vir die taak wat aan hom opgedra word. Net soos Hy aan Moses die nodige bevoegdheid gegee het om die volk uit Egipte te lei, so sal Hy ook aan die leier wat op Hom vertrou die nodige bevoegdheid vir sy taak gee. In die opsig sluit onderdanige vertroue ten nouste by bevoegdheid aan.

- ***Status met verantwoordelikheid***

Vir status met verantwoordelikheid is die transformasionele leierskapstyl weereens belangrik omdat 'n rolmodel vir die navolgers in hierdie styl voorgestaan word (vgl. 6.6). Status met verantwoordelikheid beklemtoon dat die leier sy kindskap moet laat sigbaar word deur sy lewe in dankbaarheid aan sy Vader te wy.[232] Die leier moet altyd daarna streef om 'n positiewe invloed op ander se lewens te hê.

Verder wys Hybels en Weaver ook daarop dat die karaktertrekke van egte diensknegleierskap neerkom op 'n verbintenis om ander te dien (vgl. 6.6). Hierdie karaktertrek van diensknegleierskap stem ooreen met status met verantwoordelikheid omdat 'n hoogmoedige persoon nie daartoe in staat sal wees om ander te dien nie. Die leier se status met

---

[230] Kyk *Onderdanige vertroue* (p. 311).
[231] Kyk *3.4.5 Figurering van leierskapsbegrippe in Moses se lewe* (p. 151).
[232] Kyk *5.4.2 Status met verantwoordelikheid – Praktiese toepassing* (p. 309).

verantwoordelikheid bring juis mee dat hy besef dat hy vanweë sy sonde net so skuldig soos enige ander persoon voor God staan.[233] Die genade wat die leier in Christus ontvang dwing hom egter om vir ander iets te wil gee/doen wat hy in oorvloed van Christus ontvang het.

Laastens wys Portoghese *et al*. ook daarop dat een van die drie belangrike dinge wat 'n leier moet doen, is om die verantwoordelikheid te aanvaar dat elke lid se verwagting van die uiteindelike afloop so akkuraat moontlik moet wees. Status met verantwoordelikheid sluit daarby aan omdat die leier die verantwoordelike gesindheid moet aanvaar om ander die geleentheid te bied om te ontwikkel (vgl. 3.4.2 en 5.5[234])

- ***Gesag met liefde***

Hybels en Weaver (vgl. 6.6) wys daarop dat egte diensknegleierskap daarop gerig is om eerder te oortuig as om op gesag staat te maak. Gesag met liefde sluit ook baie nou hierby aan aangesien die leier wat bestuur met liefde nie sy gesag vir sy eie voordeel misbruik nie. Liefde tot God en naaste staan voorop[235]) en daarom is gesag slegs 'n instrument wat die leier gebruik om met liefde te bestuur met die doel om die koninkryk van God op en uit te bou.

- ***Herderlike leiding***

Bednarz beklemtoon die emosionele balans wat daar by die leier moet wees, Hy beskryf emosionele balans deur daarop te wys dat die leier goeie verhoudings met mense moet hê. Portoghese *et al*. sluit ook hierby aan deur daarop te wys dat een van die belangrikste dinge wat 'n leier moet doen, is om goeie verhoudings op te bou (vgl. 6.6). Dit sluit aan by herderlike leiding in die sin dat die leier met die leierseienskap daarop moet fokus om 'n innige verhouding met elkeen van sy volgelinge te hê.[236]

Hybels en Weaver (vgl. 6.6) se beskrywing van egte diensknegleierskap sluit ook in 'n groot mate aan by herderlike leiding. Hulle meen dat diensknegleierskap 'n verbintenis is om die self aan die ontwikkeling van ander toe te wy. Net so is dit ook een van die kenmerke van herderlike

---

[233] Kyk *5.4.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 309).
[234] Kyk *3.4.2 Dieptesnit-eksegese – Eksodus 3-4:17* (p. 107) en *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in die gemeente se roeping – *Status met verantwoordelikheid* (p. 311).
[235] Kyk *5.3.3 Gesag met liefde* (p. 306).
[236] Kyk *5.4.4 Herderlike leiding – Praktiese toepassing* (p. 310).

leiding dat die leier bereid is om selfs sy lewe op te offer om te verseker dat sy volgelinge deur die ingang (Christus) gaan.[237]

Hybels en Weaver gee ook 'n aantal eienskappe wat by 'n dienskneg leier pas, naamlik om aandagtig te luister, om empatie met ander te hê en om 'n sterk bewustheid van ander te hê (vgl. 6.6). Al drie hierdie eienskappe vind aansluiting by herderlike leiding aangesien daar in 5.3.4[238] daarop gewys word dat die leier nie apaties teenoor die lyding van mense staan nie. Hy fokus eerder daarop om die mense wat die Here onder sy sorg geplaas het, te dien. Verder dra die innige verhouding wat die leier met sy volgelinge het (vgl. 5.4.4[239]) daartoe by dat die leier die nodige begrip het om te verstaan hoekom hulle dink soos hulle dink.

- ***Waarheidsbegronde regverdigheid***

Ten opsigte van waarheidsbegronde regverdigheid is daar veral twee sake wat opval. Bednarz (vgl. 6.6) beklemtoon dat die leier 'n persoon moet wees wat geloofwaardig is. Hierdie geloofwaardigheid sluit aan by waarheidsbegronde regverdigheid omdat die waarheid alleen geloofwaardigheid by mense kan inboesem. 'n Leier wie se lewe op waarheid begrond is, sal nie die waarheid vir eiegewin verdraai nie en daarom sal hy in alles regverdig wees (5.4[240]).

Eerlikheid is een van die vier eienskappe wat volgens Kouzes en Posner (vgl. 6.6) oor al die jare boaan die voorkeurlys van goeie leierskap verskyn. Daar is 'n sterk verband tussen waarheidsbegronde regverdigheid en eerlikheid aangesien albei die waarheid nastreef. In 5.4 is genoem dat een van die beginsels van waarheidsbegronde regverdigheid juis daarin te vinde is dat die leier die waarheid met alles wat in hom is liefhet, omdat Christus dié Waarheid is.[241]

- **Geestelike onderskeidingsvermoë**

Die transformasionele leierskapstyl sluit aan by geestelike onderskeidingsvermoë in die sin dat daar 'n visie geskep en geartikuleer word. Kouzes en Posner identifiseer ook vooruitsiendheid as een van die vier eienskappe wat oor die jare boaan die lys van voorkeureienskappe vir leierskap staan. Die leier met geestelike onderskeidingsvermoë het die wysheid om verder te kyk as die tydelike dinge om ook dit wat ewigheidswaarde het, raak te sien (vgl. 5.3.6[242]). Die

---

[237] Kyk *5.4.4 Herderlike leiding* (p. 309).
[238] Kyk *5.3.4 Herderlike leiding* (p. 307).
[239] Kyk *5.4.4 Herderlike leiding* (p. 309).
[240] Kyk *5.4.5 Waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 310).
[241] Kyk *5.4.5 Waarheidsbegronde regverdigheid – Praktiese toepassing* (p. 310).
[242] Kyk *5.3.6 Geestelike onderskeidingsvermoë (*p. 307).

visie van die leier met geestelike onderskeidingsvermoë is om die dinge wat ewigheidswaarde het, in besit te neem.

Kouzes en Posner beklemtoon ook dat die leier moet modelleer, inspireer en bemoedig. Hierdie is almal eienskappe wat goed by geestelike onderskeidingsvermoë pas, aangesien die leier met geestelike onderskeiding ander deur sy voorbeeld moet inspireer om nie hulle geluk in die tydelike nie maar in die ewige te soek (vgl. 5.4.6[243] en 5.5[244]).

6.8 Samevatting


Hierdie uiteensetting word in *Figuur 6: Die ses leierskapsbegrippe en die afleidings uit die hulpwetenskappe* (p. 358) geïllustreer. Met hierdie diagram word aangetoon dat goeie leierseienskappe gegrond is in 'n verhouding met Christus. Hierdie verhouding met Christus sal al sterker word namate die leier die ses leierskapsbegrippe in sy lewe toepas. 'n Direkte gevolg van die realisering van leierskapsbegrippe in die lewe van die leier is dat sy geldigheid as leier aangetoon word deur die eienskappe wat hy as leier vertoon, maar eers nadat daardie eienskappe in die leier gevestig is, sal hy die nodige leierskapspraktyke kan nastreef.

In die volgende hoofstuk word Osmer se beskrywende-empiriese taak uitgevoer. Met behulp van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing sal daar ondersoek word hoe die leierskap van predikante in die GKSA tans daar uitsien.

---

[243] Kyk *5.4.6 Geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 310).

[244] Kyk *3.4.2 Dieptesnit-eksegese – Eksodus 3-4:17* (p. 107) en *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in die gemeente se roeping (p. 311).



Figuur 6: Die ses leierskapsbegrippe en die afleidings uit die hulpwetenskappe

Hoofstuk 7

Beskrywend-empiriese taak: kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

7.1 Inleiding

In hoofstukke 2-5 is daar deur middel van ’n eksegetiese en kultuurhistoriese ondersoek normatiewe riglyne geïdentifiseer om te verstaan wat goeie leierskap inhou. Daarmee is daar probeer om ’n antwoord te gee op Osmer se vraag: “What ought to be going on?” Osmer se interpreterende taak in hierdie navorsing oor die effektiewe leierskap van predikante is in Hoofstuk 6 onderneem. Dit was ’n poging om gedeeltelik ’n antwoord te bied op die vraag: “Why is it going on?” Daar is teoreties ondersoek wat ander vakgebiede, naamlik kommunikasiekunde en bedryfsosiologie, oor leierskap leer.

In Hoofstuk 7 word die vraag verder deur middel van empiriese navorsing ondersoek. Osmer (2008:447) beskryf die beskrywend-empiriese taak soos volg:

> “Ultimately, the descriptive-empirical task of practical theological interpretation is grounded in a spirituality of presence. It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families, and communities.”

Die doel van hierdie hoofstuk is daarom om ’n beeld te vorm van hoe predikante leierskap in gemeentes beoefen. Al vier vrae van Osmer kom telkens ter sprake: “What is going on?”, “Why is it going on?”, “What ought to be going on?” en “How might we respond?”

7.2 Twee verskillende benaderings

Franklin (2013:169) meen dat die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings die twee belangrikste benaderings is waarvolgens empiriese studie in die sosiale wetenskappe onderneem word. Tabel 8 (p. 360) is ’n opsomming van Franklin (2013:169-170) se beskrywing van die verskil tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering.

Vir die doel van hierdie studie sal die gemengde metode van Creswell (2009:204), waarin die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing met mekaar gekombineer word, gevolg word. Die hipotese van hierdie studie sal by wyse van ’n kwantitatiewe benadering getoets word; in aansluiting daarby sal daar ook gebruik gemaak word van die kwalitatiewe benadering om die emosies en ondervindings van leiers naderby te ondersoek.

Tabel 8: Die verskil tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering volgens Franklin (2013)

Kwantitatiewe benadering	Kwalitatiewe benadering
Die materiaal wat deur hierdie benadering ingesamel word, konsentreer slegs gegewens wat berekenbaar en meetbaar is.	Die materiaal wat deur hierdie benadering ingesamel word, kan en hoef nie statisties bereken te word nie.
Die materiaal wat in hierdie benadering ondersoek word, is numeries van aard en word hoofsaaklik statisties geanaliseer	Niestatistiese materiaal word versamel, ontleed en gevolgtrekkings word daaruit gemaak.
Die materiaal in bogenoemde benadering word gebruik om 'n hipotese op grond waarvan ingeligte veralgemenings oor gedrag gemaak kan word, te toets óf om modelle te genereer wat voorspellings kan maak.	In bogenoemde benadering word die menings, konsepte, definisies, metafore, simbole en ondervindings van deelnemers ontleed wat nie op 'n numeriese wyse beskryf of ontleed kan word nie.

7.3 Kwantitatiewe benadering

Die kwantitatiewe ondersoek kan op verskillende maniere gedoen word en daarom sal die verskillende metodes onder hierdie punt eers kortliks beskryf word om aan te dui hoe hierdie studie daar sal uitsien.

7.3.1 Kwantitatiewe navorsingsontwerp

Die doel met die navorsingsontwerp is om die studie noukeurig te beplan en te struktureer sodat die geloofwaardigheid van die uitkomste en geldigheid so hoog moontlik kan wees.

7.3.1.1 Positiewe en negatiewe aspekte van kwantitatiewe navorsing

Franklin (2013:172) gee in sy boek *Understanding Research: Coping with the Quantitative-Qualitative Divide* 'n goeie uiteensetting van die voor- en nadele van die kwantitatiewe benadering. Hieronder word 'n samevatting van sy studie gegee. Die positiewe aspekte van die kwantitatiewe metode is die volgende:

- Hierdie metode verskaf 'n effektiewe manier om verteenwoordigende opinies binne 'n gemeenskap te identifiseer sowel as om inligting oor individue en groepe mense te bekom.
- Met hierdie metode kan groepe mense deur navorsers ondersoek en beskryf word sonder dat dit nodig is om die groep te observeer of dat persoonlike interaksie nodig is.
- Hierdie metode het baie duidelike en spesifieke reëls waarvolgens die data effektief ingesamel en geanaliseer word.

- As gevolg daarvan dat data op ’n baie spesifieke manier ingesamel en geanaliseer word, kan die data ook weer deur ander navorsers gebruik word en selfs oorgeanaliseer word indien dit nodig sou wees.

Die kwantitatiewe metode is ook ’n produktiewe manier om basiese inligting oor ’n groep te verkry met die oog op diepgaande onderhoude. Hierdie metode is dus nie noodwendig die antitese van die kwalitatiewe metode nie sodat die twee benaderings goed saam gebruik word.

Negatiewe aspekte is die volgende:

- Om kousale afleidings uit vraelysgebaseerde data te maak, is debatteerbaar; daarom is die uitgangspunt dat waarskynlikheidsteekproefneming die beste metode is om menslike gedrag te bewys of te voorspel.
- Hierdie metode se effektiwiteit word hoofsaaklik bepaal deur die kwaliteit van die vrae wat gevra word. Swak geformuleerde en onnodige vrae sal tot onbevredigende uitslae lei, ongeag die grootte van die ondersoek.
- Respondente kan valse inligting gee weens verskeie redes soos swak konsentrasie, agtelosigheid of blote opsetlikheid.
- Baie mense is nie daarmee geneë om aan ’n ondersoek deel te neem nie.

Kultureel dubbelsinnige of kontroversiële vrae kan sterk gevoelens ontlok en daarom kan verskillende respondente verskillend op die vrae reageer.

Al die positiewe en negatiewe aspekte van kwantitatiewe navorsing is deur die loop van die studie in gedagte gehou.

7.3.1.2 Metodes van ondersoek

Franklin (2013:170) identifiseer die volgende drie metodes waarvolgens kwantitatiewe navorsing gedoen kan word:

(a) Navorsing wat op opnames gebaseer is: Hierdie metode maak hoofsaaklik van vraelyste gebruik. Reeds bestaande data soos verkiesingsdata, sensusopnames ensovoorts kan in vergelykings gebruik word.

(b) Inhoudsontleding: Hierdie metode gebruik geskrewe tekste om data te versamel en te ontleed. Voorbeelde van inhoudsontleding vind plaas wanneer sleutelwoorde of negatiewe terme in die teks ontleed word.

(c) Eksperimentele ondersoek: In hierdie metode word gedrag onder gekontroleerde laboratoriumomstandighede gemeet. Sosiale wetenskaplikes kan hierdie metode gebruik om byvoorbeeld die effek van gewelddadige beelde op kinders te toets.

In hierdie studie word die kwantitatiewe navorsing deur middel van opnames gedoen. Volgens Babbie (1998:254 e.v.) kan hierdie opnames op drie verskillende maniere gedoen word, naamlik deur middel van korrespondensievraelyste, telefoniese vraelyste en gespreksvraelyste. In hierdie navorsing sal opnames gemaak word deur korrespondensievraelyste aan kontakpersone in verskillende geografiese gebiede per e-pos te stuur. Die kontakpersoon sal in die e-pos versoek word om die vraelys self in te vul, maar ook om een of twee van die ouderlinge wat in dieselfde gemeente as hy dien, te versoek om die vraelys in te vul.

Met die hulp van Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) se Statistiese Konsultasiediens sal die vraelys op die Internet geplaas word sodat die kontakpersone die vraelys deur middel van 'n skakel maklik kan bekom. Die Statistiese Konsultasiediens sal ook die antwoorde verwerk (Steyn, 2014).

7.3.1.3 Die verskillende kategorieë vrae

Data wat deur middel van vraelyste ingesamel word, word volgens Franklin (2013:171) in minstens drie kategorieë vrae verdeel, naamlik:

(a) Feitelike vrae: Deur middel van feitelike vrae kan basiese data ingesamel word soos ouderdom, geslag, vlak van inkomste ens.

(b) Opinies en voorkeurvrae: In hierdie vrae word 'n stelling gemaak wat geëvalueer moet word en aspekte soos 'n persoon se vlak van tevredenheid, akkoord of afkeur word gedek.

(c) Beoogde gedrag: Hierdie vrae sal so gevra word om uit te vind wat die motivering of bedoeling van die respondent se gedrag is. In die ekonomiese wêreld kan die moontlikheid of bereidwilligheid om 'n produk te verkoop of te koop met hierdie soort vrae vasgestel word.

In hierdie ondersoek sal al drie kategorieë vrae in die samestelling van die vrae gebruik word.

7.3.1.4 Die verskillende tipes steekproewe

Die verskillende tipes steekproewe verwys na die verskillende maniere hoe die navorser bepaal wie aan die studie gaan deelneem. Franklin (2013:173) beweer:

> "This implies that the sample should be representative, i.e. that all possible permutations of the population are accounted for within the sample. Representative samples generally permit stronger generalizations in the final analysis; one reason why random sampling is indispensable for larger survey instruments."

Die verskillende tipes steekproewe wat volgens die Wikipedia (2014) gedoen kan word, is die volgende:

(a) Willekeurige steekproef: Dit vind plaas wanneer alle lede in 'n bevolking of groep dieselfde kans het om gekies te word om deel van die steekproef te wees. Deelnemers word dus willekeurig gekies. (Vgl. ook Franklin, 2013:174.)

(b) Verteenwoordigende steekproef: In 'n verteenwoordigende steekproef word daar seker gemaak dat die verskillende moontlike klasse of lae wat daar in 'n bevolking/groep bestaan, in dieselfde mate deur die respondente verteenwoordig sal word as wat hulle in die bevolking/groep verteenwoordig is. Indien daar byvoorbeeld 60% vrouens en 40% mans in die bevolking/groep is, moet die respondente ook uit 60% vrouens en 40% mans bestaan.

(c) Kwotasteekproef: Hierdie is ook 'n verteenwoordigende tipe steekproef. Die aantal respondente of kwota word vooraf bepaal, maar die deelnemers bepaal self wie aan die studie sal deelneem solank die kwota behaal word (vgl. ook Franklin, 2013:174).

(d) Gelaagde steekproef: Wanneer die bevolking/groep deur verskillende klasse of lae gekenmerk word, word daar van die gelaagde steekproef gebruik gemaak deur steekproewe in elke laag te maak.

(e) Sistematiese steekproef: Met hierdie tipe steekproef sal daar op 'n sistematiese wyse bepaal word watter respondente deelneem. 'n Voorbeeld van so 'n sisteem is om elke tiende persoon wat verbystap, in die opname te gebruik.

(f) Gemaksteekproef: In hierdie tipe steekproef word die respondente gekies wat maklik bereikbaar en toeganklik is.

(g) Sneeubalsteekproef: Wanneer respondente moeilik in 'n gemeenskap bereikbaar is, kan die sneeubalsteekproef effektief gebruik word deur vriende te vra om vriende te vra (vgl. ook Franklin, 2013:174).

(h) Beskikbaarheidsteekproef: Hierdie is 'n nie-ewekansige steekproef wat op die beskikbaarheid van respondente gebaseer is (Bless & Higson-Smith, 2005:91).

In hierdie studie is 'n verteenwoordigende steekproef gemaak.

Die vraelyste is per e-pos aan kontakpersone (54 predikante) in verskillende geografiese gebiede gestuur en met hulle bespreek.

Met die hulp van Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) se Statistiese Konsultasiediens is die vraelys op die Internet geplaas en later verwerk. Die versoek is aan elke predikant gerig om self die vraelys by http://fluidsurveys.com/s/GKSA/ op die Internet in te vul. Verder is hulle

gevra om die vraelys vir een of twee van die ouderlinge in die gemeente waar hulle diensbaar is, te gee om in te vul.

Die 54 predikante is geïdentifiseer deur uit elk van die 27 klassisse in die GKSA twee predikante ewekansig te kies. Dit sou meebring dat die ligging van die gemeentes verteenwoordigend van die kerkverband is. Van die 54 predikante het vyf per e-pos laat weet dat hulle nie belangstel om aan die studie deel te neem nie. In elkeen van daardie predikante se plek is daar uit dieselfde klassis 'n ander predikant geïdentifiseer. Die helfte van die predikante wat gevra is, het die vraelys volledig ingevul. 'n Verdere tien het die vraelys net gedeeltelik ingevul. Verder was daar ook 26 ouderlinge wat die vraelys volledig ingevul het en 12 wat die vraelys net gedeeltelik ingevul het.

Daar het egter nie genoegsame persone aan die steekproef deelgeneem om die respondente as verteenwoordigend te beskou nie. Hierdie navorsing is daarom by wyse van 'n beskikbaarheidsteekproef gedoen. Veralgemenings vir persone buite hierdie proefpersone kan dus moeilik gemaak word. Die respondente het wel in plattelandse, semi-stedelike en stedelike gebiede gewoon en het verskillende ouderdomsgroepe verteenwoordig. Wat die geografiese verspreiding en ouderdom betref, was die steekproef dus verteenwoordigend van die kerkverband.

Op hierdie wyse is dit moontlik om vanuit homileties-empiriese navorsing enkele beskouings en tendense wat moontlik onder predikante as leiers in die GKSA kan voorkom, nader te beskou.

7.3.2 Kwantitatiewe navorsingsmetodologie

In Hoofstuk 2 (2.7, p. 94) is daar deur 'n woordstudie ses eienskappe vir leierskap geïdentifiseer, naamlik *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë*. Die doel van hierdie deel van die navorsing is om vas te stel of predikante in die GKSA hierdie ses begrippe belangrik ag en of hulle as kerkleiers daarna streef om die eienskappe wat in hierdie begrippe vervat is, in hulle eie leierskap te laat realiseer. Die metodes waarvolgens die kwantitatiewe navorsing plaasgevind het, word vervolgens bespreek.

7.3.2.1 Metodes van vraelysadministrasie

Franklin (2013:175) beskryf verskillende metodes, met hulle voor- en nadele, waarvolgens die navorser die vraelyste kan administreer. Tabel 9 (p. 365) is 'n samevatting van Franklin (2013:175-177) se werk.

Tabel 9: Die verskillende administrasiemetodes van vraelyste volgens Franklin (2013)

Metode	Positiewe aspekte	Negatiewe aspekte
Direkgeadministreerde vraelys Met hierdie metode word respondente in eie persoon gevra om op die vrae te antwoord.	• Daar is 'n goeie kans om volle samewerking van die respondent te kry. • Alle vrae sal reg verstaan en beantwoord word.	• Dit is 'n tydrowende manier van doen en baie duur. • Van die respondente sal nie van die persoonlik aanslag hou nie en dit kan veroorsaak dat die persoon wat die data insamel, sleg behandel word.
Aanlyn- of digitale vraelys Vraelyste word per e-pos, facebook, SMS of soortgelyke hulpmiddels na respondente gestuur.	• E-pos bied 'n maklike manier om mense te bereik deur e-posadreslyste wat geredelik beskikbaar is. • Die e-pos kan direk aan respondent gestuur word met 'n "receipt acknowledgement"-boodskap wat die sender outomaties in kennis stel. • Die koste is laag en die vraelys is maklik om te ontwerp en dit is maklik om te reageer deur die klik van die "reply"-knoppie.	• As gevolg daarvan dat die meeste mense reeds oorvol "Inboxes" het, word sulke e-posse dikwels geïgnoreer; daarom moet die e-pos baie kort wees om enigsins goeie terugvoer te kry. • Vanweë die behoefte aan anonimiteit onder respondente kan sommige respondente dalk nie gemaklik daarmee wees om hulle response op so wyse aan te stuur nie.
Webgebaseerde vraelys Met hierdie metode word 'n vraelys op die web gelaai sodat respondente dit aanlyn kan invul.	• Die uitleg van webgebaseerde vraelyste kan baie aantreklik gemaak word en dit is ook baie meer gebruikersvriendelik. • Die data word deur die web ingesamel en geanaliseer. • Die voorbeelde van vrae kan help om die vrae te formuleer en te rangskik. • Dit is baie maklik om proeflopies te doen voordat die studie aangepak word. • Anonimiteit kan dwarsdeur die proses gehandhaaf word.	• Webgebaseerde vraelyste is duur. Om net tien vrae te stuur is gratis (soos in die geval van Survey Monkey), maar om meer as tien-vrae-vraelyste te gebruik, moet 'n maandelikse of jaarlikse fooi betaal word. • Die administrasie van die proses om seker te maak dat daar genoeg vraelyste ingevul word, moet nog steeds deur die navorser gedoen word. • Tegniese probleme kan maklik na vore tree soos die web wat nie wil werk nie of skakels wat oneffektief is.

Soos reeds in *7.3.1.4 Die verskillende tipes steekproewe* (p. 362) genoem is, is daar in hierdie studie gebruik gemaak van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) se Statistiese Konsultasiediens, wat die vraelyste in 'n webgebaseerde formaat voorberei het. Die vraelyste is getoets deur dit na tien predikante en ouderlinge te stuur om vas te stel of die vrae reg verstaan word en dat die uitleg gebruikersvriendelik is.

Nadat seker gemaak is dat alles in orde is, is die vraelyste na die 54 predikante gestuur wat op hulle beurt weer die vraelyste per e-pos na hulle ouderling/e aangestuur het. Hierdie saak is weekliks vir vier weke opgevolg deurdat die navorser aan elkeen van die predikante 'n e-pos gestuur het om hulle te versoek om die vraelyste in te vul. Indien die predikant seker was dat hy en sy ouderling die vraelys ingevul het, kon hy die navorser per e-pos versoek om nie weer 'n e-pos aan hom te stuur nie.

7.3.2.2 Samestelling van die vrae

Oor die samestelling van die vrae noem Franklin (2013:179) dat die volgende agt sake in gedagte gehou moet word:

(1) Vra duidelike vrae wat maklik verstaan kan word.
(2) Gee aan die respondent 'n duidelike aanduiding van hoe lank dit hom ongeveer sal neem om die vraelys te voltooi.
(3) Sorg dat daar 'n logiese uiteensetting van die vrae is en dat die antwoorde van die vrae mekaar nie weerspreek nie.
(4) Sorg dat terminologie van die vrae duidelik is en dat daar nie vrae is wat aanstoot sal gee of irrelevant is nie. Dit is daarom belangrik dat daar 'n deeglike kennis van die tipe respondent moet wees.
(5) Begin met vrae wat maklik en algemeen is en beweeg vandaar na meer spesifieke vrae.
(6) Hou die lys kort indien dit moontlik is.
(7) Gee 'n verskeidenheid moontlikhede waaruit gekies kan word, maar vermy vrae waarop "neutrale" en "ek weet nie"- antwoorde gegee kan word.
(8) Probeer die tipe vrae meng om eentonigheid te vermy.

In hierdie studie is die vraelys[245] saamgestel onder die ses leierseienskappe wat vroeër geïdentifiseer is, naamlik:

1. Onderdanige vertroue
2. Status met verantwoordelikheid

[245] Kyk *Bylae 1: Vraelys aan GKSA-predikante* (p. 694).

3. Gesag met liefde
4. Herderlike leiding
5. Waarheidsbegronde regverdigheid
6. Geestelike onderskeidingsvermoë

Daar is binne die raamwerk van Osmer (2008) se vier take in praktiese teologie oor elkeen van die bogenoemde leierseienskappe stellings/vrae gemaak/gevra waarop die respondent 'n keuse op 'n ordinale skaal moes uitoefen. 'n Skaal van een tot tien is gekies om neutrale antwoorde so ver moontlik te probeer uitskakel. Hierdie vrae soek dus na antwoorde op Osmer (2008:4) se "What is going on?", "Why is it going on?", "What ought to be going on?" en "How might we respond?".

Die verwerking van die data wat ingewin is, word in *7.3.3 Ontleding van die kwantitatiewe navorsing* (p. 369 en verder) aangebied. Daar moet deurlopend in gedagte gehou word dat die resultate van 'n beskikbaarheidsteekproef ontleed word. Wanneer daar dus gevolgtrekkings gemaak word, het dit net betrekking op die predikante en ouderlinge wat aan die navorsing deelgeneem het en geld dit nie vir die GKSA-predikante en -ouderlinge in die algemeen nie.

Vooraf, in die volgende afdeling (*7.3.2.3 Profiel van respondente*, p. 367), word data wat op grond van drie vrae ingesamel is, verwerk en geanaliseer om die profiel van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, te bepaal.

7.3.2.3 Profiel van respondente

Die eerste drie vrae in die vraelys is daarop toegespits om 'n profiel van die respondente te gee. Die resultaat word in Tabel 10 (p. 367), Tabel 11 (p. 368), Tabel 12 (p. 368), Tabel 13 (p. 368) en Tabel 14 (p. 369) gegee.

Vraag 1: In watter leiersposisie dien jy in die GKSA?

Tabel 10: Leierskapsverdeling van respondente

Leiersposisie	Grafiek	Persentasie	Aantal
Predikant		51.1%	48
Ouderling		48.9%	46
	Totale aantal response		**94**

Vraag 2: In watter tipe gemeente is jy lidmaat?

Tabel 11: Gemeenteverdeling van respondente

Tipe gemeente	Grafiek	Persentasie	Aantal
Plattelands		39.4%	37
Semi-stedelik		28.7%	27
Stedelik		31.9%	30
	Totale aantal response		**94**

Tabel 12: Gemeenteverdeling van predikante en ouderlinge

Predikante		
Tipe gemeente	**Persentasie**	**Aantal**
Plattelands	31%	15
Semi-stedelik	31%	15
Stedelik	38%	18
Totale aantal response		**48**

Ouderlinge		
Tipe gemeente	**Persentasie**	**Aantal**
Plattelands	48%	22
Semi-stedelik	26%	12
Stedelik	26%	12
Totale aantal response		**46**

Vraag 3: Tot watter ouderdomsgroep behoort jy?

Tabel 13: Ouderdomsverdeling van respondente

Ouderdomsgroep	Grafiek	Persentasie	Aantal
20-30 jaar		6.3%	6
31-40 jaar		7.4%	7
41-50 jaar		28.4%	27
51-60 jaar		26.3%	25
61-70 jaar		23.2%	22
71-99 jaar		8.4%	8
	Totale aantal response		**95**

Tabel 14: Ouderdomsverdeling van predikante en ouderlinge

Predikante se respons		
Ouderdomsgroep	**Persentasie**	**Aantal**
20-30 jaar	10%	5
31-40 jaar	10%	5
41-50 jaar	27%	13
51-60 jaar	35%	17
61-70 jaar	17%	8
71-99 jaar	0%	0
	Totaal	**48**

Ouderlinge se respons		
Ouderdomsgroep	**Persentasie**	**Aantal**
20-30 jaar	2%	1
31-40 jaar	4%	2
41-50 jaar	30%	14
51-60 jaar	17%	8
61-70 jaar	30%	14
71-99 jaar	15%	7
	Totaal	**46**

Die grafieke in tabelle 3-7 toon dat plattelandse, semi-stedelike en stedelike gemeentes goed verteenwoordig is onder die respondente. Die plattelandse gemeentes is die beste onder ouderlinge verteenwoordig en die stede die beste onder predikante.

Die ouderdomsgroep 51-60 is die beste verteenwoordig onder predikante, met 41-50 en 61-70 as die volgende bes verteenwoordigde.

7.3.3 Ontleding van die kwantitatiewe navorsing

Die ontleding van die kwantitatiewe navorsing word in die volgende afdelings aangebied:

7.3.3.1 Afdeling A: Onderdanige vertroue (p. 371)
7.3.3.2 Afdeling B: Status met verantwoordelikheid (p. 385)
7.3.3.3 Afdeling C: Gesag met liefde (p. 399)
7.3.3.4 Afdeling D: Herderlike leiding (p. 411)
7.3.3.5 Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid (p. 424)
7.3.3.6 Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë (p. 435)

Die resultate van elke afdeling word onder die volgende subopskrifte bespreek, naamlik “What is going on?”, “Why is it going on?” en “How might we respond?” Die vraag “What ought to be going on?” word aan die einde van elke afdeling afgelei uit die antwoorde wat die respondente op die ander drie vrae gegee het.

Die respons van die respondente word onder elke subopskrif in verskillende tabelle saamgevat: ’n tabel waarin die respons van alle respondente weergegee word (en onder andere ’n

horisontale kolomgrafiek bevat) en daarna 'n tabel/tabelle waarin die respons van die predikante teenoor die respons van die ouderlinge uiteengesit word.

Die navorsingsresultate oor 'n leierseienskap word aan die einde van die afdeling oor die spesifieke leierseienskap in 'n tabel opgesom. Die antwoord op Osmer se vraag, "What ought to be going on?" is telkens die laaste item in die tabel.

Om 'n oorsig van die navorsingsverslag te verkry, word aan die begin van elke afdeling oor 'n leierseienskap 'n skema van die verslag oor daardie afdeling in 'n tabel aangebied. Vrae wat in die vraelys gevra is, verskyn in 'n verkorte vorm in kolom 1 van die tabel. In kolom 2 word aangedui op watter een van drie vrae van Osmer, naamlik "What is going on?", "Why is it going on?" en "How might we respond?", daar na 'n antwoord gesoek is met die vrae in die vraelys. In kolom 3 word aangedui watter statistiese berekeninge in die ondersoek gemaak/uitgevoer is en op watter vrae in die vraelys hulle van toepassing is.

- Die *phi-koëffisiënt*, wat die korrelasie of verband tussen twee dimensies vrae aandui, in hierdie geval die *vrae aan die predikante* en die *vrae aan die ouderlinge*, is gemeet om die verskil tussen die twee groepe se menings aan te dui. Die phi-koëffisiënt word gewoonlik soos volg beoordeel: phi = 0,1: klein, phi = 0,3: matig, phi = 0,5: groot. Hierdie phi-koëffisiënt is bereken om te bepaal of daar 'n wesenlike verskil in opinie tussen predikante en ouderlinge is.
- Aan die einde van elke afdeling oor 'n leierseienskap is die betroubaarheid van die vrae om die hoofkonstruk te meet, getoets deur die Cronbach-alfabetroubaarheidskoëffisiënt te meet. 'n Waarde bokant 0.8 is gewoonlik baie goed. Hierdie toets is gedoen om vas te stel of die vraelys van so aard is dat dit betroubare inligting weergee vir die meet van elkeen van die leierseienskappe wat ondersoek is

Kommunaliteite is aan die einde van die afdelings oor leierskap gemeet om die korrelasies tussen die konstruk en elke vraag te meet. Die kommunaliteite moet so hoog moontlik wees. Die doel van hierdie toets is om te wys dat die vrae in daardie afdeling goed saamhang met die konstruk en daarom saamwerk om die gesamentlike doel te bereik. Die kommunaliteite kon nie by Afdeling C gemeet word nie aangesien daar te min vrae was wat op 'n skaal van een tot tien gemeet is.

Die onafhanklike T-toetsanalise bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil tussen die predikante en ouderlinge se response in die spesifieke afdeling is.

7.3.3.1 Afdeling A: Onderdanige vertroue

Tabel 15: Skema vir analise van predikante se onderdanige vertroue in die Here (Vraelys 1.1-1.9)

<table>
<tr><th>Verkorte vrae oor onderdanige vertroue in die Here</th><th>Osmer se vraag</th><th colspan="4">Statistiese analise</th></tr>
<tr><td>1.1 Dien predikante die Here in onderdanige vertroue?</td><td rowspan="5">What is going on?
(1.1-1.5)</td><td></td><td rowspan="9">Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling A</td><td rowspan="9">Kommunaliteite vir elke vraag
(Korrelasie tussen elke vraag en die konstruk)</td><td rowspan="9">Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling A</td></tr>
<tr><td>1.2 Vertrou predikante die Here om verandering te laat plaasvind?</td><td></td></tr>
<tr><td>1.3 Sien predikante die sonde oor om nie in onguns by mense te verval nie?</td><td>phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>1.4 Stel predikante hulle maklik onder ander se gesag?</td><td></td></tr>
<tr><td>1.5 Sal predikante hulle aan ’n kerkraadsbesluit onderwerp waarmee hulle nie saamstem nie?</td><td>phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>1.6 Waarom sukkel predikante om hulle in onderdanige vertroue aan die Here te onderwerp?</td><td rowspan="2">Why is it going on?
(1.6-1.7)</td><td></td></tr>
<tr><td>1.7 Motivering vir die antwoord op die vorige vraag</td><td></td></tr>
<tr><td>1.8 Oplossing om predikante se onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk?</td><td rowspan="2">How might we respond?
(1.8-1.9)</td><td></td></tr>
<tr><td>1.9 Ander dinge om predikante te help om hulle onderdanige vertroue in die Here te versterk?</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td colspan="5">What ought to be going on?
(Vgl. Tabel 37: Samevatting van die navorsingsresultate van die empiriese ondersoek na onderdanige vertroue, p. 384).</td></tr>
</table>

Met die eerste vyf vrae in hierdie afdeling (Vraelys 1.1-1.5) is na ’n antwoord gesoek op Osmer (2008:100) se vraag “What is going on?” Met die twee vrae daarna (Vraelys 1.6-1.7) word na ’n antwoord gesoek op Osmer se vraag “Why is it going on?” en met die laaste twee vrae (Vraelys

1.8-1.9) 'n antwoord op die vraag "How might we respond?" Die resultaat word vervolgens bespreek.

7.3.3.1.1 Die vraag: "What is going on?"

In antwoord op die eerste vraag (1.1) in die afdeling moes respondente aandui wat volgens hulle mening predikante se vlak van vertroue in die Here is (1 verteenwoordig lae en 10 hoë vertroue). Uit die grafiek in Tabel 16 is dit duidelik dat die meerderheid van die respondente 8 op die 10-puntskaal gekies het om die vertroue van predikante te beskryf. Uit die ontleding in Tabel 17, wat die respons van die predikante teenoor die van die ouderlinge stel, blyk dit dat 56% van die predikante 6 of 7 op die skaal van 10 gekies het, terwyl 53% van die ouderlinge 8 of 9 gekies het.

Tabel 16: Die vlak van predikante se vertroue in die Here volgens alle respondente

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal[246]
3[247]		1.4%	1
5		5.4%	4
6		17.6%	13
7		17.6%	13
8		24.3%	18
9		18.9%	14
10		14.9%	11
		Totaal	**74**

Tabel 17: Die vlak van predikante se vertroue in die Here volgens die mening van predikante teenoor die van ouderlinge

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	0%	0

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	3%	1

[246] Die "Aantal" in die laaste kolom van die tabelle verwys na die aantal respondente.
[247] Keuses 1, 2 en 4 is uitgelaat aangesien geen respondente daardie getalle op die 10-puntskaal gekies het nie. Die praktyk sal deur die hele dokument gevolg word om ruimte te bespaar.

4	0%	0
5	3%	1
6	28%	10
7	28%	10
8	22%	8
9	11%	4
10	8%	3
	Totaal	**36**

4	0%	0
5	8%	3
6	8%	3
7	8%	3
8	26%	10
9	26%	10
10	21%	8
	Totaal	**38**

In die tweede vraag (1.2) is gevra of predikante werklik op die Here vertrou om verandering in mense se lewens te laat plaasvind. Die resultaat verskyn in Tabel 18 en Tabel 19.

Tabel 18: Die vlak van predikante se vertroue op die Here om verandering in mense se lewens te laat plaasvind volgens alle respondente

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
3		1.4%	1
4		1.4%	1
5		4.1%	3
6		12.2%	9
7		14.9%	11
8		21.6%	16
9		21.6%	16
10		23.0%	17
		Totaal	**74**

Tabel 19: Die vlak van predikante se vertroue op die Here om verandering in mense se lewens te laat plaasvind volgens die mening van predikante teenoor die van ouderlinge

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	0%	0

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	3%	1

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	0%	0
5	3%	1
6	19%	7
7	25%	9
8	25%	9
9	11%	4
10	17%	6
	Totaal	**36**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	3%	1
5	5%	2
6	5%	2
7	5%	2
8	18%	7
9	32%	12
10	29%	11
	Totaal	**38**

Die grafiek in Tabel 18 toon aan dat 81% van die respondente die getal 7, 8, 9 of 10 op die 10-puntskaal gekies het. Wanneer die response van die predikante en die ouderlinge met mekaar vergelyk word, is dit opvallend dat die ouderlinge positiewer as die predikante reageer. 50% van die predikante het 7 of 8 gekies, terwyl 61% van die ouderlinge 9 of 10 gekies het.

In die derde vraag (1.3) is gevra of predikante lidmate se sonde gerieflikheidshalwe sal oorsien uit vrees dat hulle dalk hul lidmaatskap sal opgee indien hulle aangespreek word (1 wys dat hulle bang is, terwyl tien dui op vertroue). Die respons van al die respondente word in Tabel 20 weergegee.

Tabel 20: Respons van alle respondente op die vraag of predikante lidmate se sonde gerieflikheidshalwe sal oorsien om lidmate te behou

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
4		5.4%	4
5		12.2%	9
6		17.6%	13
7		16.2%	12
8		17.6%	13
9		14.9%	11
10		16.2%	12

Totaal	**74**

Uit Tabel 20 is dit duidelik dat die respondente se antwoorde redelik eweredig oor 6 tot 10 van die 10-puntskaal versprei is. Tabel 21 toon egter dat daar ook vir hierdie vraag die tendens is dat ouderlinge positiewer reageer (omtrent 50% het 9 of 10 aangedui op die 10-puntskaal), terwyl predikante gematigder daaroor voel (omtrent 72% het 6 tot 8 aangedui). Daar is dus 'n redelik goeie verband tussen die vraag en die tipe respondent (phi-koëffisiënt 0,48) (vgl. Tabel 22), wat dui op die groot verskil in opinie van die verskillende tipes respondente.

Tabel 21: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante lidmate se sonde gerieflikheidshalwe sal oorsien om lidmate te behou

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	6%	2
5	11%	4
6	31%	11
7	19%	7
8	22%	8
9	6%	2
10	6%	2
	Totaal	**36**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	5%	2
5	13%	5
6	5%	2
7	13%	5
8	13%	5
9	24%	9
10	26%	10
	Totaal	**38**

Tabel 22: Phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 21

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl x V1.3
	Chi-square
Phi	.4809035
Contingency coefficient	.4333927
Cramér's V	.4809035

In vraag vier (1.4) is die respondente gevra of hulle dink dat predikante dit maklik vind om hulself onder die gesag van iemand anders te stel. Die response verskyn in Tabel 23 en Tabel 24.

Tabel 23: Die vermoë van predikante om hulle onder die gesag van iemand anders te stel volgens alle respondente

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		4.1%	3
2		9.5%	7
3		9.5%	7
4		20.3%	15
5		12.2%	9
6		8.1%	6
7		8.1%	6
8		14.9%	11
9		9.5%	7
10		4.1%	3
		Totaal	**74**

Tabel 24: Die vermoë van predikante om hulle onder die gesag van iemand anders te stel volgens die mening van predikante teenoor die van ouderlinge

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	3%	1
2	17%	6
3	8%	3
4	25%	9
5	14%	5
6	11%	4
7	8%	3
8	11%	4
9	3%	1
10	0%	0
Totaal		**36**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	5%	2
2	3%	1
3	11%	4
4	16%	6
5	11%	4
6	5%	2
7	8%	3
8	18%	7
9	16%	6
10	8%	3
Totaal		**38**

Uit Tabel 24 kan afgelei word dat die gemiddelde respons op die 10-puntskaal 6.1 vir die ouderlinge teenoor 4.6 vir die predikante is. Die predikante wat aan hierdie studie deelgeneem het, is dus baie meer daarvan oortuig dat dit nie vir predikante so maklik is om hulle onder ander se gesag te stel nie.

In vraag vyf (1.5) van hierdie afdeling is die respondente gevra of hulle dink dat predikante hulle sal onderwerp aan 'n besluit wat deur die kerkraad geneem is en waarmee hulle nie noodwendig saamstem nie. Die reaksie van die respondente word in Tabel 25 en Tabel 26 weergegee.

Tabel 25: Respons van alle respondente op die vraag of predikante hulle sal onderwerp aan 'n kerkraadsbesluit waarmee hulle nie noodwendig saamstem nie

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		1.4%	1
2		2.7%	2
3		4.1%	3
4		8.1%	6
5		24.3%	18
6		12.2%	9
7		6.8%	5
8		25.7%	19
9		9.5%	7
10		5.4%	4
		Totaal	**74**

Tabel 26: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante hulle sal onderwerp aan 'n kerkraadsbesluit waarmee hulle nie noodwendig saamstem nie

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	3%	1
2	0%	0
3	8%	3

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	0%	0
2	5%	2
3	0%	0

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	14%	5
5	31%	11
6	14%	5
7	8%	3
8	14%	5
9	6%	2
10	3%	1
	Totaal	**36**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	3%	1
5	18%	7
6	11%	4
7	5%	2
8	37%	14
9	13%	5
10	8%	3
	Totaal	**38**

Tabel 27: Phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 26

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V1.5
	Chi-square
Phi	.4703858
Contingency coefficient	.4256471
Cramér's V	.4703858

Die phi-koëffisiënt 0.47 in Tabel 27 dui aan dat daar 'n groot verskil tussen predikante en ouderlinge se response op hierdie vraag is. Terwyl die gemiddelde respons van ouderlinge 7.0 op die 10-puntskaal is, is dit slegs 5.6 vir die predikante.

Samevatting: What is going on?

Wat die vraag "What is going on?" betref, kan afgelei word dat die predikante aansienlik negatiewer as die ouderlinge oor die onderdanige vertroue van predikante voel.

Die respons op vraag 1.4, waarin gevra is of predikante dit maklik vind om hulle onder ander mense se gesag te stel, is veral opvallend. Die gemiddelde antwoord op die 10-puntskaal is 5.4, wat daarop dui dat die respondente voel dat predikante dit moeilik vind om hulle onder ander se gesag te stel.

Die gemiddelde antwoord op vraag 1.5 op die 10-puntskaal is 6.3, wat ook daarop dui dat predikante volgens die respondente hulle nie maklik sal onderwerp aan 'n besluit van die

kerkraad indien hulle nie daarmee saamstem nie, selfs al word die saak deur die algemene sinode aanbeveel.

7.3.3.1.2 Die vraag: "Why is it going on?"

Met die volgende twee vrae (1.6 en 1.7) is daar gesoek na 'n antwoord op Osmer (2008:88) se vraag "Why is it going on?" Respondente is gevra om 'n rede te gee waarom hulle meen dat predikante hulle nie in onderdanige vertroue aan die Here onderwerp nie. Die respondente moes een van vier moontlikhede kies (1.6) en hulle keuse dan motiveer (1.7). Die resultate word in Tabel 28, Tabel 29 en Tabel 30 weergegee.

Tabel 28: Respons van alle respondente op die vraag waarom predikante hulle nie in onderdanige vertroue aan die Here onderwerp nie

Moontlike rede	Grafiek	Persentasie	Aantal
Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie		9.5%	7
Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie		24.3%	18
Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie		39.2%	29
Geeneen van bogenoemde nie		27.0%	20
		Totaal	**74**

Tabel 29: Respons van predikante op die vraag waarom predikante hulle nie in onderdanige vertroue aan die Here onderwerp nie

Moontlike rede	Persentasie	Aantal
Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie	11%	4
Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie	33%	12
Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie	42%	15
Geeneen van bogenoemde nie	14%	5
	Totaal	**36**

Tabel 30: Respons van ouderlinge op die vraag waarom predikante nie hulle nie in onderdanige vertroue aan die Here onderwerp nie

Moontlike rede	Persentasie	Aantal
Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie	8%	3
Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie	16%	6
Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie	37%	14
Geeneen van bogenoemde nie	40%	15
	Totaal	**38**

Die meeste respondente meen dat 'n gebrek aan toewyding aan die Here die rede is waarom predikante sukkel om hulle in onderdanige vertroue aan die Here te onderwerp. Dit is egter weer opvallend hoe die ouderlinge en predikante se response van mekaar verskil. Terwyl die meeste ouderlinge moontlikheid 3 en 4 gekies het, het die predikante eerder 2 en 3 gekies.

Die rede waarom die ouderlinge 4 gekies het, is hoofsaaklik omdat hulle dink dat predikante nie met onderdanige vertroue worstel nie (ses se mening) terwyl daar ook aan die ander kant 'n paar is wat meen dat die lewenstyl van die predikant (ekonomiese eise, versoekings ens.) die oorsaak van 'n gebrek aan onderdanige vertroue is (ses se mening).

Twee van die vyf predikante wat moontlikheid 4 gekies het se redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue is 'n tekort aan die positiewe eienskappe wat in 1, 2 en 3 genoem word.

Samevatting: "Why is it going on?"

Die meeste respondente het gemeen dat 'n gebrek aan toewyding aan die Here die oorsaak daarvan is dat onderdanige vertroue nie altyd in predikante se lewens sigbaar is nie.

7.3.3.1.3 Die vraag: "How might we respond?"

Om bogenoemde vraag van Osmer (2008:88) oor onderdanige vertroue te beantwoord, is daar twee vrae (1.8 en 1.9) (Vraelys 1.8-1.9) gevra.

In vraag 1.8 moes respondente sê wat na hulle mening nodig is om predikante se onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk. Respondente moes vyf moontlikhede in volgorde van belangrikheid rangskik. Die respons verskyn in Tabel 31, Tabel 32 en Tabel 33.

Tabel 31: Respons van alle respondente op die vraag wat nodig is om predikante se onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk

Aanbeveling	1	2	3	4	5	Totaal
Beter toerusting vir leiers	4 (5.6%)	9 (12.5%)	3 (4.2%)	20 (27.8%)	36 (50.0%)	72
Goeie mentors	8 (11.1%)	9 (12.5%)	5 (6.9%)	32 (44.4%)	18 (25.0%)	72
'n Innige verhouding met die Here	45 (62.5%)	13 (18.1%)	6 (8.3%)	5 (6.9%)	3 (4.2%)	72
'n Meer toegewyde gebedslewe	6 (8.6%)	21 (30.0%)	29 (41.4%)	8 (11.4%)	6 (8.6%)	70
Fokus moet meer op Christus wees	14 (19.2%)	18 (24.7%)	28 (38.4%)	6 (8.2%)	7 (9.6%)	73

Tabel 32: Respons van predikante op die vraag wat nodig is om predikante se onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk

Aanbeveling	1	2	3	4	5
Beter toerusting vir leiers	(2.9%)	(11.4%)	(5.7%)	(28.6%)	(51.4%)
Goeie mentors	(8.6%)	(8.6%)	(2.9%)	(51.4%)	(28.6%)
'n Innige verhouding met die Here	(63.9%)	(19.4%)	(5.6%)	(8.3%)	(2.8%)
'n Meer toegewyde gebedslewe	(2.9%)	(28.6%)	(51.4%)	(8.6%)	(8.6%)
Fokus moet meer op Christus wees	(25.7%)	(25.7%)	(34.3%)	(5.7%)	(8.6%)

Tabel 33: Respons van ouderlinge op die vraag wat nodig is om predikante se onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk

Aanbeveling	1	2	3	4	5
Beter toerusting vir leiers	(8.1%)	(13.5%)	(2.7%)	(27.0%)	(48.6%)
Goeie mentors	(13.5%)	(16.2%)	(10.8%)	(37.8%)	(21.6%)
'n Innige verhouding met die Here	(61.1%)	(16.7%)	(11.1%)	(5.6%)	(5.6%)
'n Meer toegewyde gebedslewe	(14.3%)	(31.4%)	(31.4%)	(14.3%)	(8.6%)
Fokus moet meer op Christus wees	(13.2%)	(23.7%)	(42.1%)	(10.5%)	(10.5%)

Tabel 32 en Tabel 33 toon aan dat die response van predikante en ouderlinge hier redelik ooreenstem. Die meerderheid van die ouderlinge (61%) en predikante (63%) voel dat "n Innige verhouding met die Here" sal help om die onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk. "n Meer toegewyde gebedslewe" en "Fokus moet meer op Christus wees" is ook sake wat hoë prioriteit volgens die respondente moet geniet.

Vraag 1.9 was 'n oop vraag om respondente die geleentheid te gee om self te sê wat hulle dink nodig is om predikante te help om onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk. Onder die predikante het vyf beklemtoon dat predikante mentors moet hê om hulle by te staan en leiding te gee, maar drie het ook genoem dat meer en beter toerusting 'n manier is om onderdanige vertroue te versterk en te herstel. Vyf ouderlinge het genoem dat kerkrade meer as mentors moet optree deur die predikante beter te probeer ondersteun. Verder is daar ook deur vyf respondente genoem dat lidmate meer vir predikante moet bid.

Samevatting: "How might we respond?"

Om die onderdanige vertroue van predikante te versterk, is dit volgens die respondente belangrik dat predikante hul op die volgende sake toespits: 'n innige verhouding met die Here, 'n toegewyde gebedslewe en die noodsaaklikheid om meer op Christus te fokus as voorbeeld van leierskap. Om predikante verder in onderdanige vertroue te help groei, is goeie mentors, toerusting en voorbidding nodig.

7.3.3.1.4 Die betroubaarheid en korrelasie van die vrae in Afdeling A: Onderdanige vertroue

Die interpretasie van die vraelys is afhanklik van die betroubaarheid van die vrae om die afdeling te evalueer. Die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt is vir hierdie afdeling bereken.

Tabel 34: Die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling A: Onderdanige vertroue

Variable	Summary for scale: Mean=34.9595 Std.Dv.=7.58593 Valid N:74 (Data) **Cronbach alpha: .834478** Standardized alpha: .857417 Average inter-item corr.: .571107				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. If deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V1.1	27.22973	39.14993	6.256990	0.782132	0.772840
V1.2	26.91892	38.75018	6.224965	0.751143	0.776490
V1.3	27.58108	38.54072	6.208117	0.671334	0.792410
V1.4	29.52703	35.14116	5.927998	0.525309	0.851219
V1.5	28.58108	37.59478	6.131458	0.577448	0.819058

Soos Tabel 34 aandui, is die Cronberg-alphawaarde in hierdie afdeling 0.834478, wat beteken dat die vrae vir die meting van die hoofkonstruk betroubaar is. 'n Waarde bokant 0.8 is gewoonlik baie goed.

Die kommunaliteite is ook gemeet. Kommunaliteite gee die korrelasies tussen die konstruk en elke vraag en dit moet so hoog moontlik wees.

Tabel 35 toon die relatiewe lae waarde van 0.44 vir vraag 1.4 en 0.49 vir vraag 1.5 wat daarop wys dat die vrae nie so goed met die res van die vrae saamhang nie.


Tabel 35: Kommunaliteite vir Afdeling A: Onderdanige vertroue

Variable	Communalities (Data) Extraction: Principal components Rotation: Unrotated	
	From 1 Factor	Multiple R-Square
V1.1	0.814629	0.787818
V1.2	0.793122	0.774849
V1.3	0.675638	0.520197
V1.4	0.437671	0.309455
V1.5	0.499813	0.342869

7.3.3.1.5 Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling A: Onderdanige vertroue

Tabel 36: Resultate van die onafhanklike T-toets vir Afdeling A: Onderdanige vertroue

T-toets vir onafhanklike steekproewe		
	T- waarde	P-waarde
Predikante vs. ouderlinge	-3.17054	0.002236



Met die onafhanklike T-toetsanalise is bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil tussen die predikante en ouderlinge se response in hierdie afdeling is. In Tabel 36 word die P-waarde aangedui as 0.002236, wat daarop dui dat daar 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen ouderlinge en predikante se response is. Hierdie verskil kan dalk daaraan toegeskryf word dat ouderlinge nie genoegsaam ingelig is oor wat die amp van predikante behels in soverre dit leierskap aangaan nie.

7.3.3.1.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na onderdanige vertroue

Tabel 37 is 'n samevatting van die resultate van die insameling en verwerking van data in die empiriese studie oor onderdanige vertroue onder predikante.

Tabel 37: Samevatting van die navorsingsresultate van die empiriese ondersoek na onderdanige vertroue onder predikante

Onderdanige vertroue		
Beskrywende taak: "What is going on?"	**Interpreterende taak**: "Why is it going on?"	**Pragmatiese taak**: "How might we respond?"
Uit die antwoorde op die vrae is dit duidelik dat die predikante aansienlik negatiewer as die ouderlinge oor predikante se onderdanige vertroue voel.	Die meerderheid van die respondente het gemeen dat 'n gebrek aan toewyding aan die Here die oorsaak is vir die gebrek aan onderdanige vertroue onder	Daar word aanbeveel dat aan die volgende sake strategies aandag gegee word om onderdanige vertroue te bevorder: 'n Innige verhouding met die Here

Onderdanige vertroue		
Twee sake wat in besonder uitgestaan het, is dat predikante én ouderlinge gematig daaroor voel dat dit vir predikante moeilik is om hulle onder ander se gesag te stel en dat predikante nie gemaklik daarmee sal wees om hulle aan 'n kerkraadsbesluit te onderwerp waarmee hulle nie saamstem nie, al is dit 'n besluit wat deur die Sinode aanbeveel word.	predikante. Dit is ook opvallend dat ses van die ouderlinge meen dat hulle nie sien dat predikante met onderdanige vertroue worstel nie, maar dat dit glad nie die mening van predikante is nie.	moet gekweek word. 'n Toegewyde gebedslewe is nodig. Daar moet meer op Christus gefokus word. Mentorskapsverhouding moet gekweek en aangemoedig word. Toerusting moet gegee word. Voorbidding in die verband is nodig.
Normatiewe taak: "What ought to be going on?"		
Respondente meen dat predikante 'n innige verhouding met Christus moet hê en daarom in toewyding aan die Here moet leef (vgl. antwoorde op vraag 1.7 en 1.8).		

7.3.3.2 Afdeling B: Status met verantwoordelikheid

Met die eerste ses vrae (Vraelys 2.1-2.6) oor *status met verantwoordelikheid* is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie, naamlik "What is going on?" Die resultate word vervolgens bespreek. Met die volgende twee vrae (Vraelys 2.7 en 2.8) word na 'n antwoord gesoek op die vraag "Why is it going on?" Met die laaste vraag in die afdeling word gesoek na 'n antwoord op die vraag "How might we respond?"

Tabel 38: Skema vir analise van predikante se status met verantwoordelikheid (Vraelys 2.1-2.9)

<table>
<tr><th>Verkorte vrae oor
status met verantwoordelikheid</th><th>Osmer se vraag</th><th colspan="4">Statistiese analise</th></tr>
<tr><td>2.1 Navolgingswaardige verantwoordelikheid?</td><td rowspan="5">What is going on?
(2.1-2.6)</td><td></td><td rowspan="9">Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling B</td><td rowspan="9">Kommunaliteite vir elke vraag
(Korrelasie tussen elke vraag en die konstruk)</td><td rowspan="9">Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling B</td></tr>
<tr><td>2.2 Sien predikante eie sonde raak?</td><td>Phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>2.3 Wil predikante eer ontvang of Christus eer en aanbid?</td><td></td></tr>
<tr><td>2.4 Gesindheid teenoor lidmate wat nie aktief meeleef nie of lidmaatskap opgee?</td><td>Phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>2.5 Speel status ’n rol in die verwagting hoe mense hulle moet behandel?</td><td></td></tr>
<tr><td>2.6 Opmerkings oor vorige vrae?</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>2.7 Waarom is dit moeilik om verantwoordelik met status om te gaan?</td><td rowspan="2">Why is it going on?
(2.7-2.8)</td><td></td></tr>
<tr><td>2.8 Redes om by te voeg?</td><td></td></tr>
<tr><td>2.9 Hoe kan die GKSA predikante help om meer verantwoordelik met status om te gaan?</td><td>How might we respond?
(2.9)</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td colspan="5">“What ought to be going on?
(Vgl. 7.3.3.2.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na status met verantwoordelikheid p. 398.)</td></tr>
</table>

7.3.3.2.1 Die vraag: “What is going on?”

Met die eerste vraag (2.1) is respondente gevra of hulle dink dat predikante se lewensstyl in so ’n mate van verantwoordelikheid getuig dat hulle van ander kan verwag om hulle voorbeeld na te volg. Tabel 39 en Tabel 40 gee die resultate op hierdie antwoord weer.

Tabel 39: Respons van alle respondente op die vraag of predikante se lewenstyl in so 'n mate van verantwoordelikheid getuig dat hulle van ander kan verwag om hulle voorbeeld te volg

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
4		9.1%	6
5		4.5%	3
6		7.6%	5
7		24.2%	16
8		27.3%	18
9		16.7%	11
10		10.6%	7
		Totaal	**66**

Tabel 40: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante se lewenstyl in so 'n mate van verantwoordelikheid getuig dat hulle van ander kan verwag om hulle voorbeeld na te volg

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	3%	1
5	9%	3
6	9%	3
7	36%	12
8	39%	13
9	3%	1
10	0%	0
	Totaal	**33**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	15%	5
5	0%	0
6	6%	2
7	12%	4
8	15%	5
9	30%	10
10	21%	7
	Totaal	**33**

Uit bostaande tabelle is dit duidelik dat die meerderheid van die respondente 7 tot 9 op die 10-puntskaal gekies het om die verantwoordelikheid van predikante te beskryf. Terwyl 51% van die ouderlinge 9 of 10 gekies het, het 75% van die predikante 7 of 8 gekies. Dit is duidelik dat predikante gematigder oor hierdie saak voel.

Die volgende vraag (2.2) het die respondente se gevoel getoets oor predikante se sondebewustheid (1 = predikante is geneig om op ander neer te kyk; 10 = predikante het 'n deeglike sondebesef). Hulle is gevra of predikante so op die sonde van mense rondom hulle konsentreer dat dit vir hulle moeilik word om hulle eie sonde raak te sien.

Tabel 41: Respons van alle respondente op die vraag of predikante so op die sonde van mense rondom hulle konsentreer dat dit vir hulle moeilik word om hulle eie sonde raak te sien

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
2		3.0%	2
3		3.0%	2
4		7.6%	5
5		13.6%	9
6		9.1%	6
7		12.1%	8
8		18.2%	12
9		21.2%	14
10		12.1%	8
		Totaal	**66**

Tabel 42: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante so op die sonde van mense rondom hulle konsentreer dat dit vir hulle moeilik word om hulle eie sonde raak te sien

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	3%	1
3	3%	1
4	15%	5
5	15%	5
6	9%	3
7	15%	5
8	27%	9
9	9%	3
10	3%	1

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	3%	1
3	3%	1
4	0%	0
5	12%	4
6	9%	3
7	9%	3
8	9%	3
9	33%	11
10	21%	7

Predikante se respons		
Keuse	Persentasie	Aantal
	Totaal	33

Ouderlinge se respons		
Keuse	Persentasie	Aantal
	Totaal	33

Tabel 43: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 42

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V2.2
	Chi-square
Phi	.5176073
Contingency coefficient	.4596792
Cramér's V	.5176073

Tabel 42 toon die respons op die vraag en Tabel 43 toon aan dat die phi-koëffisiënt 0,51 is, wat op 'n groot verskil in mening tussen ouderlinge en predikante dui. Hierdie tendens word bevestig deur die 53% ouderlinge wat 9 of 10 op die 10-puntskaal gekies het, terwyl 42% van die predikante 7 of 8 gekies het en 'n verdere 30% 4 of 5 gekies het.

Die derde vraag (2.3) oor status met verantwoordelikheid handel daaroor of predikante in hul bediening meer daarop fokus om eer te ontvang (1) as daarop om Christus te eer en te aanbid (10). Die resultate word in Tabel 44 en Tabel 45 weergegee.

Tabel 44: Die respons van alle respondente op die vraag of predikante in hul bediening meer daarop fokus om eer te ontvang as daarop om Christus te eer en te aanbid

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
3		3.0%	2
5		9.1%	6
6		7.6%	5
7		10.6%	7
8		22.7%	15
9		18.2%	12
10		28.8%	19
		Totaal	66

Tabel 45: Die respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante in hul bediening meer daarop fokus om eer te ontvang as daarop om Christus te eer en te aanbid

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	3%	1
5	6%	2
6	15%	5
7	15%	5
8	30%	10
9	15%	5
10	15%	5
	Totaal	**33**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	3%	1
5	12%	4
6	0%	0
7	6%	2
8	15%	5
9	21%	7
10	42%	14
	Totaal	**33**

Tabel 44 en Tabel 45 toon aan dat die predikante se mening oor hierdie saak baie gematigder as die ouderlinge s'n is. Terwyl die predikante se reaksie redelik eweredig oor 6 tot 10 van die 10-puntskaal versprei is, is die ouderlinge se gevoel baie meer op 8 tot 10 gesentreer.

In die vierde vraag (2.4) is respondente gevra om hulle mening op 'n 10-puntskaal te gee oor die algemene gesindheid van predikante teenoor lidmate wat nie aktief meeleef nie en selfs lidmaatskap opgee.

Tabel 46: Respons van alle respondente op die vraag oor die algemene gesindheid van predikante teenoor lidmate wat nie aktief meeleef nie en selfs lidmaatskap opgee

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		1.5%	1
2		4.5%	3
3		6.1%	4
4		12.1%	8
5		19.7%	13
6		13.6%	9
7		12.1%	8
8		19.7%	13

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
9		4.5%	3
10		6.1%	4
		Totaal	**66**

Tabel 47: Die respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag oor die algemene gesindheid van predikante teenoor lidmate wat nie aktief meeleef nie en selfs lidmaatskap opgee

Predikante se respons		
Predikant	**Persentasie**	**Aantal**
1	0%	0
2	6%	2
3	9%	3
4	15%	5
5	21%	7
6	18%	6
7	15%	5
8	12%	4
9	3%	1
10	0%	0
Totaal		**33**

Ouderlinge se respons		
Ouderlinge	**Persentasie**	**Aantal**
1	3%	1
2	3%	1
3	3%	1
4	9%	3
5	18%	6
6	9%	3
7	9%	3
8	27%	9
9	6%	2
10	12%	4
Totaal		**33**

Tabel 48: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 47

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V2.4
	Chi-square
Phi	.4020151
Contingency coefficient	.3730019
Cramér's V	.4020151

Die phi-koëffisiënt 0.4 in Tabel 48 toon aan dat daar 'n redelike verskil tussen die menings van die ouderlinge en predikante is. Die gemiddelde respons op die 10-puntskaal was 6.5 onder die ouderlinge en 5.4 onder die predikante.

In die volgende vraag (2.5) is respondente gevra of hulle dink dat predikante se status 'n rol speel in hulle verwagting van hoe mense hulle moet behandel. Die resultate verskyn in Tabel 49 en Tabel 50.

Tabel 49: Die respons van alle respondente op die vraag of predikante se status 'n rol speel in hulle verwagting van hoe mense hulle moet behandel

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		1.5%	1
2		1.5%	1
3		7.6%	5
4		7.6%	5
5		9.1%	6
6		15.2%	10
7		12.1%	8
8		18.2%	12
9		16.7%	11
10		10.6%	7
		Totaal	**66**

Tabel 50: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante se status 'n rol speel in hulle verwagting van hoe mense hulle moet behandel

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	0%	0
2	0%	0
3	9%	3
4	9%	3

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	3%	1
2	3%	1
3	6%	2
4	6%	2

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
5	12%	4
6	24%	8
7	12%	4
8	9%	3
9	15%	5
10	9%	3
	Totaal	**33**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
5	6%	2
6	6%	2
7	12%	4
8	27%	9
9	18%	6
10	12%	4
	Totaal	**33**

Oor hierdie vraag het die ouderlinge en predikante redelik gematig gevoel. Die gemiddelde respons op ’n 10-puntskaal is 7 vir ouderlinge en 6.5 vir predikante. Dit dui ook aan dat daar nie ’n groot verskil tussen die menings van die ouderlinge en predikante bestaan nie.

Die volgende vraag (2.6) het respondente die kans gee om opmerkings te maak oor die vrae oor status met verantwoordelikheid. Drie predikante het onder hierdie punt genoem dat die status wat predikante in die verlede gehad het, drasties verminder het. Drie van die respondente het gevoel dat hoogmoed ’n probleem by predikante is. Vyf van die respondente het gevoel dat die vrae te algemeen gestel is en dat dit daarom moeilik is om ’n algemene mening oor predikante in die bediening uit te spreek.

Drie van die ouderlinge wat op hierdie vraag reageer het, wys daarop dat hulle hul eie predikant positief ten opsigte van status met verantwoordelikheid ervaar, maar dat dit anders sou kon wees indien hulle van predikante in die algemeen sou praat. Twee van die ouderlinge was ook van mening dat predikante in die praktyk sukkel om diensknegte te wees.

Samevatting: What is going on?

Oor die algemeen was die predikante se gevoel oor status met verantwoordelikheid gematigder as die ouderlinge s’n. Dit stem ooreen met die opmerkings van die ouderlinge in 2.6 dat hulle hul eie predikante positief in die opsig ervaar. Daar is wel predikante wat meen dat hoogmoed ’n probleem is; sommige ouderlinge meen ook dat predikante sukkel om ’n dienskneggestalte aan te neem.

7.3.3.2.2 Die vraag: "Why is it going on?"

Met die volgende twee vrae (2.7 & 2.8) is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se tweede kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie. Respondente is gevra (2.7) waarom hulle dink dat dit vir predikante moeilik is om verantwoordelik met status om te gaan. Daar is 'n lys van vyf moontlike redes gegee wat hulle in volgorde van belangrikheid moes rangskik.

Tabel 51: Respons van alle respondente op die vraag waarom dit vir predikante moeilik is om verantwoordelik met status om te gaan

	Alle respondente se keuses				
Moontlike redes	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
Hoogmoed	(18.2%)	(15.2%)	(13.6%)	(21.2%)	(31.8%)
Gebrek aan sondebesef	(4.5%)	(34.8%)	(19.7%)	(31.8%)	(9.1%)
Gebrekkige verhouding met Christus	(36.4%)	(7.6%)	(24.2%)	(7.6%)	(24.2%)
Gebrek aan die nodige diensbaarheid	(9.1%)	(27.3%)	(27.3%)	(30.3%)	(6.1%)
Te veel verantwoordelikhede	(31.8%)	(15.2%)	(15.2%)	(9.1%)	(28.8%)

Tabel 52: Respons van predikante op die vraag waarom dit vir predikante moeilik is om verantwoordelik met status om te gaan

	Predikante se keuses				
Moontlike redes	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
Hoogmoed	(27.3%)	(12.1%)	(18.2%)	(21.2%)	(21.2%)
Gebrek aan sondebesef	(3.0%)	(39.4%)	(24.2%)	(27.3%)	(6.1%)
Gebrekkige verhouding met Christus	(45.5%)	(6.1%)	(9.1%)	(12.1%)	(27.3%)
Gebrek aan die nodige diensbaarheid	(6.1%)	(27.3%)	(30.3%)	(27.3%)	(9.1%)
Te veel verantwoordelikhede	(18.2%)	(15.2%)	(18.2%)	(12.1%)	(36.4%)

Tabel 53: Respons van ouderlinge op die vraag waarom dit vir predikante moeilik is om verantwoordelik met status om te gaan

Moontlike redes	Ouderlinge se keuses 1	2	3	4	5
Hoogmoed	(9.1%)	(18.2%)	(9.1%)	(21.2%)	(42.4%)
Gebrek aan sondebesef	(6.1%)	(30.3%)	(15.2%)	(36.4%)	(12.1%)
Gebrekkige verhouding met Christus	(27.3%)	(9.1%)	(39.4%)	(3.0%)	(21.2%)
Gebrek aan die nodige diensbaarheid	(12.1%)	(27.3%)	(24.2%)	(33.3%)	(3.0%)
Te veel verantwoordelikhede	(45.5%)	(15.2%)	(12.1%)	(6.1%)	(21.2%)

Uit Tabel 51, Tabel 52 en Tabel 53 is dit duidelik dat die meeste predikante voel dat 'n gebrekkige verhouding met Christus (45.5%) die rede is waarom hulle soms sukkel om verantwoordelik met hul status om te gaan. Die tweede meeste predikante voel hoogmoed (27.3%) is 'n belangrike rede.

Daarteenoor meen die meeste ouderlinge dat te veel verantwoordelikhede (45.5%) die groot oorsaak is, terwyl die tweede meeste meen dat 'n gebrekkige verhouding met Christus (27.3%) die oorsaak is dat predikante sukkel om verantwoordelik met hul status om te gaan.

Met die volgende vraag (2.8) is respondente die geleentheid gegee om self redes te verskaf waarom hulle dink dat predikante sukkel om verantwoordelik met hul status om te gaan.

Ten minste drie belangrike sake is deur die predikante en ouderlinge genoem. Twee predikante het verwys na die titel (ds.) waarmee daar na predikante verwys word. Die status word dus eerder in 'n titel as in Christus gesoek. Daar was ook drie respondente wat gesê het dat predikante in 'n mindere of meerdere mate verwêrelds. Dit sluit aan by die vorige punt in die sin dat 'n wêreldse status nagejaag word. Een van die respondente het genoem dat predikante heel moontlik nie hulle verantwoordelikheid as diensknegte verstaan nie.

Samevatting: "Why is it going on?"

Ten opsigte van die vraag "Why is it going on?" is die groot meerderheid van die respondente daarmee eens dat 'n gebrekkige verhouding met Christus die oorsaak is dat daar nie verantwoordelik met status omgegaan word nie.

Verder kan die tekort aan status wat met verantwoordelikheid gepaardgaan, toegeskryf word daaraan dat 'n wêreldse status nagejaag word en dat predikante nie noodwendig hulle verantwoordelikheid as diensknegte verstaan nie.

7.3.3.2.3 Die vraag: "How might we respond?"

Om bogenoemde vraag van Osmer (2008:88) oor status met verantwoordelikheid te ondersoek, is daar een vraag (2.9) gevra. Respondente is gevra om hulle mening te gee oor hoe die GKSA hul predikante 'n beter begrip kan gee van die verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan. Die voorstelle van die respondente (ouderlinge en predikante) het op vier sake neergekom. Die oplossing wat die meeste aanbeveel (deur 10 respondente), is dat die teologiese skool aan hierdie saak aandag moet skenk en dat opleiding meer prakties georiënteerd moet wees. Verder het ses respondente gesê dat predikante hulle meer daarop moet toespits om diensbaar te wees. Mentorskap is deur vier respondente aanbeveel as 'n manier om die verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan, te versterk. Drie respondente het genoem dat predikante meer op hul verhouding met Christus moet fokus.

Samevatting: "How might we respond?"

Volgens die respondente is dit nodig dat predikante as leiers van gemeentes hulle meer daarop moet toespits om diensbaar te wees. In die bediening moet hulle meer op 'n innige verhouding met Christus fokus en mentorskapsverhoudings is nodig sodat status met verantwoordelikheid sigbaar kan word. Aan die teologiese skool kan daar ook meer aandag aan hierdie saak gegee word.

7.3.3.2.4 Die betroubaarheid en korrelasie van die vrae in Afdeling B: Status met verantwoordelikheid

Die interpretasie van die vraelys is afhanklik van die betroubaarheid van die vrae om die afdeling te evalueer en daarom is die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir hierdie afdeling bereken.

Tabel 54: Die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling B: Status met verantwoordelikheid

Variable	Summary for scale: Mean=35.4848 Std.Dv.=8.39458 Valid N:66 (Data) **Cronbach alpha: .881920** Standardized alpha: .885131 Average inter-item corr.: .609819				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. if deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V2.1	28.00000	50.66666	7.118052	0.679642	0.867503
V2.2	28.37879	43.08379	6.563825	0.763000	0.845428

Variable	Summary for scale: Mean=35.4848 Std.Dv.=8.39458 Valid N:66 (Data) **Cronbach alpha: .881920** Standardized alpha: .885131 Average inter-item corr.: .609819				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. if deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V2.3	27.40909	47.39325	6.884275	0.746065	0.851584
V2.4	29.46970	45.43090	6.740245	0.667721	0.869179
V2.5	28.68182	42.06543	6.485786	0.759324	0.847151

Soos in Tabel 54 aangedui, is die Cronberg-alphawaarde in hierdie afdeling 0.881920. Omdat ’n waarde bokant 0.8 gewoonlik baie goed is, beteken dit dat die vrae vir die meting van die hoofkonstruk betroubaar is.

Die kommunaliteite is ook gemeet en word in Tabel 55 weergegee. Kommunaliteite gee die korrelasies tussen die konstruk en elke vraag en moet so hoog moontlik wees. Die minimum in hierdie geval is 0.61 vir vraag 2.4 en die maksimum is 0.74 vir vraag 2.2. Die relatief min variasie toon aan dat daar ’n goeie korrelasie tussen die vrae is.

Tabel 55: Kommunaliteite vir Afdeling B: Status met verantwoordelikheid


Variable	Communalities (Data) Extraction: Principal components Rotation: Unrotated	
	From 1 Factor	Multiple R-Square
V2.1	0.634853	0.479211
V2.2	0.738647	0.589536
V2.3	0.717970	0.601749
V2.4	0.609638	0.473251
V2.5	0.729376	0.603087

7.3.3.2.5 Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling B: Status met verantwoordelikheid

Met die onafhanklike T-toetsanalise is bepaal of daar ’n betekenisvolle verskil tussen die predikante en ouderlinge se response in hierdie afdeling is.

Tabel 56: Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling B: Status met verantwoordelikheid

T-toets vir onafhanklike steekproewe		
	T-waarde	P-waarde
Predikante vs. ouderlinge	-2.30128	0.024643



In Tabel 56 word die P-waarde aangedui as 0.024643, wat daarop dui dat daar 'n betekenisvolle verskil tussen ouderlinge en predikante se response was. Hierdie verskil mag daaraan toegeskryf word dat ouderlinge nie genoegsaam ingelig is oor die verskillende fasette van leierskap in die amp van predikante nie. (P-waarde < 0.05 is betekenisvol terwyl 'n p-waarde < as 0.01 hoogs betekenisvol is.)

7.3.3.2.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na status met verantwoordelikheid

Tabel 57 is 'n samevatting van die resultate van die insameling en verwerking van data in die empiriese studie oor status met verantwoordelikheid onder predikante.

Tabel 57 Samevatting van die resultate van die ondersoek na status met verantwoordelikheid onder predikante

Status met verantwoordelikheid		
Beskrywende taak: "What is going on?"	**Interpreterende taak:** "Why is it going on?"	**Pragmatiese taak:** "How might we respond?"
Uit al die antwoorde op die vrae is dit duidelik dat die predikante aansienlik negatiewer as die ouderlinge is oor predikante se status met verantwoordelikheid. Die twee vrae waar respondente die laagste waarde op die 10-puntskaal gekies het, is 2.1 waar respondente gevra is of predikante 'n voorbeeldige lewe leef en 2.4 wat vra of predikante apaties of kwaad raak vir lidmate wat nie aktief meeleef nie of lidmaatskap opgee. Twee verdere sake wat deur die respondente self genoem is, is dat hoogmoed 'n probleem onder leiers kan wees en dat predikante sukkel om 'n dienskneggestalte aan te neem.	Die meerderheid van die respondente het gemeen dat 'n gebrekkige verhouding met Christus die oorsaak is dat daar nie verantwoordelik met status omgegaan word nie. Twee moontlik oorsake vir die gebrek aan die verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan is volgens die respondente die volgende: • 'n Wêreldse status wat nagejaag word en • predikante verstaan nie hulle verantwoordelikheid as diensknegte nie.	Om die verantwoordelikeheid wat met status gepaardgaan, te versterk, word twee aanbevelings gemaak: • Konsentreer meer daarop om diensbaar te wees. • Fokus op 'n innige verhouding met Christus. • Mentorskapsverhoudings is nodig om leiers aan te moedig om verantwoordelik met status om te gaan. • Die Teologiese Skool moet meer aandag aan hierdie saak gee.
Normatiewe taak: "What ought to be going on?"		
Uit die kommentaar van die respondente in respons op vraag 2.8 kan die afleiding gemaak word dat hulle voel dat dit belangrik is dat die status van die predikant nie in 'n titel gesetel moet wees nie maar in Christus.		

7.3.3.3 Afdeling C: Gesag met liefde

Met die eerste ses vrae van hierdie afdeling (Vraelys 3.1-3.6) is daar probeer om 'n antwoord te kry op een van Osmer (2008:88) se sleutelvrae in die beskrywend-empiriese taak van praktiese-teologiese interpretasie, naamlik: "What is going on?" Met die volgende twee vrae (Vraelys 3.7-

3.8) word na ’n antwoord gesoek op die vraag: ”Why is it going on?” Die laaste vraag (Vraelys 3.9) word gevra binne die konteks van die Osmer-vraag, “How might we respond?”

Tabel 58: Skema vir analise van predikante se gesag met liefde (Vrae 3.1-3.9)

<table>
<tr><th>Verkorte vrae oor gesag met liefde</th><th>Osmer se vraag</th><th colspan="4">Statistiese analise</th></tr>
<tr><td>3.1 Misbruik predikante gesag vir eie voordeel?</td><td rowspan="7">What is going on? (3.1-3.5)</td><td></td><td rowspan="10">Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling C</td><td rowspan="10">Geen kommunaliteite vir Afdeling C nie</td><td rowspan="10">Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling C</td></tr>
<tr><td>3.2 Sal predikante eie gerief prysgee om gesag met liefde uit te oefen?</td><td>phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>3.3 Negatiewe emosies as predikant nie sy gesag met liefde uitoefen nie. Waar of vals?</td><td></td></tr>
<tr><td>3.4 Motivering vir 3.3?</td><td></td></tr>
<tr><td>3.5 Liefde van God sigbaar in predikant se uitoefening van gesag?</td><td></td></tr>
<tr><td>3.6 Opmerkings oor vorige vrae?</td><td></td></tr>
<tr><td>3.7 Rede waarom predikante sukkel om gesag met liefde uit te oefen?</td><td rowspan="2">Why is it going on? (3.6-3.7)</td><td></td></tr>
<tr><td>3.8 Motivering vir keuse in 3.7?</td><td></td></tr>
<tr><td>3.9 Wat is nodig dat predikante gesag beter sal uitoefen?</td><td>How might we respond? (3.8-3.9)</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td colspan="5">“What ought to be going on?”
(Vgl. Tabel 73: Samevatting van die resultate van die ondersoek na gesag met liefde onder predikante, p. 410).</td></tr>
</table>

7.3.3.3.1 Die vraag: “What is going on?”

Die eerste ses vrae in hierdie afdeling is dus gestel om vas te stel wat die situasie met betrekking tot predikante se uitoefening van gesag met liefde is. In die eerste vraag (3.1) is gevra of die respondente dink dat predikante soms hulle gesag misbruik om hulself te bevoordeel. Die resultaat volg hierna.

Tabel 59: Respons van alle respondente op die vraag of predikante soms hulle gesag misbruik om hulself te bevoordeel

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
3		8.5%	5
4		8.5%	5
5		6.8%	4
6		13.6%	8
7		10.2%	6
8		22.0%	13
9		18.6%	11
10		11.9%	7
		Totaal	**59**

Tabel 60: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante soms hulle gesag misbruik om hulself te bevoordeel




Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	11%	3
4	7%	2
5	11%	3
6	18%	5
7	14%	4
8	21%	6
9	14%	4
10	4%	1
Totaal		**28**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	7%	2
4	10%	3
5	3%	1
6	10%	3
7	7%	2
8	23%	7
9	23%	7
10	19%	6
Totaal		**31**

Tabel 60 toon aan dat die ouderlinge aansienlik positiewer as die predikante op die vraag reageer het. 65% van die ouderlinge het 8 tot 10 op ’n 10-puntskaal gekies, terwyl 67% van die predikante 6 tot 9 op die skaal gekies het.

In die volgende vraag (3.2) is respondente gevra om op 'n 10-punt skaal aan te dui of hulle meen dat predikante gewillig sal wees om hulle gemak en gerief prys te gee om hul gesag met liefde uit te oefen.

Tabel 61: Respons van alle respondente op die vraag of predikante gewillig sal wees om hulle gemak en gerief prys te gee om hul gesag met liefde uit te oefen

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		1.7%	1
2		0.0%	0
3		3.4%	2
4		3.4%	2
5		10.2%	6
6		11.9%	7
7		11.9%	7
8		28.8%	17
9		13.6%	8
10		15.3%	9
		Totaal:	**59**

Tabel 62: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante gewillig sal wees om hulle gemak en gerief prys te gee om hul gesag met liefde uit te oefen

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	0%	0
2	0%	0
3	4%	1
4	7%	2
5	14%	4
6	18%	5
7	21%	6

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	3%	1
2	0%	0
3	3%	1
4	0%	0
5	7%	2
6	7%	2
7	3%	1

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
8	29%	8
9	4%	1
10	4%	1
	Totaal	**28**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
8	29%	9
9	23%	7
10	26%	8
	Totaal	**31**

Tabel 63 toon aan dat die phi-koëffisiënt 0.55 is, wat daarop dui dat die verskil in menings van ouderlinge en predikante groot is. Die gemiddelde response van ouderlinge op ’n 10-puntskaal is 8, terwyl dit maar 6.4 vir predikante is.

Tabel 63: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 62

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V3.2
	Chi-square
Phi	.5587845
Contingency coefficient	.4877954
Cramér’s V	.5587845

In die volgende vraag (3.3) is die respondente gevra of hulle met die stelling kan saamstem dat indien ’n predikant nie die gesag wat hy van God ontvang met liefde uitoefen nie, hy dikwels in sy verhouding met God of in sy selfbeskouing teleurstelling, opstandigheid of depressie sal ervaar?

Tabel 64: Respons van alle respondente op die vraag of hulle saamstem dat indien ’n predikant nie die gesag wat hy van God ontvang met liefde uitoefen nie, hy dikwels in sy verhouding met God of in sy selfbeskouing teleurstelling, opstandigheid of depressie sal ervaar

Keuse	Grafiek	Persentasie	Getal
Waar		84.7%	50
Vals		15.3%	9
		Totaal	**59**

Uit die grafiek in Tabel 64 is dit duidelik dat die meeste respondente gevoel het dat die stelling "waar" is. Hierdie vraag is opgevolg deur aan die respondente te vra (3.4) om hulle antwoord te motiveer om vas te stel waarom hulle bogenoemde keuse gemaak het.

Die reaksies van die predikante en ouderlinge wat meen dat die stelling "waar" is, word in Tabel 65 saamgevat:

Tabel 65: Samevatting van respondente se reaksie op die vraag waarom predikante teleurgesteld, opstandig of depressief kan word as hul nie hul gesag met liefde uitoefen nie

Predikante	Ouderlinge
• Gehoorsaamheid het 'n positiewe uitwerking op mense. • Jy moet kleiner word en Hy groter. Indien Christus nie verkondig word nie, sal teleurstelling volg. • Hoe nader die predikant aan God leef, hoe minder sal sy werk 'n gejaag na wind wees. • Indien die predikant nie die gesag van God uitoefen nie, oefen hy sy eie gesag uit. • Christus moet die middelpunt van die predikant se lewe en bediening wees. • Indien Christus nie 'n predikant se vrede is nie, sal hy daardie vrede in mense soek en dit sal tot teleurstelling lei.	• Eiebelang en selfgesentreerdheid lei altyd tot teleurstelling. • Wanneer die ego groter as die taak word, lei dit tot negatiewe besluitneming in die persoon se eie lewe, maar dit sal ook die gemeente oor wie die gesag uitgeoefen word, raak. • Om God se gesag met liefde en gehoorsaamheid uit te oefen, hou erkenning en afhanklikheid in, wat beteken dat die uitslag en gevolge in God se hand is.

Hierdie menings kan soos volg saamgevat word: gesag met liefde is die gesag van God wat in volle afhanklikheid van God uitgeoefen moet word, al is dit ten koste van jouself.

Met die volgende vraag (3.5) is die respondente gevra of hulle meen dat God se liefde sigbaar word in die manier waarop predikante die gesag wat aan hulle toevertrou is, uitoefen.

Uit Tabel 66 en Tabel 67 is dit duidelik dat die predikante baie meer gematig gereageer het oor die sigbaarwording van God se liefde in die uitoefen van predikante se gesag. 70% van die ouderlinge het 8 tot 9 op die 10-puntskaal gekies, terwyl 75% van die predikante 5 tot 8 gekies het.

Tabel 66: Die respons van alle respondente op die vraag of God se liefde sigbaar word in die manier waarop predikante gesag uitoefen

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
2		1.7%	1
3		3.4%	2
4		3.4%	2
5		10.2%	6
6		8.5%	5
7		15.3%	9
8		27.1%	16
9		15.3%	9
10		15.3%	9
		Totaal:	**59**

Tabel 67: Die respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of God se liefde sigbaar word in die manier waarop predikante gesag uitoefen

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	0%	0
3	7%	2
4	4%	1
5	18%	5
6	18%	5
7	14%	4
8	25%	7
9	7%	2
10	7%	2
	Totaal	**28**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	3%	1
3	0%	0
4	3%	1
5	3%	1
6	0%	0
7	16%	5
8	29%	9
9	23%	7
10	23%	7
	Totaal	**31**

Met die volgende vraag (3.6) is respondente die geleentheid gegee om hulle mening uit te spreek oor die vrae wat tot hier oor gesag met liefde gevra is. Die antwoorde word kortliks in die algemeen bespreek.

Baie min van die respondente het op hierdie vraag gereageer. Die meeste wat gereageer het, voel dat gesag met liefde baie belangrik is. Een respondent gebruik die voorbeeld dat vergaderings en amptelike briewe baie meer daaroor sal gaan om “reg” te wees as om lief te hê indien gesag nie met liefde uitgeoefen word nie. Daar was ook van die respondente (veral predikante) wat voel dat dit moeilik is om ’n oordeel te vel oor hoe ander voel of reageer.

Samevatting: What is going on?

Dit is weer opvallend dat die predikante se gevoel ook oor gesag met liefde baie gematig is, terwyl die ouderlinge oor die algemeen na ’n positiewe respons neig. Uit hierdie vrae kan afgelei word dat die respondente, veral die predikante, voel dat daar ’n tekort aan gesag met liefde is as gesag byvoorbeeld misbruik word of eie gemak en -gerief hoër as liefde geag word.

7.3.3.3.2 Die vraag: “Why is it going on?”

Met die volgende twee vrae (Vraelys 3.7-3.8) is daar probeer om ’n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se tweede kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie, naamlik “What is going on?”

Die eerste vraag (3.7) het die respondente versoek om uit vier moontlikhede dié een te kies wat volgens hulle die oorsaak is dat predikante sukkel om gesag met liefde uit te oefen. Die resultaat word in Tabel 68, Tabel 69 en Tabel 70 weergegee.

Tabel 68: Respons van alle respondente op die vraag waarom predikante sukkel om gesag met liefde uit te oefen

Respons van alle respondente			
Moontlike rede	**Grafiek**	**Persentasie**	**Aantal**
Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie		20.3%	12
Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie		23.7%	14
Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie		27.1%	16
Nie een van bogenoemde nie		28.8%	17
		Totaal	**59**

Tabel 69: Respons van predikante op die vraag waarom predikante sukkel om gesag met liefde uit te oefen

Predikante se respons Moontlike rede	Persentasie	Aantal
Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie	32%	9
Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie	36%	10
Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie	14%	4
Nie een van bogenoemde nie	18%	5
	Totaal	**28**

Tabel 70: Respons van ouderlinge op die vraag waarom predikante sukkel om gesag met liefde uit te oefen

Ouderlinge se respons Moontlike rede	Persentasie	Aantal
Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie	10%	3
Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie	13%	4
Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie	39%	12
Nie een van bogenoemde nie	39%	12
	Totaal	**31**

Die verskil in mening tussen die predikante en ouderlinge is duidelik sigbaar in hierdie tabelle. Waar 68% van die predikante een van die eerste twee moontlikhede gekies het, het 78% van die ouderlinge die laaste twee moontlikhede gekies.

Die volgende vraag (3.8) het van elke respondent ’n motivering vir sy keuse gevra. Hieronder volg ’n samevatting van die motiverings.

Die motivering vir die stelling, “Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie,” kan soos volg saamgevat word:

- As jy besef hoe hoog en wyd en ver en diep God se liefde in Christus strek, sal dit jou nie onveranderd kan laat nie. Hy is so lief vir ons dat die dood nie eens te veel vir Hom was nie.

Die motivering vir die stelling, “Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie,” kan soos volg saamgevat word:

- Wanneer Christus jou fokus is, sal jy met liefde optree. Hy moet gedien word en niemand anders nie.

Die opmerkings oor die stelling, “Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie,” kom neer op die volgende:

- Indien die toewyding ontbreek, sal die vermoë om die gesag van die Here met liefde uit te oefen, ook ontbreek.

Die volgende is ’n samevatting van respondente wat die stelling, “Nie een van bogenoemde nie,” gekies het:

- Sommige voel dat dit onmoontlik is om ’n eenduidige antwoord te gee of dat moontlikhede een tot drie van toepassing is. Twee ouderlinge meen dat predikante nie hiermee worstel nie.

Samevatting: “Why is it going on?”

Volgens die predikante kan die vraag “Why is it going on?” beantwoord word met die stelling dat die predikant as leier nie genoeg op Christus in die bediening fokus nie. Die stelling wat verder aftrek gekry het, is dat die predikant nie die volle omvang van Christus se liefde verstaan nie.

39% van die ouderlinge het die moontlikheid “Nie een van bogenoemde nie” gekies, wat ooreenstem met hulle positiewe gevoel oor die predikant se uitoefening van gesag met liefde. ’n Verdere 39% van die ouderlinge voel egter dat die tekort aan liefde in die uitoefening van gesag daaraan toegeskryf kan word dat predikante nie in volle toewyding aan die Here leef nie.

Die motiverings van die respondente vir die keuses wat gemaak is, beklemtoon dat hulle voel dat die leier deur gesag met liefde uit te oefen, Christus se gesag uitleef.

7.3.3.3.3 Die vraag: “How might we respond?”

Om die vraag van Osmer (2008:88) “How might we respond?” ten opsigte van gesag met liefde te beantwoord, is daar een vraag (Vraelys 3.9) gevra.

Die respondente moes sê wat hulle meen nodig is dat leiers die gesag wat aan hulle opgedra word, beter sal uitoefen. ’n Samevatting van die respondente se opmerkings is die volgende:

- 'n lewe wat ten volle aan Christus toegewy is;
- ’n dieper en innige verhouding met Christus, want jou verhouding met God moet reg wees voordat jy sy gesag kan uitoefen; en
- ’n lewe wat getuig van ’n ootmoedige besef van totale afhanklikheid van God.

Samevatting: "How might we respond?"

Volgens die respondente moet toewyding aan God, 'n innige verhouding met Christus en 'n besef van totale afhanklikheid by die leier gekweek word.

7.3.3.3.4 Die betroubaarheid van die vrae in Afdeling C: Gesag met liefde

Die interpretasie van die vraelys is afhanklik van die betroubaarheid van die vrae om die gesag met liefde te evalueer. Die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt is vir hierdie afdeling bereken en word in Tabel 71 saamgevat.

Tabel 71: Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling C: Gesag met liefde

Variable	Summary for scale: Mean=12.8644 Std.Dv.=5.37060 Valid N:59 (Data) **Cronbach alpha: .841412** Standardized alpha: .842900 Average inter-item corr.: .652628				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. if deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V3.1	14.77966	13.73111	3.705551	0.636931	0.849743
V3.2	14.50847	12.52111	3.538519	0.825675	0.659937
V3.5	14.44068	14.55157	3.814651	0.666802	0.816362


Soos hierdie tabel aandui, is die Cronberg-alphawaarde vir hierdie afdeling 0.841412, wat beteken dat die vrae betroubaar is vir die meting van die hoofkonstruk. 'n Waarde bokant 0.8 is gewoonlik baie goed.

7.3.3.3.5 Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling C: Gesag met liefde

In die onafhanklike T-toetsanalise is daar bevind dat die P-waarde vir hierdie afdeling 0.013864 is (vgl. Tabel 72). Dit dui daarop dat daar 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen ouderlinge en predikante se response op die vrae oor gesag met liefde is. (P-waarde < 0.05 is betekenisvol terwyl 'n p-waarde < as 0.01 hoogs betekenisvol is.) Hierdie verskil kan moontlik daaraan toegeskryf word dat ouderlinge nie genoegsaam ingelig is oor die verskillende fasette van leierskap in die amp van predikante nie.

Tabel 72: Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling C: Gesag met liefde

T-toets vir onafhanklike steekproewe		
	T-waarde	P-waarde
Predikante vs. ouderlinge	-2.53919	0.013864



7.3.3.3.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na gesag met liefde

Tabel 73 is 'n samevatting van die resultate van die insameling en verwerking van data in die empiriese studie oor gesag met liefde onder predikante.

Tabel 73: Samevatting van die resultate van die ondersoek na gesag met liefde onder predikante

Gesag met liefde		
Beskrywende taak: "What is going on?"	**Interpreterende taak:** "Why is it going on?"	**Pragmatiese taak:** "How might we respond?"
Dit is weer opvallend dat die predikante se gevoel oor gesag met liefde baie gematig is, terwyl die ouderlinge oor die algemeen positiewer is. Volgens die respondente, veral die predikante, is daar 'n tekort in gesag met liefde in soverre gesag misbruik word en eie	Die predikante meen: Daar word nie genoeg op Christus in die bediening gefokus nie. Predikant verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie. Die ouderlinge voel hoofsaaklik dat 'n gebrek aan gesag met	Daar moet strategies aandag gegee word aan die volgende sake: Die leier moet hom toewy aan God. Hy moet in 'n innige verhouding met Christus leef. Die besef van totale

Gesag met liefde		
gemak en -gerief hoër geag word as liefde.	liefde toegeskryf kan word aan predikante wat nie in volle toewyding aan die Here leef nie.	afhanklikheid moet by die leier gekweek word.
Normatiewe taak: "What ought to be going on?"		
Gesag met liefde is die gesag van God wat uitgeoefen moet word in volle afhanklikheid van God, al is dit ten koste van jouself (vgl. die antwoorde op vraag 3.4).		

7.3.3.4 Afdeling D: Herderlike leiding

Tabel 74: Skema vir analise van predikante se herderlike leiding (Vraelys 4.1-4.9)

Verkorte vrae oor herderlike leiding	Osmer se vraag	Statistiese analise			
4.1 Genoegsame voorbidding vir lidmate?	What is going on? (4.1-4.6)	Phi-koëffisiënt	Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling D	Kommunaliteite vir elke vraag (Korrelasie tussen elke vraag en die konstruk)	Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling D
4.2 Skrikkerig vir innige vriendskapsbande?		Phi-koëffisiënt			
4.3 Selfgesentreerdheid en gemak 'n probleem?					
4.4 Geïsoleerdheid rede vir onbegrip vir lidmate se lewensomstandighede?					
4.5 Opmerkings oor vorige vrae?					
4.6 Rede waarom predikante sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm?	Why is it going on? (4.7-4.8)				
4.7 Motivering vir antwoord op vorige vraag.					
4.8 Oplossing vir beter herderlike leiding?	How might we respond? (4.9)				
4.9 Verdere voorstelle om meer herderlik te lei.					
	"What ought to be going on? (vgl. *Tabel 92: Samevatting van die resultate van die ondersoek na herderlike leiding onder predikante*, p. 424)				

In die afdeling oor herderlike leiding is daar met die eerste vyf vrae (Vraelys 4.1-4.5) na 'n antwoord gesoek op Osmer se vraag: "What is going on?" Die volgende drie vrae (Vraelys 4.6-4.8) is gevra in die konteks van Osmer se vraag "Why is it going on?" Die laaste vraag (Vraelys 4.9) was toegespits op 'n moontlike antwoord op Osmer se vraag: "How might we respond?"

7.3.3.4.1 Die vraag: "What is going on?"

Met die eerste vyf vrae (Vraelys 4.1-4.5) is daar dus probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie, naamlik "What is going on?"

Die eerste vraag (4.1) het die respondente gevra om op 'n skaal van 1 tot 10 aan te dui of predikante na hulle mening genoegsame voorbidding vir lidmate doen.

Tabel 75: Respons van alle respondente op die vraag of predikante genoegsame voorbidding vir lidmate doen

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		0.0%	0
2		1.8%	1
3		5.3%	3
4		1.8%	1
5		10.5%	6
6		14.0%	8
7		22.8%	13
8		14.0%	8
9		17.5%	10
10		12.3%	7
		Totaal	**57**

Tabel 76: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 75

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V4.1
	Chi-square
Phi	.6370597
Contingency coefficient	.5372933
Cramér's V	.6370597

Die phi-koëffisiënt (0.6), wat in Tabel 76 getoon word, dui aan dat daar 'n groot verskil in mening tussen ouderlinge en predikante oor hierdie vraag is. Tabel 77 toon dieselfde tendens aan omdat die gemiddelde respons van predikante 6 op 'n 10-puntskaal is, terwyl die gemiddelde respons van die ouderlinge 8.2 was.

Tabel 77: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante genoegsame voorbidding vir lidmate doen

Predikante		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	4%	1
3	11%	3
4	4%	1
5	14%	4
6	21%	6
7	21%	6
8	21%	6
9	4%	1
10	0%	0
Totaal		**28**

Ouderlinge		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	0%	0
3	0%	0
4	0%	0
5	7%	2
6	7%	2
7	24%	7
8	7%	2
9	31%	9
10	24%	7
Totaal		**29**

Met die volgende vraag (4.2) is respondente gevra om aan te dui in watter mate hulle meen dat predikante skrikkerig is om innige vriendskapsbande met lidmate te vorm in die gemeente waar hulle dien. Die resultaat word in Tabel 78 en Tabel 79 weergegee.

Tabel 78: Respons van alle respondente op die vraag of predikante skrikkerig is om innige vriendskapsbande met lidmate te vorm in die gemeente waar hulle dien

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		3.5%	2
2		5.3%	3
3		7.0%	4
4		14.0%	8

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
5		15.8%	9
6		10.5%	6
7		5.3%	3
8		15.8%	9
9		15.8%	9
10		7.0%	4
		Totaal	**57**

Tabel 79: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante skrikkerig is om innige vriendskapsbande met lidmate te vorm in die gemeente waar hulle dien

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	4%	1
2	11%	3
3	11%	3
4	25%	7
5	25%	7
6	4%	1
7	11%	3
8	4%	1
9	7%	2
10	0%	0
Totaal		**28**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	3%	1
2	0%	0
3	3%	1
4	3%	1
5	7%	2
6	17%	5
7	0%	0
8	28%	8
9	24%	7
10	14%	4
Totaal		**29**

Tabel 80: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 79

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V4.2
	Chi-square
Phi	.7152241
Contingency coefficient	.5817435

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V4.2
	Chi-square
Cramér's V	.7152241

Die gemiddelde respons van predikante was 4.7 op die 10-puntskaal, terwyl die gemiddeld van ouderlinge 7.4 was. Hierdie respons van die predikante wys hoe sterk hulle daaroor voel dat predikante skrikkerig is om innige vriendskapsbande met lidmate te vorm.

Die phi-koëffisiënt, wat volgens Tabel 80 0.7 is, beklemtoon ook die groot verskil in mening tussen hierdie twee groepe respondente.

In die volgende vraag (4.3) is respondente gevra of hulle dink dat selfgesentreerdheid en eie gemak 'n probleem onder predikante in die GKSA is. Die resultaat word in Tabel 81 en Tabel 82 verantwoord.

Tabel 81: Respons van alle respondente op die vraag of selfgesentreerdheid en eie gemak 'n probleem onder predikante in die GKSA is

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		3.5%	2
2		5.3%	3
3		7.0%	4
4		15.8%	9
5		7.0%	4
6		10.5%	6
7		8.8%	5
8		26.3%	15
9		10.5%	6
10		5.3%	3
		Totaal	**57**

Tabel 82: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of selfgesentreerdheid en eie gemak 'n probleem onder predikante in die GKSA is

Predikant se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	7%	2
2	4%	1
3	7%	2
4	32%	9
5	11%	3
6	11%	3
7	14%	4
8	14%	4
9	0%	0
	Totaal	**28**

Ouderling se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	0%	0
2	7%	2
3	7%	2
5	3%	1
6	10%	3
7	3%	1
8	38%	11
9	21%	6
10	10%	3
	Totaal	**29**

Oor hierdie vraag het predikante sterk daaroor gevoel dat selfgesentreerdheid en eie gemak 'n probleem onder predikante in die GKSA is. Die gemiddelde respons van predikante is 4.9 op 'n 10-puntskaal, terwyl die gemiddeld van ouderlinge 7.3 is.

Vervolgens is respondente gevra (4.4) of hulle dink dat die geïsoleerdheid van predikante se lewens veroorsaak dat hulle nie die lewensomstandighede van lidmate ten volle begryp nie.

Tabel 83: Respons van alle respondente op die vraag of die geïsoleerdheid van predikante veroorsaak dat hulle nie die lewensomstandighede van lidmate ten volle begryp nie

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		0.0%	0
2		1.8%	1
3		12.3%	7
4		10.5%	6
5		7.0%	4
6		8.8%	5
7		22.8%	13

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
8		15.8%	9
9		12.3%	7
10		8.8%	5
		Totaal	**57**

Tabel 84: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of die geïsoleerdheid van predikante veroorsaak dat hulle nie die lewensomstandighede van lidmate ten volle begryp nie

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	0%	0
3	25%	7
4	7%	2
5	11%	3
6	11%	3
7	25%	7
8	18%	5
9	4%	1
10	0%	0
	Totaal	**28**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	3%	1
3	0%	0
4	14%	4
5	3%	1
6	7%	2
7	21%	6
8	14%	4
9	21%	6
10	17%	5
	Totaal	**29**

Volgens Tabel 84 is die gemiddelde respons van predikante op hierdie vraag 5.7 op ’n 10-puntskaal, terwyl die gemiddelde respons van ouderlinge 7.3 is. Hier is dus ook ’n groot verskil in mening tussen die twee groepe respondente aangesien die predikante baie gematigder as die ouderlinge oor die saak voel.

In die volgende vraag (4.5) is respondente die geleentheid gegee om opmerkings te maak oor die vrae wat tot dusver in hierdie afdeling gestel is. Die meeste van die respondente het geen opmerkings gemaak nie. Die enkele opmerkings wat wel gemaak is, kan soos volg opgesom word:

- Die hoeveelheid nieherderlike take waarby die predikante betrokke is, veroorsaak soms dat hulle nie hul herderlike taak reg kan uitvoer nie.

- Predikante is bang om innige vriendskapbande binne 'n gemeente te vorm omdat ander lidmate dit gou as kliekvorming en begunstiging mag beskou.

Samevatting: What is going on?

Die antwoorde op hierdie vrae toon aan dat die predikante en ouderlinge wat aan hierdie studie deelgeneem het, aansienlik verskil oor die gebrek aan herderlike leiding onder predikante in die GKSA.

Die twee vrae wat die aandag trek en waaraan ouderlinge én predikante 'n relatief lae waarde op die 10-puntskaal toegeken het, was vraag 4.2 wat gevra het of predikante skrikkerig is om innige bande van vriendskap met lidmate te vorm. Dit geld ook vir vraag 4.3, wat gevra het of selfgesentreerdheid en eie gemak 'n moontlike probleem onder predikante in die GKSA kan wees.

7.3.3.4.2 Die vraag: "Why is it going on?"

Met die volgende twee vrae (4.6 & 4.7) is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se tweede kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie, naamlik: "Why is it going on?"

Respondente is gevra (4.6) waarom hulle dink predikante soms sukkel om as herderlike leiers innige verhoudings met lidmate te vorm. Respondente moes uit vier stellings een kies wat volgens hulle die oorsaak is.

Tabel 85: Respons van alle respondente op die vraag waarom predikante soms sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
Vrees om seer te kry		22.8%	13
Te veel lidmate in gemeentes		15.8%	9
Te veel teleurstelling in mense		17.5%	10
Nie een van bogenoemde nie		43.9%	25
		Totaal	**57**

Tabel 86: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag waarom predikante soms sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm

Predikante se respons	
Keuse	**Persentasie**
Vrees om seer te kry	25%
Te veel lidmate in gemeentes	25%
Te veel teleurstelling in mense	14%
Nie een van bogenoemde nie	36%

Ouderlinge se respons	
Keuse	**Persentasie**
Vrees om seer te kry	21%
Te veel lidmate in gemeentes	7%
Te veel teleurstelling in mense	21%
Nie een van bogenoemde nie	52%

Tabel 85 toon aan dat die meeste (43.0%) respondente die moontlikheid, “Nie een van bogenoemde nie,” gekies het. Die ander drie moontlikhede het elkeen ongeveer dieselfde aantal stemme gekry.

In antwoord op die volgende vraag (4.7) moes respondente redes gee vir hul keuse in 4.6. ’n Opsomming word hieronder gegee.

Respondente wat die stelling, “Vrees om seer te kry,” gekies het, verduidelik dit soos volg:

- Predikante is bang om te veel van hulleself te wys; daarmee versekerd hulle dat daar dan minder kans vir beskuldiging, slegte stories of verwerping is.
- Lidmate het soms ’n sekere verwagting van ’n predikant en wanneer hy en sy gesin nie daaraan voldoen nie, volg ontnugtering en negatiewe reaksie.

Respondente wat aanklank gevind het by die stelling, “Te veel lidmate in gemeente,” se verklaring kan soos volg saamgevat word:

- Daar word dikwels van predikante verwag om alle lidmate goed te ken en om almal gereeld te besoek, wat in die praktyk onmoontlik is.

Die verduideliking van die stelling, “Te veel teleurstelling in mense,” word soos volg opgesom:

- Die teleurstelling van mense wat nie lojaal is nie, maak dat predikante hulle nie wil blootstel nie.

Die laaste stelling was: “Nie een van bogenoemde nie.” Respondente se reaksie kan soos volg saamgevat word:

- Van die respondente voel dat gebrek aan opregte liefde, gebrek aan tyd, jaloesie en oppervlakkige roepingsbesef eerder redes daarvoor is dat predikante sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm.

Samevatting: "Why is it going on?"

Die drie moontlikhede onder vraag 4.6, naamlik "Die vrees om seer te kry", "Te veel lidmate in die gemeente" en "Te veel teleurstellings in mense" het ongeveer dieselfde aantal stemme gekry. Al drie hierdie moontlikhede kan dus gesien word as redes vir predikante wat sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm.

Die volgende moontlike oorsake dat predikante sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm, is genoem: gebrek aan liefde, gebrek aan tyd, oppervlakkige roepingsbesef en jaloesie.

7.3.3.4.3 Die vraag: "How might we respond?"

Om bogenoemde vraag van Osmer (2008:88) ten opsigte van herderlike leiding te kan beantwoord, is daar twee vrae (Vraelys 4.8.-4.9) gevra.

Die respondente (4.8) moes sê wat volgens hulle mening nodig is om predikante 'n beter begrip van herderlike leiding te gee. Respondente moes een van die ses stellings in Tabel 87 kies.

Tabel 87: Respons van alle respondente op die vraag wat nodig is om predikante 'n beter begrip van herderlike leiding te gee

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
Meer huisbesoek moet gedoen word		12.5%	7
Beter verhoudings met lidmate		3.6%	2
'n Innige verhouding met Christus		39.3%	22
Groter begrip vir lidmate se omstandighede		16.1%	9
Minder selfgesentreerdheid		7.1%	4
Sterker klem op die groot opdrag		21.4%	12
		Totaal	**56**

Tabel 88: Respons van predikante en ouderlinge onderskeidelik op die vraag wat nodig is om predikante 'n beter begrip van herderlike leiding te gee

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
Meer huisbesoek moet gedoen word	11%	3

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
Meer huisbesoek moet gedoen word	14%	4

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
Beter verhoudings met lidmate	4%	1
'n Innige verhouding met Christus	43%	12
Groter begrip vir lidmate se omstandighede	14%	4
Minder selfgesentreerdheid	11%	3
Sterker klem op die groot opdrag	18%	5
	Totaal	**28**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
Beter verhoudings met lidmate	4%	1
'n Innige verhouding met Christus	36%	10
Groter begrip vir lidmate se omstandighede	18%	5
Minder selfgesentreerdheid	4%	1
Sterker klem op die groot opdrag	25%	7
	Totaal	**28**

Tabel 88 toon aan dat die mening van predikante en ouderlinge redelik dieselfde was. Die twee sake wat in albei groepe die meeste ondersteun is, was in die eerste plek dat predikante 'n inniger verhouding met Christus moet hê en tweedens dat daar 'n sterker klem op die groot opdrag moet wees.

Hierdie vraag is ondersteun deur die respons op die volgende vraag (4.9), wat respondente gevra het om nog sake by hierdie lys te voeg indien hulle wou. Enkele sake is genoem waarvan die onderstaande 'n samevatting is:

- Die ware Herder moet eers met toewyding gevolg word voordat die predikant as herder ware dienskneg sal kan wees.
- Predikante moet moeite doen om lidmate te leer ken.
- Opleiding en toerusting in die verband is nodig.

Samevatting: "How might we respond?"

Volgens die respondente moet herderlike leiding versterk word deurdat die predikant 'n innige verhouding met Christus moet hê en sy fokus moet ook op die groot opdrag wees, naamlik om dissipels vir Christus te maak.

Respondente het verder genoem dat die ware Herder eers met toewyding gevolg moet word voordat die predikant as herder kan dien. Dit sluit dus in 'n groot mate aan by die innige verhouding met Christus.

Die twee ander manier waarop herderlike leiding versterk kan word, is toerusting en opleiding wat op hierdie saak toegespits is en predikante moet moeite doen om lidmate te leer ken.

7.3.3.4.4 Die betroubaarheid en korrelasie van die vrae in Afdeling D: Herderlike leiding

Omdat die interpretasie van die vraelys afhanklik is van die betroubaarheid van die vrae om die afdeling te evalueer, is die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir hierdie afdeling bereken (vgl. Tabel 89). Die Cronberg-alphawaarde in hierdie afdeling is 0.859956, wat beteken dat die vrae vir die meting van die hoofkonstruk betroubaar is. (Die Cronbach-alfa gee die betroubaarheidskoëffisiënt. 'n Waarde bokant 0.8 is gewoonlik baie goed.)

Tabel 89: Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling D: Herderlike leiding

Variable	Summary for scale: Mean=25.9474 Std.Dv.=7.78144 Valid N:57 (Data) **Cronbach alpha: .859956** Standardized alpha: .863276 Average inter-item corr.: .614678				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. if deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V4.1	18.78947	38.79779	6.228787	0.679635	0.835095
V4.2	19.85965	33.69960	5.805136	0.669592	0.839912
V4.3	19.78947	33.04340	5.748339	0.730103	0.811686
V4.4	19.40351	34.55648	5.878476	0.763928	0.798083

Die kommunaliteite, wat die korrelasies tussen die konstruk en elke vraag gee en so hoog moontlik moet wees, is ook gemeet (vgl. Tabel 90). Die minimum in hierdie geval was 0.65 vir vraag 4.2 en die maksimum was 0.77 vir vraag 4.4. Die relatief min variasie toon aan dat daar 'n goeie korrelasie tussen die vrae is.


Tabel 90: Kommunaliteite vir Afdeling D: Herderlike leiding

Variable	Communalities (Data) Extraction: Principal components Rotation: Unrotated	
	From 1 Factor	Multiple R-Square
V4.1	0.677755	0.488938
V4.2	0.656752	0.453371
V4.3	0.730345	0.538591
V4.4	0.774260	0.595915

7.3.3.4.5 Onafhanklike T-toetsanalise van Afdeling D: Herderlike leiding

Tabel 91: Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling D: Herderlike leiding

T-toets vir onafhanklike steekproewe		
	T-waarde	P-waarde
Predikante vs. ouderlinge	-4.57945	0.000027



In die onafhanklike T-toetsanalise is daar bevind dat die P-waarde vir hierdie afdeling 0.000027 is (vgl. Tabel 91) wat daarop dui dat daar ’n hoogs betekenisvolle verskil tussen ouderlinge en predikante se response is (P-waarde < 0.05 is betekenisvol terwyl ’n p-waarde < as 0.01 hoogs betekenisvol is). Hierdie verskil mag daaraan toegeskryf word dat ouderlinge nie genoegsaam ingelig is oor die verskillende fasette van leierskap in die amp van predikante nie.

7.3.3.4.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na herderlike leiding

Tabel 92 is ’n samevatting van die resultate van die insameling en verwerking van data in die empiriese studie van herderlike leiding onder predikante.

Tabel 92: Samevatting van die resultate van die ondersoek na herderlike leiding onder predikante

Herderlike leiding		
Beskrywende taak: "What is going on?"	**Interpreterende taak:** "Why is it going on?"	**Pragmatiese taak:** "How might we respond?"
Uit die antwoorde op al die vrae is dit duidelik dat die predikante aansienlik negatiewer as die ouderlinge oor herderlike leiding onder predikante in die GKSA is. Die twee sake wat in die respons opgeval het, is: • Predikante is skrikkerig om innige bande van vriendskap met lidmate te vorm. • Selfgesentreerdheid en eie gemak kan 'n probleem onder predikante in die GKSA wees.	Die volgende moontlik redes word genoem waarom predikante sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm: • Die vrees om seer te kry. • Te veel lidmate in die gemeente. • Te veel teleurstellings in mense. • Gebrek aan liefde. • Gebrek aan tyd. • Oppervlakkige roepingsbesef. • Bang vir jaloesie.	Herderlike leiding kan op die volgende maniere versterk word: • Die predikant moet 'n innige verhouding met Christus hê. • Hy moet hom sterker toespits op die groot opdrag, naamlik om dissipels vir Christus te maak. • Toerusting en opleiding wat aan hierdie aspekte van leierskap aandag gee, moet aangebied word • Predikante moet moeite doen om lidmate te leer ken.
Normatiewe taak: "What ought to be going on?"		
Die ware Herder (Christus) moet met toewyding gevolg word sodat die herder (predikant) 'n dienskneg kan wees wat verhoudings bou ten spyte van teleurstellings (vgl. antwoorde by vraag 4.9).		

7.3.3.5 Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid

Met die eerste vier vrae (Vraelys 5.1-5.4) van hierdie afdeling is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van praktiese-teologiese interpretasie, naamlik "What is going on?" Osmer se vraag, "Why is it going on?" is die raamwerk vir die volgende twee vrae (Vraelys 5.5-5.6). Om die antwoord op die vraag, "How might we respond?" te vind, is twee vrae gestel (Vraelys 5.7-5.8).

Tabel 93: Skema vir analise van predikante se waarheidsbegronde regverdigheid (Vraelys 5.1-5.8)

Verkorte vrae oor waarheidsbegronde regverdigheid	Osmer se vraag	Statistiese analise			
5.1 Is predikante se "ja", "ja" en "nee", "nee"?	What is going on? (5.1-5.6)		Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling E	Kommunaliteite vir elke vraag (Korrelasie tussen elke vraag en die konstruk)	Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling E
5.2 Predikante gewillig om waarheid te verdraai vir eiegewin?		Phi-koëffisiënt			
5.3 Verskoning vir foute?		Phi-koëffisiënt			
5.4 Opmerkings oor bogenoemde vrae?					
5.5 Waarom sukkel predikante om lewens te lei waarin regverdige waarheid sigbaar word?	Why is it going on? (5.7-5.8)				
5.6 Nog redes?					
5.7 Wat kan predikante help om regverdige waarheid 'n lewenstyl te maak?	How might we respond? (5.9)				
5.8 Motiveer antwoord.					
	"What ought to be going on?" (Vgl. *Tabel 107: Samevatting van die resultate van die ondersoek na waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante*, p. 435.)				

7.3.3.5.1 Die vraag: "What is going on?"

Met die eerste vraag (5.1) in hierdie afdeling is gevra of respondente dink dat predikante in die GKSA se lewe daarvan getuig dat hulle "ja", "ja" is en "nee", "nee".

Tabel 94: Respons van alle respondente op die vraag of predikante in die GKSA se lewens daarvan getuig dat hulle "ja", "ja" en "nee", "nee" is

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
3		5.5%	3
4		1.8%	1

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
5		9.1%	5
6		16.4%	9
7		14.5%	8
8		27.3%	15
9		14.5%	8
10		10.9%	6
		Totaal:	**55**

Tabel 95: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante in die GKSA se lewens daarvan getuig dat hulle "ja", "ja" en "nee", "nee" is

Predikante van respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	7%	2
4	4%	1
5	11%	3
6	26%	7
7	19%	5
8	26%	7
9	7%	2
10	0%	0
Totaal		**27**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
3	4%	1
4	0%	0
5	7%	2
6	7%	2
7	11%	3
8	29%	8
9	21%	6
10	21%	6
Totaal		**28**

Tabel 94 toon aan dat die meerderheid van die respondente (27.3%) 8 op die 10-puntskaal gekies het. Die vergelykende Tabel 95 toon dat predikante gematigder voel oor hierdie saak (71% van die predikante het 6 tot 8 op die 10-puntskaal gekies) as die ouderlinge (71% van die ouderlinge het 8-10 op die 10-puntskaal gekies).

Die tweede vraag (5.2) het aan die respondente gevra in watter mate hulle voel dat predikante die waarheid vir eiegewin sal verdraai.

Tabel 96: Respons van alle respondente op die vraag of predikante die waarheid vir eiegewin sal verdraai

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
2		1.8%	1
3		1.8%	1
4		5.5%	3
5		12.7%	7
6		12.7%	7
7		10.9%	6
8		16.4%	9
9		23.6%	13
10		14.5%	8
		Totaal	**55**

Tabel 97: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante die waarheid vir eiegewin sal verdraai

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	4%	1
3	4%	1
4	7%	2
5	22%	6
6	15%	4
7	19%	5
8	22%	6
9	4%	1
10	4%	1
	Totaal	**27**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	0%	0
3	0%	0
4	4%	1
5	4%	1
6	11%	3
7	4%	1
8	11%	3
9	43%	12
10	25%	7
	Totaal	**28**

Tabel 98: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 97

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V5.2
	Chi-square
Phi	.6538219
Contingency coefficient	.5472351
Cramér's V	. 6538219

Op hierdie vraag was die gemiddelde response op 'n 10-puntskaal 6.2 vir die predikante en 8.4 vir die ouderlinge, wat 'n groot verskil in mening aandui. Die phi-koëffisiënt van 0.65 in Tabel 98 dui dieselfde tendens aan.

In vraag 5.3 is respondente gevra om aan te dui in watter mate hulle voel dat predikante die vrymoedigheid sal hê om eerlik om verskoning te vra vir die foute wat hulle gemaak het.

Tabel 99: Respons van alle respondente op die vraag of predikante eerlik om verskoning sal vra vir die foute wat hulle gemaak het

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
2		3.6%	2
3		5.5%	3
4		9.1%	5
5		10.9%	6
6		3.6%	2
7		16.4%	9
8		14.5%	8
9		16.4%	9
10		20.0%	11
		Totaal	**55**

Tabel 100: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 101

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V5.3
	Chi-square
Phi	.8305398
Contingency coefficient	.6389153
Cramér's V	.8305398

Tabel 101: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante eerlik om verskoning sal vra vir die foute wat hulle gemaak het

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	4%	1
3	11%	3
4	19%	5
5	19%	5
6	4%	1
7	33%	9
8	4%	1
9	7%	2
10	0%	0
Totaal		**27**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	4%	1
3	0%	0
4	0%	0
5	4%	1
6	4%	1
7	0%	0
8	25%	7
9	25%	7
10	39%	11
Totaal		**28**

Die phi-koëffisiënt van 0.83 toon aan dat daar 'n redelik groot meningsverskil tussen die twee groepe respondente was (vgl. Tabel 100). Tabel 101 hierbo bevestig dit ook aangesien die gemiddelde respons van predikante 5.5 op 'n 10-puntskaal was, terwyl die ouderlinge se gemiddelde respons 8.6 op dieselfde skaal was.

In die volgende vraag (5.4) is respondente die geleentheid gegee om opmerkings oor die vrae te maak. Daar was min respondente wat opmerkings gemaak het. 'n Paar predikante het wel geskryf dat dit baie moeilik is om hierdie tipe vrae te beantwoord ten opsigte van die predikante in die algemeen.

Samevatting: What is going on?

Uit die antwoorde op hierdie vrae is dit weer duidelik dat die predikante by uitnemendheid sterker daaroor voel dat daar 'n tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante in die GKSA is. Wat hier opval, is die respons op die vraag of predikante die vrymoedigheid het om eerlik om verskoning te vra vir foute wat hulle gemaak het. Die gemiddelde respons van die predikante op 'n 10-puntskaal was baie laag, naamlik 5.5.

7.3.3.5.2 Die vraag: "Why is it going on?"

Met die volgende twee vrae (5.5 & 5.6) is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se tweede kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie.

In antwoord op die eerste vraag (5.5) moes respondente drie moontlike redes waarom predikante soms sukkel om lewens te lei waarin waarheidsbegronde regverdigheid sigbaar word in volgorde van belangrikheid rangskik.

Tabel 102: Respons van alle respondente op die vraag waarom predikante soms sukkel om lewens te lei waarin waarheidsbegronde regverdigheid sigbaar word

Redes	1	2	3	Totaal
Vrees (vir wat mense sal dink, aantasting van eer ens.)	38.2%	43.6%	18.2%	55
Gebrek aan besef dat die waarheid begin by 'n verhouding met Christus	49.1%	14.5%	36.4%	55
Te selfgesentreerd	12.7%	41.8%	45.5%	55

Tabel 102 toon aan dat die meerderheid van die respondente voel dat 'n gebrek aan die besef dat die waarheid met 'n verhouding met Christus begin, die rede vir 'n gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid is.

Die volgende vraag (5.6) het die respondente die geleentheid gegee om hulle eie redes by hierdie lys te voeg. Daar was nie veel menings in hierdie verband nie. Die twee sake wat ten minste deur twee persone genoem is, kan soos volg saamgevat word:

- Die druk en aanslag van die samelewing
- Roepingsbewustheid wat by predikante ontbreek

Samevatting: "Why is it going on?"

Die groot meerderheid van die respondente is daarmee eens dat die rede vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid onder leiers 'n gebrek aan die besef is dat die waarheid met 'n verhouding met Christus begin.

Uit die kommentaar van die respondente kan die volgende sake bygevoeg word, naamlik die druk en aanslag van die wêreld en die ontbrekende roepingsbewustheid van predikante.

7.3.3.5.3 Die vraag: "How might we respond?"

Om bogenoemde vraag van Osmer (2008:88) ten opsigte van waarheidsbegronde regverdigheid te beantwoord, is daar twee vrae (Vraelys 5.7 & 5.8) gestel.

In vraag 5.7 is respondente gevra wat volgens hulle mening nodig is om predikante te help om waarheidsbegronde regverdigheid 'n lewenstyl te maak.

Tabel 103: Respons van alle respondente op die vraag wat nodig is om predikante te help om waarheidsbegronde regverdigheid 'n lewenstyl te maak

Moontlike oplossings	Grafiek	Persentasie	Aantal
Meer klem op leierskap in teologiese studie		9.1%	5
Predikante moet mekaar meer tot verantwoording roep oor die waarheid		10.9%	6
'n Ewigheidsperspektief		9.1%	5
Ek moet minder en Christus meer word		67.3%	37
Nie een van bogenoemde nie		3.6%	2
		Totaal	**55**

Die meerderheid van die respondente was volgens Tabel 103 daarmee eens dat die oplossing vir hierdie saak daarin lê dat Christus meer en die predikant minder moet word.

Hierdie saak is verder belig deur die respondente te vra (5.8) om 'n rede vir hul antwoord te gee. Hieronder volg 'n samevatting van die antwoorde.

Die respondente wat "Meer klem op leierskap in teologiese opleiding" gekies het se kommentaar kan soos volg saamgevat word.

- Opleiding in ware Bybelse leierskap en goeie Bybelse modelle vir die kerk is uiters noodsaaklik.

- Teoretiese kennis is belangrik, maar indien dit nie in die praktyk toegepas word nie, beteken dit niks. ’n Gebrek aan probleemidentifisering, oplossingstegnieke en tydige implementering van oplossingstegnieke is dikwels die oorsaak van uitgestelde probleme in die kerk.

Die moontlikheid, “Predikante moet mekaar meer tot verantwoording roep oor die waarheid,” het die volgende kommentaar gekry:

- Soos Dawid vir Natan nodig gehad het om hom op die waarheid in sy lewe te wys, so het predikante mekaar nodig om mekaar tot die weg van die waarheid te roep.

Respondente wat “Ewigheidsperspektief” gekies het se kommentaar word soos volg saamgevat:

- Indien die fokus op die ewigheid is, sal die soeke na waarheidsbegronde regverdigheid nagestreef word.

Die kommentaar van respondente wat “Ek moet minder en Christus meer word” gekies het, word soos volg opgesom:

- Hoe groter Christus in ’n persoon se lewe word, hoe meer sal hy bereid wees om in die waarheid te leef. Hy is immers die Waarheid, Weg en Lewe!
- Selfgesentreerdheid is die doodsteek vir waarheidsbegronde regverdigheid, want ’n selfgesentreerde persoon sal net doen wat hom pas.

Die enkele respondente wat “Geeneen van bogenoemde is van toepassing nie” gekies het, was twee ouderlinge. Die rede waarom hulle die keuse gemaak het, was omdat hulle nie voel dat hulle predikant hiermee sukkel nie.

Samevatting: “How might we respond?”

Die meeste respondente voel dat die oplossing vir groter waarheidsbegronde regverdigheid daarin lê dat Christus meer moet word en die leier minder.

7.3.3.5.4 Die betroubaarheid en korrelasie van die vrae in Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid

Soos Tabel 104 aandui, is die Cronberg-alphawaarde vir hierdie afdeling 0.894367, wat beteken dat die vrae vir die meting van die hoofkonstruk betroubaar is. (Die Cronbach-alfa gee die betroubaarheidskoëffisiënt. ’n Waarde bokant 0.8 is gewoonlik baie goed.)

Tabel 104: Die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid

Variable	Summary for scale: Mean=21.7818 Std.Dv.=5.75645 Valid N:55 (Data) **Cronbach alpha: .894367** Standardized alpha: .900200 Average inter-item corr.: .751740				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. if deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V5.1	14.50909	17.41355	4.172955	0.774978	0.873263
V5.2	14.41818	15.18876	3.897276	0.829602	0.817917
V5.3	14.63636	13.06777	3.614937	0.803770	0.854541

Die kommunaliteite is ook gemeet en word in Tabel 105 weergegee. Kommunaliteite gee die korrelasies tussen die konstruk en elke vraag en moet so hoog moontlik wees. Die minimum in hierdie geval was 0.80 by vraag 5.1 en die maksimum was 0.85 by vraag 5.3. Die relatief min variasie toon aan dat daar ’n goeie korrelasie tussen die vrae is.

Tabel 105: Kommunaliteite vir Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid


Variable	Communalities (Data) Extraction: Principal components Rotation: Unrotated	
	From 1 Factor	Multiple R-Square
V5.1	0.808544	0.605898
V5.2	0.858729	0.688240
V5.3	0.833901	0.652299

7.3.3.5.5 Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid

Die P-waarde van 0.000002 in die onafhanklike T-toetsanalise (vgl. Tabel 106) dui aan dat daar ’n hoogs betekenisvolle verskil tussen ouderlinge en predikante se response in hierdie afdeling was (P-waarde < 0.05 is betekenisvol terwyl ’n p-waarde < as 0.01 hoogs betekenisvol is). Hierdie verskil kan moontlik daaraan toegeskryf word dat ouderlinge nie genoegsaam ingelig is oor die verskillende fasette van leierskap in die amp van predikante nie.

Tabel 106: Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid

T-toets vir onafhanklike steekproewe		
	T-waarde	P-waarde
Predikante vs. ouderlinge	-5.28285	0.000002



7.3.3.5.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na waarheidsbegronde regverdigheid

Tabel 107 is 'n samevatting van die resultate van die insameling en verwerking van data in die empiriese studie oor waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante.

Tabel 107: Samevatting van die resultate van die ondersoek na waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante

Waarheidsbegronde regverdigheid		
Beskrywende taak: "What is going on?"	**Interpreterende taak:** "Why is it going on?"	**Pragmatiese taak:** "How might we respond?"
Uit die antwoorde op hierdie vrae is dit duidelik dat die predikante wat aan die studie deelgeneem het by uitnemendheid sterker daaroor voel dat daar 'n tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante in die GKSA is. Die saak wat hier opval, is dat predikante nie die vrymoedigheid het om eerlik om verskoning te vra vir foute wat hulle gemaak het nie.	Die rede hoekom daar 'n gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid onder leiers kan wees, kan soos volg saamgevat word: Leiers besef nie dat die waarheid met 'n verhouding met Christus begin nie. Die druk en aanslag van die wêreld speel 'n rol. Die roepingsbewustheid van predikante ontbreek.	Om waarheidsbegronde regverdigheid te versterk, is dit nodig dat Christus meer moet word en die leier minder.
Normatiewe taak: What ought to be going on?		
Waarheidsbegronde regverdigheid begin met 'n verhouding met Christus waarin daar probeer word om in die waarheid te leef (vgl. antwoorde op vraag 5.5, 5.7 en 5.8)		

7.3.3.6 Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë

Met die eerste vyf vrae (Vraelys 6.1-6.5) van hierdie afdeling is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van praktiese-teologiese interpretasie, naamlik "What is going on?" Die volgende twee vrae (Vraelys 6.6-6.7) soek na 'n antwoord op die volgende Osmer-vraag: "Why is it going on?" Die laaste twee vrae in die afdeling (Vraelys 6.8-6.9) ondersoek die moontlike antwoorde op die volgende vraag: "How might we respond?"

Tabel 108: Skema vir analise van die geestelike onderskeidingsvermoë van predikante (Vraelys 6.1-6.9)

<table>
<tr><th>Verkorte vrae oor geestelike onderskeidingsvermoë</th><th>Osmer se vraag</th><th colspan="4">Statistiese analise</th></tr>
<tr><td>6.1 Val klem op dinge wat werklik belangrik is?</td><td rowspan="5">What is going on?
(6.1-6.5)</td><td></td><td rowspan="9">Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling F</td><td rowspan="9">Kommunaliteite vir elke vraag
(Korrelasie tussen elke vraag en die konstruk)</td><td rowspan="9">Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling F</td></tr>
<tr><td>6.2 Belangriker om jou lewe aan God te wy as om mense tevrede te stel?</td><td>Phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>6.3 Besef dat eer aan God alleen behoort?</td><td></td></tr>
<tr><td>6.4 Koninkryk van God belangriker as aardse lewe en besittings?</td><td>Phi-koëffisiënt</td></tr>
<tr><td>6.5 Opmerkings oor vorige vrae.</td><td></td></tr>
<tr><td>6.6 Redes waarom predikante sukkel met geestelike onderskeidingsvermoë?</td><td rowspan="2">Why is it going on?
(6.6-6.7)</td><td></td></tr>
<tr><td>6.7 Om by te voeg.</td><td></td></tr>
<tr><td>6.8 Waarop kan GKSA konsentreer sodat predikante groter onderskeidingsvermoë openbaar?</td><td rowspan="2">How might we respond?
6.8-6.9</td><td></td></tr>
<tr><td>6.9 Om by te voeg.</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td colspan="5">“What ought to be going on?
(vgl. Tabel 128: Samevatting van die resultate van die ondersoek na geestelike onderskeidingsvermoë onder predikante, p. 447)</td></tr>
</table>

7.3.3.6.1 Die vraag: “What is going on?”

Met die eerste vraag (6.1) is respondente gevra of hulle dink dat die predikante van die GKSA die klem laat val op die dinge wat werklik van belang is.

Tabel 109: Respons van alle respondente op die vraag of predikante die klem laat val op die dinge wat werklik belangrik is

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		5.8%	3
2		9.6%	5
3		9.6%	5
4		5.8%	3
5		9.6%	5
6		5.8%	3
7		19.2%	10
8		9.6%	5
9		15.4%	8
10		9.6%	5
		Totaal	**52**

Tabel 110: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante die klem laat val op die dinge wat werklik belangrik is

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	8%	2
2	15%	4
3	12%	3
4	8%	2
5	12%	3
6	8%	2
7	23%	6
8	12%	3
9	4%	1
10	0%	0
Totaal		**26**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
1	4%	1
2	4%	1
3	8%	2
4	4%	1
5	8%	2
6	4%	1
7	15%	4
8	8%	2
9	27%	7
10	19%	5
Totaal		**26**

Volgens Tabel 110 is gemiddelde respons van predikante 4.9 op ’n 10-puntskaal, terwyl die gemiddelde respons van die ouderlinge 7.1 is.

Respondente is vervolgens gevra (6.2) of hulle dink dat predikante se woorde en optrede daarvan getuig dat hulle die nodige geestelike onderskeidingsvermoë het om te besef dat dit belangriker is om sy lewe aan God te wy as om reëls na te kom en mense tevrede te stel.

Tabel 111: Respons van alle respondente op die vraag of predikante die nodige geestelike onderskeidingsvermoë het om hul lewens eerder aan God toe te wy as om mense tevrede te stel

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
1		1.9%	1
2		1.9%	1
3		7.7%	4
4		9.6%	5
5		11.5%	6
6		3.8%	2
7		19.2%	10
8		15.4%	8
9		13.5%	7
10		15.4%	8
		Totaal	**52**

Tabel 112: Predikante se respons teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante die nodige geestelike onderskeidingsvermoë het om hul lewens eerder aan God toe te wy as om mense tevrede te stel

Predikante se respons		
Keuse	Persentasie	Aantal
1	4%	1
2	4%	1
3	12%	3
4	12%	3

Ouderlinge se respons		
Keuse	Persentasie	Aantal
1	0%	0
2	0%	0
3	4%	1
4	8%	2

Predikante se respons		
Keuse	Persentasie	Aantal
5	19%	5
6	8%	2
7	23%	6
8	15%	4
9	4%	1
10	0%	0
	Totaal	**26**

Ouderlinge se respons		
Keuse	Persentasie	Aantal
5	4%	1
6	0%	0
7	15%	4
8	15%	4
9	23%	6
10	31%	8
	Totaal	**26**

Tabel 112 toon aan dat die predikante baie gematigder as die ouderlinge oor hierdie saak voel. Die phi-koëffisiënt van 0.6 in Tabel 115 toon ook hierdie tendens van 'n groot verskil in opinie aan.




Tabel 113: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 112

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V6.2
	Chi-square
Phi	.6176583
Contingency coefficient	.5254998
Cramér's V	.6176583

In vraag 6.3 is respondente gevra of hulle dink dat die predikante se lewens daarvan getuig dat hulle besef dat die eer en roem alleen aan die Here behoort omdat alles wat hulle is en het net genade uit sy hand is.

Tabel 114: Respons van alle respondente op die vraag of predikante se lewens daarvan getuig dat die eer en roem alleen aan die Here behoort omdat alles wat hulle is en het net genade uit sy hand is

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
4		5.8%	3
5		15.4%	8
6		13.5%	7

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
7		17.3%	9
8		15.4%	8
9		9.6%	5
10		23.1%	12
		Totaal	**52**

Tabel 115: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante se lewens daarvan getuig dat die eer en roem alleen aan die Here behoort omdat alles wat hulle is en het net genade uit sy hand is

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	4%	1
5	31%	8
6	19%	5
7	23%	6
8	15%	4
9	4%	1
10	4%	1
Totaal		**26**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
4	8%	2
5	0%	0
6	8%	2
7	12%	3
8	15%	4
9	15%	4
10	42%	11
Totaal		**26**

In Tabel 115 word ’n groot meningsverskil duidelik met 73% van die predikante wat 5 tot 7 op ’n 10-puntskaal gekies het, terwyl 72% van die ouderlinge 8 tot 10 gekies het.

Respondente is vervolgens gevra (6.4) of hulle dink dat predikante se lewens daarvan getuig dat die koninkryk van God en sy wil belangriker is as hierdie aardse lewe en besittings.

Tabel 116: Respons van alle respondente op die vraag of predikante se lewens daarvan getuig dat God se koninkryk en sy wil belangriker is as hierdie aardse lewe en besittings

Keuse	Grafiek	Persentasie	Aantal
2		3.8%	2
3		1.9%	1
4		5.8%	3
5		11.5%	6
6		11.5%	6
7		25.0%	13
8		7.7%	4
9		13.5%	7
10		19.2%	10
		Totaal	**52**

Tabel 117: Respons van predikante teenoor die van ouderlinge op die vraag of predikante se lewens daarvan getuig dat God se koninkryk en sy wil belangriker is as hierdie aardse lewe en besittings

Predikante se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	0%	0
3	0%	0
4	8%	2
5	23%	6
6	19%	5
7	35%	9
8	8%	2
9	4%	1
10	4%	1
	Totaal	**26**

Ouderlinge se respons		
Keuse	**Persentasie**	**Aantal**
2	8%	2
3	4%	1
4	4%	1
5	0%	0
6	4%	1
7	15%	4
8	8%	2
9	23%	6
10	35%	9
	Totaal	**26**

Tabel 118: Die phi-koëffisiënt met betrekking tot Tabel 117

Statistiek	Statistiek: Pred/Oudl V6.4
	Chi-square
Phi	.6778715
Contingency coefficient	.5611047
Cramér's V	.6778715

Die phi-koëffisiënt wat volgens Tabel 118 0.67 is, bevestig die tendens dat daar 'n groot verskil in mening tussen predikante en ouderlinge oor hierdie saak is.

In die volgende vraag (6.5) is respondente gevra of hulle enige opmerkings het oor die vrae wat tot dusver in hierdie afdeling gevra is. Die enkele opmerkings kan soos volg saamgevat word:

- Dinge soos die verwagtings van mense en kerkrade, tradisies en die predikant se eie finansiële druk maak dit moeilik om onbevange op die koninkryk alleen te fokus.

Samevatting: What is going on?

Die groot meningsverskil tussen predikante en ouderlinge is weer in hierdie vrae opvallend en dui daarop dat veral die predikante dink dat daar 'n tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë is. Die twee vrae wat veral opval, is eerstens vraag 6.1, wat gevra het of predikante fokus op dinge wat werklik van belang is. Die gemiddelde respons van die predikante was 4.9 op die 10-puntskaal. Tweedens val vraag 6.2 op waarin gevra is of respondente dink dat die woorde en optrede van predikante daarvan getuig dat hulle besef dat 'n lewe wat aan God toegewy is, belangriker is as reëls wat nagekom moet word. Die gemiddelde respons van predikante hierop is 5.5 op die 10-puntskaal.

7.3.3.6.2 Die vraag: "Why is it going on?"

Met die volgende twee vrae (Vraelys 6.6-6.7) is daar probeer om 'n antwoord te kry op Osmer (2008:88) se tweede kernvraag van die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie.

Respondente is gevra (6.6) om drie stellings in volgorde van belangrikheid te rangskik om aan te toon wat volgens hulle die rede is waarom predikante met geestelike onderskeidingsvermoë sukkel.

Tabel 119: Respons van alle respondente op die vraag waarom predikante met geestelike onderskeidingsvermoë sukkel

Keuse	1	2	3	Totaal
Aardse besittings speel 'n te groot rol in hul lewens	21.2%	50.0%	28.8%	52
Hulle beklemtoon wetsnakoming te veel en die verhouding met Christus te min	67.3%	13.5%	19.2%	52
Hulle wil eerder gedien word as om te dien	11.5%	36.5%	51.9%	52

Tabel 120: Predikante se respons op die vraag waarom predikante met geestelike onderskeidingsvermoë sukkel

Predikante se respons	1	2	3
Aardse besittings speel 'n te groot rol in hul lewens	23.1%	38.5%	38.5%
Hulle beklemtoon wetsnakoming te veel en die verhouding met Christus te min	65.4%	15.4%	19.2%
Hulle wil eerder gedien word as om te dien	11.5%	46.2%	42.3%

Tabel 121: Ouderlinge se respons op die vraag waarom predikante met geestelike onderskeidingsvermoë sukkel

Ouderlinge se respons	1	2	3
Aardse besittings speel 'n te groot rol in hul lewens	19.2%	61.5%	19.2%
Hulle beklemtoon wetsnakoming te veel en die verhouding met Christus te min	69.2%	11.5%	19.2%
Hulle wil eerder gedien word as om te dien	11.5%	26.9%	61.5%

Uit Tabel 119, Tabel 120 en Tabel 121 is dit duidelik dat predikante én ouderlinge voel dat die oorsaak van 'n gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë 'n oorbeklemtoning van wetsnakoming en onderbeklemtoning van 'n innige verhouding met Christus is.

Respondente is toe gevra (6.7) of hulle ander oorsake by hierdie lys wil voeg. 'n Samevatting van die sake wat genoem is, is die volgende:

- Daar is te min fokus op geestelike ontwikkeling tydens opleiding en te veel op die nakoming en handhawing van die sogenaamde ordelike weg.
- Diepgewortelde tradisies en ons eie kultuur is van die grootste struikelblokke.

- Die eie ek en die begeerte van die mens om in beheer te wees, in plaas daarvan om te aanvaar dat die Here in beheer is, vertroebel 'n mens se geestelike onderskeidingsvermoë.

Samevatting: "Why is it going on?"

Oor die vraag "Why is it going on?" is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die respondente voel dat die oorsaak van die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë daarin lê dat wetsnakoming oorbeklemtoon en 'n innige verhouding met Christus onderbeklemtoon word.

Sake wat deur die respondente voorgehou is as moontlike oorsake vir 'n gebrek aan geestelike onderskeiding is dat daar nie genoeg klem gelê word op geestelike ontwikkeling tydens teologiese studie nie, tradisies en kultuur is struikelblokke en die begeerte om in beheer te wil wees.

7.3.3.6.3 Die vraag: "How might we respond?"

Om bogenoemde vraag van Osmer (2008:88) te kan beantwoord oor geestelike onderskeidingsvermoë is daar twee vrae (Vraelys 6.8-6.9) gestel.

In die eerste vraag (6.8) is respondente gevra om drie stellings in die volgorde van belangrikheid te rangskik om daardeur aan te toon wat na hulle mening in die GKSA gedoen kan word om predikante te help om groter geestelike onderskeidingsvermoë te kan openbaar.

Tabel 122: Respons van alle respondente op die vraag wat gedoen kan word om predikante te help om groter geestelike onderskeidingsvermoë te openbaar

Keuse	1	2	3	Totaal
Groter klem op 'n ewigheidsperspektief	17.3%	34.6%	48.1%	52
Groter klem op 'n intieme verhouding met Christus	69.2%	23.1%	7.7%	52
Groter klem op diensbaarheid	13.5%	42.3%	44.2%	52

Tabel 123: Predikante se respons op die vraag wat gedoen kan word om predikante te help om groter geestelike onderskeidingsvermoë te openbaar

Predikante se respons	1	2	3
Groter klem op 'n ewigheidsperspektief	11.5%	34.6%	53.8%
Groter klem op 'n intieme verhouding met Christus	76.9%	19.2%	3.8%
Groter klem op diensbaarheid	11.5%	46.2%	42.3%

Tabel 124: Ouderlinge se respons op die vraag wat gedoen kan word om predikante te help om groter geestelike onderskeidingsvermoë te kan openbaar

Ouderlinge se respons	1	2	3
Groter klem op 'n ewigheidsperspektief	23.1%	34.6%	42.3%
Groter klem op 'n intieme verhouding met Christus	61.5%	26.9%	11.5%
Groter klem op diensbaarheid	15.4%	38.5%	46.2%

Tabel 122, Tabel 123 en Tabel 124 toon aan dat die meerderheid van die ouderlinge en predikante van mening is dat groter klem op 'n intieme verhouding met Christus vir geestelike onderskeidingsvermoë noodsaaklik is.

Die laaste vraag (6.9) sluit hierby aan wanneer respondente gevra word om nog sake by hierdie lys te voeg. 'n Samevatting van die antwoorde lui soos volg:

- Groter klem moet gelê word op die koninkryk van God en die predikant se rol in die koms van die koninkryk van God.
- Gawes in gemeente en veral onder ouderlinge moet gebruik en ontwikkel word om met predikante saam te werk. Bemoediging en vermaning moet uit die samewerking volg.

Samevatting: "How might we respond?"

Respondente beantwoord die vraag "How might we respond?" deur die klem op 'n innige verhouding met Christus te plaas. In aansluiting daarby word ook genoem dat daar groter klem moet wees op die koms van die koninkryk van God en gawes van ouderlinge moet gebruik en ontwikkel word.

7.3.3.6.4 Die betroubaarheid en korrelasie van die vrae in Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë

Die betroubaarheid van die vrae om die afdeling te evalueer, is getoets deur die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir hierdie afdeling te bereken.

Tabel 125: Die Cronbach-alphabetroubaarheidskoëffisiënt vir Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë

Variable	Summary for scale: Mean=27.4231 Std.Dv.=8.68929 Valid N:52 (Data) **Cronbach alpha: .939412** Standardized alpha: .946427 Average inter-item corr.: .822994				
	Mean if deleted	Var. if deleted	StDv. if deleted	Itm-Totl Correl.	Alpha if deleted
V6.1	21.36539	37.57803	6.130092	0.848331	0.932852
V6.2	20.61539	40.23669	6.343239	0.915908	0.900965
V6.3	20.00000	47.07692	6.861262	0.880882	0.920979
V6.4	20.28846	45.08987	6.714899	0.834120	0.928324

Soos Tabel 125 aandui, is die Cronberg-alphawaarde in hierdie afdeling 0.939412, wat beteken dat die vrae vir die meting van die hoofkonstruk betroubaar is. (Die Cronbach-alfa gee die betroubaarheidskoëffisiënt. 'n Waarde bokant 0.8 is gewoonlik baie goed.)

Die kommunaliteite is ook gemeet en word weergegee in Tabel 126. Kommunaliteite gee die korrelasies tussen die konstruk en elke vraag en moet so hoog moontlik wees. Die minimum in hierdie geval was 0.82 vir vraag 6.4 en die maksimum was 0.90 vir vraag 6.2. Die relatief min variasie toon aan dat daar 'n goeie korrelasie tussen die vrae is.

Tabel 126: Kommunaliteite vir Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë


Variable	Communalities (Data) Extraction: Principal components Rotation: Unrotated	
	From 1 Factor	Multiple R-Square
V6.1	0.830299	0.798372
V6.2	0.908839	0.883396
V6.3	0.880659	0.853061
V6.4	0.827639	0.756974

7.3.3.6.5 Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë

Die P-waarde van die onafhanklike T-toets in Tabel 127 is 0.000101, wat beteken dat daar 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen die response van die ouderlinge en predikante in hierdie afdeling was (P-waarde < 0.05 is betekenisvol terwyl 'n p-waarde < as 0.01 hoogsbetekenisvol is.). Hierdie verskil kan daaraan toegeskryf word dat ouderlinge nie genoegsaam ingelig is oor die verskillende fasette van leierskap in die amp van predikante nie.

Tabel 127: Onafhanklike T-toetsanalise vir Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë

T-toets vir onafhanklike steekproewe		
	T-waarde	P-waarde
Predikante vs. ouderlinge	-4.22646	-4.22646



7.3.3.6.6 Samevatting: Navorsingsresultate van die kwantitatiewe ondersoek na geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 128 is 'n samevatting van die resultate van die insameling en verwerking van data in die empiriese studie oor geestelike onderskeidingsvermoë onder predikante.

Tabel 128: Samevatting van die resultate van die ondersoek na geestelike onderskeidingsvermoë onder predikante

Geestelike onderskeidingsvermoë		
Beskrywende taak: "What is going on?"	**Interpreterende taak**: "Why is it going on?"	**Pragmatiese taak**: "How might we respond?"

Geestelike onderskeidingsvermoë		
Die groot meningsverskil tussen predikante en ouderlinge in hierdie studie is weer in hierdie vrae opvallend en dui daarop dat veral die predikante dink dat daar ’n tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë is. Die sake wat hier opval, is die volgende: Die fokus van predikante is nie altyd op die dinge wat werklik van belang is nie. Die woorde en optrede van predikante getuig nie altyd daarvan dat hulle besef dat ’n lewe wat aan God toegewy is, belangriker is as reëls wat nagekom moet word nie.	Die rede hoekom daar ’n gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë onder leiers is, is moontlik die volgende: Wetsnakoming word oorbeklemtoon en ’n innige verhouding met Christus word onderbeklemtoon. Daar word nie genoeg klem gelê op geestelike ontwikkeling tydens die teologiese studie nie. Tradisies en kultuur is struikelblokke. Die begeerte om in beheer te wees, belemmer geestelike onderskeidingsvermoë.	Om geestelike onderskeidingsvermoë te versterk, is die volgende nodig: ’n Innige verhouding met Christus moet gekweek word. Daar moet groter klem wees op die koms van die koninkryk van God. Gawes van ouderlinge moet gebruik en ontwikkel word.
Normatiewe taak: “What ought to be going on?”		
Die bron van geestelike onderskeidingsvermoë is ’n innige verhouding met Christus, terwyl die fokus daarop is om die koninkryk van God uit te brei.		

7.3.4 Samevatting

Uit die kwantitatiewe navorsing is dit duidelik dat daar ’n groot verskil in opinie is tussen die predikante en ouderlinge wat aan die studie deelgeneem het, oor die afwesigheid van die geïdentifiseerde leierseienskappe onder die predikante in die bediening. Uit die reaksie van ouderlinge is dit wel duidelik dat een moontlike rede daarvoor kan wees dat die ouderlinge nie voldoende kennis het van die omvang van die leierskap van predikante nie.

Verder is dit ook uit die statistiek duidelik (vgl. Die Cronbach-alpha- en kommunaliteitstatistiek) dat die vraelyste van so aard is dat dit later gebruik sal kan word as ’n model vir gemeenteleierskapsmeting.

7.4 Kwalitatiewe navorsing

In hierdie tweede fase van die empiriese ondersoek is daar by wyse van kwalitatiewe dataversameling te werk gegaan om deur semi-gestruktureerde onderhoude vas te stel wat deelnemers se mening oor die leierskap van predikante in die GKSA-kerkverband is. Om in die doel te slaag, is daar in die vrae aan die deelnemers gefokus op die ses leierskapseienskappe wat in Hoofstuk 2[248] geïdentifiseer is, naamlik *onderdanige vertroue*, *status met verantwoordelikheid*, *gesag met liefde*, *herderlike leiding*, *waarheidsbegronde regverdigheid* en *geestelike onderskeidingsvermoë*.

7.4.1 Kwalitatiewe navorsingsontwerp

Die doel met die navorsingsontwerp is om hierdie studie noukeurig te beplan en te struktureer sodat die uitkomste en geldigheid van die navorsing so betroubaar moontlik kan wees.

7.4.2 Data-insamelingstrategieë

Die volgende data-insamelingstrategieë kan vir kwalitatiewe navorsing gebruik word:

(a) Etnografiese data-insamelingstrategie: Die etnografiese strategie maak 'n diepgaande studie van 'n kultuur of subkultuur, maar beperk die studie gewoonlik tot 'n spesifieke aspek van die kultuur (Lichtman, 2011:5; Creswell, 2013:262).

***(b) Grounded theory*-data-insamelingstrategie:** Hierdie strategie maak redelik staat op voorgeskrewe metodes waarvolgens die data geanaliseer moet word (Lichtman, 2011:47; Creswell, 2013:260).

(c Fenomenologiese data-insamelingstrategie: Fenomenologie beskryf en probeer die lewenservaring van die individu beskryf omdat dit opsoek is na die essensie van die ervaring (Lichtman, 2011:77; Creswell, 2013:259).

(d Gevallestudies: 'n Gevallestudie is 'n intensiewe ondersoek na 'n spesifieke groep, gebeurtenis of program (soos om byvoorbeeld die 9/11-gebeure te ondersoek) (Lichtman, 2011:109; Creswell, 2013:199).

(e) Narratiewe data-insamelingstrategie: Hier word gebruik gemaak van stories of narratiewe wat bestudeer en geanaliseer word om die nodige data in te samel (Lichtman, 2011:179; Creswell, 2013:189).

---

[248] Kyk *2.7 Afleidings* (p. 94).

(f) Biografiese data-insamelingstrategie: Hierdie strategie is deel van die narratiewe tradisie wat die lewensverhale van mense navors (Hollway & Jefferson, 2011:31).

(g) Fokusgroepe: Met hierdie data-insamelingstrategie word onderhoude in groepsverband gevoer (Franklin, 2013:192).

(h) Deelnemende observasie: Met hierdie metode word deelnemers geobserveer om uit hulle gedrag sekere afleidings te maak.

(i) Onderhoude: In hierdie geval word onderhoude met deelnemers gevoer waarna die visuele en oudiomateriaal in kwalitatiewe vorm ontleed en geanaliseer word (Franklin, 2013:183).

Vir die doeleindes van hierdie studie sal onderhoude die gekose data-insamelingstrategie wees aangesien die data wat benodig word die beste deur onderhoude ingesamel kan word.

Volgens Franklin (2013:185) kan onderhoude drie basiese vorms aanneem.

Gestruktureerde onderhoude: Hier word probeer om die vrae wat gevra word op so wyse te stel dat die antwoorde van die deelnemers met mekaar vergelyk kan word en statisties geanaliseer kan word. Franklin (2013:185) sê:

> "Standardized interviews are particularly suitable for research questions interested in gaining information, or in ascertaining the views, attitudes, or behaviour of respondents in a controlled manner; hence their use in survey work such as polling and market research; telephone-based research uses standardized questionnaires for one-to-one interviews that are randomly selected."

Semigestruktureerde onderhoude: In hierdie tipe onderhoude word die deelnemer met 'n baie spesifieke doel in gedagte benader. Vrae word vooraf uitgewerk, maar inligting kan op 'n meer buigsame manier bekom word sodat die navorser in die doel wat hy met die vrae het, kan slaag. Franklin (2013:186) maak die volgende belangrike opmerking oor semi-gestruktureerde onderhoude: "In any event the interviewer comes prepared for the respondent to digress, or for the direction of the interview to change along the way."

Ongestruktureerde onderhoude: Hierdie tipe onderhoude is ideaal wanneer die navorser op soek is na meer inligting oor spesifieke mense of omstandighede. Franklin (2013:187) sê in die verband, "By definition these involve interviews with fewer people, over a longer period of time albeit not necessarily, or spread out over several meetings rather than one single comprehensive interview."

In hierdie studie sal die navorser van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik maak aangesien die deelnemers met 'n baie spesifieke doel in gedagte benader sal word. Die doel is om die deelnemers se begrip van die ses leierskapsbegrippe te toets, om te hoor wat hulle

mening oor die sterk- en swakpunte in die GKSA ten opsigte van hierdie ses leierskapsbegrippe is en wat die moontlike strategieë is om dit te versterk.

7.4.3 Kwalitatiewe navorsingsmetodologie

Soos reeds vermeld is daar in Hoofstuk 2 (2.7) deur 'n woordstudie by ses leierskapsbegrippe uitgekom, naamlik onderdanige vertroue, status met verantwoordelikheid, gesag met liefde, herderlike leiding, waarheidsbegronde regverdigheid en geestelike onderskeidingsvermoë. Die doel van die navorsing is om vas te stel of predikante in die GKSA hierdie ses begrippe as belangrik ag en of hulle daarna streef om hierdie begrippe in hulle leierskap te laat gestalte kry sodat die resultate van die kwalitatiewe studie ook met die van die kwantitatiewe studie vergelyk kan word.

Die metode waarvolgens hierdie empiriese studie sal plaasvind, word hieronder uiteengesit.

7.4.3.1 Insluitingskriteria vir deelnemers

Volgens Kelly (2006:293) moet die volgende sake in gedagte gehou word wanneer deelnemers gekies word om aan so 'n kwantitatiewe studie deel te neem.

(a) Dit is belangrik dat die deelnemer persoonlike ervaring van die probleem wat ondersoek word, moet hê. Deelnemers moet daarom ervare leiers in die bediening wees.

(b) Die deelnemers moet oor goeie kommunikasievaardighede beskik omdat hulle in staat moet wees om hulle gevoelens en ervarings akkuraat te beskryf.

(c) Deelnemers moet ook 'n openlike houding hê sodat hulle nie op 'n verdedigende manier hulle standpunt wil stel nie.

(d) Dit is belangrik dat deelnemers in die onderwerp belangstel en die behoefte het om op die manier 'n waardevolle bydrae tot die navorsing te lewer.

Die bogenoemde kriteria is deeglik oorweeg in die seleksie en insluiting van deelnemers vir hierdie studie.

Dit kom voor of daar geen pertinente voorskrif vir die steekproefgrootte van kwalitatiewe studies is nie. Volgens Van Rensburg (2007:3) kan die grootte wissel van enigiets tussen een en vyf-en-twintig deelnemers. In hierdie geval is 'n totaal van sewe predikante en sewe ouderlinge genader om aan die studie deel te neem. Die data van veertien semigestruktureerde onderhoude is versamel. Die tydsduur van die onderhoude het gewissel van 'n halfuur tot drie uur.

Die predikante en ouderlinge is genader tydens meerdere vergaderings (Klassis, Streeksinode, Algemene Sinode) wat in 2014 en 2015 gehou is. Aangesien daar ongelukkig nie genoegsame tyd by die meerdere vergaderings was nie, is daar ook “Skype”- en telefoononderhoude met sommige persone gevoer. Elkeen van die deelnemers het vrywillig aan die onderhoude deelgeneem.

Die predikante wat deelgeneem het, was almal tussen 40 en 70 jaar oud, wat op sigself getuig van die ondervinding wat hulle as predikante en leiers het. Een van die deelnemers is slegs ses jaar in die bediening, maar het eers in ’n ander beroep gestaan waar hy reeds baie ondervinding as leier opgedoen het. Een deelnemer is al 17 jaar in die bediening; twee van die deelnemers is al in die twintig jaar in die bediening (22 en 28); nog twee is in die dertig jaar in die bediening (36 en 37); en een van die deelnemers is 42 jaar in die bediening.

Die ouderlinge wat genader is, was almal mense wat leierskapsposisies beklee in die beroepsrigting waarin hulle spesialiseer. Die ouderlinge se ouderdomme het gewissel tussen 40 en 75. Dat die meeste van hierdie ouderlinge die klassisvergaderings, streeksinodes of algemene sinode bygewoon het, getuig daarvan dat hulle ook as leiers in hulle afsonderlike gemeentes beskou word.

7.4.3.2 Data-insamelingsprosedure

Oor die voorbereiding vir die onderhoude noem Franklin (2013:187) ’n aantal belangrike sake om in gedagte te hou.

7.4.3.2.1 Administrasie

Die voorbereiding van die vrae, die onderwerpe vir bespreking en die basiese inligting van die deelnemers met wie die onderhoude gevoer gaan word, is baie belangrik; daarom waarsku Franklin (2013:187) om op die uitkyk vir die volgende slaggate te wees:

- Vrae moet nie dubbelsinnig of onnodig gekompliseerd wees nie.
- Daar moet met groot oorleg gewerk word wanneer vrae gevra word oor wat ’n sensitiewe onderwerp vir die deelnemer kan wees.
- Die navorser moet op hoogte wees van sleutelbehoeftes van die deelnemers, byvoorbeeld om sensitief te wees vir die tyd wat vir die onderhoud beskikbaar is.
- Waak daarteen dat die onderhoud nie deur die deelnemer oorgeneem word (deurdat hy die vrae vra), of dat die deelnemer nie die vrae beantwoord nie.
- Soms is dit ook nodig om sensitief te wees vir die deelnemer se gebrek aan reaksie oor ’n saak deur eerder later weer die vraag te stel sonder om opdringerig te wees.

Ten tye van die onderhoude is daar baie versigtig te werk gegaan om tot elke prys hierdie slaggate te vermy.

'n Deel van die administrasiefase is ook om deelnemers te vra om deel te neem aan die navorsing wat volgens Franklin (2013:189) gewoonlik in persoon of deur e-pos kan geskied. Met hierdie studie is daar van albei metodes gebruik gemaak. Predikante en ouderlinge wat naby die navorser woon, is in persoon gekontak, gewoonlik by meerdere vergaderings. Deelnemers wat ver van die navorser af woon was per e-pos gekontak.

7.4.3.2.2 Voor die onderhoud

Die proses wat in die navorsing nagevolg is, word deur Franklin (2013:189) beskryf. Dit begin wanneer die deelnemer genader word om aan die studie deel te neem. Sodra die persoon instem, is dit nodig om formele toestemming van die persoon te kry deurdat hy 'n brief onderteken of duidelike toestemming in 'n e-pos gee.

Daarna moet die deelnemer ten volle ingelig word oor die prosedure en die doel van die studie. Agtergrond oor die studie kan gegee word, die tydsduur waarbinne die onderhoud afgehandel sal word, moet bepaal word en die vrae wat gevra gaan word, kan aan die deelnemers gestuur word.

Hierdie prosedure is gevolg. Deelnemers het hulle toestemming gegee en die navorser het 'n brief aan elkeen van die deelnemers gestuur waarin hulle ten volle ingelig is oor die prosedure en vrae wat gevra gaan word.[249]

7.4.3.2.3 Tydens die onderhoud

Franklin (2013:190) wys daarop dat die manier waarop die onderhoud begin en beëindig word, baie belangrik is; daarom word van die navorser vereis om sy huiswerk goed te doen. Die navorser het die gesprek gewoonlik met 'n kort agtergrond van die studie begin en inligting oor elke afdeling gegee om die deelnemer se gedagtes te prikkel. Elke gesprek is afgesluit met 'n gebed waarin die navorser gewoonlik die leiding geneem het, maar soms het die deelnemer self ook in gebed voorgegaan.

Hoewel daar in die brief wat aan die deelnemers gestuur is, melding gemaak is daarvan dat deelnemers se antwoorde vertroulik en op anonieme wyse hanteer sal word, is hulle ook tydens die onderhoud daaroor gerus gestel as deel van die proses om die deelnemer op sy gemak te

[249] Kyk *Bylae 2: Dokumente vir die kwalitatief-empiriese ondersoek* (p. 702).

laat voel. Die deelnemer is ook gevra hoeveel tyd hy vir die onderhoud tot sy beskikking het en of hy beswaar sal hê indien die onderhoud opgeneem word.

Die doel van die vrae wat aan die deelnemers gevra is, was om die bevindings wat in die kwantitatiewe fase na vore gekom het, verder te bestudeer.

Die ses hoofafdelings waarin die vrae ingedeel is, stem ooreen met die afdelings wat in die kwantitatiewe navorsing gebruik is. Elke afdeling is begin met 'n kort inleiding wat 'n oorsig gee van wat die beginsels behels. Soos reeds genoem is, is daar probeer om deur hierdie inleiding die deelnemer verder op sy gemak te stel en daarna is die vrae aan die deelnemer gevra.

7.4.3.3 Die vraelys

Die afdelings en vrae sien soos volg daar uit:

Afdeling A – Onderdanige vertroue

Onderdanige vertroue bestaan daaruit dat die leier sy hele lewe in onderdanigheid aan die Here moet onderwerp. 'n Voorbeeld in die verband is Abraham wat alles agterlaat en na die beloofde land gaan soos wat God hom beveel.

- So 'n leier sal eerder sterf as om aan die Here ongehoorsaam te wees.
- Hy vertrou alleen op die Here vir uitkoms (moeilike omstandighede, lidmate se harte verander).
- Dit maak nie vir hom saak om onder ander se gesag te staan nie.

Vrae

1. Hoe verstaan jy onderdanige vertroue?
2. In watter opsig sou jy sê dat daar 'n tekort aan onderdanige vertroue in die GKSA is?
3. Hoe kan onderdanige vertroue versterk word?
4. Watter strategie kan in die GKSA gevolg word om onderdanige vertroue te versterk?

Afdeling B – Status met verantwoordelikheid

Daar is ongetwyfeld 'n sekere status aan 'n predikante se beroep gekoppel. Ons is immers bedienaars van die Goddelike Woord. Saam met daardie status is daar egter ook 'n verantwoordelikheid wat aanvaar of verwerp kan word.

- Deur jou voorbeeld moet jy mense na Christus lei: "Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg…"
- 'n Predikant moet sy sonde insien, anders sal hy in die status vaskyk en dit bring hoogmoed mee.

- Dit moet nie vir die predikant daaroor gaan dat mense van hom hou nie, maar om mense na Christus te lei.

Vrae

1. Hoe verstaan jy status met verantwoordelikheid?
2. In watter opsig sou jy sê is daar 'n tekort aan status wat met verantwoordelikheid gepaardgaan in die GKSA?
3. Hoe kan status met verantwoordelikheid versterk word?
4. Watter strategie kan in die GKSA gevolg word om status met verantwoordelikheid te versterk?

Afdeling C – Gesag met liefde

Enige leier kry gesag/mag op grond van sy posisie. In die geval van die predikant is dit soveel te meer die geval. Hy word aangestel as herder van die kudde van God.

- Gesag met liefde beteken dat die predikant nie die gesag deur manipulasie moet misbruik nie.
- Die gesag moet ook nie gebruik word om jouself te bevoordeel nie. Paulus skryf vir Timoteus: "'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat *onreg kan dra*." (2 Tim. 2:25)

Vrae

1. Hoe verstaan jy gesag met liefde?
2. In watter opsig sou jy sê is daar 'n tekort aan gesag met liefde in die GKSA?
3. Hoe kan gesag met liefde versterk word?
4. Watter strategie kan in die GKSA gevolg word om gesag met liefde te versterk?

Afdeling D – Herderlike leiding

In herderlike leiding word die liefde, versorging, opoffering en getrouheid van die leier beklemtoon. Net soos daardie Herder wat alles in sy vermoë sal doen om die welsyn van sy skape te bevorder.

- Herderlike leiding behels volharding in gebed vir lidmate.
- Dit beteken innige vriendskapbande waarbinne die liefde van Christus op 'n tasbare manier oorgedra kan word.
- Dit beteken 'n innige besorgdheid oor die geestelike groei van lidmate.
- Selfgesentreerdheid en eie gemak moet opgegee word.

Vrae

1. Hoe verstaan jy herderlike leiding?
2. In watter opsig sou jy sê is daar ’n tekort aan herderlike leiding in die GKSA?
3. Hoe kan herderlike leiding versterk word?
4. Watter strategie kan in die GKSA gevolg word om herderlike leiding te versterk?

Afdeling E – Waarheidsbegronde regverdigheid

In waarheidsbegronde regverdigheid gaan dit daaroor dat die waarheid tot elke prys voorop moet staan. Die gevolg daarvan sal wees dat die leier regverdig in sy doen en late is.

- ’n Leier wat waarheidsbegronde regverdigheid voorop stel se “ja”, sal “ja” wees en sy “nee”, sal “nee” wees.
- Die waarheid sal nie verdraai word nie al word jy as predikant daardeur benadeel.
- Die dapperheid en vrymoedigheid om verskoning te vra, sal na vore kom.

Vrae

1. Hoe verstaan jy waarheidsbegronde regverdigheid?
2. In watter opsig sou jy sê is daar ’n tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid in die GKSA?
3. Hoe kan waarheidsbegronde regverdigheid versterk word?
4. Watter strategie kan in die GKSA gevolg word om waarheidsbegronde regverdigheid te versterk?

Afdeling F – Geestelike onderskeidingsvermoë

Geestelike onderskeidingsvermoë kom daarop neer dat die predikant die vermoë het om die klem te laat val op die dinge wat werklik belangrik is.

- Agendas van vergaderings, finansiële besteding, prioriteite van predikante, toon aan dat die einddoel in gedagte gehou word.
- Predikante besef die belangrikheid van ’n innige verhouding met God, ’n verhouding waarin hy sy lewe aan Hom wy (vgl. Rom. 12:1-2)
- Die koninkryk van God is vir hom belangriker as hierdie lewe.

Vrae

1. Hoe verstaan jy geestelike onderskeidingsvermoë?
2. In watter opsig sou jy sê is daar ’n tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë in die GKSA?
3. Hoe kan geestelike onderskeidingsvermoë versterk word?

4. Watter strategie kan in die GKSA gevolg word om geestelike onderskeidingsvermoë te versterk?

7.4.3.4 Na afloop van die onderhoud

Nadat die onderhoude gevoer is, is dit volgens Franklin (2013:191) belangrik om die deelnemers vir hul deelname te bedank, selfs al voel dit of die onderhoud nie suksesvol was nie. Elkeen van die deelnemers is mondelings bedank vir hulle tyd en voorbereiding vir die onderhoud.

Die opnames wat tydens die onderhoude opgeneem is, is na elke onderhoud getranskribeer aangesien dit akkurater in geskrewe vorm geanaliseer kan word (Niewenhuis, 2007:104).

7.4.3.5 Data-analise

Die doel van data-analise is om die groot hoeveelheid data wat ingesamel is, te orden en te struktureer sodat daar betekenisvolle afleidings gemaak kan word (De Vos, 2005:333). In hierdie studie is die volgende stappe gevolg om die data wat ingesamel is, te analiseer (vgl. De Vos, 2005:334-345; Kelly, 2006:321-326):

- ***Ordening van data:*** Die data is deur die navorser self getranskribeer met die doel om deeglik daarmee vertroud te raak (De Vos, 2005:336). Nadat die data getranskribeer is, is die meester op 'n veilige plek gestoor. Die proses is voortgesit deur die transkripsie te orden deur byvoorbeeld onnodig breedvoerige verduidelikings te verkort of om dele waar daar van die punt afgedwaal is, uit te haal. Volgens De Vos (2005:337) bestaan 'n groot deel van die ordeningsproses daaruit dat die data op 'n kreatiewe wyse uitgesny en ingevoeg moet word.
- ***Deeglik vertroud raak met data:*** De Vos skryf hieroor: "After the organisation and conversion of the data, researchers continue analysis by getting a feeling for the whole database." In hierdie stap van data-analise is dit baie belangrik dat die navorser deeglik vertroud raak met die data deur dit te lees en herlees. Terwyl die data gelees is, is notas gemaak van frases, idees en belangrike konsepte. Daar is ook gekyk na betekenisvolle momente en onnodige inligting is verder uitgehaal (De Vos, 2005:337). Laastens is daar beplanning gedoen om die inligting uiteen te sit sodat daar in die volgende stap maklik 'n oorsig van moontlike temas gekry kon word.
    - ***Identifisering van temas, kategorieë en patrone:*** In hierdie stap word die data uitmekaar gehaal met die doel om temas, herhaalde idees en verskillende dimensies van inligting as deel van die koderingsproses te identifiseer (Creswell, aangehaal deur De Vos, 2005:338). Die koderingsproses het plaasgevind aan die hand van drie tipes kodering, naamlik oop, aksiale en selektiewe kodering (De Vos, 2005:340-345):

Oop kodering: die eerste fase van oop kodering word deur De Vos (2005:341) "Labelling Phenomena" genoem. Dit behels dat die data in kleiner konsepte afgebreek word om dan elke idee, verskynsel of moment 'n naam te gee. Hierdie fase is toegepas deur verskillende kleure penne te gebruik om die verskillende konsepte uit te lig. Die volgende fase van oop kodering noem De Vos (2005:341) "Discovering Categories", waar die verskillende konsepte wat dieselfde of soortgelyke verskynsels bevat, saamgegroepeer word. In hierdie fase het die navorser soortgelyke verskynsels in die verskillende kategorieë gegroepeer. Die benaming van die verskillende kategorie is hoofsaaklik bepaal deur treffende frases of woorde wat deur die deelnemers gebruik is.

Aksiale kodering: De Vos (2005:343) definieer hierdie stap van kodering as "a set of procedures whereby data are put back together in new ways after open coding, by making connections between categories." Hier is die verskillende kategorieë na 'n intense analise weer op nuwe wyses met mekaar verbind met die doel om temas en subtemas vas te stel.

Selektiewe kodering: De Vos (2005:344-345) verdeel selektiewe kodering in verskillende fases en hy begin met die fase wat hy "Identifying the Story" noem. Hier is daar in elk van die ses afdelings van die vrae eers 'n kort maar beskrywende oorsig gegee van wat die navorser opgeval het. Die volgende fase van selektiewe kodering noem De Vos (2005:341) "Moving from description to conceptualisation: The storyline". In hierdie fase het die navorser gesoek na een van die kategorieë wat omvattend genoeg was om die hele verhaal ("story line") te beskryf. Indien daar egter nie so kategorie was nie is party van die kategorieë bymekaar gevoeg en 'n naam aan die sentrale verskynsel gegee. Fase drie noem De Vos (2005:344) "Determining the Properties and Dimensions of the Core". Die belangrikste eienskappe van die hoofkategorie is bepaal en daarna is die ander kategorieë as subkategorieë daarmee verbind.

7.4.3.6 Die geldigheid van die navorsing

Die geldigheid van kwalitatiewe navorsing word volgens Lincoln en Guba (soos aangehaal deur De Vos, 2005:346-347) aan die volgende vier kriteria gemeet:

7.4.3.6.1 Geloofwaardigheid ("Credibility")

De Vos (2005:346) definieer hierdie begrip soos volg: "The goal is to demonstrate that the inquiry was conducted in such a manner as to ensure that the subject was accurately identified and described." Die volgende voorsorgmaatreëls, wat in hierdie studie gevolg is, word deur Shenton (2004:64) voorgestel om geloofwaardigheid te verseker:

- Gevestigde navorsingsmetodes ("Well established research methods"): Goed gevestigde navorsingsmetodes wat vir hulle gebruik in kwalitatiewe navorsing bekend is, is in hierdie studie gebruik.
- Verlengde betrokkenheid ("Prolonged engagement"): Die navorser is goed bekend met die kultuur en organisasie wat bestudeer word aangesien hy self vir die afgelope tien jaar as predikant in die GKSA dien. Die predikante en ouderlinge met wie die onderhoude gevoer is, het almal die navorser reeds geken voor die onderhoud gevoer is.
- Triangulering ("Triangulation"): Hier is dit belangrik om verskillende metodes in die ondersoek te gebruik sodat die resultate met mekaar vergelyk kan word. In die eerste plek is die konsekwentheid van bevindinge wat deur verskillende data-insamelingsmetodes gemaak is, nagegaan deurdat die data vergelyk kon word met 'n kwantitatiewe studie wat die navorser oor dieselfde onderwerp gedoen het. Verder is die konsekwentheid getoets deur dieselfde metode, maar verskillende databronne te gebruik. Hierdie databronne is die mense wat uit verskillende agtergronde kom, naamlik die sewe predikante en die sewe ouderlinge met wie die onderhoude gevoer is. Laastens is ook gebruik gemaak van meer as een ontleder (die navorser en sy promotor) om die bevindinge te hersien.
- Metodes om die eerlikheid van die deelnemers te verseker ("ensure honesty in informants"): Deelname aan die studie was glad nie verpligtend nie en in die brief[250] wat elke deelnemer gekry het, is aan hom gestel dat hy enige tyd van die studie kan onttrek indien hy so sou voel. Verder is deelnemers ook telkens (tydens die onderhoud en in die brief) gerusgestel dat daar nie 'n regte of verkeerde antwoord is nie, maar dat dit in hierdie studie alleen daaroor gaan om die ervaring van elke deelnemer te genereer. Laastens is die deelnemers ook verseker van die anonimiteit van die deelnemers aan die navorsing en in die brief is genoem dat niemand wat aan die studie deelneem se naam of identiteit bekend gemaak sal word nie, maar dat skuilname (Dlnr. W, B ens.) gebruik sal word.
- Ontlontingsessies ("Frequent debriefing sessions"): Die navorser het sy notas gereeld met sy promotor bespreek om seker te maak dat sy visie deur die ondervinding en persepsies van sy promotor verbreed word.
- Agtergrond, kwalifikasies en ondervinding van die deelnemers ("Background, qualifications and experience of the investigator"): Volgens Patton (soos aangehaal deur Shenton, 2004:68) is die geloofwaardigheid van die deelnemer baie belangrik aangesien hy die belangrikste instrument in die dataversameling en -analise is. Oor hierdie rede is die deelnemers van wie daar gebruik gemaak is in hierdie studie almal goed bekende

[250] Kyk *Bylae 2: Dokumente vir die kwalitatief-empiriese ondersoek* (p. 702).

predikante of ouderlinge in die GKSA. Dit is trouens almal leiers wat deur hulle gemeentes afgevaardig is om klassisse/sinodes by te woon.

7.4.3.6.3 Oordraagbaarheid ("Transferability")

Oordraagbaarheid het betrekking op die mate waarin afleidings wat binne die kwalitatiewe studie gemaak is, oordraagbaar is op ander situasies in die samelewing (Shenton, 2004:68). Die volgende voorsorgmaatreëls is gevolg om onregmatige oordraagbaarheid te vermy (Shenton, 2004:70):

- 'n Doelgerigte steekproef ("Restrictions in the type of people who contributed data"): Elkeen van die deelnemers moes aan die seleksiekriteria voldoen. 'n Beskrywing van die groep deelnemers is gemaak waardeur die grense en voorveronderstellings van die studie duidelik omlyn is.[251]
- Die metode vir dataversameling ("Data collection methods that were employed"): Die steekproef is doelgerig gedoen deur die metode waarvolgens die studie uitgevoer sou word, vooraf te bepaal.[252]
- Aantal en tydsduur van onderhoude ("Number and length of the data collection sessions"): Die aantal onderhoude en tydsduur van die onderhoude is duidelik gedefinieer.[253]
- Ryk data ("Thick description"): Die data van al die onderhoude wat met die deelnemers gevoer is, is volledig uiteengesit en die navorser het ook 'n volledige beskrywing gegee van die konteks waarbinne die navorsing plaasgevind het (Hierdie data word as deel van die meester op 'n veilige plek gestoor. Vir 'n verduideliking van *meester*, kyk "Ordening van data" onder 7.4.3.5.[254]

7.4.3.6.3 Betroubaarheid ("Dependability")

Cohen en Crabtree (2006) definieer die doel van betroubaarheid soos volg "The purpose is to evaluate the accuracy and evaluate whether or not the findings, interpretations and conclusions are supported by the data." Die volgende metodes word deur Shenton (2004:71-72) voorgestel en is in hierdie studie gevolg om seker te maak dat die afleidings wat gemaak is, konsekwent toegepas kan word en met soortgelyke navorsing herhaal kan word:

- Die beskrywing en toepassing van die navorsingsproses ("The research design and its implementation"): Die volledige metode waarvolgens hierdie studie gedoen is, word beskryf

---

[251] Kyk *7.4.3.1 Insluitingskriteria vir deelnemers* (p. 451).
[252] Kyk *7.4.3 Kwalitatiewe navorsingsmetodologie* (p. 451).
[253] Kyk *7.4.3.1 Insluitingskriteria vir deelnemers* (p. 451).
[254] Kyk *7.4.3.5 Data-analise* (p. 457).

sodat die studie onder soortgelyke omstandighede herhaal kan word met die doel om soortgelyke resultate te verkry.[255]

- Reflektiewe beoordeling van die metode ("Reflective appraisal of the project"): Die volledige beskrywing van die navorsingsprojek en metode sal die leser in staat stel om die effektiwiteit van die metode en projek te beoordeel.[256]

7.4.3.6.4 Bevestiging ("Conformability")

Volgens De Vos (2005:347) is dit in bevestiging belangrik dat die navorser sy voorveronderstellings moet erken sodat hy bewustelik die afleidings wat in die studie gemaak word nie op sy voorveronderstellings sal laat berus nie maar alleen op die data wat ingesamel is. Cohen en Crabtree (2006) stel die volgende maatreëls voor wat in hierdie studie nagevolg is om objektiwiteit te waarborg:

- Triangulering ("Triangulation"): Soos reeds in 'n vorige afdeling genoem,[257] is triangulering in hierdie studie toegepas. Triangulering sal ook daartoe bydra dat die navorser die data objektief bestudeer.
- Reflektiwiteit ("Reflexivity"): Tydens die volle duur van die kwalitatiewe studie het die navorser sy perspektiewe, standpunte, waardes en oortuigings op skrif gestel om sodoende deur refleksie sy objektiwiteit te waarborg.
- Ouditspoor ("Audit Trail"): Hier is dit belangrik om 'n deursigtige beskrywing van die navorsingstappe te gee; daarom is alle rou data en notas wat tydens die navorsing aangeteken is, bewaar. Dit sluit in kategorieë (temas, definisies en verhoudings), bevindinge en gevolgtrekkings.

7.4.4 Resultate en bespreking

In hierdie afdeling sal daar gekyk word na die resultate van die onderhoude wat gevoer is. Elkeen van die ses leierseienskappe sal afsonderlik in ses afdelings bespreek word. In elke afdeling sal daar eers gekyk word na resultate van die onderhoude met die predikante oor die leierseienskap wat in die afdeling ondersoek word en daarna na die resultate van die onderhoude met die ouderlinge oor dieselfde leierseienskap.

---

[255] Kyk *7.4.1 Kwalitatiewe navorsingsontwerp* (p. 449) en *7.4.2 Data-insamelingstrategieë* (p. 449).
[256] Kyk *7.4.3 Kwalitatiewe navorsingsmetodologie* (p. 451).
[257] Kyk *7.4.3.6 Die geldigheid van die navorsing* (p. 458).

Soos in reeds vroeër verduidelik is,[258] is die ordening van die data, die proses om deeglik met die data vertroud te raak en die identifisering van temas, kategorieë en patrone vooraf uitgevoer en die bevindings op 'n veilige plek gestoor.

Die verdere proses van data-analise (oop kodering, aksiale kodering en selektiewe kodering) word in hierdie afdeling weergegee. Die verwerking van die inligting wat uit die onderhoude met die predikante verkry is, is in tabelle en diagramme saamgevat. Onder elke leierseienskap is daar vier tabelle wat elkeen een van die vier take van Osmer (2008:par. 89) se basiese struktuur van prakties-teologiese interpretasie verteenwoordig, naamlik die normatiewe taak, beskrywende taak, interpreterende taak en pragmatiese taak.

Die resultaat van die oop kodering verskyn in die eerste kolom van elke tabel. Verskillende konsepte, idees en verskynsels wat in die onderhoude geïdentifiseer is en op grond van raakpunte of ooreenkomste saamgegroepeer is, word in die deelnemers se eie woorde weergegee (soos verkry uit die transkripsies). Aan elkeen van die groepe word 'n naam gegee wat uit 'n oorkoepelende of gemeenskaplike konsep of verskynsel bestaan en aan elkeen word 'n kodenommer toegeken, byvoorbeeld "Kode 1.1", "Kode 1.2" ens. Die deelnemers word geïdentifiseer deur "Dlnr. B", "Dlnr. M" ens.

Die resultate van aksiale kodering word in die tweede kolom weergegee. Verskillende kodes word in verskillende kategorieë gekombineer. Temas en subtemas wat geïdentifiseer is, word uitgebeeld in 'n raamwerkdiagram (wat in die kolom ingevoeg is) waarin 'n plan of skema van die hooftema en subtemas van die verhaal ("story line") voorgestel word.

Laastens is selektiewe kodering toegepas. Die selektiewe kodering word in 'n konseptualiseringsdiagram na elke tabel voorgestel om die verhaal van die spesifieke taak van Osmer uit te beeld. Die volledige verhaal word aan die einde van elke afdeling saamgestel waar al vier dele van prakties-teologiese interpretasie in volgorde na mekaar geplaas word om die hele verhaal te beskryf.

7.4.4.1 Afdeling A – Onderdanige vertroue

Die verwerking van die data wat oor die leierseienskap *onderdanige vertroue* ingesamel is, word in die twee afdelings *7.4.4.1.1 A1 Predikante* (p. 463) en *7.4.4.1.2 A2 Ouderlinge* (p. 474) aangebied.

---

[258] Kyk *7.4.3.5 Data-analise* (p. 457).

7.4.4.1.1 A1 Predikante

Die data wat onder die predikante oor onderdanige vertroue ingesamel is, word in die volgende vier onderafdelings bespreek, naamlik:


(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *onderdanige vertroue soos God dit wil* (p. 463)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue onder predikante* (p. 465)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue* (p. 469)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* (p. 469)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie onderdanige vertroue soos God dit wil

Die data wat onder die predikante oor onderdanige vertroue in die normatiewe taak ingesamel is, word in hierdie afdeling saamgevat. Eerstens word in Tabel 129 aangetoon hoe daar van kode na kategorieë beweeg is; daarna word in Diagram 5 (p. 465) aangetoon hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 129: Opsomming van hoe daar in die normatiewe taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *onderdanige vertroue soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: **"What ought to be going on?"**	**Hoofkategorie:** **Onderdanige vertroue soos God dit wil**
Kode 1.1: Erken Christus as Koning Om onderdanig te kan vertrou, moet jy duidelikheid hê oor wie jou opdraggewer is en presies wat Hy van jou verwag (Dlnr. B). Om te erken dat daar net een Leier in die kerk en Koninkryk is, nl. Jesus Christus (Dlnr. M).	**Kategorie 1:** Die erkenning van Christus as Koning wek vaste vertroue Ondersteun deur kode 1.1 en 1.3
Kode 1.2: **Om klein te word voor Christus se heerskappy** Jouself klein ag, jou werk doen en glo dat die Here sal laat groei (Dlnr. W). Om te besef jy is werklik slaaf van Christus. Diensknegleierskap (Dlnr. E).	**Kategorie 2:** Om klein te word voor Christus se heerskappy Ondersteun deur kode 1.2

1. Normatiewe taak: **"What ought to be going on?"**	**Hoofkategorie:** **Onderdanige vertroue soos God dit wil**
Kode 1.3: **Om teen alle hoop in te vertrou** Hierdie onderdanige vertroue verskaf 'n oorgeevrede (Dlnr. W). Vertroue in die Here maak dat die leier die Here sal vertrou (Dlnr. B). Die Here neem oor en jy vertrou op Hom (Dlnr. M). Om teen alle hoop in te vertrou op die Here se voorsiening (Dlnr. N). Om die Here in alle omstandighede te vertrou (Dlnr. N).	**Kategorie 3:** God is die bron van die leier se sekuriteit Ondersteun deur kode 1.4
Kode 1.4: **God is die bron van die leier se sekuriteit** Sekuriteit moet nie in strukture of reëls en regulasies gesoek word nie maar in God (Dlnr. S). Dit het te doen met die regte gesindheid wat in die hart begin. Om te kan onderdanig wees, moet jy eers die persoon vertrou (Dlnr. P). Algehele afhanklikheid van God deur te glo dat Hy dinge sal stuur en verander soos Hy wil (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 5 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 5: Konseptualisering van die hoofkategorie *onderdanige vertrou soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder predikante




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan onderdanige vertroue onder predikante

Tabel 130 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 6 (p. 467) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 130: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue onder predikante* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan onderdanige vertroue onder predikante
Kode 2.1: **Persoonlike oortuigings word soms afgedwing** Die tekort word gesien waar predikante soms hulle eie persoonlike oortuiging in 'n kerk afdwing en wat dan ook spanning veroorsaak (Dlnr. W).	**Kategorie 1:** Predikante onderwerp hulle aan verkeerde kriteria Ondersteun deur kode 2.2 en 2.3

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan onderdanige vertroue onder predikante
Kode 2.2: **Predikante onderwerp hulle aan verkeerde goed** Omdat leiers bang is vir verdeeldheid, neem hulle nie besluite nie, al gee die Skrif geen pertinente opdrag oor die saak nie (DInr. W). Die kerk van Christus toon nie eensgesindheid in liefde nie (DInr. B). Leiers wil soms eers al die vrae beantwoord hê voor hulle sal doen. Te rasioneel (DInr. N).	**Kategorie 2:** Daar is statusbewustheid by predikante Ondersteun deur kode 2.1
Leiers se onderdanige vertroue moet teenoor die Here wees en nie teenoor die GKSA-struktuur nie (DInr. B). Dit wys nie altyd in ons leer en lewe dat Christus die Hoof is nie omdat ons nie georganiseer is op 'n manier wat die koninkryk dien nie (DInr. B). Vertrou nie die Hoof nie maar 'n kerk (DInr. B).	**Kategorie 3:** Persoonlike oortuigings word afgedwing, wat ruimte vir verskeidenheid inperk Ondersteun deur kode 2.1 en 2.4
Kode 2.3: **Daar is statusbewustheid by predikante** Baie predikante het statusbewustheid, formalisme en tradisionalisme (DInr. E). Leiers is baie op hulle eie troontjie, dink te veel van hulleself (DInr. P). 'n Sieklike tipe kompetisie van "Ek is so besig, my kerk is so en so…" (DInr. P).	
Kode 2.4: **Daar is nie ruimte vir verskeidenheid van leiers nie** Ons het nie strategiese leiers nie. Ons het nie ruimte vir die verskeidenheid van leiers wat nodig is om effektief te wees nie (DInr. B).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 6 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 6: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue* soos afgelei uit die beskrywende taak onder predikante




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue

Tabel 131 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue* in die interpreterende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 7 (p. 469) toon aan hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 131: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue
Kode 3.1: Redes waarom Christus nie as enigste Hoof vertrou word nie Predikante verwag te veel van hulleself. Hulle vertrou op hulle eie krag en nie in die Here nie (Dlnr. W). Status, vorms en tradisies word belangriker as Christus (Dlnr. E). Leiers is dikwels te bang om te vertrou (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** Christus word nie as enigste hoof vertrou nie Ondersteun deur kode 3.1

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue
Kode 3.2: **Redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue** Gebrek aan geloof. Daarom is daar nie onderdanige vertroue nie (Dlnr. W). Indien die woord slegs bestudeer word om mense te bedien, sal onderdanige vertroue nie groei nie (Dlnr. W). Indien leiers nie self agter Jesus aanstap nie, kan hulle nie vir ander sê om saam met hulle Jesus te volg nie (Dlnr. M). Gebrek aan gebedsafhanklikheid en geloofsgroei (Dlnr. S).	**Kategorie 2:** 'n Innige verhouding met Christus, wat diensbaar maak, ontbreek Ondersteun deur kode 3.2
Kode 3.3: **Die effek van 'n gebrek aan onderdanige vertroue** Die plaaslike gemeentes is nie bereid om hande te vat en saam te werk nie (Dlnr. B). Leiers funksioneer binne die struktuur, die standplaas van die Gereformeerde kerk en nie binne die groter liggaam van Christus nie (Dlnr. B). Daar is nie 'n missionale bewussyn en evangeliese bewoënheid nie (Dlnr. E).	**Kategorie 3:** Daar is nie 'n gemeenskaplike fokus op die "missio Dei" nie Ondersteun deur kode 3.3 
Verkeerde vorme van leierskap kom na vore wanneer daar nie gelei word soos wat Jesus gelei het nie, naamlik as dienskneg (Dlnr. M). Leiers drink nie nederigheid in nie, want dit is alleen hoe 'n leier onderdanig kan vertrou (Dlnr. P). Ouderlinge vat nie verantwoordelikheid vir die gemeentes wat aan hulle toevertrou is nie (Dlnr. B).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 7 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 7: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir gebrek aan onderdanige vertroue* soos afgelei uit die interpreterende taak onder predikante




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk onderdanige vertroue

Tabel 132 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* in die pragmatiese taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 8 (p. 472) toon hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 132: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk onderdanige vertroue
Kode 4.1: **Ontwikkel teologiese studies om geestelike groei te monitor** Kyk dat karaktertrekke van die studente ontwikkel (Dlnr. W). Deurlopende monitering van studente (Dlnr. W).	**Kategorie 1:** Kweek van die begin af 'n innige verhouding met Christus Ondersteun deur kode 4.1 en 4.3

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk onderdanige vertroue
Stop voltydse residensiële opleiding en vervang dit met indiensopleiding. Leiers se gawes moet eers in die praktyk tot uiting kom voor hulle predikante kan word (Dlnr. E). Mentorskap tydens opleiding is nodig wat moduleer en geestelike groei en karaktervorming monitor (Dlnr. E).	
Kode 4.2: **Mentorskapsverhoudings wat vermaan en bemoedig, moet aangemoedig word** Professore wat mentors is vir studente (Dlnr. W). Predikante kan mentorskapsverhoudings kweek met vertrouelinge waarbinne vermaning en bemoediging kan plaasvind (Dlnr. W). Kleingroepe vestig. Gelowiges moet saam bid (Dlnr. N).	**Kategorie 2:** 'n Fokus na buite en daarom toerus om aan die nood in die wêreld aandag te gee Ondersteun deur kode 4.4 en 4.5
Kode 4.3: **Kweek 'n innige verhouding met Christus** Skrifstudie en gebed om 'n innige verhouding met Christus te kweek (Dlnr. W). Die leier se verhouding met die Here moet versterk (Dlnr. M). Hierdie is 'n hartsaak en voor die hart nie verander nie kan daar nie onderdanige vertroue wees nie. Die beskouing oor wie Christus werklik is en gebed (Dlnr. P).	**Kategorie 3:** Raak betrokke by mentorskap-verhoudings Ondersteun deur kode 4.2
Groter klem op intieme verhouding met die Here. Minder analities en meer die geloof leef (Dlnr. N). Gebed, bestudeer die Woord, meelewing, deel mekaar se geloofservaring en wees voorbeeld van onderdanige vertroue (Dlnr. N).	

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk onderdanige vertroue
Kode 4.4: **Fokus op uitbou van koninkryk van God en nie instandhouding nie** By die strategie moet ons uitkom by die vraag wat is ons doel? Gaan dit oor die GKSA of die koninkryk van God? Kerk in stand hou of koninkryk uitbou? (Dlnr. B). Die bediening moet meer na buite wees. Die bediening moet wyer strek as die Gereformeerde kerk (Dlnr. B). Nie kerkgesentreerd nie maar Christus-gesentreerd. Nie vra waarvan sal mense hou nie, maar wat is reg in Christus se oë. Hy moet koning wees in die leier se lewe (Dlnr. M).	
Kode 4.5: **Rus toe om die nood in die wêreld aan te kan spreek** Deel van onderdanige vertroue sal	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 8 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 8: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder predikante






Diagram 9: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder predikante gedoen is oor onderdanige vertroue by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: "How might we respond?"



7.4.4.1.2 A2 Ouderlinge


Die data wat onder ouderlinge oor onderdanige vertroue ingesamel is, word onder die volgende vier opskrifte bespreek, naamlik:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *onderdanige vertroue soos God dit wil* (p. 474)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue* (p. 476)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir gebrek aan onderdanige vertroue* (p. 478)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* (p. 480)

***(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie** onderdanige vertroue soos God dit wil*


Die data wat onder ouderlinge oor onderdanige vertroue in die normatiewe taak ingesamel is, word in hierdie afdeling saamgevat. Eerstens word in Tabel 133 aangetoon hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *onderdanige vertroue soos God dit wil* in die normatiewe taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; daarna word in Diagram 10 (p. 476) aangetoon hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11)

Tabel 133: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *onderdanige vertroue soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Onderdanige vertroue soos God dit wil
Kode 1.1: **Dis onderdanigheid aan die Woord** Dis 'n onderdanig wees aan Christus se voorskrif wat jy in die Woord sal vind (DInr. OD). Die leier moet hom onderwerp aan gesag, naamlik die Woord (DInr. OS). Wat sê die Here? (DInr. OR)	**Kategorie 1:** Onderdanigheid aan die Woord Ondersteun deur kode 1.1
Kode 1.2: **Dis vertroue in Christus wat sy kerk bestuur** Onderwerp homself vrywillig aan hoër gesag op grond van vertroue. In hierdie geval is dit vertrou op Christus (DInr. OO).	**Kategorie 2:** Dis vertroue in Christus en nakom van verantwoordelikheid Ondersteun deur kode 1.2 en 1.4
Die predikant is één van die regeerouderlinge en nie dié ouderling nie. Hy moet ook onderdanige vertroue hê aan die Here se openbaring deur die kerkraad (DInr. OD). Vertroue is soms 'n irrasionele besluit om die beloftes van God te vertrou (DInr. OP). Om in alle opsigte en aspekte van jou lewe op die Here te vertrou (DInr. OH).	**Kategorie 3:** Om saam met die ouderlinge te soek na die wil van die Here Ondersteun deur kode 1.3
Kode 1.3: Dis om saam met die ouderlinge te soek na die wil van die Here Predikant moet saam met die ouderlinge soek na die wil van die Here in die Woord en nie voorskryf nie (DInr. OD). Die wysheid van ouderlinge is ook 'n hulpmiddel aan 'n predikant om die Here se wil te ontdek (DInr. OP).	
Kode 1.4: Vertroue hou ook 'n verantwoordelikheid in 'n Leier moet volkome vertrou maar hy het ook 'n verantwoordelikheid om sy kant te bring (DInr. OL).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 10 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 10: Konseptualisering van die hoofkategorie *onderdanige vertroue soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder ouderlinge




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan onderdanige vertroue

Tabel 134 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; in Diagram 11 (p. 478) word aangetoon hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana 2009:9-11).


Tabel 134:Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan onderdanige vertroue
Kode 2.1: **Predikante sukkel om so te lei dat kerkrade 'n selfstandige besluit neem** Predikante weet nie altyd waar stop raad en begeleiding sodat die kerkraad 'n selfstandige besluit kan neem nie (Dlnr. OD). Dit gebeur soms dat 'n predikant die besluite wat deur 'n kerkraad geneem is, mettertyd verander bloot omdat hy van 'n ander opinie is. Net sodat die volgende predikant wat bevestig word, weer alles verander (Dlnr. OD).	**Kategorie 1:** Predikante sukkel om so te lei dat kerkrade 'n selfstandig besluit neem Ondersteun deur kode 2.1

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan onderdanige vertroue
Kode 2.2: **Predikante doen wat volgens hulle standpunt reg is** Manipuleer mense om sin te kry (Dlnr. OR). Leiers maak te veel staat op eie insigte en organisasievermoëns (Dlnr. OS). Leiers soek dikwels nie met alles in hulle na God se wil nie, maar doen wat volgens hulle standpunt reg is (Dlnr. OH).	**Kategorie 2:** Predikante doen wat volgens hulle standpunt reg is Ondersteun deur kode 2.2
Kode 2.3: Predikante vertrou nie op Christus alleen nie Vertrou te veel op eie insig. Daar word gevra na die wil van die Here, maar op 'n stadium begin dit gaan oor my interpretasie van wat sê die Here. Dan is dit nie onderdanig aan die Here nie, maar aan my interpretasie (Dlnr. OR). Voel bedreig wanneer kerkraad nie saam met hom stem nie (Dlnr. OR). Soms wil leiers op hulleself vertrou om verandering in mense te bewerk en dit lei dan tot pessimisme (Dlnr. OO). By die beroeping van predikante word daar te veel gekonsentreer op finansies en te min op, hulle roep my (Dlnr. OO).	**Kategorie 3:** Predikante vertrou nie op Christus alleen nie Ondersteun deur kode 2.3 en 2.4 
Kode 2.4: **Predikante toets hul standpunt nie genoeg teenoor mekaar nie** Daar is 'n tekort daarin dat predikante nie genoeg geleentheid kry om hulle standpunte teenoor mekaar te toets nie (Dlnr. OR).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 11 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 11: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan onderdanige vertroue* soos afgelei uit die beskrywende taak onder ouderlinge




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan onderdanige vertroue

Tabel 135 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die tekort aan onderdanige vertroue* in die interpreterende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 12 (p. 480) toon aan hoe daar van die kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 135: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder ouderlinge ten opsig van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue
Kode 3.1: **Eie idees word soms belangriker as die soeke na die Here se wil** Die fokus val soms te veel op strategie en te min op onderdanige vertroue om te kyk wat wil die Here hê (Dlnr. OS). Leiers wil dikwels hulle eie goeie en "bright" idees voorop stel (Dlnr. OH).	**Kategorie 1:** Eie idees word belangriker as die soeke na die Here se wil Ondersteun deur kode 3.1 en 3.3

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue
Kode 3.2: **'n Innige verhouding met die Here ontbreek** 'n Innige verhouding met die Here ontbreek soms (Dlnr. OL). 'n Tekort aan geloofsvertroue wat eintlik 'n ontkenning is van die krag van die Heilige Gees (Dlnr. OO).	**Kategorie 2:** 'n Innige verhouding met die Here ontbreek Ondersteun deur kode 3.2
Kode 3.3: **Leiers het nie genoeg blootstelling aan mekaar se idees nie** Predikante het nie genoeg blootstelling aan ander predikante, hulle idees en manier van dink nie (Dlnr. OR). Omdat ouderlinge nie die nodige toerusting het nie, kan hulle nie predikante ondersteun om onderdanig te vertrou nie (Dlnr. OD).	**Kategorie 3:** Daar is nie 'n gesonde struktuur waarlangs leiers hulleself kan opwerk nie Ondersteun deur kode 3.4
Kode 3.4: **Daar is nie 'n gesonde struktuur waarlangs leiers hulleself kan opwerk nie** Gewoonlik wanneer jy klaar studeer het, begin jy weer onder en jy werk jouself op tot in 'n leiersposisie. Predikante stap dadelik in 'n leiersposisie in (Dlnr. OD).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 12 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 12: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue* soos afgelei uit die interpreterende taak onder ouderlinge




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk onderdanige vertroue

Tabel 136 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* in die pragmatiese taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 13 (p. 482) toon aan hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11)

Tabel 136: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk onderdanige vertroue
Kode 4.1: **Mentorskapsverhoudings is nodig** Gebedsondersteuning (Dlnr. OP). Predikante het mentors nodig wat hom innig ken (Dlnr. OR). Gebed. Mentors/kollegas wat inspireer en ondersteun (Dlnr. OO). In visitasie kan gevra word na onderdanige vertroue (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Mentorskapsverhoudings skep geleenthede om leiers tot bekering te roep Ondersteun deur kode 4.1 en 4.4

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk onderdanige vertroue
Kode 4.2: **Die leier moet 'n innige verhouding met Christus kweek** Verdiep in geloof en wees voorbeeld vir mekaar (Dlnr. OH). Gebed, geloofsgroei, verhouding – dit moet 'n lewenstyl wees (Dlnr. OL). Gebed en perspektief moet reg wees (Dlnr. OS).	**Kategorie 2:** Die leiers moet 'n innige verhouding met Christus kweek Ondersteun deur kode 4.2
Kode 4.3: **Toerusting wat leiers blootstelling gee aan ander se idees** Daar moet meer gefokus word op die opleiding van ouderlinge (Dlnr. OD). Toerusting (Dlnr. OP). Predikante moet wyer blootstelling kry aan ander se idees (Dlnr. OR). Kruisbestuiwing is nodig (Dlnr. OO).	**Kategorie 3:** Toerusting wat leiers blootstelling gee aan ander se idees Ondersteun deur kode 4.3
Kode 4.4: Leiers moet hulle bekeer deur opnuut op die **WOORD** te vertrou Predikante moet hulle afhanklikheid bely en eerlik wees oor die feit dat hulle nie al die antwoorde het nie (Dlnr. OD). Bekeer en terugkeer na die woord en dan daarop vertrou (Dlnr. OS).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 13 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 13: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk onderdanige vertroue* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder ouderlinge






Diagram 14: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder ouderlinge gedoen is oor onderdanige vertroue by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: “How might we respond?”



7.4.4.2 Afdeling B – Status met verantwoordelikheid

Die verwerking van die data wat oor status met verantwoordelikheid ingesamel is, word in *7.4.4.2.1 B1 Predikante* (p. 484) en *7.4.4.2.2 B2 Ouderlinge* (p. 497) aangebied.

7.4.4.2.1 B1 Predikante

Die verwerking van data wat onder predikante ingesamel is, word in die volgende afdelings *aangebied*:


(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* (p. 484)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid onder predikante* (p. 487)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir gebrek aan status met verantwoordelikheid* (p. 490)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* (p. 492)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil*

Tabel 137 som op hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* in die normatiewe taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 15 (p. 487) toon hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 137: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Status met verantwoordelikheid soos God dit wil
Kode 1.1: Christus gee die status Leiers het soms vrae oor of hulle in 'n spesifieke gemeente moet wees en of hulle nie te lank daar is nie. Daardie status moet dan aanvaar word op grond daarvan dat jy as leier in daardie gemeente geplaas is deur die Here (Dlnr. W). Status word verkry deur Christus wat jou as leier op 'n bepaalde plek plaas (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** Christus gee die status Ondersteun deur kode 1.1
Die verantwoordelikheid is alleen teenoor Christus wat die status aan die leier gee (Dlnr. M). Bestaan uit 'n staat en toestand. Die leier se toestand is sonde, maar sy staat voor Christus is verloste. Vanuit daardie status kry hy die verantwoordelikheid (Dlnr. P). Jou status ontvang jy in die bepaalde werk waarvoor die Here jou roep (Dlnr. N).	**Kategorie 2:** As bediende is die status bloot 'n taak waarvoor eienaarskap gevat word Ondersteun deur kode 1.2 en 1.4
Kode 1.2 **Status is bloot 'n taak waarvoor eienaarskap gevat word** Status is die pos. Dis nie aansien nie. Verantwoordelikheid is eienaarskap vat van dit wat aan jou toevertrou is (Dlnr. B). Die verlange dat Christus in hulle gestalte moet kry (status) en daarom leef as geredde sondaar (verantwoordelikheid) (Dlnr. E). Die status maak jou nie beter as ander nie, maar is bloot daardie spesifieke taak wat jou opgelê is. Jou identiteit lê in God (Dlnr. S).	**Kategorie 3:** Die taak is dat Christus in die leier gestalte moet kry Ondersteun deur kode 1.3

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Status met verantwoordelikheid soos God dit wil
Kode 1.3: **Die taak is dat Christus in die leier gestalte moet kry** Die verlange dat Christus in hulle gestalte moet kry (status) (Dlnr. E). Almal is troepe, maar die sersant het 'n ekstra funksie, naamlik versorging en toerusting van troepe. Die predikante is niks anders as enige ander lidmaat behalwe die ekstra funksie nie (Dlnr. B). Die verantwoordelikheid is 'n soeke na die eer van God en nie my eer by God nie (Dlnr. P).	
Kode 1.4: **Hy moet bedien en nie bedien word nie.** Die een wat leier wil wees, moet ander wil dien (Dlnr. N). Dis nie 'n status wat jy toeëien op grond van amp of posisie nie (Dlnr. W). Status maak die leier 'n bediende eerder as gesagsfiguur (Dlnr. M).	

In Diagram 15 word die kategorieë wat op kodes gebaseer is, as konsepte geformuleer. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 15: Konseptualisering van die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder predikante




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan status met verantwoordelikheid onder predikante

Tabel 138 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* in die beskrywende taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 16 (p. 490) is 'n diagrammatiese voorstelling van hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 138: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is


2. Beskrywende taak:| "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan status met verantwoordelikheid onder predikante
Kode 2.1: **Begeerte na wêreldse status** Leiers streef soms daarna om goed genoeg in mense se oë te wil wees, in terme van menslike waardering van wie jy is en wat jy doen (DInr. W). In die taalgebruik van predikante kom dit soms voor of ons 'n predikantekerk is en net die predikante het	**Kategorie 1:** Daar is 'n strewe na wêreldse status Ondersteun deur kode 2.1

2. Beskrywende taak:| "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan status met verantwoordelikheid onder predikante
genoeg kennis om besluite te neem. Dan lê die leier se status in sy kennis van die Woord (Dlnr. W).	
Leiers se prentjie van kerkwees is om veilig en in die kraal te wees (Dlnr. B). Leiers staan op hulle eie eertjies en dan gaan dit oor hulleself en nie die Here nie (Dlnr. N).	**Kategorie 2:** Leiers neem nie verantwoordelikheid vir die regte dinge nie Ondersteun deur kode 2.2 en 2.4
Kode 2.2:: **Die status as taak is nie duidelik omskryf nie** Die predikant se status/rol is inhoudloos op hierdie stadium. Omdat dit nie duidelik omskryf is nie (Dlnr. B). Omdat die status nie reg omskryf is nie, vat die leiers nie verantwoordelikheid van die regte dinge nie (Dlnr. B). Leiers probeer die GKSA se bestaansreg regverdig deur gebruike of eie styl en daarin vind die GKSA sy status en verantwoordelikheid (Dlnr. M). Omdat leiers hulle taak/status/identiteit in strukture soek eerder as in Christus, hou hulle mekaar verantwoordelik aan strukture en gewoontes eerder as aan dit wat God wil (Dlnr. S).	**Kategorie 3:** Daar is nie genoeg nederigheid oor eie swakheid nie Ondersteun deur kode 2.3 
Kode 2.3: **Die eer kom Christus alleen toe** Predikante besef nie genoeg dat hulle geredde sondaars is nie (Dlnr. E). Leiers moet eenvoudig gehoorsaam wees aan Christus (Dlnr. M). Leiers soek hulle status in strukture eerder as in Christus (Dlnr. S). Daar kort 'n groter diensbaarheid (Dlnr. N).	

2. Beskrywende taak:| “What is going on?”	**Hoofkategorie:** Die tekort aan status met verantwoordelikheid onder predikante
Kode 2.4: **Die gevolge van ’n tekort** Omdat die vrug op arbeid nie altyd gesien kan word nie, kan leiers sukkel om gemotiveerd en met vertroue hulle werk te doen. Kan ook hulleself met ander wil vergelyk (Dlnr. W). Verkeerde status kan verwaandheid wek (Dlnr. W).	
Daar kan nie verwag word dat jy jou verantwoordelikheid binne ’n bepaalde struktuur moet nakom nie. Elke situasie eis sy eie unieke omstandighede en manier van doen (Dlnr. B). Die leiers se status word op die oomblik bepaal deur ’n krom en skewe tradisie (Dlnr. B). Groepsentiment bepaal soms die kerk se identiteit/verantwoordelikheid (Dlnr. M). Omdat predikante nie met respek behandel word soos twintig jaar terug nie, is daar amper ’n reaksie daarteen. *Hulle dink hulle moet veg vir hulle status* (Dlnr. P). Daar is iets van antagonisme teenoor mekaar, twee kampe, wrywing (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 16 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 16: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die beskrywende taak onder predikante




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan status met verantwoordelikheid

Tabel 139 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* in die interpreterende taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 17 (p. 492) toon aan hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 139: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid
Kode 3.1: **Die leier se eie eer word te belangrik** 'n Soeke na eie eer is die gevolg daarvan dat die leier sy status in homself soek. Hy wil baas wees in die gemeente (DInr. W). Leiers bou hulle eie koninkrykies (DInr. N). Daar is nie 'n nederige diensbaarheid om te sê, "Kom ek luister na jou nie" (DInr. N).	**Kategorie 1:** Die leier se eer word te belangrik vir hom Ondersteun deur kode 3.1
Kode 3.2: **Gebrek aan verhoudings** Leiers verstaan nie dat dit nie oor gemak, geld, politiek of wat ook al gaan nie, maar oor die persoon langs	**Kategorie 2:** Gebrek aan innige verhoudings Ondersteun deur kode 3.2 en 3.3

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid
hom. Een van die belangrikste visies is verhoudings bou met die een langs hom (Dlnr. B). Die probleem met leiers se status is dat hulle nie vertrou word nie. Die leier moet eerste bereid wees om saam met sy volgelinge deur hel te gaan. Hulle moet hom ken. Predikante skuif te vinnig. (Dlnr. B).	
Kode 3.3: **Daar is nie genoegsame fokus na buite nie** Predikante is dikwels te besig met die mense in die gemeente en te min met die wat glad nie daar is nie. Fokus na buite (Dlnr. E).	**Kategorie 3:** Wat mense wil, word belangriker as wat Christus wil Ondersteun deur kode 3.4
Kode 3.4: **Wat mense wil, word belangriker as wat Christus wil** Daar is 'n valse verantwoordelikheid wat leiers najaag omdat hulle Jesus na 'n tweede of derde plek toe plaas en die groep se belange eerste (Dlnr. M). Leiers se persoonlike verhouding met die Here is nie wat dit moet wees nie aangesien dit bepaal in hoe mate die leier sal vasgryp aan sy identiteit/status in die Here (Dlnr. S).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 17 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 17: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir gebrek aan status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die interpreterende taak onder predikante




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk status met verantwoordelikheid

Tabel 140 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* in die pragmatiese taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 18 (p. 494) is 'n voorstelling van hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11)

Tabel 140: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk status met verantwoordelikheid
Kode 4.1: **'n Diepgaande ondersoek na wat God se doel is met die gemeente waar die leier dien** Elke leier moet diep selfondersoek doen (alleen of met 'n mentor) om te vra wat is dit wat my krag gee en motiveer (Dlnr. W). Elke gemeente se konteks verskil van die ander en daarom sal elke gemeente goed moet besin hoe die Here hulle binne daardie konteks wil gebruik. Hoe kan die status (toerusting) in daardie konteks met verantwoordelikheid bedien word? (Dlnr. B). Om jou werk gehoorsaam te doen en waarlik te soek na God se wil vir jou as leier in diens van die koninkryk (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** 'n Diepgaande ondersoek na wat God se wil is in die gemeente waar die leier dien Ondersteun deur kode 4.1

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk status met verantwoordelikheid
Kode 4.2: **Leiers moet toegerus word om toe te rus** Toerustingsgeleenthede te reël (Dlnr. W). Die predikant se taak is om toe te rus, paraat te maak (Dlnr. B). Voortgesette bedieningstoerusting (Dlnr. E). Toerusting; en voortgesette onderrig (Dlnr. N).	**Kategorie 2:** Ondersoek en versterk die leier se verhouding met Christus Ondersteun deur kode 4.3 en 4.4
Kode 4.3: **Kritiese ondersoek na die leier se verhouding met Christus** 'n Persoonlike verhouding met die Here sal status met verantwoordelikhed versterk maar jou vrou of gesin sal ook vir jou eerlike terugvoer kan gee (Dlnr. W). Elke leier moet kritiese ondersoek doen om te kyk of Christus die fondament is en hoe daar meer op Christus as fondament gebou kan word, want die fondament bepaal die vorm, grootte, hoogte en karakter van die gebou (Dlnr. M). Groei in persoonlike verhouding met Christus moet gestimuleer word (Dlnr. S). 'n Persoonlike verhouding met Christus moet die hoogste begeerte wees (Dlnr. N).	**Kategorie 3:** Gee aandag aan status met verantwoordelikheid in teologiese studie en voortgesette onderrig Ondersteun deur kode 4.2 en 4.5
Kode 4.4:Mentorskapsverhoudings is nodig Mentorskap, verantwoordbaarheid teenoor kerkraad en gebed (Dlnr. E). Mentorskapsverhoudings kan daarin help omdat leiers binne so verhouding verantwoordelik gehou word (Dlnr. S). Leiers moet ook by visitasie gevra word oor die toestand van hulle verhouding met Christus (Dlnr. N).	

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk status met verantwoordelikheid
Kode 4.5 **Teologiese opleiding moet aandag aan status met verantwoordelikheid gee** Deur 'n voorbeeld van status met verantwoordelikheid sal dit aan ander ook geleer kan word (Dlnr. P). Teologiese opleiding (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 18 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 18: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder predikante






Diagram 19: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder predikante gedoen is oor status met verantwoordelikheid by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: "Why is it going on?"



Normatiewe taak: "What ought to be going on?"



Pragmatiese taak: "How might we respond?"



7.4.4.2.2 B2 Ouderlinge

Die data wat onder die ouderlinge oor status met verantwoordelikheid in gesamel is, word in die volgende afdelings aangebied:


(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* (p. 497)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* (p. 499)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* (p. 501)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* (p. 503)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie status met verantwoordelikheid soos God dit wil

Tabel 141 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* in die normatiewe taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 20 (p. 499) toon aan hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11)


Tabel 141: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Status met verantwoordelikheid soos God dit wil
Kode 1.1: **'n Dienskneggestalte** Die dienskneggestalte van Jesus moet by predikante wees. 'n Radikaal ander begrip van leierskap as in die wêreld is nodig (Dlnr. OD). Teenoorgestelde van statutêre gesag waar daar geen teenspraak of verantwoordelikheid is nie (Dlnr. OP).	**Kategorie 1:** Status is gegrond in kindskap van God en daarom gerig daarop om die beeld van Christus te vertoon Ondersteun deur kode 1.2 en 1.3
Op grond van jou roeping ontvang jy status, maar die status moet met nederigheid getemper word (Dlnr. OO). Ons is daar om die Here te dien en mekaar te dien (Dlnr. OH en Dlnr. OL).	**Kategorie 2:** Die verantwoordelikheid word nagekom met 'n dienskneggestalte Ondersteun deur kode 1.1 en 1.4

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Status met verantwoordelikheid soos God dit wil
Kode 1.2: **Die status is gegrond in kindskap van God** Die leier se status is gegrond in sy kindskap van God (Dlnr. OS).	
Kode 1.3: **Die status is daarop gerig om die beeld van Christus te vertoon** Indien hy die wil doen van God (verantwoordelik), gee dit hom status omdat hy al meer die beeld van Christus vertoon. Alles wat die leier doen, moet hy so doen om Christus die status/eer te gee. Indien Christus status kry in die leier se lewe, dan kry hy ook status omdat hy kind van God is (Dlnr. OS).	
Kode 1.4: **Die klem lê eerder op die verantwoordelikheid as op posisie** Die klem lê op die verantwoordelikheid eerder as posisie (Dlnr. OL). Status is die spesifieke amp waarin die predikant bevestig word en daarmee saam kom verantwoordelikheid (Dlnr. OR).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 20 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 20: Konseptualisering van die hoofkategorie *status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die normatiewe taak onder ouderlinge




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan status met verantwoordelikheid

Tabel 142 is 'n opsomming/samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 21 (p. 501) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 142: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder ouderlinge van die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan status met verantwoordelikheid
Kode 2.1: **Predikante word op 'n verhogie van status geplaas** Die praktyk is dat predikante op 'n sekere verhogie van status geplaas word. Die gebruik van titels is voorbeeld daarvan (Dlnr. OD).	**Kategorie 1:** Predikante word op 'n verhogie van status geplaas en sukkel daarom om te dien Ondersteun deur kode 2.1 en 2.5
Kode 2.2: **Status word aan die verkeerde goed gemeet** Leiers meet hul eie status dikwels aan die verkeerde goed (getalle, geboue ens.) (Dlnr. OS). 'n Leier wil hê dat mense hom blindelings volg en dit kan vir die leier goed lyk as mense hom	**Kategorie 2:** **Status word aan die verkeerde kriteria gemeet en daarom word die verantwoordelikheid versaak.** Ondersteun deur kode 2.2 en 2.6

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan status met verantwoordelikheid
blindelings volg, maar dit is nie die doel nie. Hy moet hulle na Christus toe lei om Hom blindelings te volg (Dlnr. OO).	
Kode 2.3: **Predikante neem al die verantwoordelikheid op hulleself** Die verantwoordelikheid word alleen op die predikant geplaas, terwyl ouderlinge en ook elke lidmaat net soveel verantwoordelikheid het (Dlnr. OD). Ouderlinge het nodig om min of meer te weet waarmee die predikant hom besig hou. REDE: Kerkrade verloor tred met wat die predikante doen. Hulle sal meer spesifieke voorbidding kan doen (Dlnr. OP).	**Kategorie 3:** Predikante neem al die verantwoordelikheid op hulleself Ondersteun deur kode 2.3
Kode 2.4: **Predikante voel bedreig wanneer daar oor sy werkslas uitgevra word** Predikante voel bedreig wanneer daar uitgevra word na sy werkslas (Dlnr. OP).	**Kategorie 4:** Predikante voel bedreig wanneer daar oor sy werkslas uitgevra word Ondersteun deur kode 2.4
Kode 2.5: **Leiers wil soms heers in plaas van dien** Party leiers is nie bereid om te dien nie; hulle wil heers (Dlnr. OH).	
Kode 2.6: **Leiers kom nie hulle verantwoordelikheid na om voor te loop nie** Leiers is nie bereid om te sê, "Ek moet voor loop nie" (Dlnr. OR).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 21 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 21: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die beskrywende taak onder ouderlinge




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid

Tabel 143 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *gebrek aan status met verantwoordelikheid* in die interpreterende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 22 (p. 502) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 143: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid
Kode 3.1: **Leiers verstaan nie hulle verantwoordelikheid reg nie** Predikante voel dat as niemand bereid is om iets te doen nie dan doen hulle dit maar in stede	**Kategorie 1:** Leiers verstaan nie hulle verantwoordelikheid reg nie Ondersteun deur kode 3.1 en 3.2

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid
daarvan om te vertrou. Hulle verstaan nie hulle verantwoordelikheid reg nie (Dlnr. OD). Kerkrade verstaan nie die lot van predikante nie en kan hulle daarom nie ondersteun in hierdie verantwoordelikheid nie (Dlnr. OP).	
Kode 3.2: **Leiers wil hulle eie koninkrykies bou** Leiers wil dat mense hulle volg om hulle eie koninkrykies te bou (Dlnr. OO).	**Kategorie 2:** Opleiding fokus nie genoeg op die student se persoonlikheid en blootstelling nie Ondersteun deur kode 3.3
Kode 3.3: **Opleiding fokus nie genoeg op die student se persoonlikheid en blootstelling nie** Leiers word nie as studente behoorlik gekeur deur ook te kyk na persoonlikheid nie (Dlnr. OH). Leiers kry nie genoeg blootstelling aan die goed in hulle opleiding nie (Dlnr. OR).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 22 voorgestel word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 22: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die interpreterende taak onder ouderlinge




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk status met verantwoordelikheid

Tabel 144 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* in die pragmatiese taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 23 (p. 504) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 144: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk status met verantwoordelikheid
Kode 4.1: **Gebed is belangrik** Gebed (Dlnr. OP). Baie kry mens maar allenig op jou knieë reg (Dlnr. OL).	**Kategorie 1:** Die voorbeeld van Christus moet deur die krag van gebed en voorbeeld uitgedra word Ondersteun deur kode 4.1 en 4.2
Kode 4.2: **Die voorbeeld van Christus moet uitgedra word** Die voorbeeld van Christus om te sterf vir ander se sonde. Dit moet al meer in die lewe van die leiers uitgedra word. Die doel moet nagestreef word om Christus se beeld te vertoon (Dlnr. OS). Voorbeeld stel en tweede myl loop (Dlnr. OL).	**Kategorie 2:** Daar kan in die teologiese opleiding aandag aan status met verantwoordelikheid gegee word Ondersteun deur kode 4.3
Kode 4.3: **Daar kan in die teologiese opleiding aandag aan status met verantwoordelikheid gegee word** Voorligting (Dlnr. OP). Die keuring van propedeutiese studente, is hulle roepingsbewus? Studies moet ook van die sosiale wetenskappe en leierskap insluit? (Dlnr. OO). Doen navorsing en kyk wat is die tipiese probleme wat jong predikante ervaar in die bediening (Dlnr. OR).	**Kategorie 3:** Definieer die predikant se taak sodat toesig ook beter kan geskied Ondersteun deur kode 4.4

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk status met verantwoordelikheid
Kode 4.4: **Definieer die leier se taak sodat toesig ook beter kan geskied** Die verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers in die kerkraad moet beter omskryf word sodat toesig oor mekaar ook beter kan geskied (Dlnr. OD). By visitasie moet gevra word oor interaktiwiteit met lidmate (Dlnr. OO). In klassisverband kan daar met mekaar gepraat word oor die frustrasies betreffende status met verantwoordelikheid (Dlnr. OR).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 23 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 23: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk status met verantwoordelikheid* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder ouderlinge






Diagram 24: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder ouderlinge gedoen is oor status met verantwoordelikheid by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: "Why is it going on?"



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: “How might we respond?”



7.4.4.3 Afdeling C – Gesag met liefde

Die resultaat van die verwerking van die data wat onder die predikante en ouderlinge oor gesag met liefde ingesamel is, word onderskeidelik in *7.4.4.2.1 B1 Predikante* (p. 501) en *7.4.4.3.2 C2 Ouderlinge* (p. 517) aangebied.

7.4.4.3.1 C1 Predikante

Die resultaat van die ondersoek onder predikante word onder die volgende opskrifte aangebied:


(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* (p. 507)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* (p. 509)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* (p. 511)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* (p. 513)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie gesag met liefde soos God dit wil

Tabel 145 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* in die normatiewe taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 25 (p. 508) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 145: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Gesag met liefde soos God dit wil
Kode 1.1: **Christus as oorsprong van die gesag** Die gesag kom van God. Hy gee die verantwoordelikheid aan die leier waarvoor die leier eienaarskap aanvaar (Dlnr. B). Dis nie jou gesag nie, jy bedien die gesag van Christus (Dlnr. E).	**Kategorie 1:** Christus is die oorsprong van gesag Ondersteun deur kode 1.1
Die gesag is nie in die leier nie, maar die leier bedien die gesag van Christus en daarom moet die liefde van Christus altyd duidelik sigbaar wees in die leier (Dlnr. M). Jy bedien die gesag van Christus. Sy woord gee gesag (Dlnr. N).	

<table>
<tr><td>1. Normatiewe taak:
“What ought to be going on?”</td><td>Hoofkategorie:
Gesag met liefde soos God dit wil</td></tr>
<tr><td>Kode 1.2:
Gesag spreek sonde aan
Dis om die sonde aan te spreek sonder om die persoon te beledig (Dlnr. W).
Gesag beteken ook om die ongeregtigheid in hierdie lewe uit te wys (Dlnr. P).
Gesag om vergaderings te lei, te vermaan binne die gemeente, in die gemeenskap, owerheid ens. (Dlnr. W).</td><td>Kategorie 2:
Gesag stel die sondaar voor die liefde van Christus
Ondersteun deur kode 1.2, 1.3 en 1.4</td></tr>
<tr><td>Kode 1.3:
Gesag plaas lidmate voor Christus
Twee dele: insig in God se standaard van normaal vir die pos en gesag is toegedeelde invloed (Dlnr. B).
Die leier moet lidmate voor die Here plaas. Die leier moet besef dat hy slaaf van Christus is en nie van mense nie (Dlnr. E).
Die leier bedien die gesagvolle woord. Hy het gesag in die mate wat hy in ooreenstemming met die Woord optree. Indien hy die Woord bedien, sal hy in liefde optree aangesien dit is wat die Woord bepaal (Dlnr. S).</td><td rowspan="2">
</td></tr>
<tr><td>Kode 1.4:
Gesag vloei uit die liefde van Christus
Gesag kan nie losgemaak word van liefde nie (Dlnr. P).
Die gesag moet in liefde bedien word. Dit mag nooit gaan oor jouself nie. Dit moet nie ’n baasspeel wees nie (Dlnr. N).</td></tr>
</table>

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 25 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 25: Konseptualisering van die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder predikante




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan gesag met liefde

Tabel 146 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 26 (p. 511) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 146: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan gesag met liefde
Kode 2.1: **Die wil van die Koning staan nie voorop nie** Leiers verstaan nie hulle gesag reg nie omdat hulle nie hulle status reg verstaan nie. Dit gaan nie vir hulle oor die Koning van konings nie. (Dlnr. B). Selfs vir die leiers is die invordering van geld soms belangriker as die mense wat die prooi word van wrede wolwe (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** Die begeerte om die wil van God te doen uit liefde, ontbreek. Ondersteun deur kode 2.1 en 2.4

Kode 2.2: **Konflik word vermy omdat leiers behep is met hulleself** Leiers kies gerieflikheidshalwe 'n pastorale funksie om die konflik te vermy (Dlnr. B). Soms is predikante te behep met hulleself en word nie gedring deur die liefde van Christus nie. Daarom kan hulle nie mense konfronteer nie (Dlnr. E).	**Kategorie 2:** Konflik word vermy omdat leiers behep is met hulleself Ondersteun deur kode 2.2
Kode 2.3: **Die gesag word op verkeerde plekke gesoek** Leiers se gesag vind dikwels nie hul oorsprong in God nie, maar in goed soos tradisie, individualisme, materialisme (Dlnr. B). Individualisme kan maak dat leiers nie deel word van die geestelike huisgesin nie, maar op 'n afstand staan en die gesag bedien. Dit gebeur veral indien die leier sy gesag as outoritêr beskou (Dlnr. M). In plaas daarvan dat die leiers se gesag gegrond is in die Woord, is dit dikwels eerder gegrond op menslike nadenke, tradisies of gewoontes (Dlnr. S). 'n Leier dink dikwels dat sy gesag in hom as persoon gesetel is en nie in sy roeping nie, terwyl die een wat werklik gesag het, net Christus is. Die leier bedien Christus se gesag (Dlnr. P).	**Kategorie 3:** Gesag word op verkeerde plekke gesoek Ondersteun deur kode 2.3 
Kode 2.4: **Liefde kort by leiers** Sinodes getuig soms van 'n bitsigheid en bakleiery onder leiers, liefde kort (Dlnr. N). 'n Vergadering is 'n tipiese voorbeeld. Leiers wat nie gesag met liefde het nie, smoor die blymoedigheid en vrymoedigheid van mense om te praat (Dlnr. W).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 26 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 26: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* soos afgelei uit die beskrywende taak onder predikante




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan gesag met liefde

Tabel 147 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* in die interpreterende taak van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 27 (p. 513) toon aan hoe daar van kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11)


Tabel 147: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan gesag met liefde
Kode 3.1: **Die leier se behoeftes word belangriker as God** Leiers draai dikwels 'n blinde oog vir die afgode van die tyd sodat hulle eie afgode onderhou kan word (Dlnr. B). Die leier is bang om mense met die waarheid te konfronteer omdat dit vir hom oor homself gaan en nie oor Christus en sy koninkryk nie (Dlnr. E). Die rede waarom daar nie gesag met liefde is nie, is omdat jy as leier baas wil wees, god wil wees (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** Die leier se behoeftes word belangriker as die eer van God Ondersteun deur kode 3.1 en 3.3

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan gesag met liefde
Daar is nie meer 'n dienende liefde waar dit nie oor die verhouding met God nie, maar oor eie eer of intellektuele sake gaan (Dlnr. N).	
Kode 3.2: **Kennis van ware Christus liefde ontbreek** Gesag met liefde kan net uitgeleef en werklik verstaan word deur die leier as hy sien hoe Christus sy gesag prysgegee het om ons in liefde te red (Dlnr. W). Ons is dalk bang dat ons gaan krap en skuur teen mekaar en daarom vermy ons die geloofsgemeenskap met die wat nie 100% saam met ons stem nie. Dit is egter hoekom die liefde die belangrikste is. Die liefde bind ons aan mekaar (Dlnr. B). Christus is dalk nie lewend teenwoordig, in die middelpunt nie. Hoe meer Christus sentraal is in die leier se lewe, hoe meer sal gesag met liefde uitgeoefen word (Dlnr. M).	**Kategorie 2:** Kennis van ware Christus-liefde ontbreek Ondersteun deur kode 3.2 
Kode 3.3: **God se eer staan nie voorop nie** God se gesag en sy liefde staan nie voorop nie, maar tradisie of menslike nadenke (Dlnr. S). Die fokus is nie die eer van God nie, maar tradisies, wette ens. (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 27 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 27: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* soos afgelei uit die interpreterende taak onder predikante




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk gesag met liefde

Tabel 148 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 28 (p. 514) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 148: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk gesag met liefde
Kode 4.1: **Fokus op God se droom, "missio Dei"** Indien God die oorsprong van ons gesag is, sal ons sy droom najaag. God soek sy kinders (Dlnr. B). Fokus moet verskuif na liefde vir God en naaste (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** Fokus op God se droom, "missio Dei" Ondersteun deur kode 4.1
Kode 4.2: **Toerusting wat inspireer en motiveer** Toerusting is nodig, maar dan nie net om kennis oor te dra nie, maar om deur voorbeeld te inspireer en motiveer. Mense moet jaloers wees op die liefde van Christus in die leier (Dlnr. M). Dat die leiers voortdurend toegerus word om antwoorde te kan gee oor die groeiende kritiese benadering tot die Skrif se gesag (Dlnr. S).	**Kategorie 2:** Toerusting wat inspireer en motiveer Ondersteun deur kode 4.2 en 4.3

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk gesag met liefde
Kode 4.3: **Leiers se verhouding met Christus moet versterk word** Geestelike groei is nodig (Dlnr. E). Dien Christus sonder bybedoelings en sonder om jouself voorop te stel (Dlnr. N). Daar moet in gebed gesmeek word vir die Heilige Gees, Hy wek liefde (Dlnr. N).	**Kategorie 3:** Mentorskapsverhoudings tussen predikante Ondersteun deur kode 4.4 en 4.3
Kode 4.4: **Mentorskapsverhoudings tussen predikante** Leer by ander leiers oor hulle verhouding met Christus (Dlnr. W). Professore moet mentorskapsverhouding met studente hê (Dlnr. W). Leiers het mentors nodig wat hulle met vrymoedigheid sal kritiseer en aanmoedig (Dlnr. E). Art 81 en 43 van die kerkorde is plekke waar die leiers moet vra dat hulle gesag in liefde beoordeel moet word (Dlnr. W). Wys afgode uit en maak paraat in die stryd daarteen. Ons het mekaar nodig (Dlnr. B).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 28 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 28: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder predikante







Diagram 29: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder predikante gedoen is oor gesag met liefde by GKSA-predikante




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: “How might we respond?”



7.4.4.3.2 C2 Ouderlinge


Die verwerking van die data wat onder die ouderlinge oor gesag met liefde ingesamel is, word onder die volgende opskrifte aangebied:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* (p. 517)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* (p. 519)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* (p. 521)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* (p. 522)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil*

Tabel 149 is ’n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 30 (p. 519) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 149: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Gesag met liefde soos God dit wil
Kode 1.1: **Die gesag van Christus word bedien** Die leier het geen gesag in homself nie. Die Woord se gesag moet ervaar word. Christus se gesag word bedien (Dlnr. OD). Gesag kom van bo (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Die gesag van Christus moet met liefde bedien word Ondersteun deur kode 1.1, 1.2 en 1.3
Kode 1.2: **Gesag moet binne 'n liefdesverhouding bedien word** Die teenstelling is militêre of dwanggesag (Dlnr. OP). Jy kan nie liefde betoon sonder om ook soms seer te kry in die proses nie. Liefde kan nooit ten koste van die Woord en sy beginsels nie, want liefde is juis die vervulling daarvan (Dlnr. OS). Om dissipline af te dwing, maar dan omdat jy jou broer liefhet. Omdat jy in 'n liefdeverhouding met jou kinders is, aanvaar hulle jou gesag (Dlnr. OL). Die ouer ontvang gesag en daarom het hy verantwoordelikheid teenoor die kind. Die gesag word in liefde toegepas (Dlnr. OO).	**Kategorie 2:** Deur gesag word daar aan die leier 'n sekere mandaat gegee Ondersteun deur kode 1.4 
Kode 1.3: **Gesag kan nie afgedwing word nie** Gesag moet verdien word en jy kan nie gesag hê as mense jou nie respekteer nie (Dlnr. OL). Wanneer jy jou gesag gebruik om mense in 'n saak in te dwing, dan gebeur dit nie in liefde nie en dit dryf die persoon tot opstand. Liefde is nodig om dit vrywillig te doen (Dlnr. OO).	

Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Gesag met liefde soos God dit wil
Kode 1.4: **Deur gesag word daar aan die leier 'n sekere mandaat gegee** Gesag is amper soos mag. Die leier het die reg om in 'n vergadering te sê, "Ek oordeel dat hierdie saak nou so hanteer moet word" (Dlnr. OR).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 30 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.


Diagram 30: Konseptualisering van die hoofkategorie *gesag met liefde soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder ouderlinge



(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan gesag met liefde


Tabel 150 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 31 (p. 520) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 150: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan gesag met liefde
Kode 2.1: **Gesag word nie bepaal deur die liefdesgebod nie maar deur middelmatige sake** Middelmatige sake bepaal die gesag in plaas van die liefdesgebod (Dlnr. OS). Predikante wat van die preekstoel af op die mense skree. Dis nie in liefde nie (Dlnr. OO). Dit gebeur soms dat die gesag in die leier setel en ons plaas dit daar (Dlnr. OD).	**Kategorie 1:** Gesag word nie deur die liefdesgebod bepaal nie maar deur middelmatige sake
Kode 2.2: **Die fokus is soms so op die regte antwoord dat die liefde ontbreek** Leiers is soms so reg met al die regte antwoorde en so "heilig" dat hulle nie saam met die sondaar in die modder kan sit en vir hom in liefde bedien nie (Dlnr. OD).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 31 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.


Diagram 31: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan gesag met liefde* soos afgelei uit die beskrywende taak onder ouderlinge



(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan gesag met liefde


Tabel 151 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 32 (p. 522) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 151: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan gesag met liefde
Kode 3.1: **Leiers probeer mense deur hul posisie tot inkeer dwing in plaas van deur persoonsmag (gesag in Christus)** Indien die leier deur sy posisionele mag (status) mense wil verander in plaas van deur sy persoonsmag (gesag in Christus) (Dlnr. OH). Daar is 'n ongeduldigheid om mense dadelik tot inkeer te dwing (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Leiers probeer mense deur hul posisie dwing tot in keer in plaas van deur persoonsmag (gesag in Christus) Ondersteun deur kode 3.1
Kode 3.2: **Leiers wys nie dat hulle ook die diepte van hul eie sonde verstaan nie** 'n Leier moet eers sy eie sonde erken en bely voor hy in liefde kan dien. So leiers is dalk in 'n mate nie hartseer/verstaan nie genoeg die diepte van hulle eie sonde nie (Dlnr. OD).	**Kategorie 2:** Leiers wys nie dat hulle ook die diepte van hul eie sonde verstaan nie Ondersteun deur kode 3.2
Kode 3.3: **Daar is nie genoeg liefde waarbinne die verskille geakkommodeer kan word nie** Die liefde akkommodeer verskille, terwyl die verskillende geloofsgemeenskappe nie op die oomblik mekaar se verskille akkommodeer nie (Dlnr. OS).	**Kategorie 3:** Daar is nie genoeg liefde wat verskille akkommodeer nie Ondersteun deur kode 3.3 

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 32 geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 32: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan gesag met liefde* soos afgelei uit die interpreterende taak onder ouderlinge




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk gesag met liefde

Tabel 152 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* in die pragmatiese taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 33 (p. 523) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 152: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk gesag met liefde
Kode 4.1: **Die leier moet al meer onder die indruk kom van God se liefde vir hom** Leiers moet meer en meer onder die indruk kom van God se liefde vir hulle. Die leier se liefde moet nie bepaal word deur die lidmaat se reaksie nie, maar dit moet bepaal word deur God se liefde vir hom (DInr. OD).	**Kategorie 1:** Die leier moet al meer onder die indruk kom van God se liefde vir hom Ondersteun deur kode 4.1

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk gesag met liefde
Kode 4.2: **Christusgesentreerde liefde moet versterk en na buite uitgedra word** Fokus daarop om liefde te versterk en veral die liefde na buite. 'n Liefde wat Christus-gesentreerd is (Dlnr. OS).	**Kategorie 2:** Christusgesentreerde liefde moet versterk **en na buite uitgedra word** Ondersteun deur kode 4.2 en 4.4
Kode 4.3: **Daar moet aandag aan gesag met liefde gegee word in teologiese opleiding en toerusting** Toerusting en bespreking (Dlnr. OH). Opleiding, mentorskap, blootstelling (Dlnr. OR).	**Kategorie 3:** Daar moet aandag aan gesag met liefde gegee word in teologiese opleiding en toerusting Ondersteun deur kode 4.3
Kode 4.4: **Leiers moet let op die voorbeeld wat hulle uitstraal** Die kultuur van 'n firma word bepaal deur sy leiers. Die voorbeeld van die predikant werk soos suurdeeg deur die gemeente (Dlnr. OL).	**Kategorie 4:** Gebedsondersteuning is nodig Ondersteun deur kode 4.5
Kode 4.5: Gebedsondersteuning is nodig Daar moet meer gemaak word van gebed in ons kerk; gebedsondersteuning (Dlnr. OO).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, word as die konsepte in Diagram 33 geformuleer. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei

Diagram 33: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk gesag met liefde* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder ouderlinge






Diagram 34: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder ouderlinge gedoen is oor gesag met liefde by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: “How might we respond?”



7.4.4.4 Afdeling D – Herderlike leiding

Die resultaat van die verwerking van die data wat onder die predikante oor herderlike leiding ingesamel is, word in *7.4.4.4.1 D1 Predikante* (p. 526) en *7.4.4.4.2 D2 Ouderlinge* (p. 538) aangebied.

7.4.4.4.1 D1 Predikante

Die resultaat van die verwerking van data wat onder predikante ingesamel is, word in die volgende afdelings aangebied:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* (p. 526)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* (p. 528)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan herderlike leiding* (p. 531)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* (p. 533)


(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie herderlike leiding soos God dit wil

Tabel 153 is ’n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is;

Diagram 35 (p. 528) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 153: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Herderlike leiding soos God dit wil
Kode 1.1: **Die Herder spreek afgode aan en rus toe** Spreek afgode aan en rus toe (Dlnr. B). Om besorg te wees oor mense se geestelike groei (Dlnr. E).	**Kategorie 1:** Spreek afgode aan en rus toe Ondersteun deur kode 1.1
Die herderbeeld word altyd gebruik in die konteks van valse profete of valse leer wat die gemeente kan indring. Dis nie om aan elke klein sakie aandag te gee wat eintlik die gemeente se verantwoordelikheid is nie, maar wel om seker te maak dat hulle met die waarheid gevoed word (Dlnr. M). Fokus moet wees om toe te rus sodat lidmate mekaar herderlik kan bedien (Dlnr. S). 'n Herder moet waarsku, versorg en voorbereid wees (Dlnr. P). 'n Herder is bereid om voor te loop en te lei na geestelike volwassenheid (groen weivelde) en is ook bereid om te waarsku teen dwaalleer (Dlnr. N).	
Kode 1.2: **'n Herder kweek innige verhoudings** Balans tussen studeerkamer en betrokkenheid by lidmate. Ingesteldheid van liefde en omgee (Dlnr. W). As herder moet die predikant die lidmate ken om te hoor wat leef in hulle harte om dit effektief in preke te kan toepas (Dlnr. M). Verhoudings bou is belangrik (Dlnr. S).	**Kategorie 2:** Kweek verhoudings met die Here en medegelowiges Ondersteun deur kode 1.2 en 1.4

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Herderlike leiding soos God dit wil
Kode 1.3: **'n Herder gee om** Iets wat jy doen uit liefde en nie om raakgesien te word nie (DInr. W). Al die gelowiges is herders wat na mekaar se behoeftes moet omsien (DInr. B). Om voor te gaan in omgee en om by mense uit te kom in nood (DInr. S). Dit bestaan uit omgee vir mekaar (DInr. P). Het die kudde se welstand in oog (DInr. N).	**Kategorie 3:** Opregte omgee vir ander Ondersteun deur kode 1.3 
Kode 1.4: **'n Innige verhouding met die Here is belangrik** Moet in gebed voor die Here staan (DInr. P). Die herder moet daarin voorgaan om voorbidding te doen (DInr. S).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 35 (p. 528) geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 35: Konseptualisering van die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder predikante




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan herderlike leiding

Tabel 154 is 'n opsomming hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram

36 (p. 530) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 154: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan herderlike leiding
Kode 2.1: **Leiers spreek nie die afgode aan nie** Omdat die materiële vir die herders ook te belangrik geword het, vorm hulle groepies óm die vet skape en die maer skape word nog meer verwaarloos (Dlnr. B). Soms gaan herderlike leiding uitsluitlik daaroor om bekende en geliefde gebruike te handhaaf en te motiveer (Dlnr. M). Leiers staan nie meer met 'n heilige toorn op vir die eer van Christus nie (Dlnr. P).	**Kategorie 1:** Die afgode word nie aangespreek nie Ondersteun deur kode 2.1
Kode 2.2: **Ons is 'n domineeskerk waar die dominees die enigste herders is** Dit moet nie daaroor gaan om dit so maklik moontlik vir die skape te maak nie. Hulle moet verantwoordelikheid vat en self herders word, offer, dien (Dlnr. B). Ons het 'n domineeskerk geword waar die dominees die enigste herders geword het (Dlnr. S).	**Kategorie 2:** Lidmate word nie toegerus om herders te wees nie Ondersteun deur kode 2.2 en 2.3
Kode 2.3: **Leiers rus lidmate nie toe om herders te wees nie** Sommige predikante grawe hulleself nooit verder in die pastorale werk in as wat hulle op Teologiese Skool geleer het nie (Dlnr. W). In groot gemeentes is dit bykans onmoontlik vir predikante om almal te besoek (Dlnr. W).	**Kategorie 3:** **Opregte bewoënheid en omgee kort** Ondersteun deur kode 2.4

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan herderlike leiding
Opleiding en gebrek aan dissipelskapstrukture in gemeentes (Dlnr. E). Hulle is daar om die gelowiges toe te rus. Hy is nie versorger, vertrooster… nie (Dlnr. B). Teologiese Skool lei akademici op en stuur hulle in plaas van pastors (Dlnr. N). Die eintlike bediening moet deur lidmate gedoen word en hulle word daarvoor toegerus deur die predikante (Dlnr. S).	
Kode 2.4: 'n Opregte bewoënheid en omgee kort soms Leiers kan soms negatief raak omdat mense in die sonde volhard (Dlnr. W). Predikante het op 'n tyd meer vir mekaar omgegee as nou (Dlnr. P). Soms ontbreek daardie opregte bewoënheid, omgee by leiers. Om saam te ly en saam sonde te bely (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 36 (p. 530) geformuleer word. Hierdie kodes is uit die onderhoude afgelei.

Diagram 36: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* soos afgelei uit die beskrywende taak onder predikante




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan herderlike leiding

Tabel 155 is samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan herderlike leiding* in die interpreterende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 37 (p. 533) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 155: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir gebrek aan herderlike leiding* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan herderlike leiding
Kode 3.1: **Die groep word gevolg eerder as die Koning** Mense stry met mekaar omdat hulle 'n groep volg eerder as die Koning en vir sy koninkryk stry (Dlnr. B). Daar is nie geestelike integriteit nie. In plaas daarvan om te fokus op Jesus se koningskap wat gevestig moet word, fokus leiers hulle tyd en energie daarop om gebruike te handhaaf en te motiveer (Dlnr. M).	**Kategorie 1:** Die groep word gevolg eerder as die Koning Ondersteun deur kode 3.1
Kode 3.2: **Leiers is bang om hulleself bloot te stel** Ons is nie bereid om met mekaar oor ons verskille te praat en selfs hewig te verskil nie. Ons bewaar eerder die vrede (Dlnr. B). Leiers is dikwels bang om hulleself bloot te stel en daarom ontbreek daardie opregte bewoënheid, omgee (Dlnr. N).	**Kategorie 2:** Leiers is bang om hulleself bloot te stel Ondersteun deur kode 3.2
Kode 3.3: **Leiers het nie 'n innige verhouding met Christus nie** Die leier kan nie herder wees indien daar nie 'n intieme persoonlike, konkrete en lewende verhouding met Jesus is nie (Dlnr. M).	**Kategorie 3:** Leiers het nie 'n innige verhouding met Christus nie Ondersteun deur kode 3.3

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan herderlike leiding
Kode 3.4: **Predikante neem lidmate se verantwoordelikhede oor** Dit gebeur maklik dat predikante eintlik die verantwoordelikheid van lidmate oorneem en daarom kom hulle nie by hul eintlike werk uit nie, naamlik woordleiding/toerusting (Dlnr. M).	**Kategorie 4:** Predikante neem lidmate se verantwoordelikhede oor Ondersteun deur kode 3.4 en 3.5
Kode 3.5: **'n Gebrek aan kleingroepe** Een van die redes waarom daar nie dissipelskapstrukture in gemeentes is nie is as gevolg van gebrek aan kleingroepe waarin mense holisties gevorm kan word (Dlnr. E).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in *Diagram 37* (p. 533) geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 37: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan herderlike leiding* soos afgelei uit die interpreterende taak onder predikante




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk herderlike leiding

Tabel 156 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* in die pragmatiese taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 38 (p. 536) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 156: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk herderlike leiding
Kode 4.1: **Herders moet standpunt inneem teen die afgode van die tyd** Die herders moet begin standpunt inneem en soos soldate weerstand bied teen die afgode van ons tyd (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** **Herders moet standpunt inneem teen die afgode van die tyd** Ondersteun deur kode 4.1

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk herderlike leiding
Kode 4.2: **Die leiers moet tyd saam met hulle Herder spandeer** Herders moet besef dat dit nie so seer gaan oor die verskil wat hulle as herders maak nie. Wat baie meer van belang is, is die tyd wat hulle saam met hulle Herder spandeer. Dit bepaal of die herder die pad saam met die Vader kan en wil stap (Dlnr. B). 'n Beter verstaan van herderlike leiding en verstaan hoe Christus herder is en gehoorsaamheid aan Hom (Dlnr. P).	**Kategorie 2:** Leiers moet tyd saam met hulle Herder spandeer Ondersteun deur kode 4.2 en 4.6
Kode 4.3: **Teologiese opleiding moet geestelike groei toets** Opleiding moet prakties en deurlopend wees (Dlnr. W). Die uitkoms van opleiding moenie akademiese uitsette wees nie, maar vrug. Het die student geestelik gegroei? (Dlnr. E). Vorm mentorskapsverhouding met studente (Dlnr. E). 'n Minder intellektuele en akademiese ingesteldheid by Teologiese Skool en eerder fokus om die verhouding met Christus te versterk. "Hulle moet hier binnekant iets anders maak teenoor jou verhouding voor die Here." (Dlnr. N) Teologiese opleiding moet daarop fokus om predikante toe te rus sodat hulle lidmate kan toerus (Dlnr. S).	**Kategorie 3:** Teologiese opleiding moet geestelike groei toets Ondersteun deur kode 4.3 en 4.5

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk herderlike leiding
Kode 4.4: **Fokus op kleingroepbediening waar lidmate mekaar bedien** Meer kleingroepe moet begin word (Dlnr. E). Kleingroepe waar lidmate mekaar bedien, versorg en verhoudings bou. Ook toerusting sodat lidmate mekaar kan bedien (Dlnr. S).	**Kategorie 4:** Fokus op kleingroepbediening waar lidmate mekaar bedien Ondersteun deur kode 4.4
Kode 4.5: **Voortgesette onderrig is nodig** Voortgesette onderrig (Dlnr. N).	
Kode 4.6: **Die momentum van die omkeerstrategie moet aangeblaas word** Die omkeerstrategie het die potensiaal om mense bymekaar te trek, te inspireer en met krag uit te stuur (Dlnr. M).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 38 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 38: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder predikante







Diagram 39: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder predikante gedoen is oor herderlike leiding by GKSA-predikante




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: "How might we respond?"



7.4.4.4.2 D2 Ouderlinge


Die resultaat van die verwerking van data wat oor herderlike leiding onder ouderlinge ingesamel is, word in die volgende afdelings aangebied:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* (p. 538)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* (p. 540)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir gebrek aan herderlike leiding* (p. 542)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* (p. 543)

***(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie** herderlike leiding soos God dit wil*


Tabel 157 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 40 (p.540) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 157: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Herderlike leiding soos God dit wil
Kode 1.1: **Om voor te loop deur voorbeeld** Pas op, hou toesig, wees toegewyd, voorbeeld (Dlnr. OD). Christus is die voorbeeld wat mense lei, versorg en dra (Dlnr. OS). Loop voor (visie, doelwitte, motiveer, bemoedig, daag uit, bid) (Dlnr. OR).	**Kategorie 1:** **Christus se voorbeeld van leiding, versorging en toewyding moet nagevolg word** Ondersteun deur kode 1.1, 1.2 en 1.3
Kode 1.2: **Om jouself op die altaar te plaas** Die leier plaas homself op die altaar vir die gemeente (Dlnr. OS). Geloofsvertroue, nederigheid, diensmotief (Dlnr. OO).	**Kategorie 2:** **Om doelgerig verhoudings te bou** Ondersteun deur kode 1.4 
Kode 1.3: Die hele pastorale gedagte Dit het baie met liefde te doen. Die hele pastorale gedagte (Dlnr. OD). Opregte omgee, simpatie, deernis vir mense (Dlnr. OH).	
Kode 1.4: **Om doelgerig verhoudings te bou** Leiers moet lidmate leer ken (Dlnr. OP). Verhoudings en vertroue is belangrike aspekte (Dlnr. OL). Interaktiwiteit/verhoudings (Dlnr. OO).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 40 (p. 540) geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 40: Konseptualisering van die hoofkategorie *herderlike leiding soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder ouderlinge




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan herderlike leiding

Tabel 158 is 'n samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 41 (p. 541) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 158: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: **"What is going on?"**	**Hoofkategorie:** **Die tekort aan herderlike leiding**
Kode 2.1: **Leiers faal self onder die afgode van ons tyd** Leiers faal self onder die afgode van ons tyd, materialisme en baie selfgesentreerd (Dlnr. OS).	**Kategorie 1:** Leiers faal self onder die afgode van ons tyd Ondersteun deur kode 2.1 en 2.3
Kode 2.2: **Predikante onderskat die waarde daarvan om lidmate te ken** Daar is predikante wat die waarde van huisbesoek en om lidmate te ken, onderskat (Dlnr. OL).	**Kategorie 2:** Predikante onderskat die waarde daarvan om lidmate te ken Ondersteun deur kode 2.2

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	Hoofkategorie: Die tekort aan herderlike leiding
Kode 2.3: Leiers wil die tempo van geestelike groei bepaal Predikante wil dikwels die tempo bepaal van geestelike groei, terwyl dit alleen die Gees se werk is (Dlnr. OD).	**Kategorie 3:** Gebedsbediening bestaan nie in die GKSA nie Ondersteun deur kode 2.4
Kode 2.4: **Gebedsbediening bestaan nie in die GKSA nie** Gebedsbediening bestaan nie in die GKSA nie (Dlnr. OD).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 41 (p. 541) geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.


Diagram 41: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan herderlike leiding* soos afgelei uit die beskrywende taak onder ouderlinge



(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan herderlike leiding


Tabel 159 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir gebrek aan herderlike leiding* in die interpreterende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 42 (p. 542) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 159: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir gebrek aan herderlike leiding* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan herderlike leiding
Kode 3.1: Teleurstellings maak dat predikante hulle onttrek Teleurstellings in mense maak soms dat predikante hulleself heeltemal onttrek van dinge of mense (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Teleurstellings maak dat predikante hulle onttrek Ondersteun deur kode 3.1 

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 42 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.


Diagram 42: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan herderlike leiding* soos afgelei uit die interpreterende taak onder ouderlinge



(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk herderlike leiding

Tabel 160 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* in die pragmatiese taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 43 (p. 544) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 160: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie: Versterk herderlike leiding**
Kode 4.1: **Mentorskapsverhoudings onder predikante moet aangemoedig word** Leiers moet meer met mekaar praat, bemoedig, vermaan (Dlnr. S). Blootstelling aan ander leiers se idees en mentorskap (Dlnr. OR).	**Kategorie 1:** Mentorskapsverhoudings onder predikante moet aangemoedig word Ondersteun deur kode 4.1
Kode 4.2: **Fokus daarop om verhoudings te bou** Verhoudings bou. Leer mense ken (Dlnr. OL). Persoonlike kontak deur huisbesoek. Afbreek van groepvorming. Kleingroepe is belangrik (Dlnr. OS).	**Kategorie 2:** Fokus daarop om verhoudings te bou Ondersteun deur kode 4.2
Kode 4.3: **Opleiding met die klem op "Case studies"** Opleiding met klem op "Case studies". Vra gemeentes om elke jaar vier voorstelle van "Case studies" na Teologiese Skool te stuur (Dlnr. OR). Die leier moet jammer kry omdat hy die wesenlike van die saak/sonde/gebrokenheid kan raaksien en dan die persoon wat dit nie raaksien nie in liefde daarheen begelei omdat hy hom innig jammer kry (Dlnr. OD).	**Kategorie 3:** Opleiding met die klem op "Case studies" Ondersteun deur kode 4.3 **Kategorie 4:** Bekering en gebed is nodig Ondersteun deur kode 4.4 
Kode 4.4: **Bekering en gebed is nodig** Omkeer/bekeer en gebed (Dlnr. OS).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 43 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 43: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk herderlike leiding* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder ouderlinge






Diagram 44: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder ouderlinge gedoen is oor herderlike leiding by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: "How might we respond?"



7.4.4.5 Afdeling E – Waarheidsbegronde regverdigheid

Die resultaat van die verwerking van die data wat oor waarheidsbegronde regverdigheid ingesamel is, word in *7.4.4.5.1 E1 Predikante* (p. 546) en *7.4.4.5.2 E2 Ouderlinge* (p. 556) aangebied.

7.4.4.5.1 E1 Predikante

Die resultaat van die ondersoek onder predikante word onder die volgende opskrifte aangebied:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* (p. 546)

(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 549)

(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 550)


(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 552)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil*

Tabel 161 is 'n opsomming/samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* in die normatiewe taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 45 (p. 548) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 161: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil
Kode 1.1: **Die Woord/Christus is die waarheid** Die waarheid is nie wat ek sê nie, maar wat die Skrif sê (Dlnr. W). Die mens het in opstand gekom teen God en God het die mense so lief dat Hy sy Seun met sy lewe laat betaal vir die mens se sonde. God het ons so lief! Dit is die waarheid (Dlnr. B). Waarheid is dit wat van God af kom (Dlnr. M). Christus moet die waarheid wees wat jy navolg en dan word die geregtigheid in hom aan jou toegereken en jy leef dit uit (Dlnr. P). Leef met Christus, die Waarheid, en jy sal ook as regverdige optree (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** Christus is die waarheid waardeur mense opgebou moet word Ondersteun deur kode 1.1 en 1.3
Kode 1.2: **Die verstaan van waarheid moet in nederigheid aan die Waarheid onderwerp word.** Jy moet nederig wees sodat dit nie oor jou gaan nie, maar daaroor om Christus te dien (Dlnr. W). Die leier se verstaan van die waarheid mag nooit belangriker word as Christus as die Waarheid nie (Dlnr. B).	**Kategorie 2:** Die verstaan van waarheid moet in nederigheid aan die Waarheid onderwerp word Ondersteun deur kode 1.2
Kode 1.3: **Regspraak met die doel om mense op te bou** Om regspraak te lewer deur die sonde te veroordeel en die volk te lei in die stryd teen die vyand/leuen (Dlnr. B). Hierdie waarheid moet verkondig word met die oog daarop om die ander persoon op te bou; dan is dit waarheidsbegronde regverdigheid (Dlnr. M).	**Kategorie 3:** Die waarheid maak dapper en gee integriteit Ondersteun deur kode 1.4 en 1.5

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil
Kode 1.4: **Die waarheid maak die leier dapper** Hierdie waarheid maak jou ook dapper om regverdig te kan wees (Dlnr. M). Verkondig die waarheid ongeag van posisie of siening van omgewing (Dlnr. S).	
Kode 1.5: **Integriteit** Eerlik (Dlnr. W). Integriteit, opreg, deursigtig (Dlnr. E). Fokus moet op die Skrif en op Christus wees. Dan volg integriteit, waarheid, eerlikheid (Dlnr. S). Dit wat jy sê en dit wat jy doen, moet ooreenstem. Wees geloofwaardig (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 45 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is


Diagram 45: Konseptualisering van die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid* soos afgelei uit die normatiewe taak onder predikante



(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid


Tabel 162 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 46 (p. 550) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 162: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Die tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 2.1: **Die verstaan van die waarheid word belangriker as die Waarheid** God is nie ons Here nie. Die leiers se verstaan van die waarheid word belangriker as God (Dlnr. B). Die waarheid word soms aangepas om aan te pas by 'n bepaalde siening/tradisie (Dlnr. S). 'n Mistieke gevoelsgodsdiens is net so gevaarlik soos 'n mistieklose verstandsgodsdiens. Die mistiek het verlore geraak. Suiwer verkondiging is soms al wat die GKSA het (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** Die verstaan van die waarheid word belangriker as die Waarheid Ondersteun deur kode 2.1 en 2.3
Kode 2.2: **Daar is veroordeling eerder as regverdigheid** Daar word van die waarheid 'n koue wet gemaak en dit veroorsaak dikwels veroordeling eerder as regverdigheid (Dlnr. M).	**Kategorie 2:** Daar is veroordeling eerder as regverdigheid Ondersteun deur kode 2.2
Kode 2.3: **'n Tekort aan integriteit** 'n Laksheid het posgevat onder leiers. Alles gaan oor die eie ek (Dlnr. P). Leiers speel vir die gehoor binne die breë kerkverband en daarom eintlik 'n gebrek aan integriteit en tekort aan waarheid wat dapper maak (Dlnr. E).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 46 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is

Diagram 46: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* soos afgelei uit die beskrywende taak onder predikante




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid

Tabel 163 is 'n opsomming/samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* in die interpreterende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 47 (p. 552) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 163: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 3.1: **Standpunte word belangriker as die Waarheid** Die fokus is op die stadium om die skape uit mekaar te hou sodat hulle nie met mekaar veg nie in plaas daarvan om te fokus op God se wil (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** Standpunte word belangriker as die Waarheid Ondersteun deur kode 3.1 en 3.4

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid
Die rede vir die gebrek aan integriteit en waarheid is kerkpolitiek of die mense met wie die leiers binne die GKSA assosieer. Daardie verhoudings/standpunte word belangriker as die waarheid (Dlnr. E). Omdat daar nie by die regte waarheid as bron gebly word nie, word daardie waarheid ook toegeëien (Dlnr. S).	
Kode 3.2: **'n Gebrek aan deurleefde sekerheid van jou identiteit in Christus** 'n Gebrek aan deurleefde sekerheid van jou identiteit in Christus veroorsaak dat jy nie in die waarheid kan staan nie en dat jy nie integriteit sal hê nie (Dlnr. E). Leiers bedrieg dikwels hulleself deur iets voor te hou wat hulle nie werklik is nie (Dlnr. P).	**Kategorie 2:** 'n Gebrek aan deurleefde sekerheid van jou identiteit in Christus Ondersteun deur kode 3.2
Kode 3.3: **'n Gebrek aan goeie verhoudings waar toegang verkry word tot mekaar se integriteit** Ons het 'n tekort aan goeie verhoudings. Leiers het nie toegang tot lidmate se integriteit nie en andersom (Dlnr. B). 'n Gebrek aan geestelike integriteit of egtheid. En egtheid het te doen met die vraag: Wat is my motief? (Dlnr. M).	**Kategorie 3:** 'n Gebrek aan goeie verhoudings waar toegang verkry word tot mekaar se integriteit Ondersteun deur kode 3.3
Kode 3.4: **Die waarheid het 'n dooie dogma geword** Leiers raak so vasgevang in die dogma dat hulle nie meer by die Here leef nie. Die waarheid het 'n dooie dogma geword (Dlnr. N).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 47 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 47: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* soos afgelei uit die interpreterende taak onder predikante




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk waarheidsbegronde regverdigheid

Tabel 164 is 'n opsomming/samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* in die pragmatiese taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 48 (p. 554) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 164: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *versterk waarheidsbegrond regverdigheid* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 4.1: **Eerlike soeke na God se wil vir sy kerk** Die kerk moet nie soos 'n passasiersboot wees nie, maar soos 'n oorlogskip. Die fokus moet na buite wees. Die vraag is nie, "Hoe kan ek bedien word nie?", maar "Hoe kan ek bedien?" (Dlnr. B) Die GKSA moet eerlik gaan sit en soek na die wil van die Here vir die kerk en hoe ons daar kan uitkom (Dlnr. N).	**Kategorie 1:** Eerlike soeke na God se wil vir sy kerk Ondersteun deur kode 4.1

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 4.2: **Toerusting in die Waarheid** Die kerk moet nie soos 'n passasiersboot wees nie maar soos 'n oorlogskip. Ons is nie daar om te sorg dat almal vermaak word nie, maar dat almal paraat is. Elkeen op die boot het 'n taak om te vervul om 'n verskil te kan maak (Dlnr. B).	**Kategorie 2:** Toerusting in die waarheid met die fokus op 'n innige verhouding met Christus Ondersteun deur kode 4.2 en 4.3
Die GKSA moet eerlik gaan kyk hoe ons dissipels kan maak (Dlnr. N). Om in apologetiek onderrig te word om leiers te begelei in die soek na waarheid (Dlnr. S).	
Kode 4.3: **'n Innige verhouding met Christus is nodig om waarheid te bekom** Die waarheid is nie 'n ding nie; dis 'n Persoon en daarom is 'n innige verhouding wesenlik (Dlnr. W). Bid deur agendas voor vergaderings begin (Dlnr. E). Gebed en diepgaande eksegese (Dlnr. N).	**Kategorie 3:** Kweek integriteit deur kritiese vrae teenoor mekaar te stel Ondersteun deur kode 4.4
Kode 4.4: **Kweek integriteit deur kritiese vrae teenoor mekaar te stel** Geestelike integriteit moet versprei word deur eerlike vrae wat die leiers hulleself moet afvra. Hulle moet eerlik oor hulle sonde en gebrokenheid wees (Dlnr. M). Gebed en meer eerlik wees deur vir mekaar te sê hoe hulle oor 'n saak worstel (Dlnr. P).	**Kategorie 4:** Bou liefdevolle verhoudings onder mekaar Ondersteun deur kode 4.5
Kode 4.5: **Bou liefdevolle verhoudings onder mekaar** Stimuleer liefde en openhartigheid op alle vlakke (Dlnr. E).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 48 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 48: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder predikante






Diagram 49: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder predikante gedoen is oor waarheidsbegronde regverdigheid by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: “How might we respond?”



7.4.4.5.2 E2 Ouderlinge


Die verwerking van die data wat onder die ouderlinge oor waarheidsbegronde regverdigheid ingesamel is, word onder die volgende opskrifte aangebied:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* (p. 556)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 558)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 559)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 561)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie* *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil


Tabel 165 is ’n opsomming/samevatting van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* in die normatiewe taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 50 (p. 558) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 165: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil
Kode 1.1: **Christus is die waarheid wat nagestreef moet word** Regverdigheid is ook 'n begrip wat in die wêreld bekend is, maar die waarheidsbegronding gee dit 'n nuwe perspektief. Net hierdie waarheid kan die leier help om regverdige oordeel te vel (Dlnr. OS). Christus is die waarheid wat nagestreef moet word (Dlnr. OH). Hy moet die waarheid aanhang, daarmee identifiseer en die waarheid moet uitgeleef word (Dlnr. OR). Die waarheid is net Christus alleen sonder enige tierlantyntjies (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Christus is die Waarheid wat nagestreef moet word Ondersteun deur kode 1.1
Kode 1.2: **Om ten koste van jouself die waarheid na te volg** Om ten koste van jouself die waarheid na te volg (Dlnr. OD). 'n Predikant moet dit nie swaar vind om te sê dat hy 'n fout gemaak het nie (Dlnr. OP).	**Kategorie 2:** Om met integriteit die waarheid na te volg Ondersteun deur kode 1.2 en 1.3 
Kode 1.3: **Om met integriteit te lei** Egtheid is baie belangrik (Dlnr. OH). Integriteit (Dlnr. OL). Konsekwentheid – almal oor dieselfde kamp geskeer (Dlnr. OO).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 50 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 50: Konseptualisering van die hoofkategorie *waarheidsbegrond regverdigheid soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder ouderlinge




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid

Tabel 166 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie t*ekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 51 (p. 559) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 166: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 2.1: **Die waarheid word in sake waaroor daar nie duidelike skrif uitspraak is nie gesoek** Predikante is soms te seker van hulle saak veral oor sake waaroor daar nie duidelike uitspraak in die Skrif is nie (Dlnr. OD). Tradisies word soms gesien as die waarheid (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Waarheid word in sake waaroor daar nie duidelike Skrifuitspraak is nie gesoek Ondersteun deur kode 2.1 **Kategorie 2:** Wil mense tevrede stel in plaas van vir God Ondersteun deur kode 2.2

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 2.2: **Wil mense tevrede stel in plaas van vir God** Wil dikwels mense tevrede stel in plaas van vir God (Dlnr. OS).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 51 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 51: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* soos afgelei uit die beskrywende taak onder ouderlinge




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid

Tabel 167 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* in die interpreterende taak onder ouderlinge van kodes na


kategorieë beweeg is; Diagram 52 (p. 561) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 167: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 3.1: **Predikante wil altyd die regte antwoord hê** Ons is dalk bang dat mense dink daar is nie iets soos waarheid nie. Daai kwesbaarheid dat jy as leier ook nie altyd die absolute waarheid ken nie. Predikante wil altyd reg wees (Dlnr. OD).	**Kategorie 1:** Predikante wil altyd die regte antwoord hê Ondersteun deur kode 3.1
Kode 3.2: **Ouderlinge is bang om predikante oor die waarheid te konfronteer** Ouderlinge is dikwels nie bereid om die predikant aan te vat oor goed wat nie reg verloop nie (Dlnr. OP).	**Kategorie 2:** Die waarheid word nie genoeg bespreek sodat leiers mekaar ook oor die gebrek daarvan kan konfronteer nie Ondersteun deur kode 3.2 en 3.3 
Kode 3.3: **Die waarheid word nie genoeg bespreek nie** Daar is nie genoeg bespreking oor die waarheid nie (Dlnr. OO).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 52 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 52: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* soos afgelei uit die interpreterende taak onder ouderlinge




(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk waarheidsbegronde regverdigheid

Tabel 168 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* in die pragmatiese taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 53 (p. 562) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 168: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 4.1: **Ouderlinge moet toegerus word om die waarheid te kan toepas** Die kerklike orde moet duideliker gedefinieer word en ouderlinge moet daarin onderrig word om dit self ook te kan toepas (Dlnr. OP).	**Kategorie 1:** Toerusting wat toerus met die waarheid en geloofsgroei kweek Ondersteun deur kode 4.1 en 4.3
Kode 4.2: **Opregte soeke na die waarheid om beginselbesluite te neem** Opregte soeke na die waarheid om op grond daarvan beginselbesluite te neem (Dlnr. OS). Integriteit, hard werk (Dlnr. OL).	**Kategorie 2:** Opregte soeke na die waarheid om beginselbesluite te neem Ondersteun deur kode 4.2

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk waarheidsbegronde regverdigheid
Kode 4.3: **Kweek geloofsgroei by predikante** Geloofsgroei en eie lewenswaardes (Dlnr. OL).	**Kategorie 3:** Verander teologiese opleiding sodat predikante vir die eerste paar jaar saam met ervare predikante bedien Ondersteun deur kode 4.4
Kode 4.4: **Verander opleiding sodat predikante vir die eerste paar jaar eers saam met er€are predikante bedien** 'n Pastorale span wat predikante in die eerste tien jaar van bediening kan versorg (Dlnr. OR). By al die beroepe werk dit so dat jy eers 'n vakleerling is voor jy kwalifiseer – hoekom nie by predikante nie? Werk in gemeente saam met ervare predikante vir 'n sekere tyd (Dlnr. OO).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 53 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 53: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk waarheidsbegronde regverdigheid* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder ouderlinge






Diagram 54: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder ouderlinge gedoen is oor waarheidsbegronde regverdigheid by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"




Interpreterende taak: "Why is it going on?"



Normatiewe taak: "What ought to be going on?"



Pragmatiese taak: "How might we respond?"



7.4.4.6 Afdeling F – Geestelike onderskeidingsvermoë

Die resultaat van die verwerking van die data wat oor geestelike onderskeidingsvermoë ingesamel is, word in *7.4.4.6.1 F1 Predikante* (p. 565) en *7.4.4.6.2 F2 Ouderlinge* (p. 575) aangebied.

7.4.4.6.1 F1 Predikante

Die resultaat van die ondersoek onder predikant word onder die volgende opskrifte saamgevat:


(a) Normatiewe taak en *die hoofkategorie geestelike onderskeidingsvermoë soos God* dit wil (p. 565)
(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 567)
(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 569)
(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 571)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil*

Tabel 169 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* in die normatiewe taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 55 (p. 567) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 169: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil
Kode 1.1: **Onderskei waarop dit werklik aankom** Onderskei waarop dit werklik aankom (Dlnr. B). Onderskei waarop dit werklik aankom (Dlnr. E). Onderskei wat is hoofsaak en wat is bysaak in die koninkryk van God (Dlnr. N). Vanuit 'n persoonlike verhouding met die Here en vashou aan die Skrif kan hy onderskei waarop dit werklik aankom (Dlnr. S).	**Kategorie 1:** Om deur die gawe van die Gees te onderskei tussen goeie en slegte vrugte Ondersteun deur kode 1.1 en 1.4

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil
Kode 1.2: **Maak die beste gebruik van elke geleentheid** Maak beste gebruik van elke geleentheid. Sien wat aangaan en volg God (Dlnr. B).	**Kategorie 2:** Maak die beste gebruik van elke geleentheid deur Christus se wil te soek Ondersteun deur kodes 1.2 en 1.3
Kode 1.3: **Eiebelang moet plek maak vir Christus se belang** Dit is wanneer die eie ek met al sy voorkeure en sentiment van die troontjie in jou lewe afklim en Christus die plek inneem wat geestelike onderskeiding begin (Dlnr. M). Om nie struikeling vir ander te wees nie. Om vergewensgesindheid te hê en om die wêreld te oorwin (Dlnr. P).	
Kode 1.4: **Dis 'n gawe van die Gees wat in staat stel om die vrug te meet** Dis 'n gawe van die Heilige Gees waarvoor gevra moet word (Dlnr. W). Meet die vrug wat jy kan sien (Dlnr. B).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 55 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 55: Konseptualisering van die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder predikante




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 170 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* in die beskrywende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 56 (p. 569) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 170: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 2.1: **Daar word gefokus op griewe en verskille in plaas van die koninkryk wat uitgebrei moet word** Agendas wat lank besig bly met goed waaroor daar nie duidelike Skrifuitsprake is nie, is 'n bewys van tekort aan geestelike onderskeiding (Dlnr. W). Ons is besig met die griewe van lidmate en nie hoe ons die koninkryk kan uitbrei nie. Leiers fokus so op die verskille met ander kerke dat daardie verdeeldheid die oorsaak daarvan is dat die kudde verwaarloos word (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** Daar word nie genoeg gefokus op die uitbreiding van die koninkryk nie Ondersteun deur kode 2.1 en 2.4

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë
Leiers raak verdwaal omdat hulle slaaf is van vorms en tradisies (Dlnr. E). Die vrug in die GKSA toon dat leiers hulleself besig hou met goed wat nie 'n groot impak maak in die koninkryk nie en soms ook irrelevant is in hul omgewing (Dlnr. S). Sake wat plaaslike kerke oor kan besluit word groot "issues" (Dlnr. N).	
Kode 2.2: 'n Gebrek aan eensgesindheid Leiers moet die geestelike onderskeidingsvermoë hê om te besef dat gebrek aan eensgesindheid ons kredietwaardigheid in gedrang bring (Dlnr. B).	**Kategorie 2:** 'n Gebrek aan eensgesindheid onder leiers Ondersteun deur kode 2.2
Kode 2.3: Predikante neem alleen verantwoordelikheid vir die versorging van die gemeente Die liggaam dra gelyke sorg. Dit is nie hoofsaaklik die dominee se werk nie (Dlnr. B).	**Kategorie 3:** Predikante neem alleen verantwoordelikheid vir die versorging van gemeentes Ondersteun deur kode 2.3
Kode 2.4: Te veel fokus op die gesag van die predikant Daar is nog bietjie van die leiers se eie gesag wat meespreek (Dlnr. M).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 56 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.


Diagram 56: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* soos afgelei uit die beskrywende taak onder predikante



(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 171 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* in die interpreterende taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 57 (p. 571) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 171: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 3.1: **Leiers is nie bereid om die slegte vrugte wat sigbaar is aan te spreek nie** Leiers maak nie erns met die vrug wat in die kerk gesien kan word nie. 'n Persoon kan nie belydenisaflê as hy al die regte antwoorde gee, maar sy lewe getuig nie daarvan dat die vrug daar is nie. Die vrug wat gesien kan word, is individualisme, onbetrokkenheid, geen toewyding… Daar is nie leiers wat bereid is om voor te loop en wat die afgode uitwys en bereid is om ook die afgode in hulle eie lewe af te breek nie (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** Leiers spreek nie die slegte vrug aan nie omdat hulle nie bereid is om hulleself te verloën nie Ondersteun deur kode 3.1 en 3.4
Kode 3.2: **Daar is nie 'n nederige soeke na geestelike onderskeidingsvermoë nie** Kan mens hieruit antwoord dat daar dalk nie genoeg van 'n nederige soek na geestelike onderskeidingsvermoë is nie? (Dlnr. W)	**Kategorie 2:** 'n Innige verhouding met Christus waarin daar in nederigheid gevra word na geestelike onderskeidingsvermoë ontbreek Ondersteun deur kode 3.2 en 3.3
Kode 3.3: **'n Innige verhouding met Christus ontbreek** Leiers kan nie fyn hoor of geestelik onderskei nie omdat hulle nie naby die Here leef nie (Dlnr. S). Fokus nie genoeg op die Bybel eerder as op Kerkorde en sinode besluite nie (Dlnr. E).	
Kode 3.4: **Leiers is nie bereid om hulleself ter wille van Christus te verloën nie** Die selfverloëning het nog nie konkreet deurgewerk in die leiers se lewe nie (Dlnr. M). Dit is 'n te groot opoffering vir leiers om soos Paulus dalk te ly vir evangelie. Daai toewyding,	

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë
entoesiasme en passie vir die evangelie is nie daar nie (Dlnr. N). 'n Tekort aan Christus-gerigtheid en deurleefde aanvaarding van die gesag van die Bybel (Dlnr. E).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 57 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.


Diagram 57: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingvermoë* soos afgelei uit die interpreterende taak onder predikante



(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 172 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* in die pragmatiese taak onder predikante van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 58 (p. 573) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 172: Samevatting van hoe daar in die *pragmatiese* taak onder predikante ten opsigte van die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 4.1: **Deur innige verhoudings moet die vrug getoets en versorg word** Die vrug moet gemeet word en om die vrug te meet, is verhoudings nodig. Die leier moet die lidmate ken en hulle moet hom ken. Leiers moet nie met die wet werk nie, maar met die vrug. Die liefde van Christus moet ons dryf om mekaar in liefde te aanvaar (Dlnr. B).	**Kategorie 1:** Binne innige verhoudings moet elkeen se vrug getoets word aan die Skrif Ondersteun deur kode 4.1 en 4.4
Kode 4.2: **Leiers moet hulleself daaraan toewy om die verlore kinders van God te soek** Die leier se liefde vir die verlore kinders van God moet oorgedra word aan die gelowiges wat hy lei. Leiers moet besef dat hulle as deel van 'n gemeente daar 'n groter verskil kan maak. Hulle moet hulleself daaraan toewy om 'n verskil te wil maak (Dlnr. B). Christus-gesentreerdheid moet die hoofbedieningsinhoud wees. Die koningskap van Christus moet 'n groter werklikheid word in die leier se lewe (Dlnr. M). Die belangrikste vraag moet wees, "Hoe dra ons die evangelie uit na buite?" (Dlnr. N)	**Kategorie 2:** Leiers moet hulle daaraan toewy om die verlore kinders van God te soek Ondersteun deur kode 4.2
Kode 4.3: **Elke vergadering moet besin oor hul doelwitte om doelgerig te bly** Al die vergaderings moet baie krities gaan kyk hoekom ons vergader en waarmee hou die vergadering hom besig (Dlnr. W). Neem op sinodale vlak visiebesluite aangesien 'n oorhoofse visie kan help om geestelike onderskeiding te versterk. Elke gemeente moet ook sy eie visie formuleer en konkrete doelwitte	**Kategorie 3:** Elke vergadering moet besin oor hul doelwitte om doelgerig te bly Ondersteun deur kode 4.3 

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk geestelike onderskeidingsvermoë
stel om daarby uit te kom (Dlnr. E). Wanneer die leiers van die kerk bymekaar is, moet hulle saam worstel oor wat werklik belangrik is in die kerk en koninkryk van God (Dlnr. S). Stel doelwitte wat God vir sy kerk het duidelik. Kry praktiese metodes om dit in kerk toe te pas. Help mekaar daarin (Dlnr. N). Daar moet voortdurend getoets word of dit waarmee ons besig is van geestelike onderskeidingsvermoë getuig en voortdurend bid daarvoor (Dlnr. W).	
Kode 4.4: **Skrifkennis moet verbreed word** Om skrifkennis te verbreed (Dlnr. P).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 58 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 58: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder predikante






Diagram 59: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder predikante gedoen is oor geestelike onderskeidingsvermoë by GKSA-predikante


Beskrywende taak: "What is going on?"



Interpreterende taak: "Why is it going on?"



Normatiewe taak: "What ought to be going on?"



Pragmatiese taak: "How might we respond?"



7.4.4.6.2 F2 Ouderlinge

Die resultaat van die verwerking van die data wat onder die ouderlinge oor geestelike onderskeidingsvermoë ingesamel is, word in die volgende afdelings saamgevat:

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* (p. 576)

(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 577)

(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 579)


(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk *geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 580)

(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil

Tabel 173 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* in die normatiewe taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 60 (p. 577) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 173: Samevatting van hoe daar in die normatiewe taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* van kodes na kategorieë beweeg is

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil
Kode 1.1: **Dis 'n fokus op geestelike groei en uitbreiding van die Koninkryk** Geestelike onderskeidingsvermoë help ook om die kaf van koring te skei en fokus absoluut op die einddoel wat geestelike groei en uitbreiding van die koninkryk is (Dlnr. OS). Om te fokus op wat belangrik is (Dlnr. OL). Geestelike onderskeiding is altyd maar geestelik van aard (Dlnr. OP). Ken prioriteite en spits toe op sake wat ewigheidswaarde het (Dlnr. OO).	**Kategorie 1:** Dis strategiese beplanning met die fokus op geestelike groei en uitbreiding van die koninkryk Ondersteun deur kode 1.1 en 1.3
Kode 1.2: **Om te onderskei waarop dit werklik aankom** Om te onderskei waarop dit werklik aankom (Dlnr. OD). Geestelike onderskeidingsvermoë is nodig anders sal predikante hulle besig hou met die onbenullighede wat net so goed deur iemand	**Kategorie 2:** Om te onderskei waarop dit werklik aankom Ondersteun deur kode 1.2

1. Normatiewe taak: "What ought to be going on?"	**Hoofkategorie:** Geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil
anders gedoen kon word (Dlnr. OH). Die basis van geestelike onderskeidingsvermoë is die Woord. Om deur te dring tot die diepte van 'n saak om te kan sê, dis eintlik waaroor dit gaan (Dlnr. OR).	
Kode 1.3: **Strategiese beplanning met die einddoel in oog** Strategiese beplanning met die einddoel in oog. En wanneer die einddoel duidelik is, moet daar gesoek word na die ideale metodes om daar uit te kom (Dlnr. OS).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 60 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 60: Konseptualisering van die hoofkategorie *geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* soos afgelei uit die normatiewe taak onder ouderlinge




(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 174 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* in die beskrywende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë


beweeg is; Diagram 61 (p. 579) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 174: Samevatting van hoe daar in die beskrywende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* van kodes na kategorieë beweeg is

2. Beskrywende taak: "What is going on?"	**Hoofkategorie:** Tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 2.1: **Daar word gekibbel oor middelmatige sake** Ons verketter mekaar te maklik (Dlnr. OP). Die gekibbel oor allerhande middelmatige goed wys dat daar nie werklike geestelike onderskeiding meer is nie (Dlnr. OS).	**Kategorie 1:** Daar word oor middelmatige sake gekibbel omdat dit beginselsake word Ondersteun deur kode 2.1 en 2.2
Kode 2.2: **Daar word van verkeerde goed beginselsake gemaak** Geestelike onderskeiding is nodig sodat predikante nie sake verabsoluteer nie soos byvoorbeeld die skepping (Dlnr. OP). Daar word beginsels gemaak van goed wat nie beginsels hoort te wees nie (Dlnr. OD).	**Kategorie 2:** Leiers hou hulleself besig met goed wat nie deel van hulle roeping is nie Ondersteun deur kode 2.3
Kode 2.3: **Leiers hou hulleself besig met goed wat nie deel van hulle roeping is nie** Leiers hou hulle dikwels besig met dinge wat nie deel is van hulle roeping nie (Dlnr. OD). Leiers word te besig gehou met die eise van die dag, dat daar nie altyd tyd is vir die dieper goed nie (Dlnr. OR).	**Kategorie 3:** Leiers skaar hulle by sekere groepe in gemeentes Ondersteun deur kode 2.4
Kode 2.4: **Leiers skaar hulle by sekere groepe in gemeentes** Soms kan leiers geneig wees om hulle meer by die rykes te skaar of met hulle te meng (Dlnr. OO).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 61 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 61: Konseptualisering van die hoofkategorie *tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* soos afgelei uit die beskrywende taak onder ouderlinge




(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 175 is 'n opsomming hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* in die interpreterende taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 62 (p. 580) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).


Tabel 175: Samevatting van hoe daar in die interpreterende taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* van kodes na kategorieë beweeg is

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 3.1: **Geestelike groei, uitbreiding van die koninkryk en navolging van Christus is nie meer die groot fokus nie** Die einddoel van geestelike diepte, uitbreiding van die koninkryk en navolging van die beeld van Christus is nie meer die groot fokus nie (DInr. OS).	**Kategorie 1:** Geestelike groei, uitbreiding van die koninkryk en navolging van Christus is nie meer die groot fokus nie Ondersteun deur kode 3.1 en 3.2

3. Interpreterende taak: "Why is it going on?"	**Hoofkategorie:** Redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 3.2: **Daar word nie genoeg aandag aan geestelike onderskeidingsvermoë gegee nie** Daar word nie genoeg aandag daaraan gegee by die vergaderings nie (DInr. OH).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 62 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.


Diagram 62: Konseptualisering van die hoofkategorie *redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* soos afgelei uit die interpreterende taak onder ouderlinge



(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk geestelike onderskeidingsvermoë

Tabel 176 is 'n opsomming van hoe daar ten opsigte van die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* in die pragmatiese taak onder ouderlinge van kodes na kategorieë beweeg is; Diagram 63 (p. 582) toon hoe daar van hierdie kategorieë tot konsepte gekom is (vgl. Saldana, 2009:9-11).

Tabel 176: Samevatting van hoe daar in die pragmatiese taak onder ouderlinge ten opsigte van die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* van kodes na kategorieë beweeg is

4. Pragmatiese taak: "How might we respond?"	**Hoofkategorie:** Versterk geestelike onderskeidingsvermoë
Kode 4.1: Toerusting van ouderlinge veral is nodig Toerusting van ouderlinge moet meer inhou as net Skriflesing en gebed. Hulle moet geleer word om die Woord reg te gebruik (Dlnr. OD). Toerusting is baie belangrik en begin by ouderlinge en diakens (Dlnr. OH). Opleiding (Dlnr. OO) Opleiding, blootstelling, mentorskap (Dlnr. OR).	**Kategorie 1: Toerusting waardeur leiers blootstelling kry aan ander opinies** Ondersteun deur kode 4.1 en 4.3
Kode 4.2: Fokus op gebed en die bestudering van die Woord Gebed, verhouding met die Here (Dlnr. OL). 'n Nuwe fokus op gebed, bestudeer van Woord, liefde, persoonlike gemeenskap met die Here, uitdra van die evangelie (Dlnr. OS). Leiers moet besig wees met die Woord om die geheimenisse te ontgin (Dlnr. OS).	**Kategorie 2: Fokus op gebed en die bestudering van die Woord** Ondersteun deur kode 4.2
Kode 4.3: Leiers moet meer blootstelling kry aan mekaar se opinies Leiers moet meer met mekaar kommunikeer en redeneer oor die Woord. Daardie blootstelling aan ander opinies is baie belangrik (Dlnr. OD). Blootstelling aan ander idees en spanwerk (Dlnr. OR). Gespreksgeleenthede (Dlnr. OO).	**Kategorie 3: 'n Duidelike visie, mikpunte en beplanning is nodig** Ondersteun deur kode 4.4 
Kode 4.4: 'n Duidelike visie, mikpunte en beplanning is nodig Visie, mikpunte en beplan (Dlnr. OL).	

Die kategorieë wat op kodes gebaseer is, kan nou as die konsepte in Diagram 63 geformuleer word. Hierdie konsepte word ondersteun deur die kodes wat uit die onderhoude afgelei is.

Diagram 63: Konseptualisering van die hoofkategorie *versterk geestelike onderskeidingsvermoë* soos afgelei uit die pragmatiese taak onder ouderlinge







Diagram 64: 'n Konseptuele raamwerk van die empiriese navorsing wat onder ouderlinge gedoen is oor geestelike onderskeidingsvermoë by GKSA-predikante




Interpreterende taak: “Why is it going on?”



Normatiewe taak: “What ought to be going on?”



Pragmatiese taak: “How might we respond?”



7.5 Samevatting

Uit die kwalitatiewe navorsing is dit ook duidelik (net soos uit die kwantitatiewe navorsing) dat daar ’n groot verskil in opinie tussen die predikante en ouderlinge is oor die afwesigheid van hierdie eienskappe by die predikante in die bediening. Die ouderlinge was telkens positiewer ingestel.

Verder is daar ook sterk ooreenkomste tussen die uitkomste van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing.

.

Hoofstuk 8

Pragmatiese taak: strategiese model en aksieplan vir die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping

8.1 Inleiding

Die laaste taak van die basiese struktuur van Osmer (2008:par. 92) se prakties-teologiese interpretasie is die pragmatiese taak. Osmer (2008:par. 178) beskryf die pragmatiese taak soos volg: “The pragmatic task focuses on strategies and actions that are undertaken to shape events toward desired goals.” Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n strategiese model te ontwerp wat riglyne of strategieë sal bied vir die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant met betrekking tot die gemeenteroeping. Al die bevindings in Hoofstuk 2 tot 7 sal in die model geïntegreer word. ’n Kort oorsig van wat in hierdie hoofstukke ondersoek is, word vervolgens gegee.

In Hoofstuk 2 is kernbegrippe afgelei uit al die Hebreeuse woorde in die Ou Testament en al die Griekse woorde in die Nuwe Testament wat in Afrikaans met “leier” vertaal is. In Hoofstuk 3 tot 5 is die normatiewe taak van Osmer (2008:par. 93) uitgevoer om te probeer vasstel hoe hierdie leierseienskappe veronderstel is om in die leier se lewe te funksioneer. Die leierskap van twee leiersfigure uit die Ou Testament, naamlik Moses en Saul, en twee uit die Nuwe Testament, naamlik Jesus en Paulus, is bestudeer. Hierdie hoofstukke was ’n poging om *beginsels* te identifiseer in antwoord op Osmer se vraag: “What ought to be going on?”

In Hoofstuk 6 is daar ’n *literatuurstudie* in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasiekunde uitgevoer om as deel van die interpreterende taak na moontlike verklarings vir die huidige situasie van leierskap onder predikante te soek.

In Hoofstuk 7 is daar aan die hand van die vier take van Osmer ’n *empiriese ondersoek* uitgevoer – eers kwantitatief en daarna kwalitatief – om vas te stel wat predikante en ouderlinge se menings oor die leierskap van Afrikaanssprekende predikante in die GKSA is. Elkeen van die ses leierseienskappe is die een na die ander met behulp van Osmer se vier take ondersoek. In die beskrywende taak (Osmer, 2008:par. 92) is daar probeer om vas te stel hoe die leierskapsituasie onder predikante tans daar uitsien. Met behulp van Osmer (2008:par. 92) se

interpreterende taak is moontlike tekortkominge of gebreke geïdentifiseer. Verder is daar *norme* uit die normatiewe taak afgelei – in aanvulling tot die Ou- en Nuwe-Testamentiese beginsels waarna hierbo verwys is. In die pragmatiese taak van die empiriese ondersoek is riglyne vir die leierskap van predikante voorgestel.

Die vraag wat volgens Osmer (2008:par. 86) die navorser se interpretasie in die pragmatiese taak moet lei, is: "How might we respond?" Osmer (2008:par. 185) wys daarop dat praktiese teologie van die ander vakwetenskappe onderskei word op grond van die interaksie en wedersydse invloed wat die vier take op mekaar het. Hy vergelyk hierdie proses met 'n spiraal wat konstant terugbeweeg na die verskillende take wat reeds uitgevoer is. Diagram 65 (p. 586) is 'n grafiese voorstelling van wat Osmer in gedagte het.




Diagram 65: 'n Voorstelling van Osmer se teorie van die interaksie en wedersydse invloed van die vier prakties-teologiese take op mekaar

In hierdie navorsing word die spiralerende proses vir elke leierseienskap wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, soos volg toegepas: Die tekortkominge wat in die beskrywend-empiriese ondersoek geïdentifiseer is (Hoofstuk 7) en die redes vir die tekortkominge wat uit die interpreterende taak in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) afgelei is, asook die moontlike verklaring wat in hulpwetenskappe nagevors is (Hoofstuk 6), sal vergelyk word met die teologiese perspektief of Bybelse beginsels wat uit die normatiewe taak in Hoofstuk 3 tot 5 na vore gekom het. Ook die norme wat uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) afgelei is, word in die onderlinge vergelyking betrek. Die riglyne wat in die pragmaties-empiriese ondersoek aanbeveel is (Hoofstuk 7), vorm die laaste komponent van die wedersyds vergelykende model.

Die volgende stap is om oor al die bevindings en afleidings oor ’n bepaalde leierseienskap na te dink of te reflekteer of te besin (vgl. Osmer, 2008:par.192) en ’n moontlike strategie en aksieplan vir die leierseienskap in ’n strategiese model voor te stel.

Wat die nadenke oor die normatiewe taak betref, moet daar in gedagte gehou word dat die normatiewe taak uit twee dele bestaan het. Eerstens is *beginsels* vir elke leierseienskap deur eksegese uit die Ou en Nuwe Testament geïdentifiseer (vgl. Hoofstuk 3 en 4; samevatting in Hoofstuk 5). In die tweede deel, wat in die empiriese ondersoek uitgevoer is, is daar *norme* vir elke leierseienskap afgelei (vgl. Hoofstuk 7). Omdat die eerste deel van die normatiewe taak in Hoofstuk 3 tot 5 en die tweede deel in Hoofstuk 7 bespreek is, word die kontinuïteit van die bespreking telkens onderbreek omdat die hoofstukke chronologies in die bespreking van elke leierseienskap hierna hanteer word. Om dit makliker te maak om die uiteensetting te volg, word *Tabel 177: Sistematiese uiteensetting van die proses om ’n strategiese model vir die leierseienskappe te ontwerp* (p. 588) aangebied om ’n geheeloorsig van Hoofstuk 8 te gee.

Tabel 177: Sistematiese uiteensetting van die proses om 'n strategiese model vir die leierseienskappe te ontwerp

Leierseienskap	Taak	Metode	PV-hoofstuk	Bevindings	Afdeling in Hoofstuk 8
Onderdanige vertroue	Normatief ("What ought to be going on?")	1. OT- en NT-eksegese	Hfst. 3 & 4; 5	Beginsels	8.2.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *onderdanige vertroue* (p. 594)
	Beskrywend-empiries ("What is going on?")	Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Moontlike gebreke/tekortkominge	8.2.2 Beskrywend-empiriese taak: bevindings oor *onderdanige vertroue* (p. 597)
	Interpreterend ("Why is it going on?")				8.2.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue* (p. 599)
		1. Literatuurstudie in hulpwetenskappe	Hfst. 6	Verklaring van gebreke/tekortkominge	8.2.3.1 Afleidings oor *onderdanige vertroue* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe (p. 599)
		2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Redes vir gebreke/ tekortkominge	8.2.3.2 Resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *onderdanige vertroue* (p. 602)
	Normatief ("What ought to be going on?")	2] Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Norme	8.2.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue* (p. 602)
	Pragmaties ("How might we respond?")	1. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	1. Strategiese riglyne	8.2.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue* (p. 603)
		2. Ontwerp van model	Hfst. 8	2. Strategiese model	8.2.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *onderdanige vertroue* te versterk (p. 606)

Leierseienskap	Taak	Metode	PV-hoofstuk	Bevindings	Afdeling in Hoofstuk 8
Status met verantwoordelikheid	Normatief (“What ought to be going on?”)	1. OT- en NT-eksegese	Hfst. 3 & 4; 5	Beginsels	8.3.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *status met verantwoordelikheid* (p. 608)
	Beskrywend-empiries (“What is going on?”)	Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Tekortkominge/Gebreke	8.3.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid* (p. 610)
	Interpreterend (“Why is it going on?”)				8.3.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid* (p. 612)
		1. Literatuurstudie in hulpwetenskappe	Hfst. 6	Verklaring van tekortkominge/gebreke	8.3.3.1 Afleidings *oor status* met verantwoordelikheid uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe (p. 613)
		2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Redes vir tekortkominge/gebreke	8.3.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid* (p. 614)
	Normatief (“What ought to be going on?”)	2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Norme	8.3.4 Normatiewe taak: norme afgelei uit die empiriese navorsing *oor status met verantwoordelikheid* (p.616)
	Pragmaties (“How might we respond?”)	1. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	1. Strategiese riglyne	8.3.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid* (p. 617)
		2. Ontwerp van strategiese model	Hfst. 8	2. Strategiese model	8.3.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *status met verantwoordelikheid* te versterk (p. 620)

Leierseienskap	Taak	Metode	PV-hoofstuk	Bevindings	Afdeling in Hoofstuk 8
Gesag met liefde	Normatief (“What ought to be going on?”)	1. OT- en NT-eksegese	Hfst. 3 & 4; 5	Beginsels	8.4.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *gesag met liefde* (p. 623)
	Beskrywend-empiries (“What is going on?”)	Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Tekortkominge/Gebreke	8.4.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde* (p. 625)
	Interpreterend (“Why is it going on?”)				8.4.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde* (p. 627)
		1. Literatuurstudie in hulpwetenskappe	Hfst. 6	Verklaring van tekortkominge/gebreke	8.4.3.1 Afleidings oor *gesag met liefde* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe (p. 627)
		2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Redes vir tekortkominge/gebreke	8.4.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde* (p. 627)
	Normatief (“What ought to be going on?”)	2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Norme	8.4.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde* (p. 629)
	Pragmaties (“How might we respond?”)	1. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	1. Strategiese riglyne	8.4.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde* (p. 631)
		2. Ontwerp van model	Hfst. 8	2. Strategiese model	8.4.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *gesag met liefde* te versterk (p. 634)

Leierseienskap	Taak	Metode	PV-hoofstuk	Bevindings	Afdeling in Hoofstuk 8
Herderlike leiding	Normatief (“What ought to be going on?”)	1. OT- en NT-eksegese	Hfst. 3 & 4; 5	Beginsels	8.5.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *herderlike* leiding (p. 636)
	Beskrywend (“What is going on?”)	Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Tekortkominge/Gebreke	8.5.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding* (p. 638)
	Interpreterend (“Why is it going on?”)				8.5.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *herderlike leiding* (p. 640)
		1. Literatuurstudie in hulpwetenskappe	Hfst. 6	Verklaring van tekortkominge/gebreke	8.5.3.1 Afleidings oor *herderlike leiding* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe (p. 640)
		2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Redes vir tekortkominge/gebreke	8.5.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *herderlike leiding* (p. 642)
	Normatief ((“What ought to be going on?”)	2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Norme	8.5.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding* (p. 644)
	Pragmaties ((“How might we respond?”)	1. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Strategiese riglyne	8.5.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding* (p. 646)
		2. Ontwerp van model	Hfst. 8	Strategiese model	8.5.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *herderlike leiding* te versterk (p. 649)

Leierseienskap	Taak	Metode	PV-hoofstuk	Bevindings	Afdeling in Hoofstuk 8
Waarheidsbegronde regverdigheid	Normatief (“What ought to be going on?”)	1. OT- en NT-eksegese	Hfst. 3 & 4; 5	Beginsels	8.6.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 652)
	Beskrywend (“What is going on?”)	Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Tekortkominge/Gebreke	8.6.2 Beskrywend-empiriese taak: bevindings oor *waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 654)
	Interpreterend (“Why is it going on?”)				8.6.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 655)
		1. Literatuurstudie in hulpwetenskappe	Hfst. 6	Verklaring van tekortkominge/gebreke	8.6.3.1 Afleidings oor *waarheidsbegronde regverdigheid* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe (p. 656)
		2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Redes vir tekortkominge/gebreke	8.6.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 656)
	Normatief (“What ought to be going on?”)	2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Norme	8.6.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 658)
	Pragmaties (“How might we respond?”)	1. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Strategiese riglyne	8.6.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 660)
		2. Ontwerp van model	Hfst. 8	Strategiese model	8.6.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *waarheidsbegronde regverdigheid* te versterk (p. 663)

Leierseienskap	Taak	Metode	PV-hoofstuk	Bevindings	Afdeling in Hoofstuk 8
Geestelike onderskeidingsvermoë	Normatief (“What ought to be going on?”)	1. OT- en NT-eksegese	Hfst. 3 & 4; 5	Beginsels	8.7.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 665)
	Beskrywend (“What is going on?”)	Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Tekortkominge/Gebreke	8.7.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *geestelike onderskeidingsvermoë* (p.668)
	Interpreterend (“Why is it going on?”)				8.7.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 670)
		1. Literatuurstudie in hulpwetenskappe	Hfst. 6	Verklaring van tekortkominge/gebreke	8.7.3.1 Afleidings oor *geestelike onderskeidingsvermoë* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe (p. 670)
		2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Redes vir tekortkominge/gebreke	8.7.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 671)
	Normatief (“What ought to be going on?”)	2. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Norme	8.7.4 Normatiewe taak: bevindings van die empiriese navorsing oor *geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 673)
	Pragmaties (“How might we respond?”)	1. Empiriese ondersoek, kwantitatief en kwalitatief	Hfst. 7	Strategiese riglyne	8.7.5 Pragmatiese taak: bevindings uit die *pragmatiese taak* in die empiriese ondersoek oor *geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 675)
		2. Ontwerp van model	Hfst. 8	Strategiese model	8.7.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *geestelike onderskeidingsvermoë* te versterk (p. 678)

8.2 Onderdanige vertroue

8.2.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *onderdanige vertroue*

Die normatiewe taak ten opsigte van *onderdanige vertroue* het uit twee dele bestaan. Eerstens is beginsels vir die leierseienskap in die Ou en Nuwe Testament geïdentifiseer en op die leierskap van die predikant toegepas (Hoofstuk 3 en 4; samevatting en grondbeginsel in Hoofstuk 5). Tweedens is norme vir die leierseienskap afgelei uit die normatiewe taak van die empiriese ondersoek (vgl. Hoofstuk 7). Die Bybelse beginsels en die toepassing daarvan word in die twee onderafdelings direk hierna ter wille van 'n oorsig herhaal, maar die norme wat uit die empiriese ondersoek afgelei is, kom later aan die beurt.[259]

Soos hierbo aangedui is, sal die Ou- en Nuwe-Testamentiese beginsels en die toepassing daarvan in hierdie afdeling in vier opeenvolgende onderafdelings (8.2.2-8.2.5) onderskeidelik met die afleidings uit die literatuurondersoek en die vier verskillende take in die empiriese navorsing vergelyk word. Ten slotte sal die Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan geïntegreer word met die afleidings in die empiriese ondersoek om 'n strategiese model vir die leierseienskap voor te stel.[260]

8.2.1.1 Beginsels uit die Ou Testament[261]

- Die leier moet die nodige eerbied en respek vir God hê deur hom in nederigheid aan God se wil te onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou.
- Die leier moet met geloofsvertroue aan die beloftes wat God in sy woord maak, vashou met die wete dat God se tyd nie noodwendig sy tyd is nie.
- Die leier moet God se Woord bestudeer om Hom te leer ken aangesien die leier se geloof nie groter kan wees as sy begrip van God as die objek van sy geloof nie.
- Die leier moet weet dat wanneer almal rondom hom paniekerig is, hy in gebed na God toe moet gaan om hulp te vra.

---

[259] Kyk *8.2.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor onderdanige vertroue* (p. 602).
[260] Kyk *Diagram 71: Strategiese model om onderdanige vertroue te versterk* (p. 607).
[261] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.1 Onderdanige vertroue* (p. 198).

Praktiese toepassing van Ou-Testamentiese beginsels vir onderdanige vertroue

- Die leier moet besef dat hy met elke oorwinning die eer steeds aan God moet gee omdat Hy die krag en energie gegee het om die oorwinning moontlik te maak.
- Ten opsigte van die goedgesindheid van mense moet die leier besef dat hy steeds eerder op God moet vertrou as om te probeer om mense tevrede te stel en in die proses God te verloën.
- Indien die leier nie gewillig is dat God hom lei nie, is hy ook nie waardig om ander te lei nie, omdat hy sy eie god geword het.
- Die leier moet weet dat wanneer almal rondom hom paniekerig is, hy in gebed na God toe moet gaan om hulp te vra.
- 'n Leier het nie nodig om op enigiemand jaloers te wees nie omdat hy op God vertrou wat aan hom alles sal voorsien wat hy nodig het om sy roeping suksesvol uit te voer. Sy verhouding met Christus is vir hom daarom belangriker as sy besittings, roem of sukses.

8.2.1.2 Beginsels uit die Nuwe Testament [262]

- Met onderdanige vertroue moet die leier volkome op Christus se verlossingswerk vertrou. Slegs deur die werk wat Christus gedoen het, kan die leier vryspraak ontvang.
- Die leier moet ook besef dat dit alleen deur die kragtige werk van die Heilige Gees is dat mense se harte vir die waarheid ontvanklik gemaak kan word. In sy werksomstandighede is dit daarom belangrik dat die leier onderdanig op God se krag moet vertrou.
- Onderdanige vertroue behels ook dat die leier hom in slegte omstandighede aan God se wil moet onderwerp en daarom moet hy ook vertrou dat geen omstandighede vir die Almagtige 'n hindernis is nie.
- Ten opsigte van die toekoms, wat vir die leier onduidelik en selfs donker kan lyk, is onderdanige vertroue nodig omdat dit alleen God is wat die begin en einde van die mens se bestaan bepaal.

Praktiese toepassing van Nuwe-Testamentiese beginsels vir onderdanige vertroue

Die leier moet God onderdanig vertrou vir sy verlossing, die sukses in sy werk, die omstandighede waarin hy sy werk verrig en sy toekoms. Sy hele lewe moet daarom in onderdanige vertroue gelei word.

---

[262] Kyk *4.6.1 Onderdanige vertroue (*p. 300).

Samevatting: Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan[263]

Die leier moet hom in onderdanige nederigheid aan God se wil onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou en só vertroue by ander kan skep. Die grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan word in Diagram 66 (p. 596) as die eerste komponent van 'n strategiese model vir onderdanige vertroue in tabelvorm aangebied.

Diagram 66: Toepassing van die Bybelse grondbeginsel vir *onderdanige vertroue*[264]

Normatiewe taak
Die leier moet hom in onderdanige nederigheid aan God se wil onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou en só vertroue by ander kan skep.
Praktiese toepassing: • Die leier moet besef dat hy met elke oorwinning die eer steeds aan God moet gee omdat Hy die krag en energie gegee het om die oorwinning moontlik te maak. • Ten opsigte van die goedgesindheid van mense moet die leier besef dat hy steeds eerder op God moet vertrou as om te probeer om mense tevrede te stel en in die proses God te verloën. • Indien die leier nie gewillig is dat God hom lei nie, is hy ook nie waardig om ander te lei nie, omdat hy sy eie god geword het. • 'n Leier het nie nodig om op enigiemand jaloers te wees nie omdat hy op God vertrou, wat aan hom alles sal voorsien wat hy nodig het om sy roeping suksesvol uit te voer. Sy verhouding met Christus is vir hom daarom belangriker as sy besittings, roem of sukses.

[263] Vgl. *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in die gemeente se roeping – *Onderdanige vertroue* (p. 311).
[264] Omdat hierdie tabel hierna na 'n diagram uitgebrei word, word die benaming "Diagram" reeds hier gebruik.

8.2.2 Beskrywend-empiriese taak: bevindings oor *onderdanige vertroue*

Met die oog daarop om Osmer se vraag "What is going on?" oor *onderdanige vertroue* te beantwoord, word die resultate van die beskrywende taak in die kwalitatiewe en die kwantitatiewe studie in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) ter wille van 'n oorsig hier herhaal.

8.2.2.1 Kwantitatiewe studie[265]

Dit is duidelik uit die kwantitatiewe studie dat die predikante aansienlik negatiewer as die ouderlinge oor onderdanige vertroue by predikante voel.

Respondente was van mening dat dit vir predikante moeilik is om hulle onder ander se gesag te stel en dat predikante nie gemaklik daarmee sal wees om hulle aan 'n kerkraadsbesluit te onderwerp waarmee hulle nie saamstem nie, al is dit 'n saak wat deur die Sinode aanbeveel word.

8.2.2.2 Kwalitatiewe studie[266]

Predikante het die volgende sake genoem in antwoord op die vraag: "What is going on?"

- Predikante onderwerp hulle aan verkeerde kriteria.
- Daar is statusbewustheid by predikante.
- Persoonlike oortuigings word afgedwing en daarmee word ruimte vir verskeidenheid ingeperk.

Volgens die ouderlinge is die volgende sake belangrik in 'n poging om die vraag "What is going on?" te beantwoord:

- Predikante vertrou nie op Christus alleen nie.
- Predikante sukkel om vergaderings so te lei dat kerkrade 'n selfstandige besluit kan neem.
- Predikante doen wat volgens hulle eie standpunt reg is.

Samevatting: Bevindings van die beskrywend-empiriese taak oor onderdanige vertroue

Volgens die data wat ingesamel is, kan die volgende belangrike sake die onderdanige vertroue van predikante bedreig:

---


[265] Kyk *7.3.3.1 Afdeling A: Onderdanige vertroue, 7.3.3.1.1 Die vraag: "What is going on?"* (p. 372).

[266] Kyk *7.4.4.1 Afdeling A – Onderdanige vertroue, 7.4.4.1.1 A1 Predikante*, *(b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan onderdanige vertroue onder predikante* (p. 462) en *7.4.4.1.2 A2 Ouderlinge, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan onderdanige vertroue* (p. 476).

- Dit is moeilik vir predikante om hulle onder ander se gesag te stel.
- Statusbewustheid het 'n negatiewe uitwerking.
- Persoonlike oortuigings word afgedwing en daarmee word die ruimte vir verskeidenheid ingeperk.

Diagram 67 (p. 598) toon hoe die Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die tekortkominge wat uit die beskrywend-empiriese taak afgelei is.

Diagram 67: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *onderdanige vertroue* en die tekortkominge wat ten opsigte van hierdie leierseienskap uit die beskrywend-empiriese taak afgelei is



8.2.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue*

Die interpreterende taak het soos die normatiewe taak uit twee dele bestaan. Eerstens is dit aan die hand van 'n literatuurstudie in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasie uitgevoer (Hoofstuk 6) en tweedens is dit in die empiriese ondersoek gebruik (Hoofstuk 7). Met die onderliggende vraag van die taak, naamlik "Why is it going on?", is baie bruikbare inligting verkry op die vraag waarom die leierseienskap *onderdanige vertroue* onder predikante die tekortkominge toon wat uit die vorige afdeling geblyk het.

8.2.3.1 Afleidings oor *onderdanige vertroue* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

Die hulpwetenskappe het getoon[267] dat dit vir die onderdanige leier belangrik is om die transformasionele leierskapstyl na te streef omdat die volgende doelwitte met hierdie styl bereik kan word:

- Met die transformasionele leierskapstyl word die proaktiewe gedrag van die navolgers bevorder, wat daartoe lei dat die volgelinge gewilliger is om uit eie inisiatief planne te maak om die doelwitte te bereik.
- Die transformasionele leier is ook bereid om sy persoonlike oortuigings te kruisig omdat hy die volgelinge ruimte wil gee om hulle eie idees te implementeer. Hy maak daarom nie op sy eie prestasies, status of intellek staat nie.
- Een van die belangrikste eienskappe wat die leier moet hê, is die nodige bevoegdheid om sy werk te kan doen.

Samevatting: Interpreterende taak in hulpwetenskappe rakende onderdanige vertroue

Dit is belangrik dat die leier die volgende eienskappe het:

- Hy moet die transformasionele leierskapstyl aanleer om proaktiewe gedrag te bevorder om volgelinge ruimte te gee om hul eie idees te implementeer.
- Die leier moet bevoeg wees om sy taak te verrig.

[267] Kyk *6.7 Afleidings uit die hulpwetenskappe en die ses leierskapsbegrippe, Onderdanige vertroue* (p. 354).

8.2.3.2 Resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *onderdanige vertroue*

8.2.3.2.1 Kwantitatiewe studie[268]

Die meerderheid respondente het gemeen dat 'n gebrek aan toewyding aan die Here die oorsaak is vir die gebrek aan onderdanige vertroue by predikante.

8.2.3.2.2 Kwalitatiewe studie[269]

Die predikante het die volgende redes genoem waarom predikante sukkel om onderdanige leierskap te toon:

- Christus word nie as enigste Hoof vertrou nie.
- 'n Innige verhouding met Christus, wat diensbaarheid meebring, ontbreek.
- Daar is nie 'n gemeenskaplike fokus op die "missio Dei" nie.

Die ouderlinge het die volgende redes genoem waarom leiers sukkel om onderdanig te vertrou:

- 'n Innige verhouding met die Here ontbreek
- Eie idees word belangriker as die soeke na die wil van die Here.
- Daar is nie 'n gesonde struktuur waarlangs leiers hulle kan opwerk nie. (Hulle word direk na hul studies op die hoogste vlak van leierskap geplaas.)

Samevatting: Interpreterende taak in die empiriese studie oor onderdanige vertroue

Die resultate in die empiriese studie kan soos volg saamgevat word:

- 'n Innige verhouding met Christus, wat diensbaarheid meebring, ontbreek.
- Christus word nie as enigste hoof vertrou nie en daarom word eie idees te belangrik.
- Daar is nie 'n gemeenskaplike fokus op "missio Dei" nie.

Samevatting: Interpreterende taak in die hulpwetenskappe en die empiriese navorsing oor onderdanige vertroue

Die volgende redes kan genoem word vir die gebrek aan onderdanige vertroue by predikante:

---


[268] Kyk *7.3.3.1 Afdeling A: Onderdanige vertroue, 7.3.3.1.2 Die vraag: "Why is it going on?"* (p. 379).

[269] Kyk *7.4.4.1 Afdeling A – Onderdanige vertroue, 7.4.4.1.1 A1 Predikante, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan onderdanige vertroue* (p. 467) en *7.4.4.1.2 A2 Ouderlinge*, (c) *Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan onderdanige vertroue* (p. 478).

- Daar word nie van 'n transformasionele leierskapstyl gebruik gemaak nie maar van 'n direktiewe leierskapstyl, waarin persoonlike oortuigings op die navolgers afgedwing word.
- Christus word nie as die enigste Hoof vertrou nie.
- 'n Innige verhouding met Christus, wat diensbaarheid meebring, ontbreek

Diagram 68 (p. 601) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die redes vir die tekortkominge ten opsigte van die leierseienskap.

Diagram 68: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *onderdanige vertroue* en die redes vir die tekortkominge van hierdie leierseienskap wat uit die interpreterende taak in literatuurondersoek in die hulpwetenskappe en in die empiriese ondersoek afgelei is



8.2.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue*

Norme vir onderdanige vertroue is uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue* afgelei (Hoofstuk 7).

8.2.4.1 Kwantitatiewe studie[270]

Respondente wat aan die kwantitatiewe studie deelgeneem het, het gemeen dat predikante 'n innige verhouding met Christus moet hê en daarom in toewyding aan die Here moet leef.

8.2.4.2 Kwalitatiewe studie[271]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende menings gehuldig:

- 'n Vaste vertroue in Christus word gewek indien Hy as koning erken word.
- Die leier moet klein word voor Christus se heerskappy.
- God moet die bron van die leier se sekuriteit wees.

Die ouderlinge wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende menings uitgespreek:

- Die leier moet onderdanig aan die Woord wees.
- Die leier moet sy verantwoordelikheid nakom en Christus vertrou.
- Die leier moet saam met die ouderlinge na die wil van die Here soek.

Samevatting: Norme afgelei uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor onderdanige vertroue

Daar moet gestreef word na 'n innige verhouding met Christus waarin die leier hom aan Christus as die koning van sy lewe onderwerp en sy lewe aan Hom toewy deur na sy wil te soek.


Diagram 69 (p. 603) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met norme wat uit die empiriese ondersoek afgelei is.

---

[270] Kyk die laaste ry in *Tabel 37: Samevatting van die navorsingsresultate van die empiriese ondersoek na onderdanige vertroue onder predikante* (p. 384).

[271] Kyk *7.4.4.1 Afdeling A – Onderdanige vertroue, 7.4.4.1.1 A1 Predikante, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie onderdanige vertroue soos God dit wil* (p. 463) en *7.4.4.1.2 A2 Ouderlinge, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie onderdanige vertroue soos God dit wil* (p. 474).

Diagram 69: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *onderdanige vertroue* en die norme wat vir hierdie leierseienskap uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.2.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *onderdanige vertroue*

In die pragmatiese taak in die empiriese studie (Hoofstuk 7) is daar bruikbare riglyne vir *onderdanige vertroue* verkry in die soeke na antwoorde op Osmer se vraag: "How might we respond?"

8.2.5.1 Kwantitatiewe studie[272]

Daar is aanbeveel dat daar aan die volgende riglyne aandag gegee word om *onderdanige vertroue* te versterk:

- 'n Innige verhouding met die Here moet nagestreef word.
- 'n Toegewyde gebedslewe is nodig.
- Daar moet meer op Christus gefokus word.
- Mentorskapsverhoudings moet nagestreef en aangemoedig word.
- Toerusting moet voorsien word.
- Voorbidding in die verband is nodig.

8.2.5.2 Kwalitatiewe studie[273]

Die predikante het die volgende voorstelle in die onderhoude gemaak:

- Daar moet van die begin van die studiejare af reeds 'n innige verhouding met Christus deur predikante nagestreef word.
- Predikante se fokus moet na buite gerig wees en daarom moet daar in die toerusting beklemtoon word dat daar aan die nood in die wêreld aandag gegee moet word.
- Predikante moet by mentorskapsverhoudings betrokke raak.

Die riglyne wat uit die onderhoude met die ouderlinge afgelei is, is die volgende:

- Die leier moet 'n innige verhouding met Christus nastreef.
- Mentorskapsverhoudings wat leiers tot bekering roep, is nodig.
- Toerusting wat leiers aan ander se idees blootstel, moet aangebied word.

Samevatting: Riglyne vir onderdanige vertroue wat uit die pragmatiese taak in die empiriese navorsing afgelei is

Die riglyne wat uit die empiriese studie afgelei is, kan soos volg saamgevat word:

- 'n Innige verhouding met Christus, wat deur 'n onderdanige fokus op Christus en 'n gebedslewe gekenmerk word, moet nagestreef word.
- Mentorskapsverhoudings waarin leiers die vrymoedigheid het om mekaar tot bekering te roep, moet aangemoedig word.

---


[272] Kyk *7.3.3.1 Afdeling A: Onderdanige vertroue, 7.3.3.1.3 Die vraag: "How might we respond?"* (p. 380).

[273] Kyk *7.4.4.1 Afdeling A – Onderdanige vertroue,* 7.4.4.1.1 A1 Predikante*, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk onderdanige vertroue* (p. 469) en *7.4.4.1.2 A2 Ouderlinge, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk onderdanige vertroue* (p. 480).

- Toerusting moet aangebied word wat daarop konsentreer om aan die nood in die wêreld aandag te gee en wat die geleentheid bied om aan ander leiers se idees blootgestel te word.

Diagram 70 (p. 605) toon aan hoe bogenoemde riglyne in wisselwerking moet tree met die Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan.

Diagram 70: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *onderdanige vertroue* en die riglyne wat vir hierdie leierseienskap uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.2.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *onderdanige vertroue* te versterk

In hierdie afdeling word aangetoon hoe daar uit die grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die bevindings in die verskillende take 'n strategiese model ontwerp kan word om onderdanige vertroue te versterk.

Uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing het dit duidelik geword dat die volgende doelwitte vir onderdanige vertroue bereik moet word:

- Die leier moet hom nederig aan Christus onderwerp.
- God moet eerder innig vertrou word as dat daar op mense gesteun word.

Die beskrywende taak het aangetoon dat leiers dit moeilik vind om onder ander se gesag te dien en dat daar 'n statusbewustheid by leiers is. In aansluiting hierby is daar ook in die interpreterende taak bevind dat Christus nie as die enigste Hoof vertrou word nie en dat 'n innige verhouding met Christus, wat 'n mens tot diensbaarheid bring, ontbreek.

Strategies sal hierdie probleem goed deur die leier hanteer kan word deur sy leierskap aan die volgende norm, wat uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is, te meet :

- 'n Innige verhouding met Christus, wat deur 'n onderdanige fokus op Christus en 'n intieme gebedslewe gekenmerk word, moet nagestreef word.

Verder is daar ook in die beskrywende taak aangedui dat persoonlike oortuigings soms op ander afgedwing word. 'n Moontlike rede hiervoor is in die interpreterende taak geïdentifiseer, naamlik 'n tekort aan transformerende leierskap wat proaktiewe gedrag bevorder. In die pragmatiese taak is die strategie voorgestel dat leiers toegerus moet word om aan die nood in die wêreld aandag te gee en geleenthede te skep waar leiers aan ander leiers se idees blootgestel kan word.

Die voorsiening van toerusting en die blootstelling aan ander idees is twee riglyne wat uit die empiriese studie na vore gekom het en wat strategies aangewend kan word om die gebrek aan onderdanige vertroue te herstel. 'n Strategie om onderdanige vertroue te versterk, kan soos volg geformuleer word:

- Leiers moet toerusting ontvang in transformerende leierskap, wat daarop toegespits is om proaktiewe gedrag te bevorder, en hulle moet die geleentheid gebied word om aan ander leiers se idees blootgestel te word.

Diagram 71: Strategiese model om *onderdanige vertroue* te versterk




Diagram 71 (p. 607) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir onderdanige vertroue en die toepassing daarvan met die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge, die norme en die riglyne ten opsigte van die leierseienskap in 'n strategiese model geïntegreer kan word

8.3 Status met verantwoordelikheid

Die kernafleidings van hierdie navorsing oor die leierseienskap *status met verantwoordelikheid* word vervolgens verwerk en volgens die patroon wat met onderdanige vertroue gevolg is, in 'n strategiese model saamgevat.

8.3.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *status met verantwoordelikheid*

In antwoord op Osmer se vraag "What ought to be going on?" is daar eerstens[274] beginsels vir *status met verantwoordelikheid* uit die Ou en Nuwe Testament afgelei en op die leierskap van die predikant toegepas (Hoofstuk 3 en 4; samevatting en grondbeginsel in Hoofstuk 5). Hierdie beginsels word vervolgens in twee onderafdelings herhaal en daarna in vier opeenvolgende afdelings (8.3.2-8.3.5) vergelyk met die afleidings uit die vier take van Osmer. Die bespreking van die leierseienskap word afgesluit met 'n voorstel vir 'n strategiese model vir status met verantwoordelikheid (8.3.6[275]).

8.3.1.1 Beginsels uit die Ou Testament[276]

- 'n Leier se status bestaan daaruit dat God aan hom die nodige gesag gee en daarom sal God die leier ook in staat stel om sy roeping suksesvol uit te voer.
- Die leier moet egter ook besef dat God aan hom 'n ereposisie gee wat met verantwoordelikheid moet gepaardgaan.
- Die verantwoordelikheid van die leier is om sy status so te gebruik dat hy 'n positiewe invloed op ander se lewens het.

---

[274] Die tweede deel van die normatiewe ondersoek na *status met verantwoordelikheid* word behandel in in *8.3.4 Normatiewe taak: norme afgelei uit die empiriese navorsing oor status met verantwoordelikheid* (p. 616).
[275] Kyk *8.3.6 Pragmatiese taak: strategiese model om status met verantwoordelikheid te versterk (*p. 620).
[276] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 199).

Praktiese toepassing van Ou- Testamentiese beginsels vir status met verantwoordelikheid

Die leier hoef nie bekommerd te wees oor 'n gebrek aan vermoëns, aansien en prestasie nie. God stel die leier in die posisie aan en God sal ook aan hom die nodige vermoëns gee om sy taak suksesvol af te handel.

8.3.1.2 Beginsels uit die Nuwe Testament[277]

- Deur die genade wat die gelowige in Christus ontvang, kry hy die status om kind van God te wees. Die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan, is gehoorsaamheid aan die wil van God. Die leier se lewe moet van sy kindskap getuig.
- Status met verantwoordelikheid mag nooit daartoe lei dat die leier hoogmoedig raak nie. Hoogmoed getuig daarvan dat die leier nie besef dat hy vanweë sy sonde net so skuldig soos enige ander persoon voor God staan nie. In Christus word almal gelyk voor God.

Praktiese toepassing van Nuwe-Testamentiese beginsels vir status met verantwoordelikheid

Deur die genade wat hy in Christus ontvang, ontvang die leier ook 'n nuwe status, naamlik kind van God. Die verantwoordelikheid wat met hierdie status gepaardgaan, is dat die leier sy kindskap moet uitleef deur sy lewe in dankbaarheid aan sy Vader te wy.

Samevatting: Bybelse grondbeginsel vir status met verantwoordelikheid en die toepassing daarvan[278]

Die status as kind van God, wat deur die leier van God ontvang word, eis van hom om in verantwoordelikheid aan God gehoorsaam te wees en om 'n verantwoordelike gesindheid van nederigheid en ootmoed te handhaaf en by ander te ontwikkel. Hierdie grondbeginsel en die toepassing daarvan word in Diagram 72 (p. 610) opgeneem as die eerste komponent van die beplande strategiese model.

---

[277] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament, 4.6.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 300).

[278] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping,Status met verantwoordelikheid (*p. 311).

Diagram 72: Toepassing van die Bybelse grondbeginsel vir *status met verantwoordelikheid*

Normatiewe taak
Die status as kind van God, wat deur die leier van God ontvang word, eis van hom om in verantwoordelikheid aan God gehoorsaam te wees en om 'n verantwoordelike gesindheid van nederigheid en ootmoed te handhaaf en by ander te ontwikkel.
Praktiese toepassing: • Die leier hoef nie bekommerd te wees oor 'n gebrek aan vermoëns, aansien en prestasie nie. God stel die leier in die posisie aan en God sal ook aan hom die nodige vermoëns gee om sy taak suksesvol af te handel. • Deur die genade wat hy in Christus ontvang, ontvang die leier ook 'n nuwe status, naamlik kind van God. Die verantwoordelikheid wat met hierdie status gepaardgaan, is dat die leier sy kindskap moet uitleef deur sy lewe in dankbaarheid aan sy Vader te wy.

8.3.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid*

Met die oog daarop om Osmer se vraag "What is going on?" oor *status met verantwoordelikheid* te beantwoord, word die resultate van die beskrywende taak in die kwalitatiewe en in die kwantitatiewe studie in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) hier ter wille van 'n oorsig herhaal.

8.3.2.1 Kwantitatiewe studie[279]

Uit die kwantitatiewe studie het dit geblyk dit dat die predikant-respondente aansienlik negatiewer as die ouderlinge op die vrae reageer het.

Die twee vrae waarvoor respondente die laagste telling gegee het, het gevra of predikante 'n voorbeeldige lewe lei en of predikante apaties of kwaad raak vir lidmate wat nie aktief meeleef nie of lidmaatskap opgee.

Twee verdere sake wat deur die respondente self genoem is, is dat hoogmoed 'n probleem by leiers kan wees en dat predikante sukkel om 'n dienskneggestalte aan te neem.

---

[279] Kyk *7.3.3 Ontleding van die kwantitatiewe navorsing, 7.3.3.2 Afdeling B: Status met verantwoordelikheid* (p. 385).

8.3.2.2 Kwalitatiewe studie[280]

Die predikante het die volgende sake genoem in reaksie op die vraag: "What is going on?":

- Daar is 'n strewe na wêreldse status.
- Leiers aanvaar nie verantwoordelikheid vir die regte goed nie.
- Leiers is nie nederig genoeg oor hul eie swakheid nie.

Volgens die ouderlinge is die volgende sake belangrik in 'n poging om die vraag "What is going on?" te beantwoord:

- Status word volgens die verkeerde kriteria gemeet en daarom word verantwoordelikheid versaak.
- Predikante word op 'n verhogie van status geplaas en sukkel daarom om te dien.
- Predikante neem al die verantwoordelikheid op hulle eie skouers.
- Predikante voel bedreig wanneer hulle oor hulle werkslas uitgevra word.

Samevatting: Bevindings van die beskrywend-empiriese taak oor status met verantwoordelikheid


Volgens die data wat ingesamel is, is die belangrike sake wat predikante se status met verantwoordelikheid kan bedreig die volgende:

- Daar word gestrewe na 'n wêreldse status.
- Predikante sukkel om 'n dienskneggestalte aan te neem.
- Status word aan die verkeerde kriteria gemeet en daarom word die verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan, versaak.

Diagram 73 (p. 612) toon hoe die Bybelse grondbeginsel vir status met verantwoordelikheid en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met bogenoemde tekortkominge.

[280] Kyk *7.4.4.2 Afdeling B – Status met verantwoordelikheid, 7.4.4.2.1 B1 Predikante, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan status met verantwoordelikheid onder predikante* (p. 487) en *7.4.4.2.2 B2 Ouderlinge,* (b) *Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan status met verantwoordelikheid* (p. 499).

Diagram 73: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *status met verantwoordelikheid* en die tekortkominge wat ten opsigte van hierdie leierseienskap uit die beskrywend-empiriese ondersoek afgelei is



8.3.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid*

Die interpreterende taak is eerstens in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasie aan die hand van 'n literatuurstudie uitgevoer (Hoofstuk 6) en tweedens is dit in die empiriese ondersoek gebruik (Hoofstuk 7). Antwoorde op die onderliggende vraag van die taak, naamlik "Why is it going on?", het baie bruikbare inligting verskaf waarom die leierseienskap *status met verantwoordelikheid* onder predikante die tekortkominge toon wat in die vorige afdeling saamgevat is.

8.3.3.1 Afleidings oor *status met verantwoordelikheid* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

Die hulpwetenskappe het getoon dat dit vir die leier belangrik is om die transformasionele leierskapstyl toe te pas omdat die leier in hierdie styl daarna streef om 'n rolmodel vir sy navolgers te wees.[281] Die Ou- en Nuwe-Testamentiese beginsels vir status met verantwoordelikheid[282, 283]) stem daarmee ooreen in die opsig dat die leier sy kindskap toon deur sy lewe in dankbaarheid aan sy Vader te wy. Die leier moet altyd probeer om 'n positiewe invloed op ander se lewens te hê.

Verder kom een van die karaktertrekke van egte diensknegleierskap neer op 'n verbintenis om ander te dien.[284] Hierdie karaktertrek van diensknegleierskap stem ooreen met die leierseienskap status met verantwoordelikheid omdat 'n hoogmoedige persoon nie daartoe in staat sal wees om ander te dien nie. Die leier se status met verantwoordelikheid bring juis mee dat hy besef dat hy vanweë sy sonde net so skuldig soos enige ander persoon voor God staan en dit dwing hom tot diensbaarheid.

Laastens het die hulpwetenskappe ook aangetoon dat dit belangrik is dat die leier die verantwoordelikheid moet aanvaar dat elke lid se verwagting van die uiteindelike afloop so akkuraat moontlik moet wees.[285] Die leierseienskap status met verantwoordelikheid sluit daarby aan omdat die leier die verantwoordelike gesindheid moet opneem om ander te ontwikkel.[286,287])

Samevatting: Bevindings in die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

- Die transformasionele leierskapstyl, waarin die leier daarna streef om 'n rolmodel vir sy navolgers te wees, word aanbeveel. Die leier moet altyd probeer om 'n positiewe invloed op ander se lewens te hê.
- Die leier moet hom daartoe verbind om ander te dien.

---

[281] Kyk *6.7 Afleidings uit die hulpwetenskappe en die ses leierskapsbegrippe, Status met verantwoordelikheid* (p. 354).
[282] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 199).
[283] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament, 4.6.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 300).
[284] Kyk *6.7 Afleidings uit die hulpwetenskappe en die ses leierskapsbegrippe, Status met verantwoordelikheid* (p. 354).
[285] Kyk *6.7 Afleidings uit die hulpwetenskappe en die ses leierskapsbegrippe, Status met verantwoordelikheid* (p. 354).
[286] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 199)
[287] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament, 4.6.2 Status met verantwoordelikheid* (p. 300).

- Die leier moet die verantwoordelikheid aanvaar om aan elke lid 'n akkurate verwagting van die eindpunt te gee.

8.3.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid*

8.3.3.2.1 Kwantitatiewe studie[288]

Die meerderheid respondente het gemeen dat 'n gebrekkige verhouding met Christus die oorsaak is van status wat nie met verantwoordelikheid gepaardgaan nie.

Twee verdere moontlike oorsake vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid is volgens die respondente die volgende:

- 'n Wêreldse status word nagejaag.
- Predikante verstaan nie hulle verantwoordelikheid as diensknegte nie.

8.3.3.2.2 Kwalitatiewe studie[289]

Die predikante het die volgende redes genoem waarom predikante sukkel om status met verantwoordelikheid te hanteer:

- Die predikant se eer word te belangrik vir hom.
- Daar is 'n gebrek aan innige verhoudings.
- Wat mense wil, word belangriker as wat Christus wil.

Die ouderlinge het die volgende redes genoem waarom leiers sukkel met status met verantwoordelikheid:

- Leiers verstaan nie hulle verantwoordelikheid reg nie.
- Opleiding laat die klem nie genoeg val op die student se persoonlikheid en blootstelling nie.

Samevatting: Interpreterende taak in die hulpwetenskappe en die empiriese navorsing oor status met verantwoordelikheid

Die volgende redes kan genoem word vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid by predikante:

---


[288] Kyk *7.3.3.2 Afdeling B: Status met verantwoordelikheid, 7.3.3.2.2 Die vraag: "Why is it going on?"* (p. 394).

[289] Kyk *7.4.4.2 Afdeling B – Status met verantwoordelikheid, 7.4.4.2.1 B1 Predikante, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan status met verantwoordelikheid* (p. 490) en *7.4.4.2.2 B2 Ouderlinge*, (c) *Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan status met verantwoordelikheid* (p. 501).

- Daar word nie van 'n transformasionele leierskapstyl gebruik gemaak waarin die klem daarop val dat die leier 'n positiewe invloed op ander se lewens moet hê nie.
- 'n Gebrekkige verhouding met Christus veroorsaak dat die leier 'n wêreldse status najaag en daarom verantwoordelikheid vir die verkeerde goed aanvaar.
- 'n Innige verhouding met Christus, wat diensbaarheid meebring, ontbreek.
- Die opleiding van teologiese studente laat die klem nie genoeg val op hul persoonlikheid en blootstelling nie.

Diagram 74 (p. 615) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir status met verantwoordelikheid en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die tekortkominge en die redes vir die tekortkominge ten opsigte van die leierseienskap.

Diagram 74: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *status met verantwoordelikheid* en die redes vir die tekortkominge van hierdie leierseienskap wat uit die interpreterende taak in die literatuurstudie en die empiriese ondersoek afgelei is



8.3.4 Normatiewe taak: norme afgelei uit die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid*

In die tweede deel van die normatiewe taak is norme vir *status met verantwoordelikheid* uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor die leierseienskap afgelei (Hoofstuk 7).

8.3.4.1 Kwantitatiewe studie[290]

Die kwantitatiewe studie het aangedui dat respondente meen dat dit belangrik is dat die status van die predikant nie in 'n titel gesetel moet wees nie maar in Christus.

8.3.4.2 Kwalitatiewe studie[291]

Die predikante wat deelgeneem het aan die studie het die volgende menings uitgespreek:

- Christus gee status aan die predikant.
- As 'n bediende is die status bloot 'n taak waarvoor eienaarskap aanvaar word.
- Die taak bestaan daaruit dat Christus in die leier gestalte moet kry.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings was die volgende:

- Status is gegrond in kindskap van God en daarom is dit daarop gerig om die beeld van Christus te vertoon.
- Die verantwoordelikheid moet met 'n dienskneggestalte nagekom word.

Samevatting: Norme afgelei uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor status met verantwoordelikheid

In hierdie resultate staan die begrippe "diensbaarheid", "nederigheid", "vertroue" en "onderdanigheid aan God se wil" uit.

- Status is die opdrag wat deur God aan die leier gegee word en waarvoor hy in nederigheid eienaarskap aanvaar.
- Die verantwoordelikheid van die leier is om gehoorsaam die wil van God uit te voer sodat Christus al hoe meer in die leier gestalte kry.


---

[290] Kyk die laaste ry van *Tabel 57 Samevatting van die resultate van die ondersoek na status met verantwoordelikheid onder predikante* (p. 399).

[291] Kyk *7.4.4.2 Afdeling B – Status met verantwoordelikheid*, *7.4.4.2.1 B1 Predikante*, *(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie status met verantwoordelikheid soos God dit wil* (p. 484) en *7.4.4.2.2 B2 Ouderlinge*, (a) *Normatiewe taak en die hoofkategorie status met verantwoordelikheid soos God dit wil* (p. 497).

Diagram 75 (p. 617) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir status met verantwoordelikheid en die toepassing daarvan in wisselwerking tree met die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge en die norme ten opsigte van die leierseienskap.

Diagram 75: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *status met verantwoordelikheid* en die norme wat vir die leierseienskap uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.3.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *status met verantwoordelikheid*

Uit die pragmatiese taak in die empiriese studie (Hoofstuk 7) is daar bruikbare riglyne vir *status met verantwoordelikheid* verkry in die soeke na antwoorde op Osmer se vraag: "How might we respond?"

8.3.5.1 Kwantitatiewe studie[292]

Daar word aanbeveel dat daar strategies aan die volgende riglyne aandag gegee word om *status met verantwoordelikheid* te versterk:

- Fokus meer daarop om diensbaar te wees.
- Fokus op 'n innige verhouding met Christus.
- Mentorskapsverhoudings is nodig om leiers aan te moedig om status met die gepaardgaande verantwoordelikheid te aanvaar.
- Die Teologiese Skool moet meer aandag aan hierdie saak gee.

8.3.5.2 Kwalitatiewe studie[293]

Die predikante wat deelgeneem het aan die studie se menings kan soos volg saamgevat word:

- Ondersoek en versterk die leier se verhouding met Christus.
- 'n Deeglike ondersoek na wat God se wil is, kan uitgevoer word in die gemeente waar die leier dien.
- Aandag moet gegee word aan status met verantwoordelikheid in teologiese studies en voortgesette onderrig.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings kan soos volg saamgevat word:

- Die voorbeeld van Christus moet deur die krag van gebed en voorbeeld uitgedra word.
- Daar kan in die teologiese opleiding aandag aan status met verantwoordelikheid gegee word.
- Definieer die predikant se taak sodat toesig ook beter kan geskied.

Samevatting: Strategiese riglyne wat uit die pragmatiese taak in die empiriese navorsing vir status met verantwoordelikheid afgelei is

Bogenoemde resultate kan soos volg saamgevat word:

- Ondersoek en versterk leiers se verhouding met Christus sodat dit daartoe sal lei dat Christus se voorbeeld van diensbaarheid nagevolg word.
- 'n Deeglike ondersoek na wat God se wil vir die gemeente en die betrokke predikant is, kan onderneem word.

---

[292] Kyk *7.3.3.2 Afdeling B: Status met verantwoordelikheid*, *7.3.3.2.3 Die vraag: "How might we respond?*" (p. 396).

[293] Kyk *7.4.4.2 Afdeling B – Status met verantwoordelikheid*, 7.4.4.2.1 B1 Predikante *(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk status met verantwoordelikheid* (p. 492) en *7.4.4.2.2 B2 Ouderlinge, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk status met verantwoordelikheid* (p. 503).

- Aandag moet geskenk word aan status met verantwoordelikheid in teologiese studies en voortgesette onderrig.

Diagram 76: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *status met verantwoordelikheid* en die riglyne wat vir die leierseienskap uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek afgelei is




Diagram 76 (p. 619) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir status met verantwoordelikheid en die toepassing daarvan in wisselwerking tree met die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge, die norme en die riglyne ten opsigte van hierdie leierseienskap.

8.3.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *status met verantwoordelikheid* te versterk

In hierdie afdeling word aangetoon hoe daar uit die Bybelse grondbeginsel en die toepassing daarvan én die bevindings in die verskillende take van die empiriese navorsing 'n strategiese model ontwerp kan word om status met verantwoordelikheid te versterk.

Uit die Bybelse beginsels wat in die normatiewe taak (vgl. Hoofstuk 5) geïdentifiseer is, het dit duidelik geword dat die volgende doelwit vir status met verantwoordelikheid bereik moet word:

- Die status as kind van God, wat deur die leier van God ontvang word, eis van hom om in verantwoordelikheid aan God gehoorsaam te wees en om 'n verantwoordelike gesindheid van nederigheid en ootmoed te handhaaf en by ander te ontwikkel.

Hierdie normatiewe taak sluit aan by die bevinding in die normatiewe taak in die empiriese studie dat status (die taak van die leier) iets is wat die leier van God ontvang. Dit eis dat die leier gehoorsaam die wil van God uitvoer en word gekenmerk deur 'n gesindheid van nederigheid. Die strategie moet daarom ontwerp word om hierdie doelwit te bereik.

In die beskrywende taak is drie sake genoem waarmee leiers sukkel en wat indirek met mekaar verband hou. Die eerste is dat leiers na 'n wêreldse status streef. Die gevolge daarvan is ongetwyfeld dat leiers sukkel om 'n dienskneggestalte aan te neem en dat hulle die verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan, versaak.

In die interpreterende taak is die rede vir die strewe na wêreldse status geïdentifiseer as die afwesigheid van 'n innige verhouding met Christus, in wie leiers hul status moet vind. Nog 'n rede waarom leiers sukkel om 'n dienskneggestalte aan te neem, kan moontlik uit die literatuurstudie in die hulpwetenskappe afgelei word, naamlik dat die transformasionele leierskapstyl, wat beklemtoon dat die leier 'n positiewe invloed op ander se lewens moet hê, nie toegepas word nie. In die pragmatiese taak is daar aanbeveel dat leiers se verhouding met Christus ondersoek en versterk moet word sodat hulle Christus se voorbeeld van diensbaarheid sal navolg. Die volgende strategie kan daarom voorgestel word:

- Leiers se verhouding met Christus moet ondersoek en versterk word sodat hulle hul status opnuut in Christus sal vind en sy voorbeeld van diensbaarheid sal navolg.


- Leiers moet onderrig word in die transformasionele leierskapstyl, wat die klem daarop laat val dat die leier 'n positiewe invloed op ander se lewens moet hê.

In die beskrywende taak is ook genoem dat leiers hul status aan die verkeerde kriteria meet en daarom hulle verantwoordelikheid dikwels versaak. In die normatiewe taak in die empiriese ondersoek is hierdie verantwoordelikheid gedefinieer as gehoorsaamheid aan God en 'n gesindheid van nederigheid en ootmoed. In die interpreterende taak word 'n rede gegee waarom leiers soms hierdie verantwoordelikheid versaak, naamlik dat 'n gebrekkige verhouding met Christus veroorsaak dat leiers wêreldse status najaag en daarom vir die verkeerde goed verantwoordelikheid aanvaar. In die pragmatiese taak is daar dus voorgestel dat 'n deeglike ondersoek ingestel moet word na wat God se wil vir die gemeente en hul predikant is. Met al hierdie aspekte in gedagte kan die volgende strategie voorgestel word:

- 'n Deeglike ondersoek moet ingestel word na wat God se wil vir elke gemeente en die betrokke predikant is sodat God daar met 'n gesindheid van nederigheid en ootmoed gedien kan word.

Diagram 77 (p. 622) toon aan hoe daar deur die integrering van die Bybelse grondbeginsel en die toepassing daarvan én van al die ander afleidings in hierdie navorsing 'n strategiese model ontwerp kan word om status met verantwoordelikheid te versterk.

Diagram 77: Strategiese model om *status met verantwoordelikheid* te versterk



8.4 Gesag met liefde

Die kernafleidings wat in hierdie navorsing oor die leierseienskap *gesag met liefde* gemaak is, word vervolgens in 'n strategiese model saamgevat.

8.4.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *gesag met liefde*

Die antwoord op Osmer se vraag "What ought to be going on?" met betrekking tot *gesag met liefde* bestaan soos in die geval van die ander leierseienskappe uit twee dele. Eerstens is beginsels uit die Ou en Nuwe Testament afgelei (saamgevat in Hoofstuk 5[294]). Hierdie beginsels word in die volgende twee onderafdelings verwerk.[295]

Verder word hierdie beginsels in vier opeenvolgende afdelings (8.4.2-8.4.5) onderskeidelik met die afleidings uit die vier verskillende take in die empiriese navorsing vergelyk. Ten slotte word die Ou- en Nuwe-Testamentiese beginsels en die afleidings in die empiriese ondersoek in 'n strategiese model vir gesag met liefde geïntegreer

8.4.1.1 Beginsels uit die Ou Testament[296]

- Die leier probeer altyd om die mag wat God aan hom gee, in gehoorsaamheid (liefde tot God en liefde tot naaste) aan God aan te wend.
- Vir die leier is dit belangrik om te besef dat God die bron van sy krag is. Hy is alleen tot alles in staat omdat God aan hom die krag daartoe gee.

Praktiese toepassing van Ou- Testamentiese beginsels vir gesag met liefde

- 'n Leier kan nie die gesag wat God aan hom gee met liefde bestuur as hy God nie bo alles in sy lewe liefhet nie. Christus moet eerste wees en nie die eie ek nie (Joh. 3:30). Daarom sal wat mense dink en wat mense vir die leier voel, altyd ondergeskik aan sy gehoorsaamheid aan God wees.
- Die Here gee aan die leier bepaalde gesag wat hy só moet bestuur dat sy liefde vir God en sy naaste daarin sigbaar word. Sy liefde vir God word veral geopenbaar wanneer hy die

---

[294] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in die gemeente se roeping*, Gesag met liefde* (p. 311).

[295] Die tweede deel van die normatiewe taak ten opsigte van gesag met liefde word in *8.4.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor gesag met liefde* (p. 629) verwerk.

[296] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.3 Gesag met liefde* (p. 199).

gesag het om te oordeel maar besluit om in gehoorsaamheid aan God die oordeel eerder aan God, wat regverdig sal oordeel, oor te laat.

8.4.1.2 Beginsels uit die Nuwe Testament[297]

Wanneer die leier se eie voordeel belangriker as sy verhouding met Christus word, sal dit ongetwyfeld daartoe lei dat hy die gesag wat hy ontvang, misbruik. 'n Goeie leier weet hoe om die gesag wat aan hom gegee word, met liefde te bestuur, want sy doelwit is die opbou en uitbou van die koninkryk van God.

Praktiese toepassing van Nuwe-Testamentiese beginsels vir gesag met liefde

'n Leier sal die gesag wat hy van God ontvang alleen met liefde bestuur as hy 'n innige verhouding met Christus het en hy daarvan oortuig is en daardeur oorweldig is dat Christus die mag aan Hom opgedra het om met liefde te bestuur tot voordeel van elkeen wat in Hom glo.

Diagram 78: Toepassing van die Bybelse grondbeginsel vir *gesag met liefde*

Normatiewe taak
Die gesag wat die leier as bestuurder van God ontvang, moet hy in liefde bestuur om die lewens van die mense aan wie hy leiding gee, positief tot intieme(r) liefde te beïnvloed.
Praktiese toepassing: ➢ 'n Leier kan nie die gesag wat God aan hom gee, in liefde bestuur as hy God nie bo alles in sy lewe liefhet nie. Christus moet eerste wees en nie die eie ek nie (Joh. 3:30). Daarom sal wat mense dink en wat mense vir die leier voel altyd ondergeskik aan sy gehoorsaamheid aan God wees. • Die Here gee aan die leier bepaalde mag wat hy só moet bestuur dat sy liefde vir God en sy naaste daarin sigbaar word. Sy liefde vir God word veral geopenbaar wanneer hy die gesag het om te oordeel maar besluit om in gehoorsaamheid aan God die oordeel eerder aan God, wat regverdig sal oordeel, oor te laat. • 'n Leier sal die gesag wat hy van God ontvang alleen in liefde bestuur as hy 'n innige verhouding met Christus het en hy daarvan oortuig is en daardeur oorweldig is dat Christus die mag aan Hom opgedra het, om in liefde te bestuur tot voordeel van elkeen wat in Hom glo. •

[297] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament, 4.6.3 Gesag met liefde* (p. 301).

Samevatting: Bybelse grondbeginsel vir gesag met liefde en die toepassing daarvan[298]

Die gesag wat die leier as bestuurder van God ontvang, moet hy met liefde uitoefen om die lewens van die mense aan wie hy leiding gee, positief tot intieme(r) liefde te beïnvloed. Hierdie Bybelse grondbeginsel en die toepassing daarvan op die leierskap van die predikant word in Diagram 78 (p. 624) saamgevat.

8.4.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde*

Met die oog daarop om Osmer se vraag "What is going on?" oor *gesag met liefde* te beantwoord, word die resultate van die beskrywende taak in die kwalitatiewe en in die kwantitatiewe studie in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) hier ter wille van 'n oorsig herhaal.

8.4.2.1 Kwantitatiewe studie[299]

Die predikant-respondente was van mening dat daar tog 'n tekort aan gesag met liefde by predikante is, terwyl die ouderlinge oor die algemeen positiewer was.

Volgens die respondente, veral die predikante, blyk die tekort aan gesag met liefde uit die volgende verskynsels:

- Gesag word misbruik.
- Gesag word hoër geag as liefde.

8.4.2.2 Kwalitatiewe studie[300]

Volgens die predikante is die volgende sake genoem in antwoord op die vraag: "What is going on?"

- Die begeerte om die wil van God te doen, ontbreek.
- Konflik word vermy omdat leiers met hulself behep is.
- Gesag word op verkeerde plekke gesoek.

Die ouderlinge se antwoord op die vraag "What is going on?" was die volgende:

---

[298] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping, Gesag met liefde (*p. 311).

[299] Kyk *7.3.3.3 Afdeling C: Gesag met liefde, 7.3.3.3.1 Die vraag: "What is going on?"* (p. 400).

[300] Kyk *7.4.4.3 Afdeling C – Gesag met liefde, 7.4.4.3.1 C1 Predikante, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan gesag met liefde* (p. 509) en *7.4.4.3.2 C2 Ouderlinge, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan gesag met liefde* (p. 519).

- Gesag word nie deur die liefdesgebod bepaal nie maar deur middelmatige sake.


Samevatting: Bevindings van die beskrywend-empiriese taak oor gesag met liefde

Volgens die data wat ingesamel is, is die belangrikste bedreiging vir die predikante se gesag met liefde die volgende:

- ’n Strewe na gemak en gerief kan belangriker as die wil van God word en daarom gebeur dit dat konflik vermy word waar leiers te behep met hulleself is.

Diagram 78 (p. 624) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir gesag met liefde en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die tekortkominge ten opsigte van die leierseienskap.

Diagram 79: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *gesag met liefde* en die tekortkominge ten opsigte van hierdie leierseienskap wat uit die beskrywend-empiriese taak afgelei is



8.4.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde*

Die interpreterende taak is eerstens in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasiekunde aan die hand van 'n literatuurstudie uitgevoer (Hoofstuk 6) en tweedens is dit in die empiriese ondersoek gebruik (Hoofstuk 7). Antwoorde op die onderliggende vraag van die taak, naamlik "Why is it going on?", het baie bruikbare inligting verskaf waarom die leierseienskap *gesag met liefde* onder predikante die tekortkominge toon wat in die vorige afdeling saamgevat is.

8.4.3.1 Afleidings oor *gesag met liefde* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

Hybels en Weaver (vgl. 6.6[301]) wys daarop dat egte diensknegleierskap daarop gerig is om eerder te oortuig as om op gesag staat te maak. Gesag met liefde sluit baie nou hierby aan aangesien die leier wat met liefde bestuur nie sy gesag vir sy eie voordeel misbruik nie. Liefde tot God en naaste staan voorop (vgl. 5.3.3[302]) en daarom is gesag slegs 'n instrument wat die leier gebruik om met liefde te bestuur met die doel om die koninkryk van God op en uit te bou.

Samevatting: Bevindings oor gesag met liefde uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

- Diensknegleierskap is nodig sodat die leier nie op sy gesag sal staatmaak nie, maar eerder sal probeer om te oortuig.

8.4.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde*

8.4.3.2.1 Kwantitatiewe studie[303]

Die predikante huldig die volgende menings:

- Daar word nie genoeg op Christus in die bediening gefokus nie.
- Predikant verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie.

---

[301] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe (*p. 352).
[302] Kyk *5.3 Afleidings uit Hoofstuk 3: Ou Testament, 5.3.3 Gesag met liefde* (p. 306).
[303] Kyk *7.3.3.3 Afdeling C: Gesag met liefde, 7.3.3.3.2 Die vraag: "Why is it going on?"* (p. 406).

Die ouderlinge voel hoofsaaklik dat die gebrek aan gesag met liefde aan die volgende oorsaak toegeskryf kan word:

- Predikante leef nie in volle toewyding aan die Here nie.

8.4.3.2.2 Kwalitatiewe studie[304]

Die predikante noem die volgende redes waarom predikante met gesag met liefde sukkel.

- Die leier se behoeftes word belangriker as die eer van God.
- Kennis van ware Christus-liefde ontbreek.

Die ouderlinge gee die volgende redes waarom leiers met gesag met liefde sukkel:

- Leiers probeer mense deur hulle posisie in plaas van hulle persoonsmag of gesag in Christus tot inkeer dwing.
- Leiers wys nie dat hulle ook die diepte van hulle eie sonde verstaan nie.
- Daar is nie genoeg liefde wat die verskille akkommodeer nie.

Samevatting: Interpreterende taak in die hulpwetenskappe en in die empiriese navorsing oor gesag met liefde

Die volgende redes kan vir die gebrek aan gesag met liefde by predikante genoem word:


- Daar word nie genoeg gefokus op die verhouding met Christus nie.
- Kennis en die uitlewing van die volle omvang van Christus se liefde ontbreek.
- Predikante probeer om mense op grond van hul posisie tot inkeer te dwing in plaas daarvan om gesag met liefde uit te oefen.

Diagram 80 (p. 629) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir gesag met liefde in wisselwerking moet tree met die redes vir die gebrek aan gesag met liefde wat uit die literatuurstudie in die hulpwetenskappe en die interpreterende taak in die empiriese ondersoek afgelei is.

---

[304] Kyk *7.4.4.3 Afdeling C – Gesag met liefde, 7.4.4.3.1 C1 Predikante,(c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan gesag met liefde* (p. 511) en *7.4.4.3.2 C2 Ouderlinge, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan gesag met liefde* (p. 521)

Diagram 80: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *gesag met liefde* en die redes vir die gebrek aan hierdie leierseienskap wat uit die interpreterende taak in die literatuurstudie in die hulpwetenskappe en die empiriese ondersoek afgelei is



8.4.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde*

In die tweede deel van die normatiewe taak is norme afgelei vir gesag met liefde uit die normatiewe taak van die empiriese navorsing oor die leierseienskap (Hoofstuk 7).

8.4.4.1 Kwantitatiewe studie[305]

Gesag met liefde is die gesag van God wat uitgeoefen moet word in volle afhanklikheid van God, al is dit ten koste van jouself.

8.4.4.2 Kwalitatiewe studie[306]

Die predikante wat deelgeneem het aan die studie het die volgende menings uitgespreek:

- Christus is die oorsprong van gesag.
- Daar is nie genoeg liefde wat die verskille akkommodeer nie.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings was die volgende:

- Die gesag van Christus moet met liefde bedien word.
- Deur gesag word daar aan die leier 'n sekere mandaat gegee.

Samevatting: Norme afgelei uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor gesag met liefde

Die normatiewe taak kan soos volg saamgevat word:

- As bestuurder ontvang die leier 'n sekere mandaat wat hy moet uitoefen, al beteken dit dat hy dalk daardeur benadeel kan word.
- Christus stel die leier as bestuurder aan en daarom moet hy daardie gesag wat in sy bestuursopdrag geïnvesteer is, met liefde uitoefen.


Diagram 81 (p. 631) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir gesag met liefde in wisselwerking moet tree met die norme vir die leierseienskap wat uit die normatiewe taak van die empiriese ondersoek afgelei is.

---

[305] Kyk die laaste ry van *Tabel 73: Samevatting van die resultate van die ondersoek na gesag met liefde onder predikante* (p. 410).

[306] Kyk *7.4.4.3 Afdeling C – Gesag met liefde, 7.4.4.3.1 C1 Predikante, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie gesag met liefde soos God dit wil* (p. 511) en *7.4.4.3.2 C2 Ouderlinge (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie gesag met liefde soos God dit wil* (p. 517).

Diagram 81: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *gesag met liefde* en die norme wat uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek vir hierdie leierseienskap afgelei is



8.4.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *gesag met liefde*

Uit die pragmatiese taak in die empiriese studie (Hoofstuk 7) is daar bruikbare riglyne vir *gesag met liefde* verkry in die soeke na antwoorde op Osmer se vraag: "How might we respond?"

8.4.5.1 Kwantitatiewe studie[307]

Daar is aanbeveel dat daar strategies aan die volgende riglyne aandag gegee word om *gesag met liefde* te versterk:

- Die leier moet hom aan God toewy.
- Hy moet in 'n innige verhouding met Christus leef.
- Die besef van totale afhanklikheid moet deur die leier nagestreef word.

8.4.5.2 Kwalitatiewe studie[308]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het se menings kan soos volg saamgevat word:

- Fokus op God se droom, "missio Dei".
- Bied toerusting aan wat inspireer en motiveer.
- Mentorskapsverhoudings tussen predikante moet ontwikkel word.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings kan soos volg saamgevat word:

- Die leier moet al hoe meer onder die indruk kom van God se liefde vir hom.
- Christusgesentreerde liefde moet versterk en na buite uitgedra word.
- Gebedsondersteuning is nodig.
- Daar moet aan bestuur met liefde in teologiese opleiding en toerusting aandag gegee word.

Samevatting: Riglyne wat uit die pragmatiese taak in die empiriese navorsing vir gesag met liefde afgelei is

Die pragmatiese taak kan in die volgende vier stellings saamgevat word:

- 'n Innige verhouding met Christus moet nagestreef word waarin die leier onder die indruk kom van God se liefde vir hom sodat hy in toewyding aan God sal leef.
- Daar moet gefokus word op God se droom, naamlik "missio Dei", deur as geroepenes die liefde van Christus uit te leef.
- Toerusting wat inspireer en motiveer, is nodig.
- Mentorskapsverhoudings is nodig waarin leiers mekaar deur gebed ondersteun en herinner aan hul totale afhanklikheid van God.


---

[307] Kyk *7.3.3.3 Afdeling C: Gesag met liefde,7.3.3.3.3 Die vraag: "How might we respond?"* (p. 408).

[308] Kyk *7.4.4.3 Afdeling C – Gesag met liefde, 7.4.4.3.1 C1 Predikante (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk gesag met liefde* (p. 513) en *7.4.4.3.2 C2 Ouderlinge, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk gesag met liefde* (p. 522).

Diagram 82 (p. 633) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir gesag met liefde in wisselwerking moet tree met die riglyne wat uit die pragmatiese taak van die empiriese ondersoek afgelei is.

Diagram 82: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *gesag met liefde* en die riglyne wat vir hierdie leierseienskap uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.4.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *gesag met liefde* te versterk

In die deel van die normatiewe taak waarin beginsels vir gesag met liefde in die Ou en Nuwe Testament geïdentifiseer is, is die grondbeginsel geformuleer dat die leier die gesag wat hy as bestuurder van God ontvang, met liefde moet bestuur om die lewens van die mense aan wie hy leiding gee, positief tot intieme(r) liefde te beïnvloed. Die norme wat uit die normatiewe taak in die empiriese studie afgelei is, stem in 'n groot mate hiermee ooreen. In albei gevalle word daar genoem dat die gesag/mag van God af kom en dat hierdie gesag met liefde bestuur en bedien moet word.

Uit die beskrywend-empiriese taak het dit egter duidelik geword dat hierdie beginsel bedreig word deur leiers vir wie eie gemak en gerief belangriker word as die wil van God. Die gevolg daarvan is dat konflik eerder vermy word. Die rede vir hierdie gedrag word in die interpreterende taak verklaar as daarop gewys word dat leiers nie genoeg op hul verhouding met Christus fokus nie en dat daar daarom 'n tekort aan kennis en die uitlewing van die liefde van Christus is. In aansluiting daarby word daar in die pragmatiese taak voorgestel dat 'n innige verhouding met Christus nagestreef moet word waarin die leier onder die indruk moet kom van God se liefde vir hom sodat hy in toewyding aan God sal leef. Die volgende strategie word nou vir gesag met liefde voorgestel:

- Die leier moet 'n innige verhouding met Christus nastreef waarin sy gemak en gerief ondergeskik gestel word aan die wil van God sodat hy in toewyding aan God sal leef.

Verder is daar in die interpreterende taak daarop gewys dat leiers mense moontlik op grond van hulle posisie tot inkeer wil dwing in plaas daarvan om hul met liefdevolle gesag te probeer oortuig. In hierdie opsig is daar in die pragmatiese taak daarop gewys dat mentors nodig is om leiers deur gebed te ondersteun en aan hul totale afhanklikheid van God te herinner. Die volgende strategie word voorgestel:

- Mentors is nodig wat leiers deur gebed sal ondersteun en hulle aan hul totale afhanklikheid van God sal herinner.

In die pragmatiese taak is daar ook genoem dat daar gefokus moet word op God se droom, naamlik "missio Dei", deur in Christusgesentreerde liefde te leef. Hierdie saak sluit aan by albei bogenoemde strategieë en daarom kan die volgende strategie ook gevolg word:

- Leiers moet in alles die "missio Dei"-droom van God najaag deur Christus se liefde uit te leef.

Diagram 83: Strategiese model om *gesag met liefde* te versterk




Diagram 83 (p. 635) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel, die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge, die norme en die riglyne ten opsigte van die leierseienskap gesag met liefde in 'n strategiese model geïntegreer kan word met die oog daarop om die leierskap van die predikant in die gemeente se roeping te versterk.

8.5 Herderlike leiding

8.5.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *herderlike leiding*

Die normatiewe taak ("What ought to be going on?") ten opsigte van *herderlike leiding het* uit twee dele bestaan. Eerstens is beginsels vir die leierseienskap uit die Ou en Nuwe Testament geïdentifiseer (vgl. Hoofstuk 3 en 4; samevatting en grondbeginsel in Hoofstuk 5). 'n Samevatting van die beginsels word ter wille van 'n oorsig in die twee onderafdelings direk hierna gegee. Die tweede deel van die normatiewe taak kom later aan die beurt.[309]

Weer eens word die Ou- en Nuwe-Testamentiese beginsels in vier opeenvolgende afdelings (8.5.2-8.5.5) onderskeidelik met die afleidings uit die vier verskillende take in die empiriese navorsing vergelyk. Ten slotte word die Bybelse grondbeginsel en die toepassing daarvan én die afleidings uit die empiriese ondersoek in 'n strategiese model vir herderlike leiding geïntegreer.[310]

8.5.1.1 Beginsels uit die Ou Testament[311]

- 'n Leier besef wat sy Herder bereid was om vir hom te betaal en daarom is hy bereid om sy hele lewe in diens van die Here te stel.
- 'n Leier staan gevolglik nie apaties teenoor die lyding en verdrukking van die mense wat hy lei nie.

Praktiese toepassing van Ou-Testamentiese beginsels vir herderlike leiding

- Die leier sal lankmoedig omgaan met mense wat in hul sonde volhard soos wat God telkens met hom lankmoedig is.
- 'n Ware leier se fokus is nie op homself gerig nie, maar daarop om die mense wat die Here onder sy sorg geplaas het, te dien.

---

[309] Kyk *8.5.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor herderlike leiding* (p. 644).
[310] Kyk *8.6.6 Pragmatiese taak: strategiese model om waarheidsbegronde regverdigheid te versterk* (p. 663).
[311] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.4 Herderlike leiding* (p. 200).

8.5.1.2 Beginsels uit die Nuwe Testament[312]

- 'n Belangrike eienskap van 'n leier wat herderlike leiding gee, is dat hy bereid is om selfs sy lewe te gee om te verseker dat sy volgelinge deur die ingang (Christus) gaan. Daardie persoonlike verhouding met die volgelinge waarin opregte liefde en meelewing openbaar word, is van die uiterse belang. Daarom sal 'n goeie leier ook nie skroom om vir die waarheid op te kom nie.
- 'n Leier wat herderlike leiding gee, ken ook sy volgelinge se diepste behoeftes. Hy moet 'n innige verhouding met elkeen hê omdat hy hulle alleen herderlik kan lei as hy hulle denke verstaan.

Praktiese toepassing van Nuwe-Testamentiese beginsels vir herderlike leiding

Die leier wat herderlik lei, is iemand wat 'n opregte begeerte het om sy volgelinge na Christus toe te lei. Daarom word herderlike leiding veral deur drie kenmerke onderskei, naamlik opregte liefde en meelewing met die volgelinge, 'n innige verhouding met Christus en kennis van sy volgelinge om te weet wat die dinge is wat hulle verhinder om Christus te volg.

Samevatting: Bybelse grondbeginsel vir herderlike leiding en die toepassing daarvan [313]

'n Leier moet as 'n herder deur sy voorbeeld leiding gee. Dit hou in dat hy die vrede, vreugde, liefde en genade wat hy van Christus ontvang het aan sy volgelinge moet deurgee en by hulle moet aanwakker. Hierdie grondbeginsel en die toepassing daarvan word in Diagram 84 (p. 638) as die eerste komponent van die beplande strategiese model opgeneem.

---

[312] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament 4.6.4 Herderlike leiding* (p. 301).

[313] Vgl. *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping, Herderlike leiding* (p. 311).

Diagram 84: Bybelse grondbeginsel vir *herderlike leiding* en die toepassing daarvan

Normatiewe taak
'n Leier moet as 'n herder deur sy voorbeeld leiding gee. Dit hou in dat hy die vrede, vreugde, liefde en genade wat hy van Christus ontvang het aan sy volgelinge moet deurgee en by hulle moet aanwakker.
Praktiese toepassing: ➢ Die leier sal lankmoedig omgaan met mense wat in hul sonde volhard soos wat God telkens met hom lankmoedig is. • 'n Ware leier se fokus is nie op homself gerig nie, maar daarop om die mense wat die Here onder sy sorg geplaas het, te dien. • Die leier wat herderlik lei, is iemand wat 'n opregte begeerte het om sy volgelinge na Christus toe te lei. Daarom word herderlike leiding veral deur drie kenmerke onderskei, naamlik opregte liefde en meelewing met die volgelinge, 'n innige verhouding met Christus en kennis van sy volgelinge om te weet wat die dinge is wat hulle verhinder om Christus te volg.

8.5.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding*

Met die oog daarop om die Osmer se vraag "What is going on?" oor herderlike leiding te beantwoord, word die resultate van die beskrywende taak in die kwalitatiewe en in die kwantitatiewe studie in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) hier ter wille van 'n oorsig herhaal.

8.5.2.1 Kwantitatiewe studie[314]

Twee opvallende struikelblokke wat predikante verhinder om herderlik te lei, is die volgende:

- Predikante is skrikkerig om innige bande van vriendskap met lidmate te vorm.
- Selfgesentreerdheid en eie gemak is 'n probleem by predikante in die GKSA.

[314] Kyk *7.3.3.4 Afdeling D: Herderlike leiding, 7.3.3.4.1 Die vraag: "What is going on?"* (p. 412).

8.5.2.2 Kwalitatiewe studie[315]

Predikante het die volgende antwoorde op die vraag "What is going on?" gegee:

- Lidmate word nie oor hul afgode aangespreek nie.
- Lidmate word nie toegerus om herders te wees nie.
- Opregte bewoënheid en omgee kort.

Volgens die ouderlinge is die volgende sake belangrik in 'n poging om die vraag "What is going on?" te beantwoord

- Leiers faal self voor die afgode van ons tyd.
- Predikante onderskat die waarde daarvan om lidmate te ken.
- Gebedsbediening bestaan nie in die GKSA nie.

Samevatting: Bevindings oor herderlike leiding in die beskrywend-empiriese taak


Volgens die data wat ingesamel is, is die belangrike sake wat die herderlike leiding van predikante kan bedreig die volgende:

- Predikante onderskat die waarde daarvan om lidmate te ken en skeep daarom verhoudings af.
- Leiers faal self voor die afgode van die tyd (bv. selfgesentreerdheid en eie gemak) en kan gevolglik nie die lidmate oor hulle afgode aanspreek nie.
- Lidmate word nie toegerus om self ook herders te wees nie.
- Gebedsbediening bestaan nie in die GKSA nie.

Diagram 85 (p. 640) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir herderlike leiding en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die tekortkominge wat uit die beskrywend-empiriese taak afgelei is.

[315] Kyk *7.4.4.4 Afdeling D – Herderlike leiding, 7.4.4.4.1 D1 Predikante, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan herderlike leiding* (p. 528) en *7.4.4.4.2 D2 Ouderlinge, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan herderlike leiding* (p. 540).

Diagram 85: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *herderlike leiding* en die tekortkominge wat ten opsigte van hierdie leierseienskap uit die beskrywende taak in die empiriese navorsing afgelei is



8.5.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *herderlike leiding*

Die interpreterende taak is eerstens in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasie aan die hand van 'n literatuurstudie uitgevoer (Hoofstuk 6) en tweedens is dit in die empiriese ondersoek gebruik (Hoofstuk 7). Met die onderliggende vraag van die taak, naamlik "Why is it going on?", is baie bruikbare inligting verkry waarom die leierseienskap *herderlike leiding* onder predikante die tekortkominge toon wat in die vorige afdeling aangedui is.

8.5.3.1 Afleidings oor *herderlike leiding* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

Bednarz beklemtoon die emosionele balans wat daar by die leier moet wees. Vir hom beteken dit dat die leier goeie verhoudings met mense moet hê. Portoghese *et al*. sluit hierby aan deur

daarop te wys dat een van die belangrikste dinge wat 'n leier moet doen, is om goeie verhoudings op te bou.[316] Dit skakel by herderlike leiding in die sin dat die leier met die leierseienskap daarop moet fokus om 'n innige verhouding met elkeen van sy volgelinge te hê (vgl. 5.4.4[317]).

Hybels en Weaver (vgl. 6.6)[318] se beskrywing van egte diensknegleierskap sluit ook in 'n groot mate by herderlike leiding aan. Hulle meen dat diensknegleierskap 'n verbintenis is om die self aan die ontwikkeling van ander toe te wy. Net so is dit ook een van die kenmerke van herderlike leiding dat die leier bereid is om selfs sy lewe op te offer om te verseker dat sy volgelinge deur die ingang (Christus) gaan (vgl. 5.4.4[319]).

Hybels en Weaver gee ook 'n aantal eienskappe wat by 'n diensknegleier pas, naamlik om aandagtig te luister, om empatie met ander te hê en om 'n sterk bewustheid van ander te hê (vgl. 6.6[320]). Al drie hierdie eienskappe vind aansluiting by herderlike leiding aangesien daar in 5.3.4[321] daarop gewys is dat die leier nie apaties teenoor die lyding van mense kan staan nie. Hy fokus eerder daarop om die mense wat die Here onder sy sorg geplaas het, te dien. Verder dra die innige verhouding wat die leier met sy volgelinge het (vgl. 5.4.4[322]) daartoe by dat die leier die nodige insig het om te verstaan hoekom hulle dink soos hulle dink.

Samevatting: Bevindings oor herderlike leiding uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

- Die leier moet die nodige emosionele balans hê om goeie verhoudings met mense op te bou.
- Die leier moet diensknegleierskap nastreef waarin hy hom tot die ontwikkeling van ander verbind.
- Eienskappe soos om aandagtig te luister, om empatie met ander te hê en om 'n sterk bewustheid van ander te hê, is interpersoonlike vaardighede waarop die leier hom moet toespits.

---

[316] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[317] Kyk *5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament, 5.4.4 Herderlike leiding* (p. 309).
[318] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[319] Kyk *5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament, 5.4.4 Herderlike leiding* (p. 309).
[320] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[321] Kyk *5.3 Afleidings uit Hoofstuk 3: Ou Testament, 5.3.4 Herderlike leiding* (p. 307).
[322] Kyk *5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament, 5.4.4 Herderlike leiding* (p. 309).

8.5.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *herderlike leiding*

8.5.3.2.1 Kwantitatiewe studie[323]

Die volgende sake is deur die respondente beskou as moontlike oorsake dat predikante sukkel om innige verhoudings met lidmate te vorm:

- Die vrees om seer te kry.
- Te veel lidmate in die gemeente.
- Te veel teleurstellings in mense.
- Gebrek aan liefde.
- Gebrek aan tyd.
- Oppervlakkige roepingsbesef.
- Bang vir jaloesie.

8.5.3.2.2 Kwalitatiewe studie[324]

Predikante wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende as redes genoem waarom predikante sukkel om herderlike leiding te gee:

- Leiers het nie 'n innige verhouding met Christus nie.
- Hulle volg eerder die groep as die Koning.
- Leiers is bang om hulle bloot te stel.
- Predikante neem lidmate se verantwoordelikheid oor.

Die ouderlinge wat deelgeneem het, het die volgende rede genoem waarom leiers sukkel om herderlike leiding te gee:

- Teleurstellings veroorsaak dat predikante hulle onttrek.

Samevatting: Interpreterende taak in die hulpwetenskappe en die empiriese navorsing oor herderlike leiding

Die volgende redes kan genoem word vir die gebrek aan herderlike leiding by predikante:

---


[323] Kyk *7.3.3.4 Afdeling D: Herderlike leiding, 7.3.3.4.2 Die vraag: "Why is it going on?"* (p. 418).

[324] Kyk *7.4.4.4 Afdeling D – Herderlike leiding, 7.4.4.4.1 D1 Predikante, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan herderlike leiding* (p. 531) en *7.4.4.4.2 D2 Ouderlinge, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan herderlike leiding* (p. 542).

- Predikante neem die verantwoordelikheid van lidmate oor omdat hulle hul nie tot die ontwikkeling van ander verbind nie.
- Die gebrek aan 'n innige verhouding met Christus lei tot die gebrek aan sterk verhoudings met die medemens. Die gevolg is dat daar nie aandagtig geluister word nie en dat daar 'n gebrek aan empatie met en bewustheid van ander is.
- Leiers is geneig om eerder die groep as die Koning te volg en die gevolg is vrees vir jaloesie, mense wat teleurstel ens.

Diagram 86 (p. 643) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir herderlike leiding in wisselwerking moet tree met die redes vir gebrek aan herderlike leiding wat uit die literatuurstudie in die hulpwetenskappe en die interpreterende taak in die empiriese ondersoek afgelei is.

Diagram 86: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *herderlike leiding* en die redes vir die gebrek aan die leierseienskap soos afgelei uit die interpreterende taak in die literatuurstudie in die hulpwetenskappe en die empiriese ondersoek



8.5.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding*

Norme vir onderdanige vertroue is uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding* afgelei (Hoofstuk 7) en word hier ter wille van 'n oorsig herhaal.

8.5.4.1 Kwantitatiewe studie[325]

Die ware Herder (Christus) moet met toewyding gevolg word sodat die herder (predikant) 'n dienskneg kan wees wat verhoudings bou ten spyte van teleurstellings.

8.5.4.2 Kwalitatiewe studie[326]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende beginsels voorgestel:

- Spreek die lidmate oor hul afgode aan en rus hulle toe.
- Bou verhoudings met die Here en medegelowiges.
- Daar moet opreg vir ander omgegee word.

Die ouderlinge wat deelgeneem het, huldig die volgende menings:

- Christus se voorbeeld van leiding, versorging en toewyding moet nagevolg word.
- Verhoudings moet doelgerig uitgebou word.

Samevatting: Norme afgelei uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing oor herderlike leiding

Opvallende beginsels wat uit die normatiewe taak afgelei is, kan soos volg saamgevat word:

- 'n Innige verhouding met Christus en medegelowiges moet gebou word. Hierdie verhoudings moet gekenmerk word deur 'n opregte omgee, versorging en toewyding.
- Die leier moet sy volgelinge ken om te weet watter afgode daar in hulle lewens is sodat hy hulle oor hulle afgode kan aanspreek en hulle kan toerus om Christus met toewyding te volg.


---

[325] Kyk die laaste ry van *Tabel 92: Samevatting van die resultate van die ondersoek na herderlike leiding onder predikante* (p. 424).

[326] Kyk *7.4.4.4 Afdeling D – Herderlike leiding, 7.4.4.4.1 D1 Predikante, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie herderlike leiding soos God dit wil* (p. 526) en *7.4.4.4.2 D2 Ouderlinge, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie herderlike leiding soos God dit wil* (p. 538)

Diagram 87 (p. 645) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir herderlike leiding en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die norme wat uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is.

Diagram 87: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *herderlike leiding* en die norme wat uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.5.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *herderlike leiding*

Uit die pragmatiese taak in die empiriese studie (Hoofstuk 7) is daar bruikbare riglyne verkry in die soeke na antwoorde op Osmer se vraag "How might we respond?" ten opsigte van *herderlike leiding*.

8.5.5.1 Kwantitatiewe studie[327]

Die volgende sake kan volgens die respondente help om herderlike leiding te versterk:

- 'n Innige verhouding met Christus moet nagestreef word.
- 'n Skerper fokus moet gerig word op die groot opdrag, naamlik om dissipels vir Christus te maak.
- Toerusting en opleiding wat aan hierdie aspekte van leierskap aandag gee, is nodig.
- Predikante moet moeite doen om lidmate te leer ken.

8.5.5.2 Kwalitatiewe studie[328]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het se menings kan soos volg saamgevat word:

- Leiers moet tyd saam met hulle Herder spandeer.
- 'n Herder moet standpunt inneem teen die afgode van die tyd.
- Teologiese opleiding moet die geestelike groei van die student toets.
- Konsentreer op kleingroepbediening waar lidmate mekaar dien.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings kan soos volg saamgevat word:

- Bekering en gebed is nodig.
- Mentorskapsverhoudings onder predikante is nodig.
- Fokus daarop om verhoudings te bou.
- Opleiding met die klem op "Case studies" moet aangebied word.

---

[327] Kyk *7.3.3.4 Afdeling D: Herderlike leiding,7.3.3.4.3 Die vraag: "How might we respond?"* (p. 420).

[328] *Kyk 7.4.4.4 Afdeling D – Herderlike leiding, 7.4.4.4.1 D1 Predikante, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk herderlike leiding* (p. 533) en *7.4.4.4.2 D2 Ouderlinge,.(d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk herderlike leiding* (p. 543).


Samevatting: Riglyne vir herderlike leiding wat uit die pragmatiese taak in die empiriese navorsing afgelei is

Bogenoemde riglyne kan deur die volgende drie punte saamgevat word:

- Leiers moet hulle daaraan toewy om in hulle verhouding met Christus te groei deur gebed en bekering.
- Daar moet gefokus word op kleingroepbediening waarbinne lidmate mekaar bedien en hulle verhoudings opbou.
- Daar moet sterk standpunt ingeneem word teen die afgode van die tyd deur opnuut dissipels vir Christus te maak.

Diagram 88 (p. 648) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir herderlike leiding en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die riglyne wat uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek afgelei is.

Diagram 88: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *herderlike leiding* en die riglyne wat uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek vir hierdie leierseienskap afgelei is



8.5.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *herderlike leiding* te versterk

Die Bybelse grondbeginsel wat in Hoofstuk 5[329] vir herderlike leiding afgelei is, kom daarop neer dat die leier deur sy voorbeeld die vrede, vreugde, liefde en genade van Christus by ander moet aanwakker. Die norme wat uit die empiriese studie afgelei is, stem grootliks daarmee ooreen, aangesien daar ook in die empiriese studie genoem is dat die leier se verhoudings gekenmerk moet word deur opregte omgee, versorging en toewyding. Verder is daar in die normatiewe taak – die deel waarin Skrifbeginsels geïdentifiseer is – bevind dat Christus se voorbeeld by die volgelinge aangewakker moet word, terwyl daar ook in die empiriese studie genoem is dat die volgelinge oor hulle afgode aangespreek en toegerus moet word om Christus met toewyding te volg.

Uit die beskrywende taak blyk dit dat hierdie norm bedreig word omdat predikante die waarde daarvan om lidmate te ken, onderskat en verhoudings afskeep. Uit die interpreterende taak is daar 'n moontlike rede vir hierdie verskynsel gevind. 'n Gebrekkige verhouding met Christus veroorsaak dat leiers nie goeie verhoudings met hulle medemense het nie en die gevolg daarvan is dat hulle nie aandagtig luister nie en dat hulle 'n gebrek aan empatie met en bewustheid van ander toon. In die pragmatiese taak word voorgestel dat leiers hulle daaraan moet toewy om in hulle verhouding met Christus te groei deur gebed en bekering. Die strategie wat dus hier voorgestel word, is die volgende:

- Leiers moet hulle daaraan toewy om in hulle verhouding met Christus te groei sodat hulle Christus se liefde vir, empatie met en bewustheid van mense leer ken.

Uit die beskrywende taak het dit ook duidelik geword dat leiers self voor die afgode van die tyd faal en gevolglik nie die lidmate oor hulle afgode kan aanspreek nie. In aansluiting hierby is daar in die interpreterende taak bevind dat die leiers geneig is om eerder die groep as die Koning te volg. Die belange van die groep is dus vir die leier belangriker as die belange van Christus. Hierdie gebrek kan deur 'n innige verhouding met Christus geheel word, soos wat in bogenoemde strategie aanbeveel is. Die belangrikheid van hierdie saak maak dit noodsaaklik dat daar meer spesifiek op hierdie probleem gekonsentreer moet word. In die pragmatiese taak is daar voorgestel dat daar sterk standpunt ingeneem moet word teen die afgode van die tyd deur dissipels vir Christus te maak. Die volgende strategie word voorgestel:

---

[329] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in *die gemeente se roeping, Herderlike leiding* (p. 311).


- Leiers moet sterk standpunt inneem teen die afgode van die tyd (bv. selfgesentreerdheid en eie gemak) deur Christus as die enigste Koning te volg en dissipels vir Hom te maak.

'n Verdere bedreiging van herderlike leiding is dat lidmate nie genoegsaam toegerus word om self ook leiers te wees nie. 'n Moontlike rede wat uit die interpreterende taak vir hierdie probleem afgelei is, is dat leiers hulle nie tot die ontwikkeling van ander verbind nie en daarom neem hulle al die verantwoordelikheid op hulle eie skouers. In die pragmatiese taak word aanbeveel dat leiers meer moet fokus op kleingroepbediening, wat lidmate die geleentheid bied om mekaar te bedien en verhoudings te bou. Die volgende strategie word dus voorgestel:

- Leiers moet hulle tot die ontwikkeling van ander verbind deur byvoorbeeld te fokus op kleingroepbediening, wat aan lidmate die geleentheid bied om mekaar te bedien.

Diagram 89 (p. 651) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel, die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge, die norme en die riglyne ten opsigte van die leierseienskap herderlike leiding in 'n strategiese model geïntegreer kan word met die oog daarop om die leierskap van die predikant in die gemeente se roeping te versterk.

Diagram 89: Strategiese model om *herderlike leiding* te versterk



8.6 Waarheidsbegronde regverdigheid

Die kernafleidings wat uit die verskillende take van Osmer oor *waarheidsbegronde regverdigheid* gemaak is, word in hierdie afdeling in 'n strategiese model geïntegreer.

8.6.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *waarheidsbegronde regverdigheid*

Soos in die geval van die ander leierseienskappe het die normatiewe taak ten opsigte van *waarheidsbegronde regverdigheid* uit twee dele bestaan. Eerstens is beginsels vir die leierseienskap in die Ou en Nuwe Testament geïdentifiseer (Hoofstuk 3 en 4; samevatting en grondbeginsel in Hoofstuk 5). Tweedens is norme vir die leierseienskap afgelei uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek (vgl. Hoofstuk 7).

Die Bybelse beginsels word in die twee onderafdelings direk hierna herhaal, maar die norme wat uit die empiriese ondersoek afgelei is, kom later aan die beurt.[330] Verder word die Ou- en Nuwe-Testamentiese beginsels in hierdie afdeling in vier opeenvolgende afdelings (8.6.2-8.6.5) met die afleidings uit die vier verskillende take in die empiriese navorsing vergelyk. Ten slotte word die Bybelse grondbeginsel en die empiriese afleidings in 'n strategiese model vir waarheidsbegronde regverdigheid geïntegreer.[331]

8.6.1.1 Beginsels uit die Ou Testament[332]

Die leier moet die volle waarheid praat en liefhê aangesien hy God, wat die Vader van die Waarheid is, dien. Optrede wat in die waarheid begrond is, maak dit vir die leier moontlik om regverdig op te tree.

Praktiese toepassing van Ou-Testamentiese beginsels vir waarheidsbegronde regverdigheid

- Halwe waarhede is so goed soos 'n leuen.
- Berou moet opreg wees en nie net vir die skyn getoon word nie.
- Omdat die leier ook die waarheid oor homself glo (nuut in Christus), sal hy beledigings nie persoonlik opneem nie.

---

[330] Kyk *8.6.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 658).
[331] Kyk *8.6.6 Pragmatiese taak: strategiese model om waarheidsbegronde regverdigheid te versterk* (p. 664).
[332] *Kyk 3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.5 Waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 200).

8.6.1.2 Beginsels uit die Nuwe Testament[333]

'n Leier kan alleen regverdig in sy doen en late wees as hy die Waarheid (Jesus) liefhet. Wanneer Christus die belangrikste in die leier se lewe is, sal hy nie die waarheid vir eiegewin wil verdraai nie, omdat Christus (die Waarheid) vir hom die grootste skat is. Die leier moet 'n lewe lei wat kenmerkend daarvan is dat sy fondament die Waarheid is en dit sal veral sigbaar word in die regverdigheid waarmee hy handel.

Praktiese toepassing van Nuwe-Testamentiese beginsels vir waarheidsbegronde regverdigheid

'n Leier wat waarheidsbegronde regverdigheid nastreef, sal die waarheid met alles in hom liefhê omdat Christus die Waarheid is. Die gevolg van liefde vir die waarheid wat in Christus begrond is, word sigbaar in regverdigheid.

Samevatting: Bybelse grondbeginsel vir waarheidsbegronde regverdigheid en die toepassing daarvan[334]

Die leier moet, in navolging van Christus, die waarheid tot elke prys nastreef om sodoende regverdig te kan optree en ook ander daartoe te kan beïnvloed.

Hierdie grondbeginsel en die toepassing daarvan op die leierskap van die predikant word in die Diagram 90 (p. 653) as die eerste komponent van die beplande strategiese model opgeneem.

Diagram 90: Toepassing van die Bybelse grondbeginsel vir *waarheidsbegronde regverdigheid*

Normatiewe taak
Die leier moet in navolging van Christus, die waarheid tot elke prys nastreef om sodoende regverdig te kan optree en ook ander daartoe te kan beïnvloed.
Praktiese toepassing: ➢ Halwe waarhede is so goed soos 'n leuen. ➢ Berou moet opreg wees en nie net vir die skyn daarvan getoon word nie. ➢ Omdat die leier ook die waarheid oor homself glo (nuut in Christus), sal hy beledigings nie persoonlik opneem nie. • 'n Leier wat waarheidsbegronde regverdigheid nastreef, sal die waarheid met alles in hom liefhê omdat Christus die Waarheid is. Die gevolg van liefde vir die waarheid wat in die Waarheid begrond is, word sigbaar in regverdigheid.

[333] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament, 4.6.5 Waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 302).
[334] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping, Waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 311).

8.6.2 Beskrywend-empiriese taak: bevindings oor *waarheidsbegronde regverdigheid*

Met die oog daarop om Osmer se vraag "What is going on?" oor *waarheidsbegronde regverdigheid* te beantwoord, word die resultate van die beskrywende taak in die kwalitatiewe en in die kwantitatiewe studie in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) hier ter wille van 'n oorsig herhaal.

8.6.2.1 Kwantitatiewe studie[335]

Uit die kwantitatiewe studie was dit duidelik dat die predikant-respondente by uitnemendheid sterker daaroor gevoel het dat daar 'n tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante in die GKSA is. Wat veral opgeval het, was dat predikante nie die vrymoedigheid het om eerlik om verskoning te vra vir foute wat hulle gemaak het nie.

8.6.2.2 Kwalitatiewe studie[336]

Predikante het die volgende sake genoem in antwoord op die vraag: "What is going on?":

- Die verstaan van die waarheid word belangriker as die Waarheid (Christus).
- Daar is eerder veroordeling as regverdigheid.

Vir die ouderlinge is die volgende sake belangrik om die vraag "What is going on?" te beantwoord:

- Waarheid word in sake waaroor daar nie duidelike Skrifuitsprake is nie, gesoek.
- Leiers wil mense in plaas van God tevrede stel

Samevatting: Bevindings van die beskrywend-empiriese taak oor waarheidsbegronde regverdigheid

Volgens die data wat ingesamel is, is belangrike bedreigings vir die waarheidsbegronde regverdigheid van predikante die volgende:

- Die verstaan van die waarheid word belangriker as die Waarheid (Christus) en daarom word die waarheid op die verkeerde plekke gesoek.
- Leiers wil mense in plaas van God tevrede stel.


---

[335] Kyk *7.3.3.5 Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.3.3.5.1 Die vraag: "What is going on?"* (p. 424).

[336] Kyk *7.4.4.5 Afdeling E – Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.4.4.5.1 E1 Predikante, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 549) en *7.4.4.5.2 E2 Ouderlinge, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 558).

Diagram 91 (p. 655) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir waarheidsbegronde regverdigheid en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die tekortkominge wat uit die beskrywende taak afgelei is.

Diagram 91: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *waarheidsbegronde regverdigheid* en die tekortkominge wat ten opsigte van hierdie leierseienskap uit die beskrywend-empiriese taak afgelei is



8.6.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *waarheidsbegronde regverdigheid*

Die interpreterende taak oor *waarheidsbegronde regverdigheid* is eerstens in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasiekunde aan die hand van 'n literatuurstudie uitgevoer (Hoofstuk 6); tweedens is dit in die empiriese ondersoek gebruik (Hoofstuk 7). Aan die hand van die onderliggende vraag van die taak, naamlik "Why is it going on?", is baie bruikbare inligting verkry waarom die leierseienskap onder predikante die tekortkominge toon wat in die vorige afdeling saamgevat is.

8.6.3.1 Afleidings oor *waarheidsbegronde regverdigheid* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

Ten opsigte van waarheidsbegronde regverdigheid is daar veral twee sake wat opval. Bednarz (vgl. 6.6[337]) beklemtoon dat die leier geloofwaardig moet wees. Hierdie geloofwaardigheid sluit aan by die begrip *waarheidsbegronde regverdigheid* omdat net die waarheid geloofwaardigheid by mense kan inboesem. 'n Leier wie se lewe in waarheid begrond is, sal nie die waarheid vir eiegewin verdraai nie en daarom sal hy in alles regverdig wees (5.4.5[338]).

Eerlikheid is een van die vier eienskappe wat volgens Kouzes en Posner (vgl. 6.6[339]) oor al die jare boaan die voorkeurlys van goeie leierskap verskyn. Daar is 'n sterk verband tussen waarheidsbegronde regverdigheid en eerlikheid aangesien albei die waarheid nastreef. In 5.4.5[340] is genoem dat een van die beginsels van waarheidsbegronde regverdigheid juis is dat die leier die waarheid met alles wat in hom is, sal liefhê omdat Christus die Waarheid is.

Samevatting: Bevinding oor waarheidsbegronde regverdigheid uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

- Die leier moet geloofwaardig wees.
- Eerlikheid is een van die belangrikste eienskappe vir leierskap.

8.6.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *waarheidsbegronde regverdigheid*

8.6.3.2.1 Kwantitatiewe studie[341]

Die rede waarom daar 'n gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid onder leiers is, kan soos volg saamgevat word:

- Leiers besef nie dat die waarheid by 'n verhouding met Christus begin nie.
- Die druk en aanslag van die wêreld speel 'n rol.
- Die roepingsbewustheid van predikante ontbreek.

---

[337] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[338] Kyk *5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament, 5.4.5 Waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 310).
[339] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[340] Kyk *5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament, 5.4.5 Waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 310).
[341] Kyk *7.3.3.5 Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.3.3.5.2 Die vraag: "Why is it going on?"* (p. 430).

8.6.3.2.2 Kwalitatiewe studie[342]

Predikante het die volgende redes genoem waarom predikante met waarheidsbegronde regverdigheid sukkel:

- Standpunte word belangriker as die Waarheid.
- Daar is 'n gebrek aan deurleefde sekerheid van jou identiteit in Christus.
- Daar is 'n gebrek aan goeie verhoudings waardeur daar toegang verkry word tot mekaar se integriteit.

Die ouderlinge het die volgende redes aangevoer waarom leiers met waarheidsbegronde regverdigheid sukkel:

- Predikante wil altyd die regte antwoord hê.
- Die waarheid word nie genoeg bespreek sodat die leiers mekaar ook oor hul gebreke waar dit die waarheid aangaan, kan konfronteer nie.

Samevatting: Interpreterende taak in die hulpwetenskappe en die empiriese navorsing oor waarheidsbegronde regverdigheid

Bogenoemde sake kan beskryf word as 'n gebrekkige identiteit en swak verhoudings en kan soos volg verduidelik kan word.


- Die rede waarom die leier sukkel om eerlik te wees of die druk en aanslae van die wêreld te hanteer of dat standpunte belangriker as die waarheid word, is omdat sy identiteit nie stewig in Christus geanker is nie. Die waarheid oor die nuwe identiteit wat die leier in Christus ontvang, bring mee dat hy selfs oor sy eie swakhede eerlik sal kan wees.
- Die gebrek aan goeie verhoudings veroorsaak weer dat die leier nie die waarheid, gebrek aan geloofwaardigheid ens. genoeg kan bespreek nie. Sterk verhoudings is nodig waarin daar toegang tot mekaar se integriteit verkry word.

Diagram 92 (p. 658) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir waarheidsbegronde regverdigheid en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die redes vir die tekortkominge ten opsigte van die leierseienskap onder predikante.

---

[342] Kyk *7.4.4.5 Afdeling E – Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.4.4.5.1 E1 Predikante, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 550) en *7.4.4.5.2 E2 Ouderlinge, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 559).

Diagram 92: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *waarheidsbegronde regverdigheid* en die redes vir die gebrek aan die leierseienskap soos wat uit die interpreterende taak in die literatuurondersoek in die hulpwetenskappe en die empiriese ondersoek afgelei is



8.6.4 Normatiewe taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *waarheidsbegronde regverdigheid*

In hierdie afdeling, wat die tweede deel van die normatiewe taak vorm, word die norme wat in die empiriese ondersoek na die leierseienskap *waarheidsbegronde regverdigheid* afgelei is (Hoofstuk 7), samevattend herhaal ter wille van nadenke/refleksie en integrering in die ontwerp van die beoogde strategiese model.

8.6.4.1 Resultate van die kwantitatiewe studie[343]

Waarheidsbegronde regverdigheid begin by 'n verhouding met Christus waarin daar probeer word om in die Waarheid te leef.

8.6.4.2 Kwalitatiewe studie[344]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende norme voorgestel:

- Christus is die waarheid waardeur mense opgebou word.
- Die verstaan van waarheid moet nederig aan die Waarheid onderwerp word.
- Die waarheid maak dapper en gee integriteit.

Die ouderlinge wat deelgeneem het, het die volgende menings uitgespeek:

- Christus is die Waarheid wat nagevolg moet word.
- Die waarheid moet met integriteit nagestreef word.

Samevatting: Norme vir waarheidsbegronde regverdigheid wat uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing afgelei is

Opvallende norme uit die normatiewe taak kan in twee groepe verdeel word, naamlik die navolging van Christus, wat dié Waarheid is, en integriteit. Dit kan soos volg verduidelik word:

- Christus is dié Waarheid en daarom moet die leier sy lewe op die waarheid bou wat in Christus gevind word. Slegs 'n innige verhouding met Christus sal dit moontlik maak dat die leier in alles regverdig kan wees.
- Die gevolg van 'n lewe wat op Christus gebou word, is integriteit. Integriteit maak 'n mens dapper sodat die waarheid nooit vir eiegewin verruil sal word nie.


Diagram 93 (p. 660) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir waarheidsbegronde regverdigheid en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die norme wat uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is.

---

[343] Kyk die laaste ry in *Tabel 107: Samevatting van die resultate van die ondersoek na waarheidsbegronde regverdigheid onder predikante* (p. 435).

[344] Kyk *7.4.4.5 Afdeling E – Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.4.4.5.1 E1 Predikante, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* (p. 546) en *7.4.4.5.2 E2 Ouderlinge,(a) Normatiewe taak en die hoofkategorie waarheidsbegronde regverdigheid soos God dit wil* (p. 556).

Diagram 93: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *waarheidsbegronde regverdigheid* en die norme wat vir hierdie leierseienskap uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.6.5 Pragmatiese taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *waarheidsbegronde regverdigheid*

Uit die pragmatiese taak in die empiriese studie (Hoofstuk 7) is daar bruikbare aanbevelings verkry in die soeke na antwoorde op Osmer se vraag "How might we respond?" ten opsigte van *waarheidsbegronde regverdigheid*. Ter wille van nadenke/refleksie oor en die integrering van die aanbevelings in die ontwerp van die beoogde strategiese model word die opsomming van die aanbevelings hier herhaal.

8.6.5.1 Kwantitatiewe studie[345]

Die belangrikste aanbeveling om waarheidsbegronde regverdigheid te versterk, is volgens die respondente dat Christus meer moet word en die leier minder.

8.6.5.2 Kwalitatiewe studie[346]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het se aanbevelings kan soos volg saamgevat word:

- Toerusting moet aangebied word oor wat waarheid is met die fokus op 'n innige verhouding met Christus.
- Daar moet eerlik na die wil van God gesoek word.
- Integriteit moet ontwikkel word deur kritiese vrae aan mekaar te stel.
- Liefdevolle verhoudings moet onder mekaar opgebou word.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se aanbevelings kan soos volg saamgevat word:

- Toerusting wat met die waarheid toerus en geloofsgroei kweek, moet aangebied word.
- Daar moet 'n opregte soeke na die waarheid wees sodat beginselbesluite geneem kan word.
- Teologiese opleiding moet aangepas word sodat predikante vir die eerste paar jaar van hul studies saam met ervare predikante kan bedien.

Samevatting: Riglyne vir waarheidsbegronde regverdigheid wat uit die pragmatiese taak in die empiriese navorsing afgelei is

Die riglyne wat uit die pragmatiese taak afgelei is, kan soos volg saamgevat word:

- Daar moet eerlik gesoek word na God se wil vir die leier se lewe sodat die leier minder word en Christus meer.
- Opleiding is nodig waarin daar op die persoon se integriteit gefokus word.
- Teologiese opleiding moet aangepas word sodat die student vir die eerste paar jaar van sy studies saam met 'n ervare predikant kan bedien.


---

[345] Kyk *7.3.3.5 Afdeling E: Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.3.3.5.3 Die vraag: "How might we respond?"*(p. 431).

[346] Kyk *7.4.4.5 Afdeling E – Waarheidsbegronde regverdigheid, 7.4.4.5.1 E1 Predikante, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 552) en *7.4.4.5.2 E2 Ouderlinge, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk waarheidsbegronde regverdigheid* (p. 561).

Diagram 94 (p. 662) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir waarheidsbegronde regverdigheid in wisselwerking moet tree met die riglyne wat uit die pragmatiese taak van die empiriese ondersoek afgelei is.

Diagram 94: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *waarheidsbegronde regverdigheid* en die riglyne wat vir hierdie leierseienskap uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.6.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *waarheidsbegronde regverdigheid* te versterk

Die afleidings oor *waarheidsbegronde regverdigheid* word in hierdie afdeling in 'n strategiese model vir die leierseienskap geïntegreer.

In Hoofstuk 4 is daar uit die normatiewe taak in die ondersoek van die Nuwe Testament die beginsel afgelei dat die leier in navolging van Christus die waarheid tot elke prys moet nastreef om sodoende regverdig te kan optree en ook ander daartoe te kan beïnvloed. Die norme wat uit die empiriese studie afgelei is, sluit daarby aan omdat daar ook van die standpunt uitgegaan is dat Christus die Waarheid is wat nagevolg moet word. Verder is dit 'n baie duidelike beginsel in die Ou en Nuwe Testament dat die waarheid tot elke prys nagestreef moet word, terwyl dit uit die normatiewe taak in die empiriese studie duidelik was dat die waarheid nooit vir eiegewin verruil mag word nie.

Uit die beskrywende taak het dit geblyk dit dat hierdie norm bedreig word wanneer die leier se verstaan van die waarheid belangriker as die wil van Christus word en die waarheid gevolglik in die verkeerde sake gesoek word. 'n Verklaring uit die interpreterende taak van die verskynsel is dat die leier sy verstaan van die waarheid belangriker as Christus ag wanneer sy identiteit nie stewig in Christus geanker is nie. In die pragmatiese taak is daar bevind dat die tekortkoming te bowe gekom kan word. Die leier moet eerlik soek na God se wil vir sy lewe sodat Christus al hoe meer sal word en hy en sy belange al hoe minder. Die volgende strategie kan dus voorgestel word:

- Die leier moet sy identiteit stewig in Christus (die Waarheid) anker deur ywerig te soek na God se wil vir sy lewe sodat Christus meer word en hy minder.

Nog 'n bedreiging vir waarheidsbegronde regverdigheid is dat die leier probeer om mense in plaas van God tevrede te stel. Sodra dit gebeur, sal leiers verskillend begin reageer in die teenwoordigheid van verskillende mense. Hierdie probleem kan in 'n groot mate deur die laasgenoemde strategie opgelos word, naamlik dat die leier ywerig moet soek na God se wil vir sy lewe. Uit die pragmatiese taak is 'n bykomende riglyn voorgestel, naamlik dat opleiding nodig is waarin daar op die persoon se integriteit gekonsentreer word. Die volgende strategie word voorgestel:

- Opleiding van leiers moet fokus op die persoon se integriteit sodat hy daarop ingestel sal wees om God in sy lewe te wil tevrede stel.

Diagram 95: Strategiese model om *waarheidsbegronde regverdigheid* te versterk




Diagram 95 (p. 664) toon aan hoe die grondbeginsel, die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge, die norme en die riglyne ten opsigte van die leierseienskap waarheidsbegronde regverdigheid in 'n strategiese model geïntegreer kan word met die oog daarop om die leierskap van die predikant in die gemeente se roeping te versterk.

8.7 Geestelike onderskeidingsvermoë

In hierdie afdeling word 'n strategiese model vir die leierseienskap *geestelike onderskeidingsvermoë v*oorgestel. Die Bybelse grondbeginsel vir die leierseienskap en die toepassing word in vier opeenvolgende onderafdelings (8.7.2-8.7.5) met die afleidings van onderskeidelik die vier verskillende take in die empiriese navorsing geïntegreer.

8.7.1 Normatiewe taak: beginsels uit die Ou en Nuwe Testament vir *geestelike onderskeidingsvermoë*

Soos in die geval van die ander leierseienskappe het die normatiewe taak ten opsigte van geestelike onderskeidingsvermoë uit twee dele bestaan: beginsels is in die Ou en Nuwe Testament geïdentifiseer (vgl. Hoofstuk 3 en 4; samevatting en grondbeginsel in Hoofstuk 5) en norme is uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei (vgl. Hoofstuk 7). Die beginsels uit die Ou en Nuwe Testament word in die onderafdeling direk hierna ter wille van 'n oorsig herhaal, maar die norme uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek kom in 'n latere afdeling aan die beurt.[347]

8.7.1.1 Beginsels uit die Ou Testament[348]

- Die leier se geestelike onderskeidingsvermoë is nou gekoppel aan sy verhouding met God. Hoe beter die leier God ken, hoe groter sal sy insig in moeilike omstandighede wees.
- Die leier met geestelike onderskeidingsvermoë het die wysheid om verder te kyk as die tydelike dinge om ook dit wat ewigheidswaarde het, raak te sien. Daarom moet die leier sy lewe vanuit 'n ewigheidsperspektief sien deur altyd saam met God sy oë op die eindpunt te rig.

---

[347] Kyk *8.7.6 Pragmatiese taak: strategiese model om geestelike onderskeidingsvermoë te versterk* (p. 678).
[348] Kyk *3.7 Samevatting: Eksegetiese afleidings uit die Ou Testament vir leierskap, 3.7.6 Geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 200).

Praktiese toepassing van beginsels uit die Ou Testament vir geestelike onderskeidingsvermoë

- Die leier besef dat dit nie hy is wat mense van 'n saak kan oortuig nie en daarom laat hy dit geheel en al aan God oor om sy wil te laat geskied.
- 'n Leier sal hom altyd in gebed tot God wend om in moeilike omstandighede aan hom uitkoms te gee.
- Dit is vir die leier baie belangriker om sy lewe aan God te wy as om verskillende godsdienstige reëls na te kom.
- 'n Leier met geestelike onderskeidingsvermoë sal die omvang van sy sonde beter verstaan sodat die berou wat hy het, opreg kan wees.
- Geestelike onderskeidingsvermoë gee aan die leier die nodige wysheid om te besef dat niemand iets aan sy lewe kan doen as dit nie die Here se wil is nie (Rom. 8:28 & 38-39) en daarom hoef die leier ook nie vir dreigemente bang te wees nie.

8.7.1.2 Beginsels uit die Nuwe Testament[349]

- Die leier het geestelike onderskeidingsvermoë nodig om te besef dat hy sonder voedsel (die nodige lewensmiddele) steeds die ewige lewe kan ontvang maar sonder God is hy vir ewig verlore. Daarom bepaal 'n leier se lewensomstandighede nie sy geluk en sukses nie, maar sy verhouding tot Christus. Christus is die enigste weg tot saligheid.
- Geestelike onderskeidingsvermoë is ook nodig om te begryp dat die reëls van die koninkryk anders as dié van die wêreld is. In die koninkryk van God is die een wat die belangrikste is, die een wat dien en nie die een wat gedien word nie. Net so kan kerklike eenheid nie bereik word deur die najaag van doelwitte nie, maar dit kan alleen tot stand kom deur Christus die middelpunt van aanbidding te maak.

Praktiese toepassing van Nuwe-Testamentiese beginsels vir geestelike onderskeidingsvermoë

- Die leier moet die nodige geestelike onderskeidingsvermoë hê om te besef dat sy omstandighede nie sy geluk en sukses bepaal nie.
- Verder moet die leier ook besef dat die reëls in die koninkryk van God anders is as dié van die wêreld.

[349] Kyk *4.6 Beginsels afgelei uit die Nuwe Testament, 4.6.6 Geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 302).

Samevatting: Grondbeginsel vir geestelike onderskeidingsvermoë en die toepassing daarvan

'n Leier se verhouding met die wyse God moet hom in staat stel om die onderskeidingsvermoë wat die Gees gee, in alle omstandighede só toe te pas dat hy met wysheid kan onderskei tussen reg en verkeerd, belangrik en minder belangrik. Verder moet hy in die opsig 'n voorbeeld wees wat ander kan navolg.

Hierdie grondbeginsel en die toepassing daarvan op die leierskap van die predikant word in die Diagram 96 (p. 667) opgeneem as die eerste komponent van die beplande strategiese model.

Diagram 96: Toepassing van die Bybelse grondbeginsel vir die leierseienskap *geestelike onderskeidingsvermoë*

Normatiewe taak
'n Leier se verhouding met die wyse God moet hom in staat stel om die onderskeidingsvermoë wat die Gees gee, in alle omstandighede só toe te pas dat hy met wysheid kan onderskei tussen reg en verkeerd, belangrik en minder belangrik. Verder moet hy in die opsig 'n voorbeeld wees wat ander kan navolg.
Praktiese toepassing: ➢ Die leier besef dat dit nie hy is wat mense van 'n saak kan oortuig nie en daarom laat hy dit geheel en al aan God oor om sy wil te laat geskied. ➢ 'n Leier sal hom altyd in gebed tot God wend om in moeilike omstandighede aan hom uitkoms te gee. ➢ Dit is vir die leier baie belangriker om sy lewe aan God te wy as om verskillende godsdienstige reëls na te kom. ➢ 'n Leier met geestelike onderskeidingsvermoë sal die omvang van sy sonde beter verstaan sodat die berou wat hy het, opreg kan wees. ➢ Geestelike onderskeidingsvermoë gee aan die leier die nodige wysheid om te besef dat niemand iets aan sy lewe kan doen as dit nie die Here se wil is nie (Rom. 8:28 & 38-39) en daarom hoef die leier ook nie vir dreigemente bang te wees nie. ➢ Die leier moet die nodige geestelike onderskeidingsvermoë hê om te besef dat sy omstandighede nie sy geluk en sukses bepaal nie. ➢ Verder moet die leier ook besef dat die reëls in die koninkryk van God anders as dié van die wêreld is.

8.7.2 Beskrywende taak: bevindings in die empiriese navorsing oor *geestelike onderskeidingsvermoë*

Met die oog daarop om die Osmer se vraag "What is going on?" oor waarheidsbegronde regverdigheid te beantwoord, word daar weer oor die resultate van die beskrywende taak in die kwalitatiewe en in die kwantitatiewe studie in die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) nagedink.

8.7.2.1 Kwantitatiewe studie[350]

Die tekortkominge wat hier opval, is die volgende:

- Die fokus van predikante is nie altyd op die dinge wat werklik belangrik is nie.
- Die woorde en optrede van predikante getuig nie altyd daarvan dat hulle besef dat 'n lewe wat aan God toegewy is, belangriker is as reëls wat nagekom moet word nie.

8.7.2.2 Kwalitatiewe studie[351]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende moontlikhede as antwoorde op die vraag "What is going on?" genoem:

- Daar word nie genoeg gefokus op die uitbreiding van die koninkryk nie.
- Daar bestaan 'n gebrek aan eensgesindheid onder leiers.
- Predikante dra alleen die verantwoordelikheid vir die versorging van gemeentes.

Volgens die ouderlinge wat deelgeneem het, is die volgende probleme belangrik:

- Daar word só oor middelmatige sake gekibbel dat dit soos beginselsake hanteer word.
- Leiers hou hulle besig met dinge wat nie deel van hulle roeping is nie.
- Leiers skaar hulle by sekere groepe in gemeentes.

Samevatting: Bevindings uit die beskrywend-empiriese taak oor geestelike onderskeidingsvermoë

Volgens die data wat ingesamel is, is die belangrikste saak wat die geestelike onderskeidingsvermoë van predikante kan bedreig die volgende:

- Predikante fokus nie op die dinge wat deel van hulle roeping is nie, byvoorbeeld die uitbreiding van die koninkryk en 'n lewe in toewyding aan Christus.


---

[350] Kyk *7.3.3.6 Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.3.3.6.1 Die vraag: "What is going on?"* (p. 436).

[351] Kyk *7.4.4.6 Afdeling F – Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.4.4.6.1 F1 Predikante, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 567) en *7.4.4.6.2 F2 Ouderlinge, (b) Beskrywende taak en die hoofkategorie tekort aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 577)

Diagram 97 (p. 669) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir geestelike onderskeidingsvermoë en die toepassing daarvan in wisselwerking moet tree met die tekortkominge wat uit die beskrywend-empiriese taak ten opsigte van die leierseienskap afgelei is.

Diagram 97: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *geestelike onderskeidingsvermoë* en die tekortkominge wat ten opsigte van die leierseienskap uit die beskrywend-empiriese taak afgelei is



8.7.3 Interpreterende taak: afleidings uit die hulpwetenskappe en resultate van die empiriese navorsing oor *geestelike onderskeidingsvermoë*

Die interpreterende taak is eerstens in die hulpwetenskappe bedryfsosiologie en kommunikasiekunde aan die hand van 'n literatuurstudie uitgevoer (Hoofstuk 6); tweedens is dit in die empiriese ondersoek gebruik (Hoofstuk 7). Aan die hand van die onderliggende vraag van die taak, naamlik "Why is it going on?", is baie bruikbare inligting verkry waarom die leierseienskap *geestelike onderskeidingsvermoë* onder predikante die tekortkominge toon wat in die vorige afdeling saamgevat is.

8.7.3.1 Afleidings oor *geestelike onderskeidingsvermoë* uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

'n Raakpunt tussen die transformasionele leierskapstyl en geestelike onderskeidingsvermoë is dat daar 'n visie geskep en geartikuleer word. Kouzes en Posner[352] identifiseer ook vooruitsiendheid as een van die vier eienskappe wat deur die jare boaan die lys van voorkeureienskappe vir leierskap staan. Die leier met geestelike onderskeidingsvermoë het die wysheid om verder te kyk as die tydelike dinge om ook dit wat ewigheidswaarde het, raak te sien (vgl. 5.3.6[353]). Die visie van die leier met geestelike onderskeidingsvermoë is om die dinge wat ewigheidswaarde het, in besit te neem.

Kouzes en Posner[354] beklemtoon ook dat die leier moet modelleer, inspireer en bemoedig. Hierdie is almal eienskappe wat goed by geestelike onderskeidingsvermoë pas, aangesien die leier met geestelike onderskeidingsvermoë ander deur sy voorbeeld moet inspireer om nie hulle geluk in die tydelike nie maar in die ewige te soek (vgl. 5.4.6[355]).

Samevatting: Bevindings oor geestelike onderskeidingsvermoë uit die interpreterende taak in die hulpwetenskappe

- 'n Transformasionele leierskapstyl is nodig waarin 'n visie geskep en geartikuleer word.
- Die leier moet iemand wees wat kan modelleer, inspireer en bemoedig.

---

[352] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[353] Kyk *5.3 Afleidings uit Hoofstuk 3: Ou Testament*, 5.3.6 Geestelike onderskeidingsvermoë (p. 307).
[354] Kyk *6.6 Die profiel van leierskap volgens die hulpwetenskappe* (p. 352).
[355] Kyk *5.4 Afleidings uit Hoofstuk 4: Nuwe Testament, 5.4.6 Geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 310).

8.7.3.2 Die resultate van die interpreterende taak in die empiriese studie oor *geestelike onderskeidingsvermoë*

8.7.3.2.1 Kwantitatiewe studie[356]

Die rede hoekom daar 'n gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë onder leiers is, kan moontlik die volgende wees:

- Wetsnakoming word oorbeklemtoon en 'n innige verhouding met Christus word onderbeklemtoon.
- Daar word nie genoeg klem gelê op geestelike ontwikkeling tydens teologiese studies nie.
- Tradisies en kultuur is struikelblokke.
- Die begeerte om in beheer te wil wees, vertroebel geestelike onderskeidingsvermoë.

8.7.3.2.2 Kwalitatiewe studie[357]

Volgens die predikante wat deelgeneem het, is die volgende tekortkominge redes waarom predikante met geestelike onderskeidingsvermoë sukkel:

- 'n Innige verhouding met Christus waarin daar in nederigheid om geestelike onderskeidingsvermoë gevra word, ontbreek.
- Leiers dra slegte vrugte weens 'n gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë en doen niks daaraan nie omdat hulle nie bereid is om hulleself te verloën nie.

Volgens die ouderlinge is die volgende tekortkoming die rede waarom leiers met geestelike onderskeidingsvermoë sukkel:

- Geestelike groei, die uitbreiding van die koninkryk en die navolging van Christus is nie meer die belangrikste fokus nie.

Samevatting: Interpreterende taak in die hulpwetenskappe en die empiriese navorsing oor geestelike onderskeidingsvermoë

Bogenoemde sake kan almal saamgevat word as die gebrekkige visie en afwesigheid van modellering en inspirerende optrede van leiers. Dit kan soos volg verduidelik word:

---


[356] Kyk *7.3.3.6 Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.3.3.6.2 Die vraag: "Why is it going on?"* (p. 442).

[357] Kyk *7.4.4.6 Afdeling F – Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.4.4.6.1 F1 Predikante, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 569) en *7.4.4.6.2 F2 Ouderlinge, (c) Interpreterende taak en die hoofkategorie redes vir die gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 579).

- ’n Gebrekkige visie sal veroorsaak dat daar nie gekonsentreer word op geestelike groei, die uitbreiding van die koninkryk en die navolging van Christus nie; daarom sal tradisie en kultuur struikelblokke raak.
- Leiers wat nie modelleer en inspireer nie, sal slegte vrugte dra en nie bereid wees om hulself te verloën nie.

Diagram 98 (p. 672) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir geestelike onderskeidingsvermoë in wisselwerking moet tree met die tekortkominge wat hierbo aangedui is.

Diagram 98: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *geestelike onderskeidingsvermoë* en redes vir die tekortkominge ten opsigte van die leierseienskap wat uit die interpreterende taak in die literatuurstudie in die hulpwetenskappe en die empiriese ondersoek afgelei is



8.7.4 Normatiewe taak: bevindings van die empiriese navorsing oor *geestelike onderskeidingsvermoë*

In hierdie afdeling, wat die tweede deel van die normatiewe taak vorm, word daar oor die norme wat in 'n empiriese ondersoek na die leierseienskap *geestelike onderskeidingsvermoë* afgelei is (Hoofstuk 7), gereflekteer.

8.7.4.1 Kwantitatiewe studie[358]

Die bron van geestelike onderskeidingsvermoë is 'n innige verhouding met Christus, terwyl die fokus daarop is om die koninkryk van God uit te brei.

8.7.4.2 Kwalitatiewe studie[359]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het, het die volgende norme voorgestel:

- Deur die gawe van die Gees moet onderskei kan word tussen goeie en slegte vrugte.
- Maak die beste gebruik van elke geleentheid deur Christus se wil te doen.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings was die volgende:

- Strategiese beplanning moet plaasvind met die fokus op geestelike groei en die uitbreiding van die koninkryk.
- Daar moet onderskei word tussen die dinge waarop dit werklik aankom en dinge wat minder belangrik is.

Samevatting: Norme vir geestelike onderskeidingsvermoë wat uit die normatiewe taak in die empiriese navorsing afgelei is[360]

Die opvallende norme wat uit die normatiewe taak geblyk het, word soos volg saamgevat:

- Die bron van geestelike onderskeidingsvermoë lê daarin dat die leier 'n innige verhouding met Christus moet hê.
- Die verhouding met Christus dryf die leier daartoe om strategies te fokus op geestelike groei en die uitbreiding van die koninkryk van God.

---

[358] Kyk die laaste ry in *Tabel 128: Samevatting van die resultate van die ondersoek na geestelike onderskeidingsvermoë onder predikante* (p. 447).


[359] Kyk *7.4.4.6 Afdeling F – Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.4.4.6.1 F1 Predikante, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* (p. 565) en *7.4.4.6.2 F2 Ouderlinge, (a) Normatiewe taak en die hoofkategorie geestelike onderskeidingsvermoë soos God dit wil* (p. 576).

[360] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap in die gemeente se roeping, Geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 311).

- Geestelike onderskeidingsvermoë onderskei tussen goeie en slegte vrugte omdat dit fokus op die dinge wat werklik belangrik is.

Diagram 99 (p. 674) toon aan hoe die Bybelse grondbeginsel vir geestelike onderskeidingsvermoë in wisselwerking moet tree met die norme wat hierbo aangedui is.

Diagram 99: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *geestelike onderskeidingsvermoë* en die norme wat vir die leierseienskap uit die normatiewe taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.7.5 Pragmatiese taak: bevindings uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek oor *geestelike onderskeidingsvermoë*

Uit die pragmatiese taak in die empiriese studie is daar goeie strategiese aanbevelings vir geestelike onderskeidingsvermoë verkry (vgl. Hoofstuk 7).

8.7.5.1 Kwantitatiewe studie[361]

Om geestelike onderskeidingsvermoë te versterk, is die volgende riglyne voorgestel:

- 'n Innige verhouding met Christus moet nagestreef word.
- Daar moet sterker klem wees op die koms van die koninkryk van God.
- Gawes van ouderlinge moet gebruik en ontwikkel word.

8.7.5.2 Kwalitatiewe studie[362]

Die predikante wat aan die studie deelgeneem het se menings was die volgende:

- Binne innige verhoudings moet elkeen se vrugte aan die Skrif getoets word.
- Leiers moet hulle daaraan toewy om die verlore kinders van God te soek.
- Elke vergadering moet oor hulle doelwitte besin om doelgerig te bly.

Die ouderlinge wat deelgeneem het se menings was die volgende:

- Fokus op gebed en die bestudering van die Woord.
- Toerusting waardeur leiers blootstelling aan ander opinies kry, moet aangebied word.
- 'n Duidelike visie, mikpunte en beplanning is nodig.

Samevatting: Riglyne vir geestelike onderskeidingsvermoë wat uit die pragmatiese taak in die empiriese navorsing afgelei is

Die pragmatiese taak kan deur die volgende hoofpunte saamgevat word:

- 'n Innige verhouding met Christus moet deur gebed en bestudering van die Woord nagestreef word.

---


[361] Kyk *7.3.3.6 Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.3.3.6.3 Die vraag: "How might we respond?"*(p. 444).

[362] Kyk *7.4.4.6 Afdeling F – Geestelike onderskeidingsvermoë, 7.4.4.6.1 F1 Predikante, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 571) en *7.4.4.6.2 F2 Ouderlinge, (d) Pragmatiese taak en die hoofkategorie versterk geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 580).

- Die fokus moet op die koms van die koninkryk wees en om die verlore kinders van God te soek; daarvoor moet ’n duidelik visie, mikpunte en deeglike beplanning gedoen word.
- Toerusting is nodig om leiers te leer om hul gawes te ontwikkel, om blootstelling aan ander se idees te kry en om hulle in staat stel om hul lewens eerlik aan die Skrif te toets.

Diagram 100 (p. 677) toon aan hoe bogenoemde strategiese riglyne in wisselwerking moet tree met die grondbeginsel vir geestelike onderskeidingsvermoë en die toepassing daarvan.

Diagram 100: Wisselwerking tussen die Bybelse grondbeginsel vir *geestelike onderskeidingsvermoë* en pragmatiese riglyne wat uit die pragmatiese taak in die empiriese ondersoek afgelei is



8.7.6 Pragmatiese taak: strategiese model om *geestelike onderskeidingsvermoë* te versterk

In hierdie afdeling word die strategiese model ontwerp om *geestelike onderskeidingsvermoë* te versterk.

Die beginsels wat in die normatiewe taak in Hoofstuk 5[363] vir geestelike onderskeidingsvermoë saamgevat is, stem soos volg ooreen met die afleidings uit die normatiewe taak wat in die empiriese studie uitgevoer is: Bevindings uit albei ondersoeke dui aan dat die bron van geestelike onderskeidingsvermoë in 'n innige verhouding met Christus geleë is. In albei gevalle word aangetoon dat geestelike onderskeidingsvermoë 'n mens in staat stel om belangrike en minder belangrike sake van mekaar te onderskei, of om die dinge waarop dit werklik aankom, te identifiseer. In die empiriese studie was daar die bykomende bevinding dat die leier strategies op geestelike groei en die uitbreiding van die koninkryk van God moet fokus, terwyl daar in die normatiewe taak bevind is dat die leier ander deur sy geestelike onderskeidingsvermoë moet inspireer om sy voorbeeld te volg.

In die beskrywende taak is bevind dat hierdie norm agterweë bly wanneer leiers nie fokus op die dinge wat deel uitmaak van hulle roeping nie, byvoorbeeld die uitbreiding van die koninkryk van God en om in toewyding aan Christus te leef. Die rede waarom leiers nie fokus op die dinge wat deel uitmaak van hulle roeping nie, word in die interpreterende taak verklaar as 'n gebrek aan visie aan die leier se kant. Tradisie en kultuur word dikwels struikelblokke omdat die klem nie val op die geestelike groei, die uitbreiding van die koninkryk en die navolging van Christus nie. In aansluiting daarby is daar in die pragmatiese taak daarop gewys dat 'n innige verhouding met Christus deur gebed en die bestudering van die Woord nagestreef moet word. Daar word ook genoem dat die leier se fokus op die koms van die koninkryk moet wees en daarop om die verlore kinders van God te soek; daarom moet die leier 'n duidelike visie hê, mikpunte stel en deeglike beplanning doen.

Die volgende strategie word voorgestel om geestelike onderskeidingsvermoë te bevorder:

- Die geestelike leier moet opnuut fokus op die dinge wat deel uitmaak van hulle roeping deur hulle visie baie duidelik te definieer, mikpunte te stel en deeglike beplanning te doen.
- Die hoofsaak van die roeping is die geestelike groei van ander, die uitbreiding van die koninkryk en die persoonlike navolging van Christus.

---


[363] Kyk *5.5 Samevatting: Die grondbeginsels vir die leierseienskappe en die toepassing daarvan vir effektiewe en verantwoordelike leierskap* in die gemeente se roeping*, Geestelike onderskeidingsvermoë* (p. 311).

Verder is daar in die normatiewe taak daarop gewys dat die leier deur sy voorbeeld die vermoë by ander moet skep om geestelik te kan onderskei. In aansluiting daarby is daar in die interpreterende taak aangedui dat leiers wat nie modelleer en inspireer nie, slegte vrugte sal dra en nie bereid sal wees om hulself te verloën nie. Daarom kan die volgende strategie voorgestel word:

- Leiers moet hulle daartoe verbind om te modelleer en te inspireer sodat hulle die vrymoedigheid sal hê om die slegte vrugte in hulle eie lewe te erken en die draers van die slegte vrugte aan te spreek.

Diagram 101 (p. 680) toon aan hoe die grondbeginsel, die tekortkominge, die redes vir die tekortkominge, die norme en die riglyne ten opsigte van die leierseienskap geestelike onderskeidingsvermoë in 'n strategiese model geïntegreer kan word met die oog daarop om die leierskap van die predikant in die gemeente se roeping te versterk.

Diagram 101: Strategiese model om *geestelike onderskeidingsvermoë* te versterk



8.8 Samevatting van die pragmatiese riglyne met die oog op ’n strategiese model vir die predikant se leierskap

Die pragmatiese riglyne vir die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping word vervolgens saamgevat.

8.8.1 Onderdanige vertroue

- ’n *Innige verhouding met Christus,* wat gekenmerk word deur ’n onderdanige fokus op Christus en ’n intieme gebedslewe, *moet nagestreef word*.
- Leiers moet toerusting ontvang in transformerende leierskap, wat daarop fokus om *proaktiewe gedrag te bevorder* en die geleentheid bied om blootstelling te kry aan ander leiers se idees.

8.8.2 Status met verantwoordelikheid

- Leiers se verhouding met Christus moet ondersoek en versterk word sodat hulle hul *status opnuut in Christus sal vind en sy voorbeeld van diensbaarheid sal navolg.*
- Leiers moet onderrig word in die transformasionele leierskapstyl, waarin die klem daarop val dat die *leier ’n positiewe invloed op ander se lewens* moet hê.
- ’n *Deeglike ondersoek* moet ingestel word *na wat God se wil vir elke gemeente* en die betrokke predikant is sodat God daar met ’n gesindheid van nederigheid en ootmoed gedien kan word.

8.8.3 Gesag met liefde

- Die leier moet ’n innige verhouding met Christus nastreef waarin hy sy *gemak en gerief ondergeskik stel aan die wil van God* sodat hy in toewyding aan God sal leef.
- *Mentors is nodig wat leiers deur gebed sal ondersteun* en herinner aan hul totale afhanklikheid van God.
- Leiers moet in alles *die “missio Dei”-droom van God najaag* deur Christus se liefde uit te leef.

8.8.4 Herderlike leiding

- Leiers moet hulle daaraan toewy om in hulle verhouding met Christus te groei sodat hulle *Christus se liefde vir, empatie met en bewustheid van mense leer ken.*
- *Leiers moet sterk standpunt inneem teen die afgode van die tyd* (bv. selfgesentreerdheid en eie gemak) deur Christus as die enigste Koning te volg en dissipels vir Hom te maak.

- *Leiers moet hulle verbind tot die ontwikkeling van ander* deur byvoorbeeld te fokus op kleingroepbediening, wat aan lidmate die geleentheid bied om mekaar te bedien.

8.8.5 Waarheidsbegronde regverdigheid


- *Die leier moet sy identiteit stewig in Christus* (die Waarheid) *anker* deur met ywer te soek na God se wil vir sy lewe sodat Christus meer word en hy minder.
- *Opleiding van leiers moet fokus op die persoon se integriteit* sodat hy daarop ingestel sal wees om God tevrede te wil stel in sy lewe.

8.8.6 Geestelike onderskeidingsvermoë

- Die geestelike leier moet opnuut *fokus op die dinge wat deel uitmaak van sy roeping* deur sy visie baie duidelik te definieer, mikpunte te stel en deeglike beplanning te doen.
- Die *hoofsaak van die roeping is die geestelike groei van ander, die uitbreiding van die koninkryk en persoonlike navolging van Christus*.
- Leiers moet hulle daartoe *verbind om te modelleer en te inspireer* sodat hulle die vrymoedigheid sal hê om die slegte vrugte in hulle eie lewens te erken, in ander se lewens uit te wys en die draers daarvan aan te spreek.

Diagram 102 (p. 683) bied 'n grafiese voorstelling van die strategiese model vir die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping.

Diagram 102: Voorstelling van die strategiese model om die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant te versterk



Hoofstuk 9

Bevindings oor die leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping

9.1 Inleiding

In die Bybel lees ons van talle persone wat in die volk se geskiedenis (Ou Testament) en in die vroeë kerk (Nuwe Testament) as leiers opgetree het. Al hierdie leiers staan egter in die skaduwee van Jesus Christus. Jesus is die ware en groot Leier vir wie die wêreld vir eeue gewag het (Jes. 55:4 en Dan. 9:25). Uit Jesus se woorde, dade, gesindheid en optrede word dit duidelik wat ware leierskap inhou. Hy het die weg vir elke leier/herder van die kerk gebaan en daarom het die kerk van die 21ste eeu leiers nodig wat nie net hierdie afhanklikheid van Christus as die ware leier ken nie, maar wie se lewens ook daarvan getuig.

9.1.1 Probleemstelling

Daar is aangedui watter situasies beskou kan word as uitdagings waarvoor die predikant in die 21ste eeu geplaas word om leiding te gee in die kerk se roeping.

- **Uniekheid van leierskap in die gemeente se roeping** – Die ervaring van predikante in gemeentes dui daarop dat al kan daar aanvaar word dat die beginsels van leierskap op alle beroepe van toepassing is, bied leierskap in die kerk steeds sy eie unieke uitdagings en omstandighede (vgl. 1.2.2.1).
- **Veranderde omstandighede** – Onder hierdie punt is daarop gewys dat die gesag van geestelike leiers deur die eeue drasties verander het. Die wêreld waarin hulle leiding moet gee het drasties verander en die omstandighede van die wit Afrikaanssprekende predikant het ook drasties verander (vgl. 1.2.2.2).
- **Die leier werk met gebroke mense** – Die geestelike leier kan dikwels nie kies wie hy in sy span van leiers wil hê nie, maar hy moet die wasdom aan die Gewer van die saad oorlaat (vgl. 1.2.2.3).
- **Onvoldoende opleiding as leiers** – Predikante word voortdurend aan moeilike omstandighede blootgestel waarin hulle leiding moet gee en tog word daar uiters min aandag gegee aan die opleiding van predikante as leiers (vgl. 1.2.2.4).

- **Kerkkrimping in die tradisioneel Afrikaanssprekende kerke** – Die gebrek aan leierskap word genoem as een van die redes vir die tendens van kerkkrimping in die GKSA (vgl. 1.2.2.5).

As deel van die oorkoepelende probleem kan die volgende vraag gevra word: Hoe kan die Afrikaanssprekende predikant deur middel van effektiewe en verantwoordelike leierskap die gemeente in hul gemeenteroeping lei?

9.1.2 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om vas te stel hoe effektiewe en verantwoordelike leierskap van die predikant in die tradisioneel Afrikaanse gemeentes (met die klem op die GKSA) kan meehelp om die gemeente se roeping te verdiep.

9.1.3 Oorkoepelende metode

Hierdie teologiese studie is binne die paradigma van die Gereformeerde tradisie onderneem. Die metode van hierdie studie sluit aan by die model wat Osmer (2008) vir praktiese teologie ontwerp het. Osmer (2008:4) se vier prakties-teologiese interpretasies is: die beskrywende taak ("What is going on?"), die interpreterende taak ("Why is it going on?"), die normatiewe taak ("What ought to be going on?") en die pragmatiese taak ("How might we respond?"). Zerfass (1974:166 e.v.) se metode, wat bestaan uit 'n basisteoretiese ondersoek, die metateoretiese perspektiewe en prakties-teoretiese riglyne is in kombinasie met Osmer toegepas.

9.1.4 Die werkplan van hierdie hoofstuk

In hierdie hoofstuk sal daar nou eers gekyk word na die resultate van die woordstudie wat in Hoofstuk 2 gedoen is. Daarna sal daar gekyk word na die resultate vanuit die normatiewe taak (Hoofstuk 5), die interpreterende taak (Hoofstuk 6), die beskrywende taak (Hoofstuk 7) en die resultate vanuit die pragmatiese taak (Hoofstuk 8). 'n Finale samevatting sal daarop volg.

9.2 Die resultate van die woordstudie

In Hoofstuk 2 is daar 'n ontleding van die woord "leier" in die Ou en Nuwe Testament gemaak. Al die Hebreeuse en Griekse woorde wat in die Afrikaanse 1983-vertaling met "leier" vertaal is, is ontleed om vas te stel wat die betekenis van die onderskeie woorde is. Daarna is die woorde na gelang van betekenis in ses groepe verdeel. Daar is toe probeer om 'n kernagtige naam aan elkeen van daardie groepe te gee.

Die volgende ses groepe is geïdentifiseer:

- In *2.6.1 Groep een* (p. 82) is die afleiding gemaak dat effektiewe en verantwoordelike leierskap uit gewillige onderwerping aan die wil van God bestaan. Onderwerping kan alleen plaasvind wanneer die leier op God vertrou.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie begrippe is: “**Onderdanige vertroue**”.
- Die afleiding wat in *2.6.2 Groep twee* (p. 85) gemaak is, is dat effektiewe en verantwoordelike leierskap daarmee gepaard gaan dat die Here hoë status/eer aan ’n mens gee en dat dit met verantwoordelikheid gebruik moet word.
  Daarom is die kernagtige beskrywing van hierdie groep: “**Status met verantwoordelikheid**”.
- In *2.6.3 Groep drie* (p. 88) val die klem op die mag of gesag wat aan die leier gegee word. Hierdie gesag moet ook met verantwoordelikheid bestuur word.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Gesag met liefde**”.
- Uit die afleiding wat in *2.6.4 Groep vier* (p. 90) gemaak is, is dit duidelik dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier sy volgelinge soos ’n herder moet versorg, versterk, in hulle behoeftes moet voorsien en hom oor hulle moet ontferm.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Herderlike leiding**”.
- In *2.6.5 Groep vyf* (p. 91) is die afleiding gemaak dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die waarheid in al sy doen en late moet liefhê en regverdig moet wees.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Waarheidsbegronde regverdigheid**”.
- In *2.6.6 Groep ses* (p. 93) is die afleiding gemaak dat effektiewe en verantwoordelike leierskap ook daaruit bestaan dat die leier die nodige wysheid moet hê om ’n ingewikkelde saak te ontleed om sodoende tot ’n goeie oplossing te kom.
  ’n Kernagtige beskrywing van hierdie groep is: “**Geestelike onderskeidingsvermoë**”.

9.3 Die resultate van die normatiewe taak

Die normatiewe taak is in Hoofstuk 3 tot 5 ondersoek en die doel daarmee was om wetenskaplik deur ’n eksegetiese en kultuurhistoriese ondersoek beginsels uit die Ou en Nuwe Testament af te lei vir die leierskapsrol van predikante in die Gereformeerde tradisie. Hierdie riglyne moet van so aard wees dat dit predikante kan help om goeie leiers in die praktyk te wees.

Die ses leierseienskappe wat in Hoofstuk 2 geformuleer is, is toe gekorreleer met die normatiewe taak en die resultaat daarvan kan soos volg saamgevat word:

Onderdanige vertroue

Die leier moet in onderdanige nederigheid hom aan God se wil onderwerp omdat hy God met sy lewe kan vertrou en só vertroue by ander kan skep.

Status met verantwoordelikheid

Die status as kind van God, wat deur die leier van God ontvang word, eis van hom om in verantwoordelikheid aan God gehoorsaam te wees en om 'n verantwoordelike gesindheid van nederigheid en ootmoed te handhaaf en by ander te ontwikkel.

Gesag met liefde

Die gesag wat die leier as bestuurder van God ontvang, moet hy met liefde bestuur om die lewens van die mense aan wie hy leiding gee, positief tot intieme(r) liefde te beïnvloed.

Herderlike leiding

'n Leier moet as 'n herder deur sy voorbeeld leiding gee. Dit hou in dat hy die vrede, vreugde, liefde en genade wat hy van Christus ontvang het aan sy volgelinge moet deurgee en by hulle moet aanwakker.

Waarheidsbegronde regverdigheid

Die leier moet, in navolging van Christus, die waarheid tot elke prys nastreef om sodoende regverdig te kan optree en ook ander daartoe te kan beïnvloed.

Geestelike onderskeidingsvermoë

'n Leier se verhouding met die wyse God moet hom in staat stel om die onderskeidingsvermoë wat die Gees gee, in alle omstandighede so toe te pas dat hy in wysheid kan onderskei tussen reg en verkeerd, belangrik en minder belangrik. Verder moet hy deur sy voorbeeld die vermoë ook by ander kweek.

9.4 Die resultate van die interpreterende taak

Die doel van die interpreterende taak was om ondersoek in te stel na die raakvlakke van hulpwetenskappe wat dieselfde werklikheidsveld – leierskap – ondersoek om die bevindings van die teologies-normatiewe taak te verhelder. Die bedryfsosiologie en kommunikasiekunde is ondersoek met die doel om die rol van leierskap van predikante verder te belig en te verryk. Die volgende resultate is uit die hulpwetenskappe verkry:

Onderdanige vertroue (vgl. 8.2.3.1)

- Die leier moet die transformasionele leierskapstyl aanleer wat proaktiewe gedrag bevorder waarin volgelinge ruimte gegee word om hul eie idees te implementeer.
- Die leier moet ook self bevoeg wees om sy taak te kan uitvoer.

Status met verantwoordelikheid (vgl. 8.3.3.1)

- Daar is ’n behoefte aan die transformasionele leierskapstyl wat probeer om ’n rolmodel vir die navolgers te wees. Die leier moet altyd daarna streef om ’n positiewe invloed op ander se lewens te hê.
- Die leier moet hom daartoe verbind om ander te bedien.
- Die leier moet die verantwoordelikheid aanvaar om aan elke lid ’n akkurate verwagting van die eindpunt te gee.

Gesag met liefde (vgl. 8.4.3.1)

- Diensknegleierskap is nodig sodat die leier nie op sy mag sal staatmaak om ander te oortuig nie, maar om dit eerder deur gesag wat met liefde uitgeoefen word, te doen.

Herderlike leiding (vgl. 8.5.3.1)

- Die leier moet die nodige emosionele balans hê om goeie verhoudings met mense op te bou.
- Die leier moet diensknegleierskap nastreef waarin hy hom verbind tot die ontwikkeling van ander.
- Eienskappe soos om aandagtig te luister, om empatie met ander te hê en om ’n sterk bewustheid van ander te hê, is sake waarop die leier hom moet toespits.

Waarheidsbegronde regverdigheid (vgl. 8.6.3.1)

- Die leier moet ’n persoon wees wat geloofwaardig is.
- Eerlikheid is een van die belangrikste eienskappe van leierskap.

Geestelike onderskeidingsvermoë (vgl. 8.7.3.1)

- Daar is ’n behoefte aan die transformasionele leierskapstyl waarin ’n visie geskep en geartikuleer word.
- Die leier moet iemand wees wat kan modelleer, inspireer en bemoedig.

9.5 Die resultate van die beskrywende taak

Die doel van die beskrywende taak was om 'n beeld te vorm van die vlak van leierskap onder predikante in die gemeentes. Hierdie navorsing is gedoen met behulp van 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe studie. Die volgende resultate was die eindproduk van hierdie studie.

Onderdanige vertroue (vgl. 8.2.2.2)

- Dit is moeilik vir predikante om hulle onder ander se gesag te stel.
- Statusbewustheid het 'n negatiewe uitwerking.
- Persoonlike oortuigings word afgedwing en perk daarmee die ruimte vir verskeidenheid in.

Status met verantwoordelikheid (vgl. 8.3.2.2)

- Daar word gestrewe na 'n wêreldse status.
- Predikante sukkel om 'n dienskneggestalte aan te neem.
- Status word volgens die verkeerde kriteria gemeet en daarom word die verantwoordelikheid versaak wat met status gepaardgaan.

Gesag met liefde (vgl. 8.4.2.2)

- 'n Strewe na gemak en gerief kan belangriker word as die wil van God en daarom gebeur dit dat konflik vermy word waar leiers te behep met hulself is.

Herderlike leiding (vgl. 8.5.2.2)

- Predikante onderskat die waarde daarvan om lidmate te ken en skeep daarom verhoudings af.
- Leiers faal self onder die afgode van die tyd (bv. selfgesentreerdheid en eie gemak) en kan gevolglik ook nie die lidmate oor hul afgode aanspreek nie.
- Lidmate word nie toegerus om self ook herders te wees nie.
- Gebedsbediening bestaan nie in die GKSA nie.

Waarheidsbegronde regverdigheid (vgl. 8.6.2.2)

- Die verstaan van die waarheid word belangriker as die Waarheid (Christus) en daarom word die waarheid op die verkeerde plekke gesoek.
- Leiers wil mense in plaas van God tevrede stel.

Geestelike onderskeidingsvermoë (vgl. 8.7.2.2)

- Leiers fokus nie op die sake wat deel van hulle roeping is nie soos die uitbreiding van die koninkryk en 'n lewe in toewyding aan Christus.

9.6 Die resultate van die pragmatiese taak

Die doel van die pragmatiese taak was om perspektiewe voor te stel wat 'n nuwe of verstelde teorie na vore kan bring. Om dit te kon doen, is daar in Hoofstuk 8 gekyk na die wisselwerking tussen die interpreterende taak, beskrywende taak en normatiewe taak om sodoende tot die pragmatiese taak te kom wat strategiese riglyne bied vir die leier in die Afrikaanssprekende gemeente se roeping. Die volgende strategie of aksieplan om leierskap te versterk, is voorgestel:

Onderdanige vertroue (vgl. 8.2.6)

- 'n Innige verhouding met Christus moet nagestreef word wat gekenmerk word deur 'n onderdanige fokus op Christus en 'n intieme gebedslewe.
- Leiers moet toerusting ontvang in transformasionele leierskap, wat daarop fokus om proaktiewe gedrag te bevorder en die geleentheid bied om blootstelling te kry aan ander leiers se idees.

Status met verantwoordelikheid (vgl. 8.3.6)

- Leiers se verhouding met Christus moet ondersoek en versterk word sodat hulle hul status opnuut in Christus sal vind en sy voorbeeld van diensbaarheid sal navolg.
- Leiers moet onderrig word in die transformasionele leierskapstyl, waarin die klem daarop val dat die leier 'n positiewe invloed op ander se lewens moet hê.
- 'n Deeglike ondersoek moet ingestel word na wat God se wil vir elke gemeente en die betrokke predikant is sodat God daar met 'n gesindheid van nederigheid en ootmoed gedien kan word.

Gesag met liefde (vgl. 8.4.6)

- Die leier moet 'n innige verhouding met Christus nastreef waarin sy gemak en gerief ondergeskik gestel word aan die wil van God sodat hy sy lewe in toewyding aan God sal leef.
- Mentors is nodig wat leiers deur gebed sal ondersteun en hul sal herinner aan hul totale afhanklikheid van God.
- Leiers moet in alles die "missio Dei"-droom van God najaag deur Christus se liefde uit te leef.

Herderlike leiding (vgl. 8.5.6)

- Leiers moet hulle daaraan toewy om in hulle verhouding met Christus te groei sodat hulle Christus se liefde, empatie en bewustheid van mense leer ken.

- Leiers moet sterk standpunt inneem teen die afgode van die tyd (bv. selfgesentreerdheid en eie gemak) deur Christus as die enigste Koning te volg en dissipels vir Hom te maak.
- Leiers moet hulle verbind tot die ontwikkeling van ander deur byvoorbeeld te fokus op kleingroepbediening wat aan lidmate die geleentheid bied om mekaar te bedien.

Waarheidsbegronde regverdigheid (vgl. 8.6.6)

- Die leier moet sy identiteit stewig anker in Christus (die Waarheid) deur met ywer te soek na God se wil vir sy lewe sodat Christus meer word en hy minder.
- Opleiding van leiers moet fokus op die persoon se integriteit sodat hy daarop ingestel sal wees om God tevrede te stel in sy lewe.

Geestelike onderskeidingsvermoë (vgl. 8.7.6)

- Die geestelike leier moet opnuut fokus op die dinge wat deel uitmaak van sy roeping deur sy visie baie duidelik te definieer, mikpunte te stel en deeglike beplanning te doen.
- Die hoofsaak van die roeping is die geestelike groei van ander, uitbreiding van die koninkryk en persoonlike navolging van Christus.
- Leiers moet hul daartoe verbind om te modelleer en te inspireer sodat hulle die vrymoedigheid sal hê om die slegte vrugte in hulle eie lewe te erken en die draers van slegte vrugte aan te spreek.


9.7 Finale samevatting van die studie

Hierdie studie, waarin 'n grammaties-historiese, eksegetiese metode gebruik is, 'n literatuurstudie in die bedryfsosiologie en kommunikasiekunde uitgevoer is en 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie onderneem is, het ten doel gehad om riglyne vas te stel vir die Afrikaanssprekende predikant wat hom kan help om effektiewe en verantwoordelike leierskap toe te pas in sy gemeenteroeping. Daarom is daar 'n breedvoerige Skrifstudie gedoen oor die leierskap van Moses, Saul, Jesus en Paulus. Daarna is twee vakdissiplines ondersoek, naamlik bedryfsosiologie en kommunikasiekunde, en 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie is onderneem om vas te stel wat die sterk- en swakpunte van predikante as leiers is.

Na aanleiding van al die inligting wat ingesamel is en die navorsing wat gedoen is, is daar Bybelse beginsels en praktiese riglyne voorgestel wat predikante kan gebruik om hulle te help om effektiewer en verantwoordeliker leiers te wees.

Diagram 103: Verantwoordelike leierskap van die predikant in die gemeenteroeping (p. 692) is 'n poging om hierdie beginsels en riglyne in 'n enkele voorstelling saam te vat. Vir die predikant om effektiewe en verantwoordelike leierskap in sy gemeenteroeping toe te pas, sal dit nodig wees om hom daarop toe te lê om in hierdie ses Christelike eienskappe te groei.

Diagram 103: Verantwoordelike leierskap van die predikant in die gemeenteroeping



9.8 Ander voorgestelde terreine van studie

Navorsing oor die volgende temas kan daartoe bydra dat hierdie studie oor effektiewe en verantwoordelike leierskap van die Afrikaanssprekende predikant in die gemeente se roeping te verdiep:

- Die ontwerp van 'n vraelys wat die ses eienskappe, naamlik onderdanige vertroue, status met verantwoordelikheid, gesag met liefde, herderlike leiding, waarheidsbegronde regverdigheid en geestelike onderskeidingsvermoë, by leiers meet om vas te stel in hoe 'n mate die leier hierdie eienskappe in sy lewe toepas en waar hy nog tekortskiet.
- 'n Ondersoek kan gedoen word om vas te stel hoe predikante daarmee gehelp kan word om Bybelgefundeerde doelwitte daar te stel vir die gemeente waar hy dien.
- Hierdie ondersoek kan ook uitgebrei word na ander predikante in Suid-Afrika (nie net Afrikaanssprekende predikante in die GKSA nie).
- Daar kan gekyk word na die rol wat die ses leierseienskappe in die amp van ouderlinge en diakens as leiers binne die kerk moet speel.

Bylae 1: Vraelys aan GKSA-predikante

Agtergrond

In watter leiersposisie dien jy in die GKSA?

Predikant	1
Ouderling	2

In watter tipe gemeente is jy lidmaat?

Plattelands	1
Semi-stedelik	2
Stedelik	3

Tot watter ouderdomsgroep behoort jy?

20-30 jaar	1
31-40 jaar	2
41-50 jaar	3
51-60 jaar	4
61-70 jaar	5
71-99 jaar	6

.

Die vrae hieronder waarin 'n evaluering gevra word, moet op 'n skaal van 1 tot 10 beantwoord word. Daar word telkens 'n aanduiding gegee van wat die minimumwaarde en die maksimumwaarde verteenwoordig

Afdeling A: Onderdanige vertroue

1.1 'n Leier wat die Here met onderdanige vertroue dien, onderwerp sy hele lewe in vertroue aan die wil van die Here. Dit beteken dat hy bereid sal wees om eerder te sterf as om in een of ander opsig ongehoorsaam aan die Here te wees. Op 'n skaal van een tot tien, waar een geen vertroue nie en tien volle vertroue is, wat sal jy sê is die algemene stand van vertroue onder predikante in die GKSA?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

1.2 Dink jy predikante vertrou met hart en siel op die Here vir uitkoms? Dink aan die moontlikheid dat mense se lewens, gesindhede en opinies moet verander om met die Woord ooreen te stem. In watter mate dink jy vertrou predikante dat God die verandering sal laat plaasvind (1 = geen vertroue nie; 10 = volle vertroue in God)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

1.3 Hoe onwrikbaar is predikante se vertroue op die Here? Dink byvoorbeeld aan die moontlikheid dat predikante mense oor hul sonde moet aanspreek. Sien hulle die sonde gerieflikheidshalwe oor omdat hulle bang is dat die lidmaat/lidmate sal bedank (1) of is hulle tot elke prys gehoorsaam omdat hulle die lidmaat/lidmate vermaan in vertroue op die Here (10)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

1.4 Dink jy predikante vind dit maklik om hulle onder mense se gesag te stel (1 is moeilik, 10 is maklik)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

1.5 Wanneer 'n kerkraad 'n besluit neem waarmee die predikant nie saamstem nie, maar wat deur die sinode aanbeveel word, dink jy die meeste predikante in die GKSA sal in so 'n geval hulle aan die besluit onderwerp (10) of sal die meeste alles in hul vermoë doen om die besluit te probeer verander (1)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

1.6 Indien predikante sukkel om hulle lewe in onderdanige vertroue aan die Here te onderwerp, wat sal die oorsaak daarvan wees? Merk die nommer langs die rede wat vir jou die belangrikste is.

1	Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie.
2	Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie.
3	Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie.
4	Geeneen van bogenoemde nie.

1.7 Motiveer jou antwoord kortliks.

_____

_____

1.8 Wat dink jy is die oplossing daarvoor om die leier se onderdanige vertroue in die Here te herstel of te versterk? Rangskik ondergenoemde stellings deur elkeen te nommer in die volgorde van belangrikheid (1 = belangrikste; 5 = mins belangrike).

	Beter toerusting vir leiers
	Goeie mentors
	'n Innige verhouding met die Here
	'n Meer toegewyde gebedslewe
	'n Sterker fokus op Christus

1.9 Wat kan jy by hierdie lys voeg van dinge wat gedoen kan word om predikante te help om in onderdanige vertroue voor die Here te staan?

_____

Afdeling B: Status met verantwoordelikheid

2.1 Status bring ongetwyfeld groter verantwoordelikheid mee aangesien mense teen die leier opsien as voorbeeld (vgl.1 Kor. 11:1).

Dink jy dat predikante in die GKSA wél so verantwoordelik leef dat hulle met vrymoedigheid kan sê: "Volg my voorbeeld na", om sodoende lidmate wat die Here onder hulle sorg gestel het, ook so deur hulle lewens op te roep tot gehoorsaamheid (1 = glad nie verantwoordelik nie; 10 = ten volle verantwoordelik as leiers)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

2.2 ’n Belangrike deel van verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan, is ook om jou eie tekortkominge (sonde) raak te sien. Indien jy dit nie meer raaksien nie, sal jou status daartoe bydra dat jy in hoogmoed op jou volgelinge neerkyk.

Dink jy dat predikante so op die sonde in die lewens van mense rondom hulle konsentreer dat hulle nie meer hulle eie sonde raaksien nie of dat dit gering word in hulle eie oë in vergelyking met die sonde waarmee hulle elke dag te doen kry (1 = predikante is geneig om op ander neer te kyk; 10 = predikante het ’n deeglike sondebesef)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

2.3 In watter mate dink jy speel die waardering wat predikante vir hul goeie bediening ontvang ’n rol in hulle bediening? Dink byvoorbeeld aan die waardering vir ’n preek na die erediens. Gaan dit daaroor om geëer te word (1) of gaan dit vir die prediker met alles wat in hom is daaroor om Christus só aan lidmate voor te hou dat Hy aanbid kan word (10)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

2.4 Wat sal jy sê is die algemene gesindheid van predikante teenoor lidmate wat nie aktief meeleef nie en dalk selfs lidmaatskap opgee (1 = kwaad/apaties; 10 = aanvaarding/liefde)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

2.5 In watter mate speel predikante se status ’n rol in hul verwagting van hoe mense hulle moet behandel? (1 = verwag dat mense hulle altyd met respek moet behandel; 10 = leef met die gesindheid: “Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.” (Luk. 17:10))

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

2.6 Het jy enige opmerkings oor bogenoemde vrae?

_____

_____

2.7 Waarom dink jy lyk dit soms of dit vir predikante moeilik is om verantwoordelik met hulle status om te gaan? Rangskik die onderstaande redes in die volgorde van belangrikheid deur hulle te nommer van 1 (belangrikste) tot 5 (mins belangrike).

- [ ] Hoogmoed
- [ ] Gebrek aan sondebesef
- [ ] Gebrekkige verhouding met Christus
- [ ] Gebrek aan die nodige diensbaarheid
- [ ] Te veel verantwoordelikhede

2.8 Watter redes kan jy byvoeg?

_____

_____

2.9 Hoe dink jy moet die GKSA begin om hul predikante ’n beter begrip te gee van die verantwoordelikheid wat met status gepaardgaan?

_____

_____

_____

Afdeling C: Gesag met liefde

3.1 Aan ’n predikant word bepaalde gesag verleen. Vanweë hierdie gesag wat hy ontvang het, vertrou die lidmate hom om besluite te neem (die vertrouens- en emosionele verhouding wat predikante met lidmate het, kan dalk ’n mate van manipulasie en misbruik as resultaat hê).

Dink jy predikante in die GKSA is geneig om hul gesag te misbruik om hulself te bevoordeel (1 = gesag word gereeld misbruik; 10 = gesag word nooit misbruik nie)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

3.2 Op grond van die evangelie wat aan die predikant toevertrou word, het hy ongetwyfeld groot gesag. Dink hier byvoorbeeld aan beledigings. Die predikant kan die evangelie in so situasie gebruik om homself te verdedig of sy fokus kan ten koste van homself daarop gerig wees om Christus te verkondig (vgl. Fil. 1:17-18).

In hoe mate sal predikante in die GKSA hul eie gemak en gerief prysgee om in liefde gesag uit te oefen (1 = eie gemak en gerief is die belangrikste; 10 = die klem op Christus is die belangrikste).

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

3.3 Stem jy saam met die stelling dat indien ’n predikant nie die gesag wat hy van God ontvang in liefde (gehoorsaamheid) uitoefen nie, hy dikwels in sy verhouding met God of in sy selfbeskouing teleurstelling, opstandigheid of depressie sal ervaar?

☐ Waar
☐ Vals

3.4 Motiveer jou antwoord.

_____

_____

_____

3.5 Die oorsprong van die liefde is in God (1 Joh. 4:7-21).

Indien ’n predikant in liefde gesag uitoefen, beteken dit dat God se liefde sigbaar moet word in die manier waarop hy as leier gesag uitoefen in die bestuur van sake. Dink jy dat God se liefde sigbaar word in die manier waarop predikante die gesag wat aan hulle toevertrou is, uitoefen (1 = die liefde ontbreek; 10 = die liefde is duidelik sigbaar)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

3.6 Het jy enige opmerkings oor bogenoemde vrae?

_____

_____

3.7 Soms lyk dit of predikante sukkel om die gesag wat hulle van die Here ontvang in liefde uit te oefen? Merk die stelling wat volgens jou die oorsaak daarvan kan wees.

1	Hulle verstaan nie die volle omvang van Christus se liefde nie.
2	Hulle fokus nie genoeg op Christus in die bediening nie.
3	Hulle leef nie in volle toewyding aan die Here nie.
4	Nie een van bogenoemde nie.

3.8 Motiveer jou antwoord.

_____

_____

_____

3.9 Wat moet volgens jou mening gebeur voordat leiers die gesag wat aan hulle opgedra word, beter sal uitoefen?

_____

_____

_____

Afdeling D: Herderlike leiding

4.1 Een van die belangrikste aspekte van herderlike leiding is dat die herder voorbidding vir sy volgelinge moet doen. Dink jy dat predikante in die GKSA genoegsame voorbidding vir die lidmate doen (1 = geen voorbidding nie; 10 = genoegsame voorbidding)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

4.2 In watter mate dink jy is predikante in die GKSA skrikkerig om innige vriendskapsbande te vorm met lidmate in die gemeente waar hulle dien (1 = hulle is skrikkerig; 10 = hulle is bereid om innige bande te smee)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

4.3 'n Leier wat herderlike leiding gee, is altyd besorg oor die geestelike groei van die skape. Hy sal selfs sy lewe gee net om seker te maak dat hulle deur die ingang (Christus) gaan om hulle veiligheid te verseker selfs ten koste van hulleself.

Selfgesentreerdheid en eie gemak sal veroorsaak dat 'n herder nie die kudde geestelik versorg ten koste van homself nie. Dink jy selfgesentreerdheid en eie gemak is 'n probleem onder predikante in die GKSA (1 = 'n groot probleem; 10 = glad nie 'n probleem nie)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

4.4 ’n Leier moet begrip het vir die omstandighede waarin sy volgelinge verkeer, naamlik die nood, versoekings, druk ens. In watter mate voel jy veroorsaak die geïsoleerdheid van predikante se lewens dat hulle nie die lewensomstandighede van die lidmate ten volle begryp nie (1 = geen begrip; 10 = volle begrip)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

4.5 Het jy enige opmerkings oor bogenoemde vrae?

_____

_____

4.6 Waarom dink jy sukkel predikante soms om as herderlike leiers innige verhoudings met lidmate te vorm? Merk die saak wat volgens jou die meeste van toepassing is.

1	Vrees om seer te kry
2	Te veel lidmate in gemeentes
3	Te veel teleurstelling in mense
4	Nie een van bogenoemde nie

4.7 Motiveer bostaande antwoord.

_____

_____

_____

4.8 Wat is volgens jou opinie nodig om predikante ’n beter begrip van herderlike leiding te gee? Kies die een wat volgens jou die belangrikste is.

	Meer huisbesoek deur predikante
	Beter verhoudings met lidmate
	’n Innige verhouding met Christus
	Groter begrip vir lidmate se omstandighede
	Minder selfgesentreerdheid
	Sterker klem op die groot opdrag

4.9 Watter dinge kan jy by hierdie lys byvoeg om predikante te help om meer herderlik te lei?

_____

Afdeling E: Regverdige waarheid[364]

5.1 Om regverdig te kan wees, is dit belangrik dat ’n persoon die waarheid moet liefhê, selfs ten koste van homself. Getuig predikante in die GKSA se lewe daarvan dat hulle “ja”, “ja” is en “nee”, “nee” (1 = bang om waarheid te praat; 10 = praat die waarheid ongeag die konsekwensies)?

[364] Deur die loop van hierdie navorsing is daar tot die insig gekom dat *waarheidsbegronde regverdigheid* ’n beter beskrywing van hierdie eienskap is.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

5.2 In watter mate dink jy is predikante in die GKSA bereid om die waarheid te verdraai vir eiegewin (1 = leef nie die waarheid volgens Gods woord uit nie; 10 = leef ten volle in die waarheid)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

5.3 In watter mate het predikante in die GKSA die vrymoedigheid om eerlik om verskoning te vra vir die foute wat hulle gemaak het (1 = geen vrymoedigheid nie; 10 = absoluut eerlik)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

5.4 Het jy enige opmerkings oor bogenoemde vrae?

_____

_____

5.5 Waarom dink jy sukkel predikante soms om lewens te lei waarin regverdige waarheid sigbaar word? Rangskik in die volgorde van belangrikheid waarvan 1 die belangrikste en 3 die mins belangrike is.

	Vrees (vir wat mense sal dink, aantasting van eer ens.)
	Gebrek aan besef dat waarheid begin by 'n verhouding met Christus
	Te selfgesentreerd

5.6 Wat kan jy by hierdie lys byvoeg?

_____

_____

5.7 Wat is volgens jou opinie nodig om predikante te help om regverdige waarheid 'n lewenstyl te maak? Merk die opsie wat vir jou die belangrikste is.

1	Groter klem moet op leierskap in teologiese studies gelê word
2	Predikante moet mekaar meer tot verantwoording roep oor die waarheid
3	'n Ewigheidsperspektief moet onder predikante aangemoedig word
4	"Ek moet minder en Christus meer word," is 'n onontbeerlike gesindheid
5	Geeneen van bogenoemde is van toepassing nie

5.8 Motiveer jou antwoord

_____

_____

Afdeling F: Geestelike onderskeidingsvermoë

6.1 Geestelike onderskeidingsvermoë kom kortliks daarop neer dat die predikant die vermoë het om die klem te laat val op die dinge wat werklik belangrik is.

Dink jy in die algemeen, met die agendas van vergaderings, finansiële besteding en die prioriteite van die predikant in gedagte, dat die predikante van die GKSA die klem laat val op die dinge wat werklik belangrik is (1 = die klem is verkeerd; 10 die klem is reg)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

6.2 Wys predikante in die GKSA se woorde en optrede dat hulle die nodige geestelike onderskeidingsvermoë het om te besef dat dit belangriker is om jou lewe aan God te wy as om reëls na te kom en mense te vrede te stel (1 = geen onderskeidingsvermoë nie; 10 = onderskeidingsvermoë)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

6.3 Getuig predikante in die GKSA se lewens daarvan dat hulle besef dat die eer en roem alleen aan die Here behoort omdat alles wat hulle is en het net genade uit sy hand is (1 = hulle eien die eer vir hulself toe; 10 = die eer kom net die Here toe)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

6.4 Getuig predikante in die GKSA se lewens daarvan dat die koninkryk van God en sy wil belangriker is as hierdie aardse lewe en besittings (1 = eie gemak en voorspoed is belangrik; 10 = die Koninkryk van God is die belangrikste)?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

6.5 Het jy enige opmerkings oor bogenoemde vrae?

_____

_____

6.6 Waarom sukkel predikante om geestelike onderskeidingsvermoë in hulle lewens te openbaar? Rangskik die onderstaande stellings in die volgorde van belangrikheid waarvan 1 die belangrikste en 3 die mins belangrike is.

☐ Aardse besittings speel 'n te groot rol in hul lewens.
☐ Hulle beklemtoon wetsnakoming te veel en die verhouding met Christus te min.
☐ Hulle wil eerder gedien word as om te dien.

6.7 Wat sal jy by hierdie lys wil byvoeg?

_____

_____

6.8 Wat meen jy is die dinge waarop die GKSA moet konsentreer sodat predikante groter geestelike onderskeidingsvermoë kan openbaar? Rangskik die onderstaande stellings in die volgorde van belangrikheid waarvan 1 die belangrikste en 3 die mins belangrike is.

☐ Groter klem op 'n ewigheidsperspektief
☐ Groter klem op 'n intieme verhouding met Christus
☐ Groter klem op diensbaarheid

6.9 Wat sal jy by hierdie lys wil byvoeg?

_____

_____

Bylae 2: Dokumente vir die kwalitatief-empiriese ondersoek

Vrywaringsbrief: Toestemming vir deelname aan 'n navorsingsprojek

Geagte Dominee/Doktor

Ek is 'n PhD-student (Pastorale Teologie) aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus, en is tans besig met 'n navorsingsprojek wat handel oor effektiewe en verantwoordelike leierskap van predikante in die GKSA. Hierdie navorsing vind plaas onder leiding van prof. Ben de Klerk van die fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit.

